# DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK IN DIE BRITSE BUITELANDSE EN KOLONIALE BELEID (1881-1899).

Akademiese proefskrif ingehandig ter verkryging van die graad Doctor Litterarum in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

deur

HENDRIK ROELOF VAN DER WALT, M.A.

Tik, afrol en kollasionering deur

Edwin de Kock,
Murchisonstraat 391,
LADYSMITH,
Natal.

## 'n WOORD VOORAF

Ek wil graag my innige dank en waardering betuig teenoor my eggenote wat, afgesien van groot finansiële bystand, my op so baie maniere onbaatsugtige steun verleen het by die jarelange studie om hierdie proefskrif te voltooi. Nie slegs het sy tallose dokumente afgetik nie maar ook nooit teruggedeins vir die uiters vermoeiende en tydrowende kopieerwerk wat per potlood of pen onderneem moes word nie. Verder wil ek my promotor, professor dr. D. W. Krüger van Potchefstroom, van harte bedank vir die onderwerp wat hy aan die hand gedoen het asook vir sy daadwerklike bystand en leiding wat daarna gevolg het. Ook is dit vir my 'n groot voorreg om melding te maak van die hoflikheid en hulpvaardigheid van die personeellede van die volgende biblioteke en argiewe: die Ferdinand Postma-biblioteek; die Merensky-biblioteek; die Staatsbiblioteek in Pretoria; die Staatsargief in Pretoria; die Staatsargief in Kaapstad; die Public Records Office in Londen; die Commonwealth Relations Office in Londen; en die Britse Museum in Londen. Ek mag ook nie die liefde en opoffering van my skoonmoeder vergeet nie, by wie ons kinders onderdak gevind het terwyl ons oorsee was. Die laaste maar nie die minste nie moet ek in herinnering roep die belangstelling van wyle my vader, wat vuriglik begeer het om die vrug van my arbeid te sien maar tog daarin berus het toe dit vir hom duidelik geword het dat dit hom nie gegun sou word nie.

Dr. T. T. Cloete van die Potchefstroomste Universiteit vir C.H.O. het aan my toestemming verleen om te meld dat hy die proefskrif taalkundig versorg het. Ek waardeer die moeite wat hy gedoen het.

H. R. van der Walt.

September 1961.

# Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale beleid (1881-1899).

## I n h o u d s o p g a w e.

BLADSY.

INLEIDING.

Brittanje se houding teenoor die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1877 ... 1

HOOFSTUK I.

Die Britse Liberale Party en die „herstel" van die Republiek ...... 15

HOOFSTUK II.

'n Mislukte Kompromis ... 75

HOOFSTUK III.

Die Republiek se status verhoog ... 103

HOOFSTUK IV.

Die agtergrond van 'n hernieude botsing tussen Boer en Brit ....... 124

HOOFSTUK V.

Botsing op die wesgrens van die Republiek ... 140

HOOFSTUK VI.

Botsing op die oosgrens van die Republiek ... 162

HOOFSTUK VII

Botsing op die noordgrens van die Republiek ... 188

HOOFSTUK VIII.

Die drama aan die Ooskus ... 217

HOOFSTUK IX.

Delagoabaai ... 259

HOOFSTUK X.

Die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die nasies ... 272

HOOFSTUK XI.

Die Portugese faktor in die betrekkinge tussen die Republiek en Brittanje ... 277

HOOFSTUK XII.

Die Hollandse faktor in die betrekkinge tussen die Republiek en Brittanje ... 285

HOOFSTUK XIII.

Die Franse faktor in die betrekkinge tussen die Republiek en Brittanje ... 309

HOOFSTUK XIV.

Die Duitse faktor in die betrekkinge tussen die Republiek en Brittanje ... 328

HOOFSTUK XV.

Vry ... en tog nie vry nie ... 367

HOOFSTUK VXI.

Die plek van die Suid-Afrikaanse Republiek aan die diplomatieke front .................................................... 402

# INLEIDING

## Brittanje se houding teenoor die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1877.

Teen 1850 het die filantropie, wat gebore is uit die godsdienstige herlewing van die vorige eeu, in Suid-Afrika sy hoogtepunt bereik.[1] Hierna het die roepstemme om die inboorling te beskerm nie alleen verflou nie maar hoe langer hoe meer op dowe ore in Britse regeringskringe geval. Hiertoe het die Sewende Bantoe-oorlog (1846-1848) baie bygedra, so selfs dat die Hoë Kommissarisse, Pottinger en Smith, begin twyfel het of die inboorling enigsins gebaat het by die sending.[2] Die volgende Bantoe-oorlog (1850-1853), wat die Britse belastingbetaler om en by die £2-miljoen gekos het, het die reaksie verder verskerp. Ook die belangstelling van die Britse publiek in die heil van die inboorling het afgeneem.[3] Dit alles het die verwesenliking van die republikeinse ideaal, wat so lank reeds deur die Voortrekkers gekoester is, moontlik gemaak.

Die verandering in Brittanje se houding teenoor die inboorling het spoedig in die Britse koloniale beleid merkbaar geword. Downingstraat het tot die gevolgtrekking gekom dat die Glenelg-verdragstelsel, waardeur die inboorling as bondgenoot aanvaar is, uitgedien is en die hand van vriendskap is nou aan die Boer gereik in 'n poging om die rasse- en wapenstryd in Suid-Afrika te beëindig en vrede in die binneland te bewerkstellig.[4] Uit hierdie toenadering tussen Boer en Brit het op 17 Januarie 1852 die Sandrivier-Konvensie tot stand gekom, waardeur Brittanje die soewereiniteit van die Voortrekkers noord van die Vaalrivier erken het. Dit is op 23 Februarie 1854 deur die Bloemfontein-Konvensie gevolg, waardeur ook die onafhanklikheid van die Boere tussen die Oranje- en Vaalrivier 'n voldonge feit geword het. Die Republiek van die Oranje-Vrystaat is reeds in 1854 gestig, maar die leidende Trekkergemeenskappe benoorde die Vaal het eers in 1858 in die Suid-Afrikaanse Republiek verenig.[5] Brittanje se erkenning van die Boererepublieke in die geïsoleerde binneland van Suid-Afrika word deur sommige geskiedskrywers as die Konvensiebeleid gekenskets.[6]

---

1) Vgl. Muller: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, Hoofstuk IX.

2) Id., p. 266

3) Id., p. 268-269.

4) Vgl. De Kiewiet: British Colonial Policy and the South African Republics, 1848-1872, p. 62.

5) Lydenburg het nie voor 1860 by die Suid-Afrikaanse Republiek aangesluit nie.

6) Vgl. bv. De Kiewiet, a.w., p. 64-65; p. 78; p. 85.

Dit is jammer dat sir George Cathcart, wat enkele weke na die totstandkoming van die Sandrivier-Konvensie Hoë Kommissaris en goewerneur van die Kaapkolonie geword het en 'n sterk voorstander van die Konvensiebeleid was, na slegs 'n tweejarige verblyf Suid-Afrika weer verlaat het. Hy was die aangewese persoon om gesonde betrekkinge tussen die Britse kolonies en die Boerestate aan te kweek. Sy opvolger, sir George Grey, het politieke beskouinge gehuldig wat, hoewel hy daarna gestrewe het om vertroue by die Boere in te boesem, alle versiende republikeine met kommer moes gevul het oor die toekoms van hul staatkundige vryheid.

Dat hy geen bedreiging vir die Britse oppergesag in Suid-Afrika sou duld nie, het duidelik geblyk toe hy die Boerestate se pogings tot eenwording verydel het. In Junie 1858 het hy president Boshof van die Vrystaat gewaarsku dat as die Republieke verenig, Brittanje nie meer gebonde sou wees aan die bepalinge van die Konvensies nie.[7] Dit het later geblyk dat hierdie dreigement ongegrond is toe die Britse regering regsadvies ingewin het.[8] Grey se houding was te wyte aan sy begeerte om die Boererepublieke en die Britse kolonies in Suid-Afrika saam te snoer in 'n federasie onder die Britse vlag.[9] Die Britse regering was hoogstens gewillig om die Kaapkolonie, Brits-Kaffraria en Natal te verenig, want dit sou hulle in staat stel om die grootste gedeelte van die Britse troepe uit Suid-Afrika terug te trek, maar van die insluiting van die pasgestigte Republieke wou die Britse regerings nie hoor nie. Hoewel Grey se ideaal in stryd met die Britse beleid was en uiteindelik sy val sou veroorsaak, was hy heeltemal oortuig van sy saak.[10]

Die Vrystaat, wat met die Basoeto's oorhoop gelê het, was nie ongeneë om tot 'n federasie toe te tree nie, maar Grey het die kar voor die perde gespan. Toe die Vrystaatse regering voorstel dat 'n kommissie benoem moet word om voorlopige samesprekings te reël, het hy so besiel geraak dat hy die vraagstuk in die Kaapse parlement onder bespreking gebring het.[11] Lytton, die Minister van Kolonies, was hieroor ontevrede en het hom in 1859 teruggeroep. 'n Nuwe kabinet het kort hierna in Brittanje aan die roer van sake gekom, en Newcastle, Lytton se opvolger, het Grey na Suid-Afrika teruggestuur, maar slegs onder die uitdruklike voorwaarde dat hy oor federasie sou swyg.[12]

---

7) Vgl. Scholtz: die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Deel 1, p. 50.

8) Vgl. De Kiewiet, a.w., p. 139.

9) Vgl. Scholtz, a.w., p. 50-51.

10) Vgl. De Kiewiet, a.w., p. 128.

11) Walker: A History of South Africa, p. 302.

12) Id., p. 302; Vergelyk ook Kruger: Geskiedenis van Suid-Afrika (onder redaksie van Van der Walt, Wiid en Geyer), Deel I, p. 361.

As die Britse regering dit werklik bedoel het dat die Boere in die binneland van Suid-Afrika hulle eie sake moes bestuur soos in die vooruitsig gestel deur die Konvensies, dan moes hulle versigtiger gewees het in hul keuse van Goewerneurs en Hoë Kommissarisse. Sir Philip Wodehouse, wat Grey in 1862 opgevolg het, het in die bestaan van die Republieke, meer nog as sy voorganger, 'n ernstige struikelblok gesien vir die oplossing van Suid-Afrika se politieke, ekonomiese en rasseprobleme. Grey het deur sy takt en beleefdheid ten minste die agting van sy politieke teenstanders gewen, maar Wodehouse was 'n outokraat wat aan die magspolitiek geglo het. Hy sou nie duld dat die belange van 'n handjievol Boere deur Konvensies beskerm word as die heil van 'n wêreldryk op die spel is nie.[13)] Die skepping van die Republieke het hy as 'n flater beskou. In September 1868 verklaar hy in die Kaapse parlement: „Speaking entirely on my own responsibility and giving expression to my own opinions, I may say that I regard the measures which severed from their allegiance the European communities in those regions to have been founded in error; and that it will be a blessing for all if they can be restored in a general sense to their former position."[14)] Mens kan dus verwag dat hy daarna sou strewe om die Republieke selfs teen hul sin onder die Britse vlag terug te bring. Die vraag was egter in hoeverre die Koloniale Kantoor hom sou steun.

Dit is merkwaardig hoe spoedig daar in Britse kringe 'n reaksie teen die Konvensiebeleid ingetree het. In 1854, toe koloniale aangeleenthede deur die Krimoorlog oorskadu is, het sir Charles Adderley in die Britse Laerhuis te velde getrek teen die verbrokkeling van die politieke hegemonie in Suid-Afrika, maar op daardie tydstip was hy 'n stem roepende in die woestyn. Van die begin af het hy egter bekeerlinge gemaak, en teen 1860 het die Boererepublieke nog maar min vriende in die Koloniale Kantoor oorgehad. Treffend is die belydenis van die hertog van Newcastle, Minister van Kolonies, in daardie jaar: „A few years ago we withdrew from Territory we had acquired. It was done under my advice, but I cannot be blind to the fact that there has ever since been a tendency to reverse that policy and I am far from sure that the arrangement made in 1854 will eventually be maintained."[15] As die Boere dus sou meen dat hulle hulle op die Britse regering kon beroep vir beskerming teen die aggressiewe optrede van Wodehouse en sy opvolgers, sou hulle tot 'n wrede ontnugtering kom.

---

13) Vgl. De Kiewiet, a.w., p. 161-162; Scholtz, a.w., Deel I, p. 55-56.

14) Verslag in die „Commercial Advertiser" van 5 September 1868, aangehaal deur De Kiewiet, a.w., p. 269.

15) Aangehaal deur De Kiewiet, a.w., p. 146; Scholtz, a.w., Deel I, p. 52.

Die grondoorsaak vir die toenemende wrywing tussen die Republieke en Brittanje sedert 1860 moet gesoek word in die motiewe wat agter die Britse beleid geskuil het toe die Sandrivier- en Bloemfontein-Konvensie bekragtig is. Hoewel die Britse owerheid gewillig was om die politieke onafhanklikheid van die Boere te erken om sodoende vrede en veiligheid in Suid-Afrika te bestendig, was hy terselfdertyd vasbeslote om aan hulle nie die minste ekonomiese onafhanklikheid toe te ken nie. Die eerste is egter onvolmaak sonder die tweede. Maar Brittanje het gemeen om sy opperheerskappy in Suid-Afrika te beveilig deur die Republieke in ekonomiese bande geknel te hou. Clerk, die Britse verteenwoordiger tydens die onderhandelinge wat tot die Bloemfontein-Konvensie gelei het, het dan ook sy regering verseker dat solank Brittanje die Suid-Afrikaanse kus beheer, solank kan hy ook die Republieke dwing om na sy pype te dans.[16] Die Boere, aan die anderkant, het terdeë besef dat hulle nooit in die praktyk 'n onafhanklike volk sou wees sonder ekonomiese selfstandigheid nie. So bv. het 'n kommissie, aangestel deur die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek om 'n verslag uit te bring oor 'n haweskema van 'n sekere McCorkindale, in September 1867 verklaar: „De Commissie komt tot het besluit dat, door de aanneming van de voorstellen van de Regering tot goedkeuring van de plannen van den Heer McCorkindale, zal voldaan worden aan Artikel 3 der Grondwet om eene onafhankelijke natie te zijn, om reden dat zonder eene zee haven de Z.A. Republiek afhankelijk is van andere natiën, en volgens Artikel I der Conventie van 16 Januarie 1852 het de vurigste begeerte is van het Britsche Gouvernement dat voor de Emigranten benoorden Vaalrivier vrije handel wordt verkregen."[17]

As die Kommissie werklik onder die indruk verkeer het dat dit „de vurigste begeerte" van die Britse regering was dat die Transvaal vryhandel moes verkry, kan ons dit slegs as 'n pynlike misverstand bestempel. Die eerste verbreking van die Konvensies deur Brittanje was juis daarop bereken om die Republieke van die see af te sny en aldus hulle vryhandel te belemmer. Nieteenstaande die bepaling in die Bloemfontein-Konvensie dat die Britse regering geen verdrae wat die belange van die Republiek kon skaad met naturellehoofde noord van die Oranjerivier sou sluit nie, het Wodehouse in 1868, toe die Vrystaters op die punt gestaan het om Mosjesj se mag te vernietig, Basoetoland as 'n Britse kroonkolonie geannekseer, nie slegs om te verhinder dat die Britse opperheerskappy deur gebiedsuitbreiding van die

16) Vgl. De Kiewiet, a.w., p. 80

17) Aangehaal deur H. R. van der Walt: McCorkindale en sy Verhouding tot die Suid-Afrikaanse Republiek, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, p. 48-49. Vergelyk ook S.S. 2703 nr. 329; V.R.B., Art. 75 in E.V.R. 7, p. 260.

Republiek in gedrang mag kom nie, maar ook om te verhoed dat die Vrystaat sou deurbars na die see by Port St. Johns.[18] Hoewel met huiwering, het Buckingham, die Minister van Kolonies, die anneksasie tog bekragtig.[19]

Dergelike en ander metodes wat **deur** die Koloniale Kantoor aangewend is, het die ekonomiese lewe van die Suid-Afrikaanse Republiek gestrem, en die diplomatieke bedrywighede van hierdie staat **word** oor 'n tydperk van 'n halwe eeu inderdaad gekenmerk deur 'n wanhopige stryd om 'n weg te vind na die Indiese Oseaan. Veral vanaf 1861 het die Republiek bedrywig geword. In daardie jaar het president M. W. Pretorius sy aandag toegespits op St. Luciabaai in Zoeloeland. Onderhandelinge met die Zoeloes is aangeknoop, maar hierdie streek het reeds binne die Britse invloedsfeer gelê en die weerstand uit daardie oord was so sterk dat Pretorius die stryd gewonne moes gee.[20] Daarby kon die President dit nie laat nie. Die staatskas was leeg en die Britse kuskolonies het beslis geweier om 'n deel van die invoerregte op handelsware, bestem vir die Republiek, af te staan.[21] Pretorius het hierna sy oë op Delagoabaai gevestig. Vir 'n aantal jare het hy gebruik gemaak van die dienste van 'n sekere Skot, by name McCorkindale, wat opgetree het as die Republiek se handels- en diplomatieke agent. Die Skot het voor die dag getree met allerhande nedersettings- en haweskemas, sowel as beoogde handels- en industriële ondernemings, wat daartoe moes lei om die Republieke in blywende verbinding met Delagoabaai te **stel**.[22] Hiervan het niks tereg gekom nie, behalwe die ontstaan van die nedersetting „New Scotland" in Oos-Transvaal.[23]

Tot dusver het Pretorius hoofsaaklik in die rigting van die see **getuur**, omdat hy aan die handel gedink het as middel om die Republiek uit sy finansiële penarie te verlos. **Die ontdekking** van gouderts in 1867 deur 'n Duitse aardkundige, Karl Mauch, langs die Tatirivier (op die grens van die huidige Suid-Rhodesië) het hom egter ook genoop om weswaarts te kyk.[24] In Natal, waar die woeste stormloop na die Australiese goudvelde nog vars in die geheue was, het koorsagtige opgewondenheid geheers oor die **vonds**.[25] Maar Pretorius het vinnig gehandel. Om soveel

---

18) Vgl. Kruger, a.w., Deel I, p. 372-373; Scholtz, Deel I, p. 58-59, p. 61-62.

19) Vgl. Kruger, a.w., Deel I, p. 372.

20) Vgl. Kruger: Die Weg na die See, p. 164-169; De Kiewiet, a.w., p. 260.

21) Kruger: Die Weg na die See, p. 165-167.

22) Vgl. Van der Walt, a.w.; ook Kruger: Die Weg na die See, Hoofstuk VII.

23) Kruger: Die Weg na die See, p. 184.

24) Vgl. De Kiewiet, a.w., p. 260; Scholtz, a.w., p. 65.

25) Vgl. De Kiewiet, a.w., p. 258-260.

voordeel moontlik vir sy vaderland te behaal, het hy op 29 April 1868 'n proklamasie uitgevaardig waardeur hy die wesgrens van die Republiek uitgebrei het tot aan die Ngamimeer, ver in die Kalahari, en die oosgrens 'n myl breed aan weerskante van die Maputarivier tot waar dit in Delagoabaai uitmond.[26] Pretorius se proklamasie het nie inbreuk gemaak op die regte van Brittanje nie, aangesien die Sandrivier-Konvensie versuim het om die grense van die Republiek vas te lê. Tog het Brittanje teen hierdie gebiedsuitbreiding geprotesteer onder voorwendsel dat Pretorius in die weste die handelspad na die binneland afgesny het en in die ooste Britse grondgebied geskend het, aangesien die Britse vlag reeds in 1861 op die Inyack-eiland in die suidelike deel van Delagoabaai geplant is.[27] Mens wil geredelik toegee dat Brittanje se poort na die binneland in gedrang gekom het, maar in die wese van die saak is die Britse houding nog steeds aangewakker deur die begeerte om te verhinder dat die Republiek tot ekonomiese selfstandigheid ontwikkel en met die buiteland in aanraking kom deur middel van die see.[28] Pretorius se posisie is verder bemoeilik deur die Portugese wat, op grond van hul aanspraak op Delagoabaai en omstreke, ook die geldigheid van sy proklamasie betwis het.[29] Onder hierdie omstandighede het Pretorius dit wyslik geag om geen gevolg aan sy proklamasie te gee nie.[30]

Pretorius se diplomatieke neerlaag het nie in die minste gehelp om die koloniale Kantoor in 'n beter stemming te bring nie. Die agitasie teen die Konvensiebeleid het in krag toegeneem, en daar is selfs oorweging geskenk aan die moontlikheid om die twee Republieke in Suid-Afrika te annekseer. As verskoning sou aangevoer word dat hulle nie in staat was om die naturelle te beskerm nie en slawerny toegelaat het.[31] Terselfdertyd het die federasiegedagte weer sterk op die voorgrond getree. In November 1868 skrywe Buckingham aan Wodehouse dat, met die oog op die belange van die Britse kolonies in Suid-Afrika en die handhawing van die vrede, dit verstandig sou wees „to take into serious consideration any overtures which may be made to bring these states in some form or other under British authority."[32] Die Britse koloniale beleid het 'n rigting ingeslaan wat direk ingedruis het teen Pretorius se politieke strewe. Aan terugkeer onder die

---

26) Vgl. Kruger: Die Weg na die See, p. 178; De Kiewiet, a.w., p. 261.

27) Vgl. Kruger: Die Weg na die See, p. 179-181; De Kiewiet, a.w., p. 264-265.

28) Vgl. Kruger: Die Weg na die See, p. 178-179.

29) Id., p. 181-182.

30) Id., p. 182.

31) Vgl. De Kiewiet, a.w., p. 262-264; Kruger: Die Weg na die See, p. 180-181.

32) Aangehaal deur De Kiewiet, a.w., p. 269-270.

Britse vlag het hy vir geen oomblik gedink nie. Inteendeel, hy het die samewerking van ander moondhede gesoek om sy land se onafhanklikheid te handhaaf en na alle lewensterreine uit te bou. Na die mislukte poging om sy grondgebied uit te brei, het hy die gedagte aan 'n onafhanklike hawe laat vaar en sy hoop begin vestig op Portugese hulp om sy land op 'n gesonde ekonomiese grondslag te plaas. In 1869 is 'n verdrag van „vrede, vriendskap, handel en grense" tussen die Republiek en Portugal gesluit, wat twee jaar later in werking getree het en waarvolgens die Republiek die Portugese aanspraak op Delagoabaai erken het.[33] Dit was 'n duidelike poging van die Republiek om hom los te wikkel uit die ekonomiese greep wat Brittanje op hom toegepas het ten behoewe van sy kuskolonies en ter beveiliging van sy oppergesag in Suid-Afrika.

Noodwendig moes hierdie nuwe verwikkelinge onrus in Britse regeringskringe veroorsaak. Verdere gebeurtenisse het nie in die minste daartoe bygedra om die bedreiging vir die Britse alleenheerskappy te verminder nie. Brittanje het wel volhard in sy aanspraak op Delagoabaai, maar Portugal het hom ewe beslis teëgestaan, en toe die geskil in 1875 aan die arbitrasie van die Franse president, Maarskalk MacMahon, onderwerp is, het Brittanje die onderspit gedelf. Nietemin is die Britse belange in 'n mate beveilig deur die Brits-Portugese ooreenkoms, getref nog voor die MacMahon-toekenning, dat die moondheid wie se aanspraak misluk, 'n eerste aanbod vir die hawe kon maak in geval van vervreemding.[34]

In plaas van nouer inskakeling by die Britse kolonies het die Suid-Afrikaanse Republiek, sedert sy toenadering tot Portugal, daarna gestrewe om 'n eie plek te beklee in die internasionale verhoudinge en met ander moondhede op goeie voet te verkeer. In 1870 is die Republiek erken deur Nederland, Frankryk en België.[35] Die federasiebeleid het 'n verdere terugslag gekry en die kloof tussen Boer en Brit het steeds wyer geword. Op hierdie tydstip het die stryd oor die besitreg van die diamantvelde in alle felheid ontbrand sodat die vervreemding tot 'n nuwe hoogtepunt gevoer is.

In 1867 is die Britse kolonies in Noord-Amerika in 'n hegte federasie saamgesnoer. Hierdie sukses het die Britse regering begerig gemaak om die Ryk in Suid-Afrika ook te konsolideer,[36] maar dit is opvallend dat juis in dieselfde jaar die eerste diamant in die binneland ontdek moes word. Die opspraakwekkende vondse

---

33) Vgl. Kruger: Die Weg na die See, Bylaag C, p. 225 e.v.

34) Id., p. 211; Scholtz: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, p. 154.

35) Id., p. 191.

36) Vgl. Oberholster: Die Anneksasie van Griekwaland-Wes, Argief-Jaarboek, agste jaargang, p. 280.

binne die volgende paar jaar het die hele land in rep en roer gebring en die politieke verbrokkelingsproses eerder versterk as verswak. Die Suid-Afrikaanse Republiek het aanspraak gemaak op die spoeldelwerye tussen die Vaal- en die Hartsrivier, en die Oranje-Vrystaat op die droë delwerye ten suide van die Vaalrivier.[37] Oënskynlik het die oomblik aangebreek dat die Republieke uit hul ekonomiese knegskap verlos sou word. Met 'n ryk mineralebodem op die wesgrens en 'n uitgang na die see op die oosgrens, onder beheer van goedgesinde Portugese, kon veral die Suid-Afrikaanse Republiek uitsien na beter dae. Maar Brittanje het tussenbei getree. Sy oppergesag in Suid-Afrika moes onaangetas bly: die diamantvelde moes onder beheer van die Kaapkolonie kom, sodat dit ekonomies sterk kon staan om die leidende rol te speel in die konfederasie.[38] Om dié bal aan die rol te sit, sou aan dié kolonie verantwoordelike bestuur toegeken word.[39] Hierdie imperialistiese strewe is egter ewe min verwesenlik as die republikeinse ideaal. Die diamantvelde is wel ingepalm as gevolg van die Keate-uitspraak en die anneksasie van Griekwaland-Wes, die Kaapse parlement het wel in Junie 1872 die instelling van verantwoordelike bestuur goedgekeur, maar verder het sake nie gevlot nie, want die Kaapse regering het geweier om Griekwaland-Wes in te lyf[40] en boonop die verbitterde Republieke gesteun in hul verset teen die federasiebeleid.[41] Daar was vir Brittanje geen ander uitweg nie as om Griekwaland-Wes in 'n kroonkolonie te omskep.[42] Dit was die strewe van die Britse regering om politieke eenwording langs konstitusionele weg te bewerkstellig, maar die resultaat van hulle metode was toenemende verdeeldheid, wat uiteindelik op anneksasie uitgeloop het.

Tot dusver was die botsing tussen Brittanje en die Suid-Afrikaanse Republiek in hoofsaak beperk tot die ekonomiese terrein. In Europa het intussen politieke omwentelinge plaasgevind wat trillinge oor die hele aardbol laat voel het en Suid-Afrika nie verbygegaan het nie. Die gevolg was dat die aard van die konflik hier ook aangetas is. Dit het nie slegs in heftigheid toegeneem nie maar ook wyer geword, sodat politieke oorwegings, meer nog as ekonomiese belange, die deurslaggewende faktor geword het in die Britse koloniale beleid. Europa het die tydperk

37) Id., p. 321-322.

38) Id., p. 320; vergelyk ook Kruger: Geskiedenis van Suid-Afrika, (onder redaksie van Van der Walt, Wiid en Geyer), Deel I, p. 382-383.

39) Vgl. De Kiewiet, a.w., p. 296-297.

40) Vgl. De Kiewiet, a.w., p. 298.

41) Vgl. Engelbrecht en Bosman: Geskiedenis van Suid-Afrika (onder redaksie van Van der Walt, Wiid en Geyer), Deel I, p. 395-396; Cambridge History of the British Empire, Volume VIII, South Africa, p. 458; Walker: A History of South Africa, p. 372.

42) Oberholster, a.w., p. 322.

binnegegaan van die stryd om die handhawing van internasionale magsewewig, wat bedreig is deur die triomferende nasionalisme en die industriële omwenteling.

Onder leiding van Metternich het die staatsmanne van Europa daarin geslaag om die gees van nasionalisme, wat deur die Napoleontiese oorloë aangewakker is, vir baie jare in bedwang te hou. Die Kongres van Wenen (1814-1815) het Metternich se standpunt onderskryf dat Italië 'n „aardrykskundige uitdrukking" is. Hierdie skiereiland, wat doelbewus staatkundig verbrokkel is, het in die dodelike greep van die Oostenrykse Keiserryk beland. State wat nie direk onder Oostenryk geplaas is nie, is aan sy bondgenote toegeken.[43)] Slegs Sardinië het daarin geslaag om aan vreemde oorheersing te ontkom. Die aantal Duitse state, wat voor die Franse Rewolusie 360 beloop het, is wel deur die Kongres van Wenen tot 39 verminder en in 'n „Bund" saamgesnoer onder leiding van Oostenryk, maar Pruise was 'n onbetroubare lid van die bondgenootskap en wou hom nie aan Oostenrykse leiding onderwerp nie. Tot diep in die neëntiende eeu het Sardinië en Pruise 'n onverbiddelike stryd gevoer, met tye ondergronds, om Italië en Duitsland onderskeidelik op politieke gebied te verenig. Tot 1850 is die nasionale bewegings in hierdie lande met welslae onderdruk. Daarna tree 'n kentering in. As gevolg van die bekwame leiding van sy staatsmanne, aktiewe militêre steun van Frankryk en Pruise en diplomatieke steun van Brittanje, het Sardinië binne die kort tydsbestek van twintig jaar (1850-1870) die Oostenrykers verdrywe en die Koninkryk van Italië tot stand gebring.[44)] Pruise was nie minder suksesvol nie. In die Seweweekse Oorlog (1866) is Oostenryk verpletterend verslaan en die „Bund" ontbind. 'n Paar jaar later volg die Frans-Pruisiese oorlog toe Frankryk in die stof moes byt. Op 18 Januarie 1871, nog voor die wapens neergelê is, is koning Wilhelm I van Pruise in die paleis van Versailles gekroon tot keiser van die verenigde Duitse Ryk.[45)]

Hierdie triomf van die nasionalisme in Europa moes noodwendig 'n invloed hê op die Britse Eilande aan die oorkant van die Engelse Kanaal. Bismarck, aan wie se diplomatieke genie die Duitse eenheid in die eerste plek te danke was, het onmiddellik vriende vir die nuwe Ryk gesoek. In 1873 het hy die Dreikaiserbund tot stand gebring waarvolgens die keisers van Duitsland, Oostenryk en Rusland mekaar beloof het om die grense van Europa te bewaar soos dit in 1871 was, om 'n oplossing vir die probleme

---

43) Vgl. Grant and Temperley: Europe in die Nineteenth and Twentieth Centuries, p. 137.

44) Id., p. 224-238; p. 281.

45) Vgl. Rose; The Development of the European Nations, 1870-1900, p. 129; Scholtz: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, p. 149.

van die Nabye Ooste te vind en om die toenemende sosialisme te stuit.[46] Brittanje, wat lank reeds 'n konstitusionele monargie was en goed gevorder het op die weg na volksregering en waar die nasionalisme vinnig besig was om in imperialisme oor te slaan, was nie geneë om bondgenote op die Vasteland te soek nie, maar wou liewer sy Ryk konsolideer om op daardie wyse 'n teenvoeter te vorm vir die alliansies van die Vasteland. In hierdie isolasiebeleid het Brittanje tot die einde van die neëntiende eeu volhard. Dit is belangrik om daarop te let dat ons nou vir die eerste keer tot op sekere hoogte 'n skeidslyn kan trek tussen die koloniale beleid van die Britse liberale en konserwatiewe partye, hoewel die uiteenlopende rigtings teen die einde van die eeu weer in mekaar gevloei het.

Die imperialisme wat na 1870 in Brittanje en 'n paar jaar later op die vasteland op kragtige wyse tot openbaring gekom het, het verrys op 'n ekonomiese struktuur wat die wêreld voorheen nie geken het nie, nl. die driehoek gevorm deur produsent, fabrikant en arbeider. Op sy beurt het die driehoek ontstaan as gevolg van die industriële rewolusie wat teen die einde van die agtiende eeu in Brittanje begin het en in die neëntiende eeu vinnig veld gewen het. Hoewel Europa ook die omwenteling op stoflike gebied aanvaar het en sy deel daartoe bygedra het met alle toewyding en ywer, het Brittanje tot diep in die neëntiende eeu sy voorsprong gehandhaaf. Op die spoor van die industriële rewolusie het verreikende militêre, sosiale, politieke en ekonomiese omwentelinge gevolg. Die vooruitgang van die tegniek was 'n bedreiging vir die magsewewig. Rewolusionêre verbindingsmiddele soos die stoomboot, spoorweg en telegraaf het die nasies gevaarlik na aan mekaar gebring. Outomatiese oorlogswapens, soos die draailoopgeweer wat die Franse reeds in 1859 by Magenta en Solferino in Noord-Italië gebruik het, het tot gevolg gehad dat 'n volk se getalsterkte nie meer 'n waarborg vir sy militêre slaankrag was nie. Die bevolkingsyfer, veral van Brittanje, het teen 'n ongelooflike tempo gestyg. Dit het immigrasie na die nedersettingskolonies, waar die westerse beskawing reeds geplant was, aangemoedig. Hoe hoër die beskawingspeil in hierdie geweste geklim het, hoe meer waarde het Brittanje aan hulle geheg. Teen 1870 was die spore van 'n eeue-lange tydperk, toe landboukundige bedrywighede oorheersend en die mens selfonderhoudend was, toegewaai onder die steenkoolas van immer dreunende fabrieke wat soos paddastoele verrys het.

Brittanje is hoe langer hoe meer aangewys op sy kolonies om sy industrieë in stand te hou. Kontinentale moondhede soos Duitsland, Frankryk en die Verenig-

---

46) Vgl. Rose, a.w., p. 318-319; Grant snd Temperley, a.w., p. 322-323.

de State van Amerika wat meer ruimte tot hul beskikking gehad het, het die behoefte aan kolonies minder sterk aangevoel. Dis verstaanbaar dat die imperialistiese gees Brittanje eerste sou pak. Reeds in 1868 is die Colonial Society, voorganger van die Royal Empire Society, gestig met die doel om koloniale vraagstukke te bestudeer.[47] In dieselfde jaar het Dilke se „Greater Britain" verskyn.[48] Onder hierdie omstandighede verbaas dit ons nie dat die Konserwatiewe Party onder Disraeli, wat 'n groter entoesiasme vir die handhawing en uitbouing van die oorsese Ryk aan die dag gelê het as die Liberale Party onder Gladstone, in 1874 aan bewind gekom het.[49] 'n Belangrike kenmerk van die nuwe imperialisme was die chauvinistiese neiging om die inherente volkskrag te oorskat en ander nasies met minagting te bejeën.[50] Teen hierdie agtergrond moet ons die gebeurtenisse in Suid-Afrika in die laaste kwart van die neëntiende eeu betrag.

Lord Carnarvon, die Minister van Kolonies in die Disraeli-kabinet, was 'n vurige voorstander van die eenheidsbeweging in die Britse Ryk. In Australië was die vordering in hierdie rigting baie langsaam, omdat al die kolonies aan die see gegrens het en dus ekonomies onafhanklik van mekaar was, maar, soos reeds gemeld, is Carnarvon se imperialistiese strewe in Kanada in 1867 met sukses bekroon.[51] In Nieu-Seeland is die Provinsiale Rade in 1876 afgeskaf en deur Distriksrade vervang wat geheel en al onderhorig aan die sentrale regering was, sodat dié staat 'n volkome unie geword het. Weens sy sentrale ligging in die Britse Ryk het Suid-Afrika vanselfsprekend 'n baie belangrike plek in Carnarvon se politieke program gekry. Hy sou eers probeer om Suid-Afrika op konstitusionele wyse onder die Britse vlag te konsolideer. Nog in dieselfde jaar van sy ampsaanvaarding stuur hy Froude, bekende Britse historikus, na Suid-Afrika om die politieke toestand hier te ondersoek en sy imperialistiese denkbeelde te verkondig.[52] Sy volgende stap was om deur middel van **konferensies** die federasieplan tot uitvoering te probeer bring. Weens teenstand van die Boererepublieke en ook van die Kaapse regering kon hy nie hond haaraf maak nie.

---

47) Vgl. Engelbrecht en Bosman, a.w., p. 385.

48) Id., p. 385.

49) Id., p. 385.

50) Vgl. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Band I, p. 69.

51) Die Britse kolonies in Noord-Amerika het wel ook aan die see gegrens, maar in wintermaande, as die mond van die St. Lawrence-rivier vasgeys is, moes Bo- en Onder-Kanada van New York en ander Amerikaanse hawens gebruik maak. Hierdie probleem kon opgelos word deur 'n federasie van die twee Kanadas met die kuskolonies - nog 'n bewys dat aardrykskundige faktore dikwels die grondslag vorm van belangrike politieke verwikkelinge.

52) Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Band I, p. 78.

Dan besluit hy om geweld te gebruik.[53] Die naturellemoeilikhede van die Suid-Afrikaanse Republiek sou gebruik word as voorwendsel om daardie staat te annekseer.[54] As Griekwaland-Wes, Transvaal en **Natal** in 'n noordoostelike federasie omskep kon word, sou die Vrystaat en die Kaap op die lang duur nie daarbuite kon bly nie, omdat hulle dan van die binneland van Afrika afgesny sou wees. Op 5 Oktober 1876 het Shepstone, die Natalse afgevaardigde na die mislukte konferensie oor federasie in **Londen**, 'n koninklike opdrag ontvang wat hom groot genoegdoening verskaf het. Die belangrikste deel daarvan lui soos volg: „...and if the emergency should seem to you to be such as to render it necessary, in order to secure the peace and safety of our Colonies, and of our subjects elsewhere, that the said territories, or any portion or portions of the same, should provisionally, and pending the announcement of our pleasure, be administered in our name and on our behalf, then, and in such case only, we do further authorise you, the said Sir Theophilus Shepstone, by Proclamation under your hand, to declare that from and after a day to be therein named, so much of any such territories as aforesaid, as to you, after due consideration, shall seem fit, shall be annexed to, and form part of our Dominions."[55] By hierdie opdrag word dan 'n voorwaarde gevoeg: „That no such Proclamation should be issued by you with respect to any district, territory or state, unless you shall be satisfied that the inhabitants thereof, or a sufficient number of them, or the Legislature thereof desire to become our subjects."[56] Die beperking op Shepstone se optrede was meer skyn as werklikheid, want die voorwaarde is so vaag en wyd gestel dat aan hom genoeg ruimte gelaat is om na willekeur op te tree. Die gebiede wat geannekseer moes word, word nie direk genoem nie, maar daar was 'n private verstandhouding tussen Carnarvon en Shepstone dat dit die Transvaal sou insluit.[57] Op 12 April 1877 proklameer Shepstone die Suid-Afrikaanse Republiek tot Britse gebied. Twee weke vantevore het sir Bartle Frere in Kaapstad aan wal gestap as Hoë Kommissaris om die werk van Shepstone aan te vul en die federasie af te rond.[58]

Baie pogings is deur politici en geskiedskrywers aangewend om Carnarvon se aggressiewe imperialisme te regverdig. In 1881 skrywe Frere: „There was another

---

53) Id., p. 82.

54) Id., p. 83-85

55) Vgl. Clark: British Policy towards the Boers, p. 20. Hierdie skrywer gee die volledige inhoud van die opdrag.

56) Id., p. 20-21.

57) Vgl. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Band I, p. 84-85.

58) Vgl. Cana: Boers and British - Facts from the Transvaal, p. 23.

reason for Shepstone's act of annexation. Burgers had sought alliances with Continental Powers - Germans, Belgians and Portuguese, and Shepstone had no reason to doubt that if England declined to interfere, Germany would be induced to undertake the protection of the Transvaal, which would have added infinitely to our troubles in South Africa."[59] Dit is waar dat Burgers die vriendskap van die Europese moondhede probeer werf het en wou aanwend as teenwig vir die gevaar van Britse oorheersing.[60] Ongetwyfeld was die verenigde Duitsland 'n potensiële bedreiging vir die solidariteit van die Britse Ryk, maar ons kan die moontlikheid van Duitse intervensie nie aanvaar as die grondmotief vir die anneksasie van die Republiek nie. Die „Duitse spook" was veeleer 'n skepping van die Imperialiste om hul optrede in die oë van die Britse publiek te regverdig. In die jare sewentig het Bismarck sy aandag beperk tot aangeleenthede op die Vasteland en alles in sy vermoë gedoen om die vriendskap van die Britse regering te behou. Bowendien het Duitsland geen vloot gehad om Brittanje mee te tart nie.[61] Rusland, eerder as Duitsland, het die Konserwatiewe regering van Disraeli hoofbrekens besorg. Hierdie moondheid het Wes- en Sentraal-Asië binnegedring en die Britse koloniale belange in die Ooste bedreig. Nog 'n groter gevaar was Rusland se poging om die Turkse Ryk te vernietig en 'n weg te baan na die Middellandse See. Disraeli was vasbeslote om hierdie strewe van Rusland te dwarsboom en die Turkse Ryk te handhaaf.[62]

As Burgers se beleid Carnarvon onrustig gestem het, dan was dit nie in die eerste plek te wyte aan sy begeerte om belangstelling vir die Republiek by Duitsland en ander moondhede op te wek nie, maar aan sy voortsetting van Pretorius se beleid om die Republiek te bevry van ekonomiese onderhorigheid aan die Britse kuskolonies. As hy sukses sou behaal, sou die federasieplan op die lang baan geskuif word. Die handelsverdrag tussen die Republiek en die Portugese is gevolg deur die toekenning van Delagoabaai aan Portugal. Die vermiste skakel was nou nog 'n verbindingsmiddel met die hawe. Die ywer wat Burgers aan die dag gelê het om 'n spoorweg aan te lê, is dus begryplik. Dit het egter 'n ongunstige reaksie by Carnarvon uitgelok. Hy het Burgers se bewegings tydens sy besoek aan Europa in 1875 noukeurig dopgehou, omdat hy bewus was van sy planne. Australië, waar al die kolonies vryelik toegang tot die see gehad het, het duidelik getoon watter moeisame vordering die federasie-

---

59) Id., p. 23: Frere aan Maclean d.d. 22 April 1881.

60) Vgl. Scholtz: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, p. 152-159.

61) Vgl. Backeberg: Die Betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-Inval (1852-1896), p. 32-35.

62) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 297 e.v.

beweging gemaak het, en daar was nie eens botsende nasionale aspirasies nie.[63] Hoeveel te meer sou 'n verbindingsweg tussen die Republiek en die Portugees-beheerde Delagoabaai die Boerestate nie onwillig maak om in één juk saam met die Britse kolonies te trek nie! Maar nie slegs die federasieplan het in die weegskaal gekom nie. Durban se waarde as poort na die binneland is bedreig deur die mededinging van Delagoabaai. Dis seker nie blote toeval nie dat dit juis Shepstone, kampvegter van Natal se belange, moes wees wat die samewerking van die Boere en Portugese verongeluk het.[64] In die volgende hoofstuk sal ons aantoon dat die Britse regering self pogings aangewend het om 'n spoorweg na Delagoabaai te bou, maar dit sou dan 'n Britse en nie 'n Republikeinse spoorweg wees nie.

Die ontdekking van goud in die distrik Lydenburg in 1873 het 'n verdere bedreiging vir die onafhanklikheid van die Republiek ingehou. Die Duitse reisiger, Von Weber, het toe reeds voorspel dat die Transvaal deur Engeland geannekseer sou word weens sy mineralerykdomme.[65] Die delwers wat daarheen gestroom het, was oorwegend van Britse afkoms en het nie die minste begeerte getoon om die Republikeinse regeringsvorm van die staat te handhaaf nie. Dit was water op die meule van Carnarvon. Hy wou handelend optree maar het net gewag vir 'n geskikte oomblik. Burgers se mislukte veldtog teen Sekoekoenie het die dekmantel verskaf vir die aanslag op die Republiek se selfbeskikkingsreg. Met verwysing daarna het Carnarvon op 20 September 1876 aan Disraeli geskrywe: „The Dutch army is apparently ‚in extremis', and I have received information that a meeting has already been called by a certain part of the people to ask for our intervention and to take over the Government of the Country. Some even of the Dutch authorities appear to be consenting parties". Verder voeg hy by: „It is on every ground of the highest importance not to lose this opportunity, and I propose to send out by the mail of Friday, Sir Theophilus Shepstone...with a secret despatch empowering him to take over the Transvaal Government..."[66]

Die geheim van die sameswering teen die onafhanklikheid van die Republiek is so goed bewaar dat selfs Pratt, wat sedert 1867 opgetree het as konsul van die Republiek in Londen, geen onraad bespeur het nie, anders sou hierdie ywerige en pligsgetroue diplomaat, wat jare lank die belange van die Republiek na die beste van sy vermoë behartig het,[67] ongetwyfeld die regering in Pretoria gewaarsku het of sy stem by Downingstraat verhef het. Die Suid-Afrikaanse Republiek was 'n vroeë slagoffer van die gees van imperialisme wat soos suurdeeg die beskaafde volkere van die wêreld deurtrek het in die laaste kwart van die neëntiende eeu.

---

63) As gevolg van die gevaar van die Japanse Imperialisme, wat na die Japans-Chinese oorlog (1894-1895) tot uiting gekom het in Japan se uitbreidingsdrang na die Suide, het die Britse kolonies in Australië dit veilig geag om mekaar die hand te reik.

64) Vgl. Kruger: Die Weg na die See, p. 213.

65) Id., p. 212.

66) Aangehaal deur Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Band I, p. 54.

67) Vgl. Pelzer: Die Eerste Diplomatieke Verteenwoordiging van die Suid-Afrikaanse Republiek in Engeland, artikel in „Historia", eerste jaargang, nr. 1, Junie 1956.

# HOOFSTUK I

## Die Britse Liberale Party en die „herstel" van die Republiek.

Die wisselende internasionale status van die Suid-Afrikaanse Republiek gedurende die halwe eeu van sy bestaan moet verklaar word uit die sonderlinge verskynsel dat Brittanje, die land waarmee die Boerestaat se lotgevalle so nou ineengeskakel was, toe reeds vir byna driehonderd jaar 'n konstitusionele monargie was,[1] terwyl die leidende moondhede op die Vasteland van Europa nog steeds geëksperimenteer het met liberale en despotiese grondwette. Die buitelandse en koloniale beleid van Brittanje was nie afhanklik van die wil van die Kroon of van 'n lewenslank aangestelde premier nie, maar van die praktiese toepassing van die beginsels van politieke partye wie se regeertydperk aan periodieke verwisseling onderhewig was. In die Duitse Ryk was groter kontinuïteit van beleid moontlik omdat die grondwet baie groot seggenskap aan die keiser, bygestaan deur die kanselier, toegeken het in buitelandse sake. Hy het die diplomatieke diens in die buiteland beheer, ooreenkomste en verbonde met ander moondhede aangegaan, en selfs die reg gehad om oorlog te verklaar en vrede te sluit.[2]

Die Imperialisme waarvan die Suid-Afrikaanse Republiek in 1877 die prooi geword het, het nie die alleenreg geniet om gestalte te gee aan die internasionale politiek nie. Verskeie teenstrominge, o.a. die sosialisme, nasionalisme en liberalisme, het hulle terselfdertyd laat geld. Hoewel die sosialisme reeds se-

---

1) Dwarsdeur die sewentiende eeu was die Engelse parlement in 'n verbete stryd gewikkel met die Stuart-konings oor die politieke oppergesag in Engeland. Die stryd is in 1689 in die guns van die parlement beslis toe die kroon, na die vlug van Jakobus II na Frankryk, aan Willem van Oranje, die stadhouer van Holland, en sy eggenote, Maria, die dogter van Jakobus, gesamentlik aangebied is. Deur die „Bill of Rights" het Willem se eerste parlement sorg gedra dat die parlementêre oppergesag nooit weer betwis sou word nie. Dit wil egter nie sê dat Brittanje toe reeds 'n volkome demokratiese staat was nie, want die stemreg was beperk tot die grondbesittende aristokrasie. Eers as gevolg van die voortdurende herindeling van setels en 'n reeks kieswette in die neëntiende en twintigste eeu het Brittanje 'n demokrasie in die ware sin van die woord geword. Selfs in 1899 het dr. Farelly, 'n tyd lank regsadviseur van die Suid-Afrikaanse Republiek en later advokaat van die Kaapse Hoogsgeregshof, hom nog soos volg uitgelaat in 'n geheime memorandum aan die Volksraad: „The only section of English public opinion which exercises any control over Foreign Affairs or Ministers is that of the educated upper and middle class, probably not more than 250,000 in all. This class of late years has been increasingly imbued with the military spirit. From it, of course, officers of the army and navy are drawn. The millions of ordinary working people have no influence on foreign policy though they may have some on home policy."
C.R.O. 600, tweede bylae by nr. 97 (p. 114)

2) Vgl. Rose: The Development of European Nations, p. 133.

dert die middel van die neëntiende eeu 'n politieke faktor geword het waarmee die Europese staatsmanne rekening moes hou,[3] het dit in Suid-Afrika nog geen invloed uitgeoefen nie, omdat hierdie afgeleë wêrelddeel te weinig geïndustrialiseer was. Die pastorale gemeenskappe in die binneland het van hierdie beweging weinig of geen kennis gedra nie en sou bowendien daarby ook geen aansluiting kon vind nie. Dit was dus 'n logiese uitvloeisel van omstandighede dat die leiers van die nasionale beweging in die onderworpe Republiek hul hoop hoe langer hoe meer op die Britse Liberale Party gevestig het om aan hulle reg te laat geskied en hul onafhanklikheid terug te besorg.

Dit is merkwaardig hoe spoedig na die anneksasie van hul vaderland die Boere van die eertydse Republiek die gees van défaitisme van hulle afgeskud het. Dit moet toegeskrywe word gedeeltelik aan hul diepgewortelde afkerigheid van Britse oorheersing, en verder aan die besielende leiding wat daar van Paul Kruger uitgegaan het, die staatsman wat ná die ondergang van die Republiek op die voorgrond getree het en as verpersoonliking van Boerenasionalisme vir 'n kwart eeu lank wal gegooi het teen die voortstuwende Britse imperialisme. Hy het reeds in 1877 getoon van watter staal hy gemaak is toe hy geweier het om die eed van getrouheid aan die Britse Kroon af te lê of om diens te aanvaar onder die nuwe administrasie. Hy was die enigste lid van die Uitvoerende Raad wat hierdie uitdagende houding aangeneem het. Dat Shepstone bedug was vir Kruger se invloed, blyk uit sy taktvolle optrede teenoor hom. Hoewel Kruger geen staatsamptenaar was nie, is aan hom 'n salaris van £200 per jaar toegeken met die voortuitsig dat 'n verdere £100 bygevoeg sou word as hy hom gewillig betoon het om Shepstone oor landsake met raad te bedien.[4] Kruger en sy volgelinge het hulle nie slegs beywer om die Republiek weer in die lewe te roep nie maar ook om die vriendskap van een of meer groot moondhede aan te kweek, wat in staat sou wees om paal en perk te stel aan die Britse uitbreidingsdrang in Suid-Afrika, sodat die voortbestaan van die Republiek verseker kon word. Die Boere het veral hul oë op Duitsland gevestig vanweë die militêre slaankrag wat hierdie moondheid in die Europese oorloë geopenbaar het.[5]

---

3) Vgl. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel II, p. 419-422.

4) C.O. 291/14-verw. 1789: Various papers in favour of the Boers, received from Mr. Gladstone's private secretary. (Bostaande besonderhede word vervat in 'n verklaring van E. Fairfield, 'n hooggeplaaste amptenaar in die Koloniale Kantoor).

5) Ons het reeds in die Inleiding verwys na Pruise se skitterende militêre vertonings in die Seweweekse en Frans-Pruisiese Oorloë.

Ook het hulle gehoop dat die bande van bloed en kultuur wat die Boere en Duitsers aan mekaar gebind het, vir hulle 'n weg sou baan na die Wilhelmstrasse. Hierdie verwantskap is dikwels beklemtoon deur diegene wat begerig was om Duitse belangstelling in Suid-Afrika op te wek. In November 1879 skrywe Ernst von Weber, 'n Duitse reisiger wat etlike jare op die Afrikaanse Vasteland vertoef het: „In South-East-Africa we Germans have quite a peculiar interest, for here dwell a splendid race of people nearly allied to us by speech and habits...In appearance and character the Boers are every way the same as our sturdy Westphalians, Frieslanders, and Schleswig-Holsteiners but as a rule they surpass them in size and weight for you rarely see a Boer who is not at least 6 feet high."[6)]

Gemeenskaplike afkoms het egter so weinig invloed uitgeoefen op die betrekkinge tussen die Boere en die Duitse owerhede, dat dit buite rekening gelaat kan word. Inteendeel, die Boereleiers wat hulle beywer het vir die herstel van die Republiek, het teenoor 'n politieke konstellasie in Europa te staan gekom wat vir hulle alles behalwe gunstig was. Nadat Kruger se onderhandelinge met die Konserwatiewe Party skipbreuk gely het, omdat die Imperialiste vasbeslote was om die anneksasie te handhaaf, was die aangewese weg vir hom om die steun te soek van twee reusefigure in die Europese politiek: Gladstone, om sy pleidooi aan te hoor en reg aan sy volk te laat geskied; **Bismarck**, om hom te beskerm teen die vyand wat in sy poorte gestaan het. Die leiers van nasies, hoe bekwaam ook al, is egter nie die beskikkers van hul lotgevalle nie. Die ironie van die worsteljare wat onmiddellik gevolg het op die herstigting van die Republiek, was dat **Bismarck**, wie se sienswyse die botoon gevoer het in die Duitse Departement van Buitelandse Sake, gedurende 'n belangrike fase van die stryd om grondgebied op die grense van die Republiek meer gemeen gehad het met die Britse Konserwatiewe Party as met die Liberale Party. Afkomstig van die Pruisiese landadel, was hy konserwatief in sy kyk op sake, 'n vurige voorstander van die monargie en gekant teen liberale **instellings**.[7)] Die vurig begeerde Duitse eenheid het hy verkry, nie deur toesprake of debatte in die Ryksdag nie, maar deur „bloed en staal," soos hy dit self gestel het. Hy was dus net so militaristies soos die Britse Imperialiste, hoewel hy in dié opsig van hulle verskil het dat hy geen begeerte getoon het om 'n groot koloniale ryk op te bou nie. Tog het hy, soos hulle, van die standpunt uitgegaan dat die belange van minderheidsgroepe en klein staatjies opsy geskuif moet word as die heil van 'n groot ryk op

---

6) Vertaling uit 'n artikel wat in November 1879 in die Berlynse „Geographische Nachrichten" verskyn het, opgeneem as bylae van brief nr. 1 in C 4190.

7) Vgl. Rose, a.w., p. 22; p. 134.

die spel is. Hierdie houding het hy reeds aan die begin van sy politieke loopbaan geopenbaar. Toe die Pole in 1863 teen Rusland in opstand gekom het, het Brittanje en Frankryk sterk meegevoel met hulle betoon. Die Pruisiese liberaalgesindes, gesteun deur die parlement en kroonprins, het ook daarop aangedring dat die Pole bevry moes word. Bismarck was egter die struikelblok. Hy het beslis geweier om saam met Brittanje en Frankryk teen Rusland op te tree, want laasgenoemde se vriendskap was nodig om die Duitse eenheidstrewe te verwesenlik. Die parlement het geraas en gedreig en die Duitse Liberale Party het hom bestempel as 'n vyand van vryheid, maar hy het voet by stuk gehou, teen die stroom opgebeur en Rusland selfs verseker van Pruisiese meegevoel en ondersteuning. Gevolglik is die Poolse opstand binne 'n jaar onderdruk. Die verstandhouding wat Bismarck op hierdie wyse met Rusland bereik het, was een van die hoekstene van sy buitelandse beleid.[8] As die lotgevalle van die klompie Boere in die binneland van Afrika nou in bietjie meer as 'n dekade later dieselfde patroon volg as dié van die Pole, moet ons verwag dat Bismarck anders sal optree?

Persoonlik was Bismarck die Boere goedgesind.[9] Maar nóg hy nóg die Duitse keiser sou toelaat dat hulle gevoelens oor hulle landsbelange triomfeer. In meer as een opsig was Bismarck se buitelandse beleid nie daarop bereken om steun aan die Boere teen Brittanje te verleen nie. In die eerste plek was hy oortuig dat die vereniging van die Duitse state onder Pruisiese leierskap gevolg moes word deur 'n tydperk van internasionale vrede, sodat hy nie geneig was om met sy bure vaskoor te soek nie. Alleen langs die weg van vrede kon hy die posisie van sy vaderland na binne en na buite konsolideer en Duitsland uitbou tot die leidende moondheid op die Vasteland. Hy het dus elke geleentheid benut om die ander moondhede van sy welwillendheid te oortuig en dan ook daarin geslaag om die Europese diplomasie, ten spyte van kronkelgange, in 'n rigting te stuur wat vir Duitsland voordelig was. Sy beleid om 'n goeie gesindheid teenoor sy bure te openbaar, het duidelik aan die lig gekom tydens die kongres wat in 1878 in Berlyn gehou is om die vraagstukke van die Nabye Ooste onder die soeklig te stel. Hoewel geen blywende oplossing vir die botsende belange van die groot moondhede gevind is nie, het Bismarck, wat as voorsitter opgetree het, daarin geslaag om deur sy onpartydige houding algemene tevredenheid te verskaf behalwe aan Rusland.[10] Die besonder goeie verstandhouding tussen hom en Disraeli by hierdie geleentheid was vir die

---

8) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 251.

9) Vgl. Backeberg, a.w., p. 142.

10) Vgl. Backeberg, a.w., p. 142.

saak van die Boere geensins bevorderlik nie.[11]

Bismarck se buitelandse beleid was egter nie beperk tot negatiewe pasifisme nie. In sy aktiewe optrede het hy ook aansluiting gevind by Disraeli: beide staatsmanne het hulle beywer vir die vorming van groter politieke eenhede, hoewel hul metodes verskillende rigtings ingeslaan het. Terwyl Disraeli besig was om die posisie van die Britse Ryk buite Europa te versterk deur middel van nouer politieke samewerking tussen die verskillende staatkundige eenhede, het Bismarck hom daarop toegelê om die posisie van die Duitse Ryk binne Europa te versterk deur middel van internasionale alliansies.[12] As 'n klein staatjie nou in die pad van een van hierdie politieke groeperinge kom, word hy eenvoudig geëlimineer. Dis presies wat met die Suid-Afrikaanse Republiek gebeur het. Die Republiek was 'n klein sterretjie vir wie daar geen ruimte gegun is tussen die bane van die voortbewegende planete nie.

Om nou te begryp waarom daar in 1881 weer lewe in die doodsbeendere van die eertydse Republiek geblaas is, is dit noodsaaklik dat ons Gladstone teenoor Disraeli en Bismarck sal stel. Vir meer as 'n halwe eeu lank het Gladstone 'n leidende rol gespeel in die geledere van die „Little Englanders", die Britse politici wat gekant was teen onoordeelkundige uitbreiding van die Ryk, waardeur ongeregverdigde finansiële laste op die skouers van die belastingbetaler gelaai is. Verder het hy, sedert die aanvang van sy politieke loopbaan in 1832, na vore getree as kampvegter vir die regte van die minderbevoorregtes en onderdruktes. Sy vurige en oortuigende pleidooi vir die afskaffing van slawerny was ongetwyfeld een van die redes waarom die kiesers van Newark hom met 'n aansienlike meerderheid in daardie jaar as hul verteenwoordiger na die Laerhuis gestuur het.[13] In sy buitelandse beleid het Gladstone ook eerlik daarna gestrewe om die belange van klein en swak staatjies so ver moontlik in ag te neem en te beskerm. Die bombardement van die Piraeus in

---

11) Vgl. Backeberg, a.w., p. 34-35.

12) Min staatsmanne het seker nog soos Bismarck op so baie stoele gelyktydig gesit sonder om tussen hulle deur te val! Die Dreikaiserbund wat hy in 1873 tussen die keisers van Duitsland, Oostenryk en Rusland tot stand gebring het, is in 1879 gevolg deur 'n Tweevoudige Verbond tussen Duitsland en Oostenryk. Deur die toetrede van Italië in 1882 is dit omskep in 'n Drievoudige Verbond. Die verwydering tussen Duitsland en Rusland sedert die Berlynse Kongres was 'n doring in die vlees vir Bismarck, en in 1881 slaag hy daarin om die Herversekeringsverdrag tot stand te bring, wat feitlik 'n herlewing was van die Dreikaiserbund. Vgl. Grant en Temperley, p. 322-329.

13) Gladstone se sienswyse oor slawerny word uiteengesit in 'n vlugskrif, d.d. 9 Oktober 1832. Dit word in volle lengte aangehaal in Smith: Life of Gladstone, p. 35-36.

1850 deur Britse oorlogskepe, op grond van die aantyging dat die Griekse regering nie behoorlike beskerming aan Britse onderdane verleen het nie, het hom die geleentheid verskaf om in die Laerhuis te velde te trek teen die **arbitrêre** optrede van Palmerston: „Let us recognise, with frankness, the equality of the weak with the strong, the principles of brotherhood among nations, and of their sacred independence. When we are asking for the maintenance of the rights which belong to our fellow subjects resident in Greece, let us do as we would be done by, and let us pay all the respect to a feeble state, and to the infancy of free institutions, which we should desire and extract from others towards the maturity and strength of our own. Let us refrain from all gratuitous and arbitrary meddling in the internal concerns of other states, even as we should resent the same interference if it were attempted towards ourselves."[14])

In jingoïsme het Gladstone 'n afkeer gehad: „Let an Englishman travel where he will. As a private person, he is found in general to be upright, high-minded, brave, liberal, and true; but, with all this, foreigners are too often sensible of something that galls them in his presence; and I apprehend it is because he has too great a tendency to self-esteem, too little disposition to regard the feelings, the habits, and the ideas of others."[15]) Hierdie nugtere en weloorwoë teregwysing staan in skerp teëstelling tot die ongebreidelde patriotisme van die tipiese imperialis, soos vertolk deur Joseph Chamberlain: „I believe in the British race. I believe that the British race is the greatest of governing races that the world has ever seen."[16]) Palmerston se beroep op die Britse volk om besieling te put uit die patriotisme wat die Romeinse burger van ouds aan die dag gelê het, is deur Gladstone veroordeel omdat hy geen bewondering vir die Romein se sug na wêreldoorheersing gehad het nie: „He was a member of a privileged caste; he belonged to a conquering race, to a nation that held all nations bound down by the hand of Imperial power. For him there was to be an exceptional system of law; for him principles were to

---

14) Gladstone in die Britse Laerhuis in 1850, aangehaal in die „Illustrated London News" van 24 April 1880.

15) Ibid.

16) Boyd I, p. XV: Chamberlain, nadat hy sy liberale denkbeelde prysgegee het, by geleentheid van 'n afskeidsdinee in 1895 ter ere van 'n pasaangestelde goewerneur van Wes-Australië. Vergelyk ook B. Williams se beskrywing van Rhodes se politieke filosofie: „Only one race, so it seemed to him, approached God's ideal type, his own Anglo-Saxon race; God's purpose then was to make the Anglo-Saxon race predominant, and the best way to help on God's work and fulfil His purpose in the world was to contribute to the predominance of the Anglo-Saxon race and so bring nearer the reign of justic, liberty and peace". (Aangehaal in Scholtz: Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Deel I, p. 104-105).

be asserted and by him rights were to be enjoyed, that were denied to the rest of the world. Is such, then, the view of the noble Lord as to the relation that is to subsist between England and other countries?"[17] Sy politieke belydenis het Gladstone in April 1881, nadat hy die regte van die Boere weer tot op sekere hoogte herstel het, nogeens herhaal: „...we should uniformly regard every other state and every other people as standing on the same level of right as ourselves...in the prosecution of our interest we shall not be so carried away by zeal as to allow it to make us forgetful of the equal claims and equal rights of others."[18]

Gladstone was een van die groot staatsmanne van die neëntiende eeu wat die minste Macchiavelliaanse neigings geopenbaar het. As die ander Britse Liberale leiers, wat na 1881 invloed uitgeoefen het op die betrekkinge tussen Brittanje en die Suid-Afrikaanse Republiek, tot dieselfde mate as hy standvastig van rigting gebly het, sou die Republiek seker nie binne 'n kwarteeu vir die tweede keer van die toneel verdwyn het nie. Chamberlain, wat na sy insluiting in die Liberale Gladstone-kabinet in 1880 so ywerig meegehelp het om die Republiek weer in die lewe te roep en as minister van kolonies in die Konserwatiewe Salisbury-kabinet sedert 1895 weer net soveel ywer aan die dag gelê het om die status van die Republiek te ondermyn, het tydens sy besoek aan Suid-Afrika kort na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog openhartig verklaar dat hy 'n flater begaan het om ooit Gladstone se koloniale beleid te steun.[19]

Ten spyte van die doelgerigtheid wat Gladstone in sy politieke loopbaan geopenbaar het, is daar tog oënskynlik sekere teenstrydighede in sy optrede teenoor die Boere wat nadere ondersoek verg. Ten eerste ontstaan die vraag waarom hy nie onmiddellik sy stem verhef het teen die anneksasie van die Republiek nie. In die loop van 1877 is Suid-Afrikaanse aangeleenthede druk bespreek in die Britse parlement, en een debat is spesiaal gewy aan die anneksasie van die Transvaal. Dit is opmerklik dat Gladstone destyds nie een keer deelgeneem het aan die besprekinge nie. Die enigste pleitbesorger vir die bestaansreg van die Republiek was Courtney, 'n

---

17) Gladstone in die Britse Laerhuis in 1850, aangehaal in die „Illustrated London News" van 24 April 1880. (Hy het waarskynlik die oorheersing van die Plebejers deur die Patrisiërs in gedagte gehad).

18) Gladstone in die Britse Laerhuis in 1881, aangehaal in Z.A.R. 185: Supplementary Memorandum on the Foreign Affairs of the South African Republic. (Farrelly).

19) Boyd I, p. XV. Die koersverandering wat ons dikwels by groot staatsmanne aantref, oefen verreikende invloed op die geskiedenis uit. Garibaldi het sy republikeinse beginsels vaarwel gesê en gehelp om 'n verenigde Italië onder die koningskap van Sardinië op te bou. Smuts, wat sy openbare loopbaan as republikein begin het, het eweneens later 'n oortuigde monargis geword.

pasverkose lid van die Laerhuis, ondersteun deur twee of drie ander lede van die Liberale Party.[20] Gladstone het dit natuurlik later nodig gevind om sy ongeërgde houding teenoor die saak van die Boere in 1877 te regverdig. Hy het met nadruk verklaar dat die verslae van sowel die Britse amptenare as Britse besoekers in Suid-Afrika hom in die begin heeltemal 'n skewe beeld laat kry het van die ware gevoelens wat in die Transvaal geheers het.[21] Sy getuienis word gestaaf deur een van sy tydgenote, dr. Clark, wat sekretaris was van die „Transvaal Independence Committee", 'n liggaam wat hom beywer het vir die herstel van die Republiek. Clark beweer dat Shepstone en Frere in hul amptelike verslae aan die Koloniale Kantoor voorgegee het dat die groot meerderheid van die Transvalers die anneksasie van die Republiek verwelkom het.[22] Die Koningin het dan ook in haar eerste troonrede na die anneksasie verklaar dat die Republiek deur haar regering oorgeneem is omdat dit die begeerte van die volk was.[23] Die beskuldiging van die Konserwatiewe Party dat Gladstone se skielike ontpopping in 1879 as kampvegter vir die vryheid van die Boere 'n geval van politieke opportunisme was,[24] is dus ongegrond. Gladstone het waarskynlik nie voor 1878 tot die ontnugtering gekom dat die wind uit 'n ander rigting gewaai het as wat die imperialiste in Suid-Afrika voorgegee het nie. In 'n poging om die onafhanklikheid van sy vaderland terug te win, het Kruger in daardie jaar 'n tweede deputasie na Londen gelei, met 'n petisie in hul besit waarop 6,591 naamtekeninge teen anneksasie en slegs 587 ten gunste daarvan verskyn het.[25] In Engeland het die deputasie in aanraking gekom met verskeie Liberale parlementslede wat hulle aangemoedig het om te volhard in die stryd vir reg en geregtigheid.[26] Dat Gladstone nou ook die ander kant van die prentjie te sien gekry het, blyk uit die feit dat hy gedurende sy verkiesingsveldtog van 1879 gebruik gemaak het van die syfers wat hierbo aangegee word om die ondemokratiese optrede van die Disraeli-regering

---

20) Volgens 'n verklaring van Lord Brabourne, toentertyd lid van die Hoërhuis, soos vervat in 'n vlugskrif: „The Truth about the Transvaal." Londen, 1881.

21) Vgl. Molteno: A Federal South Africa, p. 89.

22) Vgl. Clark: British Policy towards the Boers, p. 30-31. Londen, 1881. Vergelyk ook C.R.O. 217, p. 2, waar Fairfield die getuienis van Gladstone en Clark onderskrywe in 'n memorandum spesiaal opgestel vir die Britse kabinet nadat die Liberale Party in April 1880 aan bewind gekom het. Vergelyk verder: Van Oordt: Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 187-188.

23) Vgl. Clark, a.w., p. 30-31.

24) Vgl. Brabourne, a.w., p. 9.

25) Vgl. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Band I, p. 87.

26) Vgl. Clark: British Policy towards the Boers, p. 48.

aan die kaak te stel.[27]

Vir Gladstone se **negatiewe** houding teenoor die saak van die Boere in 1877 is daar dus voldoende regverdiging. Veel moeiliker vind ons dit om sy beleid drie jaar later te verdedig toe dit wou voorkom asof hy hulle nog 'n keer in die steek gaan laat. Alhoewel die Boere aanvanklik diep teleurgestel was omdat die Liberale Party, nadat dit aan bewind gekom het vroeg in 1880, onverwags dieselfde koers as die Konserwatiewe Party ingeslaan het, was dit juis hierdie politieke frontverandering wat aanleiding gegee het tot die Eerste Vryheidsoorlog, waaruit op sy beurt die „herstigting" van die Republiek voortgevloei het. Om dus deur te dring tot die grondoorsake van die gebeurtenisse en omwentelinge van 1880 en 1881, moet ons eers die redes vasstel waarom Gladstone vir Disraeli uit die kussings gelig het, en daarna die dryfvere ontleed wat agter die onstandvastige houding van die Liberale Party geskuil het.

Die Konserwatiewe Party het die algemene verkiesing in April 1880 verloor as gevolg van sy buitelandse beleid. Ons het voorheen daarop gewys dat Disraeli die Turkse Ryk wou gebruik as 'n muur om die Russiese opmars na die Middellandse See te stuit. Sedert sy bewindsaanvaarding in 1874 het Disraeli voortdurend berigte ontvang van opstande in die Turkse Ryk waarby Christen-onderdane van die Sultan betrokke was. Hoewel die opstande met genadelose wreedheid onderdruk is, het die toestand al hoe ernstiger geword en in April 1876 'n hoogtepunt bereik toe sowat twaalfduisend Boelgare, insluitende vroue en kinders, in 'n bloedbad gesterf het.[28] Omdat Disraeli die belange van die Britse Ryk voorop gestel het en persoonlik 'n vriend van die Turke was, het hy probeer om die wrede onderdrukkingsbeleid van die Sultan in 'n gunstige lig te stel. Hy het die berigte oor die wandade as oordrewe bestempel en beweer dat die agitasie van Rusland afkomstig was wat 'n vyeblad wou soek vir sy eie aggressiewe beleid in die Nabye Ooste.[29] Disraeli se onverskillige houding het van Gladstone 'n hewige aanval op die Turke ontlok: „Let the Turks now carry away their abuses in the only possible manner, namely, by carrying off themselves. Their Saptiehs and their Mudirs, their Bimbashis and their Yuzbachis, their Kaimahams and their Pashas, one and all, bag and baggage, shall, I hope, clear out from the province they have desolated and profaned."[30] Die Konserwatie-

---

27) Verkiesingstoespraak van Gladstone, aangehaal in Clark, a.w., p. 55-56.

28) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 298-299.

29) Id., p. 299.

30) Gladstone in 'n vlugskrif: „Bulgarian Horrors and the Question of the East," p. 61-62. (Aangehaal in Grant en Temperley, p. 299).

we Party se aggressiewe imperialisme in ander dele van die wêreld het Gladstone verder van goeie ammunisie voorsien vir 'n verkiesingstryd. Die anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek in 1877 is gevolg deur 'n oorlog in Afghanistan in 1878, omdat Brittanje probeer het om 'n Britse agent te Kabul te plaas met die doel om Russiese intriges dop te hou.[31] In 1879 volg die **Zoeloe-oorlog** waarin die Britse leërs ernstige lewensverliese gely het en wat nie sonder groot moeite en opoffering met welslae beëindig is nie.[32] Namate die einde van Disraeli se dienstermyn genader het, het Gladstone se aanvalle op sy militarisme in heftigheid toegeneem en op vrugbare bodem geval. Daar was allerweë tekens dat hy die kieserspubliek oortuig het van die noodsaaklikheid om 'n meer vreedsame buitelandse beleid te volg.[33]

In November 1879 het Gladstone sy verkiesingsveldtog van stapel gestuur as kandidaat van die Liberale Party vir die kiesafdeling Midlothian in Skotland. Dit is nou dat hy na vore getree het as kampvegter vir die nasionale strewe van die Boere in die eertydse Republiek. By vier verskillende geleenthede het hy die optrede van die Konserwatiewe Party teenoor die Boere in gloeiende taal veroordeel. Met verwysing na die Transvaal en Cyprus het hy o.m. gesê: „If those acquisitions were as valuable as they are valueless, I would repudiate them because they are obtained by means dishonourable to the character of our country."[34] Terselfdertyd het lord Hartington, die onderleier van die Liberale Party, wat kort vantevore in die parlement gepleit het vir inkrimping van die Britse Ryk en die anneksasie van die Transvaal as 'n onsinnige daad bestempel het, in North Lancashire te velde getrek teen die onreg wat die Boere aangedoen is.[35] Afskrifte van die Liberale leiers se uitlatings is na Suid-Afrika gestuur en onder die Boere versprei.[36] Ons kan dus begryp dat die Boere gedeel het in die oorwinningsvreugde van die Liberale Party. Gladstone, die grootmoedige Britse staatsman, het tog immers verklaar dat hy die anneksasiebeleid van sy voorganger verwerp. Wreed moes hul ontnugtering egter gewees het toe die nuwe kabinet reeds op 12 Mei besluit het dat „under no circumstances can the Queen's authority in the Transvaal be reqlinquished."[37]

---

31) Vgl. Gardiner: A **Student's** History of England, Vol. III, p. 969-970.

32) Vgl. Russell: Natal, The Land and its Story, p. 225-247.

33) Vgl. Westlake: The Transvaal War, A Lecture Delivered in the University of Cambridge on the 9th of November, 1899, **P. II.**

34) Ibid.

35) The Illustrated London News, 22 Januarie 1881; Morley: Life of Gladstone, Volume III, p.27.

36) Vgl. Brabourne, a.w., p. 8. Die verspreiding van die toesprake is waarskynlik onderneem deur die „Transvaal Independence Committee".

37) Telegram van Kimberley aan Frere, aangehaal in Westlake, a.w., p. 12.

Hoe moet ons nou die bolmakiesieslanery van Gladstone verklaar? Dit is kenmerkend van die partystelsel dat 'n regering dit dikwels onmoontlik vind om die beleid van sy voorganger te negeer, ongeag hoe sterk hy dit veroordeel het toe hy nog in die opposisiebank gesit het. Sommige historici beweer dat Gladstone intussen besluit het om met Carnarvon se federasieskema deur te druk, ander weer dat hy tot die besef gekom het van die groot ekonomiese moontlikhede wat die ontwikkeling van die Transvaalse bodem ingehou het. Die waarheid is tussen hierdie twee beskouinge in geleë, want daar het ongetwyfeld 'n ekonomiese sowel as politieke motief geskuil in die onverwagte wending wat die beleid van die Gladstone-regering geneem het.[38) ] Die kardinale verskil tussen die beleid van die twee politieke leiers was geleë in die feit dat terwyl **Disraeli** ekonomiese oorwegings ondergeskik gemaak het aan sy politieke strewe, Gladstone aan die ander kant eers die koste gaan bereken het voordat hy hom aan enige politieke avontuur gewaag het. Ekonomiese, eerder as politieke faktore was deurslaggewend in die besluit van Gladstone en sy ministers om die beleid van hul voorgangers voort te sit, totdat die Boere uiteindelik in wanhoop na die wapens gegryp het.

In sy brief van 18 Junie 1880 aan Kruger en Joubert verklaar Gladstone dat hy nie die Koningin se gesag oor die Transvaal kan terugtrek nie, omdat alleen in 'n konfederasie van Suid-Afrikaanse state daar heil in die toekoms te wagte was.[39)] Om diplomatiese redes verswyg hy die begeerte om die Transvaal te behou vanweë sy ekonomiese potensiaal, maar as ons bietjie agter die skerms loer, vind ons dat die Britse regering reeds sedert 1879 in verbinding met die Portugese was om hul steun te verkry vir die ontwikkeling van die hawe van **Lourenço** Marques en die bou van 'n spoorweg vandaar na die Transvaalse grens, met die oog op die uitbreiding van die binnelandse handel.[40)] Dit was natuurlik 'n voortsetting van die beleid wat Potgieter, Pretorius en Burgers nie gegun was om tot uitvoering te bring nie.

Sedert die anneksasie van die Republiek het die Imperialiste in Suid-Afrika, die Transvaalse Wetgewende Raad, staatsamptenare, boere en handelaars 'n agitasie op tou gesit om deur middel van verslae, versoekskrifte en persoonlike samesprekings die Britse regering te oortuig van die geweldige ekonomiese bate wat die

---

38) Scholtz (Oorsake, I, p. 93) benadruk die ekonomiese oorweging; Bosman (Oorheersing en Vrywording, 1877-1884, in: Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p. 423) en Morley (Life of Gladstone, III, p. 28) benadruk die politieke oorweging. Walker (History of South Africa, p. 386) stel dit duidelik dat sowel ekonomiese as politieke faktore 'n rol gespeel het.

39) C.O. 291/9, verw. 9422.

40) C.O. 291/13, verw. 1474, Art. V.

Transvaal vir die Britse Ryk sou wees, en om die noodsaaklikheid van 'n verbindingsweg met die see te beklemtoon. Kort voor sy neerlaag by die stembus, het die Disraeli-regering nog van Wolseley, Hoë Kommissaris vir Transvaal en Natal, verneem: „The Transvaal is rich in minerals, gold has already been found in quantities, and there can be little doubt that larger and still more valuable goldfields will sooner or later be discovered."[41] Die Gladstone-regering is ewemin met rus gelaat. Op 16 September 1880 lê Lanyon, administrateur van die Transvaal-Staat, 'n vurige pleidooi voor Kimberley, Minister van Kolonies in die Liberale kabinet: „I feel confident that the making of this railway is of paramount importance to the welfare as well as to the commercial interests of the Transvaal. From a political point of view, I feel equally confident that the expression of a favourable opinion regarding its construction by your Lordship would go far towards ameliorating, if not dissipating, the antagonistic feelings of the majority of those now agitating against Her Majesty's Government...This country only wants an outlet to prosper, for nature has abundantly endowed it with mineral and agricultural wealth. But these natural advantages now lie dormant because the cost of transport precludes enterprise. A railway will obviate all this, and solve many burning political questions."[42] Dit was nog nie die einde van die agitasie nie. In Oktober kom Moodie, wat al in Burgers se tyd 'n groot rol gespeel het in verband met die spoorwegplanne, vergesel van Struben en Koch, in Londen aan en deel Kimberley mee dat hulle op 'n groot en invloedryke vergadering in Pretoria gekies is om in 'n persoonlike onderhoud aan hom te verduidelik waarom die bou van die spoorweg nie langer vertraag kon word nie.[43] Ook Farrell, die ingenieur wat in opdrag van die Transvaalse Wetgewende Raad 'n breedvoerige verslag en voorlopige plan van die beoogde spoorweg opgestel het, het 'n stuiwer in die armbeurs gewerp: „Examination of the map of the Transvaal shows that a railway from Delagoa Bay would be the most central line of communication that could be adopted for the province, and be the nucleus of a large system communicating with all the British possessions in South Africa."[44] Eindelik voeg Colley, Goewerneur van Natal, hom nog by die geledere van die agitators: „The Transvaal is within easy reach of the finest harbour in South Africa, and ought, therefore, to be specially well off for commu-

---

41) C.R.O. 217, p. 13, Wolseley aan Michael Hicks Beach, 13 November 1879.

42) C.O. 291/13, verw. 7131, Bylae I in nr. 42.

43) C.O. 291/13, verw. 7131, Bylae 4 in nr. 42.

44) C.O. 291/13, verw. 7131, Bylae 3 in nr. 90.

nication with the outer world. As a fact, however, owing to the "fly belt", impassable to the ordinary transport[45] of the country, which cuts this province off from its natural outlet at Delagoa Bay, it is peculiarly inaccessible; and is worse off, as regards both a market for its produce and facilities in obtaining the articles it requires, than any other district of South Africa."[46] Colley het waarskynlik gemeen dat as die konfederasie eers tot stand gekom het, daar geen gevaar vir ongesonde mededinging tussen Delagoabaai en Durban sou wees nie.

Aan vuur vir die spoorwegbouprogram het dit dus nie ontbreek nie, nie in Suid-Afrika nie, ook nie in Londen nie. Die haakplek moet dus êrens anders gewees het. Kimberley lê die vinger op die wond in sy antwoorde aan sommige van die petisionarisse. Lanyon moes op sy pleidooi verneem: „Her Majesty's Government cannot take any steps respecting the proposed railway until the Treaty with Portugal has been ratified, which they hope will take place on the meeting of the Cortes in January next."[47] Aan Moodie en sy metgeselle verklaar Kimberley: „Her Majesty's Government are fully sensible of the importance of a railway from Delagoa Bay, and they are at the present moment actively engaged in negotiation with Portugal for the conclusion of a Convention with that country, which is a necessary preliminary step to the construction of the proposed line."[48] Colley was waarskynlik bewus wie die vlieg in die apteker se salf was. Daarom skrywe hy: „I would express my earnest hope that Her Majesty's Government will use every endeavour to obtain the ratification of the Convention by Portugal and the co-operation of that State in an enterprise so advantageous to the interests of both countries in South Africa."[49] Dit is dus duidelik dat die Portugese regering die totstandkoming van die spoorweg vertraag het. Hierdie feit is van die allergrootste belang, want dit is onwaarskynlik dat die Britse regering ooit die onafhanklikheid van die Boere sou teruggegee het as 'n paar miljoen pond Britse kapitaal eers in die spoorweg belê was, veral as hulle Colley se voorstel sou aanvaar dat die regering 'n deel van die kapitaal moes voorsien of ten minste die veilige belegging daarvan moes waarborg, omdat hy geweet het dat die Britse kapitaliste huiwerig sou wees om hul geld in 'n

---

45) Colley het hier ongetwyfeld die ossewa in gedagte.

46) C.O. 291/13, verw. 7131, Bylae 4 in nr. 90

47) C.O. 291/13, verw. 7131, Bylae 3 in nr. 42 (Onderstreping deur skrywer).

48) C.O. 291/13, verw. 7131, Bylae 5 in nr. 42 (Onderstreping deur skrywer).

49) C.O. 291/13, verw. 7131, Bylae 4 in nr. 90 (Onderstreping deur skrywer).

onontwikkelde land te belê.[50] Soos Colley dit self stel: „An Imperial guarantee... would itself have a valuable political effect, as affording the strongest possible evidence that no reversal of the annexation of the Transvaal was contemplated."[51]

Die ooreenkoms tussen Brittanje en Portugal is reeds op 30 Mei 1879 in Lissabon onderteken deur Joas de Andrade Corvo, die Portugese Minister van Buitelandse Sake, en R.B.D. Morier, die Britse ambassadeur in Portugal. Die opskrif van die ooreenkoms is heeltemal misleidend. Dit lui: „Treaty with Portugal for the suppression of the slave trade on the South East coast of Africa and for co-operation in the work of South African civilization."[52] Die ware oogmerke van die ooreenkoms word onomwonde deur Morier self gestel: „When I received Lord Salisbury's telegram instructing me to negotiate a Lourenço Marques Treaty...the two objects which I determined to secure were:- (1) to give to the inhabitants of the Transvaal the full commercial use of the harbour of Lourenço Marques as if it were actually within Transvaal territory. (2) to give ourselves direct and immediate military access to the Transvaal not only in view of native troubles, but in view of the fact that we were holding the country against the will of the warlike portion of the white inhabitants. Having had exceptional opportunities at Lisbon for judging of events in the Transvaal from a more detached point of view than could be done in England, I arrived early at the conclusion that the annexation was a most serious blunder of which the possible consequences had not been sufficiently considered, and that if it were to be preserved, the only condition on which this could be permanently done, was by direct military communication between our natural base of operations, the sea, and the interior of the country."[53] Met hierdie openhartige verklaring is die kat uit die sak gelaat. Sake het betreklik vlot verloop totdat die ooreenkoms voor die Portugese parlement (Cortes) vir bekragtiging gelê is.

Om die houding van die Cortes te begryp, moet ons kortliks op die inhoud van die ooreenkoms let. Daar was 'n bepaling wat voorsiening gemaak het vir gesamentlike optrede ter bestryding van slawehandel langs die suid-ooskus van Afrika,[54]

---

50) C.O. 291/13, verw. 7131, bylae 4 in nr. 90. (Farrell, die ingenieur, het bereken dat die Transvaalse deel van die spoorweg ten minste £2½-miljoen sou kos. C.O. 291/13, verw. 10503).

51) C.O. 291/13, verw. 7131, Bylae 4 in nr. 90.

52) C.O. 291/13, verw. 1474.

53) F.O. 179/226, nr. 86. Verslag van Morier aan Granville, d.d. 6 April 1881.

54) C.O. 291/13, verw. 1474, Artikel 12 en 13.

maar uit die getuienis van Morier weet ons dat, wat Brittanje altans betref, dit nie hoofsaak was nie. Verder bepaal die ooreenkoms dat Brittanje en Portugal 'n gesamentlike kommissie sal benoem wie se taak dit sal wees om ondersoek in te stel na die moontlikhede om Lourenço Marques in 'n bruikbare hawe te omskep en om spoorwegverbinding tussen die hawe en die Transvaal te bewerkstellig. As die verslag van die kommissie gunstig is, sal 'n aparte spoorwegkonvensie gesluit word om te bepaal of the onderneming van staatswee moet uitgaan of deur 'n privaat maatskappy onderneem moet word.[55] In ander bepalings word vasgestel dat die Britse regering die reg sal hê om troepe, ammunisie en voedselvoorrade in Lourenço Marques te ontskeep, waarvandaan dit 'n vrye deurgang sal verkry na die Britse kolonies op die vasteland van Afrika. In 'n protokol, wat bygevoeg en onderteken is na die aanvang van die opstand in die Transvaal in Desember 1880, verkry Brittanje die reg om militêre magasyne in Portugese gebied teen vergoeding te gebruik vir die bewaring van oorlogswapens. Ook maak die protokol voorsiening vir 'n tussentydse ooreenkoms waardeur Brittanje in staat gestel sal word om troepe oor Portugese gebied na die Transvaal te vervoer selfs voordat die spoorweg of enige ander verbindingsmiddel opgerig is.[56] Die feit dat die protokol direk melding maak van die deurlating van Britse troepe na die Transvaal terwyl die oorspronklike ooreenkoms verwys na die Britse koloniale besittings in die algemeen, bevestig die vermoede dat die bepalings in verband met militêre aangeleenthede in werklikheid teen die Boere in die eertydse Republiek gemik was. Voordat die Cortes dus die verdrag kon bekragtig, was dit noodsaaklik dat dit eers sy verhouding tot die Boere in oënskou sou neem. Uit hierdie toestand van sake het ernstige verwikkelinge in die Brits-Portugese betrekkinge voortgespruit.

Toe die Britse regering in die begin van 1879 besluit het om 'n verdrag met Portugal te sluit met die oog op die ekonomiese ontwikkeling van die Transvaal, in die vertroue dat dit sou lei tot vrede en rus in die binneland waaruit 'n stabiele politieke toestand kon voortspruit, is Morier na Londen vir samesprekinge ontbied. Hy het die Britse regering probeer oortuig dat die lojaliteit van die Boere nie so maklik met 'n spoorweg as lokaas gekoop kon word soos die Imperialiste in Suid-Afrika beweer het nie, en dis hoofsaaklik op sy aandrang dat die bepalings in verband met die deurgang van troepe en voorrade na die Transvaalse grens ingevoeg is. Inderdaad, Morier, wie se verkenningshoogte, soos hyself gesê het, hom 'n meer

---

55) C.O. 291/13, verw. 1474, Artikel 5 en die addisionele artikel.

56) C.O. 291/13, verw. 1474, Artikel 4 (b) en die protokol, d.d. 31 Desember 1880. (Onderstreping deur skrywer)

betroubare beeld van die ware toedrag van sake gegee het, het so onrustig gevoel oor die politieke toestand in die Transvaal dat hy as tydelike maatreël voorgestel het die oprig van 'n gewone pad vanaf Lourenço Marques tot by die malariastreek, vandaar 'n spoorweg vir omtrent 25 myl deur die koorsgordel, en dan weer die voortsetting van die pad tot by die eindbestemming. Sy skema kon binne 'n jaar tot uitvoering gebring word.[57] Die Britse regering, wat onder invloed van die amptelike verslae uit Suid-Afrika sake nie in so 'n ernstige lig beskou het nie, het sy voorstel verwerp en, tot sy verdere ontsteltenis, in 'n notawisseling met Portugal ooreengekom dat die bekragtiging van die verdrag nie baie dringend was nie en kon wag „until the restoration of a permanent order of things in South Africa."[58] Hier word heel waarskynlik na die federasieplan verwys waarvoor die ywer op daardie tydstip nog geensins bedaar het nie. Die Britse regering het egter 'n flater begaan wat hom spoedig suur bekom het, omdat die deur vir die Portugese oopgemaak is om die ratifikasie op die lang baan te skuiwe en sodoende hul meegevoel met die vryheidstrewe van die Boere op handige wyse te verberg, want dit was na alles die diepere motief wat agter die Cortes se vertragingstaktiek geskuil het.

Die geskil tussen Morier en die Cortes oor die wenslikheid om die inwerkingtreding van die verdrag te bespoedig, het geleidelik ernstiger afmetings aangeneem, totdat dit met die aanvang van vyandelikhede in die Transvaal 'n hoogtepunt bereik het. Die party wat die bewind in Portugal gevoer het, is deur Morier bestempel as „foolish democrats," „republican agitators" of „delirious democracy which just now holds the ‚haut du pave' in this country (Portugal)"[59] Dit toon duidelik die minagting waarmee hy die Cortes bejeën het. Sy taak is baie bemoeilik deur komitees in Brittanje, die vernaamste waarvan was die „Transvaal Independence Committee," wat uit meegevoel met die Boere alles in hul vermoë gedoen het om die Republiek weer in die lewe geroep te kry. Hierdie komitees, wat volgens Morier meer „Boers" as die Boere self was, het in verbinding getree met lede van die Cortes en die swak skakels in die verdrag, soos die militêre reëlings wat vanweë hul bedekte oogmerk die meeste aanvegbaar was, onder die aandag van die Portugese gebring.[60] Die optrede van sy landgenote is deur Morier in bitsige taal veroordeel,[61] maar sy

---

57) Verslag van Morier, F.O. 179/226, nr. 86, d.d. 6 April 1881.

58) Ibid.

59) F.O. 179/226, nr. 86 en nr. 87: Verslae van Morier aan die Buitelandse Kantoor, d.d. 6 en 7 April 1881.

60) F.O. 179/226, nr. 86: Verslag van Morier d.d. 6 April 1881.

61) Ibid.

probleem was waarskynlik dat hy uit voeling geraak het met die politieke strominge in sy vaderland, want sedert sy ampsaanvaarding onder die Konserwatiewe **regering** het die imperialisme vinnig veld verloor, hoewel die reaksie natuurlik maar van tydelike aard was. Die saak van die Boere is begunstig deur die verskynsel dat die liberalisme gelyktydig in Brittanje en Portugal botoon gevoer het. Morier se aantyging dat die Cortes opgetree het as beskermer van Boereregte „to catch this popular breeze"[62] is nie heeltemal van waarheid ontbloot nie.

In sy opdraande stryd wat Morier teen die Cortes moes voer, is hy bygestaan deur die Portugese Koning, wat Britsgesind was, en die kabinet. Die Koning, wat graag die dooie punt uit die weg wou ruim, het op **aanbeveling** van die kabinet besluit om sestien addisionele edelliede, wat hul beleid goedgesind was, vir die Hoërhuis te benoem.[63] Die Koning se optrede het groot bitterheid en tweedrag in Portugese regeringskringe veroorsaak. Die Raad van Staat, 'n liggaam wat die Koning met advies moes bedien, het met slegs twee teenstemme die uitbreiding van die Hoërhuis afgekeur, maar die Koning het verkies om die sienswyse van sy raadsliede te veronagsaam en die kabinet te steun.

Die poppe het gedans toe die verdrag in Januarie 1881 vir die derde keer binne twee jaar in die Cortes ter tafel gelê is.[64] Dit was uit die staanspoor duidelik dat die Laerhuis die Boere wou steun in die manmoedige stryd wat hulle teen Brittanje aangeknoop het, en dus onder geen omstandighede sou toelaat dat Britse troepe oor Portugese gebied na die Transvaal opruk nie.[65] Die saak van die Boere is op meesterlike wyse gestel deur Thomas Ribeiro. Hy het 'n vurige pleidooi gelewer dat Portugal niks moes doen wat die ongelyke stryd vir die Boere nog verder kon bemoeilik nie. Hy het gewys op die goeie betrekkinge wat daar altyd tussen die Boere en die Portugese bestaan het en aangevoer dat Portugal selfs voorheen verdrae met die Boere gesluit het.[66] Hy het beweer dat dit 'n groot flater sou wees om Portugese gebied oop te stel vir die mobilisasie van Britse troepe in 'n botsing waarin die **sg.** rebelle besig was om die simpatie van die hele Europa te verwerf.[67]

---

62) Ibid.

63) C.O. 291/13, verw. 1771: Morier aan Granvelle, d.d. 31 Desember 1880.

64) C.O. 291/13, verw. 9725: Morier aan Granvelle, d.d. 21 Mei 1881.

65) C.O. 291/13, verw. 694 en 1474: F.O. aan C.O.; C.O. aan F.O., d.d. 13-1-'81 & 1-2-'81.

66) Hy dink waarskynlik aan die verdrag van „vrede, vriendskap, handel en grense" wat in 1869 gesluit is.

67) F.O. 179/226, Bylae 2 in Morier se brief nr. 7 van 15 Januarie 1881.

So sterk was die teenkanting wat Braamcamp, die Portugese Minister van Buitelandse sake, in die Laerhuis ondervind het, dat hy die inhoud van die protokol doelbewus verdraai het in 'n poging om die gemoedere tot **bedaring** te bring en sy regering staande te hou. Hy het aangevoer dat, selfs al sou die verdrag bekragtig word, geen Britse troepe in Lourenço Marques geland en na die binneland vervoer kon word voordat die spoorweg voltooi is nie.[68] Morier was woedend oor hierdie verklaring en wou namens sy regering protes aanteken. Die imperialistiese ywer wat hierdie gesant aan die dag gelê het, het hom telkens in botsing gebring met Gladstone se Liberale kabinet. Hy is verbied om 'n formele protes teen Braamcamp se optrede in te dien en slegs toegelaat om in 'n skriftelike mededeling die minister se aandag te vestig op die onnoukeurigheid van sy stelling.[69] Voorts kry Morier opdrag om die Portugese regering te verseker dat Brittanje hoegenaamd nie van plan was om troepe, bestem vir die stryd teen die Boere, oor Portugese gebied te vervoer nie, aangesien die malaria dit in elk geval onmoontlik sou maak voordat die spoorweg gebou is.[70] Hy moes geen steen verder in die weg van die Cortes lê om die verdrag te bekragtig nie. Vir die Britse regering was die spoorweg die spil waarom alles gedraai het.[71]

Tog het die Portugese die vrede nog nie vertrou nie. Die besprekinge is eindeloos uitgerek en die **verdrag** is van tyd tot tyd deur ander sake op die agtergrond gedring. Op aandrang van Morier het Granville, die Britse Minister van Buitelandse sake, in Februarie 1881 hom persoonlik met die saak bemoei en die Portugese gesant in Londen gevra om sy regering telegrafies te herinner aan die beloftes wat hulle reeds in November van die vorige jaar gedoen het om die ratifikasie van die verdrag sonder verdere versuim in die Cortes aan te vra.[72] Op Granville se appèl is aanvanklik ook geen ag geslaan nie, want die kabinet het hom in so 'n penarie bevind dat hy maar liewer sy aandag aan **onbenullige** sake gewy het.[73] Dit was nou eenmaal te veel vir Morier se geduld. Braamcamp en sy medeministers kon enige oomblik 'n mosie van wantroue op die lyf loop en onder 'n nuwe regering sou die verdrag verlore wees. In sy **radeloosheid** beklaag hy sy lot by Granville:

---

68) C.O. 291/13, verw. 694: Morier aan Granville, d.d. 12 Januarie 1881.

69) C.O. 291/13, verw. 1474: F.O. aan C.O., d.d. 26 Januarie 1881.

70) C.O. 291/13, verw. 694 en 1474: Ministeriële Kanttekening van Kimberley, d.d. 29-1-81 en 1-2-81.

71) C.O. 291/13, verw. 5792: Kanttekening van Bramston, Herbert & Kimberley, d.d. 30-3-81.

72) C.O. 291/13, verw. 3529: Granville an d'Antas, d.d. 16 Februarie 1881.

73) C.O. 291/13, verw. 3529: Morier aan Granville, d.d. 21 Februarie 1881.

"I have exhausted every available means of friendly pressure."[74] Granville se beroep op die eergevoel van die Portugese regering wat hierna gevolg het, het waarskynlik die Laerhuis tot besinning gebring, want op 8 Maart is die verdrag uiteindelik met 'n groot meerderheid goedgekeur.[75]

Nou het die stryd in die Huis van Edelliede (Hoërhuis) nog voorgelê. Dit het spoedig geblyk dat die Boere hier baie meer ondersteuners gehad het as wat vermoed is.[76] Gerugte het Lissabon bereik dat die Britse regering vredesonderhandelinge met die Boere aangeknoop het. Die Hoërhuis het hierin 'n handige skuifmeul gevind om die bekragtiging van die verdrag te probeer uitstel, maar Granville het onmiddellik beswaar aangeteken op grond daarvan dat, alhoewel die Republiek moontlik weer in die lewe geroep sou word, die Britse regering tog beheer sou behou oor sy betrekkinge met ander moondhede, met die gevolg dat die **Brits-Portugese** verdrag sy betekenis geensins sou verloor nie.[77] Kort hierna het die kabinet bedank sonder om 'n stemming oor die verdrag in die Hoërhuis aan te vra.[78] Morier was moedeloos, meer nog, wanhopig. Daarom doen hy 'n beroep op sy regering om nou 'n onverbiddelike eis te stel dat die Hoërhuis nog gedurende daardie sitting van die Cortes die saak sal afhandel en tot stemming bring.[79] Die Britse regering was egter nie bereid om 'n krisis in die Brits-Portugese betrekkinge te veroorsaak nie en het dit weer eens nodig gevind om Morier se vuur te demp.[80] Daar is besluit om geen verdere stappe te doen voordat 'n ooreenkoms met die Boere bereik is nie en om dus die Portugese met rus te laat. Die Minister van Kolonies het hul standpunt soos volg gestel: "It will be charity ...to give these wretched Portuguese time to recover their self-possession which under Morier's vigorous treatment they have completely lost."[81] Morier was egter diep ongelukkig oor die gebrek aan vertroue wat veral die Koloniale Kantoor in hom geopenbaar het.[82]

---

74) C.O. 291/13, verw. 3529: Morier aan Granville, d.d. 21 Februarie 1881.

75) C.O. 291/13, verw. 4280: Morier aan Granville, d.d. 8 Maart 1881.

76) C.O. 291/13, verw. 4280: Kanttekening van R. G. W. Herbert, d.d. 10 Maart 1881.

77) C.O. 291/13, verw. 5054: Granville aan Morier, d.d. 17 Maart 1881.

78) C.O. 291/13, verw. 5155: Morier aan Granville, d.d. 23 Maart 1881.

79) C.O. 291/13, verw. 5792: Granville aan Kimberley, d.d. 29 Maart 1881.

80) C.O. 291/13, verw. 5792 en 7047: Telegram aan Morier; Kanttekeninge van Wingfield; d.d. 29-3-'81 en 21-4-'81.

81) C.O. 291/13, verw. 8444: Sienswyse van Kimberley, d.d. 14 Mei 1881.

82) C.O. 291/13, verw. 9725: Morier aan Granville, d.d. 21 Mei 1881.

Intussen het Moodie, wat hom in die verlede so vuriglik beywer het vir die bou van die spoorweg, in Lissabon opgeduik. Hy het alle vertroue verloor in die Brits-Portugese planne om 'n verbindingsweg tussen Lourenço Marques en die Transvaal in te stel en nou weer sy hoop gevestig op samewerking tussen die Boere en die Portugese. Aan vooraanstaande Portugese leiers het Moodie meegedeel dat hy ten gunste was van 'n soewerein-onafhanklike Republiek in die Transvaal wat in bondgenootskap met Portugal kon tree.[83] Die Portugese Aardrykskundige Vereniging, 'n wetenskaplike liggaam wat nie veronderstel was om die politieke terrein te betree nie, het 'n hewige anti-Lourenço Marquesagitasie op tou gesit en by die Cortes beswaarskrifte ingedien teen die voorgenome verdrag met Brittanje. Moodie is uitgenooi om die Vereniging toe te spreek en dit het hom die geleentheid verskaf om die oorwinning van die liberalisme in Brittanje te loof, maar om terselfdertyd ook te velde te trek teen die plan om die Boere onder Britse susereiniteit te plaas.[84] Aan Morier het Moodie meegedeel dat hy die Brits-Portugese verdrag beveg omdat dit Brittanje in staat sal stel om 'n militêre greep op die Boere toe te pas. Morier was ontstuts oor die uitwerking wat Moodie se besoek op die publiek en op die pers in Lissabon gehad het.[85] Dit was vir hom duidelik dat die kraginspanning waarmee hy die stryd teen die Cortes vir langer as twee jaar gevoer het, tevergeefs was.

In 'n laaste poging om die verdrag te red, kom Morier nou met 'n baie belangrike voorstel voor die dag. Brittanje moet heeltemal 'n wig tussen die Boere en die Portugese indrywe deur 'n strook grondgebied op die oosgrens van die Transvaal te behou. Sy doel hiermee stel hy duidelik: „The two countries, Great Britain and Portugal, will as before be neighbours and there will no ground on which one article of the treaty need be altered."[86] Arme Boere! Watter soort vryheid kon hulle te wagte wees? 'n Aanduiding word gegee in die opmerking van Wingfield, een van die senior amptenare in die Koloniale Kantoor, nadat hy Morier se voorstel ter insae gekry het: „There is force in his reasons for keeping a belt of British territory between the Boers and the Portuguese."[87] Morier wou ten alle koste verhoed dat die militêre reëlinge uit die verdrag geskrap word, want al sou die

---

83) F.O. 179/226, nr. 86 en nr. 87: Morier aan Granville, d.d. 6 April en 7 April 1881.

84) F.O. 179/226, nr. 87: Morier aan Granville, d.d. 7 April 1881.

85) F.O. 179/226, nr. 87: Morier aan Granville, d.d. 7 April 1881.

86) F.O. 179/226, nr. 86: Morier aan Granville, d.d. 6 April 1881.

87) C.O. 291/13, verw. 7047: Kanttekening van G. Wingfield, d.d. 21 April 1881.

Boere hul vryheid terugkry, sou dit vir Brittanje nogtans nodig gewees het om 'n ogie te hou oor hul optrede teenoor die naturelle. Op 6 April 1881 skrywe hy aan Granville: „That unhampered liberty to deal with the natives, not in the matter of slavery which is absurd, but with the native tribes, is the one object which lies closest to the Boer heart, is known to everyone who has studied the question."[88) ] Alhoewel Morier dus die aantyging verwerp het dat die Boere hulle skuldig gemaak het aan slawerny, het hy tog geglo dat hulle aggressief opgetree het teenoor die naturellestamme in hul omgewing.

Heeltemal onafhanklik van Morier se voorstel het die Britse regering 'n soortgelyke aanbeveling van Bulwer, die Goewerneur van Natal, ontvang. Op grond van dieselfde redes as wat die Britse gesant aangevoer het, het Bulwer gepleit dat Brittanje hom aan die oostekant van die Transvaal moes inwurm: „By holding the road to the great port of the future in South Eastern Africa, we should possess a position of power and strength and capability for good; enabling us to exercise a due influence upon the relations of the Republic and of the subjects of the Republic with the native races in that direction, should it be necessary, and to keep the authority of the Republic within the bounds which we may find to be advisable for the general welfare of South Africa."[89)] Om sorg te dra dat die spoorweg na Lourenço Marques die hoogs moontlike winste afwerp, stel Bulwer voor dat die goudvelde van Lydenburg en die nedersetting van New Scotland ingesluit moet word by die grondgebied wat Brittanje van die Transvaal afknyp.[90)]

Die koninklike kommissie wat belas was met die taak om die „herstelde" Republiek se grense vas te stel, het egter op 22 Mei 1881 aan Kimberley getelegrafeer dat dit uiters onwenslik was om die oosgrens van die Transvaal in te krimp vanweë die besliste teenstand wat dit van die Boere sou uitlok: „...we shall have half a rebellious white population in the part retained and a dissatisfied Transvaal State alongside."[91)] Die Liberale regering het wyslik gehandel deur hierdie raad op te volg en te besluit dat die Boere geen gebied sou verloor waarop hulle wettiglik aanspraak kon maak nie.[92)] In plaas van hul houvas op die Boere te handhaaf deur hulle heeltemal van die buitewêreld af te sny, het Gladstone se kabinet gemeen om die belange van die Ryk beter te dien deur die Republiek onder Britse susereiniteit

88) F.O. 179/226, nr. 86: Morier aan Granville, d.d. 6 April 1881.

89) C.O. 291/14, verw. 12681: Bulwer aan die Koloniale Kantoor. (1881).

90) C.O. 291/14, verw. 12681: Bulwer aan die Koloniale Kantoor. (1881).

91) C. 3114, p. 64, nr. 7a in die Appendix, d.d. 22 Mei 1881.

92) C. 3114, p. 20: Kimberley aan die Voorsitter van die Koninklike Kommissie, d.d. 30 Mei 1881.

te plaas en beheer uit te oefen oor sy betrekkinge met ander moondhede.[93] Gelukkig vir die Boere dat hulle nie self tussen die twee euwels moes kies nie!

Dit was die einde van Brittanje se poging om die spoorweg na Lourenço Marques te bou. Die laaste keer wat ons daarvan hoor, is op 1 Junie 1881, toe 'n Portugese parlementslid, Aguiar, in die Huis van Edelliede die moed aan die dag gelê het om nogeens die ratifikasie van die verdrag te bepleit. Hy het aangevoer dat Brittanje altyd 'n getroue bondgenoot van Portugal was en dat Portugal finansieël nie sterk genoeg was om sonder hulp sy kolonies in Afrika te ontwikkel nie. Hy het geen vertroue in die Boere gehad nie en het verwys na Burgers se mislukte poging in 1875 om sy spoorwegplanne deur te voer. Aguiar se pleitrede het egter niks meer as 'n hartlike applous opgelewer nie![94]

Die Portugese beleid was natuurlik nie uitsluitlik gebaseer op simpatie met die saak van die Boere nie. So was daar bv. lede van die Cortes wat meer voordeel gesien het in 'n spoorweg deur die skiereiland Torres Vedras as deur die onontwikkelde ooskus van Mosambiek.[95] Dit neem die feit egter nie weg nie dat die Portugese gehelp het om die Republiek weer uit die stof op te rig. Deur hulle optrede het hulle verhoed dat 'n paar miljoen pond Britse of buitelandse kapitaal in die Transvaal belê word. Dit het die saak vir Gladstone aansienlik vergemaklik om die Boere se land aan hulle terug te gee, want hy sou ongetwyfeld baie teenstand ondervind het as hy probeer het om die politieke band tussen Brittanje en die Transvaal skiet te gee indien daar reeds 'n sterk finansiële en ekonomiese band bestaan het.

Hoewel politieke faktore slegs 'n tweede plek ingeneem het in die vasstelling van die koloniale beleid wat die Liberale Party onder Gladstone gevolg het, mag die invloed daarvan nie onderskat word nie. Naas die begeerte om die Transvaal te behou weens die ekonomiese bate wat dit vir die Britse Ryk kon word, het die besluit van die Liberale kabinet na hul verkiesingsege in 1880, om nie onvoorwaardelik af te sien van die territoriale uitbreidingsbeleid van hul voorgangers nie en dit selfs in die geval van die eertydse Boererepubliek te handhaaf, ook op sterk politieke oorwegings berus. Die mees gegronde kritiek wat ons op die Liberale Party se koloniale beleid in Suid-Afrika kan uitoefen, is waarskynlik dat dit daarna gestrewe het om reg aan al die bevolkingsgroepe te laat geskied maar tog nie een tevrede gestel het nie, die minste van almal die Republikeine in die Transvaal, hoewel hulle natuurlik nog beter daaraan toe was as onder die Konserwatiewe regering.

93) C.O. 291/13, verw. 5054: Kanttekening van Kimberley, d.d. 23/3/81.

94) C.O. 291/13, verw. 10503: Laurier aan Granville, d.d. 3/6/81.

95) C.O. 291/13, verw. 1771: Morier aan Granville, d.d. 11 Oktober, 1880.

omdat hulle uiteindelik darem 'n halwe eier gekry het i.p.v. die leë dop wat Disraeli hulle gegee het. Die Konserwatiewe regering kon hom ten minste daarop beroem dat hy in die bres getree het vir die Imperialiste in Suid-Afrika. Disraeli het geweet wat hy met die Transvaal wou doen toe hy die bewind gevoer het, Gladstone slegs vóór hy aan bewind was. In 1883 het laasgenoemde in die Laerhuis ruiterlik erken dat hy nie herwaarts of derwaarts geweet het met die vraagstukke van Suid-Afrika nie: „It (South Africa) has been the one outstanding difficulty of our colonial policy which we have never been able to set right. In other parts of the world difficulties have arisen - in India, in Canada, in New Zealand - and every one has been dealt with and satisfactorily disposed of, but never in South Africa. It was my lot in the latter part of the administration of Sir R. Peel to be Secretary of State, and I then told Lord Grey that the case of South Africa presented a problem of which I, for one, could not see the solution, and so it has continued from that day to this - difficulties always recurring, never healed."[96]

Een van die dringende koloniale aangeleenthede wat aandag geverg het nadat Gladstone se kabinet die Imperiale administrasie oorgeneem het, was die federasieskema wat Carnarvon vir Suid-Afrika beplan het. Vir Kruger en sy volgelinge was Gladstone se houding teenoor hierdie politieke vraagstuk van lewensbelang, want as die Britse premier sou besluit het om met die skema voort te gaan, was daar nie die minste hoop dat die Transvaal sy Republikeinse status ooit sou herwin nie. In sy verkiesingsveldtog het Gladstone die anneksasie van die Transvaal op so 'n besliste en oortuigende wyse veroordeel, dat die Imperialiste wat gedroom het van 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag, seker nie baie hoopvol kon gewees het oor die verwesenliking van hul ideaal nadat hy sy intrek in Downingstraat geneem het nie. Tog moet ons onthou dat Gladstone se kabinet ook nie heeltemal vry van 'n Imperialistiese kleur was nie. Daar was bv. Forster, die Minister vir Ierland, wat 'n getroue ondersteuner van Gladstone was en reeds in 1870 in sy eerste kabinet opgeneem was. Liberaal soos Forster se binnelandse beleid gewoonlik was, het hy wat buitelandse sake betref die taal van die egte Imperialis gepraat. Toe hy in 1875 die Edinburgh Philosophical Institution toegespreek het, het hy o.m. verklaar: „I believe that our Colonial Empire will last, because, no longer striving to rule our colonies as dependencies when they become strong enough to be independent, we shall welcome them as our partners in a common and mighty Empire....Who talks now of casting off the Colonies? What more popular cry at present than the preservation of

---

96) Aangehaal in Molteno: A Federal South Africa, p. 87.

our Colonial Empire?"[97] Ons moet Forster bewonder vir die staatsmanswysheid wat hy aan die dag gelê het, want die „partnership" wat hy hier verkondig, het inderdaad in die twintigste eeu 'n werklikheid geword. Verder was daar Chamberlain wat deur een van sy kollegas, Granville, Minister van Buitelandse sake, beskrywe is as „almost the greatest jingo in Mr. Gladstone's Cabinet."[98] Reeds in die jare tagtig het Chamberlain soveel belangstelling in die Britse koloniale ryk geopenbaar dat dit vir hom 'n groot teleurstelling was toe Gladstone in 1886 met die samestelling van sy derde kabinet nie die Koloniale Kantoor aan hom toevertrou het nie.[99] Daar bestaan dus nie die allerminste twyfel dat daar imperialistiese onderstrominge in die kabinet teenwoordig was wat in 1880 oor die toekoms van die Transvaal moes besluit nie. Dit het 'n sterk leier soos Gladstone vereis om die verskillende strominge in één rigting te laat vloei.

Hoeveel sukses Carnarvon ook al in ander dele van die Britse Ryk met die federasiebeleid gehad het, in Suid-Afrika wou die beweging uit die staanspoor maar nie vlot nie. In 1877 het die Britse parlement die „South Africa Permissive Federation Act," aangeneem waardeur die kolonies in Suid-Afrika die reg verkry het om te federeer. In dieselfde jaar is Frere na Suid-Afrika gestuur om die skema tot uitvoering te bring. Daar was egter baie struikelblokke in sy weg. Ernstige naturelleonluste het soveel van sy aandag geverg dat hy vir 'n geruime tyd geen aandag aan politieke vraagstukke kon wy nie. Bowendien was Molteno, die Eerste Minister van die Kaapkolonie, gekant teen die unifikasiegedagte, omdat hy nie met die naturelleprobleme van die ander kolonies opgesaal wou wees nie.[100] Die wrywing tussen Frere en Molteno oor verskeie aangeleenthede het toegeneem, totdat die Goewerneur in Februarie 1878 die verregaande stap gedoen het om Molteno te ontslaan en Sprigg, die politieke leier van die Oostelike Provinsie, te vra om 'n kabinet saam te stel. Sy optrede was wel nie onkonstitusioneel nie maar tog heeltemal uniek in die geskiedenis van verantwoordelike bestuur. Hy het dit dan ook slegs gewaag omdat hy vermoed het dat Molteno die vertroue van die Laerhuis verloor het. Sprigg was die

---

97) Toespraak van W. E. Forster voor die Edinburgh Philosophical Institution, opgeneem in die London Times van 6 November 1875 en ook in „Source Book of English History," p. 452-455. Wat sy binnelandse beleid betref, is Forster veral bekend vir die „Elementary Education Act", wat hy in 1870 deur die parlement geloods het.

98) Boyd I, p. XV.

99) Ibid.

100) C.R.O. 216, Present position of Confederation, d.d. 3-5-1880, p. 1. (Hierdie witboek is spesiaal opgestel deur A. W.L. Hemming, permanente amptenaar in die Koloniale Kantoor, vir die inligting van die kabinet nadat Gladstone aan bewind gekom het.)

politieke strewe van Frere goedgesind.

Die Britse regering wat baie ontevrede was oor die stadige vordering wat die eenheidsbeweging gemaak het, het in 1879 besluit om sake te bespoed. Wolseley is na Suid-Afrika gestuur as opperbevelhebber van die troepe, met die doel om die naturelle aan die Britse gesag te onderwerp. Terselfdertyd moes hy die siviele administrasie van Natal en Transvaal oorneem. Van hom is verwag om hand aan hand met Frere te werk ter verwesenliking van die federasieplan.[101] Pas twee weke nadat die ooreenkoms met Portugal onderteken is om 'n spoorweg tussen die Transvaal en Lourenço Marques te bou, 'n onderneming waarvan soveel ekonomiese voorspoed verwag is en wat as 'n saambindende krag vir die hele Suid-Afrika moes dien,[102] skrywe Hicks Beach, wat intussen die plek van Carnarvon in Disraeli se kabinet ingeneem het, aan Frere dat die tyd aangebreek het vir die Kaapse ministers om by hul parlement voorstelle in te dien wat sou lei tot die stigting van 'n Suid-Afrikaanse unie of federasie. Dit is die plig van die Kaapkolonie om die voortou te neem: „The proposals for this object may very properly originate in the legislature of the principal Colony, to which the privilege of responsible government has already been conceded."[103] Korrespondensie tussen Kaapstad en Londen het oor en weer gevolg sonder om tot positiewe resultate te lei. Dit was te veel vir die ongeduldige Minister van Kolonies, wat haastig was om Brittanje se militêre verantwoordelikhede in Suid-Afrika te verminder. Terwyl Gladstone reeds besig was om die imperialistiese beleid van die wankelende Konserwatiewe Party tydens sy Midlothian-veldtog in striemende taal te veroordeel, raps Hicks Beach nog die Sprigg-ministerie oor hul vingers weens hul laksheid. Die Zoeloe-oorlog is verby en daar is 'n betreklike mate van rus en vrede in Suid-Afrika: „I trust that a full consideration of the circumstances now existing may serve to convince your ministers that they need not any longer hesitate to undertake on the part of the Cape Government, the functions and responsibilities incidental to that leading position in a South African union which that Colony, if a member of it, must necessarily occupy."[104] Moontlik het

---

101) C.R.O. 216, p. 1; ook C.R.O. 216, Appendix nr. 3, p. 7: Beach aan Wolseley, d.d. 24-3-1880.

102) Vergelyk ook Walker, a.w., p. 283: „He (Frere) began to arrange for the railway from Capetown to Delagoa Bay by way of Pretoria and Kimberley which was to be the spinal cord of the coming federated South Africa." Vergelyk verder die sienswyse van Farrell, die ingenieur van die Transvaalse Wetgewende Raad. (Vgl. voetnoot nr. 44 van hierdie hoofstuk).

103) C.R.O. 216, p. 1, Hicks Beach aan Frere, d.d. 26-6-1879; ook C. 2454, p. 50.

104) C.R.O. 216, p. 5-6: Hicks Beach aan Frere, d.d. 11-12-1879; Ook C. 2482, p. 463.

hierdie teregwysing die gewenste uitwerking gehad, want die Kaapse regering is ten einde laaste tot handeling aangespoor, hoewel hulle moeg was vir die storie dat die Kaapkolonie alewig as die „leading state" bestempel is en darem nie geraadpleeg is in belangrike sake soos die reëlings wat in Zoeloeland na die verbanning van Ketswajo getref is nie.[105] Hulle weier om die Kaapse parlement as afspringplek vir die federasieskema te gebruik, uit vrees dat die ander kolonies hulle optrede as aanmatigend sou beskou en as 'n strewe om hul sienswyse op ander af te dwing, maar hulle gee hulle bereidwilligheid te kenne om 'n konferensie te belê waarop afgevaardigdes van al die Suid-Afrikaanse kolonies geleentheid sou kry om die saak te bespreek en besluite te neem wat voor die Britse parlement en die koloniale wetgewende liggame vir bekragtiging gelê kon word. Terselfdertyd het hulle 'n immigrasieskema bepleit, soorgelyk aan dié van die Britse setlaars van 1820, om Transvaal en Zoeloeland Britsgekleurd te maak en die naturelle in bedwang te hou. Dit sou help om van die federasie 'n sukses te maak, om woonplek vir Brittanje se oortollige bevolking te vind en om 'n nuwe mark vir Britse fabrieksware te skep.[106] Hicks Beach het dadelik steun belowe aan die plan om interkoloniale samesprekinge te voer. In 'n skrywe van 24 Maart 1880 aan Frere doen hy wenke aan die hand oor die samestelling van die konferensie. Ook sê hy sy samewerking toe aan enige immigrasieskema wat die Kaapse regering mog ontwerp, hoewel hy nie so optimisties was oor die voordele wat dit kon inhou as 'n verdedigingsplan teen die inboorlinge nie.[107] Aan Wolseley het hy opdrag gegee om Frere te raadpleeg oor die beste wyse om Transvaal en Natal op die konferensie te verteenwoordig en om veral toe te sien dat „the interests of the Boer population of the Transvaal should be fully considered in the choice of representatives from that Province."[108] Tot sover het Hicks Beach met die federasieskema gevorder. Die volgende maand is sy party by die stembus verslaan en moes hy die leisels aan Kimberley oorhandig.

Van Kimberley en sy kollegas in die Gladstone-kabinet kon onmoontlik verwag word om onmiddellik 'n diepgaande kennis van en insig in die menigvuldige vraagstukke van die uitgebreide Britse koloniale ryk, wat soos 'n web om die aardbol gespin was, te besit. In hierdie verband het die permanente Ondersekretaris van Kolonies en ander permanente senior amptenare van die Koloniale Kantoor 'n baie

---

105) C.R.O. 216, Appendix nr. 1, Bylae 2, Sprigg aan Frere, d.d. 24-1-1880.

106) Ibid.

107) C.R.O. 216, Appendix nr. 2, Hicks Beach aan Frere, d.d. 24-3-1880.

108) C.R.O. 216, Appendix nr. 3, Hicks Beach aan Wolseley, d.d. 24-3-1880.

belangrike funksie vervul. Op hul skouers het die uiters verantwoordelike taak gerus om aan hul nuwe politieke hoofde 'n betroubare beeld te verskaf van die toedrag van sake wat in die oorsese geweste geheers het. Wat die Transvaal betref, is onmiddellik twee memoranda opgestel om as leidraad te dien by die beraadslaginge en besluite van die Liberale Kabinet. Reeds op 3 Mei het Hemming die „Present Position of Confederation" gereed gehad, en twee dae later volg Fairfield met „The Transvaal Question."[109] Eersgenoemde memorandum gee 'n objektiewe en beknopte samevatting van die federasiepogings sedert 1875, en saam met die ingeslote bylaes was dit ongetwyfeld 'n waardevolle bron van inligting. Ongelukkig kan ons nie dieselfde van Fairfield se rapport oor die Transvaalse vraagstuk verklaar nie. Hy begin by die oorsake van die Groot Trek en beskrywe dan in breë trekke die ontstaan en lotgevalle van die Suid-Afrikaanse Republiek. Daar kan miskien nie veel kritiek uitgeoefen word op sy persoonlike beskouinge oor die onderwerp nie, maar hy sluit 'n verslag van Wolseley in wat ses maande vantevore oor die toestande in die Transvaal opgestel is en dus nog vir die Konserwatiewe regering bedoel was. Wolseley se uiteensetting van die probleem plaas hom, saam met Chamberlain, Milner, Rhodes e.a. in die voorste ry van die emosioneel onbeteuelde, ons kan byna sê fanatieke Imperialiste, want hy het aan Gladstone en sy ministers 'n pynlik verwronge beeld van die werklikheid verskaf.[110] Hy spreek dit as sy innige oortuiging uit dat dit 'n onvergeeflike politieke flater sou wees om die Transvaal aan die Boere terug te gee, en wel om die volgende redes:

Ten eerste is die Boere hopeloos onbekwaam om die land te regeer: „The Boers are esentially the most ignorant of people, easily led by the few designing men who appeal to their instinctive dislike to English rule and the English race generally. They resent all and any form of Constitution which restricts their individual power to do as each man lists." Dit is nie in die aard van die Boer om voor gesag te buig nie: „The condition of affairs most agreeable to the Boer is that of having such a weak executive over him that he can resist it effectually whenever he thinks it is in his own individual interest to do so. Before the annexation, if the Volks-

---

109) Colonial Office: Confidential Prints. (Printed for the use of the Cabinet). African no. 216, memorandum by A. W. L. Hemming, d.d. 3-5-1880 en African no. 217, memorandum by E. Fairfield, Downingstreet, d.d. 5-5-1880. (Vgl. ook C.O. 291/14, verw. 10197 waar Fairfield verklaar: "I prepared the memorandum on which the Cabinet considered the Transvaal Question.")

110) C.R.O. 217, Appendix, Wolseley aan Hicks Beach, d.d. 31-11-1879. (Ons haal menigvuldiglik uit hierdie dokument aan, omdat ons oortuig is dat dit 'n baie groot invloed uitgeoefen het op die besluit van die Gladstone-kabinet om die Transvaal nie aan die Boere terug te gee nie).

raad passed a law that was disliked by any clique in the surrounding district, it was no uncommon practice for a party of 50 or a 100 armed Boers to ride into Pretoria, "off saddle" in front of the Council Chamber, enter it, and insist upon the obnoxious law being instantly repealed." Waarna die Boere dus verlang, is nie vryheid nie, maar bandeloosheid. Wolseley herhaal met nadruk die stelling dat die Boere nie in staat is om hul eie sake te behartig nie: „There can be little doubt in the minds of men who know the Boers that they are in their present state utterly incapable of governing themselves." Ter stawing van hierdie bewering verwys hy na die verskynsel dat, voor die anneksasie van die Republiek in 1877, die vernaamste openbare betrekkings, vanaf diè van president tot diè van landdros, nie deur Boere beklee is nie maar deur uitlanders soos Duitsers, Hollanders, Natallers en Kolonialers. Dit sou 'n dwaasheid wees om onder hierdie omstandighede die ryk bodem van die Transvaal aan die sorg van die Boere toe te vertrou: „under a Boer Government the great resources of this splendid Territory can never be developed, as the Boers, one and all, are ignorant of even the first principles of governing."

'n Tweede rede waarom Wolseley die Britse gesag in die Transvaal wou handhaaf, was die noodsaaklikheid om die naturelle in bedwang te hou. Hoewel die Boere militêr te swak was om hul man te staan teen die oorlogsugtige stamme, het hulle volhard met hul onderdrukkingsbeleid. Die naturelle het opstandig geword en die vrede ook in die Britse kolonies bedreig: „The Boer method of dealing with the natives, if not always cruel and unjust, is most faulty and unwise, and likely to embroil them and the adjourning Colonies at any moment in serious trouble." Die swak vertoning van Burgers teen Sekokoeni in 1876 het die naturelle oormoedig en astrant gemaak: „To recede from the position we have taken up would evince a weakness on our part that might be most injurious to our reputation all over South Africa, and might tempt the natives to rebel in many places against our authority. They would argue that if the Boers, whom Sekukuni had defeated, were able to force us from the Transvaal, how much more easily could they triumph over us."

Verder vra Wolseley die Britse regering om in gedagte te hou dat die handel van die Transvaal hoofsaaklik in die hande van Engelse is. Vir hulle sou dit noodlottig wees as die Boere die regering weer sou oorneem. Die bestuurders van die twee banke in Pretoria het hom verseker dat hulle onmiddellik hul banke sou sluit en die land verlaat as die Britse gesag onttrek word. Dit mag vreemd voorkom dat die Engelse handelaars nog geen agitasie op tou gesit het nie om te verhoed dat die Republiek weer in die lewe geroep word, maar hul passiewe houding is te wyte aan die vrees dat die Boere, wie se ondersteuning vir hulle onontbeerlik is, hul besighede

sal boikot: „If nine shopkeepers out of ten in any town were to actively assist the Government, and the tenth man to remain cowardly inactive, expressing no opinion or traitorously advocating the Boer cause, he would monopolise all the Boer business in the district to the ruin of the nine others." Nie slegs die handelaars het beskerming nodig nie. Daar is baie Britsgesinde Boere wat die anneksasie verwelkom het en daarna getrou gebly het aan die Kroon. Hulle sal blootgestel word aan weerwraakmaatreëls as die Republikeine die hef in hande kry.

Voorts betoog Wolseley dat Brittanje die Transvaal moet behou omdat die meerderheid van die blanke bevolking in 1877 die anneksasie verwelkom het en die intelligente inwoners nog steeds verkies het om onder Britse bestuur te bly: „In my opinion it would be unworthy of the great British nation to relinquish our hold upon the Transvaal, the government of which we undoubtedly assumed at the request of the majority of the people in 1877, and which the bulk of the most intelligent of its inhabitants desire now to be continued." Hy gee toe dat die meerderheid van die Boere nou na 'n paar jaar weer begeer om onder die Britse vlag uit te kom, maar noudat hulle in vrede, rus en voorspoed lewe, het hulle die ekonomiese ellende en gevare van uitdelging deur barbare waaruit Brittanje hulle verlos het, vergeet: „The demagogues who are now so influential amongst the people were then, in the face of these dangers, almost powerless for the time being. Since then, however, under the more settled condition of affairs introduced by us, the outstanding Government liabilities having been discharged, public credit having been revived, and a new impetus given to trade, occasioned by the confidence inspired by Her Majesty's assumption of authority over the Territory, a prosperity hitherto unknown in it has been established." Hy kan dus die Boere se anti-Britse houding niks anders as ondankbaarheid noem nie.

Wolseley vestig ook die aandag van die Britse regering op die feit dat die Transvaal ryk aan minerale is. Hy verwag dat waardevolle goudvelde nog ontdek sal word, wat 'n groot Britse bevolking daarheen kan lok. Die tyd moet noodwendig aanbreek wanneer die Boere 'n klein minderheid van die bevolking sal uitmaak. Dit sal vir Brittanje dus voordelig wees om nog vir 'n paar jaar van twee- tot drieduisend troepe daar aan te hou om sy houvas op die land te verstewig: „The presence of those troops in the Transvaal will tend greatly to establish a good healthy English feeling in it, and also be the means of largely increasing the number of its inhabitants of British descent."

Die laaste maar nie die minste nie noem Wolseley die federasieplan. Brittanje moet die Transvaal behou om met die skema deur te druk, „the great political end now most eagerly desired in South Africa by Her Majesty's Government." Met die oog

hierop kom dit hom voor asof dit wenslik sou wees om die Transvaal nog vir 'n geruime tyd as 'n kroonkolonie te bestuur: „If we are to rule a discontented people...it would be better to rule the country as a Crown Colony knowing that by doing so we should be ruling it best in the true interests of its people."

Ons wil nie Wolseley se getuienis oor die Transvaalse vraagstuk sonder meer verwerp nie, want daar is sekere van sy stellings wat nie van alle waarheid ontbloot is nie. Hy beklemtoon telkemale die onkunde van die Boere, en op grond daarvan beweer hy dat hulle nie in staat sou wees om die Transvaal te regeer nie. Dat die Boere se kennis van toestande buite hul onmiddellike omgewing baie beperk was, wil ons nie ontken nie.[111)] Dit was egter te wyte aan omstandighede buite hul beheer, want hul verbindingsmiddele met die buitewêreld was primitief en onbevredigend. Die vraag is dus of Wolseley met reg kon beweer dat dit onwenslik sou wees om die regering van die land weer aan hulle toe te vertrou weens hul gebrek aan 'n breë agtergrond. Dit is duidelik dat hy die onbekwaamheid van die Boere skromeloos oordrywe het, veral waar hy hulle beskuldig het van 'n gebrek aan kennis van selfs die elementêre beginsels van regering. As die Republiek herstel sou word, sou dit tog nie die geval gewees het nie dat 'n klompie geestelik onvolwasse mense die hef in hande sou kry in 'n hoog ontwikkelde staat wat reeds die kinderskoene ontgroei het. Die Britse regeringsvorm het immers self deur die eeue heen saam met die beskawing ontwikkel. Om te bewys dat die Boere nie in staat sou wees om die land te regeer nie, het Wolseley verwys na die groot aantal uitlanders wat openbare betrekkings in die eertydse Republiek beklee het. Hy het egter die feit verswyg dat die Republikeinse regering oor geen opleidingsfasiliteite vir staatsamptenare beskik het nie. Daar was niks verkeerd met hul beleid om amptenare in te voer nie mits hulle versigtig genoeg gekeur is. Verskeie uitlanders het onoortreflike dienste aan albei Boererepublieke in die neëntiende eeu gelewer.

Wolseley se aantyging dat die Boere afkerig was van gesag, is ook nie heeltemal ongegrond nie. Dit was 'n houding wat die trekboere reeds in die agtiende eeu in die binneland aangekweek het, as gevolg van hul afgeslotenheid en ook omdat hulle nie veel respek vir die korrupte administrasie van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie gehad het nie. Wat die Transvaal betref, het hierdie toestand veral geheers in die stigtingsjare van die Suid-Afrikaanse Republiek, weens onenigheid onder die Boereleiers. Ons kan egter met reg beweer dat die staat se dissipline geleidelik verbeter het, hoewel dit selfs in die tyd van Burgers nog nie heeltemal bevredigend was nie. Die anargie waarvan Wolseley melding gemaak het, het nie bestaan nie. Dat gewapende bendes dikwels die raadsaal te Pretoria binnegegaan het en hul

111) Vergelyk ook Scholtz, Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, p. 120-121.

wil op die volksraad afgedwing het, was waarskynlik net aan hom bekend, want dit is nie verder in die annale van die Transvaal opgeteken nie! Tog is dit jammer dat die Suid-Afrikaanse Republiek nie soos die Oranje-Vrystaat onder die regering van Brand vroegtydig 'n regte leier kon kry nie. As Kruger eerder op die voorgrond getree het, sou sake straks anders verloop het.

Tereg beweer Wolseley dat die Boere nie ten gunste van 'n sterk uitvoerende gesag was nie. Maar in 'n land met 'n klein bevolking is dit nie so 'n groot gebrek in die regeringstelsel nie. Waar wil ons 'n beter voorbeeld kry van 'n ultrademokratiese republiek as Athene onder Pericles, 'n staat waarvan die invloed op wetenskap, kuns en kultuur vandag nog gevoel word?

Wolseley bestempel die Boere se naturellebeleid as gebrekkig en dwaas. Die Boere se optrede teenoor die naturelle was seker nie bo alle kritiek verhewe nie, maar ons moet onthou dat die Boere dwarsdeur die neëntiende eeu nooit 'n vrye hand gehad het wat betref die toepassing van 'n naturellebeleid nie. Brittanje het keer op keer die Boere se beleid in hersiening geneem en in 'n rigting gestuur wat 'n volslae mislukking was. Dit is voldoende om na die ineenstorting van die Glenelg-verdragstelsel te wys. Wolseley se bewering dat die Boere militêr te swak was om die naturelle te beheer, hou ook nie steek nie. Burgers se mislukte veldtog teen Sekoekoenie moet eerder aan sy persoonlike onpopulariteit toegeskrywe word as aan militêre faktore. Die geskiedenis van Natal en die Oranje-Vrystaat leer ons duidelik dat die Boer in staat was om die inboorling tot onderwerping te dwing. Brittanje het ongelukkig wat dit betref ook van tyd tot tyd 'n stokkie voorgesteek. Toe die Boere op die punt gestaan het om Mosjesj onder die hiel te bring, het Brittanje hom te hulp gekom en van ondergang gered.

Wolseley noem geen grond vir sy aanspraak dat die Transvaal in 1877 geannekseer is op versoek van die meerderheid van die inwoners nie, en sy bewering dat die <u>intelligente</u> inwoners in 1879 nog steeds die Britse bestuur verkies het, is nie slegs onsinnig nie maar ook 'n smadelike beskimping van die Boer se verstandelike vermoë.

Een van die mees aanvegbare stellings in Wolseley se hele rapport is sy verwysing na die „ekonomiese opbloei" wat die Transvaal binne twee jaar onder Britse bestuur sou belewe het. Ons wil erken dat dit vir Brittanje moontlik sou gewees het om die ekonomiese ontwikkeling van die land met die loop van jare te versnel, veral as die spoorwegplan kon deurgevoer word, maar op daardie tydstip het daar beslis nog nie so 'n groot verandering ingetree dat van die Boere verwag kon word om hul politieke ideaal prys te gee vir materiële gewin nie. Inteendeel, Brittanje het die Transvaal aan die Boere in 1881 oorhandig met die staatskuld byna verdrie-

dubbel![112]

Vir 'n nugter denkende politikus soos Gladstone moes die propagandistiese aard van Wolseley se memorandum onmiskenbaar gewees het, maar soos reeds gesê was sy kabinet nie heeltemal vry van Imperialistiese invloede nie. Manne soos Forster en Chamberlain was sonder twyfel diep beïndruk deur die sienswyse van hul verteenwoordiger in die Transvaal, te meer nog omdat sy standpunt onderskrywe is deur dergelike eensydige verklarings van ander koloniale amptenare soos Frere, Lanyon en Shepstone, en ook van privaat-persone van selfs Hollandse afkoms.[113] Gladstone se probleem was veral daarin geleë dat hy 'n ernstige koloniale vraagstuk moes oplos, byna uitsluitlik volgens die getuienis van persone wat die aangeleentheid deur 'n sterk Imperialisties gekleurde bril beskou het, terwyl dit juis sy anti-Imperialistiese beleidsprogram was wat hóm aan bewind gebring het.

Ten spyte van sy openhartige belydenis dat hy geen lig vir Suid-Afrika se probleme kon sien nie, het Gladstone die Transvaalse vraagstuk oorhaastig en agterstevoor aangepak. Die Koninklike Kommissie wat aangestel is na die botsing met die Boere, moes eerder in die lewe geroep gewees het. Gladstone sou ongetwyfeld verstandig gehandel het as hy 'n nie-politieke kommissie onder voorsitterskap van 'n verantwoordelike amptenaar, soos 'n regter, na Suid-Afrika gestuur het om 'n deeglike en objektiewe studie van die vraagstuk te maak en die Boere ook geleentheid te gee om hul kant van die saak te stel. Die Boere sou waarskynlik bereid gewees het om 'n jaar of selfs langer te wag op die bevindinge van so 'n kommissie, want Kruger en die ander leiers was verstandig genoeg om elke moontlike middel eers op die proef te stel voordat hulle na die wapens sou gryp. As Gladstone hierdie weg gevolg het, sou die getuienis van manne soos James Turnbull die oë van sy kabinet waarskynlik ~~opge-~~ betyds maak het om 'n oorlogsramp af te weer. Hierdie Nederduitse Gereformeerde predikant van Skotse afkoms het teen die einde van 1880 'n breedvoerige uiteensetting opgestel van die ontstaan en ontwikkeling van die Boer se politieke en godsdienstige denkwyse, waarin hy veral klem gelê het op die Boer se stryd teen die Britse Imperialisme en filantropie. Turnbull behandel agtereenvolgens die Boer se standpunt teenoor die afskaffing van slawerny, die oosgrensbeleid, die anneksasie van Natal, die skepping van die Oranjerivier-Soewereiniteit, die anneksasie van Batoetoland, die annek-

---

112) Konvensie van Pretoria, Art. 10, opgeneem in Officieele Bescheiden betreffende de Conventie van Londen, p. XIV-XV.

113) Vgl. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Band 1, p. 93: Mededeling van Gladstone aan Montagu White, Transvaalse Konsul-Generaal in Londen, volgens brief van White d.d. 25-6-95. Vgl. ook C. 2950, nr. 57 op p. 171, Gladstone aan C. K. White, d.d. 1-6-1881.

sasie van die diamantvelde, en die anneksasie van die Transvaal. In die laaste deel van sy memorandum verduidelik hy die Boer se sterk godsdienssin en eenvoudige leefwyse.[114] Die nuwe gesigspunte wat Turnbull na vore gebring het, het 'n interessante reaksie in die Koloniale Kantoor uitgelok. Bramston, een van die hooggeplaaste amptenare, het voorgestel dat die onopgeëiste geld van die Boere vir hul vrygestelde slawe, wat nog altyd in Londen gelê het, dadelik aan hul nakomelinge uitbetaal moes word, of, as hulle nie opgespoor kon word nie, aan een of ander Hollandse inrigting geskenk moes word. Grant Duff, die Onderminister van Kolonies, het die inhoud van die rapport as merkwaardig bestempel, en Kimberley self het, blykbaar onthuts, verklaar: „I fear we have made many mistakes in dealing with these people."[115]

Maar hierdie belydenis van Kimberley het te laat gekom. Die Gladstone-kabinet, wat gemeen het dat hulle oor voldoende betroubare inligting beskik om 'n gesonde oordeel te vel, het verkies om oor die lot van die Transvaal te beslis voor die eerste sitting van die nuwe parlement nadat hulle aan bewind gekom het. Die laaste hoop van die Boere om hul vryheid te herwin, is verydel toe die Koningin op 20 Mei 1880 in haar troonrede verklaar het dat die Britse oppergesag oor die Transvaal gehandhaaf sou word.[116]

Die Britse vlag sou dus soos voorheen oor Transvaal wapper en die federasieskema sou voortgesit word. Die Boereleiers het meer as eenkeer verklaar dat hulle gewillig was om met die Britse kolonies in Suid-Afrika te federeer. Op 'n groot vergadering wat op 10 Desember 1879 op die Transvaalse Hoëveld plaasgevind het, het die Boere hul bereidwilligheid te kenne gegee om in oorlegpleging en samewerking met hul buurstate tot 'n federasie toe te tree.[117] 'n Jaar later, toe die Boere reeds voorbereiding getref het om vir hul vryheid te veg, het Kruger, Pretorius en Joubert te Paardekraal die verklaring herhaal.[118] Terwyl die stryd op die slagveld gewoed het, het die Driemanskap in 'n skrywe aan Colley nogeens steun belowe aan die poging

114) C.O. 291/14, verw. 2144. Turnbull se memorandum is deur dr. Ikin, 'n Engelse predikant van Greytown, aan Gladstone gestuur, wat dit aan die Koloniale Kantoor besorg het. Turnbull kon ongetwyfeld 'n beter oordeel oor die Boere vel as Wolseley, want hy was van 1859 tot 1867 predikant van 'n Engelse gemeente in die Kaapkolonie en het daarna onafgebroke diens gedoen as Nederduitse Gereformeerde predikant op Greytown, 'n amp wat hy nog beklee het toe die Eerste Vryheidsoorlog in Desember 1880 uitgebreek het. Die datum van sy memorandum is 29-12-1880.

115) C.O. 291/14, verw. 2144: Kanttekeninge van Bramston, Grant Duff en Kimberley.

116) Vgl. Shaw: Great Britain and the Dutch Republics, p.25.

117) C.R.O. 217, p. 7 en Appendix, p. 1.

118) Vgl. Clark: British Policy towards the Boers, p. 54.

om 'n Suid-Afrikaanse federasie tot stand te bring.[119] Oënskynlik was daar dus geen rede waarom daar nie 'n vreedsame oplossing vir die vraagstuk gevind kon word nie. Die kern van die konflik was egter daarin geleë dat Brittanje eers die federasieplan verwesenlik wou sien voordat hy aan die Boere enige mate van selfregering wou gee, omdat die Boere se bereidwilligheid tot samewerking in die saak gewantrou is, terwyl die Boere aan die ander kant eers hul vryheid in so 'n mate wou herwin dat hulle nie as magteloses in die politieke kookpot gewerp sou word nie en sodat hulle ten minste die voorwaardes kon stel waaronder hulle tot nouer samewerking met die Britse kolonies sou inwillig. Die saak het nog meer ingewikkeld geraak omdat die Boere en die Britse regering nie dieselfde einddoel met federasie nagestrewe het nie. Om aan die wense van die Boere te voldoen, sou die vereniging van Suid-Afrikaanse state hoofsaaklik op 'n ekonomiese grondslag moes berus het, sodat hulle die nadelige uitwerking van die omarming van hul grondgebied kon ontvlug. 'n Handelsunie in plaas van 'n politieke unie sou hulle beter gepas het.[120] Die Britse beleid is egter aangevuur deur sowel politieke as ekonomiese oorwegings, terwyl hulle terselfdertyd gehoop het om ook finansiële voordeel te behaal. In die korrespondensie wat die Britse Ministers van Kolonies oor die saak gevoer het, tree die begeerte sterk op die voorgrond om die binnelandse verdediging van Suid-Afrika tot voordeel van die Britse staatskas aan die koloniste oor te laat.[121] Gesamentlike optrede van Boer en Brit om die aggressiewe inboorling in bedwang te hou, sou Brittanje in staat gestel het om 'n groot aantal troepe uit die land te onttrek. Die Boer moes dus weer soos in die jare vyftig die las van die verdediging help dra, maar - en hier lê die kardinale verskil - nie weer as gelykwaardige bondgenoot nie. Dit was hierdie vooruitsig om die uitgawe verbonde aan ryksbeveiliging in te krimp wat die federasieplan vir Gladstone aantreklik gemaak het. Fyn ekonoom soos hy was, het hy die uitbreiding van die Britse Ryk in ander dele van die wêreld beveg met die oog op besuiniging, en om presies dieselfde rede in Suid-Afrika weer uitbreiding voorgestaan.[122]

---

119) Vgl. Pieterse: Transvaal en Britse Susereiniteit, p. 271-272. (In Argief-jaarboek, 1940, 1).

120) Vergelyk bv. C.R.O. 217, p. 7. Voor die ontdekking van goud op die Witwatersrand, toe die Suid-Afrikaanse Republiek 'n arm staat was, het dit tevergeefs probeer om 'n tolooreenkoms met die Britse kuskolonies te sluit. Nadat die mineralerykdom van die Transvaalse bodem bo alle twyfel vasgestel is, het Rhodes tevergeefs probeer om Kruger tot aansluiting by 'n Suid-Afrikaanse tolunie te oorreed. (Vgl. ook Scholtz: Oorsake I, p. 147).

121) Vergelyk bv. C.R.O. 216,p.4 en p. 7.

122) Gladstone het 'n goeie voorsprong op sy politieke teenstander, Disraeli, gehad omdat hy 'n groter deskundige op ekonomiese en finansiële gebied was. In 1851 het sy deurtastende kritiek op Disraeli se begroting aanleiding gegee tot die val van die Derby-regering. In die regering wat Aberdeen daarna saamgestel het, het Gladstone self die staatskas onder sy beheer gekry. Hy was nie slegs 'n groot politieke leier nie maar sy verskillende begrotings toon dat hy ook een van Brittanje se knapste Ministers van Finansies was in die 19de eeu. (Vergelyk Smith: Life of Gladstone, hoofstuk 8, 14, 15 en 26)

Die Boere se herhaalde aanbod om tot 'n federasie toe te tree, mits hul vryheid herstel word, is net so dikwels deur die Britse regering beantwoord met die belofte dat hulle binnelandse selfregering sou kry sodra die federasie tot stand gekom het. Toe Shepstone die Transvaal geannekseer het, het hy reeds die toekenning van 'n demokratiese grondwet in die vooruitsig gestel. In 'n onderhoud wat Frere met die Boere gehad het in April 1879, het hy voorspel dat die Transvaal uiteindelik dieselfde konstitusionele voorregte sou verkry as die ander Britse kolonies in Suid-Afrika.[123)] In dieselfde jaar is 'n Wetgewende Vergadering ingestel om die administrateur by te staan, maar weens sy despotiese aard het dit nie aan die verwagting van die Boere voldoen nie en gevolglik nie die minste kalmerende uitwerking op die onstuimige gemoedere gehad nie. Dit het slegs bestaan uit offisiere van die leër en genomineerde lede. Fairfield erken rondborstig dat die Boere 'n fopspeen ontvang het: „This body was called an Assembly, though that name is usually reserved for an elected body, but the word Assembly was used because Sir T. Shepstone had used it in his Proclamation, and there was reason to suppose that Mr Kotze, the Judge of the High Court (who had peculiar and inconvenient views on certain points), would be more disposed to recognise the Legislation of a body called an 'Assembly' than of one called a 'Council.'"[124)] Omdat Hicks Beach besef het dat die Boere hulle nie so maklik om die bos sou laat lei nie, het hy nog in dieselfde maand verdere konstitusionele hervormings belowe sodra die politieke ideaal wat Brittanje vir Suid-Afrika gekoester het, bereik is.[125)] Presies dieselfde standpunt is deur Gladstone ingeneem. Op 18 Junie 1880 verduidelik hy aan Kruger en Joubert dat, hoewel die soewereiniteit van die Britse Kroon oor die Transvaal nie teruggetrek kon word nie, die toekenning van plaaslike selfbestuur vergemaklik en bespoedig sal word deur die toetrede van die Transvaal tot 'n Suid-Afrikaanse federasie.[126)]

Die hoë verwagtings wat die Britse staatsmanne van die federasieskema gekoester het, verduidelik die byna angsvolle haas waarmee die saak aangepak is. Dit is veral opvallend as 'n mens daaraan dink dat Brittanje in geen ander deel van die Ryk pogings aangewend het om die gesogte politieke eenheid langs rewolusionêre weg te bewerkstellig nie. So spoedig sou 'n verenigde Suid-Afrika egter nie verrys nie. Die struikelblok was nie soseer die Transvaal nie, want die handjievol Boere kon tot onderwerping gedwing word, maar die deurslaggewende rol is deur die Kaapkolonie gespeel.

---

123) C. 2367, p. 55.

124) C.R.O. 217, p. 9. (Memorandum deur E. Fairfield, d.d. 5-5-1880).

125) C. 2482, p. 379.

126) C.O. 291/9 verw. 9422.

Soos reeds vermeld, het die Sprigg-ministerie en Hicks Beach ooreengekom dat 'n konferensie belê sou word om die bal aan die rol te sit. Die verandering van regering in Brittanje het geen vertraging meegebring nie, want die Gladstone-kabinet het besluit om Frere nie terug te roep nie, juis met die oog op die bespoediging van die skema.[127] Op 22 Junie 1880 het Sprigg die steun van die Kaapse Laerhuis gevra vir die plan om 'n interkoloniale konferensie te belê. Hy het betoog dat 'n Suid-Afrikaanse federasie vir die Boere in die Transvaal 'n verlossing sou meebring, want hulle sou dan ook deel in die voorreg van binnelandse selfbestuur. Sy rede het egter geen hoop gebied vir die nasionale sentiment van die Republikeine in die binneland nie: „The main object of the Government in bringing forward these resolutions is to give Responsible Government to the people of South Africa; that the people of South Africa may be enabled thereby in the future to carry on their own government unfettered by Imperial control, and that the object which we desire to obtain is to be effected only by a union of the British colonies in South Africa; <u>that they may be welded together as one nation under the British Flag</u> so that we may become really a great power, able to hold our own, and to carry out our own policy altogether unfettered and without control from the Imperial Government."[128]

Die ideaal wat Sprigg hier verkondig, is dieselfde as wat Brittanje en sy Suid-Afrikaanse verteenwoordigers sedert die begin van die neëntiende eeu nagestrewe het. Toe die Kaap in 1814 'n blywende Britse besitting geword het, het Somerset, wat in daardie jaar Goewerneur van die Kaapkolonie geword het, dit as sy lewenstaak beskou om hom te beywer vir die skepping van één Suid-Afrikaanse volk onder die Britse vlag. Die onassimileerbaarheid van Boer en Brit het egter aanleiding gegee tot die Groot Trek, en wat Sprigg nou hier beoog, is om die politieke resultate van die Trek weer ongedaan te kry. Daarvoor was Kruger en die ander Boereleiers nie te vinde nie. Omdat hulle magteloos was om teen die sterk imperialistiese stroom op te beur, het hulle nou hul hoop gevestig op die ondersteuning van die Kaapkolonie, waar hulle met groot welslae die meegevoel van hul stam- en taalgenote opgewek het. Kruger, Joubert en Jorissen is na die Kaap om die anti-federasiebeweging aan te wakker. So sterk was die teenstand wat Sprigg se voorstel in die Laerhuis ondervind het, dat

---

127) Morley: Life of Gladstone, p. 23-24: briewe van Gladstone aan die Koningin, d.d. 28-5-1880 en 29-7-1880.

128) House of Assembly (Cape). Speech delivered by the Colonial Secretary, the Hon. J. Gordon Sprigg, M.L.A., on 22nd and 23rd June, 1880, on resolutions proposing a Conference to consider the practicability of a union of the South African Colonies. Reprinted from "The Cape Times." Pamphlet, Cape Town, 1880. (Onderstreping deur skrywer).

dat hy dit teruggetrek het uit vrees dat sy regering 'n mosie van wantroue op die lyf sou loop.[129)] Gladstone was dus volkome geregverdig om die Kaapkolonie verantwoordelik te hou vir die mislukking van die Britse beleid in Suid-Afrika.[130)] As die Boere egter gemeen het dat hul diplomatieke oorwinning hul staatkundige vryheid in sig gebring het, het hulle hulle deerlik misgis. Die herroeping van Frere in die najaar van 1880[131)] was miskien 'n hoopvolle teken van inskiklikheid aan die kant van die Britse owerheid, maar niks was verder van hul voorneme af nie as die herstigting van die Republiek. Inteendeel, die terugslag wat hul politieke strewe ondervind het, het hulle aangemoedig om te volhard in hul reaksionêre houding.

Tot groot misnoeë van die Boere het die Gladstone-kabinet besluit om die Kroonkoloniebestuur in die Transvaal voorlopig te handhaaf. Morier was hard besig om met die Portugese te spook oor die ratifikasie van die verdrag wat sou lei tot die totstandkoming van 'n spoorweg tussen die Transvaal en Lourenço Marques. As 'n gekose wetgewende liggaam intussen oor Transvaalse aangeleenthede beheer sou verkry, was daar nie die minste moontlikheid dat die Britse regering 'n lening kon waarborg om die spoorweg te bou nie. Die konstitusionele hervorming moes dus wag totdat die Brits-Portugese verdrag in werking getrée het. Dan kon 'n aanvang gemaak word met die afmetings van die spoorbaan, wat soveel tevredenheid aan die Boere sou verskaf dat die federasieplan na alles tog deurgevoer kon word. Die standpunt van die Britse regering is deur Herbert, Permanente Ondersekretaris van Kolonies, kortliks soos volg gemotiveer: „It is impossible to give full self-government to a rebellious community, and I see very little prospect of an early change in the constitution. The railway will be a more substantial boon and that, I think, could never be brought about if an Elective Raad were established as Her Majesty's Government could guarantee nothing in such case."[132)]

Persone wat egter direk met die Transvaalse vraagstuk in aanraking gekom het, het onweerswolke op die horison sien saampak. Toe Frere nog verbonde was aan die administrasie van die Transvaal, het hy reeds by die Koloniale Kantoor aangedring om aan die Boere plaaslike selfbestuur te skenk. Op 15 September 1880 het hy Kaapstad verlaat en, na sy aankoms in Engeland, Kimberley nogeens gewaarsku dat 'n storm sou

---

129) Vgl. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Band I, p. 92; Walker: A History of South Africa, p. 386.

130) C. 2950, nr. 57 op p. 171: Gladstone aan C. K. White, d.d. 1-6-1881.

131) Morley: The Life of Gladstone, p. 23 en die voetnoot op p. 32.

132) C.O. 291/9, verw. 17835: Kanttekening van R. G. W. Herbert, d.d. 25-11-1880.

losbars as 'n grondwet langer van die Boere weerhou word.[133] Die Liberale kabinet, wat maar nooit veel vertroue in Frere gehad het nie,[134] was na sy ontslag nie geneë om na hom te luister nie.

In November ontvang Wolseley, wat toe in Londen was, 'n brief van 'n Britsgesinde wetsagent, sekere S. J. van K. du Toit, uit Rustenburg. Wolseley het Du Toit, wat al dertien jaar in die Transvaal woonagtig was, persoonlik geken en beskrywe hom as „a man of some influence but who is of the alarmist class."[135] Tog voel hy hom genoodsaak om die skrywer se sienswyse onder die aandag van die Britse regering te bring, en daarom word sy brief na die Koloniale Kantoor deurgestuur. Du Toit betuig sy lojaliteit aan die Britse Kroon, maar deel Wolseley mee dat die Boere die Britse regering van troubreuk beskuldig en voorbereidings tref om vir hul vryheid te veg. Hy smeek hom om by die regering aan te dring op die onmiddellike instelling van 'n gekose volksraad.[136] Om Wolseley die erns van die toestand te laat besef, sluit hy 'n kennisgewing in wat deur drie en tagtig Boere van Zwartruggens onderteken is en in die „Volksstem" verskyn het. Dit lui soos volg:-

„KENNISGEVING.

Wij de ondergetekenden, protesterende burgers van de Wijk Zwartruggens, distrikt Rustenburg, beletten bij deze alle Engelschgezinden of Engelsche Ambtenaren op onze plaatsen of in onze huizen om eenigerlei behoeften of iets van dien aard te komen vragen, om reden dat wij een afschuw van genoemde personen hebben, daar wij niet alleen door onze verraders zijn gewaarschuwd maar by ondervinding hebben geleerd dat genoemde personen zeer gevaarlijk zijn, ja ziel- en ligchaam-doodend, daar zij alle gevoel van regt en billijkheid hebben ter zijde gelegd en verloren. Degenen die aan deze kennisgeving geen gehoor geven, kunnen de gevolgen er van te wachten wezen, want wij zijn het tergen moede en vol tot barstens toe."[137]

Die rigting waarin toestande in die Transvaal ontwikkel het, toon maar al te duidelik die gebreke waaraan die administrasie van so 'n uitgestrekte koloniale ryk noodwendig moes ly. Die sukses of mislukking van die beleid wat die Koloniale Kantoor gevolg het, is in 'n groot mate bepaal deur die wyse waarop sy amptenare in die afgeleë geweste koloniale vraagstukke hanteer het. Die Koloniale Kantoor kon nie

---

133) Vgl. Morley: The Life of Gladstone, p. 30 (voetnoot); p. 32 (voetnoot).

134) Ibid., p. 23-24; Smith: The Life of Gladstone, p. 550.

135) C.O. 291/9, verw. 9422, Wolseley aan die Koloniale Kantoor, d.d. 16-11-1880.

136) C.O. 291/9, verw. 9422, Du Toit aan Wolseley, d.d. 9-10-1880.

137) Koerantuitknipsel by C.O. 291/9, verw. 17835.

anders nie as om staat te maak op die insig en bekwaamheid van sy oorsese verteenwoordigers, wat veronderstel was om oor eerstehandse kennis van plaaslike toestande te beskik. Hoewel Herbert nie so baie vertroue in Lanyon gehad het nie, het hy tog geglo dat Colley, wat Wolseley opgevolg het as Hoë Kommissaris vir Suid-Oos-Afrika, hom nie sou laat mislei nie. In sy kommentaar oor Du Toit se paniekerigheid en die Boere se manhaftigheid, verklaar hy: „It is possible that there is more disaffection and more danger connected with it than Sir O. Lanyon perceives and reports. But I think if there were ground for serious apprehension, Sir G. Pomeroy Colley, as an unbiassed and shrewd observer, would be aware of it."[138] Bramston wou egter niks weet van Lanyon se onvermoë om die posisie te beheer nie: „Sir Owen Lanyon will know what truth (if any) there really is in these alarming forebodings."[139] 'n Maand later is die Britse amptenare in Londen, Kaapstad, Pretoria en Pietermaritzburg wreed uit hul slaap wakker geskud - die eerste Vryheidsoorlog het 'n aanvang geneem! In Januarie 1881 sou die Koningin vir die laaste keer in die parlement aankondig dat dit vir haar regering onmoontlik is om plaaslike selfregering in die Transvaal in te stel.[140] Die oorlog het nouliks begin of van verskillende kante word druk uitgeoefen op die Liberale regering om die stryd teen die Boere te staak. Anders as gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, het die roepstemme om vrede nie heeltemal op dowe ore geval nie, omdat sowel die politieke strominge in Brittanje as sy betrekkinge met ander moondhede in 1881 'n prentjie vertoon het wat nog baie sou verander voor die einde van die eeu. Die houding wat Gladstone en sy kollegas teenoor die Transvaalse vraagstuk aangeneem het, nadat die Boere besluit het om die geskil met wapens te besleg, is deur verskillende oorwegings beïnvloed, soos die wenslikheid om te volhard met Brittanje se politieke oogmerke in Suid-Afrika, ongeag die teenstand van sy Hollandssprekende onderdane en die Boererepublieke; die waarde wat die Transvaal as 'n Britse kolonie gehad het; en die internasionale implikasies wat kon intree as 'n onafhanklike republiek op die grense van die Britse Ryk herskep word op 'n tydstip toe ander Europese nasies ook aan koloniale uitbreiding begin dink het.

Die eerste van bg. oorwegings, nl. die strewe om die Britse vlag van die Kaap tot aan die Limpopo te laat wapper, en die daarmee gepaardgaande politieke bedrywighede, wat jarelank voortgeduur het en met tye selfs baie intensief was maar nooit

---

138) C.O. 291/9, verw. 17835, Kanttekening van Herbert, d.d. 25-11-1880.

139) C.O. 291/9, verw. 17835, Kanttekening van Bramston, d.d. 25-11-1880. Bramston was 'n verantwoordelike amptenaar in die Koloniale Kantoor na wie ons al voorheen verwys het.

140) Vgl. Morley: The Life of Gladstone, p. 33.

enige vrugte afgewerp het nie, is deur die Liberale kabinet, onder leiding van Gladstone, finaal laat vaar as gevolg van die uitbarsting in die Transvaal. Die ideaal van 'n verenigde Britse Suid-Afrika het natuurlik nog in die harte van die Imperialiste voortgeleef maar sou eers in die volgende eeu, en slegs langs die **kronkelweg** van bloed en trane, verwesenlik word. Die kloekmoedige daad van die handjievol Boere om in aktiewe verset te kom teen die oorheersing van een van die magtigste wêreldnasies, het nie slegs die Britse owerheid op militêre gebied onklaar betrap nie maar ook die eensgesindheid en besieling waarmee die stryd aangepak is, was 'n verrassing. In antwoord op 'n smeekskrif wat Gladstone uit die Transvaal ontvang het om nie aan die eise van die Boere toe te gee nie, verklaar hy, soos hy dikwels daarna gedoen het, dat die amptelike verslae uit Suid-Afrika die gesindheid van die Boere teenoor Brittanje nie reg vertolk het nie. Die opstand en die militêre welslae wat daarmee gepaard gegaan het, het op ondubbelsinnige wyse getoon dat die oorgrote meerderheid van blanke nedersetters bitterlik gekant was teen Britse onderdaanskap. Gladstone was nie gewillig om ter wille van kunsmatige eenheid in Suid-Afrika die Transvaal permanent onder militêre besetting te plaas nie.[141)] Dit was die einde van die federasieveldtog wat Carnarvon ses jaar vantevore van stapel gestuur het.

Terwyl die Boere in Transvaal en hul stamverwante in die Kaapkolonie die Britte se politieke planne met die eertydse Republiek op die rotse laat loop het, het die Portugese terselfdertyd hul planne vir die ekonomiese ontwikkeling van daardie gebied in die war gestuur. Die waarde van die Transvaal as 'n Britse kolonie het ten nouste saamgehang met die vooruitsig om 'n spoorweg na Lourenço Marques te bou. Bowendien was die mineralerykdomme van die Transvaal reeds vermoed maar nog nie bewys nie. As die voorspelling van Wolseley in 1879, dat daar nog groter en ryker goudvelde ontdek sou word, 'n paar jaar vroeër bewaarheid is, sou die Boere nie hul vryheid teruggekry het nie. Die Gladstone-kabinet was oorspronklik van plan om die Lydenburgse goudvelde óf op sy minste New Scotland te behou en het van die plan afgesien slegs op aandrang van die Koninklike Kommissie.[142)] Hoeveel minder sou hulle nie geneig gewees het nie om van die Transvaal afstand te doen as die ryk goudertse van die Witwatersrand reeds ontdek was! Omstandighede het die Boere in 1881 begunstig, want die Portugese het halsstarrig geweier om 'n spoorwegkonvensie in die lewe te roep en die Transvaalse bodem het sy groot geheim nog sorgvuldig in sy boesem bewaar.

---

141) C. 2950, nr. 57 op p. 171, Gladstone aan C. K. White, leier van die lojale Britse onderdane in die Transvaal, d.d. 1 Junie 1881.

142) C.O. 291/13, verw. 5054: Kanttekening van Kimberley d.d. 23-3-81; en C. 3114, p. 64, nr. 7a in die Appendix, telegram van Robinson aan Kimberley, d.d. 25-5-81.

Daar was egter 'n derde saak wat die aandag moes geniet voordat die politieke band tussen Brittanje en die Transvaal geknip kon word. Dit was die moontlikheid dat die herstelde Republiek 'n poort kon word vir ander Europese nasies om die Britse invloedsfeer in Suid-Afrika binne te dring. Hoewel tien jaar reeds verloop het sedert Duitsland onder Pruisiese leierskap verenig is, het Bismarck nog geen belangstelling in die stigting van 'n koloniale ryk getoon nie, maar as gevolg van die toenemende Duitse industrieë wat grondstowwe en afsetgebiede nodig gehad het, het die fabrikante en handelaars kriewelrig begin word. Toe die Engelse geskiedskrywer, Holland Rose, Duitsland in 1879 besoek het, is hy getref deur die erns waarmee vlugskrifte soos Herr Fabri se „Bedarf Deutschland Colonien?" bespreek is.[143)] Nadat Engelse, Franse, Duitse en Portugese ontdekkingsreisigers die geheime van donker Afrika aan die wêreld geopenbaar het, het sekere Europese staatsmanne met begerige oë na die Afrikaanse vasteland begin kyk. Veral Leopold II van België was bedrywig. Onder sy leiding is die Internasionale Genootskap van Afrika in 1876 gestig met die doel om die ontwikkeling van die Afrikaanse bodem te onderneem. 'n Paar jaar later, terwyl die aandag van die groot moondhede deur woelinge in die Nabye Ooste in beslag geneem is, roep hy die Internasionale Genootskap van die Kongo in die lewe, 'n liggaam wat hom meer bepaald sou toespits op ontdekkingswerk in die Kongo-bekken.[144)] Ook Frankryk het nie stilgesit nie. Dwarsdeur die neëntiende eeu het Franse staatsmanne soos Napoleon I, Karel X, Lodewyk Philippus en Napoleon III pogings aangewend om vir Frankryk 'n sterk koloniale ryk op te bou.[145)] Dit was die Franse konsul te Tunis, Ferdinand de Lesseps, wat van die Khedive van Egipte 'n konsessie verkry het om die Suez-kanaal te bou, waardeur Europa in 1869 in direkte verbinding met die ooskus van Afrika gestel is. Op die Berlynse Kongres (1878) is Frankryk, wat reeds 'n koloniale ryk in Noord-Afrika besit het met Algiers as middelpunt, deur sowel Duitsland as Brittanje aangemoedig om Tunis in te palm, deur Duitsland met die hoop dat Frankryk Elsas-Lotharinge sou vergeet, deur Brittanje met die doel om Frankryk se aandag van Cyprus af te lei. Frankryk se belangstelling in Tunis het gelei tot vervreemding van Italië, wat sy oë op dieselfde gebied gevestig het, met die gevolg dat Italië in die arms van Duitsland en Oostenryk gedryf is, waardeur die weg voorberei is vir die totstandkoming van die Drievoudige Verbond.[146)] Die Britse belang-

---

143) Vgl. Rose: The Development of the European Nations, 1870-1900, p. 514.

144) Id., p. 545-546.

145) Vgl. Grant en Temperley: Europe in the Nineteenth and Twentieth Centuries, p. 310-313.

146) Vgl. Rose, a.w., p. 328 en p. 513. Die Drievoudige Verbond is in 1882 gestig.

stelling in Noord-Afrika was op hierdie tydstip hoofsaaklik tot Egipte beperk. Hoewel die Britse staatsman, Palmerston, hewig gekant was teen die bou van die Suezkanaal, omdat hy gevrees het dat dit Indië uit 'n nuwe rigting sou blootstel aan vyandelike bedrywighede, het Brittanje in 1875 die Egiptiese aandele in die Kanaal oorgeneem en sodoende op Egipte 'n houvas verkry wat sedertdien geleidelik verstewig is.[147] In suidelike Afrika was veral Brittanje en Portugal doenig met koloniale uitbreiding, maar daar het nog geen wrywing tussen die twee moondhede plaasgevind nie, behalwe oor die besitreg van Delagoabaai. Weens die mislukking van sy pogings om deur te dring na die Middellandse See, het Rusland nie probeer om grondgebied in Afrika te bekom nie maar sy aandag gewy aan Sentraal-Asië. Teen 1880 het slegs die woestyne van Persië en die berge van Afghanistan die Russiese en Britse koloniale ryke in die Ooste geskei.[148] Dit is duidelik dat die Imperialistiese wind besig was om van Brittanje na die Vasteland oor te waai, en dit is ook geen wonder nie, want Brittanje se voorsprong op industriële en tegniese gebied het stadig maar seker gekrimp.[149]

Die Eerste Vryheidsoorlog het dus plaasgevind op die vooraand van ongeëwenaarde diplomatieke en politieke bedrywighede, gekenmerk deur die stigting van internasionale alliansies, waarna ons reeds verwys het, en die sug na gebiedsuitbreiding. Omdat die koloniale mededinging tot dusver op vreedsame wyse verloop het, was Brittanje in staat om sy greep op die suidpunt van die Afrikaanse Vasteland te handhaaf en sonder ernstige teenstand na die binneland uit te brei, behalwe dat die onafhanklike Boerestate hom hoofbrekens besorg het. Met die oog op Brittanje se internasionale posisie was die Imperialiste glad nie daarvoor te vinde om ag te slaan op die begeertes en belange van die Boere nie. Sir Bartle Frere, 'n tipiese verteenwoordiger van daardie rigting, het sy standpunt besonder sterk gestel: „Further, any attempt to give back or restore the Boer Republic in the Transvaal must lead to anarchy and failure, and probably, at no distant period, to a vicious imitation of some South American Republics, in which the more uneducated and misguided Boers, dominated and led by better educated foreign adventurers - Germans, Hollanders, Irish Home Rulers, and other European Republicans and Socialists - will become a pest to the whole of South Africa, and a most dangerous fulcrum to any European Power bent on contesting our naval supremacy, or injuring us in our colonies."[150]

---

147) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 313.

148) Id., p. 316.

149) Vgl. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Band I, p. 69-73.

150) Aangehaal uit 'n privaatbrief van Frere, geskryf in Julie 1879. (Te vinde in Worsfold: The Problem of South African Unity, p. 56-57)

Die Liberale Party het aan die beginsel van nasionalisme egter 'n hoër plek in die rangorde van geestelike waardes toegeken as die Imperialiste. Wat die botsende nasionale aspirasies in Suid-Afrika betref, was hulle bereid om 'n kompromis te aanvaar wat die algehele onderploeging van die Boere se ideale sou voorkom. Dit was om hierdie rede dat die Gladstone-kabinet nie ongeneë was om te luister na die vredespleidooie wat Downingstraat uit so baie oorde bereik het nie. Wat hulle die minste van alles kon bekostig, was om die houding van hul eie volk, wat hulle 'n paar maande vantevore aan bewind gebring het, te veronagsaam.[151)]

Die reaksie wat die militêre botsing tussen Boer en Brit teen die einde van 1880 by die Britse volk uitgelok het, staan in skerp teenstelling tot hul houding teenoor die Boeresaak toe die stryd teen die einde van 1899 op die oorlogsveld hervat is. Dit is maklik verklaarbaar, want in 1880 het die Britse publiek nog nie veel gevestigde belange in die Transvaal gehad nie. Volgens Gladstone het persone van Britse afkoms destyds nie meer as een-sewende van die blanke bewoners uitgemaak nie.[152)] Dit stem min of meer ooreen met die berekening van sir Hercules Robinson, wat die plek van Frere ingeneem het as Hoë Kommissaris en Goewerneur van die Kaapkolonie. Hy stel die getalle soos volg vas: Blanke bewoners van Hollandse en Franse afkoms - 33,739; ander blanke bewoners, hoofsaaklik van Britse afkoms - 5,116.[153)] Die ontdekking van goud op die Witwatersrand het egter 'n ekonomiese rewolusie teweeggebring met verreikende politieke en maatskaplike gevolge. In 1894 bereken sir J. A. de Wet, die Britse agent in die Suid-Afrikaanse Republiek, die getalsterkte van die verskillende blanke groepe soos volg: Boere - 70,861; Britte - 62,507; ander nasionaliteite - 15,558.[154)] Die nasionale, kulturele en ekonomiese bande tussen Brittanje en die Transvaal, wat in 1880 nog nouliks merkbaar was, het teen die einde van die eeu so sterk geword dat die Britte 'n onweerstaanbare drang gevoel het om ook hul politieke ankers in die bodem van daardie staat dieper vas te werp. Buitendien het die ander Europese moondhede in 1880, hoewel die imperialistiese gees op die vasteland ook reeds merkbaar was, nog te weinig belangstelling in die Boererepublieke getoon om die publiek op hol te jaag met die nagmerrie dat Brittanje se oppergesag in Suid-Afrika in die gedrang sou kom as die Boere hul vryheid

---

151) Die uitslag van die verkiesing in April 1880 was soos volg: Liberale Party 357 setels; Konserwatiewe Party 265 setels; Ierse Nasionaliste 62 setels. (Vgl. Halevy: Victorian Years, 1841-1895, p. 489).

152) C. 2950, nr. 57, Gladstone aan C. K. White, d.d. 1-6-'81.

153) G. H. 23/38, p. 175-183, Robinson aan Kimberley, d.d. 10-10-1882.

154) B.A., Imp. White Papers, Vol. 50, nr. 470, Bylae in brief 85, De Wet aan Cameron d.d. 4-10-94.

terugkry. Die Imperialis wat in daardie jaar sou probeer het om die kieser in Brittanje teen die Boer in die harnas te jaag, kon feitlik geen ander propagandamiddel vind as slegs die belange van die inboorling nie. 'n Dekade later sou hy in die geleentheid gestel word om die belange van die Brit se volksgenoot en bloedverwant in die Republiek as 'n stok te gebruik om die Boer mee te slaan. Die gevolg was dat op die vooraand van die Tweede Vryheidsoorlog, en ook na die aanvang van die bloedige stryd, dit slegs enkelinge was, soos die joernalis Reginald Statham en die politici Lloyd George, William Harcourt, John Morley en 'n paar ander wat nog die Boeresaak bepleit het.[155)] Van georganiseerde optrede vir die Boere se saak was daar geen sprake meer nie. Veral nadat Gladstone die politieke strydperk in 1894 verlaat het, het die stroom teen die Boere vinnig sterker geword. Die Liberale Party het onmiskenbare Imperialistiese neigings begin toon. Farrelley, regsadviseur van die Suid-Afrikaanse Republiek, het die Kruger-regering in 1899 gewaarsku dat die tweespelt in die Britse buitelandse en koloniale beleid van 'n kwart eeu gelede nie meer bestaan het nie: „The attitude of the English Liberal Party - the party which under Mr. Gladstone agreed to the retrocession of this State - is profoundly modified as regards Foreign and Colonial policy since 1881. Its leaders are as imperialistic now as those of the Conservative Party."[156)] In 1899 het Brittanje die venynige kritiek van die Europese volkere op sy aggressiewe Imperialisme met 'n verenigde front afgeweer, in 1880 het die Britse volk gemene saak met die bewoners van die Vasteland gemaak om die Konserwatiewe Party se Imperialistiese ideaal vir Suid-Afrika te verongeluk. Inderdaad, Gladstone kon die bedrywighede van sy volk sedert die aanvang van vyandelikhede moeilik anders vertolk het as 'n begeerte dat die vryheid van die Boere teruggegee moes word. Verskeie van sy tydgenote, selfs politieke teenstanders, het die tekens van die tye net soos hy gelees. Toe Westlake, professor van Internasionele Reg aan die Universiteit van Cambridge, in 1899 'n lesing gegee het oor die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, het hy sy gehoor herinner aan die „famous outbreak of liberal feeling" wat twintig jaar gelede plaasgevind het.[157)] Lord Brabourne wat in die Hoërhuis so heftig te velde getrek het teen die besluit van die Liberale regering om die Republiek weer lewe in te blaas en vlugskrifte versprei het om die dwaasheid van Gladstone se beleid, soos hy dit bestempel het, aan die kaak te stel, het eerlik erken dat, terwyl daar geen volksbeweging in

---

155) Vgl. A. J. H. van der Walt: Vier Jare van Spanning (1896-1899) in: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I, p. 525. Vgl. ook Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 93-94.

156) C.R.O. 600, Tweede Bylae by nr. 97.

157) A Lecture delivered in the University of Cambridge on the 9th November 1899, by J. Westlake, Q.C., LL.D.

Brittanje teen die herstel van die Republiek ontstaan het nie, die Liberale gety 'n hoogtepunt bereik het as gevolg van die Transvaalse krisis: „Public meetings were held, strong language used, the independence and patriotism of the Boers extolled to the skies and the vindication of Her Majesty's authority in the Transvaal by her troops stigmatised as an unjust and unholy war."[158] Ons wil ook nog die getuienis inroep van baron De Lynden, toenmalige Nederlandse Minister van Buitelandse Sake: „In the meantime the movement in favour of the Transvaal increased rapidly both in this country and in England, spread from day to day, expressed itself in meetings, and found its organs even in the English Parliament. It was evident that if public opinion, which was more and more distinctly uttered abroad, were united to it, it would not be without its influence, and would induce the English Government to discover a way of solving the difficulty by which the Transvaal Boers might be pacified..."[159] Joseph Chamberlain, wat in 1880 'n lid van die Liberale kabinet geword het, erken sonder enige huiwering dat die openbare mening die Britse regering beïnvloed het: „I appeal to the impartial public opinion of Europe and of America, which has approved of the action of the Government in preferring justice to revenge, and the best interests of South Africa to the vain pursuit of military glory."[160] Dit is ironies dat dit juis hierdie staatsman moes wees wat gedurende die tweede botsing met die Boere geweier het om die openbare mening in Europa as arbiter te aanvaar. Brabourne se bewering dat geen teendemonstrasie op tou gesit is nie as gevolg van die Koningin se herhaalde verklarings in haar troonredes dat die Britse gesag oor die Transvaal gehandhaaf sou word, is nie voldoende verontskuldiging vir die gebrek aan besieling wat daar vir die saak van die Konserwatiewe party geopenbaar is nie, en die Gladstone-kabinet kon met reg beweer dat dit 'n opdrag van die volk ontvang het om die Republiek te herstel.[161]

Terwyl die geslote geledere van die Britse volk gedurende die Tweede Vryheidsoorlog 'n klankdigte muur gevorm het waardeur die vredestemme wat van die Vasteland af opgestyg het nie kon dring nie, het hul meegevoel met die saak van die Boere in 1880 'n handige kanaal gevorm waarlangs die oorsese agitasies Londen kon bereik. Dis heel natuurlik dat die eerste roeringe in Holland sou ontstaan, want die verwantskap

---

158) The Truth about the Transvaal by the Right Honourable Lord Brabourne, p.10. (Londen, 1881).

159) C.O. 291/13, verw. 4273. Vertaling van 'n toespraak gelewer deur baron De Lynden op 1-3-81 in die Eerste Kamer van die Nederlandse State-Generaal.

160) C.O. 291/14, verw. 10197, Chamberlain in Birmingham op 8-6-1881.

161) Vgl. Brabourne: The Truth about the Transvaal, p. 10.

tussen die Hollanders en die Boere is in die neëntiende eeu nog besonder sterk gevoel. Selfs voordat die eerste vyandelike skote afgevuur is, het professor Harting van Utrecht die Hollandse volk aangespoor tot handeling.[162] In briewe wat in die liberale pers soos die „Nieuwe Rotterdamsche Courant" en in die Utrechtse „Dagblad" verskyn het, doen hy 'n beroep op die Hollanders om morele en finansiële steun te verleen aan elke poging om aan die Boere hul vryheid terug te besorg. Verder stel hy 'n smeekbrief op wat hy in die Britse pers wil publiseer, en versoek die volk om dit te teken.[163] Harting het 'n skitterende reaksie op sy pleidooie verkry. Die beroep op die Engelse publiek om samewerking was ook nie tevergeefs nie. Vredeskomitees, wat bedrywig was selfs buite hul nasionale grense, is sowel in Holland as in Engeland gestig.[164] Die taak van hierdie komitees is aansienlik verlig deur die gelyktydige opwelling van liberalisme in Brittanje, Holland en Portugal. Toe Dullert, die voorsitter van die Tweede Kamer van die Nederlandse State-Generaal, vroeg in 1881 oorlede is en drie name voor die Koning gelê is om sy opvolger aan te wys, het 'n liberale leier, Mirandolle, voorkeur gekry bo 'n invloedryke Rooms-Katoliek, van Nispen.[165] In Lissabon, waar 'n Liberale Party ook die botoon gevoer het, het, soos ons weet, 'n verbete stryd ontbrand tussen Morier en die Cortes oor die Brits-Portugese verdrag wat daarop gemik was om die Boere se vryheidstrewe vir goed te verongeluk. Morier moes aan twee fronte gelyktydig veg want, afgesien van die weerstand wat die Portugese gebied het, was ook lede van die Engelse vredeskomitees druk besig om die beoogde verdrag te verongeluk. Vanuit 'n imperialistiese standpunt beskou, kan ons Morier seker nie kwalik neem dat hy by die Britse regering geklae het oor die bondgenootskap tussen die Portugese en sy volksgenote nie: „But it is notorious that for weeks passed they (The Portuguese) have been in communication with the English Committees which have set up as more Boerish than the Boers, and that it is these who have guided the agitation against the treaty and shown them where it could best be attacked...I cannot consider that this deliberate attempt to create obstacles in the foreign relations of the Queen is justified on the part of Englishmen."[166]

Nadat Harting die wiel aan die rol gesit het, is die leiding oorgeneem deur Beelaerts van Blokland, 'n senior amptenaar in die Nederlandse Departement van Justi-

---

162) C.O. 291/13, verw. 139, Stuart, die Britse gesant in Den Haag, aan Granville, d.d. 26-12-1880.

163) C.O. 291/13, verw. 346/81. Stuart aan Granville, d.d. 26-12-1880.

164) C.O. 291/13, verw. 346/81 Fenton aan Granville, d.d. 6-1-1881.

165) C.O. 291/13, verw. 4322, Stuart aan Granville, d.d. 6-3-1881.

166) F.O. 179/226, Morier aan Granville, d.d. 6-4-1881

ie, wat later die eerste gevolmagtigde minister van die Suid-Afrikaanse Republiek in Europa sou word.[167)] In 'n brief aan die „Vaderland," die vernaamste liberale koerant in Den Haag, versoek hy die Hollandse volk om nie te verslap in hul ywer om die Boere se belange te bevorder nie. Hy wys op die bemoedigende tekens wat te bespeur was. In Holland het binne 'n paar dae meer as 5,000 Nederlanders prof. Harting se smeekbrief geteken. Van veel groter betekenis was die besluit van Gladstone aan die begin van 1881 om Courtney in sy kabinet op te neem, die man wat sy stem teen die anneksasie van die Republiek in 1877 verhef het, toe die leier van die Liberale Party nog die stilswye bewaar het.[168)] Selfs as lid van die kabinet het Courtney nie vir 'n oomblik gehuiwer om sy meegevoel met die Boere wêreldkundig te maak nie. Pas nadat hy sy ampspligte aanvaar het, verklaar Beelaerts van Blokland in die Nederlandse pers dat Courtney hom die volste reg gegee het om die volgende boodskap, gerig aan hom persoonlik en ook aan die Hollandse volk as geheel, in die koerante te publiseer: „That you and your fellow countrymen will not cease to appeal to the better nature of Englishmen on behalf of your kinsmen in South Africa."[169)] Dit gebeur seker nie dikwels dat 'n kabinetslid van 'n oorlogvoerende moondheid die oorlogspoging van sy vaderland op hierdie wyse saboteer en ongestraf bly nie, dog dit toon maar al te duidelik die halfhartigheid waarmee die Liberale regering die stryd teen die Boere voortgesit het. Soos reeds voorheen vermeld, het Kimberley ook gedurende die oorlog Brittanje se optrede teenoor die Boere gekritiseer.[170)] Dat lede van die regering die saak bepleit van die vyand met wie hulle aktief in 'n stryd gewikkel is, skep natuurlik 'n onhoudbare toestand wat nie lank kan voortduur nie. Dit verklaar die bereidwilligheid van die Koloniale Kantoor om vredesdeputasies te woord te staan. Op 12 Januarie 1881 het Kimberley twee deputasies onder leiding van Britse parlementslede ontvang, een van die Engelse vredeskomitees en een van 'n vergadering wat in Birmingham gehou is. Albei het gepleit dat die bloedvergieting in die Transvaal sonder versuim stopgesit en vriendskaplike betrekkinge met die Boere herstel moes word. In sy antwoord het Kimberley die militêre botsing tussen Boer en Brit as uiters ongewens bestempel en belowe om 'n ooreenkoms aan te gaan wat albei partye tevrede sou stel, maar as voorwaarde gestel dat die Boere eers hul gewapende weerstand moes staak.[171)] Dit was nou duidelik dat Brittanje die stryd voortgesit het, nie meer ter wille van gebiedsuitbreiding of

---

167) C.O. 291/13, verw. 346/81, Fenton aan Granville, d.d. 6-1-1881.

168) C.O. 291/13, verw. 346/81, brief van Beelaerts van Blokland, d.d. 4-1-1881.

169) C.O. 291/13, verw. 851, brief van Beelaerts van Blokland, d.d. 12-1-1881.

170) C.O. 291/14, verw. 2144, Kanttekening van Kimberley, d.d. 9-2-1881. (Vgl. voetnoot nr. 115).

171) C.O. 291/14, verw. 690, verslag van die „Times" van 13/1/1881.

'n federasieskema nie, maar slegs ter wille van prestige: die Britse soldate het uit die staanspoor swak vertoon en Downingstraat wou nie gehad het dat dit moes lyk asof 'n paar duisend Boere die Britse Ryk na hul sin en wil gebuig het nie.[172] Die oplossing vir die vraagstuk soos deur sir Hercules Robinson aanbeveel, was dat die Boere eers platgeloop en die Transvaal daarna laat vaar moes word.[173]

Die wesensverandering wat die Britse koloniale beleid onder die Liberale regering ondergaan het, het 'n oplossing van die geskil met die Boere in sig gebring. Na die onderhoud met Kimberley was die Boere se vriende met nuwe moed besiel en hulle het nou selfs meer aktief geword as voorheen. Nog voor die einde van Januarie is 'n nuwe liggaam, „The Transvaal Independence Committee", in Londen gestig,[174] wat meer kragdadig en openlik opgetree het as die vredeskomitees. Dr. Clark, die ywerige sekretaris, het 'n vlugskrif, „British Policy Towards the Boers," opgestel wat spoedig die vyfde druk belewe het.[175] In Februarie het 'n deputasie uit Amsterdam in Londen aangekom met 'n petisie gerig aan die Koningin en onderteken deur 10,300 Hollanders, waarin 'n beroep op haar gedoen word om die vryheid van die Boere terug te gee.[176] Hoewel onderdane van 'n vreemde moondheid om konstitusionele redes nie toegelaat kon word om 'n versoekskrif by die Britse Koningin in te dien nie, het Kimberley tog sy bereidwilligheid te kenne gegee om hul wense aan haar oor te dra.[177] Terselfdertyd het dr. Clark namens sy komitee 'n internasionale konferensie in Londen belê waarheen Engelse, Hollandse, Switserse, Duitse en Portugese vredeskomitees afgevaardigdes sou stuur om eendragtige optrede te beplan.[178]

---

172) Die Nederlandse Minister van Buitelandse Sake, baron De Lynden, het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die stryd hoofsaaklik 'n kwessie van prestige geword het: „...in England itself many voices have been raised in favour of declaring the independence of the Transvaal and of annulling the annexation, but at the same time England declared in unmistakable terms, after the first acts of hostilities in the Transvaal were known, that it was difficult, if not impossible, for the British Government immediately to comply with those wishes and so to give an appearance of giving way and of allowing themselves to be forced to comply by the Boers. This was very distinctly shown when Lord Kimberley on the 12th of January gave his answer to the deputations of the Peace Society and which was inserted in the newspapers." (C.O. 291/13, verw. 4273, vertaling van 'n toespraak in die Eerste Kamer van die State-Generaal op 1/3/1881).

173) Vgl. Morley: The Life of Gladstone, III, p. 42-43.

174) Illustrated London News, 22/1/1881.

175) Vgl. British Policy towards the Boers - An Historical Sketch, compiled by G.B. Clark, M.D., F.R.C.S.E., Honorary Secretary of the Transvaal Independence Committee, London, 1881. (Fifth Edition).

176) Illustrated London News, 19/2/1881; ook C.O. 291/13, verw. 3354, Kanttekeninge van Herbert, d.d. 23/2/1881 en Kimberley, d.d. 24/2/1881.

177) Illustrated London News, 19/2/1881.

178) Illustrated London News, 19/2/1881.

Wat by die oorwegings van die Liberale regering nog swaarder geweeg het as die agitasies van die Britse en Europese volkere, was die houding van Britse onderdane in Suid-Afrika, veral diè van Hollandse en Franse afkoms in die Kaapkolonie. Op vergaderings in die Paarl, Wellington en ander plekke is Brittanje beskuldig van troubreuk en tirannie, en die traagheid om 'n koninklik kommissie aan te stel wat die hele aangeleentheid kon ondersoek, is ten sterkste veroordeel. Die „Illustrated London News" van 12 Februarie 1881 het 'n besluit gepubliseer wat op diplomatiese wyse gestel is en op verskeie vergaderings aangeneem is. Dit lui: „The enforcement of British rule in the Transvaal by forcible measures will be the ruin of that country, and will lead to the estrangement of loyal subjects in this colony."[179] Wat Gladstone ten alle koste wou verhoed, was om die lojaliteit van Hollandsprekende onderdane in die Kaapkolonie te verloor en blank teen blank in die harnas te jaag in 'n land waar die beskawing nog nie ver gevorder het nie. Om die Boere met geweld onder te hou, sou 'n nadelige uitwerking op die hele Suid-Afrika hê: „Such a course would have been inconsistent alike with the spirit of the Treaty of 1852, with the grounds on which the annexation was sanctioned and with the general interests of South Africa, which especially require that harmony should prevail between the white races."[180] In later jare het Gladstone dikwels sy beleid op dieselfde gronde geregverdig. Toe hy op . September 1884 'n vergadering in Edinburgh toegespreek het, het hy o.m. verklaar: The people of the Transvaal, few in number, were in close and strong sympathy with their brethren in race, language and religion. Throughout South Africa these men, partly British subjects and partly not, were as one man associated in feeling with the people of the Transvaal; and had we persisted in that dishonourable attempt, against all our own interests, to coerce the Transvaal as we attempted to coerce Afghanistan, we should have had the whole mass of the Dutch population at the Cape and throughout South Africa rising in arms against us."[181] Ook Kimberley het verklaar dat hy begerig was om tot 'n vergelyk met die Boere te kom, omdat die verspreiding van die opstand na die Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie rampspoedig sou wees.[182] Dit is belangrik om daarop te let dat lord Randolph Churchill, wat in 1881 nie woorde kon vind om sy misnoeë te vertolk oor Gladstone se tegemoetkomende houding teenoor die Boere nie, na 'n besoek aan Suid-Afrika tien jaar later, waardeur hy in staat gestel is om persoonlik die Boeresentiment waar te neem, verklaar het dat die Kaapkolonie vir

179) Illustrated London News, 12/2/1881.

180) C. 2950, nr. 57, Gladstone aan C. K. White, d.d. 1/6/1881.

181) Aangehaal in Morley: The Life of Gladstone, III, p. 40 (voetnoot nr. 2).

182) Id., p. 40.

Brittanje verlore sou geraak het as die Boererepubliek in die binneland nie herrys het nie.[183] Dit is moeilik om te voorspel wat die gevolge sou gewees het as die Vryheidsoorlog nie tot die Transvaal beperk gebly het nie. Die moontlikheid dat 'n langdurige stryd op rassegrondslag kon ontwikkel, was nie uitgesluit nie.[184] Dat Brittanje by magte was om alle weerstand teen sy gesag met geweld te onderdruk, kan nie ontken word nie, maar op daardie tydstip het die Transvaal nog nie genoegsame betekenis vir die Britse Ryk gehad om so 'n drastiese beleid te regverdig nie. Ander metodes kon wel gevind word om Brittanje se belange te beveilig.

In verband met Gladstone se sienwyse oor die reaksie wat die oorlog in Suid-Afrika uitgelok het, het hy 'n brief ontvang van Pratt, gewese Konsul-Generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek in Londen, wat uitstekend in sy kraam gepas het.[185] Pratt het ook die noodsaaklikheid beklemtoon om 'n versoeningsbeleid te volg teenoor die Hollandssprekendes, nie net in die Transvaal nie, maar in die hele Suid-Afrika. In één pennestreep het hy 'n paar stellings neergelê wat op stewige pote staan. As die Britse regering na die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Republiek moeite gedoen het om 'n amptelike verteenwoordiger in Pretoria aan te stel wat betroubare inligting in verband met die Boere se doen en late kon verskaf, sou gebeurtenisse nie so 'n wending geneem het nie. Hy het Natal in 'n groot mate verantwoordelik gehou vir die ongesonde betrekkinge wat tussen Boer en Brit ontstaan het. Die Natalse regering het hardnekkig geweier om die invoerregte op goedere wat vir die Republiek bestem was, te verminder, met die gevolg dat die Boere in die arms van die Portugese gedrywe is. Hul handelsooreenkoms met Portugal het Natal in verleentheid gebring en was 'n belangrike oorsaak van die ondergang van die Republiek. Pratt het gemeen dat die Britse regering die samewerking van die Boere sou verkry het as aan hulle binnelandse selfbestuur toegeken is, 'n deel van die invoerregte na die Transvaalse skatkis gevloei het en finansiële steun verleen is om die spoorweg na die see te bou. Omdat hy daarvan bewus was dat die wantroue in die Boere se naturellebeleid een van die vernaamste faktore was wat 'n ooreenkoms vertraag het, het hy aan Gladstone amp-

---

183) Id., p. 42 (voetnoot nr. 2); ook Stead: Are we in the right? p. 61.

184) Met behulp van die bronne wat hy tot sy beskikking gehad het, het sir Hercules Robinson in 1882 'n poging aangewend om die getalsterkte van die verskillende blanke rassegroepe in Suid-Afrika so noukeurig moontlik te bereken. Sy bevinding was:

| | Hollandse en Franse Afkoms:- | | Engelse en ander nasionaliteite:- | |
|---|---|---|---|---|
| Kaapkolonie | 177,669) | | 143,754) | (G.H. 23/38 |
| Natal | 13,000) | 279,430 | 13,730) | p. 178) |
| Transvaal | 33,739) | | 5,116) | |
| Oranje-Vrystaat | 55,022) | | 6,000) | 168,600 |

185) C.O. 291/14, verw. 1789, Pratt aan Gladstone, d.d. 21/1/1881.

telike briewe gestuur wat hy vroeër uit die Transvaal ontvang het en waarin die aantygings van slawerny en mishandeling ten sterkste ontken is.[186] In Pratt het Gladstone op 'n baie geleë oomblik nog 'n betroubare getuie gevind waarmee hy sy kollegas kon beïnvloed. Die brief met 'n aantal bylaes is dan ook deurgestuur na die Koloniale Kantoor.[187]

Die vraag ontstaan natuurlik of die woelinge en werkinge wat deur die Vryheidsoorlog ontketen is, suiwer volksbewegings was wat die owerhede van die Europese state geheel-en-al koud gelaat het. Uit 'n protesskrif van 11 April 1877, waarin die Uitvoerende Raad van die eertydse Boerestaat beswaar gemaak het teen die anneksasie van hul vaderland, blyk dit duidelik dat hulle ondersteuning verwag het van diè moondhede wat voorheen die soewereiniteit van die Republiek erken het.[188] In die besonder het hulle hulle hoop gevestig op Duitsland en die Verenigde State van Amerika.[189] Hierdie moondhede het egter berus in Brittanje se aggressiewe beleid en daar was geen aanduiding van 'n noemenswaardige verandering in hul houding toe die Vryheidsoorlog uitgebreek het nie.[190] Tot eer van die Liberale regering in Holland moet verklaar word dat, afgesien van die lydelike verset wat daar van die Portugese Cortes uitgegegaan het, dit die enigste regering was wat 'n vinger ten behoewe van die Boere verroer het. Dit kon ook nie anders nie, want afgesien van die agitasie van die Hollandse pers en publiek, is die Kantoor van Buitelandse Sake letterlik oorstroom met briewe van Hollandse onderdane wat op intervensie aangedring het.[191]

Toe die Eerste Kamer van die State-Generaal, na die reses, op 2 Maart 1881 byeengekom het, het 'n lid onmiddellik aan baron De Lynden, Minister van Buitelandse Sake, gevra of die regering pogings aangewend het om as bemiddelaar op te tree in die geskil tussen die Boere en die Britse regering.[192] De Lynden se antwoord toon dat hy die vraag verwag het en hom gevolglik baie deeglik voorberei het.[193] Hy volg

---

186) C.O. 291/14, verw. 1789, M. W. Pretorius aan Pratt, d.d. 10/11/1869 en Swart (Staatsekretaris) aan Pratt, d.d. 6/2/1874.

187) C.O. 291/14, verw. 1789.

188) C.O. 291/14, verw. 1789, Copy of the resolution of the Executive Council, d.d. 11/4/1877.

189) C.O. 291/13, verw. 4273, verklaring van baron De Lynden in die Eerste Kamer van die Nedl. State-Generaal op 1/3/1881.

190) Ibid.

191) Ibid.

192) C.O. 291/13, verw. 4173, Stuart aan Granville, d.d. 2/3/1881.

193) C.O. 291/13, verw. 4273, toespraak van baron De Lynden in die Eerste Kamer van die Nederlandse State-Generaal op 1/3/1881.

Fairfield se metode wat, toe hy 'n memorandum moes opstel vir die Britse kabinet om as leidraad te dien by die oorweging van die Transvaalse vraagstuk, eers ingegaan het op die geskiedenis van die Boere en die ontstaan van die Republiek.[194] Dit laat 'n mens wonder of die Europese staatsmanne en politici dan werklik so 'n gebrekkige kennis besit het van die lotgevalle van hul stamverwante op die suidpunt van die Afrikaanse vasteland. Dit wil voorkom asof die beskuldiging dat die Boere nie kennis gedra het van die Europese politiek nie nogal in 'n mate wederkerig toegepas kan word.

Wat De Lynden se omslagtige uiteensetting van die breë agtergrond van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die neëntiende eeu betref, is dit duidelik dat die sterk volksbeweging ten gunste van die Boere hom in 'n ongemaklike hoekie gedryf het en dat hy deur 'n stortvloed van woorde sy saak sterker wou laat voorkom as wat dit in werklikheid was. Dit is jammer dat hy as staatsman in so 'n verantwoordelike betrekking nie sy bronne behoorlik gekontroleer het voordat hy sy rede opgestel het nie. Kenners van die geskiedenis in sy gehoor kon seker nie genoeë neem met die bewering dat die beleid van verengelsing en die vrylating van die slawe die fundamentele oorsake van die Groot Trek was nie, terwyl die invloed van die filantropie op die naturellebeleid nie eens genoem is nie.[195] Ten spyte van sy aanvegbare stellings het De Lynden tog soms die spyker so hard op die kop geslaan dat die amptenare in die Koloniale Kantoor in Londen gevoelig geskree het. Sy bewering dat die Britse regering Burgers se planne om 'n spoorweg na die see te bou gedwarsboom het, het Herbert genoop om te verklaar: „There is no foundation for this conjecture and it should not have been hazarded."[196] De Lynden gaan van die standpunt uit dat as die beleid van die Boere 'n bedreiging vir Brittanje se belange ingehou het, die aangewese weg hoogstens intervensie was, nie anneksasie nie. Tereg het hy beweer dat die Britse optrede nie die toets van die volkereg sou deurstaan nie.[197]

De Lynden se breedvoerige relaas het ongetwyfeld genoeg tyd in beslag geneem om die onstuimige gemoedere tot bedaring te bring. Daarom het die Kamer berus in sy verklaring dat, hoewel die regering nie bereid was om enige stappe te doen wat as 'n skending van die neutraliteit bestempel kon word nie, daar tog sedert die aanvang van

---

194) Vergelyk voetnoot nr. 109 van hierdie hoofstuk.

195) C.O. 291/13, verw. 4273, De Lynden in die Eerste Kamer v.d. State-Generaal op 1/3/1881. Ander onnoukeurighede kom ook voor, bv. dat Andries Pretorius die eerste president van die Suid-Afrikaanse Republiek was.

196) C.O. 291/13, verw. 4273, Kanttekening van Herbert, d.d. 8/3/1881.

197) C.O. 291/13, verw. 4273, De Lynden in die Eerste Kamer v.d. State-Generaal op 1/3/1881.

die oorlog voortdurend amptelike meningswisselinge tussen Den Haag en Londen plaasgevind het en dat die Britse kabinet terdeë bewus was van die bereidwilligheid van die Hollandse regering om in 'n vriendskaplike gees as bemiddelaar op te tree tussen die twee partye.[198] 'n Paar dae later het De Lynden die verklaring in die Tweede Kamer van die State-Generaal herhaal.[199]

Die ander Europese Regerings het hulle feitlik glad nie met die aangeleentheid ingelaat nie. Afskrifte van prof. Harting se vredespetisie is wel voor die Switserse parlement gelê, maar die Switsers het hul tradisionele afsydigheid gehandhaaf en geen noemenswaardige reaksie is uitgelok nie. „The Swiss are sensible people," het Herbert hierdie keer verklaar.[200] 'n Voorstel in die Cortes dat Portugal daadwerklik moes ingryp in belang van die Boere, is op versoek van die regering sonder enige bespreking teruggetrek.[201]

Die feit dat die Boere geen bondgenote kon kry wat gewillig was om vir Brittanje te knor in Europa nie, het hul saak egter seer weinig of glad nie benadeel nie, want die Gladstone-regering het self tot die oortuiging gekom dat die stryd gestaak moes word, omdat die kool die sous nie werd was nie. Soos Chamberlain in Birmingham verklaar het: „The Transvaal is a country as large as France - a wild and difficult country - and it is perfectly evident to everyone that if we are to hold it down by force, we must permanently maintain, say, a number of troops at least equal to the number of our possible opponents. Well, we know also that the Orange Free State, which is a neighbouring territory, would make common cause with their co-religionists, and therefore I say that it is perfectly certain that not fewer than 15,000 to 20,000 English troops must be permanently stationed in the Transvaal if we are to hold that country by force and against the will of its inhabitants."[202]

Die beraadslaginge in die Koloniale Kantoor toon ook dat daar naarstiglik gesoek is na 'n metode om op eerbare wyse uit die penarie te kom wat gevolg het op die mislukking van die koloniale beleid in Suid-Afrika. Merkwaardig is veral die ommeswaai van Fairfield, die man wat 'n paar maande vantevore in raadgewende hoedanigheid

---

198) Ibid.

199) C.O. 291/13, verw. 4273/81, Stuart aan Granville, d.d. 8/3/1881.

200) C.O. 291/13, verw. 3443, Kanttekening van Herbert, d.d. 24/2/1881.

201) C.O. 291/13, verw. 4273, De Lynden in die Eerste Kamer v.d. State-Generaal op 1/3/1881.

202) C.O. 291/14, verw. 10197, Chamberlain in sy Kiesafdeling op 8/6/1881.

te kenne gegee het dat die Transvaal Britse gebied behoort te bly.[203] Op 29 Januarie 1881 publiseer die „Illustrated London News," die weekblad wat die onnodige bloedvergieting uit die staanspoor as pure dwaasheid bestempel het, 'n artikel oor die Transvaalse vraagstuk wat nogal van grondige studie getuig. In die betoog, wat deur sowel Fairfield as Kimberley aandagtig deurgelees is en deur laasgenoemde bestempel is as „one of the most practical inquisitions that has appeared," doen die skrywer 'n dringende beroep op die Liberale regering om die Boere se land voorwaardelik aan hulle terug te gee.[204] Twee wenke word aan die hand gedoen. Die eerste is dat die herstelde Boerestaat nie weer 'n republikeinse benaming behoort te ontvang nie: „The union...of Utrecht and Lydenburg with the Transvaal, which took place some years after the recognition of Transvaal independence, formed what was absurdly styled 'the South African Republic', a title which seems the more arrogant, because the other Dutch Commonwealth, the Orange Free State, had equal right to be so considered." Hier word natuurlik op bedekte wyse die instelling van 'n Britse susereiniteit oor die Boerestaat aanbeveel.

Fairfield het hoofsaaklik aandag geskenk aan die tweede wenk, wat neerkom op 'n fynbeplande skema om kontak tussen die Boere en die buitewêreld te verhoed. Hulle moet in die binneland afgehok word deur middel van gebiedskeiding tussen Boer, Brit en barbaar, hoewel dit, oppervlakkig beskou, voorkom asof die belange van al drie groepe op bevredigende wyse behartig word. Die skema vereis dat die Boere 'n groot deel van hul grondgebied aan die oostekant moet prysgee. Aangesien hulle landbouers en veeboere is, moet aan hulle die Hoëveld van Wes-Transvaal toegeken word. Die naturelle moet die bosveld ten suide van die Limpopo so ver as die Olifantsrivier in die vorm van 'n Britse protektoraat ontvang, omdat die tropiese klimaat te ongesond vir blankes is om daar te woon. Tussen die Olifantsrivier in die noorde en die Natalse Grens in die suide moet 'n Britse kolonie gestig word ter wille van die Engelse, Skotse en Duitse nedersetters wat belang stel in nywerheid en handel. Dit sou hoofsaaklik die nedersettings te Lydenburg, Nieu-Skotland, Londinia, Luneburg en Utrecht omvat. Die Boere sou in elk geval hierdie streek verloor het as Wolseley nie Sekoekoen en Ketsjewajo onderwerp het nie: „It may fairly be contended on behalf of British interests (without going back to the very questionable title of the Dutch to all these eastward territories) that they were lost to the Transvaal, reconquered by

---

203) Dat Fairfield in die Koloniale Kantoor beskou is as 'n groot deskundige op die gebied van die Suid-Afrikabeleid, blyk uit die talle memoranda oor Britse geweste in Suid-Afrika wat hy opgestel het, o.a. C.R.O. 217, 237, 262, 280, 301, 303, 304, 306 en 362.

204) C.O. 291/14, verw. 1791, koerantuitknipsel.

the British Government, and henceforth must be retained under British dominion." Die skrywer maak geen geheim van die motief waarom hy juis Oos-Transvaal in 'n Britse kolonie wil omskep nie: „The Lydenburg district seems to be endowed with mineral wealth of which the Dutch could never make any profitable use. A railway of 130 miles, from the excellent port of Delagoa Bay to the highlands, would make it easy of commercial access. These just and valuable acquisitions to the British Empire might be retained without the slightest necessity, political or geographical, for denying independence to the original commonwealth of the Transvaal." Dit is vir die skrywer onverklaarbaar waarom die Britse regering wanhopig rondtas na 'n oplossing van die Transvaalse vraagstuk terwyl die natuur die weg tog so duidelik aanwys: „This method of a threefold partition of the vast, loosely connected, heterogeneous territories which were, before 1877, nominally possessed by the 'South African Republic', will be found the only practical solution of the present difficulty. It is clearly enjoined upon us by the natural conditions of the entire region, which consists of (a) the High Plain, (b) the eastern Terrace-Land on the Drakensberg slopes, and (c) the northern Bush-land inclining towards the Limpopo; each division peculiarly fitted for a different kind of population."

Hierdie artikel het Fairfield die geleentheid verskaf om te toon dat hy nie langer op twee gedagtes gehink het nie. Sonder om te skroom, tree hy na vore as kampvegter van die Boere se belange en verwerp alle pogings om die barste in die muur verder toe te plak soos die „Illustrated London News" aan die hand doen, waarskynlik omdat hy moeg en sat was van al die mislukte pogings om die onstuimige waters in Suid-Afrika tot bedaring te bring: „We have had of late so many 'settlements' of South African affairs, which have been no settlements, that, before giving adhesion to any new scheme it would be as well to think how it will work twenty years or even twenty months hence."[205)]

Op oortuigende wyse ontsenu hy die argumente van die Londense weekblad. Hy het geen beswaar dat die distrik Utrecht as Britse gebied behou word nie, maar kan tog eintlik ook nie die sin daarvan insien nie: „...it would seem to keep alive the feeling of hatred which two thirds of the white population in South Africa have long entertained for us. The Natal colonists do not now want the district; the Imperial Government does not want it; the non-Dutch white population are in a minority; and the Zulus are not likely to give any further trouble in regard to it." Dit sou dus 'n geval wees waar die hond in die krip lê en die perd verhinder om die voer te vreet!

---

205) C.O. 291/14, verw. 1791, Kanttekeninge van E. Fairfield, d.d. 14/2/1881.

Fairfield verwerp beslis die omvangryker skema wat 'n ovaalvormige Britse kolonie in Oos-Transvaal beoog: „But the larger scheme of establishing a long, thin, poor, roadless, depopulated colony from the New Castle district of Natal to beyond Lydenburg appears to me open to very many objections. In the first place it is extremely inconvenient to have any colony in our hands which is not on the sea board. In the second place, the district has no natural boundaries, and has no element of political cohesion, and no natural administration centre. The only point of unity between one part and another is that a Scotchman once owned one half of it, and some English adventurers have found their way to the other half. These English, Scotch and German settlers went there under no expectation of British protection. I have not heard of any considerable settlement of British subjects in the country since annexation. The gold fields are a failure, not because 'the Dutch could never make any profitable use of them', as the Dutch never tried; but because the English never could make any considerable use of them - the fields being small and poor in yield." Fairfield het gemeen dat die administrasiekoste van die kolonie weens sy ligging en vorm baie hoog sou wees: „There can be hardly any question that an inland territory is much easier and cheaper to govern if it is somewhat of a circle in shape than if it is a narrow oval." Hy wou weet waar die geld vandaan gehaal moes word om die kolonie te bestuur. Die handel van die kolonie sou deur Durban moes plaasvind en Natal sou al die invoerregte erf. Die Britse regering sou Natal nie kon dwing om 'n deel van die regte aan die kolonie af te staan nie, „because the Imperial Government has allowed the Natal Government to borrow money in the London market to an amount out of all proportion to its natural resources and civilised population on the security of its magnificent customs revenue. The collection of this revenue may be mere black-mailing on the part of the Natal Government, but it now stands as part of the bondholders' security and we cannot deal with it for other purposes, more especially as the Imperial Government urged the Colony to borrow part of the money to wipe out a debt with the Imperial Government." Dit wil voorkom asof selfs Fairfield wysheid bekom het uit die dure ondervinding van die Boererepublieke. In elk geval werp hierdie verklaring vir ons baie lig op die stryd van die Republieke met die Britse kuskolonies oor invoerregte, en op die senuweeagtigheid in Pietermaritzburg en Londen waarmee Burgers se pogings om 'n onafhanklike weg na die see te vind, dopgehou is totdat die Suid-Afrikaanse Republiek van die toneel verdwyn het.

Voorts wou Fairfield weet op watter morele gronde die inpalming van die Boere se grondgebied in Oos-Transvaal geregverdig kon word. Hy het die stelling verwerp dat die gebied in die hande van die naturelle sou geval het as Brittanje nie tussen-

bei getree het nie: „The writer rather overstates our case as derived from the right of re-conquest. After all, Sikukuni had made peace with the Republic before we appeared on the scene, and though there was a misunderstanding about the terms of the Treaty and it was very probable that the Boers would never have got the fine imposed on the chief (any more than we have got the Askanti Tributi), there was no reasonable fear of an invasion of their settled districts; and as to the encroachments of the Zulus in Utrecht and Luneburg District, they were never very serious and they only began <u>after</u> our annexation of the Republic." Hiermee het hy die wind uit die seile van Shepstone gehaal, wat dan juis die Transvaal sou geannekseer het om die dreigende naturellegevaar af te weer.

Wat Fairfield se aanval op die poging om die Boere van die see af te sluit, besonder interessant maak, is sy openbaarmaking van die Macchiavelliaanse metodes van die magspolitiek. Hy het beweer dat diegene wat die Boere uit die Oos-Transvaal wou verdrywe, hulle beroep het op die Sandrivier-Konvensie. Die opskrif van die Konvensie sou dan duidelik toon dat die ooreenkoms gesluit is met emigrant-Boere ten noorde van die Vaalrivier en nie ten noord-ooste nie! Aangesien 'n deel van die Transvaal noord-oos van die oorsprong van die Vaalrivier geleë was, het die Boere dus 'n streek binnegetrek waarop hulle glad nie geregtig was nie.[206] Hierdie kinderagtige argument bewys maar weer die waarheid van die ou gesegde dat 'n mens altyd 'n stok kan kry as jy 'n hond wil slaan. Die Sandrivier-Konvensie is met groot haas opgestel, omdat die Britse regering baie begerig was om sy verantwoordelikhede in die binneland van Suid-Afrika te verminder. Gevolglik is geen moeite gedoen om die Boere se beweegruimte deur die vasstelling van bepaalde grense aan bande te lê nie. Heeltemal tereg beweer Fairfield: „I think, however, that this contention cannot be supported and that the words 'north of the Vaal River' in the <u>heading</u> of the Convention are merely descriptive and not as intended to limit the rights of the Farmers. I don't think a treaty can be made to bear a construction which was not present to the mind of either party to it, and that this was so, is, I think, quite clear."[207] Dat Brittanje nie altyd 'n reguit paadjie geloop het in sy optrede teenoor die Boere nie, word ook ruiterlik erken deur sir Henry Bulwer, die Goewerneur van Natal, 'n egte Imperialis: „Unfortunately, since the act of annexation, we have, perhaps, been too ready to recognize as part of the Transvaal territory, when the case became ours, what we were

---

206) C.O. 291/14, verw. 1791, Kanttekening van E. Fairfield, d.d. 14/2/1881.

207) Ibid.

net at all prepared to recognize as such when the case was that of the Republic."[208]
Later in die eeu sou Chamberlain op 'n ander terrein dieselfde doen deur aan Brittanje se susereiniteit oor die Suid-Afrikaanse Republiek 'n sentimentele betekenis toe te ken wat dit by die Konvensie van Londen verloor het.[209] Aan hierdie beleid moet ons baie van die mislukte pogings toeskrywe om goeie betrekkinge tussen Boer en Brit te bewerkstellig in die laaste kwart van die neëntiende eeu. Daarby kom nog dat die Koloniale Kantoor nie altyd oor voldoende en betroubare inligting oor koloniale vraagstukke beskik het om 'n gesonde oordeel te vel nie.[210]

Nog 'n vraagstuk waarna Fairfield verwys het, is die posisie van die Duitsers te Luneburg. Daar het hoegenaamd geen grond bestaan om aan te neem dat hierdie mense 'n Britse kolonie bo 'n Boererepubliek sou verkies het nie.[211]

Met sy kommentaar oor die betoog van die „Illustrated London News" slaan Fairfield nou die hele muur tot op die grond inmekaar wat hy in Mei van die vorige jaar teen die Boere opgebou het met „The Transvaal Question," waarin hy, met verwysing na die naturellemoeilikhede van die Republiek vòòr anneksasie, o.m. verklaar: „The peace with Sikukuni was but a hollow one, as the Chief declared that he had never assented to, and knew nothing of, its principal article viz., that he should be subject to the Republic. The attitude of the Zulu King on the east was such that his irruption into the Republic with an overwhelming force might at any moment be expected. The Government had become paralysed beyond of recovery."[212]

Kimberley het nie in alle opsigte Fairfield se nuwe standpunt onderskrywe nie. In twee opsigte verskil hy van hom. Hy verwerp die stelling dat die Boere hulself teen die naturelle-aanvalle sou gehandhaaf het sonder Britse tussenkoms,[213] en hy glo dat die moontlikheid tog oorweeg moet word om Lydenburg, waar die goudvelde geleë is, of Nieu-Skotland, waardeur die spoorweg na Lourenço Marques sou gaan, te behou.[214] Tog is hy Fairfield dank verskuldig vir die duidelike uiteensetting van sy standpunt.[215]

---

208) C.O. 291/14, verw. 12681, Memorandum deur Bulwer opgestel in 1881.

209) Vgl. Hoofstuk XVI.

210) In hierdie verband doen Fairfield ook 'n uiters belangrike bekentenis: „Lord Kimberley asks if the facts about the Eastern Transvaal are not well ascertained - no. They have never been authoritatively or impartially examined and recorded. We are dependent for such knowledge as we have upon mapmakers and the compilers of handbooks - persons who are the mere mouth pieces of land and mining jobbers." C.O. 291/14., verw. 1791, Kanttekening van E. Fairfield, d.d. 21/2/1881.

211) C.O. 291/14, verw.1791, Kanttekening van E. Fairfield, d.d. 14/2/1881.

212) C.R.O. 217.

213) C.O. 291/14, verw. 1791, Kanttekeninge van Kimberley, d.d. 18/2/1881.

214) C.O. 291/13, verw. 5054, Kanttekeninge van Kimberley, d.d. 23/3/1881.

215) C.O. 291/14, verw. 1791, Kanttekeninge van Kimberley, d.d. 18/2/1881.

Wat het die Liberale regering nog meer nodig gehad om die stryd teen die Boere te staak as hierdie kapitulasie van 'n amptenaar wat weens sy kennis van Suid-Afrikaanse aangeleenthede die aangewese persoon was om koers in die krisis aan te dui? Die antwoord is kort en klaar - slegs 'n militêre neerlaag soos diè van Majuba! Die Imperialiste het gemeen dat hierdie neerlaag juis 'n aansporing behoort te wees om die Boere se weerstand te verpletter en Brittanje se prestige te herstel. Maar Gladstone, die grootmoedige staatsman, het 'n ander politieke filosofie gehuldig. 'n Regering, net soos 'n indiwidu, moet bereid wees om klein te word en sy flaters te erken om werklik groot te kan wees.[216)] Ander Liberale ministers het dieselfde leerstelling verkondig.[217)] Chamberlain, wat toe nog volle vertroue in sy leier gehad het, het verklaar: „We are a great and powerful nation. What is the use of being great and powerful if we are afraid to admit an error when we are conscious of it? Shame is not in the confession of a mistake; shame lies only in persistency in wilful wrong-doing."[218)] Die Boere het hul bereidwilligheid te kenne gegee om Britse susereiniteit te aanvaar as Brittanje se eer daardeur gered kon word,[219)] en dit het die Liberale regering voldoende tevredenheid verskaf om die swaard in sy skede te steek. Weens gebrek aan kennis van die Europese politiek het die Boere egter 'n ander betekenis aan die begrip van susereiniteit as die Britse regering geheg, en gevolglik is by die skepping van 'n nuwe verstandhouding tussen Boer en Brit al weer die saad gesaai van toekomstige wrywing en misverstand.

President Brand van die Oranje-Vrystaat het die rol van bemiddelaar om onderhandelinge tussen die Boere en die Britse owerheid te bewerkstellig, op meesterlike wyse gespeel. Selfs Britse ministers het hom geloof vir die takt en onvermoeide ywer wat hy in hierdie verband aan die dag gelê het.[220)] Na die slag van Majuba het generaal Wood op eie verantwoordelikheid om militêre redes 'n wapenstilstand met die Boere gesluit[221)] en die Gladstone-kabinet het om politieke redes die stap goedgekeur.[222)] Die Boere het natuurlik nie presies geweet tot watter mate hul vryheid hem-

---

216) Vgl. Morley, The Life of Gladstone, III, p. 41-44.

217) Die Liberale Kabinet wat Gladstone in 1880 saamgestel het, was 'n koalisieregering wat nie baie solied vertoon het nie. Chamberlain het verklaar: „I don't see how we are to get on if Mr. Gladstone goes." Aangehaal in Morley, III, op bladsy 3.

218) C.O. 291/14, verw. 10197, Chamberlain in Birmingham, Junie 1881.

219) Vgl. Pieterse: Transvaal en Britse Susereiniteit, 1881-1884, p. 271-277.

220) C.O. 291/14, verw. 10197, Chamberlain voor sy kiesers in Birmingham in 1881; Kanttekening van Kimberley.

221) Ibid; Morley: The Life of Gladstone, III, p. 39.

222) C.O. 291/14, verw. 10197, Chamberlain voor sy kiesers in Birmingham in 1881.

stel sou word nie. Hulle was wel bewus daarvan dat hulle die oppergesag van die Britse koningin sou moes erken, soos beliggaam in die vae begrip susereiniteit, en dat hul buitelandse beleid deur die Britse regering beheer en 'n Britse Resident in Pretoria geplaas sou word as verteenwoordiger van die suserein. Vir hulle was die groot saak egter dat Wood aan hulle namens sy regering volle binnelandse selfbestuur gewaarborg het. Verder was hulle bereid om hul saak in die hande van 'n Koninklike Kommissie te stel. Hul versoek om verteenwoordiging op die Kommissie is deur Kimberley met groot beslistheid verwerp. Op 24 Maart is 'n amptelike vredesooreenkoms onderteken.[223] Op Dinsdagaand, 22 Maart, d.w.s. nog voor die vredesluiting, het Gladstone in die Laerhuis 'n verklaring gedoen oor die kabinet se voorgenome skema, ontwerp op die grondslag van die susereiniteitsgedagte, wat hopelik die Transvaalse vraagstuk blywend sou oplos.[224] Dit kom neer op 'n kompromis soos 'n mens seker maar selde in die geskiedenis aantref. 'n Poging is aangewend om die Imperialiste, wat ontevrede was oor die knou wat Brittanje se internasionale prestige toegedien is, te paai met die aanspraak dat die Koningin as suserein nog oppermagtig in die Transvaal sou wees; om diegene soos Frere, wat bekommerd was dat die Boere met ander Europese moondhede sou knoei, gerus te stel met die versekering dat die buitelandse beleid van die herstelde staat streng beheer sou word; om die negrofiliste, wat gevrees het dat die inboorlinge 'n nuwe tydperk van onderdrukking tegemoet sou gaan, die swye op te lê deur die voorneme om die Resident met voldoende mag te beklee om 'n vlerk oor hulle uitgesprei te hou; en om die kampvegters van die Boere te troos met die belofte van volle binnelandse selfbestuur.

---

223) Vgl. Pieterse, a.w., 1881-1884, p. 271-278; Ook Staatskoerante, 1881, nr. 250 (Band V).

224) Verslag in die „Illustrated London News" van 26/3/1881; Vergelyk ook C.R.O. 518, p. 38-40; C.R.O. 532, brief nr. 69 op p. 86, Colonial Office to Foreign Office, d.d. 4/5/1897; vergelyk verder die instruksies aan die Koninklike Kommissie, d.d. 31/3/1881 (C. 2892); vergelyk ten slotte die verklaring, d.d. 28/8/1897, van Edward Dicey, 'n tydgenoot van Gladstone, in die „Observer", (Koerantuitknipsel by F.O. 2/266/244). Dicey beweer dat 'n intensiewe studie van die ministeriële toesprake in 1881 duidelik toon dat die kabinet die instelling van 'n susereiniteit as voldoende vergoeding beskou het vir Brittanje se verlies aan prestige.

# HOOFSTUK II

## 'n Mislukte Kompromis

Gladstone moes geweet het dat 'n huis wat op sand gebou is, nie staande kon bly nie. Soos verwag kon word, het hy nie aan een van die belanghebbende partye volle tevredenheid verskaf nie. Die Imperialiste, wat geruime tyd al kriewelrig was oor die lusteloosheid waarmee die stryd teen die Boere gevoer is en wie se geloof in 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag, ten spyte van hul neerlaag by die stembus, nog geensins gewankel het nie, was woedend, hoewel hulle nie daarin geslaag het om 'n landswye agitasie teen Gladstone se beleid te ontketen nie. Buite sowel as binne die parlement het hulle hul stem verhef. Buite die parlement was veral die Royal Colonial Institute, wat in 1868 gestig is, bedrywig. Hierdie liggaam, waaraan baie van Brittanje se leidende politici behoort het, het groot waarde aan die koloniale ryk geheg. 'n Deeglike en wetenskaplike studie van koloniale vraagstukke is gemaak, en moeite is gedoen om lesings van amptenare te verkry wat diens gedoen het in die Britse kolonies en dus oor eerstehandse kennis beskik het.[1)]

Die Vryheidsoorlog het die Colonial Institute tot groter aksie aangespoor, omdat hulle gevrees het dat die Liberale regering sou swig voor die vasberadenheid van die Boere. Op die aand van 26 Februarie 1881, terwyl Colley besig was om teen Majuba uit te kruip, is 'n groot vergadering van lede en belangstellendes in Londen gehou om te luister na 'n lesing van sir Bartle Frere oor „The Union of the various portions of British South Africa."[2)] Onder die aanwesiges was sir Henry Barkly, voorheen Goewerneur van die Kaapkolonie en Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika, die man wat verantwoordelik was vir die anneksasie van **Griekwaland-Wes**, en Harry Escombe, 'n lid van die Natalse Wetgewende Raad en later een van die ministers in Natal se eerste kabinet. Voor 'n belangstellende gehoor het Frere verklaar dat die beroeringe in die Transvaal die federasie van Suid-Afrikaanse state vertraag maar nie verongeluk het nie. Barkly, wat die besprekinge ingelei het, het die hoop uitgespreek dat die Britse vlag binne twintig jaar oor die hele Suid-Afrika sou wapper.

Die gees wat op hierdie vergadering geheers het, was betekenisvol. 'n Mens wonder wat die gewaarwordinge van 'n intelligente Boer soos Kruger sou gewees het as hy die verrigtinge kon gadeslaan. Hy sou waarskynlik spoedig tot die ontnugtering

---

1) Op 31 Maart 1897 het Chamberlain hom soos volg uitgelaat oor die Royal Colonial Institute: „It was...while the Little Englanders were in their full career" that this institute was founded to protest against doctrines so injurious to our interests and so derogatory to our honour." (Vgl. Boyd II, toespraak van Chamberlain by geleentheid van die jaarlikse dinee van die Royal Colonial Institute in die Hotel Metropole).

2) Vgl. Frere: The Union of the various Portions of British South Africa (**vlugskrif**).

gekom het dat die Britse soldaat op die slagveld nie die enigste vyand was met wie hy in 'n stryd op lewe en dood gewikkel was nie. Hy sou die teenwoordigheid aangevoel het van 'n onsigbare vyand, die ondempbare vuur waarmee die Imperialis sy vertroue in 'n rooskleurige toekoms van die koloniale ryk verkondig het. As hy kennis van Europese toestande gehad het, sou hy daaraan gedink het dat die groot moondhede op die Vasteland besig was om in dieselfde rigting te beweeg, en dat die „Little Englanders" nie op die lang duur in staat sou wees om die stroom te keer nie. Verder sou hy die propagandametodes van die Imperialis kon waarneem, wat maar altyd weer agter die inboorling geskuil het om sy stoomrollerbeleid in sy Suid-Afrika te regverdig. Hy sou verneem het dat die Rooihuid veilig is in die hande van die Kanadees en die Maori in die hande van die Nieu-Seelander maar dat die Boer die naturelleman vermoor om van die vrou en kind slawe te maak.[3] Hy sou bekommerd rondgekyk het om vas te stel of daar nie dalk lede van die filantropiese vleuel van die Liberale Party teenwoordig was wat die wolhaarstories aangehoor het nie. Hy sou alle emosionele opwelling moes onderdruk terwyl die voorsitter, lord Elcho, 'n lofgedig oor die koloniale ryk voordra:

„The loyal to their Crown
Are loyal to their own fair sons,
Who love our Ocean Empire
With her boundless homes."

Hy sou die vergadering verlaat het, miskien vasbeslote om sy nasionale strewe nie prys te gee nie, maar tog innerlik oortuig dat die Europese politiek 'n kruispad bereik het en dat, al sou die stryd op die slagveld in sy guns afloop, dit maar net weer op 'n ander terrein voortgesit sou word.

Elcho het onder toejuiging aangekondig dat Frere se lesing gedruk en onder die volk versprei gaan word.[4]

Protes teen Gladstone se beleid het nie uitsluitlik van die Royal Colonial Institute uitgegaan nie. Verskeie leiers van die Konserwatiewe Party het van hulle

---

3) Om 'n beeld te gee van die venyn wat teenoor die Boer geopenbaar is, haal ons die volgende aan uit die verslag van die vergadering. Sekere T. D. Wood neem deel aan die debat en beroep hom op die uitlatings van lord Brabourne in die Hoërhuis ter stawing van sy bewering dat „the Boers had reduced the women and children of the black races around them to a state of slavery. This they disguised under the name of apprenticeship, a system of slavery combined with murder (for they murdered the men to make slaves of the women and children). (Hear, hear). If that is the case - and Lord Kimberley assented to what Lord Brabourne had said - would the natives be safe in the hands of the Boers? (No, no). If this is a false accusation against the Boers, if they had not reduced the native races to slavery, what was our justification for annexing the Transvaal? If we were justified in annexing it, it seems to me that our justification must rest on the ill-treatment of the native races by the Boers of the Transvaal. (Cheers). (Aangehaal uit bg. vlugskrif).

4) Vgl. Frere: The Union of the various Portions of British South Africa, p. 27.

laat hoor. Sowel Carnarvon as Michael Hicks Beach, die twee Ministers vir Kolonies in Disraeli se kabinet wat so vuriglik begeer het om 'n Suid-Afrikaanse federasie tot stand te bring, het van die politieke verhoog af skerp te velde getrek teen die herstel van die Boererepubliek. Met sy toespraak te Burton on Trend in Junie 1881 het Carnarvon ongetwyfeld 'n swak vertoning gelewer.[5] 'n Mens kan wel begryp dat hy met 'n verbitterde gemoed aanskou het hoe sy ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika begrawe word, maar die smalende opmerkings oor die Boere en die verdraaide stellings oor die Transvaalse vraagstuk is 'n staatsman van sy status nie waardig nie. Hy het dan ook aan Fairfield, wat 'n studie moes maak van sy toespraak en kritiek opstel vir gebruik in parlementêre debatte, goeie spyse verskaf om aan te knibbel.[6] Carnarvon begin deur die Boere aan sy gehoor voor te stel as 'n „slave-owning people." Dan volg 'n jeremiade oor die droewige lot van „those unhappy native races who had trusted themselves to the protection of the English Crown." Hy vertel met 'n wonderlike verbeeldingskrag hoe die Boere deur Sekoekoeni se impi's platgeloop is en daarna Brittanje gesmeek het om hulle te hulp te snel. Hy verduidelik hoe Brittanje hulle van ondergang gered het deur die anneksasie van die Transvaal. Tot groot vermaak van sy gehoor verklaar hy spottend dat daar met die val van die Republiek slegs 12/6 in die skatkis was maar dat die Britse administrasie 'n oorskot aan die land besorg het, vrede en rus herstel en 'n bloeitydperk ingelei het. Hy sweep sy gehoor op met 'n beskrywing van die Boere se gruweldade op die oorlogsveld en bestempel die aanval op kolonel Anstruther te Bronkhorstspruit as „a foul and cold-blooded massacre" wat nie ongewreek kon bly nie.

Fairfield se repliek op hierdie rede toon maar al te duidelik dat die permanente amptenaar, wat agter die skerms gewerk het in die Koloniale Kantoor, dikwels meer rigting gegee het aan die Britse beleid as die staatsman in die raadsaal of die politikus op die openbare verhoog. Sy kalme en nugtere ontleding van Carnarvon se tirade het Kimberley en sy kollegas ongetwyfeld gesterk in hul moeilike taak om die kwaai aanvalle van die opposisie met welslae af te weer. Hoewel versigtig bewoord, openbaar Fairfield ~~in~~ sy heel eerste opmerking die misleidende aard van die gewese minister se emosionele ontboeseming: „Lord Carnarvon's speech seems to show that the facts of the Transvaal annexation have rather faded from his recollection, and that he links the facts which he does remember in an order which they really did not have."[7] Hy wys daarop dat die Boere nooit Brittanje se hulp ingeroep het teen Se-

5) C.O. 291/14, verw. 10197, Extract from Report of Lord Carnarvon's speech at Burton on Trend. („Standard," 8th June, 1881).

6) C.O. 291/14, verw. 10197, Kanttekening van E. Fairfield d.d. 20-6-1881.

7) C.O. 291/14, verw. 10197, Kanttekening van Fairfield, d.d. 20-6-1881.

koekoenie nie, dat die botsing tussen die Boere en die opperhoof 'n „drawn battle" was, dat die Zoeloes eerder as die Bapedi's 'n bedreiging vir die voortbestaan van die Republiek was, en dat Anstruther se neerlaag te Bronkhorstspruit te wyte was aan sy eie gebrek aan militêre vernuf en aan sy agteloosigheid.[8] Hy toon met syfers aan dat Carnarvon se aanspraak op 'n oorskot in die Transvaalse skatkis tydens Britse bestuur 'n growwe onwaarheid is. Volgens hom het Shepstone die administrasie oorgeneem met 'n skuldelas van £295,071. Na die vredesluting met die Boere is vasgestel dat die bedrag tot £300,000 gestyg het, behalwe nog 'n lening van £140,000 verskuldig aan die Imperiale regering.[9]

Te Cheltenham het Michael Hicks Beach sy gehoor belowe om Gladstone se koloniale beleid in die parlement onder skoot te neem. Nadat hy sommige van Carnarvon se argumente herhaal het, het hy sy toespraak na 'n hoogtepunt gevoer en verontwaardig uitgeroep: „No more disgraceful compromise was ever made by an English Government."[10]

Lord Brabourne, lid van die Hoërhuis, het ook 'n eiertjie in dieselfde nes gelê. In 'n vlugskrif, „The Truth about the Transvaal,"[11] wat in Julie 1881 die lig gesien het, verklaar hy dat hy hom meer as 'n kwart eeu lank saam met Gladstone in die politieke arena bevind het en dikwels sy aan sy met hom geveg het, maar dat hy nie durf swyg as so 'n ernstige aanslag op Brittanje se koloniale ryk gemaak word nie. Hy vaar uit teen die „slave-loving Boers," en beweer dat Gladstone geen reg gehad het om die plegtige beloftes van die vorige regering aan die Britse onderdane en naturellestamme in die Transvaal te verbreek nie.

Dit is te begrype dat die leiers van die Liberale Party nie die aanvalle sou verduur sonder om hulself te verweer nie. Met die oog op verwikkelinge teen die einde van die eeu is dit besonder merkwaardig dat juis Joseph Chamberlain opgetree het as die vernaamste spreekbuis van die Gladstone-regering. Hy was veral verontwaardig oor die bitsige aanvalle van die Lords in die Hoërhuis oor die besluit van die regering om met die Boere te onderhandel in plaas van hulle te onderwerp.[12] Die algemene strekking van die kritiek op die kabinet se optrede was dat, as hulle nie

---

8) Fairfield beweer dat Anstruther 'n tydige waarskuwing van 'n naturel ontvang het dat die Boere op hom toesak. In plaas van ondersoek in te stel, het hy homself wys gemaak dat dit 'n vergadering van Britsgesinde Boere in die omgewing was.

9) C.O. 291/14, verw. 10197, Kanttekeninge van Fairfield, d.d. 20-6-1881. Sy berekening is by benadering. Die Pretoria-Konvensie stel die totale bedrag vas op £425,226-15-0. (Vgl. Officieele Bescheiden betreffende de Conventie van Londen, p. XIV-XV).

10) C.O. 291/14, verw. 10197, Extract from Report of Sir M. Hicks Beach's speech at Cheltenham, („Standard", 9th June, 1881).

11) Vgl. Brabourne: The Truth about the Transvaal (vlugskrif).

12) Vgl. Morley: The Life of Gladstone, III, p. 41-44.

vasbeslote was om die koloniale beleid van hul voorgangers in Suid-Afrika voort te sit nie, dan was dit 'n dwaasheid om sake te laat ontwikkel totdat 'n oorlog eers ontketen is voordat die Boere se land aan hulle teruggegee is. Ongeveer terselfdertyd toe Carnarvon en Michael Hicks Beach tot die aanval oorgegaan het, het Chamberlain voor sy kiesers in Birmingham sy besondere redenaarstalent getoon in 'n besielende rede wat sonder twyfel aangevuur is deur die innerlike krag van sy oortuiging.[13] Hy beroem hom daarop dat hy in 1877 een van die weinige lede in die Laerhuis was wat die anneksasie van die Republiek nie wou goedkeur nie. Hy skilder die eienskappe van die Boere afstammelinge van die stoere Geuse wat tagtig jaar lank teen die Spanjaarde vir hul vryheid geveg het: „They are animated by a deep and somewhat stern religious sentiment, and they inherit from their ancestors - the men who won the independence of Holland from the oppresive rule of Philip II of Spain - their unconquerable love of freedom and liberty." Hy weier om die bloed te vergiet van 'n volk, wie se eienskappe, deugde en lotgevalle soveel ooreenkoms vertoon met diė van sy eie volk: „Are not these qualities which commend themselves to men of English race? Are they not virtues which we are proud to believe form the best characteristics of the English people Is it upon such a nation that we are to be called upon to exercise the dread arbitrament of arms? These men settled in the Transvaal in order to escape foreign rule. They had had many quarrels with the British; they left their homes in Natal, as the English Puritans left England and went to the United States, and they founded a little Republic of their own in the heart of Africa." Hy verwerp die beskuldiging dat die Liberale regering pogings sou aanwend om die Britse Ryk te verbrokkel: „And if we let this population of 40,000 go - a population less than that in anyone of the wards of this town in which I am speaking - this 'dismembered' Empire of ours will still contain 250 millions of subjects of the Queen, and that involves a duty and a responsibility which, I think, are sufficient even for the widest ambition." Hy verwys na die Sandrivier-Konvensie waarin Brittanje die onafhanklikheid van die Boere gewaarborg het, en beweer dat die Britse volk skuldig sou wees aan 'n nasionale misdaad as 'n vreemde onderdaanskap met geweld op die Boere afgedwing word. Soos Gladstone skuil Chamberlain agter die Britse amptenare in Suid-Afrika en laai op hul skouers die verantwoordelikheid vir die besluit van die kabinet in Mei van die vorige jaar om die Britse gesag in die Transvaal te handhaaf, aangesien hulle van tyd tot tyd geraporteer het dat die Boere, met die uitsondering van 'n paar agitators, tot berusting gekom het, en dat burgeroorlog en anargie sou gevolg het as die Boere weer die hef in die

---

13) Vgl. 291/14, verw. 10197, Extract from Report of Mr Chamberlain's speech at Birmingham. („The Times," 8th June, 1881).

hande sou kry.

'n Vuriger pleitbesorger vir hul reg kon die Boere seker nooit begeer het nie. Die toespraak is in die vorm van 'n vlugskrif uitgegee en in Engeland versprei.[14)]

Eienaardig genoeg het Chamberlain se orasie Fairfield meer hoofbrekens besorg as die rede van Carnarvon of van Michael Hicks Beach, veral sy verklaring in verband met die misleidende dépêches uit Suid-Afrika waarvolgens die kabinet moes handel. Fairfield was bevrees dat die opposisie in die parlement daarop sou aandring dat die sg. misleidende inligting openbaar gemaak moes word alvorens die skuld vir die Transvaalse krisis die amptenare ten laste gelê kon word. Hy het dan ook naarstiglik die dokumente deurgesnuffel in 'n poging om ammunisie vir sy politieke hoofde te versamel met die oog op die parlementêre tweegeveg wat in Julie sou plaasvind.[15)] Hy skenk in die eerste plek sy aandag aan die getuienis van Frere. Hoewel Frere tot in April 1879 herhaalde kere die versekering gegee het dat die Boere in hul lot berus, het hy daarna self aan sy saak begin twyfel. Hy moet dus as getuie uitgeskakel word.

Die volgende getuie is Wolseley. Op 4 April 1880 het hy aan die Koloniale Kantoor getelegrafeer dat die politieke toestand baie bevredigend is en die lewe rustig voortgaan. Vir Fairfield beteken hierdie getuienis, in soverre dit die houding van die Boere betref, nie veel nie: „This may or may not mean that the majority were reconciled to annexation." Op 10 April het Wolseley weer 'n dépêche gestuur wat uitstekend in die kraam van die kabinet sou pas. Daarin beweer hy dat die Boere hulle

---

14) Volgens Brabourne: „The Truth about the Transvaal." Aangesien Kimberley lid van die Hoërhuis was, het Chamberlain reeds in 1880, op versoek van Gladstone, die verantwoordelikheid op hom geneem om, namens die kabinet, vrae oor Suid-Afrikaanse aangeleenthede in die Laerhuis te beantwoord. (Vgl. „Joseph Chamberlain, A Political Memoir," 1880-1892, ed. by C. H. D. Howard, p. 13).

15) C.O. 291/14, verw. 10197, Kanttekening van Fairfield, d.d. 20/6/81. Om 'n duidelike begrip te gee van die metodes van die Koloniale Kantoor en die funksie wat 'n permanente amptenaar soos Fairfield verrig het, haal ons die volgende opdrag aan: „Mr Fairfield, please cut out and have pasted the reports of the speeches on the Transvaal, delivered by Lord Carnarvon, Sir M. Hicks Beach and Mr. Chamberlain. They are reported in the newspapers of the 8th and 9th instant. They should then be circulated with any criticisms that may appear requisite. Probably the arguments used by them will be reproduced in the forthcoming debate." Die opdrag is soos volg onderteken: R. Meade, 9-7-1881. (Opgeneem in C.O. 291/14 verw. 10197). Diegene onder wie die koerantverslae moes sirkuleer met die oog op Kanttekeninge, het ingesluit: Kimberley (Minister vir Kolonies); Grant Duff (Parlementêre Onder-Sekretaris vir Kolonies); Herbert (permanente Onder-Sekretaris vir Kolonies) en verder permanente amptenare wat met die besondere vraagstuk bekend was. Meade, Bramston, Wingfield, Fairfield, Hemming en Anderson was almal amptenare wat 'n studie gemaak het van koloniale vraagstukke. Fairfield was blykbaar die groot gesaghebbende oor Suid-Afrikaanse aangeleenthede.

(Op 25 Julie het Chamberlain die Kabinet se beleid om die Transvaal aan die Boere „terug te gee" in die Laerhuis verdedig soos hy op 7 Junie voor sy kiesers in die stadsaal van Birmingham gedoen het - vgl. Joseph Chamberlain: A Political Memoir, p. 14-16).

nou uitgespook het en besluit het om alle weerstand te staak, „and return to the peaceful cares of their rural life." Ongelukkig, egter, het hierdie dèpêche die Koloniale Kantoor eers op 14 Mei bereik terwyl die kabinet reeds op 12 Mei besluit het om die Transvaal te behou. Dieselfde geld vir 'n dèpêche van 9 Maart, wat die Koloniale Kantoor nie voor 26 Mei bereik het nie. Daar is nog 'n ander dèpêche van Wolseley wat die kabinet wel betyds bereik het en waarin hy verklaar dat die intelligente weerbarstiges en moontlik die meerderheid van die domastrantes die nutteloosheid van verdere agitasie begin insien. Maar hy vermeld in dieselfde verslag dat hy so pas 'n regiment gestuur het om een van die gewilde leiers te arresteer op 'n klag van hoogverraad. Hierdie dèpêche kon die saak van die regering dus meer kwaad as goed gedoen het.

Fairfield bevind hom nou lelik in die moeilikheid. Die kruit wat hy bymekaar gemaak het, het nat geword! Ter stawing van Chamberlain se bewering dat die Suid-Afrikaanse amptenare anargie en burgeroorlog voorspel het as die Transvaal ontruim word, kon hy slegs 'n telegram van Frere opdiep. Op 3 Mei 1880 het laasgenoemde die Britse regering gewaarsku „that there would possibly be civil war in the Transvaal if it were given up, and that the step would be fatal to confederation." In die laaste deel het Frere natuurlik die skaapvel van die wolf afgeruk.

Fairfield vind dit ook nodig om vas te stel in hoeverre sy eie memorandum, „The Transvaal Question", bygedra het tot die ongelukkige wending wat sake geneem het. Hy spreek homself vry van enige aandeel in die krisis wat ontstaan het, behalwe dat hy die toekenning van 'n konstitusie aan die Transvaal afgekeur het op grond daarvan dat 'n vry verkose wetgewende vergadering sou weier om middele te voorsien vir die administrasie van die land. As Fairfield eerlik wou wees, sou hy darem hier bygevoeg het dat hy by sy memorandum 'n verslag van Wolseley ingesluit het wat die Boere se saak in 'n uiters ongunstige lig gestel het.[16] Hy het hom in elk geval onnodig daaroor bekommer dat hy nie voldoende dokumentêre bewyse kon opspoor om die kabinet se beleid te regverdig nie. Sowel Kimberley as Grant Duff, die Parlementêre Onder-Sekretaris, was daarvan oortuig dat Wolseley se telegram van 4 April hulle voldoende beskerming verleen het.[17] 'n Mens sou liewer gesien het dat die Liberale kabinet maar eerlik erken het dat die grondmotief, wat agter die gewigtige besluit van 12 Mei 1880 geskuil het, die begeerte was om die Transvaalse bodem, met behulp van spoorwegverbinding met die see, te ontwikkel, en om die uitgawes van die Britse skatkis te besnoei deur 'n federasie in Suid-Afrika tot stand te bring wat die binnelandse verdediging self kon

16) Vgl. Hoofstuk 1, voetnoot nr. 110.

17) C.O. 291/14, verw. 10197, Kanttekeninge van Grant Duff, d.d. 8-7-81, en van Kimberley d.d. 9-7-81.

waarneem. Maar 'n regering erken nie maklik dat hy die beleid van sy voorganger oorgeneem het nie, veral as hy dit vantevore skerp veroordeel het, soos in die geval van Gladstone se Midlothian- en Hartington se North Lancashire-verkiesingsveldtogte. In die Laerhuis was Gladstone se invloed so groot dat sy beleid om die Republiek gedeeltelik te herstel goedgekeur is, hoewel die stof wat die Konserwatiewe opposisie opgeskop het nog lank in die lug bly hang het.[18)]

Die Gladstone-kompromis het die Boerenasionalisme ewemin genoegdoening verskaf as die Britse Imperialisme. Hiervan was die kabinet terdeë bewus. Ten spyte van die „vrede" wat na die slag van Majuba ingetree het, was daar 'n voortdurende vrees in Britse regeringskringe dat die Boere maar weer na hul wapens sou gryp. Persberigte dat vrywilligers uit die buiteland in groot getalle na Delagoabaai vertrek het om by die Boere aan te sluit en hulle tot verdere weerstand aan te hits, het bygedra om 'n onsekere toestand te skep. Volgens die New York Tribune van 9 Maart 1881 het vyfhonderd Iere met vier kannonne vanaf Key West, 'n hawe in Florida (V.S.A.), na Delagoabaai vertrek om vandaar na die Transvaal op te ruk en die Britte uit die land te verdrywe.[19)] Kimberley het generaal Wood laat weet om op sy hoede te wees. Verder is die admiraliteit versoek om 'n oorlogsboot na Delagoabaai te stuur „with a view to prevent as far as possible any action inimical to British interests."[20)] Die boot sou van drie tot vier maande daar moes bly sodat die Koninklike Kommissie hul taak in vrede kon afhandel en die administrasie van die land aan 'n gevestigde regering oordra.[21)] Aangesien hierdie maatreël slegs van tydelike aard kon wees, het Granville, die Minister van Buitelandse sake, Kimberley belowe om 'n vise-konsul, wat voortdurend 'n ogie oor Brittanje se belange kon hou, in Delagoabaai aan te stel. Hy sou verantwoordelik wees aan die Britse konsul te Mosambiek, maar nie in die eerste plek kommersiële funksies verrig nie, aangesien Lourenço Marques op daardie tydstip, weens die mislukte spoorwegplan, vir die Britse handel feitlik van nul en gener waarde was. Daar was maar drie blanke Britse onderdane in die hawe, benewens 'n twintigtal Britse Indiërs.[22)] Sy taak sou hoofsaaklik wees om te waak teen die insmokkeling van gewere

---

18) Vgl. Morley: The Life of Gladstone, III, p. 42-44.

19) C.O. 291/13, verw. 8034, Kimberley aan Wood, d.d. 11-5-1881.

20) C.O. 291/13, verw. 7044, Kimberley aan die Admiraliteit, d.d. 23-4-1881.

21) Ibid.

22) C.O. 291/13, verw. 18275, O'Neill aan Granville, d.d. 17-7-1881.

na die Transvaal en Zoeloeland. Verdagte gevalle moes volledig gerapporteer word aan die konsul te Mosambiek.[23]

Herbert, die Permanente Onder-Sekretaris vir Kolonies, was so bekommerd oor die moontlikheid van sameswerings tussen die Boere en die Portugese met die doel om die Transvaal geheel en al los te wikkel uit Brittanje se politieke greep, dat hy daarop aangedring het dat 'n bekwame amptenaar onverwyld na Lourenço Marques gestuur moes word om ongunstige verwikkelinge dop te hou en te rapporteer.[24] Aangesien Herbert se voorstel te veel onkoste sou meebring, is luitenant O'Neill, die Britse konsul te Mosambiek, opdrag gegee om 'n geskikte persoon by Delagoabaai te nader wat moontlik gewillig sou wees om die vise-konsulskap as 'n deeltydse betrekking te aanvaar. In Augustus het O'Neill die Britse regering in kennis gestel dat hy die pos aangebied het aan 'n Engelsman, by name Heraighty, superintendent van die telegraafstasie te Lourenço Marques. As Heraighty die aanbod van die hand sou wys, sou hy die hoof van die Nederlandse Handelscompagnie nader, sekere Gutterting, „who though Dutch, has by no means Boer sympathies."[25] Hoe nader die Koninklike Kommissie aan die voltooiing van hulle taak gekom het, hoe duideliker het dit vir die Boere geword dat die vryheid wat hulle by die vredesluiting in Maart in die vooruitsig gestel het, 'n blote hersenskim was. Selfs nadat die Driemanskap, Kruger, Pretorius en Joubert, die Pretoria-Konvensie onderteken het, het Gladstone dit nog nodig gevind om Wood te waarsku teen 'n skielike opstand.[26] As die Boere bewus was van die vrees in Londen dat hernieude onluste kon onstaan, sou dit hulle waarskynlik aangemoedig het om 'n manhaftiger houding aan te neem en hul regte met groter beslistheid te verdedig.

Die grondrede vir die ontevredenheid aan Boerekant met die Pretoria-Konvensie was omdat dit 'n eensydige stuk werk was. Die Koninklike Kommissie het by die opstelling daarvan nie in die eerste plek aan die belange van die Boere gedink nie maar wel aan diè van die Britse Ryk. Hoewel die Driemanskap en hul adviseurs die verrigtinge bygewoon het en aan die beraadslaginge deelgeneem het, het die Koninklike Kommissie in werklikheid hul sienswyse nie veel meer in ag geneem as net om geduldig daarna te luister nie.[27] Die Volksraad het die Konvensie nog met

---

23) C.O. 291/13, verw. 11501, F.O. aan C.O., d.d. 29-6-81.

24) C.O. 291/13, verw. 11501, Kanttekeninge van Herbert, d.d. 5-7-1881.

25) C.O. 291/13, verw. 18274, O'Neill aan Granville, d.d. 4-8-1881.

26) Vgl. Pieterse, a.w., p. 290.

27) Ibid., p. 285-286.

groter teësin bekragtig as wat die Driemanskap dit onderteken het.[28] Hoewel die Konvensie as 'n geheel op die beginsel van susereiniteit berus het soos deur Brittanje vertolk, d.w.s. strenge voogdyskap, bepaal die inleiding in soveel woorde dat die „herstelde" Republiek onderworpe sou wees aan „de Suzereiniteit van Hare Majesteit, Hare erfgenamen en opvolgers..."[29] Hierteen kon die Volksraad natuurlik nie beswaar maak nie, aangesien dit 'n voorwaarde was wat die Boereleiers by die vredesluiting aanvaar het, hoewel hulle nooit verwag het dat die Britse regering die susereiniteitsgedagte sou omvorm tot 'n handige middel om sy duim op die keel van die Republiek te hou nie. Die Raad was diep gegrief omdat die land veel minder politieke selfstandigheid ontvang het as wat ná Majuba beloof was.[30] Inderdaad het die status van die Transvaal-Staat, soos die eertydse Boererepubliek na sy herrysenis deur die Britse regering genoem is,[31] nie besonder gunstig vergelyk met dié van Britse kolonies wat verantwoordelike bestuur geniet het nie, w.o. Kanada, Nieu-Seeland, die meeste Britse geweste in Australië en die Kaapkolonie. Selfs Natal, hoewel in teorie nog 'n kroonkolonie met 'n gevorderde konstitusie, het, weens die onderlinge vertroue wat daar tussen die owerheid in Londen en die koloniste van Britse afkoms bestaan het, in die praktyk seker nie veel minder vryheid van optrede as die Boere gehad nie.

Wat buitelandse sake betref, is die Transvaal-Staat ewenin toegelaat om sy eie belange te behartig as bg. Britse kolonies. Een van die belangrike regte wat die Kroon voorbehou het, is: „...het toezigt op buitenlandsche betrekkingen van genoemden Staat, insluitende het aangaan van traktaten en het regelen van diplomatieke onderhandelingen met vreemde Mogendheden, moetende zulke onderhandelingen gevoerd worden door middel van Harer Majesteits diplomatieke en consulaire beambten buiten's lands."[32] Om te benadruk dat die Transvaalse regering nie direk met die buitelandse moondhede amptelike onderhandelinge kon aanknoop nie, bepaal die Konvensie: „Met betrekking tot het voeren van briefwisseling met Buitenlandsche Mogendheden zal de Transvaalsche Regering met Harer Majesteits Regering corresponderen door den Britschen Resident en den Hoogen Commissaris."[33] Dit is duidelik dat die Boere

---

28) Ibid., p. 287-293; E.V.R. 14, Art. I op p. 27, openingsrede van die visepresident, d.d. 22-9-1881; E.V.R. 15, artikels 183, 184, 186 (p. 37-46), Art. 195 op p. 60.

29) L.K., p. IV.

30) Vgl. Pieterse, a.w., Hoofstuk 2.

31) In die Pretoria-Konvensie word die benaming Transvaal-Staat konsekwent gebruik.

32) L.K., p. X, Art. 20 van die Pretoria-Konvensie.

33) L.K., p. XVII, Art. 18d. van die Pretoria-Konvensie.

geen seggenskap verkry het in die vasstelling van hul buitelandse beleid nie, hoewel die Transvaalse regering, kort na die inwerkingtreding van die Konvensie, daarop aanspraak gemaak het dat hy ten minste die reg sou hê om 'n exequatur aan die konsul van 'n vreemde moondheid binne die Transvaal uit te reik.[34] Die Britse regering het hierdie standpunt verwerp, maar Fairfield, die gesaghebbende oor Suid-Afrikaanse aangeleenthede in die Koloniale Kantoor, het darem geen poging aangewend om die dubbelsinnigheid van die Konvensie in verband met die reëling van die Transvaalse buitelandse betrekkinge te verdoesel nie: „It will be seen that there is an ambiguity in sub-section (c) of Article II, which may either mean that Her Majesty reserves <u>the control</u> of the conduct of foreign relations, or <u>the conduct</u> of foreign relations <u>itself</u>."[35] Vanselfsprekend het die betrokke partye elk dié vertolking verkies wat hom die beste gepas het. Die Transvaalse regering het hom op die standpunt gestel dat Brittanje slegs toesig kon hou oor sy onderhandelinge met ander moondhede, terwyl die Britse regering die reg geëis het om die onderhandelinge self waar te neem.[36] Die Britse kolonies het nie slegs die voordeel bo die Transvaal-Staat gehad dat hulle geen bekommernisse en beslommernisse oor konvensies moes verduur nie, maar boonop nog het die Britse belastingbetaler al die onkoste verbonde aan die kolonies se konsulêre en diplomatieke betrekkinge met die buitewêreld gedra.[37]

Wat binnelandse sake betref, was die Britse kolonies sonder twyfel minder onderhewig aan die kontrole van Downingstraat as die semi-republikeinse Boerestaat. Met verwysing na die regeringstelsel wat in die Kaapkolonie in swang was, skrywe Robinson, die Goewerneur, in 1882 soos volg:- „The position of the Colony falls short of complete internal independence only in two points. The Crown reserves to itself the right to appoint the Governor, and to disallow acts of the Colonial Legislature."[38] Heeltemal tereg voeg hy verder by dat die vetoreg eintlik net in teorie bestaan het, omdat die Britse regering ten alle koste wrywing met die koloniale parlemente sou probeer vermy.[39] Moontlik het hy daaraan gedink hoe die Britse regering die aftog geblaas het na die langdurige dog vrugtelose poging om die Kaapse parlement tot toetrede tot die beplande Suid-Afrikaanse federasie te oorreed. Die Transvaal-Staat,

---

34) C.R.O. 262, The Transvaal Government and the Convention, p. 10. (Vgl. ook Pieterse, a.w., p. 298-303).

35) C.R.O. 262, The Transvaal Government and the Convention, p. 10.

36) Id., p. 10.

37) G.H. 23/38, p. 179-180, Robinson aan Kimberley, d.d. 10-10-1882.

38) Ibid.

39) Ibid.

aan die ander kant, is terdeë deur die Britse skoen geknel, veral deur dié bepalings in die Konvensie wat voorsiening maak vir die beskerming van die naturelle. In hierdie opsig het die Konvensie ernstige inbreuk gemaak op die regte van die Boere, want dit het die belofte van volle binnelandse selfbestuur nie gestand gedoen nie. Onder invloed van die negrofiliste het die Liberale regering die Boere se optrede teenoor die naturelle gewantrou en daarom vir die susorein die reg voorbehou om enige wetgewing rakende die naturelle te veto.[40)]

As die Britse Resident te Pretoria sy pligte, soos deur die Konvensie bepaal, getrou wou nakom, sou dit vir hom eenvoudig onmoontlik wees om hom nie met die binnelandse aangeleenthede van die staat in te laat nie. Van hom is as 't ware 'n waghond gemaak van wie dit verwag was om te blaf sodra hy tekens bespeur het dat die naturelle binne of buite die Transvaal veronreg, mishandel of verslaaf word. Hy moes aan die Hoë Kommissaris verslag doen oor die werking en toepassing van die Konvensie, gevalle waar blankes hulle skuldig gemaak het aan aggressiewe optrede teenoor die naturelle onder die aandag van die Transvaalse regering bring, die naturelle aanmoedig om die vrede en rus te bewaar en sorg dat hulle die beskerming van die landswette geniet. Verder moes hy die belange van die naturelle buite die Republiek behartig en dien as kommunikasiemiddel tussen die Boere en die onafhanklike hoofde in die omgewing.[41)] Lord Derby, Kimberley se opvolger as Minister van Kolonies in die Gladstone-kabinet, het eerlik erken dat die Transvaal-Staat, weens die beperkinge op sy naturellebeleid, slegter daaraan toe was as Britse kolonies onder verantwoordelike bestuur: „Experience had shown that it would not be practical for Her Majesty's Government to intervene effectively through the British Resident for the protection of the natives, without unduly interfering with and becoming responsible for the local administration of the country. Such interference would not be permissible in a Colony under responsible Government, and it would be still less applicable to a country having self-government as conceded under the Convention of Pretoria."[42)] Die Boere was nie gekant teen 'n Britse Resident in die Transvaal nie, maar hulle wou sy funksies beperk tot diplomatieke of konsulêre aangeleenthede, sodat hy nie by magte sou wees om hom in te meng met die binnelandse bestuur van die

---

40) L.K., p. X, Art. 3 van die Pretoria-Konvensie.

41) L.K., p. XVI-XVII, Art. 18 van die Pretoria-Konvensie.

42) L.K., p. 129, Derby aan Robinson, d.d. 14-3-1884. (Ook aangehaal in Pieterse, a.w., p. 320, voetnoot).

land nie.[43]

Dit is ook baie belangrik om daarop te let dat die Konvensie die selfbeskikkingsreg van die Boere in sy wese aangetas het deur diè bepaling wat die Transvaalse regering die reg ontsê om sy eie immigrasiobeleid vas te stel. Geen persoon, behalwe 'n naturel, kon verbied word om die land binne te kom en hom in die Transvaal te vestig met die doel om 'n lewensbestaan te vind indien hy onderneem het om die wette van die staat te gehoorsaam nie.[44] Hierdie bepaling het 'n ernstige bedreiging vir die gesag van die Boere ingehou, want dit het die deur oopgemaak vir onnasionaalgesindes om die land binne te kom en die politieke beheer oor te neem. Dit kon maklik gebeur omdat die Boere min in getal was, hul grondgebied uitgestrek was en die bodem groot ontwikkelingsmoontlikhede ingehou het.

Die reg van die Britse Kroon om troepe deur die Transvaal te vervoer in tye van internasionale spanning of vyandelikhede,[45] het nie slegs die binnelandse soewereiniteit van die Republiek aangetas nie maar kon dit heeltemal vernietig, omdat die land 'n internasionale slagveld kon word. Tog moes die Boere stilswyend berus, want die Konvensie het dit eenvoudig as 'n voorreg van die suserein neergelê.

Die Konvensie moes binne drie maande na ondertekening deur 'n nuutgekose volksraad bekragtig word.[46] Die besprekinge in die raadsaal te Pretoria het in 'n gees van verbittering, wat dikwels aan wanhoop gegrens het, plaasgevind. Die gemoedstemming wat die voorsitter, O. J. Bodenstein, geopenbaar het, was tipies van die emosionele ontboeseming van byna al die lede: „De Voorzitter uiter zyn gevoelen en zegt hoe het uur is aangebroken dat wij ingevolge het Commissie Rapport[47] de Conventie zullen ratificeeren. Toen hy de Kaap Kolonie verliet, was hy een jongen van elf jaar oud. Omdat zijne familie en zooveel anderen daar verdrukt werden omdat ze niet langer Engeland's juk wilden dragen (en niet omdat ze zich aan het regt en de wet wilden onttrekken) waren ze van daar vertrokken. Toen de Emigranten boeren Natal hadden bereikt en ze aldaar een rustplaats dachten gevonden te hebben voor hun voet, werden zij tengevolge van het opmaken der Zulus tegen hen door dezen aangevallen en stroomde het bloed der uitgewekenen. Daarna werden troepen tegen hen gezonden

---

43) Vgl. Pieterse, a.w., p. 283.

44) L.K. p. XX, Art. 26 van die Pretoria-Konvensie.

45) L.K. p. X, Art. 2b. van die Pretoria-Konvensie.

46) L.K. p. XXI, Art. 32 van die Pretoria-Konvensie.

47) Die Volksraad het 'n kommissie benoem om die Konvensie te bestudeer. Die kommissie het sekere wysigings aanbeveel wat deur die Britse regering verwerp is. Daarna is besluit om die Konvensie te bekragtig.

Zij namen de wapenen op doch waren niet tegen deze magt bestand. De kaffers werden opgemaakt om de mannen te vermoorden bij hunnen huizen en de vrouwen en kinderen werden naakt uitgekleed. Er werd toen ook een Conventie gesloten[48] waarin vele schoone beloften waren gedaan. Zij dachten zich door deze schikking te onderwerpen aan het onvermijdelijke doch helaas de belofte werd kwalijk nagekomen door de Britsche Regering die hen als rebellen behandelde en hunnen gronden confisceerde. En wat deden de Boeren na wederom een tijd van beproeving doorgestaan te hebben? Zij wilden niet buigen onder Engeland's gezag en trokken opnieuw de wildernis in. Daar echter was ook geen rust. Eindelijk, nadat de slag by Boomplaats had plaats gehad, genoten wij het voorreg dat er verstandige Staatslieden in Engeland aan het hoofd waren en dië bewerkten het dat in 1852 bij de Zand Rivier Conventie hun vrijheid werd gewaarborgd. - Was er ooit door ons in strijd met die Conventie gehandeld? Beschuldigingen waren er genoeg dat wij ze hadden verbroken doch die waren nimmer bewijzen. Europeanen kwamen in het land en genoten hier groote voorregten. Fortuinzoekers zetten hier neder en het was aan hun grootendeels toe te schrijven dat eindelijk de annexatie plaats greep. Spreker had zelf aan Sir Theophilus Shepstone in der tijd gezegd dat wij er ons nimmer onder zouden buigen. De bittere vruchten der annexatie hadden wij geplukt. En hier staan wij voor deze Conventie. Ligt er eenig voorrecht voor ons in opgesloten? Worden onze regten niet verkracht? En wat zullen wij nu doen? Op nieuw naar de wapenen grijpen? Neen. Laten wij op God vertrouwen die eenmaal regtvaardig handelen zal. 't Was hem een bitter taak om nu hij grijs was geworden die Conventie te teekenen. Ging hij er toe over, het zou alleen zijn om verder bloed vergieten te voorkomen."[49] Op 25 Oktober 1881 het die Volksraad besluit om die Pretoria-Konvensie te bekragtig en die volgende dag het al die teenwoordige lede die besluit onderteken.[50] Tot hierdie stap het hulle oorgegaan enkel en alleen omdat hulle besef het dat hulle op die lang duur nie die stryd teen Brittanje sou kon volhou nie. Die enigste ligpunt vir hulle was die belofte van die Britse regering om wysigings in die Konvensie te oorweeg indien die praktiese toepassing daarvan sou toon dat dit nie aan sy doel beantwoord nie.[51] Kimberley,

---

48) Bodenstein bedoel waarskynlik die voorwaardes van oorgawe van die Republiek Natalia op 15 Julie 1842.

49) E.V.R. 15, p. 38-41, Artikel 184. Onder diegene wat hulle skerp uitgelaat het teen die Konvensie was F. G. Roos, Preller, Spies. C. van Heerder, Birkenstock en H. Taljaard. (Vgl. Pieterse, a.w., p. 288; E.V.R. 15, p. 38).

50) E.V.R. 15, Artikel 186 en 195.

51) C. 3098, Enclosure in no. 57, High Commissioner to British Resident, d.d. 21-10-1881.

aan die ander kant, het beweer dat die Boere meer gekry het as waarop hulle geregtig was, omdat die Koninklike Kommissie nie 'n deel van hul grondgebied aan die oostekant afgesny het nie. So 'n stap sou geregverdig kon word op grond van die ooreenkoms wat Wood in Maart met die Boereleiers gesluit het.[52] Soos reeds aangetoon, het die „Illustrated London News" gepleit vir die herstel van die Republiek op voorwaarde dat dit ommuur word met Britse en naturellegebiede.[53]

Die grootste konstitusionele toegewing wat in 1881 aan die Boere verleen is, is deur hulle glad nie raakgesien nie en in Britse regeringskringe slegs in die verbygaan bespreek. Die vraag is in die Laerhuis gestel of die koningin as suserein van die Boerestaat die reg voorbehou het om haar in te laat met die verkiesing van die staatshoof, sover die keuse van die volk deur haar geveto mag word.[54] Gladstone het persoonlik vir die Boere in die bres gespring. Hy het ingegaan op die beleid wat Brittanje voorheen in verband met staatshoofde in sy koloniale ryk gevolg het, veral in Amerika. Hy het daarop gewys dat die Kroon hom oorspronklik nie eens ingemeng het met die aanstelling van goewerneurs in eiendomskolonies nie, en dat die goewerneurs van geoktrooieerde kolonies soos Rhode Island en Connecticut deur die koloniste by die stembus aangewys is sonder enige beperking op hul keuse. Die kabinet het die vraagstuk bespreek en tot die slotsom gekom „that no substantial advantage would be gained by interfering in the election of the Chief Authority in the future Transvaal State." Hoewel hulle die finale besluit oor die saak in die hande van die Koniklike Kommissie gelaat het, het hulle tog te kenne gegee dat so 'n konstitusionele beperking nie sonder grondige rede op die Boere gelê behoort te word nie.[55] Twee faktore, 'n ekonomiese en 'n menslike, wat sterk op mekaar ingewerk het, sou minder as 'n dekade later so 'n belangrike uitwerking hê op die Britse koloniale beleid in Suid-Afrika dat die Imperialiste Gladstone met toenemende bitterheid verwyt het dat hy die Boerestaat nie stewig genoeg aan die Britse Kroon gebind het nie. Genoemde faktore was die nuwe internasionale betekenis wat die Transvaal gekry het as gevolg van die ontdekking van goud op die Witwatersrand, en die snel verbreidende invloed van die forse Kruger persoonlikheid op die nasio-

---

52) C. 3098, nr.48, Kimberley aan Robinson, d.d. 19-18-1881; Transvaal Royal Commission Report, p. 64.

53) Vgl. voetnoot nr. 204 van Hoofstuk I.

54) G.H. 21/9, Transvaal Commission no. 21, Kimberley aan Robinson, d.d. 12-5-1881.

55) Ibid.

nale strewe van die Boere, wat hoe langer hoe meer afkerig geword het van Britse politieke en ekonomiese beheer. Die Britse Imperialiste, wat met begerige oë na die goudvelde gekyk het en in die jare negentig weer net soveel besieling as Carnarvon aan die dag gelê het om die hele Suid-Afrika onder die Britse vlag saam te snoer, het tot die oortuiging gekom dat Kruger die grootste struikelblok in die weg van politieke unifikasie was. Vandaar die stryd wat teen sy persoon aangeknoop is en die onvermoeide ywer om hom uit die politieke arena te verwyder.

Reeds voor die Jameson-inval het Kruger die skyf geword waarop die Imperialiste hul politieke gifpyle afgeskiet het. In 1894 skrywe sir J. A. de Wet, die Britse agent te Pretoria: „In name this State is a free Republic, but in reality and autocracy of which President Kruger is supreme despot, aided by his myrmidons and henchmen, all of whom are as hopelessly incompetent to deal with the present conditions of the country as would be a child, who begins to lisp a few sentences, to take charge of the household!"[56] Gedurende die jare van toenemende spanning wat gevolg het op die dramatiese verydeling van Rhodes se poging teen die einde van 1895 om die politieke mag in die Transvaal deur middel van aggressie van buite en opstand van binne uit die hande van Kruger te wring, sou min omwentelinge in die oorsese ryk die Koloniale Kantoor in so 'n goeie stemming gebring het as die val van die gewilde Boerepresident. Die Konserwatiewe regering wat toe aan bewind was, het die presidentsverkiesing van 1898 met intense belangstelling gevolg. Conyngham Greene, die opvolger van De Wet in Pretoria, het maande lank voor die verkiesing die doen en late van sowel Kruger as sy mededingers om die presidentskap haarfyn dopgehou en Chamberlain, die Minister van Kolonies, deur middel van die Hoë Kommissaris op hoogte gehou van die politieke strominge in die Republiek. Greene het dit as sy hartewens uitgespreek dat Kotze, die hoofregter, vir Kruger die handskoen sou toewerp, want hy was progressief in sy denkbeelde en ten gunste van sowel liberale hervormings in belang van die uitlanders as „a shaking of hands all round in South Africa."[57] 'n Sprankie hoop waarmee Greene sy owerheid probeer troos het in geval Kruger stewig in die saal teruggeplaas sou word, was dat die einde van die bejaarde staatsman se lewenspad moontlik in sig was. In Julie 1897 deel hy Milner mee: „He (Kruger) has just been suffering from a bad cold from which he is recovering, but, it is a feature in the Boer constitution that when once seriously ill, they die suddenly."[58] Onder hierdie omstandighede staan dit soos 'n paal bo water uit dat

---

56) C.R.O. 532, De Wet aan Ripon, d.d. 15-5-1894.

57) B.A., Imp. White Books, no. 536 (Vol. 52), Enclosure in no. 227, Greene aan Milner, d.d. 7-7-1897.

58) Ibid.

as die Britse Kroon in 1881 die reg voorbehou het om die Boere se keuse vir 'n staatshoof te veto, die Konserwatiewe regering in 1898, of selfs vroeër, van hul reg gebruik sou gemaak het om Kruger uit te skakel, ten spyte van die verpletterende neerlaag wat hy sy teenstanders by die stembus toegedien het.[59] Die geskiedenis van Suid-Afrika sou dan waarskynlik 'n ander wending geneem het. Dis moontlik dat Suid-Afrika onder die Britse vlag sou verenig het langs konstitusionele weg soos Carnarvon oorspronklik beoog het, want dit is twyfelagtig of die Boere 'n ander leier sou kon vind wat sterk genoeg was om die Imperialistiese druk te weerstaan. Gevolglik sou die Boerenasionalisme die magtige stimulus van die Tweede Vryheidsoorlog gemis het,[60] en ons kan waag om te voorspel dat die republiekeinse ideaal van die Voortrekkers in die twintigste eeu geleidelik veld sou verloor het. Ons moet natuurlik nie uit die oog verloor nie dat so 'n verreikende konstitusionele beperking moontlik in 1884 by die opstel van die nuwe konvensie sou verdwyn het, omdat Derby baie meer toegeeflik teenoor die Boere was as Kimberley.

Die uiterste teësinnigheid waarmee die Boere die Pretoria-Konvensie aanvaar het, verklaar hulle algehele onverskilligheid teenoor die begeerte van die Britse regering om die nuwe betrekkinge tussen Boer en Brit aan 'n praktiese toets te onderwerp. Vir hulle sou daar staatkundig en andersins weinig voordeel in gesteek het as sake vlotweg sou verloop het. Dit was deel van hul diplomasie om geen besondere ywer aan die dag te lê ter verwydering van die struikelblokke wat so spoedig begin opduik het nie. Een saak was uit die staanspoor baie duidelik - die Boere was geensins bereid om dieselfde sentimentele betekenis aan die susereiniteitsbegrip toe te ken as Kimberley nie. Hulle het bedoel dat die voogdyskap van die Britse Kroon slegs 'n skaduwee moes wees waarin hulle beweeg het, sonder enige praktiese betekenis. Dit moes dien as 'n dekmantel om Brittanje se prestige te beskerm ná die militêre neerlae in die Vryheidsoorlog, maar dit moes nie vertolk word in die Middeleeuse sin van feodale beskerming nie.[61] So 'n vertolking sou hul nasionale

---

59) Die uitslag van die verkiesing in 1898 was: Kruger 12,764 stemme; Burger 3,716 stemme; Joubert 1,943 stemme. (B.A., Imp. White Books, nr. 543 (Vol. 52), nr. 102, Milner aan Chamberlain, d.d. 10-2-1898.

60) Een van die belangrikste lesse wat die geskiedenis deur die eeue heen die mensheid geleer het, is dat nasionalisme kragtig herlewe juis wanneer gepoog word om dit te vernietig.

61) Die susereiniteitsbegrip het sy ontstaan te danke aan die feodale stelsel in die Middeleeue, toe die leenheer die leenmanne teen vyande beskerm het, maar nie sonder om talle feodale laste op hul skouers te laai nie. Met die gang van die eeue, en veral sedert die opkoms van nasionale state gedurende die Renaissance, het verskillende Europese vorste die susereiniteitsgedagte aangegryp as 'n handige middel om gesag uit te oefen oor naburige staatjies, elkeen natuurlik volgens sy eie interpretasie van susereine regte. Vandaar dat geen moderne gesaghebbende op die gebied van internasionale reg daarop kan aanspraak maak dat sy interpretasie van die begrip onaanvegbaar is nie. (Vgl. Farrelly: Suzerainty and the South African Republic).

eer krenk. Dr. Jorissen, wat hom sedert 1875 in die Transvaal bevind het, eers as onderwyser en later as staatsprokureur,[62] en wat dus al die wedervaringe sedert anneksasie saam met die Boere deurgemaak het, teken hul houding teenoor hierdie netelige vraagstuk soos volg: „Het kan niemand verwonderen dat het vreemde woord 'Suzereiniteit' aanstoot gaf, maar de zaak zelve minder; de ingeboren Afrikaner slimheid doorzag spoedig genoeg dat dit gevaarte minder van een berg dan van een molshoop had."[63] Dit sou egter spoedig blyk dat „ingebore slimheid" 'n mens in die steek kan laat.

Ons het voorheen daarop gewys dat die kabinet wat Gladstone in 1880 saamgestel het, in werklikheid 'n koalisieregering was, gesplits o.m. deur 'n Imperialistiese onderstroming. Kimberley het in sy politieke denke dikwels na die Imperialistiese vleuel, onder andere na Chamberlain en Forster, oorgehel. Die susereiniteitsvraagstuk het hierdie neiging sterk na vore gebring. Hy wou die instelling van 'n susereiniteit oor die Transvaal aanwend om daardeur die ongelykheid in status van die semi-onafhanklike Boerestaat en Brittanje in volkeregtelike sin te beklemtoon, m.a.w. vir hom het die susereine funksie van die Kroon dieper as die oppervlakte gegaan: dit het 'n sentimentele betekenis gehad, dié van staatkundige meerderwaardigheid. „The term Suzerainty," skrywe hy aan Robinson, „has been chosen as most conveniently describing <u>superiority</u> over a State possessing independent rights of government, subject to reservations with reference to certain specified matters. The most material of these reserved rights is the control of the external relations of the future Transvaal State, which will be vested in the British Government, including, of course, the conclusion of treaties and the conduct of diplomatic intercourse with Foreign Powers."[64]

Vir Kimberley is die begrippe „suzerainty" en „paramountcy" blykbaar nou aan mekaar verwant, daar is eintlik net 'n graadverskil. Hy kom dus gevaarlik nå aan die standpunt van die tipiese Imperialis. Hierdie houding het hy aangeneem as gevolg van die rigting wat die Europese politiek ingeslaan het. Koloniale wedywer het die moondhede op die Vasteland begin beetpak en Kimberley wou 'n tydige waarskuwing tot hulle rig dat die Transvaal binne die Britse invloedsfeer geleë was. Die

---

62) Vgl. Van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 158; 180.

63) Vgl. Jorissen: Transvaalsche Herinneringen, 1876-1896, p. 113.

64) C. 2892, nr. 1, Kimberley aan Robinson, d.d. 31-3-1881 (Onderstreping deur skrywer).

Franse regering bv. was terdeë bewus daarvan dat die Boere in hul stryd om volle onafhanklikheid[65] die versene teen die prikkels geslaan het. Nadat hulle die Pretoria-Konvensie ter insae gekry het, versoek hulle lord Lyons, die Britse ambassadeur in Parys, nie sonder 'n goeie tikkie van sarkasme nie, om sy regering in kennis te stel dat hulle tevrede is met die oplossing van die Transvaalse vraagstuk „...in as much as the arrangements made by England with the Transvaal appear to them to correspond in a very happy manner with the conditions which are sometimes imposed upon European Powers in their relations with certain states, placed by the force of circumstances within the sphere of their action."[66] Hierdie boodskap het die Koloniale Kantoor dadelik op sy agterpote gebring. „Does Monsieur Gambetta mean to institute any comparison between the English in the Transvaal and the French in Tunis?" het Hemming verontwaardig uitgeroep.[67] Ander amptenare, onder wie Kimberley self, het gewonder of Lyons nie dalk die doelstellings van die Konvensie verduidelik het toe hy dit aan die Franse regering oorhandig het nie.[68] Ook in die Tweede Kamer van die Nederlandse State-Generaal is kritiek uitgeoefen op die Pretoria-Konvensie. Sekere Kenchenius het verklaar dat die ernstige beperkings op die vryheid van die Boere geen blywende vrede sou bring nie.[69] Hy het sy regering versoek om druk uit te oefen op die Gladstone-kabinet om die Konvensie te wysig.[70] Hoewel die Duitse regering amptelik nog die stilswye bewaar het, het die Duitse pers en nyweraars reeds geruime tyd daarop aangedring dat aan Brittanje se koloniale uitbreiding paal en perk gestel moes word. Kort voordat Frere uit Suid-Afrika teruggeroep is, vestig hy nog Kimberley se aandag op die meergemelde artikel uit die pen van Von Weber in die „Geographische Nachrichten," waarin hy 'n beroep doen op die Duitse owerheid om wakker te skrik en na vore te tree as Brittanje se koloniale mededinger in Afrika. Hy beweer dat Brittanje 'n semi-outokratiese beheer oor Egipte en Zanzibar verkry het en dat die Engelse koerante Brittanje aanspoor om beslag te lê op die Kongo-bekken sodat daar 'n mark geskep kan word vir Britse handelsware. As Brittanje fabrieke oprig in die Kongo-bekken, moet Duitsland dieselfde doen. Verder moet Duitsland Brittanje se invloed langs die ooskus van Afrika bekamp. Die Duitse

---

65) Die Boere het gepleit vir die herstel van hul vryheid op die grondslag van die Sandrivier-Konvensie. Vgl. bv. die toespraak van die voorsitter van die Volksraad wat ons so pas aangehaal het.

66) C.O. 291/13, verw. 22266, Lyons aan Granville, d.d. 2-12-1881. (Onderstreping deur skrywer).

67) C.O. 291/13, verw. 22266, Kanttekening van A. W. L. Hemming. (Hy was 'n senior amptenaar in die Koloniale Kantoor).

68) C.O. 291/13, verw. 22266, Kanttekeninge van amptenare.

69) C.O. 291/13, verw. 29898, Stuart aan Granville, d.d. 12-12-1881.

70) C.O. 291/13, verw. 21898, Stuart aan Granville, d.d. 12-12-1881.

regering het sy plig versuim toe hy nie teen die Britse anneksasie van die Transvaal geprotesteer het nie.[71] Die imperialistiese gees wat uit hierdie artikel straal, is onmiskenbaar. Die uitdagende houding van die Franse, Hollanders, Duitsers en ander nasies teenoor Brittanje se koloniale bedrywighede het die Boere nie ten goede gekom nie, want dit het Kimberley net meer vasbeslote gemaak om hul onderhorigheid aan die suserein tydig en ontydig te beklemtoon. Die eerste botsings tussen hom en die Boere onder die nuwe bedeling sou juis oor hierdie vraagstuk gaan.

Nog voordat die Volksraad die Pretoria-Konvensie bekragtig het, het die stryd oor die praktiese toepassing van die susereiniteitsbeginsel reeds 'n aanvang geneem. Die siviele administrasie is op 8 Augustus aan die Driemanskap oorgedra,[72] en op dieselfde dag het 'n proklamasie in die Staatskoerant verskyn waardeur 'n hooggeregshof „in en voor de Zuid-Afrikaansche Republiek" in die lewe geroep is.[73] In alle amptelike dokumente wat daarna gevolg het, is die Staat met dieselfde benaming aangedui.[74] Onmiddellik het Kimberley skerp gereageer. Op 15 Augustus telegrafeer hy aan Robinson: „The state which we agreed to recognise is the Transvaal State, as specified in the Convention, and in all official communications we can use no other name."[75]

Die vraag ontstaan waarom dan die bohaai oor 'n saak van oënskynlik ondergeskikte belang? Immers, verskeie Europese state dra in die praktyk tog ook meer as een benaming.[76] Kimberley se gevoeligheid is te wyte aan die besondere waarde wat hy aan Brittanje se susereiniteit oor die Transvaal geheg het. Vir hom was dit nie slegs die Brits-Transvaalse verhouding wat daarmee gemoeid was nie maar ook die internasionale posisie van die Republiek in 'n wêreld waarin die groot moondhede al hoe meer skeef opgekyk het elke keer wanneer Brittanje 'n poging aangewend het om sy koloniale ryk verder uit te brei. Weinig Boere, indien daar sulkes was, het waarskynlik die susereiniteitsvraagstuk in die breë agtergrond van die Europese politiek probeer plaas. Hulle was onbewus daarvan dat selfs sekere kampvegters vir hul regte, soos die „Illustrated London News", die herrysenis van die Boerestaat in die vooruitsig gestel het slegs indien dit 'n nuwe gedaante sou aanneem onder 'n nuwe

---

71) C. 4190, Bylae in nr. 1.

72) C. 3098, nr. 13, Robinson aan Kimberley, d.d. 14-8-1881.

73) Vgl. Pieterse, a.w., p. 296.

74) Ibid.

75) C. 3098, nr. 15, Kimberley aan Robinson, d.d. 15-8-1881.

76) Vergelyk bv. Nederland i.p.v. Holland, Engeland i.p.v. Brittanje.

benaming wat die wesensverandering kon aandui.[77] Hulle het verkies dat hul vaderland as „Zuid-Afrikaansche Republiek" bekend sou staan, nie slegs, soos Jorissen beweer, ter wille van die herinnering wat dit by hulle wakker geroep het nie,[78] maar ook omdat hulle begerig was om die aandag soveel moontlik van hul minderwaardige status af te lei. Toe die Staatspresident in Mei 1882 verklaar het dat aan alle goedgesinde moondhede kennis gegee is van die „herstelde onafhanklijkheid van den Staat," besluit die Volksraad dat die woorde „van de Republiek gevoegelijk en meer gepast de plaats hadden kunnen vervangen hebben van de woorden van den Staat ..."[79]

Dit was die plig van die Boereleiers tydens samesprekinge met die Koninklike Kommissie om beswaar te maak teen die voorgestelde **naamsverandering**. Tog het hulle die saak nie aangeroer nie.[80] By geleentheid van die ondertekening van die Konvensie op 3 Augustus 1881 het Robinson in sy amptelike toespraak verwys na die belange van die Transvaal-Staat. Niemand het hom tereggewys nie.[81] Toe die Volksraad in Oktober wysigings voorstel in die bepalings van die Konvensie, swyg hulle eweneens oor die naamsverandering.[82] Kimberley was dus heeltemal geregverdig om in sy houding te volhard. Op 10 April 1882 stel hy die Transvaalse regering nog 'n keer in kennis dat „Her Majesty's Government will ... continue to use the appelation Transvaal-State."[83] Die Boere se handelswyse moet verklaar word uit 'n wanbegrip van die oorwegings wat Kimberley se beleid gemotiveer het. Hulle het waarskynlik gemeen dat dit meer diplomaties sou wees om te swyg oor die saak en tog hul eie gang te gaan. Die onverwagte raps oor die vingers was ongetwyfeld 'n onaangename verrassing.

Intussen het die Boere ook nader kennis gemaak met Kimberley se opvatting van „superiority". In Desember 1881 het hulle by Paardekraal byeengekom om die „herwinning" van hul vryheid feestelik te herdenk.[84] Kimberley het aanstoot geneem, omdat aan die heildronk op die gesondheid van die Koningin as suserein slegs 'n vierde plek op die rangorde van gelukwensinge toegestaan is, en die Resident het opdrag gekry om in die toekoms openbare verrigtinge te vermy indien aan die Koningin nie die eer betoon word waarop sy geregtig is nie.[85]

Verdere wrywing het ontstaan oor die betrekkinge van die Republiek met die

---

77) Vgl. voetnoot nr. 204 van Hoofstuk I.

78) C. 3098, p. 86, Rapport van Jorissen aan Uitvoerende Raad (datum onvermeld).

79) Vgl. Pieterse, a.w., p. 297.

80) C. 3098, p. 86, Rapport van Jorissen aan Uitvoerende Raad.

81) C. 3098, nr. 23, Robinson aan Kimberley, d.d. 4-8-1881.

82) C. 3098, nr. 32, Resident aan Hoë Kommissaris, d.d. 4-10-1881.

83) C. 3381, nr. 41, Kimberley aan Robinson, d.d. 10-4-1882.

84) C.R.O. 260, Notes on Dr. Jorissen's second interview with Lord Derby.

85) C. 3381, nr. 12, Robinson aan Kimberley, d.d. 21-1-1882; nr. 13, Kimberley aan Robinson, d.d. 23-2-1882.

Europese moondhede. Ons het reeds verwys na die geskil oor die uitreiking van exequaturs aan konsuls binne die Transvaal.[86] 'n Ernstige strydvraag het ook ontstaan oor Kimberley se eis om verdrae, wat die Republiek vóór anneksasie met vreemde moondhede gesluit het, sodanig te wysig dat hulle sou aanpas by die bepalings van die Pretoria-Konvensie. Die Transvaalse regering het hierdie aanspraak van Kimberley ten sterkste betwis. Die Konvensie het geen voorsiening vir hierdie vraagstuk gemaak nie. Kimberley het dus eenvoudig sy gang gegaan en teen wil en dank 'n verdrag, wat die Republiek in 1875 met Portugal gesluit het in verband met die bou van 'n spoorweg na Lourenço Marques, na eie goeddunke gewysig.[87]

Dit sou egter die eeue-oue inboorlingprobleem wees wat die Britse regering uiteindelik gedwing het om, tot groot vreugde van die Boere, die Pretoria-Konvensie in hersiening te neem. As die Driemanskap, na 'n hewige innerlike stryd,[88] slegs met beswaarde harte die besluit kon neem om die Konvensie te onderteken, het Robinson se vaarwelboodskap seker niks bygedra om hulle las enigsins ligter te maak nie: „Before signing the Convention which we have now finally agreed to, we are anxious, whilst expressing our best wishes for the success of the future Transvaal State, not to conceal from the Transvaal representatives our opinion that the greatest danger which the future Government will have to contend with is the native difficulty.... if we may, as sincere well wishers, express to you one word of parting advice, it is this, that you should employ all the moral influence you possess, and all the legal powers you can exercise, to secure for the natives who had no voice in the change now brought about, kind and considerate treatment."[89] „Die beste stuurman staan aan wal" sou 'n gepaste antwoord op Robinson se vaderlike vermaning gewees het, want dis voorwaar geen benydenswaardige taak om met die hande agter die rug vasgebind so 'n netelige vraagstuk aan te pak nie. Dit, inderdaad, sou die praktiese uitwerking van die stremmende bepalings van die Konvensie wees.

Die optrede van die Republikeinse regering teenoor die naturelle binne die Transvaal het weinig ongunstige reaksie in verantwoordelike kringe in Brittanje uitgelok. Dit moet in 'n groot mate toegeskrywe word aan die daadwerklike poging van

---

86) Vgl. voetnoot nr. 34 van hierdie hoofstuk.

87) Vgl. Pieterse, a.w., p. 303-305.

88) Id., p. 285-286.

89) C. 3098, nr. 23, Robinson aan Kimberley, d.d. 4-8-1881.

Hudson, die Britse Resident, om samewerking te verleen. Dit strek hom tot eer dat hy hom uit die staanspoor daarop toegelê het om die Boerebeleid uit 'n objektiewe gesigspunt te betrag. Slegs 'n paar maande nadat die belange van die naturelle aan die sorg van die Boere toevertrou is, deel hy Robinson mee dat die verhouding tussen die Staat en die naturelle oor die algemeen vriendskaplik is en dat die regering 'n versoeningsbeleid teenoor laasgenoemde volg.[90)]

Die billike houding wat Hudson teenoor die Boere ingeneem het, het min gedoen om die rustelose gemoedere te kalmeer. Vir die Boere het die teenwoordigheid van die Resident in die hoedanigheid van naturellebeskermer 'n doring in die vlees gebly, want dit het hul eerbaarheid as 'n beskaafde volk onder verdenking geplaas en hul binnelandse soewereiniteit geskend. Tydens die volksraadsitting van Mei 1882 verklaar die voorsitter dat die Konvensie die Boere in der waarheid brandmerk as onderdrukkers van die naturelle. Tog het hulle reeds bewys gelewer van hul bekwaamheid en bereidwilligheid om die belange van die naturelle te behartig, en hy meen dat die Uitvoerende Raad opdrag moet kry om die Britse regering mee te deel dat die betrokke funksie van die Resident oortollig geword het „aangesien de blanke inwoners des lands met in achtneming van alle beschaafde regelen en wetten met de naturellen handelen."[91)]

'n Groter bedreiging vir die soewereiniteit van die Republiek in binnelandse sake as die teenwoordigheid van die Resident was die invloed van die negrofiliste op die Britse koloniale beleid.[92)] Die gevaar dat die naturelle aan onderdrukking blootgestel kon word, was een van die oorwegings wat die Liberale kabinet in 1880 laat besluit het om die anneksasie van die Transvaal te handhaaf.[93)] Dit is dan ook opmerklik dat Kimberley, pas na die vredesluiting in Maart die volgende jaar, Robinson

---

90) C. 3098, Bylae in nr.59, Resident aan Hoë Kommissaris, d.d. 30-12-1881. Vergelyk ook C.R.O. 257, p. 2: „There has been very little friction between the British Resident and the Government with regard to the action he has taken with regard to the natives within the State."

91) E.V.R. 15, Art. 18 op p. 248, d.d. 3-5-1882.

92) Ons verwys na die getuienis van verantwoordelike staatsmanne om aan te toon dat die Britse regering meermale geswig het voor die druk van die negrofiliste:-

(a) Robinson aan hoofregter Kotze: „Legally you are right, logically you are right. Unfortunately we have to think politically. The people over there (England) must be satisfied too." (Aangehaal in Pieterse, a.w., p. 281).

(b) Kruger in die Volksraad ná die sluiting van die Londen-Konvensie: „Het ministerie had aan de deputatie toch meermalen verklaard dat ze ook rekening moest houden met het Engelsche volk. (Byvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R., 14-8-1884, Art. 1032 op p. 2).

93) Eric Walker meen dat veral Joseph Chamberlain bekommerd was oor die lot van die naturelle. (Vgl. Walker: A History of S.A., p. 386).

gewaarsku het om streng maatreëls te neem om te voorkom dat die naturelle in die hande van genadelose blankes val. Veral moes verhoed word dat slawerny ingevoer word onder die dekmantel van die sg. inboekstelsel. Om Robinson die erns van die toestand te laat besef, stuur hy aan hom 'n afskrif van 'n artikel uit die pen van Richard Southey, bekende Koloniale Sekretaris in die Kaapkolonie, wat in die „Cape Monthly" verskyn het. Die sekretaris van die „Aborigines Protection Society" het die artikel aan die Koloniale Kantoor gestuur, omdat dit die misdade skilder wat die Boere teenoor die naturelle sou gepleeg het. Daarin word o.m. verklaar: „In some parts (of the Orange Free State and the Transvaal Republic) you may see a mistress, who does not want her female servant to remain on her premises during the night, send her with a note to the jailer, and have her locked up in gaol for the night, and be returned to her in the morning, possibly, if the mistress so desires it, after the administration of a dozen lashes or so on the bare back, if she is at all disposed to be what among the Boers is styled "parmantig" or "brutal"...There are exceptions to every rule. I mention this as the rule."[94] Dit mag vir ons vreemd voorkom dat 'n leidende Britse staatsman aandag kon bestee aan so 'n klaarblyklike belastering van 'n beskaafde en Christelike volk. Ons sou van Kimberley verwag het dat hy die artikel vererg opskeur en in die snippermandjie gooi. Maar dit sou onbillik wees om van hom te verwag om sake presies deur dieselfde bril as ons te betrag. Nie alleen het Kimberley weinig persoonlike kennis van die Boere gehad nie, maar, hoewel slawerny reeds byna 'n halwe eeu uit die Britse Ryk verdwyn het, het dit 'n aktuele vraagstuk in die V.S.A. gebly tot in die sestiger jare, en die bloedige burgerstryd wat daaruit voortgevloei het, was seker nog vars in die geheue van die ouer staatsmanne.[95]

Die naturellevraagstuk van die Republiek het vir ons ook besondere betekenis in dié sin dat dit aantoon hoe die spreekwoordelike neiging van die Boere tot isolasionisme dikwels oordryf word. In Transvaalse regeringskringe is terdeë besef hoeveel skade die beswaddering deur die negrofiliste hul betrekkinge met ander moondhede kon berokken en hul pogings, hoe flou ook al, om 'n goeie naam in Brittanje en op die Vasteland te verwerf, getuig nogal van diplomatieke aanleg. Die Republiek was nou-

---

94) G.H. 21/9, Transvaal Commission no. 15, Kimberley aan Robinson, d.d. 28-4-1881. Southey, wat deur Walker „an early imperialist" genoem word, het 'n wrewelige haat gekoester teenoor die nasionale strewe van die Boere. Bekend is die rol wat hy gespeel het in verband met die anneksasie van die diamantvelde en die voorsiening van vuurwapens aan die naturelle. (Vgl. Scholtz: Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, I, p. 65-68; 76-77; 83)

95) „Uncle Tom's Cabin" deur Beecher Stowe wat in 1852 verkyn het en die wreedhede beskryf wat gepleeg is as gevolg van die wegloperswet van 1850, het wêreldberoemd geword.

liks herstel of 'n gunstige geleentheid doen hom voor om aan die wêreld te toon dat die Boer net soveel as die Brit gesteld was op die handhawing van fundamentele menseregte. Op 10 Oktober 1881 verklaar die Vise-President in die Volksraad dat in die distrikte Potchefstroom en Pretoria meer as 800 kaffers woon wat in 1878 deur die Britse owerheid by blankes ingeboek is.[96] Dadelik is 'n kommissie aangestel om die saak te ondersoek. Sowat 'n maand later besluit die Raad: „De Raad heeft met leedwezen kennis genomen van de handelingen der Britsche Regering in zake de Inboeking van Kaffers te Potchefstroom en Pretoria, zooals die uit het Commissie Rapport aan de orde zijn gebleken, en vereenigt zich ten volle met de recommandatie der Commissie, om deze Kaffers terstond, en **gelijktijdig** met hunne kinderen vrij te laten en de Regering op te dragen...om de Contracten, waarbij de kinderen zijn ingeboekt, als in strijd met de wetten van ons land te vernietigen. De Raad draagt aan de Regering op het Commissie-rapport te doen publiceeren in zijn geheel."[97]

Die saak het groot opskudding veroorsaak in die openbare pers, binne sowel as buite die Transvaal,[98] en natuurlik was Kimberley baie ontsteld. Shepstone en Osborne, Administrateur en Koloniale Sekretaris onderskeidelik van die voormalige Britse kolonie, is om 'n verduideliking gevra.[99] Shepstone het verklaar dat die naturelle herbergloos geword het as gevolg van die oorloë teen Sekoekoenie. Die Boere het toe versoek dat die rondlopers aan hulle moes toegeken word as arbeiders „under the system that had always been followed in the Transvaal towards the natives captured in war; a system that ignored the wishes of the people concerned, and consigned them to practically endless servitude, without wages, under masters in whose selection they had no voice." Hy het hulle toe maar self ingeboek om hulle teen die Boere te beskerm![100] Osborne het ook verduidelik dat die naturalle in hul eie belang ingeboek is.[101] Kimberley was tevrede en het Robinson versoek om die verslae van Shepstone en Osborne aan die Transvaalse regering voor te lê.[102]

Dit moes vir die Boere duidelik geword het dat hul pogings om die buitewêreld te beïndruk met hul strewe om reg aan die inboorling te laat geskied, nie juis won-

---

96) E.V.R. 14, Art. 90 op p. 168.

97) E.V.R. 15, Art. 364 op p. 181-183.

98) C. 3098, nr. 52, Kimberley aan Robinson, d.d. 4-1-1882; nr. 57, Kimberley aan Robinson, d.d. 19-1-1882.

99) C. 3098, nr. 57, Kimberley aan Robinson, d.d. 19-1-1882.

100) C. 3381, Bylae in nr. 66, Shepstone aan Robinson, 29-4-1882.

101) Ibid., Memorandum deur Osborne, d.d. 17-3-1882.

102) C. 3381, nr. 68, Kimberley aan Robinson, d.d. 6-6-1882.

derlik geslaagd was nie. Die negrofiliste het die saad van haat en wantroue op vrugbare bodem gesaai. Daarna vind ons dat die Republiek sy diplomatieke bedrywighede, wat gemik was op 'n hersiening van die Pretoria-Konvensie, vinnig verskuif het na die terrein van die ernstige stambotsings op sy suidwestelike grense.

Hoewel die Gladstone-regering tot die gevolgtrekking gekom het dat die Boere se land aan hulle teruggegee moes word, was die Koloniale Kantoor nogtans vasbeslote dat dit nie weer 'n onbegrensde staat soos in 1852 sou wees nie.[103)] Die vasstelling van die grense was natuurlik een van die pligte wat op die skouers van die Koninklike Kommissie gerus het. Weens die botsende belange van Boer , Brit en naturel was dit geensins 'n benydenswaardige taak nie. Wat die oosgrens betref, is baie moeilikhede voorkom deur die besluit van die Kommissie dat die Boere se grondgebied nie ingekrimp moes word nie.[104)] Ook die noord-en noordwesgrens het geen probleme opgelewer nie.[105)] Dit was die suidwestelike grense, waar die Keate-uitspraak soveel verwarring veroorsaak het, wat nie sonder baie kopkrap vasgestel kon word nie. Hoewel 'n dekade reeds verloop het sedert Keate se bekende uitspraak na aanleiding van die ontdekking van diamante in die binneland, was die Transvaalse boere in die onteiende gebied, wat die distrik Bloemhof en groot dele van die distrikte Potchefstroom en Marico ingesluit het, nog steeds in ongestoorde besit van hul plase.[106)] Aangesien die boere so stewig gevestig was en so baie geld bestee het aan geboue en ander verbeterings, was die Koninklike Kommissie nie bereid om die Keate-lyn te handhaaf nie[107)] maar het besluit om die betwiste gebied min of meer om die helfte tussen die naturellestamme en die Republiek te verdeel.[108)] Die Boereleiers het ernstig beswaar gemaak teen die voorgestelde verdelingslyn, op grond daarvan dat dit naturelle wat die Boere goedgesind was en graag onder hul voogdyskap wou lewe, van die Republiek afgesny het. Die Kommissie het egter beweer dat, as gevolg van die wanorde en onrus onder die stamme, hul begeertes in verband met hul landsgrense aan wispelturige nukke en grille onderhewig was, en dat dit buitendien onmoontlik sou wees om 'n grenslyn vas te stel wat die Boere se bondgenote by die Transvaal insluit en terselfdertyd die Britsgesinde hoofde daarbuite hou; „But, apart from the difficulty

---

103) C. 2892, nr. 1, Instruksies aan die Koninklike Kommissie, d.d. 31-3-1881.

104) Vgl. in hierdie hoofstuk voetnoot nr. 142; Wood wou wel die Transvaalse gebied suid van die Drakensberge behou, maar hy is beslis teëgestaan deur Robinson en De Villiers. Vgl. C. 3114, verslag van die Koninklike Kommissie, p. 64.

105) C. 3114, Transvaal Royal Commission Report, 1881, punt nr. 71.

106) Vgl. Scholtz: Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, I, p. 66; Pieterse: Transvaal en Britse Susereiniteit, p.306; C. 3114, Transvaal Royal Commission Report, punt nr. 84-89.

107) C. 3114, Transvaal Royal Commission Report, punt nr. 88 en 89.

108) Id., punt nr. 86-96; C. 3098, nr. 33, Kimberley aan Robinson, d.d. 5-11-1881.

of ascertaining truly, at a time of disorder and uncertainty among the natives, what their real desires might be, there was this insuperable objection to the plea of the Boer leaders, that a boundary line, giving more territory to the Transvaal State, even if it had included natives anxious to live under a Transvaal Government, would have included also those whose vehement dislike to a Transvaal Government would have made peace impossible. Such was the people ruled over by Montsioa, probably the most powerful Chief in the district."[109] Dit was dus die beleid van die Kommissie om soveel moontlik naturellestamme buite die grense van die Republiek te hou.

Die resultaat wat die werksaamhede van die Koninklike Kommissie opgelewer het, kan soos volg opgesom word: 'n semi-onafhanklike blanke staat met 'n aantal soewerein-onafhanklike naturellestamme op sy grense,[110] sonder enige verpligtinge teenoor hul Europese buurstate, sommige bondgenote van die Boere, andere bondgenote van Brittanje, maar nie een woonagtig binne 'n noukeurig afgebakende gebied nie. Die gevolg was voortdurende stamoorloë op die suidwestelike grense van die Transvaal wat, weens gebrek aan samewerking, nóg deur die Britse nóg deur die Transvaalse regering beeindig kon word. Die vraagstuk is baie bemoeilik deur blanke vrywilligers, hoofsaaklik Boere uit die Transvaalse grensdistrikte, wat hulle by die onderskeie hoofde se strydmagte gevoeg het. Transvaal en Brittanje kon geen ooreenstemming bereik oor die metode wat gevolg moes word om die vrede onder die stamme te bewaar nie. Hoewel die Republikeinse regering 'n proklamasie uitgevaardig het wat Transvaalse burgers verbied het om aan die stamgevegte deel te neem,[111] was hy nogtans oortuig dat die wortel van die kwaad gesoek moes word by die onpraktiese wyse waarop die suidwestelike grense vasgestel is „waardoor bevriende Kafferstammen geheel of zelfs gedeeltelijk werden afgesneden, en een gemakkelijke prooi werden van hunne vijanden, nu zij de altijd genotene bescherming van de Zuid-Afrikaansche Republiek niet langer genoten."[112] Die Britse regering, aan die anderkant, het gemeen dat die blanke vrybuiters die bron van alle euwels was en het dus voorgestel dat 'n verenigde polisiemag in die lewe geroep moes word deur die Transvaalse, Vrystaatse, Kaapse en Imperiale regerings om die vrybuiters aan te keer en te straf.[113] Die Transvaalse

---

109) Id., punt nr. 92.

110) Op 5 November 1881 skrywe Kimberley aan Robinson: „As regards the remainder of this territory (Keate Award) it is not the intention of Her Majesty's Government to exercise any jurisdiction over the Chiefs beyond the new boundary line; their independence is recognized both by Her Majesty's Government and the Transvaal State" - C. 3098, nr, 33.

111) C.R.O. 257, p. 5

112) E.V.R. 15, openingsrede van die vise-President in die Volksraad, d.d. 1-5-1882.

113) C.R.O. 257, p. 5

regering het die voorstel verwerp en die steun van die Vrystaat geniet.[114] Die houding van die Transvaalse regering was volkome geregverdig, want daar bestaan nie die minste twyfel nie dat hy, veeleer as die Britse regering, die vinger op die wond gelê het. Die Pretoria-Konvensie het die Boere belaai met 'n skuldelas buite alle verhouding tot hul finansiële vermoë,[115] 'n deel van hul grondgebied aan die wesgrens vervreem,[116] en nou het die Britse regering nog verwag dat die Republiek verder in die skuld gedompel moes word deur militêre aksie om 'n kunsmatige vredeskikking te handhaaf. Dit het geen verbeeldingskrag gekos om die onredelikheid van Kimberley se voorstel in te sien nie, en sake het 'n dooie punt bereik.

Sedert die einde van 1882 het omwentelinge plaasgevind wat die Boere ten goede sou kom. Die eerste het gekom toe 'n nuwe politieke hoof in Desember die Koloniale Kantoor betree het.[117] Derby het die plek van Kimberley ingeneem. Die gerugte wat die Boereleiers bereik het dat hulle beter met Derby oor die weg sou kom,[118] is die volgende jaar bewaarheid. Kimberley het nie 'n konsekwente beleid teenoor die Boere gevolg nie. Materiële oorwegings het dikwels ten grondslag aan sy optrede gelê.[119] In 1871 keur hy die anneksasie van Griekwaland-Wes goed sonder om behoorlik ondersoek in te stel na die regte van die Boere, in 1881 raak hy van die Transvaal ontslae omdat dit, weens die verset van die Boere, blykbaar van geringe of van geen ekonomiese waarde vir die Ryk sou wees nie. In plaas van Kimberley se politieke opportunisme het die Boere nou teenoor Derby se politieke openhartigheid te staan gekom. Bowendien was lg. staatsman meer geneë as sy voorganger om hul probleme in 'n gees van vriendskap en samewerking te benader.[120]

---

114) Ibid.

115) E.V.R. 17, Art. 413.

116) C. 3114, Verslag van die Koninklike Kommissie, punt nr. 90-93.

117) In Brittanje vind ons dikwels groter vloeibaarheid van beleid binne dieselfde party as in Suid-Afrika, waar die nasionaliteitsverskille onder die blankes nog altyd aan die politieke verdeling 'n mate van stabiliteit verleen het, soms meer, soms minder.

118) Vgl. Pieterse, a.w., p. 318; Walker: A History of South Africa, p. 403.

119) Saam met Granville, Spencer en Hartington word Kimberley deur die Engelse geskiedskrywer, McCallum, as die Whig magnates in Gladstone se kabinet, geklassifiseer. (Vgl. Halevy en McCallum; Victorian Years, 1841-1895, p. 459). Dr. Scholtz noem Kimberley selfs in een asem met Chamberlain en Milner. (Vgl. Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, I, p. 68).

120) Vgl. Bosman: Oorheersing en Vrywording, 1877-1884, p. 435 in Geskiedenis van Suid-Afrika, I (Van der Walt, Wild en Geyer).

# HOOFSTUK III.

## Die Republiek se status verhoog.

Volgens tradisie van die Koloniale Kantoor het Derby die sienswyse van verskillende amptenare ingewin voordat hy sy eie Transvaalbeleid finaal vasgestel het. In die Koloniale Kantoor het Hemming en Fairfield, dieselfde twee amptenare wat die Liberale kabinet in 1880 leiding gegee het in verband met die Transvaalse vraagstuk,[1] memoranda opgestel oor die probleme wat die toepassing van die Pretoria-Konvensie opgelewer het.[2] Albei verduidelik omslagtig die botsings wat tussen die Britse en Transvaalse regerings ontstaan het oor die interpretasie van die bepalings, maar terwyl Fairfield oor die algemeen die gematigde houding teenoor die Boere handhaaf wat hy sedert die Vryheidsoorlog ingeneem het, slaan Hemming hierdie keer 'n vyandige toon aan en neem die geleentheid te baat om gal te braak op die Boere. Bandeloosheid, gebrek aan regverdigheidsin en onversadigbare „grondhonger" is inherente karaktertrekke van die Boer, en hy is daarvan oortuig dat die Transvaalse regering nie daarin sal slaag om deur middel van neutraliteitsproklamasies sy onderdane te verbied om aan die naturellevetes deel te neem nie: „The Boer only tolerates authority so long as it does not interfere with his own personal interests or those of his friends, and, with the contempt of native rights which is inherent in the Dutchman, it is not likely that the Transvaal Government would be able to command the services of any force of its subjects sufficient to prevent the operations of the marauders and relieve the oppressed chiefs...When the territories of these chiefs are disposed of, then the turn will come of tribes beyond them further to the west and north, for so long as there remain natives to be ill-treated and dispossessed of their property, the 'earth hunger' of the Boers seems never to be satisfied."[3] Hier luister ons maar weer na die eentonige refrein van die klaaglied wat die dissipel van die Imperialisme en negrofilisme dwarsdeur die neëntiende eeu aangehef het.

---

1) Vgl. Hoofstuk I, voetnoot nr. 109.

2) C.R.O. 257, A.W.L. Hemming, Memorandum: Condition of the South-Western Border of the Transvaal State, and the Working of the Pretoria Convention, d.d. 3-3-1883. (Printed for the use of the Colonial Office); C.R.O. 262, E. Fairfield, Memorandum: The Transvaal Government and the Convention, d.d. 24-5-1883. (Printed for the use of the Colonial Office).

3) C.R.O. 257, p. 6-7.

Hemming is oortuig dat daar vir Derby net twee weë oop is: óf 'n militêre mag stuur om die vrybuiters te verdrywe en die gebied tydelik te beset, wat 'n koste van ongeveer £100,000 sou meebring, óf die Pretoria-Konvensie laat vaar en die naturelle oorlaat aan die genade van die Boere.[4] „Charity begins at home", was blykbaar die reaksie van Derby, want hy was nie bereid om so 'n groot opoffering, militêr en finansieël, van die Britse volk ter wille van 'n paar lojale inboorlinghoofde te verg nie.[5] Gedurende die vroeë tydperk van die jare tagtig het Brittanje hoegenaamd geen voordeel daarin gesien om sy gesag uit te brei in die binneland van Suid-Afrika nie. Kimberley het dan ook in 1881 aan Robinson geskrywe: „Her Majesty's Government are averse, on general grounds of policy, to the extension of British authority in South Africa."[6] Die volgende jaar is Brittanje se aandag in beslag geneem deur gebeurtenisse in Egipte, waar die Suez-kanaal 'n lewensaar van sy Oosterse handel geword het. 'n Sterk nasionale party onder Arabi Pasha was vasbeslote om die Britte en Franse uit hul land te jaag. Hoewel Brittanje feitlik geen steun van Frankryk ontvang het nie, het hy nogtans besluit om Arabi Pasha te onderwerp en die gesag van die Britsgesinde Khedive te herstel. Na 'n militêre stryd van drie maande het Brittanje in sy doel geslaag,[7] maar hierdie aggressiewe beleid het soveel onenigheid in die Liberale kabinet veroorsaak dat Bright, 'n invloedryke leier van die „Little Englanders," uitgetree het.[8] Dit verklaar die strewe van Derby om die koloniale probleme in Suid-Afrika sonder wapengeweld op te los. Maar die Transvaalse vraagstuk was 'n turksvy wat hy al hoe vinniger van die een hand na die ander gegooi het in 'n poging om die irritasie van die prikkende dorinkies te vermy. Op diplomatiese wyse het die Transvaalse regering van Derby se verleentheid gebruik gemaak om die rampspoedige gevolge waartoe die Pretoria-Konvensie kon lei, te beklemtoon. In Maart 1883 het Jorissen met 'n paar maande vakansie na Europa vertrek en hy sou in Londen voelhorings uitstoot om vas te stel hoe die wind gewaai het en wat die vooruitsigte was om 'n nuwe verdrag in die lewe te roep.[9]

---

4) Hemming spreek hier geen oorspronklike gedagtes uit nie maar vertolk die sienswyse van Robinson, waarmee Derby reeds bekend was. (Vergelyk die telegrafiese kommunikasie tussen Derby en Robinson in Februarie en Maart 1883, opgeneem in C.R.O. 257, Appendix, p. 11-13).

5) C.R.O. 257, Derby aan Robinson, d.d. 27-2-1883.

6) C. 2892, nr. 1 op p. 5, Kimberley aan Robinson, d.d. 31-3-1881.

7) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 319.

8) Vgl. Halevy en McCallum, a.w., p. 460.

9) Vgl. Pieterse, a.w., p. 323-325; Bosman, a.w., p. 436.

In Londen het Jorissen twee onderhoude met Derby gevoer.[10] Hoewel hy sommige van die Boere se besware teen die Pretoria-Konvensie op bekwame wyse uiteengesit het, veral die onbevredigende afbakening van die suidwestelike grense, die ontevredenheid oor die susereine regte van die Kroon en die streng beheer oor die Republiek se betrekkinge met ander moondhede, het sy taktlose uitlatings ongetwyfeld die saak van die Boere geskaad, soos sy venynige aanval op die negrofiliste en sy bewering dat dit onmoontlik is om die Suid-Afrikaanse naturel te beskaaf of tot die Christelike godsdiens te bekeer.[11] 'n Uitlating soos hierdie voor Kimberley, sou waarskynlik tot gevolg gehad het nóg 'n waarskuwing aan Robinson om te waak teen die onmenslikheid van die Boer. So ook het Jorissen die imperialistiese naywer aangewakker deur uitdagend te beweer: „The absorption of Kaffirland will not cease until the Atlantic has been reached; no power can stop die advance of the Africander."[12] Gelukkig vir die saak van die Boere dat Derby 'n nugter denkende politikus was.

Verwikkelinge het nou snel plaasgevind. Vroeg in Mei is Kruger verkies tot President van die Republiek, en nou was hy gebind deur sy verkiesingsbelofte om nie te rus voordat die Konvensie hersien is nie.[13] Op hierdie tydstip was Robinson in Londen waar hy o.m. Suid-Afrikaanse vraagstukke met Derby bespreek het. Sonder die minste twyfel het hy Jorissen as diplomaat en politikus in die skadu gestel. Op 16 Mei het hy in breë trekke, maar op oortuigende wyse die weg aangetoon wat Derby in verband met die nog steeds onopgeloste Transvaalse vraagstuk moes volg.[14]

Eers het hy die minister gewaarsku teen Jorissen, wat hy as onbetroubaar bestempel het en as 'n persoon op wie selfs die Republikeinse regering nie altyd kon peil trek nie: „He is the worst of all the leading men of the State, the only one who took the oath of the allegiance to the Queen and broke it; Joubert and Kruger declined to take the oath." Daarna het hy hom by die eintlike probleem van Derby bepaal - die verhouding tussen Brittanje en die Transvaal. Die strewe van die Boere is „to be fully inscribed on the roll of nations, as they pompously say." Hulle was bewus daarvan, so het hy beweer, dat die Britse regering nie bereid was om

---

10) C.R.O. 258, Notes of Dr. Jorissen's first interview with the Earl of Derby, d.d. 6-4-1883; C.R.O. 260, Notes of Dr. Jorissen's second interview with Lord Derby, d.d. 18-4-1883. (Hierdie onderhoude is waarskynlik deur 'n snelskrywer afgeneem).

11) C.R.O. 258, p. 2.

12) C.R.O. 260, p. 2.

13) Vgl. Verkiesingsmanifes van Kruger, opgeneem in Du Plessis: President Kruger aan die woord, p. 29, nr. 3.

14) C.R.O. 263, Sir Hercules Robinson on the Transvaal and Basutoland, d.d. 16-5-1883.

die Konvensie met geweld van wapens op hulle af te dwing nie, en om Brittanje se prestige te red, moes dit so spoedig moontlik weggedoen word. Robinson was dus bevrees dat die Konvensie 'n tweede Majuba kon word! Hy sou selfs nie aangedring het op 'n nuwe Konvensie nie: „The Boers will do what they choose, and they may better do so without any convention than with one." Hy het die Boere gelyk gegee dat as 'n Konvensie egter nodig was, die Sandrivier-Konvensie as grondslag moes dien: „There is, no doubt, much to be said from the Transvaal point of view; there is justification for their saying that, as we admit we took over the country under a mistake, we should hand it back in the same condition as to finance and with the same liberities as under the Sand River Convention." Verder het hy gewys op die onreg van die swaar skuldelas wat op die Boere gelaai is. Die £150,000 wat gedurende die Britse administrasie van die land tot die staatskuld toegevoeg is, moes volgens hom afgeskrywe word omdat, soos hy dit gestel het: „we have left nothing to show for it; no roads or public works." Hy het ook gepleit vir die afskaffing van die pos van Resident. Soos in die geval van die Oranje-Vrystaat, kon die Hoë Kommissaris dien as skakel tussen die Britse en Transvaalse regering. Die moeilikhede in Betsjoeanaland kon opgelos word deur die Konvensie oor boord te gooi. As dit nie moontlik sou wees nie, moes Derby pal gestaan en geweier het om enige wysigings in die Republiek se huidige grense toe te laat.[15)]

Dit is duidelik dat die Transvaal vir Robinson 'n oorlas was waarvan hy soveel moontlik verlos wou wees. Onder dwang van omstandighede het hy die belange van die Boere bevorder, want die Londen-Konvensie het in baie opsigte die patroon van sy aanbevelings gevolg.

Intussen het Jorissen die Transvaalse regering in kennis gestel dat Derby gunstig na hom geluister het.[16)] Op 13 Junie dra die Volksraad aan die regering op om onverwyld 'n versoek aan die Minister van kolonies te rig dat stappe gedoen moet word met die oog op die sluiting van 'n nuwe konvensie,[17)] en in September 1883 vind ons S. J. P. Kruger, S. J. du Toit en N. J. Smit op pad na Londen om met die Britse owerheid samesprekings te voer.[18)]

Daar aangekom, vind hulle dat die Imperialiste en negrofiliste - Hemming, Robin-

---

15) Ibid.

16) Vgl. Bosman: Geskiedenis van Suid-Afrika (onder redaksie van Van der Walt, Wiid en Geyer), Deel I, p. 436.

17) E.V.R. 20, Art. 297 op p. 162, d.d. 13-6-1883.

18) Vgl. Pieterse, a.w., p. 326.

son, Scanlen, Mckenzie en andere[19] - reeds geruime tyd besig was om vooroordeel teen hulle by die Koloniale Kantoor te wek, 'n vooroordeel wat hulle slegs hier en daar, en met die grootste inspanning, sou kon verwyder. Eintlik is dié vooroordeel deur Rhodes, lid vir Barkly-Wes in die Kaapse Wetgewende Vergadering, vanuit Suid-Afrika gewek, want hy was 'n gebore diplomaat en het, weens sy persoonlike kennis van toestande in Betsjoeanaland, groot vertroue by die owerhede in Kaapstad en Londen ingeboesem, sodat hy presies geweet het hoe en waar om drade te span waaroor die Boereleiers kon struikel. Hierdie aktiewe teenstanders van die Boerenasionalisme was op daardie tydstip meer begaan oor die Republiek se strewe na weswaartse uitbreiding[20] as oor enige ander Suid-Afrikaanse vraagstuk.

Sedert die vertrek van Jorissen na die buiteland kon Rhodes nie meer rus vind nie, omdat hy onder die indruk verkeer het dat eersgenoemde spesiaal oorgestuur is om Derby te oorreed tot uitbreiding van die Transvaalse wesgrens.[21] Hy het Scanlen, die Kaapse premier, gewaarsku om Jorissen se bewegings dop te hou en toe te sien dat die Transvaal nie een duim weswaarts uitbrei nie.[22] Soos Hemming het hy die Boer se „grondhonger" beskou as 'n ongeneeslike kwaal wat 'n bedreiging geword het vir die voortbestaan van die Britse Ryk: „Stop Derby from allowing the Transvaal to annex; they have the pluck of bankrupts, and, given the right, they would annex Egypt tomorrow, but are moving heaven and earth to annex Stellaland and Goshen." Slaag hulle daarin, sal hulle die Kaapse handel met die binneland doodwurg: „If Transvaal gets Stellaland and Goshen, Cape Colony entirely shut out from interior trade, and our railways to Kimberley comparatively useless, as Transvaal will be in the possession of Kuruman route as well...if you have any desire to act for the Colony, you must seize the present position and prevent the development of Transvaal to the extinction of your own trade. It is one of those cases where delay is fatal....But let me press on you, you must act at once. The key of the position is, stop Lord Derby from giving the

---

19) Hoewel senior amptenare in die Koloniale Kantoor, soos Hemming, en Fairfield, nooit in die openbaar opgetree het nie, het hulle net soveel, en dikwels meer, invloed op Koloniale vraagstukke uitgeoefen as amptenare en politici wat aan die roer van sake in die Kolonies gestaan het. Robinson was al sedert die voorjaar van 1883 in Londen, Scanlen, Eerste Minister van die Kaapkolonie, het vroeg in die najaar daar aangekom en Mckenzie, 'n sendeling uit Betsjoeanaland, het reeds in 1882 na Engeland vertrek.

20) Die Transvaalse regering het begeer om groot dele van die republieke Stellaland en Gosen, wat as gevolg van blankes se deelname aan die stamoorloë op sy wesgrens ontstaan het, in te lyf. (Vgl. die kaart in L.K. en die aantekening in verband met die kaart op p. XX).

21) C.R.O. 267, Proposed annexation of Stellaland and Goshen to the Cape, d.d. November 1883, despatches from the Acting High Commissioner, p. 4; ook p. 7, enclosure in no. 2, Rhodes to Premier, Cape Town.

22) Ibid, **Bylae** in nr. 1 op p. 3, Notes of a telegraphic conversation between Mr. Scanlen, Cape Town, and Mr. Rhodes, Barkly West, d.d. 2-6-1883.

Transvaal the right to extend, and have the courage to take it for the Colony...The Transvaal has helped Stellaland with money, men, and arms; they are now waiting for their reward, that is, the junction of Stellaland with themselves, and the complete annihilation under their protective system of your interior trade. While you have been asleep, they have never failed to have an emissary with Stellaland." Hierdie reeks emosionele ontploffings is byna onmiddellik deur die waarnemende Hoë Kommissaris aan Derby gestuur en teen die einde van die jaar, nadat die samesprekinge oor die sluiting van 'n nuwe Konvensie 'n aanvang geneem het, nog eens uit die rakke van die Koloniale Kantoor opgediep en ter verfrissing van Derby se geheue aan hom voorgelê.[23)]

As Rhodes nie daarin kon slaag om Derby te beïndruk nie, sou die kalmer beredenerings van Scanlen en Robinson, wat albei in Londen was om 'n wakende oog te hou oor die belange van die Britse kolonies in Suid-Afrika, dit wel doen. Scanlen het, soos Rhodes hom geleer het, aangedring op die beveiliging van die haldelsweë na die noorde, maar, tot ergernis van Derby, verduidelik dat die Kaapse regering nie bereid was om die weë onder sy beskerming te neem nie, aangesien die Britse fabrikant groter voordeel uit die handel met die binneland getrek het as die Kaapse regering of handelaar. Ook het hy bygevoeg dat geen grensreëling vir die Kaapse regering aanneemlik sou wees tensy dit ook die steun van die Transvaalse regering geniet nie.[24)] Die verborge motief wat agter Scanlen se houding geskuil het, was die vrees dat hy hom die toorn van die Afrikanerbond, met wie se steun hy geregeer het, op die hals sou haal as hy beslag lê op die handelsweë ten koste van die Transvaal.[25)] Om die hande van hul stamgenote te sterk, het die Afrikanerbond juis in die begin van Oktober, terwyl die Boeredeputasie nog op see was, 'n versoekskrif na Londen gestuur waarin die Koningin gevra word om die Pretoria-Konvensie te hersien ter wille van die samewerking van die Britse kolonies en Boerestate in Suid-Afrika. Die bestaande Konvensie het nòg die belange van die Republiek nòg die belange van die naturellestamme op sy grense gedien en die petisionarisse, wat duisende lojale Britse onderdane in Suid-Afrika verteenwoordig het, het die innige vertroue uitgespreek dat Haar Majesteit se regering baie ernstige aandag sal skenk aan die versoeke wat die

---

23) C.R.O. 267, nr. 1, Smyth aan Derby, d.d. 5-6-1883. (Die gesprek tussen Rhodes en Scanlen is teen die einde van die jaar weer opgeneem in die witboek: „C.R.O. 267, Proposed annexation of Stellaland, and Goshen to the Cape, printed for the use of the Colonial Office, d.d. November, 1883").

24) C. 3841, nr. 103, Scanlen aan die Koloniale Kantoor, d.d. 3-12-1883.

25) C.R.O. 267, p. 5, telegrafiese kommunikasie tussen Scanlen en Rhodes, d.d. 2-6-1883.

Boeredeputasie voor hulle sou lê.[26)]

Robinson, wat nie van die steun van politieke partye afhanklik was nie, het sy standpunt sonder huiwering gestel: Die noordelike handelsweg, vanaf die diamantvelde tot by Shoshung, hoofstad van die Bamangwatos, met sy noordwestelike tak na die Ngamimeer, sy noordelike tak tot by die Sambesi, en sy noordoostelike tak na Matabele- en Mashonaland mag onder geen omstandighede in die hande van die Boere val nie. In byna al daardie landstreke was Britse handelstasies, en Robinson het daarop gewys dat die bodem van Matabeleland moontlik die rykste gouderts ter wêreld bevat het. Verder is daar rys, graan en katoen gekweek. Ook in Masjonaland is goud aangetref. Hierdie gebied het volgens Robinson die vrugbaarste grond ter wêreld bevat en 'n groot verskeidenheid tropiese vrugte opgelewer. Robinson voer dan sy betoog na 'n hoogtepunt met hierdie woorde: „It seems to me that it would be a serious injury to British commerce and to the interests of the British communities in South Africa, if the great highway from the Cape to the interior of the continent were given over to the Transvaal Government."[27)]

In nie-amtelike kringe is die strewe van die Boere om 'n meer doeltreffende wesgrens op te stel op genadelose wyse gesaboteer deur die negrofiliste onder leiding van Mckenzie. Hul agitasie in die pers en van die openbare verhoog af „in het belang hunner beschermelingen" het soveel inslag by die Britse publiek gevind, dat die Deputasie verplig was om hulself teen die „Aborigines Protection Society" en die „Anti-Slavery Society" in Engelse en Hollandse koerante te verweer.[28)]

Die oordrewe belangstelling in 1883 in die handelspad na die noorde kom verdag voor. Scanlen erken eerlik dat dit voorheen nie besondere aandag getrek het nie: „The value of the trade passing to and fro has been variously estimated at different times, and it is a matter for regret that more reliable data are not available as to its extent in the past and in the present."[29)] In hul verslag aan die Volksraad praat die Boeredeputasie van „een denkbeeldige handelsweg ten westen der Republiek."[30)]

---

26) C. 3841, Bylae in nr. 66. Die petisie is namens die Afrikanerbond onderteken deur J. J. Jansen Rensburg (Voorsitter); D. F. du Toit (Ondervoorsitter); J. H. Hofmeyr (Tesourier); Thos. P. Theron (Sekretaris).

27) C. 3841, nr. 127, Robinson aan die Koloniale Kantoor, d.d. 13-1-1884.

28) Byvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R., d.d. 31-7-1884, Artikels 1021, 1025, 1026, 1027 en 1032.

29) C. 3841, nr. 103, Scanlen aan die Koloniale Kantoor, d.d. 3-12-1883.

30) Byvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R., d.d. 31-7-1884, Art. 1021.

Hoewel die Deputasie hier in eie belang die waarde van die handelsweg doelbewus onderskat, voel 'n mens darem dat dit nie alles pluis was met die alarm wat Robinson en sy gevolg gemaak het nie. Die verklaring van één geheim agter hul optrede moet ons aan die Atlantiese kus gaan soek.

Terwyl Brittanje dwarsdeur die neëntiende eeu die suidooskus van Afrika soos 'n speurhond bewaak het om vreemde moondhede daar weg te hou, het dit maar min aangetrokke gevoel tot die weskus noord van die Oranjerivier, waarskynlik omdat die handelsvooruitsigte in die woestynstreke minder rooskleurig was. Die Kaapkolonie was voortdurend onrustig oor die weerloosheid van sy noordwes-grens teen vreemde indringers. Tevergeefs het dit uitgesien na die dag wanneer die Britse vlag langs die weskus sou wapper. Slegs die Guano-eilande, naby Angra Pequena, is weens hul kommersiële waarde geannekseer.[31] Pogings van die Molteno-ministerie - die eerste onder verantwoordelike bestuur aan die Kaap - om die Imperiale regering te oorreed om Walvisbaai en omstreke onder Britse gesag te plaas, was vrugteloos.[32] Dit is te begrype. Een van die belangrikste redes waarom Brittanje aan sy kolonies in die neëntiende eeu een na die ander parlementêre bestuur toegestaan het, was die begeerte dat hulle hulle eie binnelandse en grensverdediging moes waarneem.[33] Dis nie onmoontlik nie dat Suid-Afrika, weens sy klein en politiek verdeelde blanke bevolking te midde van 'n oorweldigende barbaredom, die Britse skatkis meer getap het as enige ander deel van die Britse Ryk. Maar weens sy strategiese belangrikheid was sy finansiële las 'n noodsaaklike euwel. Sedert die toekenning van verteenwoordigende regering aan die Kaapkolonie in die middel van die eeu was daar voortdurend wrywing tussen die Kaapse parlement en die Imperiale regering oor die verdeling van die finansiële en militêre verpligtinge wat die beheer van die naturellegebiede in die omgewing van die Kaapkolonie meegebring het.[34] Brittanje het beweer dat 'n stroom wat van sy skatkis wegvloei na die koloniale ryk en nie weer in een of ander vorm na die land terugkeer nie, onbillik is teenoor die Britse belastingbetaler. Carnarvon het uiteindelik, op aandrang van sy vertroueling, Frere, wat lankal paniekerig was oor die opkoms van die Duitse Ryk, in 1878 toegestem dat die Britse vlag in Walvisbaai gehys kon word maar steeds geweier om die kusgebied tot by Angola te annekseer.[35] Hierdie traak-my-nie-agtige houding, soos die Kaapse regering dit

---

31) Vgl. Walker, a.w., p. 331. (Die eilande is tussen 1861 en 1866 geannekseer).

32) Vgl. Molteno: A Federal South Africa, p. 82-83.

33) Vgl. Walker, a.w., p. 315.

34) Hierdie gebiede het ingesluit die Transkei, Basoetoland, Betsjoeanaland, en Damara-Namakwaland. (Vgl. Walker, a.w., p. 398).

35) Vgl. Molteno, a.w., p. 84.

bestempel het, het die weg vir Duitse sendelinge en handelaars na die weskus gebaan. Vir 'n aantal jare het Engelse en Duitse onderdane hul bedrywighede in hierdie gebied vreedsaam langs mekaar voortgesit, maar toe die imperialistiese gees die Duitser ook beetpak, het botsing onvermydelik geword.

Die Frankfortse Koloniale Vereniging wat in 1882 deur Duitse sendelinge, ontdekkingsreisigers, handelaars en fabrikante gestig is, het luidkeels geskree dat Duitsland ook grondgebied in Afrika moet bekom. Hul propaganda het die staatsmanne in Berlyn wakker geskud en Bismarck verplig om in sy beleidsprogram ook 'n plekkie in te ruim vir koloniale uitbreiding. Aangesien hy sy oog na Afrika gewend het, sou hy moes rekening hou met Brittanje se koloniale belange. „He determined to twist the Lion's tail wherever he could lay hold of it."[36] Indien Bismarck nog skrikkerig gevoel het vir die knor van die leeu, sou Lüderitz, 'n Bremense handelaar, hom voor 'n besliste keuse stel. Teen die einde van 1882 koop Lüderitz 'n strook grond van die Namakwahoof te Betanie en vra om Duitse beskerming.[37] Nog steeds begerig om wrywing met Brittanje te vermy, tree Bismarck met Downingstraat in verbinding en vra of the Britse regering gewillig is om Duitse onderdane in Damara-Namakwaland te beskerm.[38] Toe die Britse regering ontwykend antwoord, is Lüderitz in kennis gestel dat hy kan staatmaak op Duitse beskerming in enige gebied wat nog nie deur 'n Europese moondheid beset is nie.[39] In Mei van die volgende jaar het Lüderitz deur middel van 'n agent Angra Pequena en die omliggende gebied van 'n naturellehoof gekoop en die Duitse vlag gehys.[40] Dit het gelei tot wrywing tussen Lüderitz en Spence, 'n Kaapse handelaar, wat 'n beroep gedoen het op Scanlen om sy guano- en mynregte te verdedig.[41] Die Kaapse regering was magteloos om op te tree sonder die steun van Brittanje. In Oktober 1883 het 'n Duitse oorlogskip in Angra Pequena anker gewerp en 'n Engelse kanonboot, wat daar aangetref is, aangesê om te vertrek.[42]

Terwyl die imperialistiese naywer in toenemende mate die verhouding tussen Britse en Duitse onderdane vertroebel het, het die twee moondhede amptelik nog op

---

36) Opmerking van professor Eric Walker in: History of South Africa, p. 403.

37) Vgl. Walker, a.w., p. 403.

38) Vgl. Westlake: The Transvaal War, p. 21.

39) Vgl. Walker, a.w., p. 403.

40) Die histeriese uitbarsting van Rhodes oor die vaspenning van die Transvaalse grondgebied het kort hierna plaasgevind (2 Junie).

41) C. 4190, nr. 13, Spence aan Scanlen, d.d. 17-8-1883, en Bylae in nr. 13, Spence aan Lüderitz, d.d. 18-8-1883.

42) Vgl. Walker, a.w., p. 403.

goeie voet verkeer. Dit beteken egter nie dat die Britse regering onverskillig gebly het teenoor die Duitse infiltrasie in suidelike Afrika nie. Sommige kabinetslede het reeds begin dink aan die moontlikheid van samewerking tussen Duitsland en die Boererepublieke. Chamberlain laat die aap uit die mou as hy, met verwysing na die mislukking van die Pretoria-Konvensie, skrywe: „In the event of a new conflict (between Britain and the Transvaal) they would probably secure the assistance of the Orange Free State, and the sympathy of the Dutch and possibly Germany."[43) As 'n mens nou die ambisieuse uitbreidingsplanne van die Boere in westelike rigting in aanmerking neem, was die moontlikheid nie uitgesluit nie dat hulle en die Duitsers in die binneland mekaar die hand kon reik. In die ontwerp-konvensie wat hulle aan Derby voorgelê het, stel hulle voor dat die stamme van Montsioa, Moshette, Massouw en Mankoroane binne die Republiek se wesgrens moet val „met dien verstande, dat deze grensscheiding niet overschrijde de lijn, aangewezen by de Proclamatie van 29 April 1868, namelijk de rechte lijn, getrokken van het meest westelijke punt van het meer N'gami tot aan het noordelijke punt van Langeberg, en verder de grenslijn van Griqualand West, en met de grenslijn van Griqualand West, tot aan de Vaalrivier."[44)

Die begeerte om die Boere se ver moontlik van die Duitsers af te kamp, was een van die redes vir Derby se onverbiddelike eis dat 'n ooreenkoms in verband met 'n nuwe wesgrens eers bereik moes word voordat ander sake, wat die Boere veral nà aan die hart gelê het aandag kon geniet, soos die Britse susereiniteit, die funksies van die Resident en die beheer van die Republiek se buitelandse betrekkinge. Die Deputasie moes noodgedwonge toegee, en 'n woorde- en pennestryd van bykans vier maande het gevolg voordat 'n grenslyn, wat nog alles behalwe bevredigend was, vasgestel kon word.[45) Al die ander gewigtige sake is binne drie weke afgehandel.[46)

---

43) Chamberlain aan 'n vriend, aangehaal in Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Band I, p. 117. Vir 'n beskrywing van die vrees wat Brittanje sedert die dae van pres. Burgers uitgestaan het dat Duitsland 'n houvas op die Transvaal sou verkry, vgl. C.R.O. 518, p. 38-40: Intrigues with Foreign Powers, Memorandum by Mr. Fiddes, Printed for the use of the Colonial Office, July, 1896.

44) L.K., p. 22-23, Ontwerp van 'n Konvensie deur die Deputasie op 26 November 1883 aan Derby gestuur. Hulle verwys hier na die wesgrens wat M. W. Pretorius geproklameer het. Vgl. Inleiding, voetnoot nr. 24.

45) „Ruim vier maanden lang had uwe Deputatie in dezen (grens kwestie) te kampen voor de zaak van recht en billijkheid, overeenkomstig hare overtuiging." (Punt nr. 5 van die Deputasie se rapport aan die Volksraad, opgeneem in „Bijvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R.", d.d. 7-8-1884).

46) Op 5 Februarie 1884 het die Deputasie berus in die grenslyn wat Derby voorgeskrywe het en op die 27ste van daardie maand is die voltooide Konvensie reeds onderteken (L.K., p. XVI-XVIII).

Hierdie onekonomiese verdeling van tyd in verhouding tot die belangrikheid van die verskillende onderwerpe wat hersiening geverg het, verklaar die leemtes in sommige bepalings van die nuwe ooreenkoms soos gebrek aan deeglike voorafgaande studie en noukeurige bewoording, waaruit in 'n groot mate die hernieude stryd tussen Boer en Brit, wat juis deur die Londen-Konvensie beëindig moes word, voortgespruit het. Soos verder hierbo aangetoon, was die Ryk se handelsbelange, die negrofilisme en die ontluikende Duitse imperialisme verantwoordelik vir ten minste drie van die krake in die fondament waarop die nuwe Brits-Transvaalse betrekkinge sou rus. Derby het dit nogal op behendige wyse probeer toeplak. Die tyd sou egter spoedig leer dat die botsing tussen die Britse Imperialisme en die Boerenasionalisme slegs vir 'n paar dekades deur die Londen-Konvensie vertraag is.

Op 27 Februarie 1884 is die nuwe ooreenkoms deur Robinson namens Brittanje en deur die lede van die Deputasie namens die Republiek in Londen onderteken. Dieselfde beginsel wat Brittanje na die Amerikaanse opstand in sy Koloniale Ryk toegepas het, nl. hoe meer politieke vryheid, hoe minder wrywing, vind ons in hierdie Konvensie terug. Hierdie keer sou dit egter nie deug nie; die liberalisme het sy laaste stuiptrekkinge gegee en die Boer se nasionale strewe was steeds so onbuigsaam soos aan die begin van die eeu.

Derby het die Republiek se grens omtrent 20 myl weswaarts geskuif om 'n deeltjie van Stellaland en Gosen in te sluit, maar die handelsweë het daarbuite gebly.[47] Die nuwe lyn het dwarsdeur die gebiede van Massouw en Moshette, bondgenote van die Boere, geloop. Die Deputasie het dan ook die grenslyn aanvaar onder die uitdruklike voorwaarde „dat de Republiek niet aansprakelijk zal worden gesteld voor moeilijkheden, die mochten ontstaan door het plaatsen van een deel der onderdanen van Massouw en Moshette buiten Transvaal."[48]

Die politieke bande met Brittanje is aansienlik skiet gegee. Die Deputasie het versoek dat die Sandrivier-Konvensie as grondslag moes dien by die opstel van die nuwe ooreenkoms, „natuurlijk met al zulke wijzigingen, als wegens verandering in de omstandigheden zal zijn aangewezen."[49] Derby het hierdie voorstel verwerp en, om-

---

47) L.K., Kaart aantonende de grenzen van de Zuid-Afrikaansche Republiek, zooals die omschreven zijn in Artikel I der Conventie van Londen op 27 Februari 1884; Byvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R., d.d. 7-8-1884, punt nr. 7 van die Deputasie se rapport.

48) Punt nr. 5 van die rapport van die Deputasie, opgeneem in Byvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R., d.d. 7-8-1884.

49) L.K., p. 10, punt nr. 7, die Deputasie aan Derby, d.d. 14-11-1883; ook die bylae op p.12 in verband met die Sandrivier-Konvensie.

dat hy geweet het waarna hulle eintlik gestrewe het, die Deputasie gewaarsku dat hulle onder 'n wanindruk verkeer het as hulle sou meen dat die Sandrivier-Konvensie aan hulle soewereine onafhanklikheid verleen het. Volgens hom was dit ewe min as die Pretoria-Konvensie 'n traktaat tussen twee kontrakterende moondhede maar 'n koninklike deklarasie, aanvaar deur sekere persone wat destyds Britse onderdane was en waarin die **voorwaardes** en omvang bepaal is van die reg wat aan hulle verleen is om sonder tussenkoms hul eie sake te reël.[50] Derby se standpunt was onhoudbaar - volkeregtelik, histories en terminologies. Artikel I van die Sandrivier-Konvensie bepaal: „Harer Majesteits Adsistent-Commissarissen waarborgen in den volsten zin, namens het Britsche Gouvernement, aan de Emigranten-Boeren over de Vaalrivier, het regt om hunne eigene zaken te besturen en hun eigene Regering te hebben, volgens hunne eigene wetten, zonder eenige bemoeijenis van den kant van Harer Majesteits Gouvernement..."[51] Volkeregtelik word nie bepaal dat 'n volk wat sy **onafhanklikheid** langs diplomatieke weg verkry minder vry is as 'n volk wat die weg van wapenbeslegting volg nie.[52] Histories kan die Sandrivier- en Pretoria-Konvensie ook nie gelyk gestel word nie. Eersgenoemde Konvensie is gesluit toe die liberalisme sy toppunt bereik het. Brittanje was begerig om aan sy territoriale uitbreiding paal en perk te stel, en, wat die Transvaal betref, om met Andries Pretorius tot 'n vergelyk te kom ten einde te voorkom dat hy hom inlaat met die rassetwiste in die Oranjerivier-Soewereiniteit. Dis waarskynlik met die oog hierop dat die Kommissarisse in dieselfde artikel waarborg, „dat het grondgebied ten noorden van de Vaalrivier door het Britsche Gouvernement niet zal worden **overschreden**; ....met dien verstande, dat dit stelsel, om elkander niet te bemoeijelijken, verbindend is voor beide partijen."[53] Die verteenwoordigers van die Boere by Sandrivier (nie minder as sestien in getal nie!) kon dus hul stem verhef wanneer nodig en is die vernederende posisie van die Driemanskap te Pretoria en elders gespaar, aan wie die reg ontsê is om „als contracteerende partij mede te werken."[54] Die woord konvensie dui ook nie noodwendig ongelykheid in status van die kontrakterende partye aan nie. Soos susereiniteit, kan dit nie vasgepen word tot één enkele begrip nie en kan dit o.m. aandui 'n byeen-

---

50) L.K., p. 4, punt nr. 3, Derby aan die Deputasie, d.d. 20-11-1883.

51) L.K., p. XXI. Nêrens in die Konvensie word hierdie vryheid deur voorwaardes gekwalifiseer nie, behalwe die verbod op slawerny, wat egter 'n suiwer sosiale vraagstuk is. (Onderstreping deur skrywer).

52) Ook Scholtz sê in verband hiermee: „Dit was 'n standpunt wat met die volkereg nie te rym was nie." (Oorsake, I, p. 120).

53) L.K., p. XVI-XXII, Artikel I van die Sandrivier-Konvensie.

54) L.K., punt nr. 7, Die Deputasie aan Derby, d.d. 14-3-1883.

koms[55] van of 'n ooreenkoms[56] tussen gelykwaardige partye, of albei. By Sandrivier het die Boere ten noorde van die Vaal sonder enige twyfel soewerein-onafhanklik geword, en Derby moes liewer openhartig aan die Deputasie erken het dat, weens veranderde internasionale omstandighede, Brittanje se belange in Suid-Afrika 'n terugkeer na die oorspronklike betrekkinge nie kon gedoog nie, as om 'n betekenis in die Sandrivier-Konvensie te probeer lees wat dit nie gehad het nie.

Al het Derby geweier om terug te gaan tot die Sandrivier-Konvensie om 'n grondslag te vind vir die nuwe ooreenkoms, het hy nogtans baie hinderlike beperkings op die vryheid van die Boere opgehef en ander griewe verwyder. Die funksies van die Resident is verander na diè van 'n konsulêre amptenaar,[57] Brittanje het die reg verloor om troepe deur die Transvaal te vervoer,[58] die Koningin se vetoreg in verband met naturellewetgewing is afgeskaf[59] en die Republiek kon sonder enige inmenging ver-

---

55) Die Britse Kolonies in Suid-Afrika wat in die Nasionale Konvensie (1908-1909) verteenwoordig was, het almal gelyke status gehad nl. diè van verantwoordelike bestuur, uitgesonderd Suid-Rhodesië, wat die Konvensie egter slegs informeel bygewoon het.

56) In 1899 het die „Imperial South African Association" 'n artikel gepubliseer onder die opskrif: „Convention v.s. Treaty." Daarin word die vraag gestel: „Of those who make it their business to inform public opinion on the great questions which our Dependencies are daily propounding for solution, how many have paused over the word 'Convention' and could give the reason why the agreement under which the Transvaal enjoys its measure of autonomy is called the London Convention and not the London Treaty?" Om die vraag te beantwoord, beroep die skrywer hom op Derby se standpunt in verband met die Sandrivier-Konvensie soos hierbo uiteengesit. (Vgl. Handy notes on South Africa for the use of speakers and others, pp. 31-32). Die Britse ministers het dikwels aan grashalmpies vasgegryp in hul stryd teen die Boere, en as hulle doelbewus voorkeur gegee het aan die woord Konvensie om daarmee te kenne te gee dat die Boerestate nog steeds aan Brittanje gebind was, was dit maar 'n skrale troos vir die Imperialiste, want vanaf die oomblik toe die Sandrivier-Konvensie in werking getree het totdat die anneksasie in 1877 plaasgevind het, was die Boere staatkundig net so vry soos die Britte self.

Westlake, professor in Volkereg aan die universiteit van Cambridge, het in 1899 geskrywe: „A part of the British dominions, no matter what freedom it enjoys with regard to its internal affairs, can have no foreign relations distinct from those of the United Kingdom. Thus they (the Transvaal and Orange Free State) became separate, or what in recent controversies has been called international states, and not only that, but sovereign international states, because the foreign relations allowed them were uncontrolled; they were at their sole option. There were in the conventions which recognized them certain stipulations as to their conduct towards the natives, but these were only treaty matters. The stipulations were such as we might have in a treaty with any other Power; they were not vestiges of supremacy. With regard to the Orange Free State matters have continued upon that footing ever since. With regard to the Transvaal matters continued upon that footing until 1877. (Vgl. Westlake: The War, p. 9-10). (Onderstreping deur skrywer).

57) L.K., p. 120, Art III van die Londen-Konvensie.

58) Die betrokke bepaling is weggelaat uit die Londen-Konvensie.

59) Ook hierdie bepaling is weggelaat.

drae met die Oranje-Vrystaat sluit.[60] Verder is die benaming Transvaal-Staat deurgaans vervang deur Zuid-Afrikaansche Republiek[61] en het die woord „susereiniteit" verdwyn.[62] Tog het die Londen-Konvensie alles behalwe 'n soewerein-onafhanklike staat in die lewe geroep.

Die Republiek het nou wel die reg gekry om sonder tussenkoms sy eie diplomatieke onderhandelinge te voer en sy eie buitelandse beleidsprogram op te stel, maar geen verdrag met 'n vreemde moondheid of met die naturellestamme op sy oos- en wesgrens sou geldig wees sonder goedkeuring van die Britse Kroon nie.[63] Hierdie onverbloemd eensydige bepaling het vir die Boere geen voordeel ingehou nie, en dit is dan ook geen wonder dat sowel die Deputasie as die Volksraad daarteen beswaar gemaak het nie.[64] Hoe inskiklik Derby ook al in ander opsigte was, in sy eis dat Brittanje die laaste woord sou spreek in verband met die Republiek se buitelandse beleid wou hy geen duim skiet gee nie. Hierdie houding is begryplik, want die Skrif was aan die muur - die stryd om grondgebied in Afrika het ernstige afmetings begin aanneem, die Duitsers aan die weskus het astrant geword en die Transvaal mog nie 'n poort word waardeur vreemde moondhede die Britse invloedsfeer binnedring nie. Dit is wel waar dat die Deputasie, met verwysing na die nuwe ooreenkoms wat gesluit sou word, voorgestel het „dat bij deze nieuwe verbintenis niet alle betrekking, waarmede wij thans aan Engeland verbonden zijn, verbroken worde, maar dat de verhouding van staatsrechtelijke afhankelijkheid, waarin ons land thans tegenover de Britsche Kroon staat, worde vervangen door die van twee contracteerende Mogendheden."[65] Met

---

60) L.K., p. 120-121.

61) L.K., p. 113-125, Conventie tusschen H. M. de Koningin van het Vereenigd Koninkrijk van Groot Brittanië en Ierland, en de Zuid-Afrikaansche Republiek.

62) Ibid. Ons verwys later weer na hierdie saak.

63) L.K., p. 120-121, Art. IV van die Londen-Konvensie. Ons kan nie Pieterse se standpunt in „Transvaal en Britse Susereiniteit, 1881-1884" onderskrywe nie as hy beweer: „Maar die Republiek was ondanks die beperking van artikel 4 'n soewerein onafhanklike staat. Die mag wat daar vir Engeland in artikel 4 opgesluit geleë het, was nie 'n doelbewuste poging om die vryheid van die Republiek te beperk nie, maar moet eerder beskou word as 'n reëling waarby sowel die Republiek as Engeland belang gehad het." (p. 344). En ook: „Die invoeging van artikel 4 in die Konvensie van Londen het geskied in ooreenstemming met die wense van die Deputasie." (p. 341). Die bewering van Pieterse (p. 327) dat die Boere se voorstel om nie „alle band met Engeland" te verbreek nie, verklaar moet word as 'n begeerte om in eie belang die beheer oor hul buitelandse beleid aan Brittanje af te staan, word geloënstraf deur die Deputasie se eie breedvoerige uiteensetting van hul bedoeling met daardie woorde aan Derby op 23 November 1883. (Ons haal hulle uiteensetting woordelik aan - vgl. voetnoot 66 van hierdie hoofstuk). (Onderstreping in hierdie voetnoot deur skrywer).

64) Byvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R., d.d. 21-8-1884, Volksraadsbesluit, Art. 55 op p. 8.

65) L.K., p. 10-11, die Deputasie aan Derby, d.d. 14-11-1883.

die eerste deel van hul voorstel het hulle egter geensins bedoel om die beheer oor hul buitelandse beleid aan Brittanje af te staan nie. As Derby hulle vra hoe hulle die band met Brittanje wil behou, antwoord hulle dat „er geen reden bestaat, waarom de Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek niet in een vriendschappelijke betrekking tot Harer Majesteit's Regeering zou staan, en waarom alle punten van gemeenschappelijke belang niet op vriendschappelijke wijze zouden worden geregeld, als, bijvoorbeeld wederzijdsche bescherming en handelsbelangen, een gemeenschappelijke politiek tegenover de inboorlingen en dergelijke. De Deputasie zou zelfs verder willen gaan en verklaren, wat reeds herhaaldelijk en openlijk verklaard is door de Regeering en het volk der Zuid-Afrikaansche Republiek, dat er harerzijds geen bezwaar bestaat, een of ander confederatie-ontwerp tusschen de Koloniën en Staten van Zuid-Afrika, - uitgaande van Harer Majesteit's regeering, en waarin de belangen der Keizerlike Regeering behoorlijk erkend worden, zelfs voor zoover later een Britsch Protectoraat noodig mocht zijn tegenover elke poging van den kant van overzeesche Mogendheden, om door geweld van wapenen Zuid-Afrika in bezit te nemen - in gunstige overweging te nemen."[66] Teen hierdie tyd was dit vir die Boeredeputasie duidelik waaruit Derby se onwil om hul soewereine onafhanklikheid te herstel verklaar moes word: die snel verbreidende imperialisme van Europa. Waarskynlik het die Deputasie se raadgewers, w.o. dr. Clark van Engeland, Jonkheer Beelaerts van Blokland en professor Pierson, albei laasgenoemdes van Holland, dikwels met hulle die agtergrond van die Europese politiek bespreek.[67] Daarom kom hulle nou met 'n voorstel wat in breë trekke die volgende behels:

(1) Handhawing van vriendskaplike betrekkinge tussen Brittanje en die Suid-Afrikaanse Republiek.

(2) Bevordering van mekaar se handelsbelange. Moontlik dink hulle hier aan 'n wedersydse voorkeursverdrag in verband met Transvaalse grondstowwe en Britse fabrikate, of 'n handelsooreenkoms tussen die Republieke en Britse kolonies in Suid-Afrika.

(3) Toepassing van 'n gemeenskaplike naturellebeleid. Wat die Deputasie hier in gedagte gehad het, was nie 'n gesamentlike poging van Londen en Pretoria om die naturelleprobleme op te los nie, maar samewerking tussen die Republieke en die Britse kolonies in Suid-Afrika.[68]

---

66) L.K., p. 17-18, die Deputasie aan Derby, d.d. 23-11-1883.

67) Byvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R., d.d. 7-8-1884. Rapport van die Deputasie. (Art. 1022 van die Volksraadsnotule).

68) Die vrees van die Boer vir die invloed van die negrofilisme op die beleid van die Britse regering blyk uit die reaksie in die Transvaalse Volksraad op 30 Junie 1883, nadat dit bekend geword het dat Brittanje die administrasie van Basoetoland gaan oorneem: „Wanneer Basutoland een Kroon Kolonie wordt dan is het gedaan met de naturellen politiek van Zuid-Afrika!" het die voorsitter wanhopig uitgeroep. (E.V.R. 21, p. 54). Die Volksraad het dan ook besluit dat hy gemelde stap „nadeelig beschouwt voor den vrede, de welvaart en toekomstige vereeniging van Zuid-Afrika." (E.V.R. 21, p.56, Art. 503, d.d. 30-6-1883). Die Britse regering is van hierdie besluit in kennis gestel. (Ibid).

(4) Die eventuele stigting van 'n Suid-Afrikaanse federasie onder leiding van die Britse regering, veral met die doel om Brittanje se oppergesag in Suid-Afrika te beskerm teen moontlike vreemde indringing. 69)

Die Deputasie het vir Derby 'n hoek uitgegooi, hy het geweier om te byt, en hulle moes die aftog blaas.

Daar was ook nog 'n ander skuiwergat in die Londen-Konvensie waardeur die staatsmanne van Downingstraat kon kruip om die Boer se politieke gesag in sy eie land te ondermyn. In Mei 1883 het Robinson in Engeland verklaar: „If the gold fields should prove alluvial, so as to maintain a large digger population, the re-establishment of British authority might become unavoidable." 70) Dis seker nie om dowwe neute nie dat die Londen-Konvensie, net soos sy voorganger, bepaal: „Alle personen, geene Inboorlingen zijnde, die zich schikken naar de wetten van de Zuid-Afrikaansche Republiek...zullen volkomen vrijheid hebben met hunne huisgezinnen te komen, te reizen of te wonen in elk deel van de Zuid-Afrikaansche Republiek." Hulle kon enige lewensberoep uitoefen, eiendom besit en sou nie hoër belasting betaal as burgers van die land nie. 71) Dis 'n vraag of die Boere al die implikasies van hierdie bepaling besef het. Die grense van hul vaderland is inderdaad oopgestel vir Westerling en Oosterling, en dit op 'n tydstip toe die steeds toenemende bevolking van Europa, as gevolg van die nywerheidsomwenteling, wat oor 'n tydperk van langer as 'n eeu gestrek het, die draagkrag van die bodem al hoe meer oorskry het. 72) Die enigste oplossing was om die oortollig bevolking weg te stuur. Daar was 'n dreigende gevaar dat die paar duisend Boere op die lang duur die drukking van 'n stygende Europese immigrasiestroom nie sou kon weerstaan nie. En dan was daar nog 'n Asiatiese stroom ook. In dieselfde jaar toe die Londen-Konvensie tot stand gekom het, is in die Republiek 'n beweging op tou gesit teen „de gedreigde instrooming van Aziaten, zooals alreeds te Pretoria begonnen is." 73) 'n Soewerein-onafhanklike volk pak sy nasionale probleme aan na die beste van sy vermoë en duld geen intervensie nie. Die Suid-Afrikaan-

---

69) Hierdie voorstel bevat nogal die kiem van dié wat Reginald Statham, destyds redakteur van die „Natal Witness," aan Gladstone in 1882 gedoen het, nl. dat "Her Majesty's Government should spontaneously offer - in the event of a federal union between the various communities in South Africa being arranged - to withdraw from South Africa retaining only Simon's Bay as an Imperial Station, and to relinquish all claims to interfere directly or indirectly in the internal Government of South Africa, Great Britain reserving only the control of the Foreign relations of South Africa and the external defence of the Country." (G.H. 23/38, p. 176-177, Robinson aan Kimberley, d.d. 10-10-1882).

70) C.R.O. 263, p. 2, Robinson in gesprek met Derby, d.d. 16 Mei 1883.

71) L.K., p. 124, Art. XIV van die Londen-Konvensie.

72) Tussen 1851 en 1891 het die Britse Bevolking met meer as tienmiljoen vermeerder. (Vgl. Halevy en McCallum, a.w., p. 457).

73) Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A.R., 1895, Art. 1063.

se Republiek kon geen oplossing vir die Indiërvraagstuk soek sonder die samewerking van Brittanje nie. Die Londen-Konvensie het selfstandige optrede verhinder.

Die bepaling in verband met die Republiek se naturellebeleid [74] het ook sy interne soewereiniteit aangetas. Daarin is neergelê dat die Republikeinse regering verplig sou wees om die beloftes na te kom wat die Koninklike Kommissie in 1881 te Pretoria aan die naturelle gedoen het. Hierdie beloftes het ingesluit: Die reg om op sekere voorwaardes grond te koop; die aanstelling van 'n kommissie om naturellereserwes af te baken; vry toegang vir die naturelle tot die geregshowe; vryheid van beweging onder 'n passtelsel. Die bepaling het daarop neergekom dat die Republiek self die naturellebeleid kan uitvoer, maar dat dit deur Brittanje neergelê moes word. F. G. Joubert, een van die Transvaalse volksraadslede, het tereg beweer dat Brittanje deur middel van die Konvensie aan die Republiek gesê het: „Maak de wetten zelf doch volgens mijn voorschrift..." [75]

Een van die grootste leemtes in die Londen-Konvensie was die feit dat dit geen voorsiening gemaak het vir arbitrasie indien die twee partye een of meer van die bepalings verskillend sou interpreteer nie. Wat die saak nog meer opvallend maak, is dat, ten spyte van die dure les wat die Pretoria-Konvensie geleer het, sodanige voorsiening blykbaar doelbewus deur Derby vermy is. In die ontwerp-konvensie wat die Deputasie op versoek van Derby opgestel het, het 'n bepaling voorgekom wat in besonderhede voorsiening gemaak het vir arbitrasie. Indien 'n geskil tussen Brittanje en die Suid-Afrikaanse Republiek sou ontstaan wat nie onderling opgelos kan word nie, moes dit voorgelê word aan 'n kommissie van skeidsregters waarvan eweveel lede deur beide partye benoem is. Indien die kommissie tot geen beslissing kon geraak nie, moes die president van Amerika of die hoof van 'n ander onsydige moondheid as arbiter optree. [76] Derby het hierdie konsepbepaling verwerp [77] maar tog geen moeite gedoen om 'n ander in die plek daarvan te stel nie. Hy het sy toevlug na die beleid van „laissez-faire" geneem, liewer as om 'n ander moondheid toe te laat om sy

---

74) L.K., p. 125, Art. XIX van die Londen-Konvensie.

75) Aangehaal deur Pieterse, a.w., p. 333. (Volksraadsnotule, Art. 53, d.d. 8-8-1884).

76) L.K., p. 24, Die Deputasie aan Derby, d.d. 26-11-1883, Bylae 1, Ontwerp van een Tractaat.

77) L.K., p. 41, Derby aan die Deputasie, d.d. 29-11-1883. Die hele ontwerp-traktaat was vir Derby onaanneemlik, wat sowel vorm as inhoud betref, waarskynlik omdat dit te veel ooreenkoms met die Sandrivier-Konvensie getoon het.

nous in Suid-Afrika se sake te steek. 'n Dooie punt oor die vraagstuk sou tydens sy samesprekinge met die Deputasie moeilik vermy kon word. Waarom die leeu agter die bult gaan haal? Hierdie lamsak-houding sou later tot baie moeilikhede lei. Keer op keer moes maar weer die ongeskrewe beginsel van „British Paramountcy" toegepas word om die geskille uit die weg te ruim!

Om die status te bepaal wat die Londen-Konvensie aan die Suid-Afrikaanse Republiek verleen het, is dit nodig om op die vraag in te gaan of die Britse susereiniteit saam met die Pretoria-Konvensie verval het. Toe die Staatspresident, na sy terugkeer uit die buiteland, in die volksraad verskyn, het hy uitgejubel: „De onafhankelijkheid des lands was in die eerste plaats verkregen, de suzereiniteit bestond niet meer, en de Republiek was opgenomen in de rij der natiën."[78] Dit is dan ook waar dat die inleiding van die Pretoria-Konvensie, waarin die susereiniteit vasgelê is, en alle ander direkte verwysings na susereiniteit, uit die Londen-Konvensie verdwyn het. Toe Chamberlain nou teen die einde van die eeu weer aanspraak gemaak het op Brittanje se susereiniteit oor die Transvaal,[79] het dit aanleiding gegee tot 'n polemiek soos min bekend in die geskiedenis van Suid-Afrika.[80]

Op 17 Maart 1884, minder as 'n maand na die ondertekening van die Londen-Konvensie, is die nuwe ooreenkoms in die Britse Hoërhuis onder die soeklig gestel, en, omdat geen duidelike spoor van susereiniteit gevind kon word nie, is Derby lelik toegetakel oor die oënskynlike veronagsaming van Brittanje se koloniale belange. Derby het verduidelik dat, hoewel hy die woord weggelaat het, hy nietemin die wese van die saak behou het: „Whatever suzerainty meant in the Convention of Pretoria, the condition of things which it implied still remains; although the word is not actually employed, we have kept the substance."[81] Onder „substance" bedoel hy die beheer oor die Republiek se buitelandse beleid.[82] Sy motief vir hierdie optrede was tweërlei. In die eerste plek het die woord „susereiniteit" 'n vae begrip in-

---

78) Byvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R., 7-8-1884, Art. 994.

79) F.O. 2 266/244, Extract from Mr. Chamberlain's speech in the House of Commons, August 4, 1897.

80) Politici, professore van Volkereg, regsadviseurs, diplomate, geskiedskrywers, ens., het die pers in Suid-Afrika, Brittanje en op die Vasteland van Europa letterlik oorstroom met briewe oor die aangeleentheid. Hedendaagse navorsers bevind een na die ander dat Chamberlain geen grond vir sy aanspraak gehad het nie. Vergelyk bv. Pieterse: Transvaal en Britse Susereiniteit, 1881-1884; Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, I, Voorspel tot die Stryd; Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Band II.

81) Vgl. Stead: Are We in the right? p. 21-24.

82) Ibid.

gehou en aanleiding gegee tot misverstand.[83] In die tweede plek was Derby bewus daarvan dat dit by die Boere 'n saak van sentiment was. Hul nasionale eer is gekrenk deur die gedagte aan Britse „superiority," soos Kimberley die susereiniteitsbegrip vertolk het in sy instruksies aan die Koninklike Kommissie. Derby was gewillig dat die Republiek opgeneem mog word „in de rij der natiën," solank dit Brittanje se belange nie geskaad het nie. Daarom het hy ook daartoe toestemming gegee dat die Republiek sy eie diplomatieke en konsulêre amptenare kon aanstel.[84] Ook Robinson het gemeen dat, as die Boere daarop aandring, hulle toegelaat moes word om self hul diplomatieke onderhandelinge te voer. „The matter is one upon which they appear to be influenced by sentiment," het hy aan Derby verklaar.[85]

Wat Derby beoog het, is heeltemal duidelik: ter wille van die Boere, 'n susereiniteit sonder enige sentimentele betekenis; ter wille van die Britte, 'n susereiniteit by implikasie.[86] Dit was dan ook die werklike toedrag van sake wat deur die Londen-Konvensie geskep is. Hoeseer die Boere begeer het om hul internasionale status te verhoog en hul verbintenis met Brittanje so ver moontlik in die skaduwee te laat tree, blyk uit die optrede van Kruger. Nog voor sy terugkeer na Suid-Afrika stel hy Beelaerts van Blokland aan om voorlopig op te tree as die Republiek se diplomatieke verteenwoordiger by die regerings van Nederland, Portugal, Spanje, Italië, Duitsland, Frankryk, Switserland, Oostenryk, Hongarye, Rusland,

---

83) Derby verklaar self: „We have abstained from using the word because it was not capable of legal definition and because it seemed to be a word which was likely to lead to misconception and misunderstanding." (Ibid). In 'n skrywe aan die Koloniale Kantoor se regsadviseurs haal Fairfield die volgende omskrywing van susereiniteit aan: „It may mean anything from the white palfrey of the King of Naples to full dominion." (F.O. 2 266/244). Chamberlain laat hom soos volg uit in verband met susereiniteit: „But the cardinal and essential fact is supremacy, predominance, paramountcy - call it what you will. I do not care a brass farthing which of those words you choose. You may call it Abracadabra if you like, provided you keep the substance." (Boyd II, p. 31. Chamberlain in die Laerhuis op 19-10-1899). Ten spyte van hierdie uitlating was niemand meer gesteld op die gebruik van die woord „susereiniteit" as juis Chamberlain self nie.

84) L.K., p. 104, Derby aan die Deputasie, d.d. 15-2-1884.

85) Aangehaal deur Pieterse, a.w., p. 328.

86) Pieterse is nie konsekwent in sy beoordeling van Derby as staatsman nie. Iers beskrywe hy hom as „'n man van beginsels, wat kon verstaan dat verdrae en konvensies nie bedoel is om middele tot twiste te skep nie, maar tot samewerking." (Transvaal en Britse susereiniteit, 1881-1884, p. 318). En weer: „Lord Derby was 'n nugtere maar deur-en-deur eerlike staatsman." (Id., p. 324). Dan egter vind hy by Derby net die teenoorgestelde eienskappe. Hy skrywe: „Lord Derby se bewering: 'Whatever Suzerainty meant in the Convention of Pretoria (1881), the condition of things it implied still remains: although the word is not actually employed, we have kept the substance' - is hopeloos onjuis." (p. 339). Kort daarna herhaal hy sy aantyging: „Dit is dus eenvoudig onwaar as Lord Derby beweer van die Susereiniteit dat: 'We have kept the substance'". (P. 340) (Onderstreping deur skrywer).

Denemarke, Swede, Noorweë, België en die Verenigde State van Amerika.[87)]

Nou kan ons begryp waarom Chamberlain se aanspraak op susereiniteit in 1897 die Republiek hewig ontstel het en ook internasionale trillinge veroorsaak het. Teen hierdie tyd was Chamberlain volbloed Imperialis wat al sy gewig ingegooi het in die stryd teen die Boerenasionalisme, en, om die Republiek se status in die volkery tot dié van 'n quasi-Britse kolonie te verlaag, het hy gepoog om aan die Britse susereiniteit weer die sentimentele betekenis te heg wat dit in 1884 verloor het. Na die aanvang van die Tweede Vryheidsoorlog laat hy die aap sonder skroom uit die mou. 'n Toespraak wat hy op 19 Oktober 1899 in die Laerhuis gelewer het, openbaar die motiewe wat agter sy susereiniteitsaanspraak geskuil het. Ten eerste wou hy vreemde moondhede waarsku om hul hande van Suid-Afrika af te hou: „It is not merely a matter of etymological definition, but the importance of the word consists in the impression the word produces upon those foreign Powers whose intervention in South Africa we desired to avoid." Ten tweede wou hy die Republiek goed laat verstaan dat Brittanje onder geen omstandighede 'n buitelandse arbiter sou aanvaar om die geskille tussen die twee state op te los nie. Ten derde moes hy kies tussen die woorde <u>suzerainty</u> en <u>paramountcy</u>. Eersgenoemde sou aan sy beleid die skyn van volkeregtelike optrede gee, terwyl laasgenoemde die gedagte van magspolitiek inhou.[88)] As Chamberlain eerlik wou gewees het, sou hy sy aanspraak gegrond het op <u>paramountcy</u> en gewys het op die feit dat Brittanje, anders as die moondhede op die vasteland, altyd die Boererepublieke as minderwaardige state beskou het, aangesien onderhandelinge met hulle slegs deur die Koloniale Kantoor en nooit deur die Kantoor van Buitelandse Sake gevoer is nie.[89)]

Chamberlain het dus doelbewus die dwaalspoor gevolg. Daarom was die status wat die Suid-Afrikaanse Republiek van 1884 tot 1902 geniet het, nie dié wat hy uitsluitlik in belang van Brittanje wou bepaal nie, maar wel dié wat Derby gemeen het

---

87) Byvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R. 7-8-1884, Art. 1021, punt nr. 8 van die Deputasie se rapport.

88) Boyd II, p. 32-33, Chamberlain in die Britse Laerhuis op 19 Oktober 1899.

89) Verskeie kere het die Suid-Afrikaanse Republiek probeer om hierin 'n verandering teweeg te bring. In 1869 het die Graaf van Clarendon werklik die Republikeinse regering versoek om voortaan sy korrespondensie aan die Kantoor van Buitelandse Sake te rig. (Vgl. Historia, eerste jaargang, nr. I, p. 48). Dis 'n vraag of hierdie versoek opreg bedoel was, want sake het gebly soos dit was. In 1883 het die Volksraad ook in 'n geheime sitting besluit dat die Deputasie wat na Londen sou gaan, daarop moes aandring „dat in 't vervolg alle onderhandelingen en correspondenties met Harer Majesteit's Regering en deze Republiek zullen geschieden en gevoerd worden met den ministers van Buitelandsche Zaken." (E.V.R. 88, Art. 871 op p. Ia) Dis te betwyfel of die Deputasie ooit die moed gehad het om hierdie saak in Londen te opper, want in die amptelike Korrespondensie kan daar geen spoor van gevind word nie.

om in belang van sowel Brittanje as die Boerestaat te bepaal. Kimberley het in 1881 aan die Boere darem 'n halwe eier gegee in plaas van die leë dop wat Carnarvon in 1877 op hulle afgedwing het.[90] In 1884 het Derby nog 'n kwart (of 'n bietjie meer) bygevoeg. Nader aan hul ideaal sou die Boere nie kom nie. Sandrivier sou steeds hul mikpunt bly. Nooit kon hulle in 1884 droom dat hul pad na Vereeniging sou lei nie.

---

90) Ons bedoel die Kroonkoloniebestuur wat hy ingestel het.

# HOOFSTUK IV.

## Die agtergrond van 'n hernieude botsing tussen Boer en Brit.

Ons het reeds daarop gewys dat die begeerte wat Europese moondhede geopenbaar het om koloniale ryke te stig, te konsolideer of uit te brei in die tydperk toe die Suid-Afrikaanse Republiek 'n verbete stryd vir sy reg om te bestaan gevoer het, 'n uitvloeisel was van die Imperialisme, 'n essensieel materialistiese beweging met 'n rewolusionêre uitwerking op die gees van die mens, produk van die industriële en tegniese omwenteling van 'n eeu of langer. Om te verklaar waarom die pogings van die Boerestaat om deel te neem aan die stryd om grondgebied op sy grense jammerlik misluk het, met enkele uitsonderinge van minder belang, is dit noodsaaklik dat ons die agtergrond en wese van hierdie imperialisme sal blootlê. Hoewel dit die Europese politiek oorheersend beïnvloed het, het dit betreklik skielik aan die oppervlakte merkbaar geword. Tog was dit in der waarheid 'n diepgewortelde beweging, die oorsprong waarvan terrugevolg kan word tot by die Renaissance, aangesien die geestelike aspek daarvan in skerp teenstelling staan tot die piëtisme van die Middeleeue en veeleer aansluiting vind by die humanisme en militarisme van die Grieke en Romeine. Sommige van die nasionale state, soos Portugal, Spanje, Frankryk, Holland en Engeland, wat, as gevolg van die gelyktydige verval van die pousdom en keiserskap gedurende die Renaissance en Hervorming, inwendig sterk geword het, het met die gang van die eeue maar self weer imperialisties geword en koloniale ryke opgebou. Moderne skeppinge soos die verenigde Duitsland en Italië het uiteindelik meegedoen, en teen die einde van die neëntiende eeu is 'n hoogtepunt bereik toe meer as die helfte van die wêreld onder die hiel van koloniale moondhede beland het.[1]

Stoflike welvaart! - dit het die slagspreuk geword van owerheid en onderdaan. In Brittanje het die geldmag 'n houvas op die politieke bedrywighede van sowel die Konserwatiewe as Liberale Party gekry en geleidelik verstewig. As 'n landelike aristokraat uit die dae van die stryd teen rewolusionêre Frankryk teen die einde van die eeu uit sy graf sou opstaan, sou hy moeilik 'n begrip kon vorm van die strominge en onderstrominge in die Britse politiek. Aan die begin van die eeu is die sitplekke in die parlement byna uitsluitlik ingeneem deur edelliede, wie se groot inkomste uit die verhuur van hul landgoedere en wie se eksklusiewe stemreg aan hulle die oppergesag in die binnelandse en buitelandse beleid gewaarborg het. Slegs 'n handjievol handelaars het daarin geslaag om vir hulle 'n weg na die hoogste wet-

1) Vgl. Die Transvaler, d.d. 21-5-1956, Afdeling „Sake van die Dag".

gewende gesag te baan. Dit vorm 'n skrille kontras met die parlement soos dit daar uitgesien het ná die laaste verkiesing van die neëntiende eeu.[2] Twoehonderd en vyftig setels in die Laerhuis is deur sakemanne van allerlei beroepe verower, o.a. deur fabrikante, handelaars, direkteure van maatskappye, mynmagnate, brouers en bankiers. Baie van die oorblywende lede, advokate, offisiere van die leër en vloot en rustende kapitaliste was ook nou verbonde aan die sakewêreld.[3] Die grondeienaars was wel nog op die Konserwatiewe banke, maar huurgeld was nou nie meer hul vernaamste bron van inkomste nie. As gevolg van mededinging uit die buiteland op die Britse mark, het die boerdery minder aantreklik geword, en die landadel het nou slegs na die platteland gegaan om die geld te verteer wat hulle in die stede gemaak het. Alle aandag was toegespits op die stad as middelpunt van ekonomiese en finansiële bedrywighede. Die ongeëwenaarde ontwikkeling van maatskappye met beperkte verantwoordelikheid het die ou regerende stand in staat gestel om homself te handhaaf in 'n land wat deur en deur geïndustrialiseer geraak het. Tussen 1862, toe hierdie maatskappye wetlike erkenning ontvang het, en 1900 is aandele met 'n kapitale waarde van £1,500,000,000 in Brittanje uitgereik, 'n bedrag twee keer so groot as wat in Franse en Duitse maatskappye tesame belê is. Hierdie berekening sluit nie die kapitaal van koloniale en Indiese maatskappye in nie.[4]

Die onlesbare dors na rykdom het die politieke sfeer noodwendig diep binnegedring. As gevolg van die dividende wat sy beleggings opgelewer het, was die belange van menige parlementslid sinoniem met dié van die groot finansiër onder wie se leiding die maatskappye gestig is. Die geldbaas het hom daarop toegelê om die band met die politikus te versterk, deur aan lg. 'n plek aan te bied op die raad van direkteure, by voorkeur die voorsitterstoel. Na die verkiesing van 1900 het nie minder nie as tweehonderd en sewentig lede van die Laerhuis sitting gehad op die direksie van een of ander maatskappy.[5] 'n Prospektus het aantrekliker voorgekom as die name van edelliede daarop verskyn. Dis seker nie om dowwe neute nie dat die hertog van Devonshire gekies is tot voorsitter van die direksie van 'n staalfabriek. Die hertog van Fife, wat deur sy huwelik 'n lid van die koninklike familie geword het, was op sy beurt weer 'n direkteur van die „British South Africa Company".[6]

---

2) Ons bedoel die verkiesing van 1895, toe die Konserwatiewe Party onder Salisbury in koalisie met die Liberale Unioniste onder Chamberlain aan bewind gekom het.

3) Vgl. Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 15-16.

4) Ibid. Die gegewens is vervat in 'n artikel, <u>The Reform of Company Law</u>, wat verskyn het in die <u>Quarterly Review</u>, April 1900.

5) Id., p. 16. Die gegewens is vervat in Constitutional Year Book, 1902, p. 136.

6) Ibid.

Die groot staatsmanne wat rigting gegee het aan die beleid van politieke partye, het eweneens die aantrekkingskrag van die geldmag ten prooi geval. In 1882 is die „National African Company" gestig, wat vier jaar later omskep is in die „Royal Niger Company," toe dit deur middel van 'n koninklike oktrooi administratiewe beheer verkry het oor die grootste deel van die Nigerrivier tot aan die see.[7] In 1899 het die Britse regering die regte van die maatskappy oorgeneem teen vergoeding ten bedrae van £865,000. Groot opspraak is verwek toe dit aan die lig gekom het dat Chamberlain een van die grootste aandeelhouers in die maatskappy was, want die skyn kon nie verberg word dat die transaksie tot sy persoonlike voordeel beklink is nie.[8] Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is Chamberlain, sy seun en sy broer deur Lloyd George verwyt dat persoonlike gewin 'n faktor in die stryd was, aangesien hulle aandeelhouers was in 'n aantal firmas wat die Admiraliteit en die Departement van Oorlog van voorrade voorsien het.[9] Rosebery, wat Gladstone opgevolg het as leier van die Liberale Party, was niks minder van 'n kapitalis nie. Hy was trots op sy uitgestrekte landgoedere, trots op die kolossale fortuin wat hom toegeval het toe hy met die dogter van lord Rothschild getrou het, en trots op sy voortreflike resiesperde waarmee hy etlike kere die „Derby" gewen het.[10] Selfs die kroonprins moes kritiek verduur omdat hy te materialisties geword het. Die volk was ontevrede oor die aantal geldbase wat binne sy intiemste vriendekring beweeg het.[11] Omdat die geldmag nog nie behoorlik deur wetgewing beheer was nie, het gevalle van verduistering en bedrog, waarby selfs ministers betrokke was, nie uitgebly nie. In 1893 was daar die opspraakwekkende bedrogsaak van die „Liberator Building Society." Die mislukking van die „New Zealand Loan Company" in 1894 het Mundella, 'n vooruitstrewende fabrikant van Italiaanse afkoms en lid van Gladstone se laaste kabinet, gedwing om uit die regering te tree. Dan is daar nog die bekende geval van Hooley se insolventskap. Hierdie finansier het skatte opgehoop deur die stigting van industriële en handelsmaatskappye. Om aandeelhouers te trek, moes hy direkteure met adellike titels soek. Dit is bewys dat hy die name van verskeie edelliede met klinkende munt gekoop het! Dit ontdekking van goud op die Witwatersrand het die bedrywighede van die geldmag tot 'n hoogtepunt gevoer.[12] Op die vooraand van die

7) Vgl. Lucas: The Partition of Africa, p. 94-95; Johnstone: The Colonization of Africa, p. 189.

8) Vgl. Halevy, a.w., p. 97.

9) Ibid.

10) Id., p. 99.

11) Id., p. 120.

12) Halevy sê: „The unbridled speculation on the Transvaal gold mines constituted another scandal on account of its too obvious influence on British colonial policy" (p. 17).

Tweede Vryheidsoorlog skrywe „The Economist": „It is undeniable that during the session just ended there has been an atmosphere of money in the lobby and precincts of the House of Commons scarcely known before. All manner of interests have gathered there, as they gather in Washington and in the various State Legislatures in America. More attempts to influence the votes of members have been made than has been known before, or, at any rate than members can recollect since the days of railway construction."[13)]

In hul strewe om geld in meer geld om te sit het die Britse kapitaliste natuurlik besef dat die natuurlike hulpbronne en markte van die Eilande wat hulle bewoon het nie aan hulle eise kon voldoen nie en dat die buiteland bygetrek sou moes word. Dit het daartoe gelei dat Brittanje hoe langer hoe kwaaier mededinging van ander geïndustrialiseerde lande onvervind het. Veral Duitsland en die Verenigde State van Amerika was vinnig op pad om eersterangse moondhede te word. Die bevolking van die Duitse Ryk, wat as gevolg van Frankryk se neerlaag in die Frans-Pruisiese Oorlog (1870-1871) in die lewe geroep kon word, het in die eerste jaar van sy bestaan dié van Brittanje met tien miljoen oortref.[14)] Ook die V.S.A. het as gevolg van die vinnig stygende tempo van sy bevolkingsaanwas Brittanje ver in die skadu begin stel.[15)] Blote getalle-oorwig is wel geen betroubare maatstaf om die plek te bepaal wat 'n staat in die ry van nasies inneem nie, maar wat die posisie vir Brittanje gevaarlik gemaak het, was die spoed waarmee die nywerheidsomwenteling in Duitsland en Amerika plaasgevind het.

Hoewel die Duitse state in die eerste helfte van die neëntiende eeu op politieke gebied jammerlik verdeeld was, het hulle prysenswaardige pogings aangewend om ekonomiese eenwording te bewerkstellig. Verskillende tolunies het ontstaan en teen 1850 het Pruise reeds die helfte van Duitsland in sy „Zollverein" saamgesnoer.[16)] Toe die kroon, wat op 18 Januarie 1871 in die spieëlsaal van Versailles op die hoof van Wilhelm I geplaas is, nou ook die politieke eenwording van Duitsland gesimboliseer het, kon Europese staatsmanne seker met reg die dag voorsien wanneer 'n gespierde arm vanuit Berlyn ver en wyd oor die aardbol sou tref.[17)] Die grondslag

---

13) The Economist, d.d. 12th August, 1899 (Aangehaal deur Halevy, p. 37.)

14) Vgl. Halevy, a.w., p. 10.

15) In die dekade na 1880 het meer as 5-miljoen immigrante na die V.S.A. verhuis. (Vgl. Walker: Moderne Geskiedenis vir Afrikaners, p. 364). In 1891 het Brittanje 'n bevolking van bietjie meer as 38,000,000 gehad, terwyl die V.S.A. die 63,000,000-kerf bereik het.

16) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 191.

17) Vgl. Scholtz: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, p. 149.

is gelê vir die ontwikkeling van 'n moondheid wat Brittanje kon uitdaag om die wêreldleierskap wat hy sedert die ondergang van Napoleon besit het. Die spoorwegnet van die Duitse Ryk was uit die staanspoor groter as dié van Brittanje. Spoorweë en kanale het die hawe van Hamburg in verbinding gestel met die ystermyne van Lotharinge wat so pas van Frankryk verower is. Die helfte van die Europese steenkoolvelde was binne die Ryk geleë. Die rykste provinsies van sy buurstate was naby sy grense. Handelsverdrae is gesluit met Oostenryk-Hongarye, Rusland, Italië en Roemenië. Sentraal-Europa het al meer en meer 'n vryhandelsgebied geword met Berlyn as middelpunt.[18)]

Die V.S.A. het dieselfde weg as Duitsland bewandel. Ten spyte van die ontsettende verwoesting wat die Burgeroorlog (1861-1865) gesaai het, het Amerika deur middel van die stigting van nuwe state, 'n kragtige immigrasiestroom uit Europa en die ontginning van sy natuurlike hulpbronne tot die gestalte van 'n nywerheidsreus ontwikkel. Teen 1890 het Amerika oor net soveel spoorbane beskik as Europa en was hy reeds een van die grootste produsente van koring, katoen, steenkool, staal en ru-yster.[19)] Binne die volgende dekade is Brittanje se produksie van ru-yster geëwenaar.[20)]

Die toenemende omvang van Duitsland en Amerika se uitvoerhandel het die mark vir Britse fabrieksware in die buiteland laat krimp. Dit het bekommernis in Downingstraat gewek en metodes moes gevind word om Brittanje se leierskap op industriële en handelsgebied te beveilig. Frankryk was 'n minder gevaarlike konkurrent. Soos sy bevolking het sy handel nie 'n noemenswaardige toename getoon nie. Van Rusland het Brittanje nog minder te vrees gehad weens sy groot agterstand op nywerheidsgebied. Tog het Frankryk en Rusland hul koloniale ryke in Afrika en Asië uitgebrei en tolgrense opgerig om Britse goedere uit te sluit.[21)]

Om hierdie toestand die hoof te bied, was Brittanje verplig om terug te val op die steun van sy uitgebreide koloniale ryk. Die kolonies moes 'n mark voorsien vir sy fabrieksware en terselfdertyd hulle natuurlike hulpbronne tot beskikking van sy nywerhede stel. Dit verklaar die byna fanatieke jaloersheid waarmee Brittanje sy oorsese ryk bejeën het. Hoewel daar onmiskenbare tekens te bespeur was dat hy nie op die lang duur die wêreld se vernaamste werkwinkel sou bly nie,[22)] het hy

---

18) Vgl. Walker: Moderne Geskiedenis vir Afrikaners, p. 362.

19) Id., p. 363.

20) In 1896 het Brittanje 8,660,000 ton en Amerika 8,623,000 ton ru-yster geproduseer. (Vgl. Scholtz: Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, I, p. 71).

21) Vgl. Halevy, a.w., p. 13.

22) Id., p. 13.

tog die unieke posisie beklee dat hy die vernaamste uitvoerder van kapitaal na ander lande, met inbegrip van sy kolonies, was. In 1835 is reeds die reusebedrag van £1,302,000,000 in die buiteland belê. Dit het gestyg tot £1,600,000,000 in 1895 en £2,025,000,000 in 1905.[23] Hiervan het ongetwyfeld 'n aansienlike deel na die Afrikaanse vasteland gevloei, want drie geoktrooieerde maatskappye is gestig om die bodem van onontwikkelde gebiede te ontgin, t.w. die „Royal Niger Company," die „Imperial British East Africa Company" en die „British South Africa Company."[24] Maar selfs op hierdie gebied het daar onheilspellende tekens aan die Britse horison verskyn. Die groot bankiersfirmas in Londen, wat die belegging van Britse kapitaal beheer het, was besig om uit nasionale hande te glip. Sedert die verdwyning in 1890 van die welbekende firma wat die Barings gestig het, het hulle almal Duits-Joodse of Amerikaanse name gedra. Die gevaar het bestaan dat die Britse geld wat aan hulle toevertrou is, gebruik kon word om mededingende nywerhede in Duitsland en Amerika op te bou. Dit het Brittanje nog meer gevoelig gemaak wat die handhawing van sy ekonomiese leierskap betref.[25]

Die Londen-Konvensie is net betyds gesluit. In dieselfde jaar is die Britse imperialisme, wat 'n tydelike terugslag ondervind het, nuwe lewe ingeblaas deur die Duitse indringing in die Britse invloedsfeer in Suidelike Afrika.[26] Die wrywing tussen Brittanje en Duitsland op die wes- en ooskus was nouliks verby of verdere gebeurtenisse gee aanleiding tot 'n steeds kragtiger ontplooiing van die imperialisme. In 1886 is die grondslag gelê van verwikkelinge wat uiteindelik tot die ondergang van die Boererepubliek sou lei. In daardie jaar is die goudvelde op die Witwatersrand geproklameer, die Liberale Party in Brittanje uit die kussings gelig en 'n onherstelbare bres in die samewerking tussen Gladstone en Chamberlain geslaan. Op die implikasies van hierdie gebeurtenisse moet ons kortliks let.

As Suid-Afrika weens sy ligging op die seeweg na die Ooste 'n onmisbare skakel geword het in die ketting van Britse kolonies, het dit, ná die ontdekking van die ryk goudriwwe op die Witwatersrand, 'n nuwe internasionale betekenis gekry. Al die lande waar die imperialisme en industrialisme ingang gevind het, het met groot belangstelling na die suidpunt van Donker Afrika geloer. Maar die begeerlike skat

---

23) Vgl. Hobson: The Export of Capital, p. 200-201.

24) Vgl. Lucas: The Partition of Africa, p. 98-99.

25) Vgl. Halevy, a.w., p. 14.

26) Ons behandel dit later.

het aan 'n klein pastorale volkie behoort, ekonomies onryp en militêr swak, dog vervul met 'n onwrikbare geloof in sy politieke selfbeskikkingsreg. Geldbase, hoofsaaklik Britse en Duitse onderdane, is deur die goudkoors beetgepak en kapitaal het die Republiek binnegestroom, nie slegs om die myne te ontgin nie, maar ook om sekondêre nywerhede, wat deur die ryk bodem moontlik gemaak is, op te bou. Die senuweeagtige haas waarmee beleggers probeer het om hul sakke te vul, blyk uit die feit dat daar reeds in 1887 by die driehonderd goudmynmaatskappye was![27]

In Brittanje het die imperialistiese gloed ontvlam soos nog nooit te vore nie.[28] Openbare leidsmanne het druk uitgeoefen op albei die groot politieke partye om die Britse greep op die Suid-Afrikaanse Republiek, wat deur die Konvensie van Londen aansienlik verswak is, weer te verstewig. Onder hulle was waarskynlik weinig, indien daar ooit sulkes was, wat meer invloed uitgeoefen het as die Imperialistiese kolos, Charles Marvin, destyds wêreldbekende reisiger en besonder produktiewe skrywer. Sy talryke geskrifte het ongetwyfeld veel bygedra om nasietrots en volkseenheid op imperialistiese grondslag aan te moedig. Hoewel hy in die eerste plek 'n grondige kenner was van die Russiese imperialisme en die Britse volk gewaarsku het teen die Russiese opmars in die rigting van Indië en Sentraal-Asië,[29] het hy hom ook geroepe geag om die aandag te vestig op die gevaar van 'n Duitse aanslag op die Britse vesting aan die suidpunt van Afrika. Hy het veral daarna gestrewe om by die breë lae van die volk besieling op te wek vir die beveiliging en uitbreiding van die koloniale ryk. Die „Newcastle Examiner" skrywe: „Charles Marvin's political mission has been summed up by himself in one word – ' to imperialise the working man'. He says: „The working man has the largest vote, and the welfare of the Empire is largely in

---

27) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 262-265, Backeberg, a.w., p. 144-147.

28) Vgl. Leyds: Het Insluiten van de Boeren-Republieken, I, Voorrede, p. IX-X.

29) Die New York Herald skrywe van hom: „Charles Marvin writes with the charm of a novelist and the accuracy of a mathematician. His Russians at the gates of Herat (of which 60,000 copies have been sold in England and America) reads like a historical romance." (Aangehaal deur die uitgewers in die inleidende opmerkinge tot Boer-German Republic or English Dominion?) Die meeste van ons inligting in verband met Marvin is uit hierdie bron geput. Sy belangrikste werke het ingesluit: The Russian Advance towards India; The Russian Railway to India; Russia's Power of attacking India; The Russian Campaign against the Turcomans; Reconnoitring Central Asia; Russia's Power of seizing Herat; Shall Russia have Penjdeh? The Russian Annexation of Merw. Hy was 'n persoonlike vriend van Skobeloff, Ignatieff en ander beroemde Russiese generaals en staatsmanne wat 'n plan beoog het om Brits-Indië te verower. Die vertroue wat die Britse regering in hom gestel het, blyk uit die feit dat al sy geskrifte oor Sentraal-Asië meegeneem is vir raadpleging toe 'n grens tussen Rusland en Afghanistan afgebaken moes word. (Vgl. ook Rose: The Development of the European Nations, Appendix, III, Extract from Skobeloff's conversation with Charles Marvin on March 8, 1882).

his keeping.' His object in life is to create a consciousness of Empire in his mind. When this is done, the masses will insist on a strong foreign policy, and the federation of the Colonies with the Mother Country will follow as a matter of course. He does not write for any party, but for the whole people, and he always strives to keep himself in harmony with the national sentiment."[30] Nie slegs met behulp van die pen nie, maar ook deur middel van toesprake en persoonlike kontak het Marvin probeer om die hart van die werksman te bereik. So bv. het hy op 27 Julie 1886 'n konferensie van skeepsargitekte onder voorsitterskap van die hertog van Ravensworth in Liverpool toegespreek.[31] Die bedrywighede van 'n rustelose volksfiguur soos Marvin was 'n teken van die onsigbare vulkaniese werkinge onder die oppervlakte van die Britse openbare lewe, en dit verklaar die proses waarlangs Brittanje ontwikkel het van 'n politiek verdeelde land, toe die Suid-Afrikaanse Republiek in 1881 herstel is, tot 'n geslote eenheid in 1899, toe die tweede aanslag op die onafhanklikheid van die Republiek gedoen is.

In 1887 verskyn 'n vlugskrif uit die pen van Marvin, waarvan die opskrif op eg propagandistiese wyse gestel is:

„Boer-German Republic or English Dominion?
The Railway across South Africa
and the rush to the Transvaal Gold Fields.
English Africa.
Shall Boer and German sway it?"[32]

Dis opmerklik hoe die Britse koloniale beleid in Suid-Afrika gedurende die volgende dekade sy denkbeelde noukeurig gevolg het. In sy voorwoord skrywe hy: „In a developed and federated dominion of South Africa is to be found security for the Cape route, rather than in the costliest of armaments at St Simon's Bay; and however powerful the cannon that a British Government might place in position there, they would be a poor protection if outside the batteries cold hearts ruled the rest of the Cape country to the Zambesi...If I appear to 'take sides' in the struggle of the English race with other races, that, at least, should be excusable at a period when every race is asserting itself, and is paying no ~~particular~~/regard to the interests of our own."[33] Sommer uit die staanspoor beklemtoon hy die groot betekenis wat die Trans-

30) Aangehaal deur die uitgewers van „Boer-German Republic or English Dominion?" (vgl. vorige voetnoot). Datum nie vermeld nie.

31) Die voorsitter het hom met die volgende woorde verwelkom: „It is with great pleasure that I am able to announce that we have present to-day the distinguished traveller and writer, Mr Charles Marvin, the author of that most interesting book - more fascinating than any novel I know of - 'The Region of the Eternal Fire'." (Ibid).

32) Vgl. Marvin: Boer-German Republic or English Dominion?

33) Id., p. 6.

vaalse bodem in 'n ommesientjie verwerf het: „The amazing richness of the Transvaal gold fields has not escaped notice at home. For weeks past there has been quite a 'boom' in Transvaal mines, and additional millions have been invested by the British public in the purchase and development of mining properties in the Boer State. According to general account, the confidence of the public in the auriferious wealth of South Africa does not appear to be misplaced, whatever may be the character of some of the shady companies floated on the London market. Gold has been found in amazing quantities in the Transvaal, and fresh fields are being almost daily opened up, not only in the Boer Republic, but in the native regions lying east, west and north of it. As might be expected, these discoveries of potentially enormous supplies of gold have not been made without exercising a powerful influence on South African affairs."[34) ] Hy waarsku voorts dat Duitsland pogings sou aanwend om vir hom 'n weg na die Transvaal te baan, deur Delagoabaai van die Portugese te koop en 'n protektoraat oor Amatongaland uit te roep.[35)] Marvin het net één uitweg gesien om die bedreiging vir die Britse oppergesag in Suid-Afrika die hoof te bied - die Transvaal moes oorstroom word met Britse immigrante.[36)] Dit kon nie onmiddellik geskied nie, maar hy het wel geweet van 'n beleid wat intussen met vrug toegepas kon word: „Until the English replace the Boers in the management of the Transvaal or obtain a permanent working majority in the Volksraad, the Transvaal must have no outlet to the sea. To exclude all possibility of this, the most stringent protection must be exercised over the Amatongas."[37)] Dit kom daarop neer dat die ekonomie van die staat deur omarming met Britse gebiede en invloedsfere verlam moes word, totdat die Boere in hul magteloosheid die gesag aan die Britte sou oorhandig. Hy het die metode bepleit van die luislang wat sy kinkels al stywer om die bokkie trek!

Juis in hierdie tyd begin Gladstone en Chamberlain se paaie uitmekaar loop. Toe Salisbury in Julie 1886 as leier van die Konserwatiewe Party die leisels van Gladstone oorneem om dit vir die volgende ses jaar te hou, geniet sy beleid in baie opsigte die steun van 'n weerspannige groep uit die Liberale Party onder aanvoering van Chamberlain, die sg. Unioniste, wat gekant was teen Gladstone se „Home Rule"-beleid vir

---

34) Id., p. 7.

35) Id., p. 8.

36) Die volgende is tipiese opskrifte wat in die vlugskrif voorkom: „Swarming to the Transvaal"; „Swamping the Transvaal Boers;" „The New English Invasion;" „English towns beating the Boer towns;" „The English in the Transvaal."

37) Id., p. 31.

die Iere, ondat dit 'n verswakking van die ryksbande sou meebring.[38] Salisbury het Chamberlain na Washington gestuur om beter samewerking te bewerkstellig tussen die V.S.A. en Kanada. Sy belangstelling in die Britse koloniale ryk is op hierdie sending baie versterk en hy het dit behou tot sy dood toe.[39]

Sodert die breuk tussen Gladstone en Chamberlain het die Liberale Party die kreeftegang gegaan. Eersgenoemde het steeds getrou aan die strewe van die „Little Englanders" gebly, maar die Britse volk het hoe langer hoe meer afkering van sy beleid geword.[40] In 1892 sou hy vir die laaste keer daarin slaag om 'n kabinet saam te stel, maar hy het oor 'n minderheid van setels in Engeland en Skotland beskik en moes staatmaak op die steun van die Iere.[41] In die Laerhuis was Chamberlain nou die gedugste teenstander van die regering.[42] Na twee jaar het Gladstone besluit om die politieke arena te verlaat. Hy was oud en afgeleef en het die wind sterk van voor gekry. Die Lords het sy tweede „Irish Home Rule"-wetsontwerp met 'n oorweldigende meerderheid verwerp, en sy kollegas het aangedring op 'n omvangryke vlootbouprogram wat vir hom onnodig Imperialisties voorgekom het.[43] Onder Rosebery het die Liberale Party ywerig meegehelp om die koloniale ryk verder uit te bou - van 'n „Little England" was nie meer sprake nie.[44]

Die dood van Gladstone in 1898 het die tydperk van ortodokse liberalisme, waarvan die grondbeginsel die handhawing van vrede was, afgesluit.[45] Die weg is gebaan vir die triomf van Disraeli se Imperialisme, wat 'n kwarteeu vantevore tot openbaring gekom het. In Gladstone het die Boere van die Suid-Afrikaanse Republiek hul groot steunpilaar in die Britse politiek verloor. Soos voorheen aangetoon, was selfs sy kabinet, wat die Republiek in 1881 herstel het, nie heeltemal vry van Imperialistiese neigings nie, en die sukses wat die Boere behaal het in hul stryd om vryheid, was tot 'n groot mate aan sy persoonlike invloed te danke. Hoe meer Imperialisties die ander moondhede geword het, hoe vinniger het sy politieke beginsels veld verloor in Brittanje, hoe gevaarliker het die posisie vir die Boere geword, en hoe luider het die geroep om die

---

38) Halévy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 3; p. 23.

39) Id., p. 3; p. 8; p. 23-24.

40) Vgl. Halevy en McCallum: Victorian Years, p. 470.

41) Ibid., p. 475-476. Gladstone het maar oor 'n meerderheid van 39 stemme in die Laerhuis beskik.

42) Id., p. 476.

43) Vgl. Halevy, a.w., p. 6; Halevy en McCallum, a.w., p. 476. Die Hoërhuis het sy wetsontwerp met 419 teen 41 stemme verwerp.

44) Vgl. Halevy, a.w., p. 8.

45) Id., p. 94.

handhawing van „British Paramountcy" geword. Sedert die Groot Trek het Britse staatsmanne van tyd tot tyd die beginsel van „Paramountcy" toegepas in hul optrede teenoor die Boere buite die grense van die Kaapkolonie,[46] maar toe die gees van Imperialisme teen die einde van die neëntiende eeu vaardig geword het oor die hele Europa, het dit 'n towerleuse geword wat soos musiek geklink het ook in die ore van die gewone Brit op straat - die belange en die eer van 'n wêreldryk was op die spel en die Boere moes gedwing word om die aftog te blaas aan elke front, binne en buite die Republiek, waar daar botsing ontstaan het.

Solank die imperialisme beperk gebly het tot enkele moondhede, het die Boererepublieke 'n redelike kans gehad om te bestaan. Tot diep in die tweede helfte van die neëntiende eeu het slegs Brittanje, Rusland en Frankryk aktiewe belangstelling in kolonisasie getoon.[47] Die imperialisme van Rusland en Frankryk het die Boeresaak egter weinig of niks benadeel nie. Hul bedreiging van Brittanje se koloniale belange sowel in die Nabye as Verre Ooste het met tye sulke ernstige afmetings aangeneem dat Downingstraat werklik begerig was om rus en vrede in ander dele van sy Ryk te verseker en, wat Suid-Afrika betref, botsing met die Boere te vermy, aangesien die aggressiwiteit van die talryke inboorlingstamme alreeds meer as genoeg hoofbrekens besorg het. Wrywing tussen Brittanje en Rusland oor koloniale aangeleenthede was een van die vernaamste kenmerke van die Europese politiek in die neëntiende eeu. Eienaardig genoeg het Brittanje op al die aanrakingspunte van hul koloniale grense middele gevind om die Russiese opmars te stuit - die Turkse Ryk in die Middellandse See,[48] die woestyne van Persië en die berge van Noordwes-Indië in Sentraal-Asië,[49] die Japanse Eilande in die Verre Ooste.[50] Die magteloosheid van die Beer om die Leeu uit sy pad te stoot, het veel verbittering veroorsaak, en dit is dan ook opvallend dat eintlik net Rusland gewapende inmenging ten gunste van die Boere bepleit het gedurende die Tweede Vryheidsoorlog.[51] Nouliks 'n dekade na die ondergang van Napoleon het Frankryk al weer sy voelhorings uitgestoot om vasskopplek anderkant die oseane te soek. Weens die Monroe-leer het hy dit veilig geag om van Amerika weg

---

46) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 12-15.

47) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 321.

48) Id., p. 202.

49) Id., p. 316.

50) Id., p. 322.

51) Id., p. 333; vgl. ook Bixler: Anglo-German Imperialism in South Africa, 1880-1900, p. 164; p. 168.

te bly en sy oë liewer na Afrika en China te wend. Reeds in 1830 beset hy Algiers in Noord-Afrika, en voor die helfte van die eeu is die hele Algerië onderworp.[52] Daarna is die Suezkanaal op Franse inisiatief gebou. Weer was dit die Leeu wat die weg verder versper het! Brittanje het beheer oor die kanaal verkry deur die Khedive se aandele in die maatskappy oor te neem, en deur sy militêre en diplomatieke vernuf het hy die gesamentlike Brits-Franse beheer oor Egipte omgeskep in 'n eksklusiewe Britse opperheerskappy.[53] Frankryk was diep verontwaardig. Die breuk tussen die twee moondhede sou voortduur tot aan die begin van die twintigste eeu. Brittanjese koloniale beleid het ongetwyfeld meegewerk om die weg voor te berei vir die stiging van die Tweevoudige Verbond tussen Frankryk en Rusland in 1893.[54]

As die imperialisme van Frankryk en Rusland die Boeresaak nie geskaad het nie, omdat die suidelike halfrond hierdie moondhede feitlik koud gelaat het, sou die skielike openbaring van Duitse imperialisme 'n groot omwenteling teweegbring, aangesien die Britse invloedsfeer in Suidelike Afrika nou binnegedring is. Nadat die Duitse handelaars uiteindelik daarin geslaag het om Bismarck te oortuig dat 'n koloniale ryk vir Duitsland 'n bestaansvereiste geword het, het hy met merkwaardige spoed opgetree. Binne twee jaar (1884-1885) het hy beheer oor die volgende gebiede verkry: die suidweskus van Afrika tussen die Oranjerivier en Angola, behalwe Walvisbaai waar die Union Jack reeds gewapper het; 'n groot deel van Nieu-Guinee in die Stille Oseaan; Togaland en Kameroen in die omgewing van Nigerië, en Duits-Oos-Afrika by die groot mere in Sentraal-Afrika. Ook is 'n vasberade dog vrugtelose poging aangewend om St. Luciabaai aan die suidooskus te beset.[55] Hierdie koloniale ryk wat etlike miljoene vierkante myl beslaan het, is tot stand gebring sonder die hulp van 'n vloot of leër.[56] Die geheim van Bismarck se sukses was weer eens sy seldsame diplomatieke vernuf.

Hoewel Portugal lank nie meer 'n leidende rol op die Europese Vasteland gespeel het nie, het sy uitbreidingsdrang in Suidelike Afrika Brittanje hoofbrekens besorg, veral daar hy dikwels gemene saak gemaak het met Duitsland en Frankryk.[57]

Teen 1890 het die verdelingsproses waaraan die aardbol onderworp was, feitlik voltooiing bereik, en tog het die imperialistiese ywer van die Europese nasies juis

---

52) Id., p. 310-311.

53) Id., p. 316-319.

54) Id., p. 329. Die onderhandelinge het voortgeduur van Augustus 1891 tot Desember 1893.

55) Id., p. 320; Backeberg, a.w., Hoofstuk V.

56) Id., p. 320.

57) Vgl. Lucas: The Partition of Africa, p. 92-93.

in die laaste dekade van die neëntiende eeu merkbaar verskerp.[58] Die aandag van die groot moondhede is noodwendig van koloniale bedrywighede afgewend en op mekaar se doen en late gevestig. In die Ooste het die stryd om handelsregte in China 'n hoogtepunt bereik,[59] en in die Weste het die stryd om die handhawing van die magsewewig 'n duideliker vorm begin aanneem. Die Drievoudige Verbond van Duitsland, Oostenryk-Hongarye en Italië het te staan gekom teenoor die Tweevoudige Verbond van Frankryk en Rusland. Duitsland is nou aan twee fronte deur gedugte vyande bedreig.[60] Die Keiser het dan ook sterk begin aandring op die uitbreiding van die Duitse vloot, hoewel dit nog lank nie 'n uitgemaakte saak was teen wie die vloot uiteindelik gebruik sou word nie: die Frans-Russiese alliansie, of Brittanje met wie Duitsland oorhoop gelê het weens botsende belange in die Middellandse See, in die Verre Ooste en in Afrika.[61] Brittanje het inderdaad die belangrikste sleutel tot wêreldvrede in sy hand gehad. Solank hy sy tradisionele isolasiebeleid gehandhaaf het, was daar 'n redelike vooruitsig dat die vrede bewaar kon word.[62] Maar die twee sterk manne in die Britse kabinet nà 1895, Salisbury en Chamberlain, het nie dieselfde sienswyse gehuldig nie. Eersgenoemde het 'n beleid van versigtigheid en afsydigheid voorgestaan, laasgenoemde was aggressief en het beweer dat Brittanje vriende moes soek.[63] Terwyl oorlogswolke stadig aan die Europese gesigseinder verrys, wend die Suid-Afrikaanse Republiek nog beskeie pogings aan om sy grense uit te brei en verbinding met die buitewêreld te soek. Daarmee het Brittanje nie genoeë geneem nie. Sy belange het vereis dat die voorposte van sy Ryk solied en lojaal moes vertoon.

Hoewel die Jameson-inval misluk het, het dit die Britse Imperialisme geweldig gestimuleer, veral weens die onbedekte Duitse vreugde dat die Transvaal nie in Engelse hande geval het nie. Dit het aanleiding gegee tot die stigting van die „South African League"[64] in Suid-Afrika en die „Imperial South African Associa-

---

58) Grant en Temperley, a.w., p. 321; Lucas, a.w., p. 96. In Afrika was dit nog net die Republiek van Liberië en Marokko wat onafhanklik was. Ten spyte van 'n Italiaanse aanspraak op 'n protektoraat oor Abessinië, was hierdie staat in die praktyk ook onafhanklik.

59) Id., p. 330-331.

60) Grant en Temperley, a.w., p. 329.

61) Halevy, a.w., p. 31-35.

62) Grant en Temperley, a.w., p. 329.

63) Halevy, a.w., p. 57.

64) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 12-15.

tion"[65] in Brittanje. Hierdie twee organisasies het 'n bondgenootskap gesluit in hul stryd teen Boerenasionalisme, want hulle het dieselfde ideaal nagestrewe, nl. die handhawing van Britse opperheerskappy in Suid-Afrika.[66] Die „Imperial South African Association" wat op 22 Julie 1896 gestig is, het meer direkte invloed op die Britse beleid uitgeoefen. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het nie minder nie as sestig Britse parlementslede op die Algemene Bestuur gedien, terwyl daar ook 'n sterk tak van die organisasie, wat byna uitsluitlik uit parlementslede bestaan het, in Kanada in die lewe geroep is.[67] Hierdie liggaam het vlugskrifte versprei en vergaderings belê waar gesaghebbendes oor Suid-Afrikaanse aangeleenthede opgetree het.[68] Een van die bestuurslede, Edward Dicey, skrywe in 1897 aan die „Observer": „As the dominant Power in South Africa, Great Britain cannot tolerate the existence, in the middle of her South African possessions, of an independent State whose policy is antagonistic to British supremacy. If, therefore, our suzerainty over the Transvaal does not exist de jure, it must be re-established de facto. Unless I am mistaken, it will be found that this is also the opinion of Her Majesty's present government. If so, no time should be lost in letting the South African Republic understand that, suzerainty or no suzerainty, Great Britain is - and intends to remain - the paramount Power in South Africa."[69] Maar Dicey het hom onnodig daaroor bekommer dat hy die Britse beleid moontlik verkeerd kon interpreteer. Milner, die Hoë Kommissaris, stel dit baie saaklik en duidelik as hy van die Suid-Afrikaanse Republiek eis: „Recognition of British Paramountcy, including not only control of foreign relations, but, where the welfare of South Africa is concerned, ultimate right of interference even

---

65) Vgl. Handy Notes on South Africa for the use of speakers and others. Issued by the South African Association, 16 Great George Street, Westminster, July, 1896.

Vgl. ook: Handy Notes on South Africa for the use of speakers and others. Issued by the Imperial South African Association, 66 Victoria Street, Westminster. Third Edition, Revised, 1899; Vgl. verder: The British Case against the Boer Republics. Issued by the Imperial South African Association, 66 Victoria Street, Westminster, 1900.

En: Report of an Address entitled "Our Imperial Responsibilities in the Transvaal," which was delivered by Sir Gilbert Parker, M.P., Chairman of the Imperial South African Association, at the Junior Constitutional Club, Piccadilly, on Wednesday, March 23rd, 1904.

66) Vgl. The British Case against the Boer Republics. (vgl. vorige voetnoot).

67) Ibid.

68) Ibid. Die bekendste vlugskrif was: „Handy Notes on South Africa for the use of speakers and others."

69) FO 2 266/244, Koerantuitknipsel, Dicey aan die Observer, d.d. 4-9-1897.

in internal affairs."[70] Die tweede Vryheidsoorlog is dan ook deur baie oorlogspropagandiste openlik geregverdig op grond van die noodsaaklikheid om die Britse oppergesag in Suid-Afrika te handhaaf. Bernard Shaw, die bekende dramaturg, het in 1900 verklaar: „...the most governed state over the largest area is preferable to a number of warring units with undisciplined ideals....The world is to the big and powerful states by necessity: and the little ones must come within their borders or be crushed out of existence."[71] Hierdie standpunt het ook op die vasteland steun ontvang van tydskrifte soos die Switserse blad „Bibliothèque Universelle," wat beweer het dat 'n gemilitariseerde staat nodig was om die goudmyne te beveilig.[72] Tog was daar nog steeds die enkeling wat die antimilitarisme van 'n Bright en 'n Gladstone bepleit het.[73] Binne die parlement was dit die jeugdige maar onverskrokke Lloyd George wat die Britse aggressie in striemende taal veroordeel het, en daarbuite die joernalis en vredesdissipel, W. T. Stead, wat gewaag het om te skrywe: „There is not a Colony in the whole Imperial circle which would not revolt if we were to attempt to base upon our paramountcy any pretensions to interfere in their internal administration. Even in South Africa, Mr. Chamberlain, for all his paramountcy, protests that he cannot compel the self-governing Colony of Natal to give the franchise to Her Majesty's Indian subjects. It is only in dealing with a free and independent Republic that he dares to demand the franchise in the name of paramountcy. <u>War for paramountcy is war for a phantom</u> - <u>a vampire phantom</u> - and no one would sooner revolt against any attempt to enforce it than the very Outlanders themselves as soon as they got the vote."[74] 'n Stead teenoor 'n Dicey - hierdie lynregte teenstelling teken die

---

70) C.R.O. 572 nr. 1346 op p. 248, Milner aan Chamberlain, d.d. 4-9-1899. Flora L. Shaw, skryfster en lid van die redaksie van „The Times," beweer dat Brittanje reeds in 1836 die beginsel van „British Paramountcy" neergelê het in die „Cape of Good Hope Punishment Act," waardeur blankes onder die jurisdiksie van die Kaapse geregshowe geplaas is sover as 25 grade suiderbreedte. (Vgl. Flora L. Shaw, Great Britain and the Dutch Republics, Reprinted from "The Times," London, 1900).

71) Toespraak van Bernard Shaw voor 'n vergadering van die „Fabian Society" op 23 Februarie 1900. (Aangehaal deur Halevy, a.w., p. 105).

72) Vgl. Europe and the Transvaal by Tallichet, Editor of the <u>Bibliotheque Universelle</u>. Translated by the Rev. Canon St. John, DD. Vgl. ook: Boers or <u>English: Who are in the right?</u> Being the English translation of: <u>Boers et Anglais: Où est le Droit?</u> by Edmond Demolins, Author of Anglo-Saxon Superiority; <u>Editor of the Paris Science Sociale</u>. British Colonial Policy scientifically vindicated by a prominent Frenchman.

73) Vgl. Halevy, a.w., p. 104.

74) Vgl. Stead: Are we in the Right? p. 24. (Onderstreping deur skrywer).

wese van die Imperialisme soveel duideliker af.

Teen hierdie agtergrond moet ons die stryd om grondgebied op die grense van die Boererepubliek sien as ons goed wil begryp waarom Kruger en sy Gideonsbende, in hul pogings om die grense van die Republiek te verskuif, hulle in alle rigtings teen 'n haas onbeweeglike muur vasgeloop het.

# HOOFSTUK V.

## Botsing op die wesgrens van die Republiek.

Op die dag toe die Londen-Konvensie onderteken is, het Derby aan die waarnemende Hoë Kommissaris in Suid-Afrika getelegrafeer: „Delegates appear well satisfied and cordial feeling (exists) between two governments."[1] Hierdie tevredenheid en hartlikheid was in der waarheid slegs vernis waaronder die Boeredeputasie 'n gevoel van teleurstelling verberg het. Soos voorheen aangetoon, het hulle nóg die soewereine onafhanklikheid verkry waarna hulle gestrewe het, nóg die wesgrens wat volgens hul sienswyse die inboorlingvetes sou beëindig.

In dieselfde telegram deel Derby mee dat, met die toestemming van die Deputasie, 'n Britse Protektoraat buite die Transvaalse wesgrens gestig is.[2] Die doel daarmee was dat dit sou dien as „a barrier against Boer encroachments."[3] Ook het Derby bygevoeg dat die Deputasie onderneem het om grenskommissarisse aan te stel wat met Britse kommissarisse in die Protektoraat kon saamwerk om vrede op die Republiek se wesgrens te bestendig.[4] Op aanbeveling van Robinson is eerw. John McKenzie aangestel as Resident in Betsjoeanaland om die belange van Brittanje en sy bondgenote, Mankoroane en Montsioa, te behartig.[5] In April 1884 is majoor Stanley Lowe aangestel as magistraat om kriminele en siviele jurisdiksie uit te oefen in 'n uitgestrekte gebied, begrens deur die Transvaal aan die oostekant, die Moloporivier aan die noorde- en westekant en die Kaapkolonie aan die suidekant.[6]

Hierdie veiligheidsmaatreëls het tot niks goeds gelei nie. Die stamoorloë het onverpoosd voortgeduur en die vrybuiters het nog na hartelus daaraan deelgeneem.[7] Brittanje se beleid op die wesgrens van die Suid-Afrikaanse Republiek het

---

1) C. 4036, nr. 20, Derby aan Smyth, d.d. 27-2-1884.

2) Ibid.

3) C.R.O. 301, Bechuanaland Affairs, Memorandum by E. Fairfield, printed for the Use of the Cabinet, p. 11.

4) C. 4036, nr. 20, Derby aan Smyth, d.d. 27-2-1884.

5) C. 4036, nr. 8, Robinson aan die Koloniale Kantoor, d.d. 8-2-1884; nr. 20, Derby aan Smyth, d.d. 27-2-1884.

6) C. 4036, nr. 25, Derby aan Robinson, d.d. 5-3-1884; nr. 45, Robinson aan Derby, d.d. 8-4-1884; nr. 49, Robinson aan McKenzie, d.d. 12-4-1884.

7) Vgl. „De Volkstem," 7 Maart 1884, artikel vertaal onder die opskrif „The South-Western Border" in C. 4036, byvoegsel by nr. 44, Britse Resident aan Hoë Kommissaris. ('n Hele reeks Britse Blouboeke bevat Korrespondensie oor die verbete stryd gedurende 1884 en 1885 in Betsjoeanaland, bv. C. 4036; C. 4194; C. 4213; C. 4252; C. 4275; C. 4310; C. 4432; C. 4588.

Die titel van al hierdie boeke is Affairs of the Transvaal and Adjacent Territories.)

in 'n groot mate dieselfde gebreke geopenbaar as sy beleid op die oosgrens van die Kaapkolonie, waar dit byna 'n eeu geduur het voordat die naturellestamme tot onderwerping gedwing is.[8] Verskeie faktore was verantwoordelik vir die mislukking van die Britse beleid, wat oor die algemeen gekenskets kan word as gebrek aan ferme optrede. Hierdie faktore, wat nie van mekaar geskei kan word nie, het ingesluit: die onpraktiese struktuur van die Britse regeringstelsel om 'n uitgestrekte wêreldryk doeltreffend te beheer, die onversigtige keuse van koloniale amptenare, die onvermoë van die Britse skatkis om die koloniale ryk in stand te hou, en die wantroue in die gesindheid van die Boer teenoor sowel Brit as Bantoe.

Miskien moet die grondoorsaak van alle euwels gesoek word in die tekortkomings van die demokratiese regeringstelsel, soos dit toe reeds in Brittanje in swang was, wat geen kontinuïteit van beleid kon verseker nie en ook snelle optrede in krisistye baie bemoeilik het. Daarby kom nog dat die Britte die mees wydverspreide ryk opgebou het wat die wêreld ooit geken het, met die gevolg dat Downingstraat vir die vasstelling van sy koloniale beleid in 'n hoë mate afhanklik was van die aanbevelings van oorsese amptenare, wat dikwels lelik klei getrap het maar ook soms onverdiende kritiek vanuit Londen moes verduur. Daar is ongetwyfeld waarheid in die stelling van sir Sidney Shippard,[9] eerste Administrateur van Brits-Betsjoeanaland en Imperialis van die Rhodes-soort, as hy beweer: „It is one of the chief difficulties and misfortunes of those much-maligned Englishmen who devote their lives to the task of extending and consolidating the British Empire, that colonial affairs are settled by men who for the most part have had no personal knowledge or experience either of the lands or the men they rule, while they are themselves tied and bound by the chains of party government. Ministers are responsible to Parliament, which in turn is bound to carry out the mandate of the people."[10]

8) Die laaste ernstige botsing op die oosgrens is in 1878 beëindig. Daarna is nog steeds naturellegebiede by die Kaapkolonie ingelyf tot 1894. (Vgl. Gie, II, a.w., p. 484.)

9) Shippard was agtereenvolgens regter in die Kaapkolonie, administrateur en hoofmagistraat van Brits-Betsjoeanaland (1885), onder-kommissaris en uiteindelik resident-kommissaris van die Betsjoeanalandse Protektoraat, noord van die Moloporivier. (Vgl. Bechuanaland, 'n artikel in die British Empire Series, II, p. 46).

10) Vgl. Shippard: Bechuanaland, p. 54 (vgl. Vorige voetnoot).

In krisistye was dit van die allergrootste belang dat beroeringe in die afgeleë kolonies deur uiters bekwame amptenare gehanteer moes word. As gevolg van Lanyon se gebrek aan insig, kon Brittanje die Eerste Vryheidsoorlog in die Transvaal nie afwend nie.[11] In Betsjoeanaland het die Britse regering twee keer 'n ongelukkig keuse gedoen - Mackenzie, om die betrekking van Resident te vul, en Warren om deur militêre magsvertoon rus en vrede op die strydlustige bewoners af te dwing. Die onverbloemde haat wat hierdie twee amptenare teenoor die Boere geopenbaar het,[12] moes noodwendig die uitvoering van hul pligte dwarsboom. Niemand sou wil beweer dat Rhodes, wat Mackenzie as Resident opgevolg het, 'n vriend van die Boere was nie, maar die takt en oordeelkundigheid wat hy aan die dag gelê het, het die uiteindelike sukses van sy beleid in Betsjoeanaland verseker.[13] Aan vyf vertroude amptenare - Robinson, Rhodes, Shippard, Mackenzie en Warren - het die Britse regering die lotgevalle van Betsjoeanaland toevertrou. In wese was die strewe van hierdie manne dieselfde, nl. dat Betsjoeanaland as 'n versperring moes dien om die weswaartse uitbreiding van die Suid-Afrikaanse Republiek te stuit, maar hul metode van optrede het hemelsbreed verskil en tot ernstige onderlinge wrywing gelei. Eersgenoemde drie, wat gekant was teen oorhaastige en al te drastiese optrede, sou alles in hul vermoë doen om ten minste uiterlik op goeie voet met die Boer te bly, terwyl laasgenoemde twee voortvarend was en vasbeslote om die Boereopmars met 'n ysere vuis te stuit, sonder die minste inagneming van die uitwerking wat 'n stoomrollerbeleid op die gemoed van die Boer sou hê.

Die vraag ontstaan natuurlik of daar ná die Londen-Konvensie nog gevaar bestaan het dat die Republiek pogings sou aanwend om sy landpale in westelike rigting te verskuif. In Londen is tog immers vier maande lank geworstel om vir die Transvaal 'n wesgrens vas te stel. Die Deputasie het die lyn waarop Derby aangedring het, aanvaar[14] en die Volksraad het sy seël op die ooreenkoms geplaas.[15] Sowel Downingstraat as Kaapstad was egter terdeë bewus daarvan dat die Boere die grens teësinnig aanvaar het. Dit was ook die slotsom waartoe Rhodes geraak het nadat hy as

---

11) „Disastrous administration" - in hierdie twee woorde kenskets Lanyon se tydgenoot, sir Sidney Shippard, sy bestuur in die Transvaal (Id., p. 52).

12) Vgl. Scholtz, Oorsake, I, p. 122; Leyds: Het Insluiten van de Boeren-Republieken, Deel I, Hoofstuk 31: „Anti-Boer Politiek."

13) Rhodes het teen die einde van die eeu ook sy geduld met die Boere verloor en sy toevlug tot geweld geneem. Dis welbekend dat hy die hoofrol gespeel het in die beplanning van die Jameson-inval.

14) C. 4036, Robinson aan die Koloniale Kantoor, d.d. 8-2-1884.

15) Op 8 Augustus 1884 het die Volksraad die Londen-Konvensie bekragtig. (Vgl. Leyds, I, p. 203).

grenskommissaris 'n deeglike studie van die chaotiese toestande in Betsjoeanaland gemaak het. Hy skrywe aan die Hoë Kommissaris: „I have now completed my account of this special service, but I cannot conclude my report without laying before your excellency the opinion which I have been very reluctantly compelled to form with respect to the whole question of these disturbances in Bechuanaland. The evidence which I have had to go upon, and the many indications not amounting to actual proof, have forced me to the conclusion that the Transvaal Government have had it within their power, but have never had the will to check the violation of native territory upon their borders at any moment they might choose. If I seek for an explanation of the attitude in which they have persevered, I can only find it in the supposition that they have not in good faith accepted the Convention of London as a final settlement of their boundary on the western side. They have been constrained to put the seal of formal ratification upon an instrument in which they did not really concur; but they have reserved to themselves, in their own minds, the right of tearing it to pieces so soon as a favourable opportunity of escaping from its obligations should arise. As a means to the end which they have in view, they have deemed it politic to encourage the establishment upon their border of a number of petty republics, believing the situation thus created would become so unendurable to all parties concerned, that Her Majesty's Government would soon cease to offer any opposition to the absorption by the Transvaal of the territory to which their claims have not in the recent settlement been recognised."[16) Hoewel Rhodes hom miskien hier en daar 'n bietjie skerp uitlaat of met 'n enigsins skewe voorstelling voor die dag kom, moet ons tog erken dat hy die houding van die Boere oor die algemeen raak teken. In elk geval is dit duidelik dat die teenstanders van die Boere so strewe om die grense van hul vaderland te verlê, steeds bedug was vir 'n moontlike deurbraak in westelike rigting. Vir Imperialiste van die eerste rang soos Rhodes en Shippard was die ontwikkeling van 'n soewerein-onafhanklike staat binne die Britse invloedskring maar tog in direkte aanraking met die buitewêreld, eenvoudig ondenkbaar. Hierdie twee politieke idealiste het reeds in 1878, 'n jaar na die anneksasie van die Transvaal, in Oxford planne bespreek om die hele kaart van Suid- en Sentraal-Afrika rooi te kleur.[17) Ook Robinson het dikwels die vrees uitgespreek dat die Boere nie sou rus voordat hulle die branders aan die Atlantiese kus hoor

16) C. 4213, bylae in nr. 80, Rhodes aan Robinson, d.d. 20-9-1884. (Sitaat op p. 109-110. Onderstreping deur skrywer).

17) Vgl. Shippard, a.w., p. 51-52.

klots nie. In Januarie 1883 laat hy hom soos volg uit: „If Montsioa and Mankoroane were now absorbed, Bonoquani, Mokobi, and Bareki would soon share the same fate. Gassisibi and Sechele would come next. So long as there were native cattle to be stolen and native lands worth appropriating, the absorbing process would be repeated. Tribe after tribe would be pushed back and back upon other tribes, or would perish in the process, until an uninhabitable desert, or the sea, were reached as the ultimate boundary of the state."[18] Later in die jaar, toe hy in Londen was, het hy die waarskuwing herhaal dat dit die Boere se strewe was om die Atlantiese Oseaan te bereik.[19] Dis opmerklik dat die Britse regering nie aan Robinson die vraag gestel het of dit vir die Boere enige praktiese betekenis sou hê om deur te dring na die Atlantiese Oseaan nie. Sou die klein Boerevolkie in die Suid-Afrikaanse Republiek die kapitaal kon vind om 'n trans-Kalaharispoorweg na die see te bou en in stand te hou? Moontlik het Robinson en sy owerheid eerlik geglo dat die Boere dieselfde of nog meer deursettingsvermoë gehad het as die Russe met hulle trans-Siberiese spoorweg. Dit was egter meer waarskynlik dat Brittanje, afgesien van die handelsweg wat na die binneland oopgehou moes word, die vrees gekoester het dat die Boere met die Duitsers op die weskus gemene saak kon maak.

Die gebiede van die Britsgesinde Betsjoeanahoofde[20] kon wel gebruik word om wal te gooi teen die voorwaartse beweging van die Boere, maar laasgenoemde het ook bondgenote onder die talryke hoofde gehad[21] wat hulle wel 'n deurgang kon verleen. Dan was daar nog die blanke vrybuiters, hoofsaaklik Transvaalse onderdane,[22] om mee rekening te hou. Daar bestaan min twyfel dat die bewoners van sowel Stellaland as Gosen graag hul lot by die Suid-Afrikaanse Republiek sou wou ingewerp het indien hulle toegelaat was om 'n vrye keuse te doen. In Junie 1883 het 236 Stellalanders aan hul leier, G. J. van Niekerk, 'n versoekskrif oorhandig waarin hulle 'n pleidooi lewer vir inlywing by die moederstaat. Van Niekerk het die versoekskrif

---

18) C. 3486, nr. 43, Robinson aan Derby, d.d. 22-1-1883.

19) C. 3686, nr. 57, Robinson aan die Koloniale Kantoor, d.d. 26-5-1883.

20) Die twee vernaamste Britsgesinde hoofde was Montsioa en Mankoroane. (Vgl. C. 3486, nr. 43, Robinson aan Derby, d.d. 22-1-1883; C.R.O. 301, p. 3).

21) Die twee vernaamste bondgenote van die Boere was Moshette en Massouw. (Vgl. C. 3486. nr. 43, Robinson aan Derby, d.d. 22-1-1883; C.R.O. 301, p. 3).

22) Ibid. Die Kaapse ministerie sowel as Robinson het bereken dat maar tien persent van die blankes in Betsjoeanaland Britse onderdane was. (Vgl. C. 3680, nr. 15, Derby aan Robinson, d.d. 1-3-1883. Vgl. ook Pieterse, a.w., p. 309).

aan die Transvaalse owerheid voorgelê wat geantwoord het dat hulle beslis aan die versoek sou voldoen indien die toestemming van die Britse regering verkry kon word.[23] Brittanje het die Goseniete nog minder vertrou. Robinson het hierdie mense beskrywe as "...a band of marauders domiciled and organised within the Transvaal."[24] Dit is dan ook opmerklik dat, terwyl Robinson hom die samewerking tussen Rhodes en die Stellalanders laat welgeval het,[25] hy van geen onderhandelinge of ooreenkoms met die Goseniete wou weet nie.[26] Op sy aandrang het sir Charles Warren opdrag gekry om hulle uit Betsjoeanaland te verdryf.[27] In 'n konfidensiële memorandum wat Fairfield voor die Britse kabinet gelê het, erken hy eerlik dat dit die Britse beleid was om tussen die Stellalanders en Goseniete te diskrimineer: "They (Warren's instructions) tell him, among other things, to 'remove the filibusters from Bechuanaland.' These words would of themselves cover the case of the Stellalanders, as Stellaland has been carved out of Bechuanaland, and the Stellalanders were formerly Freebooters. But it is perfectly well known that the Stellalanders were not intended to be included in these instructions. The expedition had for its main object the expulsion of the Goshenites, and they are the Freebooters contemplated. It had long been practically settled that the Stellalanders were to be treated on a different footing, and allowed to stay where they were."[28] Die gevolg van die nukke en grille wat Brittanje in sy beleid in Betsjoeanaland geopenbaar het, was dat moeilik vasgestel kon word wie nou eintlik sy vriend of vyand was. Onder sulke verwarrende omstandighede was die verjaging van die Goseniete miskien die beste stap wat gedoen kon word, hoewel Warren se militêre ekspedisie om daardie doel te bereik die Britse belastingbetaler £800,000 gekos het.[29] Selfs

---

23) C. 3841, nr. 12, en sy Bylaes. Onderhandelinge oor die sluiting van 'n nuwe Konvensie was reeds aan die gang.

24) C. 4213, nr. 31, Robinson aan Derby, d.d. 11-9-1884.

25) Op 8 September 1884 het Rhodes 'n Ooreenkoms met Stellaland gesluit waarvolgens die republiek voorwaardelik by die Kaapkolonie ingelyf sou word. Robinson het die ooreenkoms goedgekeur. (Vgl. Leyds, a.w., hfst. XXV. Vgl. ook C.R.O. 303, Stellaland Titles, Memorandum by Mr. Fairfield for the use of the Cabinet, d.d. July, 1885).

26) Op 22 November 1884 het Upington en Sprigg, twee Kaapse ministers, daarin geslaag om 'n ooreenkoms met Gosen te tref vir sy onmiddellike inlywing by die Kaapkolonie. Robinson het hierdie ooreenkoms verwerp. (Vgl. Leyds, I, hfst. XXIV).

27) C.R.O. 301, Bechuanaland Affairs, p. 6.

28) C.R.O. 303, Stellaland Land Titles, d.d. July 1885. (Vgl. ook C.R.O. 301, p. 6)

29) Warren het Betsjoeanaland met 4000 manskappe binnegeruk, en hoewel die Vrybuiters op die vlug geslaan het, het hy ten minste nog ses maande daar gebly om blywende vrede te verseker. (Vgl. C.R.O. 301, Bechuanaland Affairs, p. 7).

hierna het die Britse regering nog glad nie gerus gevoel dat die Suid-Afrikaanse Republiek behoorlik afgekamp was nie. As Warren se sukses in Betsjoeanaland nie deur verdere doeltreffende maatreëls opgevolg sou word nie, kon die verdwyning van Gosen eerder die weg vir die Boere na die weste baan as afsny.

Warren het self 'n plan aan die hand gedoen om die Boere se begeerte te fnuik, wat by 'n deel van die Britse publiek en die filantrope groot byval gevind het. Hy het beweer dat dele van Betsjoeanaland besonder geskik is vir blanke nedersetting,[30] en daarom het hy die **stigting** van 'n Britse kroonkolonie met die volgende grense aanbeveel: Die 22ste graad suiderbreedte in die noorde, die 20ste meridiaan **oosterlengte** in die weste, die Kaapse grens in die suide en die Transvaalse grens in die ooste.[31] Dit sou ongeveer dieselfde oppervlakte as Spanje beslaan en ten minste 7,000 setlaars met hul gesinne kon daar 'n heenkome vind.[32] Hy wou dit onder 'n Luitenant-Goewerneur plaas wat direk aan die Hoë Kommissaris van Suid-Afrika verantwoordelik sou wees, terwyl die pos van laasgenoemde geskei moes word van dié van Goewerneur van die Kaapkolonie. Verder moes 'n Wetgewende Raad ingestel word, asook voorsiening gemaak word vir omvattende administratiewe en regsinstellings.[33] Die kolonie moes vir altyd onafhanklik van die Kaapkolonie bly <u>en Britse onderdane van Hollandse afkoms moes verhinder word om hulle daar te vestig,</u>[34] m.a.w. dit moes 'n deur en deur Britse nedersetting word. Op hierdie wyse het Warren gemeen om die poort na die weste vir die Boere blywend te sluit. Die doel heilig die middele - so het hy blykbaar geredeneer. Tog openbaar hy hier die gebrek aan diplomasie, wat so dikwels eie is aan die suksesvolle militaris.[35] Dis geen wonder nie dat hy juis Mackenzie as raadgewer gekies het nie, die man wat sonder meer die Stellalanders se vlag neergehaal en die Union Jack gehys het.[36]

---

30) C. 4588, nr. 8, Warren aan Robinson, d.d. 27-2-1885.

31) C. 4588, nr. 35, Robinson aan Derby, d.d. 24-6-1885.

32) C.R.O. 301, p. 13; p. 9.

33) C. 4588, nr. 35, Robinson aan Derby d.d. 24-6-1885; C.R.O. 301, p. 9.

34) C.R.O. 301, p. 13; C. 4588, nr. 35, Robinson aan Derby, dd. 24-6-1885. (Veral punt 19 en 20 op p. 51). (Onderstreping deur skrywer).

35) C.R.O. 303.

36) C. 4252, p. 3, Bylae by nr. 1, Rhodes aan Bower, d.d. 14-8-1884. In verband met hierdie voorval skrywe Rhodes aan Bower, die Imperiale Sekretaris in Kaapstad: „You can understand all their bitterest prejudices were excited by the raising of our flag - like a red rag to a bull - and the hauling down of their own."

In Brittanje is kwaai druk op die regering uitgeoefen om Warren se kolonisasieskema te aanvaar.[37] Een van die leidende propagandiste, Arnold White, het in die „Pall Mall Gazette" beweer dat 85 akker grond in Betsjoenaland voldoende is om aan 'n familie van vyf lede 'n behoorlike bestaan te verseker![38]

Robinson het Warren se skema sonder huiwering verwerp. Die uitsluiting van Hollandssprekende koloniste sou 'n noodlottige uitwerking op die Suid-Afrikaanse politiek hê, en die hoë administratiewe koste van die kolonie sou 'n ongeregverdigde las op die skouers van die Britse belastingbetaler lê.[39] Fairfield, die man in die Koloniale Kantoor na wie ministers vir kolonies vir baie jare opgesien het om leiding in Suid-Afrikaanse aangeleenthede, het Robinson heelhartig ondersteun. Soos hy voorheen die stigting van 'n binnelandse kolonie op die oosgrens van die Suid-Afrikaanse Republiek sterk afgekeur het, handhaaf hy nou ook dieselfde standpunt t.o.v. 'n soortgelyke poging op die wesgrens van die Republiek.[40] Hy is oortuig daarvan dat die Kaapse regering sou weier om enige deel van die invoerregte op handelsware wat die betrokke kolonie deur die Kaapse hawens sou invoer, af te staan om die administrasie van die kolonie in stand te hou. Die Kaap het in die verlede, so betoog hy, konsekwent geweier om so 'n beginsel te erken, behalwe in die geval van Basoetoland, en dit het hy gedoen slegs met één doel voor oë nl. „in order to rid itself of a grievous existing burden."[41] Fairfield het ongetwyfeld veel wysheid geput uit die sukkelbestaan wat die binnelandse Boererepublieke gevoer het.

Robinson se kritiek was egter nie bloot negatief nie. Hy het self 'n plan aan die hand gedoen om die Betsjoeanalandse vraagstuk op te los. Betsjoeanaland moes in twee gebiede verdeel word, met die Moloporivier as skeidingslyn. Oor Noord-Betsjoeanaland, d.w.s. oor dié deel noord van die Molopo, moes nie veel meer as 'n nominale protektoraat gehandhaaf word nie. Die doel moes slegs wees om vreemde moondhede en blanke vrybuiters daar weg te hou. Die taak kon onder-

---

37) C.R.O. 301, p. 9.

38) C.R.O. 301, p. 9. Warren self was meer realisties. Hy het die standaard grootte op 6,000 akkers gestel.

39) C. 4588, nr. 35, Robinson aan Derby, d.d. 24-6-1885. Robinson het gemeen dat £300,000 jaarliks benodig sou word vir die siviele administrasie en militêre beheer van die Kolonie. (C.R.O. 301, p. 10).

40) C.R.O. 301, p. 9-10.

41) C.R.O. 301, p. 10.

neem word deur 'n Britse Resident, bygestaan deur 'n klein militêre mag.[42] Suid-Betsjoeanaland, d.w.s. diè deel suid van die Molopo, moes tot Britse gebied verklaar word en 'n baie eenvoudige vorm van kroonkoloniebestuur moes daar ingestel word. Die Goewerneur van die Kaapkolonie moes gelyktydig dieselfde amp in die nuwe kolonie beklee en wette maak by wyse van proklamasie. 'n Elementêre Regsbank sou ook nodig wees. Dit sou slegs 'n tydelike regeringstelsel wees wat moes fungeer totdat die Kaapkolonie oorreed kon word om Suid-Bestjoeanaland in te lyf.[43] Ekonomiese oorwegings vorm baie duidelik die grondslag van Robinson se voorstel. Inderdaad, die botsende standpunte van Robinson en Warren beliggaam twee politieke beginsels wat selfs in die eerste helfte van die neëntiende eeu[44] 'n fundamentele rol gespeel het in die Britse koloniale beleid. Robinson, soos die Liberale Party, het prestige ondergeskik gestel aan materiële gewin, terwyl by Warren, soos by die Konserwatiewe Party, prestige die deurslaggewende faktor was. Dit is dan ook opmerklik dat die botsing tussen die twee kommissarisse moes plaasvind juis op die tydstip toe die Liberalisme en Imperialisme die skaal min of meer ewe swaar getrek het, met wisselende stygende en dalende neigings, totdat die Imperialisme, hoofsaaklik deur Duitse toedoen, met groot beslistheid die oorwig behaal het. Die Duitsers het dit nie so bedoel nie en die Boere het dit nie so ingesien nie, maar die snelle opkoms van die Duitse Ryk het die ondergang van die Boererepublieke verhaas.

Warren het op sy beurt Robinson se skema ewe beslis verwerp. 'n Stryd wat met veel verbittering gepaard gegaan het, het tussen twee hooggeplaaste koloniale amptenare ontwikkel.[45] Soos so dikwels in die verlede, kon Brittanje geen rigting vind in die doolhof van sy koloniale vraagstukke nie. Die „Times" beeld die kritieke situasie treffend uit: „The late Government,[46] at its last public appearance in a South African Blue Book, is seen wavering between its two Commissioners, the High and the Special, imploring them to act in concert, and mix their respective policies in a single dish, out of which it might amicably sup alternate spoonfuls."[47]

---

42) C.R.O. 301, p. 16; C. 4588, nr. 44, Robinson aan Stanley, d.d. 15-7-1885.

43) C. 4588, nr. 44, Robinson aan Stanley, d.d. 15-7-1885.

44) Vgl. Muller: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, p. 292.

45) C.R.O. 301, p. 8-9.

46) Op 24 Junie 1885 het 'n Konserwatiewe kabinet onder Salisbury diè van Gladstone vervang.

47) Aangehaal in C.R.O. 301, p. 8-9. Datum van uitgawe nie vermeld nie.

Terwyl die Britse regering nog besluiteloos na alle kante gewik en geweeg het, was die Duitsers reeds geruime tyd besig om hul posisie op die weskus van Suidelike Afrika te konsolideer. Brittanje se weifelende koloniale beleid het 'n bedreiging geword, nie slegs vir sy oorsese ryk nie, maar ook vir sy prestige as eersterangse moondheid. Byna 'n eeu het verloop sedert hy veldslae van internasionale betekenis gelewer het soos dié van Trafalgar en Waterloo, terwyl die Duitse leërs maar onlangs die wêreld in beroering gebring het met hul volslae oorwinnings te Sadowa[48] en Sedan[49], waardeur die magsewewig van die Westerse wêreld in die gedrang gekom het.

In die tweede helfte van 1884 het Bismarck, wat so dikwels aan die diplomasie op die Europese Vasteland 'n verrassende wending besorg het, ook in koloniale aangeleenthede die Britse regering sleg op die verkeerde voet gevang. Terwyl Derby en die Kaapse ministers nog soos stout kinders met mekaar geredekawel het oor wie se plig dit sou wees om die koste van 'n moontlike Britse protektoraat oor die weskus te dra,[50] kondig Bismarck self 'n Duitse protektoraat af oor die kusstrook tussen 26°S.B. en Kaap Frio, naby Angola, uitgesonderd Walvisbaai.[51]

Die Gladstone-kabinet het geen verskoning gehad vir sy laksheid om Brittanje se koloniale belange te beskerm nie. Die Duitse proklamasie het alles behalwe soos 'n donderslag uit 'n helder hemel gekom. Sedert 1882 het wrywing tussen Britse en Duitse onderdane in toenemende mate langs die weskus voorgekom.[52] In die volgende jaar het die Duitse ambassadeur in Londen die Britse regering gevra of die paar Duitse onderdane op die kus van Damaraland kon staat maak op Britse beskerming.[53] Hieruit moet afgelei word dat die Duitse regering toe nog bereid was om die weskus as 'n Britse invloedsfeer te beskou. Die Britse regering, wat nie eens lus gehad het om sy eie onderdane in daardie streek te beskerm nie, het ontwykend geantwoord, en so is die saak op die lange baan

---

48) Die beslissende slag in die Seweweekse Oorlog tussen Pruise en Oostenryk (1866).

49) Die beslissende slag in die Frans-Pruisiese Oorlog (1870).

50) C. 4190, nr. 70, C.O. aan F.O., d.d. 8-7-1884 en nr. 73, F.O. aan C.O., d.d. 12-7-1884; vgl. ook Rose, a.w., p. 452, die voetnoot.

51) C. 4262, nr. 14, F.O. aan C.O., d.d. 13-9-1884; Leyds, I, p. 216; Bixler: Anglo-German Imperialism in South Africa, 1880-1900, p. 23; Rose, a.w., p. 524.

52) Ons het voorheen reeds hierna verwys.

53) Vgl. Rose, a.w., p. 524.

geskuif.[54] Die onsekerheid oor die toekoms van die weskus het voortgeduur, en sowel die Britse handelaars as die Kaapse regering het in die loop van 1884 paniekerig geword oor die moontlikheid dat Duitsland dit kon inpalm. Sir Donald Currie, 'n Liberale parlementslid maar soos Rosebery terselfdertyd 'n groot geldbaas, het 'n deputasie van handelaars na Derby gelei wat die minister gesmeek het om die Duitsers van die weskus weg te hou deur betyds 'n protektoraat oor diè gebied te proklameer.[55] Derby, wat die ontsteltenis nie kon begryp nie, het geantwoord dat Duitsland geen koloniserende moondheid was nie en buitendien ook bewus daarvan was dat Brittanje vreemde indringing in daardie gebied sou beskou as 'n „unfriendly act."[56] Die Kaapse parlement het ook besluit om nie langer met Derby te redetwis oor die verdeling van finansiële laste nie maar liewer dadelik sy toestemming te vra tot inlywing van die weskus by die Kaapkolonie.[57] Vanselfsprekend het hierdie besluit ingehou dat die Kaap alleen die verantwoordelikheid sou aanvaar om die nuwe gebied te administreer.[58] Die verwyte wat Derby teen die kop geslinger is nadat die Duitse anneksasie 'n voldonge feit geword het, was dus volkome geregverdig. Die Kaapse ministers het hom sonder skroom daarvan beskuldig dat hy die belange van die Britse Ryk nie op die hart gedra het nie.[59] Ter verontskuldiging het Derby meer as een vyeblad voorgehou. Ten eerste het hy beweer dat hy slegs gebou het op die beleid van sy voorgangers, wat van tyd tot tyd druk van alle kante weerstaan het om die betrokke gebied te annekseer, aangesien dit geen besondere waarde vir die Britse Ryk gehad het nie.[60] Ten tweede het die besluit van die Kaapse Parlement Londen eers op 25 Augustus bereik, terwyl die Duitse saakgelastigde reeds drie dae vantevore die Britse Kantoor van Buitelandse Sake in kennis gestel het van die Duitse protektoraat wat in die lewe geroep is. Nog voordat die Britse regering behoorlik kon besef wat gaande was, het die Duitse oorlogsboot, bekend as „Wolf", die knoop deurgehaak deur die kus amptelik in naam van die Duitse keiser in besit te neem.

---

54) Ibid.

55) C.R.O. 299, Correspondence of Sir Donald Currie with Lord Derby and Mr. Gladstone, p. 1.

56) Volgens verklaring van Currie voor die Royal Colonial Institute op 10 April 1888. (Vgl. Rose, a.w., p. 524).

57) C. 4262, nr. 6, Robinson aan Derby, d.d. 30-7-1884. Ook die Bylae by nr. 6.

58) C. 4252, nr. 5, Robinson aan Derby, d.d. 24-9-1884. Ook die bylae by nr. 5.

59) Ibid.

60) C. 4265, p. 3, Angra Pequena, Memorandum deur Derby, d.d. 4-12-1884.

„Upon this, Her Majesty's Government decided to acquiesce in the action of the German Government and to welcome Germany as a neighbour."[61] Ten derde sou dit Brittanje as beskaafde moondheid onwaardig gewees het om soos die hond in die krip op te tree: „Great Britain, which already possesses large tracts of unoccupied territory, could not fairly grudge to a friendly Power of country difficult of development, with regard to which it might have been said that we had never thought it worth acquiring it until it seemed to be wanted by our neighbour."[62] Selde word die standpunt van die „Little Englanders" **duidelikker gestel as hier.** Dit is die ironie van die Boere-republiek se lotgevalle dat, terwyl Brittanje bereid was om die Europese „reus" as nabuur en „friendly Power" te aanvaar, hy slegs vir 'n kort tydjie, in die middel van die neëntiende eeu, dieselfde gesindheid teenoor die Suid-Afrikaanse „dwergie" geopenbaar het.

Duitsland se besetting van die weskus was 'n gebeurtenis van besondere betekenis. Tereg is dit as „**Deutschland's** Eintritt in die Weltpolitik" beskou,[63] want, hoewel Bismarck steeds sy aandag hoofsaaklik aan die internasionale betrekkinge op die Europese Vasteland bestee het,[64] het sy bedrywighede in verband met die opbou van 'n oorsese koloniale ryk sedertdien snel toegeneem.[65] Ten spyte van hierdie verwikkelinge het die Gladstone-kabinet komkommerkoel gebly. Die wending in die Duitse beleid het egter groot beroering veroorsaak in die Britse kolonies in Suid-Afrika, wat alles behalwe in hul skik was met die nuwe „intrekker,"[66] en in die geledere van die Britse kapitaliste, wat 'n aanslag op hul handelsbelange gevrees het.[67] Te Grahamstad het Shippard 'n lesing gehou waarin hy sy gehoor op hol gejaag het met die lewendige prentjie wat hy geskilder het van die donker toekoms wat die Britse onderdane in Suid-Afrika tegemoet gaan. Volgens hom was die stigting van die Duitse

---

61) C. 4265, Angra Pequena, Memorandum deur Derby, d.d. 4-12-1884, veral punt nr. 18 op p. 6.

62) Ibid.

63) Vgl. Japikse: Europa en Bismarck's Vredespolitiek, p. 138-139.

64) Ibid.

65) Vgl. bv. die samespreking oor koloniale vraagstukke tussen graaf Münster, die Duitse gesant, en Granville in Londen op 10 Desember 1884. 'n Verslag hiervan kan gevind word in C. 4310, Granville aan Malet, die Britse gesant in Berlyn, d.d. 10-12-1884.

66) Vgl. Shippard, a.w., p. 53; C.R.O. 299, p. 9, Currie aan Gladstone, d.d. 11-12-1884.

67) Vgl. C.R.O. 299, Correspondence of Sir Donald Currie, K.C.M.G., M.P., with the Earl of Derby and the Right Honourable W. E. Gladstone.

protektoraat die eerste deel van 'n koloniale program wat beoog het om Brittanje van die Afrikaanse binneland af te sny „with a view to ultimately squeezing the British Government out of South Africa." Die Duitse voorneme was om oorheersende invloed in Transvaal te verkry, om Matabele- en Masjonaland te annekseer, om die Portugese uit Mosambiek te verdrywe, en om hul basis op die weskus met die Indiese Oseaan te verbind.[68] Nadat Brittanje die Duitse Protektoraat erken het, is Shippard deur die Britse regering aangestel om in samewerking met dr. Bieber, die Duitse Konsul-Generaal in Kaapstad, ondersoek in te stel na die regmatigheid van die aansprake van Britse onderdane op gevestigde belange te Angra Pequena en elders op die Suidweskus, en van hierdie geleentheid het hy gebruik gemaak om sy oë en ore oop te hou vir enige leidraad wat die strewe van die Duitsers kon verraai. Sy gevolgrekking was nogeens dat Duitsland die ideaal gekoester het om Brittanje as leidende moondheid in Suid-Afrika te vervang.[69]

In Brittanje het Currie, wat die verloop van gebeurtenisse op die weskus so raak voorspel het, geen poging aangewend om sy misnoeë met die passiewe houding van sy regering te verberg nie.[70] Hy was die stigter van die Castle-skeepvaartmaatskappy en het die spreekbuis geword van die geldbase wat finansiële belange in Suid-Afrika gehad het.[71] In Britse regeringskringe het hy beslis groot invloed uitgeoefen. Gladstone self skrywe aan hom: „I need not assure you that careful heed will be given to any opinion of yours touching South Africa..."[72] Die verskyning van die Duitse imperialisme in Suidelike Afrika en die welslae waarmee dit wortel geskiet het, het 'n diepgaande kentering in die houding van hierdie politikus teenoor die Boere teweeggebring. In 1877 het hy nog sy volle gewig ingewerp by Kruger se poging om die onafhanklikheid van die Republiek terug te win;[73] nou het hy dit gerade geag om sy regering te waarsku teen die strewe van die Boere om die Britse gesag in Suid-Afrika te ondermyn. Kruger se optrede op die wesgrens van die Republiek was water op die meule van Currie en sy ondersteuners. Op 16 September 1884, 'n paar weke na die

---

68) Vgl. Shippard, a.w., p. 53-54.

69) Id., p. 34-55.

70) Vgl. D. W. Kruger: Paul Kruger in Londen, artikel in die Huisgenoot van 8-10-1956.

71) C.R.O. 299, nr. 4 op p. 5, Hamilton (Gladstone se private sekretaris) aan Currie, d.d. 20-11-1884.

72) C.R.O. 299, nr. 2 op p. 3, Gladstone aan Currie, d.d. 3-11-1884.

73) Vgl. D. W. Kruger: Paul Kruger in Londen, artikel in die Huisgenoot van 8-10-1956.

stigting van die Duitse Protektoraat, vaardig Kruger 'n proklamasie uit waarvolgens hy 'n tydelike protektoraat afkondig oor die gebiede van Moshette en Montsioa op die Republiek se wesgrens. In die proklamasie verklaar hy dat die stap gedoen word in 'n poging om 'n duursame vrede op die wesgrens te bewerkstellig. Om wrywing met Brittanje te voorkom, sluit hy die proklamasie soos volg af: „Deze Proclamatie geschiedt voorlopig en onder de termen en met inachtneming van artikel 4 der Conventie aan Londen."[74] Later het hy aan die Britse regering verduidelik dat hy hoofsaaklik tot die stap oorgegaan het om die Britsgesinde hoof, Montsioa, van algehele ondergang te red.[75] Aan die opregtheid van Kruger se strewe om die onluste op sy grens te beëindig, kon nie getwyfel word nie. Sielkundig het hy egter die verkeerde tydstip gekies om op te tree. Blykbaar het die Boerestaatsman nog nie ten volle besef hoe gevoelig die Britte was vir die Duitse infiltrasie in hul invloedsfeer nie en dus nie verwag dat hulle onmiddellik 'n verband sou sien tussen die vestiging van die Duitse gesag op die weskus en die vestiging van sy eie gesag in 'n groot deel van Betsjoeanaland nie.[76] Nog groter gebrek aan insig is geopenbaar deur S. J. du Toit, die Transvaalse Superintendent van Onderwys, wat, in sy hoedanigheid as spesiale kommissaris op die wesgrens, summier daartoe oorgegaan het om die vierkleur in Kruger se protektoraat te hys.[77] Britse onderdane van alle range en stande - die inwoners van Aliwal-Noord, Kimberley, Cradock, George, Mosselbaai en Kaapstad, op aansporing van hul onderskeie burgemeesters,[78] die ministers van die Kaapkolonie onder leiding van Uppington,[79] en die handelslui in Brittanje, onder aanvoering van Currie,[80] het almal geprotesteer teen die „pro-Duitse" beleid van die Boereleiers, want in die blinde spronge wat lg. gewaag het, het hulle as grondmotief gesien 'n onweerstaanbare drang om die Kalahari oor te steek en die Duitsers aan die ander

---

74) Byvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R., Donderdag, 16 Oktober 1884.

75) C. 4275, nr. 2, Robinson aan Derby, d.d. 15-10-1884; ook die Bylae.

76) Robinson beweer dat Kruger ten minste die helfte van die Britse protektoraat „geannekseer" het. (C. 4213, nr. 55 op p. 83, Robinson aan Derby, d.d. 24-9-1884).

77) Vgl. Leyds: Het insluiten van de Boeren-Republieken, I, p. 212; Staatscourant der Z.A.R., 18-10-1884, V.R.- Art. 964; C. 4275, nr. 9, en sy Bylae, Robinson aan Derby, d.d. 22-10-1884.

78) C. 4213, nr. 57, Robinson aan Derby, 30-9-1884; nr. 60, Robinson aan Derby, d.d. 3-10-1884; nr. 92, Robinson aan Derby, 30-9-1884.

79) C. 4213, nr. 85, d.d. 24-9-1884; ook sy Bylae.

80) C.R.O. 299.

kant die hand te skud![81] Slegs die Bondslede van Steynsburg,[82] 'n vergete Karoodorpie, wou van hul owerhede weet waarom die Duitsers toegelaat word om die hele weskus in te palm, terwyl hul stamverwante in die Transvaal nie eens 'n ou lappie woestynland mag beset met die doel om inboorlinge van uitwissing te red nie![83]

Selfs nadat Brittanje Kruger gedwing het om sy proklamasie terug te trek,[84] het Currie se ontsteltenis voortgeduur, waarskynlik vanweë die vrees dat die Boere hul pogings sou herhaal om na hul vermeende bondgenote deur te bars. Teen die einde van 1884 begin hy sowel Gladstone as Derby onophoudelik bestook met briewe waarin hy aandring dat aan die Duitse invloed in Suid-Afrika paal en perk gestel moet word.[85] Volgens hom was selfs die Nederlanders, wat voorheen so ontevrede was oor die anneksasie van die Transvaal, ontstemd oor Bismarck se koloniale projekte. Uit Amsterdam het hy 'n brief ontvang van 'n vriend wat hy bestempel as „a gentleman of excellent position," en dié verseker hom „that there was a complete change in Dutch opinion with regard to British action as to the Transvaal."[86] Die brief is so betekenisvol dat hy dit na die Koloniale Kantoor deurgestuur het. In Januarie van die volgende jaar vestig hy Derby se aandag op 'n artikel in die „National Zeitung", 'n Duitse koerant, waarin beweer word dat Angra Pequena met St. Luciabaai gaan verbind word deur middel van 'n ketting van voorposte, sommige in besit van die Boere, en ander in besit van die Duitsers.[87] 'n Aantal Duitse vlae sou reeds gehys wees van Angra Pequena af tot binne vyftig myl van die wesgrens van Betsjoeanaland „in order to give a colourable claim to those who would extend German authority in that region."[88] Kort hierna het hy uit Lissabon, waar hy hom in verband met handelsake bevind het, Derby verwittig dat inligting hom ter hand gekom het wat 'n sameswering aan die lig gebring het om Brittanje uit Suid-Afrika te verdrywe: „The truth is there has been a conspiracy, neither more nor less, to alienate from England the

---

81) Vgl. Westlake: The Transvaal War, p. 21.

82) Bedoel word lede van die Afrikanerbond.

83) C. 4275, nr. 29, Robinson aan Derby, d.d. 5-11-1884; ook die Bylae. Die besluite van die vergadering is onderteken deur A. S. du Plessis en J. P. Kruger.

84) C. 4213, nr. 69, Derby aan Robinson, d.d. 8-10-1884; U.R. 7, Art. 239; C. 4213, nr. 78, Robinson aan Derby, d.d. 15-10-1884.

85) C.R.O. 299, Correspondence of Sir Donald Currie, K.C.M.G., with the Earl of Derby and the Right Hon. W. E. Gladstone.

86) C.R.O. 299, p. 9, Currie aan Gladstone, d.d. 11-12-1884.

87) C.R.O. 299, p. 11, Currie aan Derby, d.d. 6-1-1885.

88) Ibid.

position which we justly hold in Southern and Central Africa, and this under influences which have had their stimulus, and indeed their conception, in the capital of Germany and at Pretoria, notwithstanding the limitation provided for in the Transvaal Convention."[89] Die sameswering het, volgens Currie, sy oorsprong gehad by die mislukte poging van die Republiek om volle beheer oor sy buitelandse betrekkinge te verkry. Gedurende hul verblyf in Londen was die Boeredeputasie in direkte verbinding met die „Koloniale Verein" in Berlyn. Onder invloed van hierdie liggaam het hulle die reg geëis om sonder Britse inmenging verdrae met vreemde moondhede te sluit. Toe Derby nie wou kopgee nie, het hulle, nadat hul taak in Londen afgehandel was, openlik na Berlyn gegaan om verdere komplotte te smee. Tydens hul samesprekings met die Duitse owerheid het die gedagte ontstaan om die Duitse protektoraat op die weskus in die lewe te roep. Op 24 Mei 1884 het Bismarck die Duitse konsul in Kaapstad in kennis gestel dat Angra Pequena Duitse gebied was „in order that this might be known throughout South Africa, and particularly in the Transvaal and the Orange Free State."[90] Die uitwerking op die Boer se gemoed was presies wat Bismarck wou hê, en die vrugte het hy spoedig gepluk, want dit is sy propaganda wat verantwoordelik was vir Du Toit se oormoedigheid om die Transvaalse vlag in Betsjoeanaland te hys. Du Toit en sy handlangers het hulself gelukgewens dat hulle Bismarck se samewerking verkry het in hul stryd om soewereine onafhanklikheid te verwerf.[91] Met hierdie „onthullings" het Currie sonder twyfel beoog om die Gladstone-kabinet uit hul slaap wakker te skud en tot handeling aan te spoor. Sy veranderde houding tipeer die omwenteling in die gesindheid van byna die hele Britse volk teenoor die Boere in die daaropvolgende jare.

Die Liberale regering het geduldig geluister na die smeekstemme om 'n Boer-Duitse alliansie in die binneland van Suid-Afrika te verhinder maar tot geen ferme optrede oorgegaan nie. Gladstone en Derby, trouens die meerderheid van die kabinetslede, kon nou eenmaal nie die Duitse gevaar in so 'n ernstige lig sien nie.[92] Buitendien het hulle hulle nie veel bekommer oor die weskus, wat, in teenstelling tot die ooskus, van weinig kommersiële en geen strategiese waarde was nie. Hulle het die vraagstuk feitlik as 'n geïsoleerde geval gesien, waarby hoofsaaklik

---

89) C.R.O. 299, p. 13, Currie aan Derby, d.d. 17-1-1885. Hy bedoel die Londen-Konvensie. (Onderstreping deur skrywer).

90) Ibid.

91) Ibid.

92) Chamberlain was blykbaar meer onthuts as sy kollegas. (Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 127).

die Kaapkolonie belang gehad het en nie die hele Britse Ryk nie. Hulle was gewillig om die Boere in die Transvaal en die Duitsers op die weskus vas te pen deur die gebied tussenin te annekseer, op voorwaarde dat die Kaapse regering die laste dra wat die nuwe territoriale uitbreiding sou meebring.[93)] Hierdeur het 'n strydvraag ontstaan wat nie maklik opgelos kon word nie.

Na die uitvaardiging van Kruger se proklamasie in September 1884 het Granville, die Minister van Buitelandse sake, darem die moed bymekaar geskraap om aan Herbert Bismarck, die Rykskanselier se seun, die vraag te stel of dit die Duitse strewe was om in die rigting van die Boere uit te brei, maar die Duitser het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om op sy beurt ontwykend te antwoord en die Brit in die duister te laat.[94)] Currie se agitasie was ook nie heeltemal sonder uitwerking nie. Op 10 Desember het Granville vir Münster, die Duitse gesant in Londen, oorreed om die 20ste meridiaan oosterlengte as die verdelingslyn tussen hul respektiewe invloedsfere te aanvaar.[95)] Hierdie ooreenkoms is teen die einde van Januarie 1885 opgevolg deur 'n Britse Besluit-in-Rade, waarvolgens Montsioa en Mankoroane, ter bevestiging van traktate wat reeds in Mei van die vorige jaar met hulle gesluit is, en verder alle Britse onderdane in die res van Betsjoeanaland sover as 22 grade suiderbreedte[96)] onder Britse jurisdiksie geplaas is. Hierdie stap is om twee redes gedoen. Ten eerste sou dit vir die Duitsers nou moeiliker wees om die Transvaal te bereik, aangesien dié breedtesirkel die noordgrens van die Republiek oorvleuel het.[97)] Ten tweede is Shoshong, 'n belangrike aansluiting van die handelspaaie na die binneland, virdie Koloniale en Britse handelaar beveilig.[98)] Omstreeks hierdie tyd het gerugte uit betroubare bron[99)] die Koloniale Kantoor bereik dat al hoe meer Duitse vlae in die binneland verrys, waarvan die einddoel nog nie vasgestel kon word nie maar wat óf die Transvaal óf die Zambezi moes wees.[100)] Moontlik was Bismarck van plan om die Besluit-in-Rade te ignoreer, en gevolglik is die Britse ambassadeur in Berlyn

---

93) C.R.O. 301, p. 11-12.

94) Vgl. Bixler: Anglo-German Imperialism in South Africa, p. 28-29.

95) C.R.O. 301, p.12-13.

96) C.R.O. 301, p. 12-13; Leyds: Het insluiten van de Boeren-Republieken, p. 250-251.

97) C.R.O. 301, p. 14, Kanttekening deur Stanley, Minister van Koloniale Sake in Salisbury se kabinet wat in Junie 1885 aan bewind gekom het.

98) C.R.O. 301, p. 12-13.

99) Heelwaarskynlik verwys Fairfield hier na die inligting wat van Currie afkomstig was.

100) C.R.O. 301, p. 13.

vroeg in Maart opdrag gegee om die Duitse regering in kennis te stel dat Betsjoeanaland en die Kalahari 'n Britse protektoraat was.[101] Amptelik is die protektoraat eers 'n paar weke daarna afgekondig.[102] Die protektoraat waarvan Derby melding maak in sy telegram aan die waarnemende Hoë Kommissaris op die dag toe die Londen-Konvensie gesluit is, het dus meer as 'n jaar slegs in die minister se verbeelding bestaan.[103]

Maar die Imperialiste was nog nie tevrede nie. Hulle het selfs 'n meer positiewe vestiging van die Britse gesag in Betsjoeanaland geëis as dié van 'n protektoraat. Die kabinet het dan ook besef dat hulle nou eenmaal sou moes deurbyt, 'n keuse doen tussen die standpunte van Robinson en Warren, en die getalm met die Betsjoeanalandse vraagstuk ten einde bring.[104] Voordat sake so ver kon vorder, het die Liberale regering tot 'n val gekom en het 'n Konserwatiewe kabinet onder Salisbury Downingstraat betrek.[105]

Oudergewoonte moes Fairfield memoranda opstel om die nuwe regering in te lig oor koloniale vraagstukke in Suid-Afrika. Op 15 Julie was sy „Bechuanaland Affairs" gereed,[106] waarin hy op bekwame wyse 'n uiteensetting gee van Brittanje se probleme in daardie gebied. Dit is op 4 Augustus gevolg deur sy „Vacillation in Policy in South Africa,"[107] wat spesiaal op versoek van Stanley, die nuwe Minister van Kolonies, opgestel is.[108] Waarom het die minister behoefte gevoel aan so 'n verslag? Die mees aanneembare verklaring is dat hy diep getref is deur die skerp teenstelling tussen die koersloosheid van die Britse koloniale beleid en die doelgerigtheid van die Duitse imperialisme, nadat Bismarck die uitbreidingsdrang van sy volk nie langer kon weerstaan nie. In elk geval het Stanley vir Fairfield die deur oopgemaak om seker een van die merkwaardigste dokumente op te stel wat in die Koloniale Kantoor te vinde is. In 'n omvangryke uiteensetting van die Britse op-

---

101) C.R.O. 301, p. 13, Telegram van Derby aan Robinson, d.d. 14-3-1885.

102) Vgl. Leyds: Het insluiten van de Boeren-Republieken, I, p. 250-251. Die amptelike datum is 23-3-1885.

103) Sien voetnoot nr. 76. Tot hierdie slotsom het Leyds ook gekom. (Vgl. Leyds, a.w., I, p. 163).

104) C.R.O. 301, p. 1.

105) Die Gladstone-kabinet se val is veroorsaak deur 'n binnelandse aangeleentheid, nl. die begroting. Die Iere het saam met die opposisie teen die regering gestem. (Vgl. Halevy en McCallum, a.w. p. 467).

106) C.R.O. 301, Bechuanaland Affairs, Memorandum by Mr. Fairfield, printed for the use of the Cabinet, d.d. 15-7-1885.

107) C.R.O. 304, Vacillation in Policy in South Africa, Memorandum by Mr. Fairfield, printed for the use of the Colonial Office, d.d. 4-8-1885.

108) C.R.O. 304, p. 1, verklaring van Fairfield.

trede in Suid-Afrika sny hy op byna venynige wyse 'n eeu-oue sweer tot in die kern oop. Sommer met die wegval tree hy agressief op: „To tell the story in full would be to re-write the history of the country. The evil has long been acknowledged and deplored."[109] Hy beweer dat daar sedert die Groot Trek 'n voortdurende wisselwerking tussen twee rigtings in die Britse koloniale beleid was, wat hy kenskets as die „forward school" en die „school of inactivity." Eersgenoemde het aangedring op 'n kragtige koloniale beleid, ongeag die opofferinge wat dit geverg het, laasgenoemde op 'n beleid van „Brittanje eerste," d.w.s. die koloniale ryk moes bestaan ter wille van Brittanje, en nie andersom nie. Die ondersteuners van hierdie rigting het voortdurend aangedring op besparing en die regering dikwels gedwing om sy koloniale beleid na hul sin en wil te buig: „When we lean to the policy of controlling all sections of the population, and regulating their mutual relations, we find that a huge bill has been run up. Then the advocates of retirement and retrenchment have their day, until it is perceived that retirement and retrenchment have involved the abandonment of some weak and friendly tribe to the mercy of the Africander, or the triumph of anarchy among the natives themselves. Then there is a cry for a resumption of responsibility, the change being often facilitated by assurances on the part of its advocates that if it is only sufficiently thorough, it will be the cheapest in the end."

Verskeie politieke hoofde van die Koloniale Kantoor word aan felle kritiek onderwerp, hoewel Derby die kwaaiste deurloop. Fairfield verwyt hierdie minister dat hy die Boere se kommandostelsel, 'n goedkoop en doeltreffende metode van verdediging, afgeskaf het.[110] In plaas daarvan sou die Britse regering die taak onderneem om die Boere teen die naturelle te beskerm en die naturelle teen die Boere. Hierdie verandering het 'n tydperk van mislukte koloniale beleid in Suid-Afrika ingelui: „The new arrangement did not work well for either side, and the farmers on account of this and other griefs, trekked away to Natal and beyond the Orange River, and even beyond the Vaal." Brittanje het die Boere op hul spoor gevolg en, waar hulle ook gegaan het, tot onderhorigheid gedwing maar nie daarin geslaag om die naturelle te onderwerp nie.[111] Dan volg die rewolusionêre beleid om die Boer as bondgenoot teen die inboorling te aanvaar. Die Sandrivier-Konvensie (1852)

---

109) C.R.O. 304, p. 1.

110) Derby was reeds in die eerste helfte van die 19de eeu 'n aktiewe politikus.

111) Hy het hier die anneksasie van Natal (1843), die stigting van die Oranjerivier-Soewereiniteit (1848) en die heftige verset van die naturelle op die oosgrens in die jare 1850-1853 in gedagte.

is goedgekeur deur Derby se kabinet, dieselfde Derby met wie se toestemming Natal voorheen van die Boere afgeneem is. „It was the first step in the reversal of a policy, in which Lord Derby had borne his share, of controlling the relations between the Boers and the natives wherever they might come in contact." In 1854 volg die Bloemfontein-Konvensie, waardeur ook die Vrystaatse Boere as bondgenote aanvaar word. Fairfield loof die Konvensiebeleid: „South Africa was never in so satisfactory a state as during the 23 years which followed the second of them."[112] Vervolgens toon hy aan hoe spoedig die Imperialisme weer die botron gevoer het en veral na die anneksasie van Basoetoland (1868) en Griekwaland-Wes (1871). In laasgenoemde geval, wat hy beskrywe as „the seizure of the Diamond Mines," kan hy geen regverdiging vir die Britse optrede vind nie. Carnarvon het wel £90,000 aan die Vrystaat as vergoeding uitbetaal; „without acknowledging that we were in the wrong"; maar na alles was die transaksie „an extraordinarily good bargain for us, seeing what the mines have since produced."

In die laaste deel van sy memorandum bepaal Fairfield sy aandag by Brittanje se beleidloosheid t.o.v. die Transvaal en Betsjoeanaland sedert die anneksasie van die Boererepubliek in 1877. Die koninklike opdrag aan Brittanje se gesant na die Transvaal was so bewoord dat „Sir T. Shepstone read his commission as making it incumbent on him to annex in <u>any case</u>."[113] Rigtingloos soos 'n warrelwind het Brittanje daarna 'n oplossing vir die moeilike vraagstuk, wat hyself geskep het, gesoek. Op die buitewêreld het sy gebrek aan beleid 'n baie swak indruk gemaak: „When we got into the Transvaal, our conduct and declarations appeared (to outsiders)[114] totally at variance with those which had proceeded from us before." Carnarvon het die Boere se militêre optrede teen Sekoekoenie veroordeel, Barkly het die Boere verfoei omdat hulle die Swazies as bondgenote gebruik het, en Shepstone het verklaar dat Sekoekoenie nie die vredesvoorwaardes verstaan het wat die Boere hom gedwing het om te aanvaar nie. Tog het Brittanje die oorlog teen Sekoekoenie hernieu om presies dieselfde voorwaardes in sy keel af te druk en boonop 15,000 Swazies as bondgenote in die veld gestoot! Ook in Betsjoeanaland het die Britse regering nie geweet watter perde hulle voor die kar wou span nie. In 1874 het Carnarvon beslis geweier om die oppergesag van Mankoroane en Montsioa in Betsjoe-

---

112) Die Bloemfontein-Konvensie.

113) Onderstreping deur die skrywer.

114) In die memorandum tussen hakies geplaas.

analand te erken, daarna is hulle as bondgenote aanvaar en moes hulle teen die Boere beskerm word. Derby het in die Hoërhuis voorgestel dat reservate vir hulle aangekoop word waar hulle buite bereik van hul vyande sou wees, maar hy is uitgelag. Tog is daarna £800,000 in hul belang bestee, „one-tenth of which sum would have provided the Chiefs and their followers with everything they could want." Dit is ironies dat Fairfield, wat hom so verlustig het in die flaters van sy hoofde, vergeet het om sy eie aandeel in Brittanje se weifelende koloniale beleid te vermeld. Hy was immers die man wat die Gladstone-regering met sy bewindsaanvaarding in 1880 beïnvloed het om die anneksasie van die Transvaal te handhaaf, en wat na die militêre terugslae in die Vryheidsoorlog weer eerste die witvlag opgesteek het. Die man wat die ammunisie in die stilligheid vervaardig, speel tog nie 'n geringer rol as diè man wat die skoot in die openbaar aftrek nie.

Dit sou verkeerd wees om uit Fairfield se genadelose veroordeling van die Britse koloniale beleid af te lei dat hy nou 'n kampvegter van die Boeresaak geword het. Wat hy beoog het, is baie duidelik; om sy owerheid aan te moedig om die hand aan die ploeg te slaan sonder om terug te kyk. Die tydperk van proefnemings was verby. As gevolg van die triomf van die imperialisme in Europa het 'n indrukwekkende buitelandse en koloniale beleid noodsaaklik geword. Hoeveel invloed Fairfield se tydige waarskuwing uitgeoefen het, kan moeilik bepaal word. Een feit staan egter soos 'n paal bo water: in die jare negentig, toe Fairfield steeds sy skoene in die Koloniale Kantoor volgestaan het,[115] het die Britse beleid teenoor die Boere geen uitdraaipaaie meer gesoek nie, maar doelbewus afgestuur op die finale onderwerping van die binnelandse Republieke.

Die Konserwatiewe regering het gou klaargespeel met die Betsjoeanalandse vraagstuk.[116] Hulle het Warren se skema verwerp, omdat dit onprakties was, en ook besluit om Betsjoeanaland voorlopig nie by die Kaapkolonie in te lyf nie, aangesien die Kaapse regering nie voldoende waarborg vir die veiligheid van die naturelle kon gee nie.[117] Daarom het hulle Warren teruggeroep[118] en die minder imperialistiese

115) Fairfield is na die Jameson-inval oorlede. Hy het nog die opgewondenheid van hierdie avontuur saam met Chamberlain en andere deurlewe. (Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 335-362). In sy later jare het hy die betrekking van Assistent-Ondersekretaris van Kolonies beklee. (Vgl. De Kiewiet: The Imperial Factor in South Africa, p. 334).

116) C.R.O. 301, p. 16, Kanttekening van Stanley, d.d. 15-7-1885.

117) C.R.O. 301, p. 15, Kanttekening van Stanley, d.d. 15-7-1885; C. 4588, nr. 46, Stanley aan Robinson, d.d. 13-8-1885.

118) C. 4588, nr. 47, Stanley aan Warren, d.d. 13-8-1885.

beleid van Robinson ondersteun.[119] Op 30 September 1885 vaardig Robinson 'n proklamasie uit waarvolgens 'n Britse kroonkolonie, wat bekend sou staan as Brits-Betsjoeanaland, ten ooste en ten suide van die Moloporivier in die lewe geroep word, terwyl die noordelike deel van Betsjoeanaland tot 22 grade suiderbreedte 'n Britse Protektoraat sou bly.[120] Waarskynlik op aandrang van Stanley het die kabinet die belangrike besluit geneem dat die oosgrens van diè protektoraat, wat voorheen saamgeval het met die wesgrens van die Republiek,[121] nie die Makloutsirivier, 'n tak van die Limpopo, sou verbysteek nie.[122] Dit is doelbewus gedoen om die Republiek die geleentheid te gee om sy invloed noordwaarts uit te brei. Stanley het verklaar dat dit 'n dwase beleid sou wees om die Republiek aan alle kante in te sluit.[123] Volgens hom het die Londen-Konvensie die deur na die noorde vir die Republiek oopgelaat, want, hoewel dit bepaal het dat die Republiek nie sonder Britse goedkeuring verdrae met naturellestamme op sy oos- en wesgrens mog sluit nie, het dit geswyg oor sy verhouding tot die stamme aan die noordekant.[124] In 1895 is Brits-Betsjoeanaland op inisiatief van Rhodes by die Kaapkolonie ingelyf.[125] Kruger het 'n belangrike ronde in die stryd om grondgebied op sy grense verloor.

. - -

119) C. 4588, nr. 46, Stanley aan Robinson, d.d. 13-8-1885. Politieke partye se beginsels is ook buigbaar en oorvleueling vind soms plaas soos in hierdie geval.

120) C. 4643, nr. 30, Robinson aan Stanley, d.d. 30-9-1885; ook die Bylae.

121) Ibid.

122) C.R.O. 320, kaart op p. 5. Soos later aangetoon sal word, was die Republiek onbewus van hierdie besluit.

123) C.R.O. 301, p. 14-15, Kantekeninge van Stanley, d.d. 15-7-1885.

124) Ibid. Robinson het Stanley se standpunt onderskryf. (Vgl. Leyds: Het insluiten van de Boeren-Republieken, I, p. 292).

125) Vgl. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p. 572; Walker: A History of South Africa, p. 451.

## HOOFSTUK VI.

### Botsing op die oosgrens van die Republiek.

Die Boereleier se taak is uiters bemoeilik deur die feit dat hy die Republiek se territoriale regte en aansprake gelyktydig aan meer as een front moes verdedig. Die stryd op die wesgrens het nog nie sy hoogtepunt bereik nie, toe 'n onheilspellende storm op die oosgrens losbars. Die brandpunt van die botsing hier was St. Luciabaai in Zoeloeland. Na die verbanning in 1879 van die Zoeloe-opperhoof, Ketsjewajo, het die Britse regering sy land in dertien state verdeel, elkeen onder sy eie hoof, terwyl 'n Resident as konsulêre amptenaar aangestel is om die gang van sake dop te hou en aan die Natalse Goewerneur verslag te doen.[1] As gevolg van die afwesigheid van 'n sentrale gesag, het grootskaalse bloedvergieting en anargie spoedig ingetree.[2] Gevolglik is Ketsjewajo in Januarie 1883 weer met beperkte gesag as opperhoof van die Zoeloes herstel in die gebied noord van die Umhlatuzirivier, behalwe in die noordoostelike hoek van Zoeloeland wat aan Oesibepoe, 'n aartsvyand van Ketsjewajo, toegestaan is. Die gebied op die Natalse grens, tussen die Toegela- en Umhlatuzirivier, is omgeskep in 'n Anglo-Zoeloereservaat onder beheer van 'n Resident-Magistraat.[3] Na die dood van Ketsjewajo het die opperhoofskap 'n twisappel geword tussen sy seun Dinizoeloe en Oesibepoe.[4] Met behulp van 'n aantal blanke vrywilligers, hoofsaaklik uit Transvaal, het Dinizoeloe sy mededinger verslaan en die troon bemeester. Daarna het hy, volgens ooreenkoms, aan sy blanke bondgenote 'n stuk grondgebied (naastenby 1,335,000 morg) op die suidoostelike grens van die Suid-Afrikaanse Republiek geskenk,[5] waar Lucas Meyer op die 16de Augustus 1884 per proklamasie die Nuwe Republiek gestig het.[6] Terselfdertyd het Meyer 'n tweede proklamasie uitgevaardig waarvolgens hy, met toestemming van Dinizoeloe, 'n protektoraat ingestel het oor die opperhoof se gebied.[7] Binne hierdie

---

1) Leyds: Het insluiten van de Boeren-Republieken, I, Hfst. II; Backeberg, a.w., p. 55; Russell: Natal, The Land and its Story, p. 246).

2) Die beperking het hoofsaaklik bestaan in die verbod op militêre onder nemings. 'n Britse Resident is by hom geplaas om waghond te speel (Leyds, a.w., p. 27).

3) Leyds, a.w., Hfst. II; Backeberg, a.w., p. 55; Russell, a.w., p. 259-260.

4) Z.A.R. 167, Memorandum oor Zoeloeland, punt nr. 6 op p. 7.

5) Id., p. 8.

6) Id., p. 8.

7) Ibid. Die proklamasies het in die Volkstem van 23 Augustus 1884 verskyn. (Leyds, a.w., p. 45-50).

gebied was St. Luciabaai geleë.

Ongeveer 'n week voor die totstandkoming van Meyer se republiek het die Natalse Uitvoerende Raad nog aangedring op die uitbreiding van die Britse gesag oor die hele Zoeloeland. In hierdie houding is hulle gesteun deur Bulwer, die Goewerneur, wat herhaalde kere in sy dépêches die wenslikheid van so 'n stap beklemtoon het. Die Liberale regering wat egter vasbeslote was om buite die byenes te bly, het geweier en dus geen poging aangewend om die indringing in Zoeloeland te verhinder nie. Inteendeel, Derby het sy tevredenheid uitgespreek oor die wyse waarop die regering van die Nuwe Republiek die vrede in Zoeloeland gehandhaaf het.[8] Aangemoedig deur sy sukses op die slagveld, die oënskynlik simpatieke houding van Downingstraat en die begeerte om St. Luciabaai as 'n hawe te bekom, het Meyer, binne 'n maand na die uitvaardiging van sy proklamasies, 'n versoek om amptelike erkenning van sowel die republiek as die protektoraat oor Zoeloeland aan die Natalse regering gerig.[9] Bulwer het die versoek na die Koloniale Kantoor deurgestuur en in 'n begeleidende brief verklaar dat, hoewel hy persoonlik gekant is teen die vestiging van die Boere se gesag in Zoeloeland, dit nietemin in ooreenstemming met die Britse beleid sou wees om die republiek te erken.[10] Voordat sake verder kon vorder, het die Duitsers 'n stuiwer in die armbeurs gewerp en 'n hele omwenteling teweeggebring.

Soos op die weskus, was Duitse sendelinge ook reeds geruime tyd op die ooskus bedrywig. Omdat hulle egter nie met die Boere kon stryk nie, het Brittanje geen ondermynende bedrywighede van hul kant te vrees gehad nie.[11] Sedert die begin van 1884 het Duitssprekende handelaars soos Haevernick en Mebus in daardie geweste begin opduik en onderhandelinge met die Boere en Zoeloes aangeknoop met die oog op die omskepping van St. Luciabaai in 'n bruikbare hawe. Hulle is gevolg deur Einwald, agent van Lüderitz, die handelaar wie se belange op die weskus tot die stigting van die Duitse protektoraat gelei het.[12] Dit is moeilik om presies vas te stel op watter tydstip die Britse regering begin onrustig word het oor die bedry-

---

8) C. 4214, nr. 22, Bulwer aan Derby, d.d. 5-8-1884. (Punt nr. 8 op p. 42); C. 4274, nr. 32, Derby aan Bulwer, d.d. 8-12-1884. (Vergelyk verder Leyds, a.w., p. 43-45).

9) C. 4274, nr. 9, Bulwer aan Derby, d.d. 6-10-1884; Z.A.R. 167, memorandum oor Zoeloeland, punt nr. 8 op p. 12.

10) C. 4274, nr. 13, Bulwer aan Derby, d.d. 6-10-1884.

11) Bixler, a.w., p. 42; Backeberg, a.w., p. 57.

12) Backeberg, a.w., p. 57.

wighede van die Duitsers op die ooskus, maar drie gebeurtenisse, wat sô kort na mekaar plaasgevind het dat hulle die indruk skep van 'n fyn deurgedagte sameswering, het Britse onderdane in Suid-Afrika en Brittanje 'n gulde geleentheid verskaf om luidkeels te skree oor die Duitse gevaar in Suid-Afrika. Die gebeurtenisse is die stigting in Augustus en September 1884 van Duitsland se protektoraat op die weskus, die Nuwe Republiek se protektoraat op die ooskus en die Suid-Afrikaanse Republiek se protektoraat in Betsjoeanaland. Die protektorate is onmiddellik in verband met mekaar gebring en hul ontstaan is vertolk as 'n poging van die Boere en Duitsers om in samewerking met mekaar Brittanje van die binneland af te sny. Elke beweging van die sg. bondgenote is sedertdien haarfyn dopgehou. Die spioenasiebedrywighede het onder leiding gestaan van Bulwer in Natal en Currie in Brittanje.[13]

Op Saterdag 1 November 1884 het Currie Gladstone verwittig dat 'n Duitse vloot op pad was na Zoeloeland. Hy het daarop aangedring dat Britse vlootoffisiere aan die Kaap onmiddellik telegrafies opdrag moes ontvang om hulle daarheen te haas en 'n Britse protektoraat af te kondig oor die kusstrook tussen Natal en Mosambiek. Mistroostig voeg hy by: "Our merchants are getting disheartened, and for my own part I have many misgivings. What we want is a firm policy in harmony with our colonial interests and our credit...Do not let the Zulu coast fall into German hands. The Germans under Bismarck's Subsidy Law are to run steamers to South Africa, and it will be found that it all means a weakening of the hold which Great Britain has and is thought to be ready to let go."[14]

Die daaropvolgende Maandagoggend het 'n groot aantal handelaars 'n vergadering onder voorsitterskap van Currie in die Canon Street Hotel in Londen bygewoon. Na drukke bespreking van die gevare wat die Duitse imperialisme ingehou het, het hulle besluit om by hul owerheid aan te dring op besliste stappe ter handhawing van die Britse oppergesag in Suid-Afrika, en meer bepaald op die uitbreiding van 'n Britse protektoraat oor die hele Zoeloeland. Ook is 'n deputasie aangewys om hul wense persoonlik aan Derby bekend te maak.[15] Tydens die

---

13) Ons kan nie Backeberg se stelling onderskryf dat dit hoofsaaklik Engelse kringe in Suid-Afrika was wat hulle beywer het vir die uitbreiding van die Britse gesag oor Zoeloeland nie (vgl. Backeberg, a.w., p. 72). Die agitasie in Brittanje was net so heftig en het noodwendig 'n meer direkte invloed op die Britse beleid uitgeoefen.

14) C.R.O. 299, p. 3, Currie aan Gladstone, d.d. 1-11-1884.

15) Id., p. 5.

onderhoud met die betrokke minister, wat nog dieselfde middag plaasgevind het, het Currie weer eens die hoofrede gevoer.[16] Sy toespraak was geen poging om Derby op taktvolle wyse tot handeling aan te spoor nie. Hy kon sy ongeduld met die minister se klaarblyklik onverskillige houding glad nie verberg nie. Hy het die koersloosheid van die Britse beleid op die wes- en ooskus van Suid-Afrika gelaak. Die gebrek aan deursettingsvermoë het daartoe gelei dat 'n deel van die Ryk wat 'n groot bate kon gewees het, 'n ondraaglike las geword het. Hy het 'n kragdadige omwenteling sonder versuim in die houding teenoor Suid-Afrikaanse vraagstukke geëis: „We venture to think that the adoption of a vigorous and settled policy, unmistakable as to the intention of this country to maintain its hold as the paramount power in that part of the world, would largely tend to restore confidence and give the chance for gradual improvement, materially and socially." Hy wou weet waarom die blanke vrybuiters toegelaat is om anargie te skep op die grense van die Transvaal. Brittanje het die mag van die Zoeloes vernietig net om hulle weerloos uit te lewer aan gewapende rowerbendes. Hy het die wysheid en moed geloof van Bulwer, wat nooit geskroom het om dié „laissez faire"-beleid t.o.v. Zoeloeland te veroordeel nie. Daarop het 'n tikkie bytende sarkasme gevolg: „But, my Lord, you judged it advisable not to interfere." Currie het verwys na sy eie toespraak 'n paar dae vantevore in die Laerhuis, waarin hy voorspel het dat die Boere ook Swasieland binnekort sou inpalm om vir hulle 'n weg na die see te baan. Die Britse regering mog nie langer 'n ongeërgde toeskouer van die gebeure op die ooskus bly nie. Brittanje se prestige het drastiese optrede vereis. Currie was veral bekommerd oor die lot van die Zoeloes: „They have been cruelly used, and they can hardly understand our changes of policy. It is due to them that we shall make it plain to their understanding that we have really their interest at heart, and will not allow the establishment in Zululand of any foreign influence." Onwillekeurig ontstaan die vraag of dit die belange van die Zoeloes of sy eie belange was wat Currie so ontstem het. Nadat hy die versoeke, wat hy namens die handelaars moes oordra, aan Derby voorgelees het, is die deputasie weg, hoogs voldaan met die tameletjie wat hul leier die minister gegee het om te kou en te herkou.

Intussen was Einwald reeds besig om deur middel van Schiel, 'n ander Duitser, met Dinizoeloe oor die afstand van St. Luciabaai te onderhandel.[17] Op

---

16) Id., p. 3-5.

17) Vgl. Backeberg, a.w., p. 55-58.

13 November is twee ooreenkomste gesluit. In die eerste, wat veral teen die Nuwe Republiek gemik was, het Dinizoeloe aan Schiel volmag verleen om Duitse beskerming oor sy gebied in te roep.[18] In die tweede het Dinizoeloe St. Luciabaai en omliggende gebied (60,000 akkers) aan Schiel persoonlik afgestaan. Hy het hom egter toestemming gegee om sy besitsreg oor te dra aan wie hy wou.[19] Gevolglik het Schiel op 4 Desember, volgens afspraak met Einwald, op sy beurt van die Baai afstand gedoen ten gunste van Lüderitz.[20] Dit is eienaardig dat die spraaksame en onbetroubare Einwald[21] nie onmiddellik hul verkreë regte in Zoeloeland uitgebasuin het nie.[22] Dit sou straks te veel gewees het vir die gespanne toestand van Currie wat reeds soveel slapelose nagte moes verduur.

Hoewel hy onbewus was van die verwikkelinge op die ooskus, het Currie nietemin nòg vir Derby nòg vir Gladstone met rus gelaat. Op 19 November het hy weer 'n onderhoud gehad met Hamilton, Gladstone se privaat-sekretaris. Hy was ontevrede omdat Derby nog tot geen daadwerklike optrede oorgegaan het nie. Hamilton het belowe om sonder versuim die toestand onder die aandag van die Eerste Minister te bring.[23] Soos voorheen het Gladstone Currie verseker dat sy sienswyse groot gewig gedra het en hy het hom versoek om die probleme, wat vir hom so 'n kwelling des geestes was, op skrif te stel.[24] Hierop het 'n lywige memorandum die lig gesien, waarin Currie se politieke insig diè van sy owerheid ver in die skadu gestel het.[25]

Currie het sy dringende versoek van drie weke vroeër herhaal dat die Britse vloot aan die Kaap sonder versuim telegrafies opdrag moes kry om na St. Luciabaai te gaan en Britse gesag oor die hele Zoeloekus af te kondig. Hy was oortuig daarvan dat Brittanje wel die eerste reg op die baai het, aangesien Panda dit in

---

18) Vgl. Backeberg, a.w., p. 58. Hierdie ooreenkoms is natuurlik heeltemal in stryd met die protektoraat wat die Nuwe Republiek, met toestemming van Dinizoeloe, oor sy gebied afgekondig het.

19) Vgl. Backeberg, a.w., p. 293-295, Bylae II, Konsessie van Dinizoeloe aan Adolf Schiel.

20) Id., p. 295.

21) Vgl. Backeberg, a.w., p. 55-56.

22) Die Duitse regering het beweer dat Natal teen die einde van November van die onderhandelinge te hore gekom het, en die Britse regering dat dit eers nà hul anneksasie van St. Luciabaai op 18 Desember rugbaar geword het. (C.R.O. 294 A, Note by the German Ambassador, p. 1, en St. Lucia Bay and Zululand, p. 1-2).

23) C.R.O. 299, p. 5, Hamilton aan Currie, d.d. 20-11-1884.

24) Ibid.

25) C.R.O. 299, p. 5-8, Currie aan Gladstone, d.d. 21-11-1884.

1843 aan die Britse Kroon oorgedra het,[26] maar die Boere en Duitsers sou weer met allerhande kwinkslae voor die dag kom. Toe president Burgers voor die anneksasie van die Transvaal by hom aan huis was, het hy hom vertel dat die betrokke Baai aan die Boere behoort kragtens 'n vroeëre ooreenkoms met Panda.[27] Hy was oortuig daarvan dat die Nuwe Republiek gestig is met die doel om daardie aanspraak te bekragtig. Die oomblik was uiters geskik vir Duitse tussenkoms. Die Duitsers sou hulle volle gewig by die Boere inwerp en, om Brittanje af te skrik, hul eie vlag in die baai hys. Hulle sou hul optrede regverdig deur te beweer dat die Britse reg op die baai verval het, aangesien die ooreenkoms met Panda nie deur positiewe stappe soos besetting opgevolg is nie. Hulle kon hulle ook beroep op die Boere se aanspraak, of selfs so ver gaan om 'n onafhanklike ooreenkoms met die Zoeloehoofde in die omgewing van St. Luciabaai te sluit. Op dramatiese wyse het hy vervolg: „What harm will result, it may be asked, if the Germans take St Lucia Bay and the sea coast line? and I reply -

(a)„The introduction of guns and munitions of war, which is now under control of the Colony of Natal, will be easily carried out to the serious danger of peace in that quarter.

(b)„A trade route may be opened up to the Transvaal, with grave damage to the revenues of Natal which, as a Crown Colony, has spent a large sum in the formation of a railway.

(c) „The people of the Transvaal will be brought into more intimate association with the Germans, and the colonising interest of Germany will be largely increased, as it is now likely to be increased upon the west of the Transvaal.

(d)„Delagoa Bay as a Portuguese possession will be seriously interfered with, with the probable result that its value to Portugal will be diminished through the power being placed in the hands of the Germans to build a railway by another route, or to form a new land route to the Transvaal and the interior, or to compel the transfer of Delagoa Bay in given circumstances to Germany.

(e)„The French may also find it desirable to intervene, either at Delagoa Bay or on the Zulu coast, for already their Naval Attaché has made inquiry of myself with regard to the question of the mail service under the British flag from the Cape, Natal, and Madagascar to Mauritius, which the Treasury are, most unfortunately, about to give up."

Currie het ook Gladstone se aandag gevestig op die gevaar van Duits-Portugese samewerking met die doel om die Britse invloed in Suidelike Afrika te ondermyn. Om dit te verhoed, moes Brittanje onmiddellik sy eie vriendskapsbande

---

26) Met die doel om die Boere en vreemde moondhede daar weg te hou, het Cloete die oordrag in 1843 bewerkstellig. (Vgl. Kruger: Die weg na die see, p. 83; C.R.O. 293).

27) Histories nie juis nie. Andries Pretorius het die Baai in 1840 as 'n besitting van die „Volksraad der Zuid-Afrikaansche Maatschappij van Port-Natal" geproklameer (vgl. Bylae E in Leyds I). Panda het niks in die saak te sê gehad nie.

met Portugal versterk. Hy het veral verontrus gevoel oor vertroulike inligting uit Lissabon dat Bismarck onderhandelinge met Portugal aangeknoop het met die doel om gesamentlik 'n stoomvaartlyn tussen Hamburg, Havre, Goree, Angra Pequena, die Kaap, Natal, Delagoabaai en Zanzibar te subsidieer. So 'n lyn sou sy eie stoomvaartmaatskappy 'n swaar slag toedien, want hy het self 'n vervoerkontrak met die Portugese regering tussen Lissabon en Delagoabaai, via die Kaapkolonie en Natal gehad. Nog meer: hy het so pas, deur die samevoeging van Portugese en Britse kapitaal, 'n aantal handelstasies op die Oos-Afrikaanse kus by Inhambane, Quelimane en Mosambiek gestig, asook skeepswerwe te Quelimane, Mosambiek en Delagoabaai opgerig. Hy het hierby gevoeg: „The Germans are seeking to dispossess British enterprise in these quarters, and I greatly fear they may take up their position on the Zulu coast to secure the south-eastern traffic."

Currie het gewaarsku teen Bismarck se onversadigbare ambisie. Hy het 'n studie van die nuwe Duitse subsidiewet gemaak en tot die gevolgtrekking gekom dat dit niks minder beoog het nie as om die Duitse seemag in vreemde wêrelddele te versterk. Die Duitsers wou voordeel trek uit die krisis in die Britse koloniale ryk, en om hulle die loef af te steek, het hy Gladstone ernstig gesmeek om, in plaas van die Nuwe Republiek te erken, self 'n protektoraat oor Zoeloeland in te stel en verder onmiddellik die ooskus tussen die Natalse noordgrens en die Portugese suidgrens te beset. Hy was daarvan oortuig dat Hollandssprekende Suid-Afrika die gesag van Brittanje sou verkies bo dié van Duitsland. Hy sou sy hande in onskuld was indien die Britse regering sy plig verder sou versuim. Om sy getuienis te versterk, het hy by die memorandum 'n brief ingesluit wat hy van sir Thomas Scanlen, voormalige premier van die Kaapkolonie, ontvang het. Daarin is o.m. verklaar: „With a free port at St Lucia Bay, and an alliance between the Boers and the Germans on the coast, Natal, with its railway system now progressing, would be ruined, and South African questions (already sufficiently numerous and complex) would become more hopelessly embarrassed." 28)

Verskeie ander gesaghebbende persone asook invloedryke liggame het hul volle gewig ingewerp by Currie se agitasie. Hy was gelukkig om juis op daardie tydstip twee persone in Engeland te hê wat besonder belang gestel het in Suid-Afrikaanse aangeleenthede. Hulle was Scanlen en Warren. Die driemanskap het indaba gehou en planne bespreek om vuur te maak onder die Liberale regering. 29)

---

28) C.R.O. 299, p. 8, Scanlen aan Currie, d.d. 18-11-1884.

29) C.R.O. 299, p. 7, 8, ens.

Sowel Scanlen as Warren het briewe aan die Koloniale Kantoor geskrywe waarin hulle daarop aangedring het om die Boere en Duitsers op die ooskus skaakmat te sit.[30] Ook die „Aborigines Protection Society" het Derby versoek om 'n protektoraat oor Zoeloeland af te kondig.[31]

Op 24 November, slegs drie dae nadat Currie sy standpunt te boek gestel het, verseker Gladstone hom vir die derde keer dat sy wense in verband met Suid-Afrikaanse aangeleenthede nie veronagsaam sal word nie en dat hy sal onderneem om die memorandum op staande voet aan sy kollegas ter oorweging voor te lê.[32] Maar die dae, selfs weke, het stil verbygegaan. Currie was raadop. In sy verbeelding het hy gesien hoe die mosterd weer, soos by Angra Pequena, nà die maaltyd sal kom. Hy het splinternuwe argumente uitgedink en op 11 Desember nog 'n keer na die pen gegryp.[33] Gladstone self het nou deurgeloop. Hy het tot dusver geen openbare verklaring oor die saak gedoen nie uit vrees dat hy slapende honde in Berlyn sou wakker maak. Nou het hy geskimp op die moontlikheid om die hulp van die pers in te roep en die Eerste Minister in groot verleentheid te bring deur 'n landswye agitasie op tou te sit. Hy het daarop gewys dat baie Britse emigrante eerlank na die oosgrens van die Transvaal sou verhuis. Hy het net so 'n grootskaalse toestroming na die goudvelde van Lydenburg verwag as wat plaasgevind het na die diamantvelde aan die westekant van die Oranje-Vrystaat en Transvaal, waarop hy laat volg: „and in all probability the British element will predominate in the one place as it did in the other, with the same political consequences." Hy het voorspel dat die distrikte van Lydenburg, Utrecht en Wakkerstroom vroeër of later van die Transvaal sou afskei en saam met Swasieland en Zoeloeland 'n groot Britse kolonie tot stand sou bring. As Gladstone nie betyds sou optree nie, sou dit 'n Duitse i.p.v. 'n Engelse kolonie word! Daarom het hy vir die soveelste keer die dringende versoek herhaal dat die Zoeloelandse kus sonder uitstel geannekseer moes word. Hy het ten slotte verwys na 'n verklaring van Gladstone in die parlement, dat Suid-Afrika reeds vir 'n halwe eeu lank vir Britse staatsmanne 'n doring in die vlees was. As die Duitsers toegelaat sou word om hul tentpenne in daardie geweste in te slaan, sou die doring seerder steek as ooit te vore!

In 'n naskrif het hy Gladstone se aandag gevestig op die feit dat die ontwakende Duitse imperialisme 'n gevaar ingehou het vir meer Britse onderdane as

(30) Ibid.
(31) Ibid; C. 4274, nr. 23, d.d. 17-11-1884 en nr. 31, d.d. 6-12-1884, Aborigines Society aan Derby.
(32) C.R.O. 299, p. 9, Gladstone aan Currie, d.d. 24-11-1884.
(33) C.R.O. 299, p. 9-10, Currie aan Gladstone, d.d. 11-12-1884.

slegs die handelslui in Brittanje. Hy het dan ook aan Gladstone 'n brief gestuur wat hy so pas van ene James Saunders uit Natal ontvang het, en wat 'n vurige pleidooi bevat het dat hy, Currie, al sy krag en invloed moes gebruik om Gladstone tot aksie aan te spoor.[34] Die volgende dag het hy Derby om verskoning gevra dat hy hom verbygegaan het en sy vertoë direk tot die Eerste Minister gerig het, maar die erns van die saak het sy optrede geregverdig.[35]

Intussen was sir Robert Herbert, die Permanente Ondersekretaris vir Kolonies, reeds in die Koloniale Kantoor besig om in 'n kort en saaklike memorandum aan die kabinet leiding te gee in verband met die stappe wat gedoen moes word om die internasionale intrige op die ooskus in sy eie guns te ontknoop.[36] Hy het gemeen dat Brittanje 'n sterk saak gehad het, aangesien St Luciabaai op Duitse landkaarte as Britse gebied aangedui is. Alle skyn van die magspolitiek moes vermy word. Brittanje moes sy saak bepleit op grond van die verdrag met Panda. Die bevelhebber van die Britse vloot aan die Kaap moes opdrag kry om 'n boot na St. Luciabaai te stuur "to notify that the Queen's sovereignty, which has been long possessed, but in the absence of any necessity has not been exercised, over the bay and its waters, has not been abandoned." Herbert het gewaarsku dat die woord <u>anneksasie</u> sorgvuldig vermy moes word, aangesien die gebruik daarvan 'n verloëning sou wees van die regsgeldigheid van die ooreenkoms met Panda.

Nog 'n week sou verbygaan voordat die vurig begeerde gemoedsrus uiteindelik op Currie neergedaal het. Op 18 Desember 1884 hys Moore, kommandeur van die Goshawk, die Union Jack in St. Luciabaai, plant hy vlagstokke in en rig op die omliggende heuwels en weerskante van die mond van die Umfolosirivier kennisgewings op met die woorde „British Territory."[37] In die intense konflik wat hierdie klimaks voorafgegaan het, het Currie, gerugsteun deur die handelslui in Brittanje, die hoofrol gespeel. Tereg beweer „The Economist" dat die geldmag en die politiek teen die einde van die neëntiende eeu nie van mekaar te skei was nie.[38]

Soos verwag kon word, het die Britse optrede storms ontketen in Berlyn, Pretoria en Vryheid, die hoofstad van die Nuwe Republiek. Alle sake het twee kante,

---

34) C.R.O. 299, p. 10, Saunders aan Currie. (Datum onvermeld).

35) C.R.O. 299, p. 11, Currie aan Derby, d.d. 12-12-1884.

36) C.R.O. 293, Memorandum for the Cabinet, St. Lucia Bay, by R. G. W. Herbert.

37) C. 4587, nr. 14, Bulwer aan Derby, d.d. 24-12-1884, ook die Bylae.

38) Vgl. Hoofstuk IV, voetnoot nr. 13.

maar hierdie een het vier gehad en kon, ten spyte van Herbert, slegs deur die magspolitiek opgelos word.

Duitsland se saak is deur sy ambassadeur in Londen, graaf Münster, behartig.[39] Op 21 Januarie 1885 verwittig hy die Britse regering dat sy owerheid baie ontevrede voel oor die anneksasie van St. Luciabaai, en daarna stel hy 'n protesskrif op[40] waarin hy die amptelike Duitse standpunt soos volg uiteensit: Lüderitz, 'n Bremense handelaar, het die Duitse regering in kennis gestel dat Dinizoeloe, die onafhanklike koning van Zoeloeland, St. Luciabaai met alle soewereine regte aan hom afgestaan het. Hy het versoek dat die baai onder beskerming van die Duitse Ryk geplaas moes word. Terwyl die Duitse regering besig was om die saak te oorweeg, hys Brittanje, wat teen die einde van November 1884 van die sessie aan Lüderitz te hore gekom het, sonder enige waarskuwing sy eie vlag in die betrokke baai. Dit was 'n vyandige daad. Granville, die Minister van Buitelandse Sake, het dikwels die versekering gegee dat hy die stigting van 'n Duitse koloniale ryk geensins in die wiele sou ry nie. Duitsland was op die hoogte met die verdrag wat Brittanje in 1843 met Panda gesluit het, maar volkeregtelik het die verdrag sy geldigheid, indien dit enige geldigheid gehad het, verloor. Volgens die verdrag moes Panda, wanneer die Britse regering hom daarom sou versoek, die grense van die Baai laat afbaken. So 'n versoek is nooit aan Panda gerig nie. Verder as die blote opstel van 'n traktaat het sake ook nie gevorder nie. Brittanje het vir byna 'n halwe eeu nooit moeite gedoen om sy sg. reg op die Baai deur positiewe stappe te bevestig nie.

Münster het ook uitgewei oor Brittanje se verhouding tot Zoeloeland en die Boere. Ketsjewajo is in 1883 as opperhoof van die Zoeloes herstel sonder enige voorbehoud wat St. Luciabaai betref. Slegs die Anglo-Zoeloereservaat is onder Britse beheer geplaas. Die herstelde opperhoof is verder aan sy lot oorgelaat. Brittanje het geen vinger verroer om hom en later sy seun, Dinizoeloe, teen hul aartsvyande, Oesibepoe en Oham, te beskerm nie. Dit is 'n onomstootlike bewys dat die Britse regering Zoeloeland heeltemal van hom afgeskud het. Op 11 Junie 1884 het die Britse regering Bulwer, die Goewerneur van Natal, in kennis gestel dat hulle alle verantwoordelikheid vir die reservaat aanvaar maar geen voorneme het om hulle in te laat met toestande buite sy grense nie. Op 23 Oktober het Derby in die parlement herhaal dat Zoeloeland vir Brittanje niks anders as 'n blok aan die wiel

---

39) C.R.O. 294 A, Confidential, St. Lucia Bay and Zululand, Note by the German Ambassador, d.d. 7-2-1885.

40) Ibid.

sou wees nie. Dit was vir Duitsland duidelik dat die Boere baie sterker aanspraak op St. Luciabaai gehad het as Brittanje. Reeds in Februarie 1840 het Panda die Baai aan die Transvaalse Republiek afgestaan. Kort gelede het Dinizoeloe met die hulp van die Boere, en nie met dié van Brittanje nie, sy koningskap verwerf. Hy was dus volkome geregtig om grondgebied aan hulle af te staan. Uit dit alles kon slegs één gevolgtrekking gemaak word, en dit was dat Brittanje geen gesag buite die reservaat gehad het nie. Dit is eienaardig dat Brittanje juis sy reg op St. Luciabaai moes ontdek op die einste oomblik toe Duitsland daarin belang gestel het. Onder daardie omstandighede was die Duitse regering verplig om die aanspraak van Lüderitz te handhaaf en te protesteer teen die Britse handelswyse.

Dit is interessant om op te let hoe raak Currie die Duitse diplomasie in verband met die hele aangeleentheid voorspel het. Die proteskrif openbaar so 'n intieme kennis van gebeure in Zoeloeland, dat 'n mens wonder of die Boere nie ook 'n hand bygesit het in die opstel daarvan nie.[41)]

Downingstraat het al sy kragte ingespan om hom te verweer teen die Duitse aantygings.[42)] Hy het ontken dat hy selfsugtig was en het verwys na sy tegemoetkomende houding teenoor Duitsland op die weskus. Hy het ontken dat die Engelse vlag gehys is uit nywer omdat Dinizoeloe die Baai aan Lüderitz afgestaan het. Brittanje het vir die eerste keer van daardie transaksie verneem toe Duitse koerante die berig gepubliseer het, maar die Britse vlag het reeds gewapper. Die bewering van Einwald in die „Pall Mall Gazette" dat hy Bulwer in kennis gestel het van die ooreenkoms, is deur lg. as 'n growwe onwaarheid bestempel. Brittanje het ontken dat hy vir 'n halwe eeu lank van die bestaan van so 'n baai vergeet het en het verwys na waarskuwings in die jare sestig aan die Transvaalse regering om sy hande daarvan af te hou. Downingstraat het erken dat Ketsjewajo herstel is sonder die voorwaarde dat St. Luciabaai buite sy jurisdiksie sou val, maar dit was nie nodig nie, aangesien die Baai reeds sedert 1843 Britse gebied was en daarom staatkundig onafhanklik van Zoeloeland.

Die Britse verweer het breedvoerig ingegaan op die bewering dat die Boere 'n sterker aanspraak op die Baai sou gehad het vanweë hul vroeëre ooreenkoms met Panda. Brittanje het die feit betreur dat Duitsland die Boere ingesleep het by

41) Moontlik deur middel van Beelaerts van Blokland, die gevolmagtigde minister van die Suid-Afrikaanse Republiek in Den Haag, wat gehoop het dat Nederland die Baai in die hande sou kry. (Vgl. Backeberg, a.w., p. 61-72).

42) C.R.O. 294 A, Confidential, St. Lucia Bay and Zululand. (Datum nie vermeld nie). Weens die ooreenkoms met Duitsland in 1885, is hierdie dokument nie voor die Duitse regering gelê nie.

'n onderlinge geskil tussen die twee groot moondhede. Hy het die gebrek aan historiese waarheid wat die Duitse protesskrif openbaar het, betreur, aangesien die Transvaalse of Suid-Afrikaanse Republiek nie in 1840 bestaan het nie maar eers op die 13de Februarie 1858 by Rustenburg in die lewe geroep is. Die proklamasie waarvolgens Andries Pretorius in 1840 die soewereiniteit van die Boere oor St. Luciabaai afgekondig het, het geen regsgeldigheid gehad nie, aangesien die Voortrekkers 'n aantal opstandelinge was wie se onafhanklikheid nòg deur Brittanje nòg deur enige ander moondheid erken is. Hulle is dan ook weer aan die Britse gesag onderwerp en die gebied wat hulle bewoon het, is in 1843 in 'n Britse kroonkolonie omskep onder die naam van Natal. Veronderstel, so het Brittanje verder geredeneer, dat St. Luciabaai in 1840 'n onbetwisbare besitting van die Natalse republiek geword het, dan het die reg daarop in Britse hande oorgegaan met die anneksasie van die republiek drie jaar later. Dat die republiek se aanspraak egter as ongeldig beskou is, is geboekstaaf deur die feit dat die Britse regering dit nodig geag het om self 'n ooreenkoms met Panda aan te gaan. En as die Suid-Afrikaanse Republiek enige reg op die baai gehad het, dan het dit op soortgelyke wyse in Britse hande geval met die anneksasie van hierdie republiek in 1877. Laasgenoemde staat is na 'n paar jaar weer herstel binne bepaalde grense, wat St. Luciabaai sonder enige twyfel uitgesluit het.

Brittanje het ontken dat hy ooit 'n negatiewe houding teenoor die gebeurtenisse in Zoeloeland aangeneem het. Sy optrede in die verlede het onteenseglik bewys dat hy die naturellestaat nog altyd as binne sy invloedsfeer beskou het. Sedert die dae van Panda het hy steeds ingegryp as toestande hand-uit ruk, en Gladstone het nie lank vantevore nie in die Laerhuis verklaar dat sy regering die doen en late van die Zoeloes noukeurig dophou. Hy het beswaar bemaak teen die moedwil wat die uitlatings van Britse ministers, dat hul belange tot die reservaat beperk is, vertolk asof dit 'n erkenning van die soewereiniteit van Zoeloeland sou wees: „The Parliamentary declarations to which Count Münster appeals as indicating a determination not to interfere in Zululand, were not intended as explanations of international policy, such as would be offered to a Foreign Government." Al wat die ministeriële verklarings in die parlement aangedui het, was dat Brittanje hom nie wou inlaat met aangeleenthede van huishoudelike aard wat geen invloed na buite uitgeoefen het nie. Die blote feit dat die Britse regering nie Dinizoeloe as opperhoof erken het nie, het die sessie aan Lüderitz waardeloos gemaak. Toe Einwald met hom onderhandelinge aangeknoop het, was hy 'n uitgehongerde vlugteling. Hy het St. Luciabaai nooit besoek sedert sy sg. troonbestyging

nie, „and had no more de facto authority there than he had de jure right." Die Britse regering was nie by magte om inmenging van ander Europese moondhede in Zoeloeland of op die kus toe te laat nie. Hulle was bereid om Lüderitz se handelsbelange in St. Luciabaai te erken en te beskerm, maar op sy beurt sou hy eweneens verplig gewees het om Brittanje se politieke gesag daar te erken.

Die koloniale botsing tussen Brittanje en Duitsland bevestig die waarheid van die ou bekende spreekwoord: twee harde stene maal nie. Duitsland was natuurlik die swaarste rots wat Brittanje uit sy weg moes stoot, maar daar was ook die Suid-Afrikaanse Republiek en die Nuwe Republiek om mee rekening te hou. Die twee Boerestate was ten seerste gemoeid met die saak en het dus ook hul stem verhef teen die Britse Imperialisme.

Die protesskrif van die Suid-Afrikaanse Republiek is van heelwat later datum as dié van Duitsland.[43] Dit wys op die historiese reg van die Boere, en dit gaan so ver terug as die jaar 1837 toe die Voortrekkers Natalse grondgebied betree het. Dit toon aan met hoeveel opoffering van goed en bloed die stigting van die republiek Natalia gepaard gegaan het. Na die onderwerping van Dingaan was Zoeloeland in die hande van die Voortrekkers: „De Boeren bleven onbepaalde meesters van Zoeloeland door het recht van verovering." Pretorius het in opdrag van die Volksraad Panda aangestel as koning van die Zoeloes onder toesig van die Boere. Deur die proklamasie van 14 Februarie 1840 is met name St. Luciabaai onder susereiniteit van die Boere geplaas. Latere ooreenkomste of gebeurtenisse het niks daaraan toe of af gedoen nie. Toe Brittanje Natal in besit geneem het, was die betwiste baai uitgesluit omdat dit volgens bg. proklamasie heeltemal afgeskei en onafhanklik van Natal was.

Die Republiek het beweer dat Panda nie die reg gehad het om die Baai aan Brittanje af te staan nie, omdat dit nie sy eiendom was nie. Maar laat 'n mens argumentshalwe aanvaar, so is verder geredeneer, dat Brittanje se verdrag met Panda geldig was. Dan het die verdrag tog verval as gevolg van die Sandrivier-Konvensie (1852) en Bloemfontein-Konvensie (1854). Volgens hierdie Konvensies het Brittanje al sy verdrae met inboorlingstamme ten noorde van die Vaal- en Oranjerivier tot niet verklaar. Brittanje het nou die Boere i.p.v. die inboorlinge as bondgenote aanvaar, en hulle is selfs toegelaat om hul kommandostelsel, wat in 1833 afgeskaf is, weer in te voer. Verder het Brittanje besluit om sy gesag streng te beperk binne die toenmalige grense van die Kaapkolonie en Natal.

---

43) Opgeneem as bylae F in Leyds, a.w., I. (Ingesluit by 'n brief van W. E. Bok, staatssekretaris, aan Derby, d.d. 16-3-1885).

Vir verafgeleë gebiede soos St. Luciabaai was geen plek in die nuwe koloniale program nie. Nòg met die kroning van Ketsjewajo deur 'n Britse amptenaar, nòg tydens die Brits-Zoeloe-oorlog van 1879, nòg met die stigting van die Anglo-Zoeloereservaat is 'n enkele woord gerep oor sy vermoende reg op St. Luciabaai.

Voorts het die Republiek verklaar dat sy reg op die Baai, wat dagteken uit die jaar 1840, nie slegs volkome bekend was aan die Britse regering nie maar ook openlik erken is deur die mees bevoegde Engelse outoriteite, wo. sir Theophilus Shepstone, wat die Transvaal in 1877 geanneksseer het, en, soos sy owerheid, Brittanje daarna beskou het as erfgenaam van al die regte van die eertydse Boererepubliek. Shepstone het nie gehuiwer om te verklaar dat Panda geen reg hoegenaamd op St. Luciabaai gehad het nie.

Ten slotte het die protesskrif beweer dat die Republiek met die terugtrekking van die Britse gesag uit die Transvaal in 1881 sy verlore regte herwin het en daarmee saam sy susereiniteit oor St. Luciabaai, al was die Baai nie binne sy grense geleë nie. Brittanje self het immers nooit geaarsel om ekstraterritoriale susereiniteite in te stel nie. Die feit dat die Konvensies van Pretoria (1881) en Londen (1884) die grense van die Republiek sò bepaal het dat die baai daarbuite geval het, het niks afgedoen aan die regsgeldigheid van die proklamasie van 1840 nie.

Uit die voorafgaande uiteensetting van die vraagstuk kon, volgens die Republiek, slegs drie logiese gevolgtrekkings gemaak word: (1) sy reg op die baai was onbetwisbaar; (2) die verdrag van Brittanje met Panda het geen regskrag besit nie; (3) die reg van die Republiek is versterk deur die Konvensie van Sandrivier en die houding van die Britse regering teenoor die Zoeloes.

Brittanje het lank gedraal voordat die Suid-Afrikaanse Republiek 'n antwoord gekry het, omdat hy eers 'n ooreenkoms met Duitsland wou bereik. Toe Brittanje uiteindelik aan die Boerekant van die saak aandag geskenk het, het hy slegs 'n paar van die argumente herhaal wat teenoor die Duitse standpunt gestel is, veral dat hy in die sestigerjare onomwonde verklaar het dat St. Luciabaai Britse gebied is. Hy het hom geensins gebonde geag aan die sienswyse van Shepstone nie. Hy het die regmatigheid van die Republiek se eis ontken en het die Transvaalse owerheid gewaarsku om nie inbreuk te maak op die regte van Brittanje nie.[44)]

Ook die Nuwe Republiek het geprotesteer teen die Union Jack in St. Luciabaai. In April 1885 vaardig Meyer 'n proklamasie uit om sy reg op die Baai te herbevestig kragtens die ooreenkoms met Dinizoeloe, wat gelei het tot die stigting

---

44) Leyds, I, p. 67-68.

van die Republiek en die afkondiging van 'n protektoraat oor Zoeloeland.[45] 'n Afskrif van die proklamasie is na Bulwer gestuur, maar hy het botweg geweier om die aanspraak van die Nuwe Republiek te erken.[46] Op 7 Mei, dieselfde dag toe Duitsland Brittanje se koloniale voorstelle aanvaar het, het Derby Bulwer opdrag gegee om Meyer in kennis te stel dat hy nie toegelaat sou word om die Baai te beset nie.[47]

Aan wie sou 'n regsinnige bemiddelaar die Nabotswingerd toegeken het? As sy bevinding slegs op morele gronde berus het, sou die Boere triomfantelik uit die stryd te voorskyn gekom het, nie slegs vanweë die heroïese worsteling wat hul vestiging aan die ooskus voorafgegaan het nie, maar ook omdat hulle die Britte en Duitsers voor was met hul aanspraak op die Baai. Uit volkeregtelike oogpunt beskou, kry die saak 'n ander kleur. Al sou die Suid-Afrikaanse Republiek sy goedkeuring geheg het aan Meyer se ooreenkoms met Dinizoeloe, sou dit nogtans ongeldig gewees het omdat dit in stryd was met die Londen-Konvensie, wat die Republiek verbied het om verdrae met naturellestamme op sy oos- en wesgrens te sluit sonder toestemming van Brittanje. Verder het Brittanje gelyk gehad toe hy beweer het dat die Boere offisieël nog Britse onderdane was toe Pretorius sy proklamasie in 1840 uitgevaardig het, want die onafhanklikheid van die Natalse republiek was op daardie tydstip deur geen enkele moondheid erken nie. Hierdie omstandigheid het ook daardie proklamasie sy regskrag ontneem.

As die Boere dan uitgeskakel is, bly daar nog twee aanspraakmakers oor. Brittanje sou die logika van die Boere se argument dat St. Luciabaai noord van die Oranje- of Vaalrivier geleë is, miskien kon betwis, maar dan bly die vraag nog of sy aanspraak enigsins sterker as die Duitse was, want hy het geen afdoende getuienis aangevoer dat die Zoeloes staatkundig van hom afhanklik was en dus nie hul eie verdrae kon sluit nie. Ten spyte van die herhaalde versoeke wat aan hom gerig was, het Brittanje immers konsekwent geweier om 'n protektoraat of susereiniteit oor Zoeloeland in te stel. Waar hy hom ingelaat het met die sake van die Zoeloes, het hy dit in sy eie belang gedoen en beslis nie in belang van die inboorlinge nie.[48] Dinizoeloe het seker die reg gehad om die verbintenisse van

45) Ibid; C. 4587, nr. 98, Bulwer aan Derby, d.d.1-6-1885.

46) C. 4587, Bylae in nr. III, Bulwer aan Meyer, d.d. 15-6-1885.

47) C. 4587, nr. 78, Derby aan Bulwer, d.d. 7-5-1885; nr. III, Bulwer aan Derby, d.d. 22-6-1885 en sy Bylae.

48) Vgl. De Kiewiet: The Imperial Factor in South Africa, p. 319.

sy voorgangers te negeer, aangesien hy moes veg vir sy troon en dit nie erfregtelik bestyg het nie. Duitsland het net soveel reg besit om Dinizoeloe as opperhoof te erken as Brittanje om Panda te erken. In die grond van die saak het Brittanje geen ander pleitgrond gehad as die Boere nie, nl. diè van chronologie - hy het vòòr Duitsland op die toneel verskyn. Dat hy self getwyfel het of hy op stewige pote staan, blyk uit die feit dat, hoewel die houding van die Boere state hom koud gelaat het, hy hom daarop toegelê het om Duitsland te paai.[49)]

Currie was dankbaar oor die hysing van die Britse vlag in St. Luciabaai, maar nog nie tevrede nie. Die hele kusstrook tussen Natal en die Portugese grens moes ook geannekseer word.[50)] Hoewel hy Gladstone nou met rus gelaat het, het hy nog Derby se lewe vergal. 'n Vergadering van die kabinet is belê vir 7 Januarie 1885 en die vorige dag het Currie 'n lang brief aan Derby geskrywe met die hoop om hom betyds tot sy sienswyse te bekeer.[51)] Dit bevat 'n hartroerende pleidooi vir die uitbreiding van die Britse gesag oor die hele gebied van die Zoeloes, Amatongas en Swasies. Hy waarsku dat die verwerping van sy beleid rampspoedig sal wees vir daardie deel van die wêreld.

Currie openbaar verder belangrike verwikkelinge wat intussen plaasgevind het. In die begin van Januarie ontvang hy besoek van twee here wat met die „Hawarden Castle" in Brittanje aangekom het, „the one of Dutch descent from the western borders of the Transvaal, but warmly acknowledging his unwillingness to be separated from England, and the other a German from the eastern frontier of the Transvaal, equally interested in the native population, and declaring his desire ( which I believe to be sincere) for the maintenance and extension of British authority in that country."[52)] Wie die „Boer" was, sal seker altyd 'n geheim bly, maar die Duitser was niemand minder nie as die ruggraatlose Einwald, wat waarskynlik intussen te hore gekom het dat St. Luciabaai vir Duitsland verlore gegaan het en hom nou na die Britte gewend het om die sessie van Dinizoeloe aan hulle uit te veil. Hy het aangebied om sy regte aan die Britse regering oor te maak[53)] en het, tot groot genoë van Currie, gepleit vir die vereniging van

---

49) C. 4442, nr. 1, Granville aan Münster, d.d. 29-4-1885.

50) C.R.O. 299, p. 11, telegram van Currie aan Herbert, Permanente Onder-Sekretaris van Kolonies, d.d. 27-12-1884.

51) C.R.O. 299, p. 11-13, Currie aan Derby, d.d. 6-1-1885.

52) Id., p. 12.

53) Regte wat hy nie besit het nie!

die hele Suid-Afrika onder die Britse kroon. As eerste stap in daardie rigting moet Brittanje 'n protektoraat instel oor die hele Zoeloegebied tot aan die see. Hy het reeds Dinizoeloe beïnvloed om die beskerming van Brittanje te aanvaar! Om sake te bespoedig, het hy aan Gladstone 'n brief geskrywe en sy voorstelle uiteengesit.

Currie dring nou daarop aan dat die kabinet Einwald se aanbod om samewerking moet aanvaar. Hy erken dat die hele wêreld skeef sal opkyk oor Brittanje se skielike „belangstelling" in die welvaart van die Zoeloes, „but whatever may be the explanations given, or the remarks made hereafter, of one thing I am well assured, that in annexing the coast and territory of Zululand, the Government will be conferring peace and prosperity on the Zulu nation, for whose unhappy condition we cannot disclaim responsibility; and will also be giving Natal and South Africa generally the chance of tranquility and good order."[54)]

Nadat Currie met Einwald afgespreek het om hom die volgende oggend weer te ontmoet, het eersgenoemde dadelik na Downingstraat 10 vertrek om die brief aan Gladstone op te spoor en die geloofwaardigheid van die Duitser op die proef te stel. Hy het gevind dat Einwald hom nie bedrieg het nie.[55)]

Geen merkbare reaksie het op Currie se hernieude agitasie gevolg nie. Maar Derby kon die langasemkriek nie stilkry nie. Na geheime samesprekinge met Portugese ministers in Lissabon 'n paar weke later, het hy opnuut alarm gemaak.[56)] Soos hy voorheen gepleit het dat Brittanje die Zoeloes van ondergang moes red, het hy nou gesoebat dat Brittanje moet optree as kampvegter van Portugal se belange. Hy wys op die trou wat Portugal in die verlede teenoor Brittanje geopenbaar het, die gemeenskaplike belange van die Britse en Portugese handelslui en die noodsaaklikheid vir die twee moondhede om saam op te tree teen die Duitse monster wat sy kop by die ooskus uitgesteek het. Die Portugese ministers wend geen poging aan om hul smartlike teleurstelling te verberg dat hul eertydse vriend en bondgenoot hul koloniale belange so maklik verloën nie. As Bismarck toegelaat word om 'n wig in te dryf tussen Brittanje en Portugal op die ooskus, sal hy spoedig baas wees van die hele Suid- en Sentraal-Afrika.

Currie was teen hierdie tyd seker flou gespook, want sy angskrete het sedertdien verflou. Dit het voorgekom asof hy eerder die aarde sou kon be-

---

54) C.R.O. 299, p. 12, Currie aan Derby, d.d. 6-1-1885.

55) Id., p. 12.

56) C.R.O. 299, p. 13-15, Currie aan Derby, d.d. 17-1-1885.

weeg as Gladstone se kabinet. Hierdie laksheid - doodsheid liewer - moet gewyt word aan die oorgevoeligheid van die Britse skatkis vir 'n imperialistiese beleid op die ooskus in die laaste kwart van die neëntiende eeu. Gladstone het so dikwels verklaar dat Suid-Afrika die „onmisbare ergernis" van die Britse Ryk was. Die Suid-Afrikaanse vraagstuk het daarin bestaan dat, terwyl Brittanje aan hierdie afgeleë deel van sy Ryk met alle mag moes kleef ter wille van sy strategiese belangrikheid, hy nêrens met so 'n sterk dislojale blanke en onbetroubare nie-blanke element te kampe gehad het nie. Die nimmer eindigende stryd tussen Brit, Boer en barbaar het swaar eise aan die skatkis gestel. Die ooskus het 'n belangrike rol gespeel in die skep van hierdie toestand. In 1876 was die inkomste en uitgawe van Natal vir die laaste keer gelyk. Spoorweë en openbare werke het die staatskuld laat styg van £31,000 in 1875 tot £3,000,000 in 1884.[57] Die oorlog teen die Zoeloes in 1879, en veral die ramp van Isandhlawana, het die amptenare van die Koloniale Kantoor en Departement van Finansies histeries laat word by die gedagte aan die geldelike las wat daaruit sou voortspruit, dit het 'n hewige storm in die parlement ontketen, wat nie maklik uitgewoed het nie, en dit het die swaar belaste Britse volk laat skree dat die koloniste en inboorlinge hul geskille onderling moes oplos.[58] Maar solank as Brittanje self die beleid van sy kolonies bepaal het, was hy ook verantwoordelik vir die tekorte in lg. se begrotings. Dit is om hierdie rede dat Kimberley verantwoordelike bestuur in 1872 feitlik op die Kaapkolonie afgedwing het.[59] 'n Dekade later het die amptenare in die Koloniale Kantoor ook begin praat van verantwoordelike bestuur vir Natal. Die moeilikheid was egter dat die handjievol blankes in daardie kolonie huiwerig was om hul eie binnelandse verdediging waar te neem en nie bestand was teen aanvalle uit Zoeloeland nie.[60] Daarom het sake niks verder gevorder as vrome praatjies oor selfregering nie en sou die Britse belastingbetaler nog moes opdok indien Brittanje sy verantwoordelikhede op die ooskus verder sou uitbrei. Dit verklaar die halsstarigheid van die Koloniale Kantoor om die Duitse spook, wat Currie op die ooskus gewaar het, in die see te verdrink! Currie het die kuns uitstekend verstaan om stof op te skop, maar nóg hy nóg enige ander geldbaas het aangebied om maar 'n deeltjie van die geldelike las te dra wat die stigting van 'n Britse protektoraat tot aan die Portugese grens noodwendig sou meebring.

---

57) Vgl. De Kiewiet: The Imperial Factor in South Africa, p. 307.

58) Ibid., Hfst. X, veral p. 229-230 en p. 234-238.

59) C.R.O. 304, p. 4, opmerking van Fairfield.

60) Vgl. De Kiewiet: The Imperial Factor, p. 308.

Intussen het die imperialistiese koors soos 'n epidemie oor Europa versprei. Op 15 November 1884 het verteenwoordigers van Duitsland, Oostenryk-Hongarye, België, Denemarke, Spanje, die Verenigde State, Frankryk, Brittanje, Italië, die Nederlande, Portugal, Rusland, Swede, Noorweë en Turkye in Berlyn vergader om die vraagstukke te bespreek wat ontstaan het uit die stryd om grondgebied in Afrika.[61] Die konferensie het 'n Algemene Akte aanvaar wat o.m. bepaal het dat 'n moondheid wat enige deel van die Afrikaanse kus in besit neem, verplig sal wees om orde daar te handhaaf, gevestigde belange van vreemdelinge te beskerm en vryhandel en deurtog te waarborg.[62] Brittanje sou dus nie weer, soos in die geval van St. Luciabaai, kon aanspraak maak op gebied sonder om enige stappe te doen ter bekragtiging van sy besitreg nie. Die imperialisme het al hoe meer finansiële offers geverg. Tog het die Koloniale Kantoor, wat die houvas van die geldmag op die politiek gevrees het, hom beywer om 'n vergelyk te tref tussen Currie, die Britse skatkis en die Duitsers. Vroeg in Mei 1885 is Duitsland oorreed om sy protes teen die hysing van die Britse vlag in St. Luciabaai te laat vaar en hom te weerhou van enige anneksasie van grondgebied of afkondiging van protektorate op die ooskus tussen Natal en Delagoabaai. Brittanje het van sy kant belowe om Duitsland se oppergesag te erken in sekere omskrewe streke op die weskus van Afrika by die Golf van Guinee.[63]

Die Transvaalse regering, wat goed op die hoogte was met Duitsland se belangstelling in St. Luciabaai[64] en waarvan etlike lede openlik verklaar het dat, as hulle dit self nie kon kry nie hulle dit eerder in Duitse as Britse hande wou sien,[65] was ongetwyfeld baie teleurgestel met die kapitulasie van Bismarck. Die oomblik was besonder gunstig om 'n manhaftige houding teenoor die Britte in te neem. In sy Koloniale Ryk het Brittanje op daardie tydstip meer as een krisis belewe. 'n Besonder gevaarlike toestand het in Sentraal-Asië ontwikkel, wat baie van sy

---

61) Britse Blouboeke, Band 25 (Pretoriase Staatsargief), Afrika 4 (1885), p. 8.

62) Ibid, General Act of the Berlin Conference, Article 35. (Onderteken te Berlyn deur die verteenwoordigers van die onderskeie regerings op 26 Februarie 1885).

63) C. 4442, nr. I, Granville aan Münster, d.d. 29-4-1885, en nr. 3, Münster aan Granville, d.d. 7-5-1885.

64) Veral deur middel van Beelaerts van Blokland, die Republiek se gevolmagtigde minister in Den Haag. (Vgl. Backeberg, a.w., p. 66-74).

65) Onder hulle was Piet Joubert, S. J. du Toit en W. J. Leyds. (Vgl. Backeberg, a.w., p. 57; 68; 71).

aandag geverg het. Sedert 1881, toe Brittanje sy troepe uit Afganistan teruggetrek het, het die spanning tussen hom en Rusland aansienlik verminder, maar die stryd het weer vinnig opgevlam toe Rusland in 'n nuwe opmars na Indië Merw in 1884 ingeneem en daarna Herat bedreig het. 'n Brits-Russiese kommissie het tevergeefs probeer om 'n grens tussen Rusland en Afganistan op te stel. Aan die begin van die volgende jaar het die Russe deurgedring tot in die Zulfikar-pas en tot stilstand gekom by Penjdeh waar 'n Afgaanse leër hulle ingewag het. Dit het gelyk asof die muur weggekrummel het wat die Russiese opmars na Indië versper het. In Maart het koningin Victoria 'n telegram gestuur aan Alexander III om te waarsku teen die verreikende gevolge van 'n Brits-Russiese oorlog. Nog in dieselfde maand raak die Russiese troepe met die Afgane slaags by Penjdeh en verslaan hulle. Gladstone skrik hom koud en vra toestemming van die Britse parlement om 'n lening van £11-miljoen aan te gaan. Die Russe het hierdie taal verstaan en, omdat hulle nie bereid was tot oorlog nie, onderhandelinge aangeknoop wat uiteindelik onder arbitrasie van die Deense koning tot 'n grensafbakening gelei het.[66)]

In Noord-Afrika het Brittanje ook ernstige moeilikheid ondervind. Frankryk was nog steeds in 'n slegte bui oor die wyse waarop hy uit Egipte verdring is, en die vyandige gevoel is daarna versterk deur wrywing in Birma.[67)] In die Soedan, destyds 'n Egiptiese provinsie, is die prestige van Brittanje 'n gevoelige knou toegedien deur die oorwinning wat Muhammad Ahmad, bekend as die Mahdi,[68)] te Khartoem oor generaal Gordon behaal het. Die Britse generaal, wat gemeen het om die Mohammedaanse dweper op sy plek te sit, het sy lewe ingeboet.[69)] Moritz Busch, Bismarck se sekretaris en vertroueling, het op gevoellose wyse gespot na aanleiding van gerugte dat Gordon onthoof en sy kop aan die Mahdi oorhandig is.[70)]

Op die tydstip toe die wrywing oor St. Luciabaai 'n hoogtepunt bereik het, was die internasionale konstellasie gunstig vir Bismarck. Die Dreikaiserbund is in 1884 hernieu,[71)] in Brittanje was Gladstone aan die roer van sake, die man wat, hoewel alles behalwe 'n geesgenoot van die aristokraties gesinde Duitse kanselier,

---

66) Vgl. Japikse: Europa en Bismarck's Vredespolitiek, p. 146-147.

67) Vgl. Backeberg, a.w., p. 73; Rose, a.w., p. 527.

68) Mahdi of Messias is 'n naam wat die Arabier homself toegeëien het. (Vgl. Johnston, a.w., p. 363).

69) Vgl. Rose, a.w., p. 482.

70) Id., p. 482; 527.

71) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 324.

nooit opgewonde kon raak oor 'n groot koloniale ryk nie, en in Frankryk is die bewind gevoer deur Ferry, 'n voorstander van gesonde Frans-Duitse betrekkinge.[72] Maar Bismarck was ongeneë om met Brittanje skoor te soek. Die groot diplomaat het goed geweet hoe maklik die Britse en Franse politiek van koers verander en het geen begeerte gekoester om die bestaan van die jong en bloeiende Duitse Ryk, wat hy met soveel inspanning opgebou het, op die spel te plaas nie.[73] Busch, wat verontwaardig was oor die aftog van sy vaderland, het later die moed bymekaar geskraap om sy baas oor die kole te haal. Die kanselier het baie verskonings aangebied: die baai is te ver van die Transvaal om van praktiese waarde te wees; die Boere het nie genoeg ywer vir die saak aan die dag gelê nie; dit sou dwaas wees van 'n jong Ryk om so vinnig uit te brei dat sy groeipyne hom oorweldig; Duitsland moes 'n goeie vriend van die Engelse bly omdat die Franse nie vertrou kon word nie.[74] Bismarck se versigtige beleid het Duitsland ongetwyfeld ten goede gekom. Reeds in Maart 1885 het die Ferry-ministerie in Frankryk tot 'n val gekom en het die nuwe regering onder Clemenceau weer tot die anti-Duitse politiek teruggekeer.[75] Twee maande later het ook die regering van Gladstone in die stof gebyt. Die Britse volk het die kruispad van die Liberalisme en Imperialisme bereik en die Konserwatiewe Party onder Salisbury het die hef in die hande gekry, hoewel voorlopig net vir ses maande.[76]

Duitsland is met welslae uitgeskakel as mededinger op die ooskus, maar die Nuwe Republiek was nog daar met sy aanspraak op 'n protektoraat oor Zoeloeland tot aan die see. Die filantrope en Imperialiste, met hul diepgewortelde wantroue in die Boer, was bitterlik daarteen gekant dat Brittanje die Republiek moes erken. In Desember 1884 het die Aborigines Protection Society die Koloniale Kantoor in kennis gestel dat hulle gekant was teen die afstand van één duim grond aan die Boere.[77] Kort daarna het sowat 2,000 Natalse koloniste Derby versoek om Britse jurisdiksie oor die hele Zoeloeland uit te brei of om Zoeloeland by Natal in te lyf.[78] Teen

---

72) Vgl. Japikse, a.w., p. 148.

73) Ibid, Hoofstuk VI: De Uitbreiding Der Duitsch-Oostenryksche Alliantie - Koloniale Invloeden.

74) Gesprek tussen Busch en Bismarck op 5 Januarie 1886, woordelik aangehaal deur Rose uit Busch se dagboed (Vgl. Rose, a.w., p. 528-529).

75) Vgl. Japikse, a.w., p. 147-148; Backeberg, a.w., p. 74.

76) 24 Junie 1885 tot 6 Februarie 1886, (Vgl. Leyds, a.w., I, tabel van Britse Eerste Ministers, 1880-1899).

77) C. 4274, nr. 31, The Aborigines Protection Society to Colonial Office, d.d. 6-12-1884.

78) C. 4214, nr. 31, Bulwer aan Derby, d.d. 3-2-1885; ook die Bylae wat die petisie bevat.

die middel van 1885 het die Natalse Wetgewende Raad en die Durbanse Kamer van Koophandel op soortgelyke stappe aangedring.[79)]

Die Koloniale Kantoor, onder sowel Liberale as Konserwatiewe ministers, het die vraagstuk egter uit 'n ander oogpunt benader. Anders as op die weskus kon hy, met die verdwyning van die Duitse gevaar langs die hele ooskus,[80)] in lg. gebied veilig terugkeer tot die Konvensiebeleid van die jare vyftig. Ons het reeds daarop gewys dat Fairfield hierdie beleid in 1885 aangeprys het in sy „Vaccillation in Policy in South Africa." Nog sterker laat hy hom by 'n ander geleentheid in dieselfde jaar uit: „The policy embodied in the Sand River Convention gave us 25 years of peace and freedom from anxiety. We abandoned it, and we have been ever since in a horrid mess. We shall no doubt revert to it again some day and be once more at rest. We are very far from being at rest now."[81)] Solank as die Boere in die binneland vasgekeer sou wees, is hulle skadeloos en kan hulle gebruik word om vir Brittanje die kastaiings uit die vuur te krap deur die vrede op die koloniale grense te handhaaf. Inboorlinge is soms vir dieselfde doel gebruik, soos bv. Ketsjewajo met sy restorasie in 1883. Fairfield het openhartig verklaar dat die gewese Zoeloekoning herstel is om Brittanje se verantwoordelikheid op sy skouers te laai, „and not, it may be remarked, for the sentimental reasons to which the step has been generally attributed."[82)] Die Boere moes natuurlik glo dat die Konvensiebeleid 'n gebaar van grootmoedigheid van die kant van Brittanje was. Havelock, die Goewerneur van Natal, wat in 1886 as Spesiale Kommissaris uitgestuur is om daardie beleid op die ooskus in te voer, het aan Stanhope, die minister vir kolonies, geskrywe: „The moderate and conciliatory attitude assumed by Her Majesty's Government towards the community of the New Republic cannot but be regarded by the Dutch-speaking people in South Africa as an indication of a disposition favourable to themselves."[83)]

Onder die kwaaiste teenstand, veral uit Natal, het Havelock sy onderhandelinge met die Nuwe Republiek voortgesit. Die Natalse Wetgewende Raad het alles in

---

79) C. 4645, nr. 8 en 9, Bulwer aan Derby, d.d. 21-7-1885; Ook die Bylaes.

80) In Januarie 1885 is 'n Britse protektoraat oor die kus van Pondoland afgekondig om die Duitsers ook daar weg te hou. (Vgl. De Kiewiet: The Imperial Factor in South Africa, p. 321).

81) Aangehaal in De Kiewiet: The Imperial Factor, p. 327.

82) C.R.O. 304, p. 2.

83) C. 4980, nr. 42, Verslag van Havelock aan Stanhope, d.d. 24-10-1886, punt nr. 15.

hulle vermoë gedoen om 'n stok in die wiel te steek. Hulle het terdeë besef dat die anti-imperialistiese beleid van die Koloniale Kantoor op finansiële oorwegings berus het, en daarom het hulle op 21 Oktober besluit om alle verantwoordelikheid vir die regering van Zoeloeland en die reservaat te aanvaar en Havelock versoek „to send down Bill during the present session to give effect to this Resolution."[84)] Hierdie besluit het Havelock nie van stryk gebring nie. Hy was reeds besig om in alle erns met 'n deputasie onder Meyer te onderhandel, en die mosie van wantroue in hom wat die Wetgewende Raad aangeneem het, het soos water van 'n eend se rug afgeloop.[85)] Die grootste struikelblok in die weg van 'n ooreenkoms was die Boere se protektoraat oor Zoeloeland. Havelock, wat gehoop het om in die nabye toekoms sy regering te oorreed om 'n Britse protektoraat oor die inboorlingstaat in te stel, het geëis dat hulle daarvan moes afsien, maar dit was by hulle 'n saak van eer om hul belofte aan die Zoeloes gestand te doen. Uiteindelik is ooreengekom dat Meyer die protektoraat slegs sou terugtrek met toestemming van die Zoeloes.[86)] Waarom Havelock gewillig was om hierdie toegewing te maak, het hy aan Stanhope verduidelik: „The Zulu people, as a people, would, I am assured, accept British protection or British rule with joy and thankfulness."[87)] Op 22 Oktober 1886 het Havelock en Meyer 'n ooreenkoms getref, waarvolgens lg. sou afsien van sy protektoraat oor die Zoeloes en Brittanje die onafhanklikheid van die Nuwe Republiek sou erken op die grondslag van die Londen-Konvensie wat twee jaar vantevore met die Boere van die Transvaal gesluit is.[88)] Die ooreenkoms is spoedig bekragtig deur sowel die Britse regering as die Volksraad van die Nuwe Republiek.[89)] Dit sou deur 'n Konvensie tussen die twee state gevolg word. Nog voor sake so ver kon vorder, is 'n konsul van die republiek reeds in Londen ontvang.[90)]

Intussen het politieke verwikkelinge van diepgaande betekenis in Brittanje plaasgevind. Aan die begin van 1886 het Gladstone weer aan bewind gekom. Hy

---

84) C. 4980, nr. 21, Havelock aan Stanhope, d.d. 22-10-1886.

85) C. 4980, nr. 53, Havelock aan Stanhope, d.d. 7-11-1886.

86) C. 4980, nr. 58, Havelock aan Stanhope, d.d. 15-11-1886; ook die eerste Bylae op p. 81, en veral die deel op p. 83.

87) C. 4980, nr. 42, Havelock aan Stanhope, d.d. 24-10-1886. (onderstreping deur skrywer).

88) C. 4980, tweede Bylae in nr. 42.

89) Deur die Britse regering op 2 November en die Volksraad van die Nuwe Republiek op 22 November. (Z.A.R. 167, p. 15).

90) Hansard, 28-4-1896: Verklaring van dr. Clarke; Leyds, a.w., I, p. 92. Die inlywing van die Nuwe Republiek by die Suid-Afrikaanse Republiek het die Konvensie onnodig gemaak.

was vasbeslote om aan die Iere 'n groot mate van selfregering te gee in die vorm van 'n Wetgewende en Uitvoerende Mag gesetel in Dublin, met volle seggenskap in plaaslike aangleenthede. Dit het gelei tot 'n skeuring tussen hom en Chamberlain, wat in Maart uit sy kabinet bedank het.[91] Hierdie skeuring was die oorsprong van die uiteindelike ondergang van die Boererepublieke, want dit het krag verleen aan die Konserwatiewe Party se Imperialistiese beleidsprogram. Ander veterane van die Liberale Party soos John Bright, Selborne, James en die groot finansier, Goschen, het Chamberlain gevolg.[92] Gladstone het nietemin voet by stuk gehou, en sy „Bill for Irish Home Rule" ingedien. Nie minder as 93 Liberales het teengestem nie! Op versoek van Gladstone het die Koningin die parlement ontbind, en in die verkiesing wat gevolg het, het Salisbury 'n meerderheid van veertig oor al die opposisiepartye behaal. Op die oog het dit nie voorgekom asof Salisbury besonder stewig in die saal geplaas is nie, maar hy het goed besef dat hy in toenemende mate kon staat maak op die steun van die Liberale Unioniste, soos Chamberlain en sy volgelinge bekend geword het. Tereg het Gladstone aan sy seun verklaar: „My word, Herbert, we have had a drubbing and no mistake."[93] Churchill, Minister van Finansies in die Konserwatiewe kabinet, het spoedig bedank weens swak gesondheid, en Salisbury het van die geleentheid gebruik gemaak om sy posisie te konsolideer deur die Liberale rebel, Goschen, in sy kabinet op te neem.[94]

Die oorwinning van die Imperialisme het hom geleidelik in die koloniale beleid laat voel. In Mei 1887 is Zoeloeland, met uitsluiting van die Nuwe Republiek, by die Britse Ryk ingelyf. Die Goewerneur van Natal sou die gebied as 'n kroonkolonie administreer.[95] In Julie het Osborn, die Resident-Kommissaris, in teenwoordigheid van sowat seshonderd Zoeloes, die Britse vlag te Nkonjeni gehys.[96] Teen die einde van die jaar het die Zoeloes die Britse regering in groot verleentheid gebring. Dinizoeloe, Undabuko en ander hoofde het in Vryheid opgedaag en aan die Uitvoerende Raad van die Nuwe Republiek verklaar dat hulle aanspraak maak op die Republiek se beskerming.[97] Meyer het onmiddellik met Havelock in verbinding

---

91) Halevy en McCallum, a.w., p. 469; p. 491.

92) Id., p. 469.

93) Id., aangehaal op p. 470.

94) Id., p. 470.

95) C. 5143, nr. 21, Holland aan Havelock, d.d. 11-5-1887; nr. 22, Havelock aan Holland, d.d. 14-5-1887.

96) C. 5331, nr. 7, Havelock aan Holland, d.d. 20-7-1887; ook die Bylae.

97) Z.A.R. 167, p. 19, Esselen, staatssekretaris van die Republiek, aan Havelock, d.d. 1-9-1887; C. 5331, Havelock aan Holland, d.d. 8-10-1887.

getree en hom herinner aan sy belofte dat die Republiek se protektoraat gehandhaaf sou word as die Zoeloes dit verkies.[98] Havelock het geweier om die saak te bespreek en Meyer gewaarsku dat die Britse regering sy besluit om die Republiek te erken mag hersien.[99] Die Kommissaris het sy erewoord geweld aangedoen. Hyself het Stanhope voorheen in kennis gestel van die voorwaarde waarop die Boere se protektoraat tot niet verklaar sou word, en nogal bygevoeg: „I had no difficulty in conceding this proviso."[100] Dat sy gewete hom aangekla het, blyk uit sy toorn op Dinizoeloe, wat hy van ontrou beskuldig het![101] Osborn het daarop aangedring dat die verraaiers gestraf moes word. Toe die Zoeloeleiers tot verantwoording geroep is, het hulle 'n uitdagende houding aangeneem en geweier om te verskyn. Havelock het Dinizoeloe en Undabuko met vyftig beeste elk beboet.[102] Dit was vir die Britse regering baie duidelik dat hulle nie in die minste kon staat maak op die lojaliteit van die Zoeloes nie.

Die Koloniale Kantoor was jammer dat die vraagstuk van 'n protektoraat oor Zoeloeland 'n twisappel tussen Brittanje en die Nuwe Republiek moes word juis op die tydstip toe hy die samewerking van die Boere broodnodig gehad het. Hy sou alles in sy vermoë wou doen om die onaangename smaak, wat die toevlug tot magspolitiek in sy optrede teenoor die Nuwe Republiek nagelaat het, so spoedig moontlik weg te neem. In Boerekringe is die wenslikheid om die Suid-Afrikaanse Republiek en die Nuwe Republiek te verenig reeds druk bespreek. Na 'n jaar van onderhandelinge is 'n ooreenkoms bereik.[103] In 'n poging om die vertroue van die Boere te herwin en die vriendskapsbande met die Suid-Afrikaanse Republiek, wat die laaste tyd baie aan spanning onderhewig was, te versterk, het Brittanje besluit om die strewe tot eenwording onder die Boere nie teen te staan nie. Om dit te bewerkstellig, het 'n nuwe Konvensie tussen Brittanje en die Suid-Afrikaanse Republiek op 28 Junie 1888 tot stand gekom, waarin Brittanje toestemming tot

---

98) Z.A.R. 167, Meyer aan Havelock, d.d. 23-9-1887.

99) Z.A.R. 167, Havelock aan Meyer, d.d. 19-10-1887.

100) C. 4980, nr. 42, Havelock aan Stanhope, d.d. 24-10-1886.

101) C. 5331, Havelock aan Holland, nr. 26, d.d. 8-10-1887.

102) C. 5331, nr. 37, Havelock aan Holland, d.d. 22-11-1887.

103) E.V.R. 88 (Geheime Volksraadsnotulen 1883-1893), 8 Junie 1887, Art. 483 op p. 58 en 484 op p. 58 en 59; U.R. 8, Art. 356, d.d. 30-6-1888; Verdrag van Vereeniging Tusschen de Zuid-Afrikaansche Republiek en de Nieuwe Republiek, bekragtig deur die Volksraad van die S.A. Republiek op 2 Julie 1888. (Art. 787).

inlywing van die Nuwe Republiek verleen het.[104] 'n Herafbakening van die oosgrens het noodsaaklik geword. Byna 'n dekade sou nog verloop voordat die grens tussen Zoeloeland en die Suid-Afrikaanse Republiek finaal vasgestel is.[105] Op 30 Desember 1897 is Zoeloeland by Natal ingelyf.[106] 'n Desperate poging van die Boere om die see te bereik, het misluk, te wyte aan verwoede teenstand van die Britse geldmag wat die opkomende Duitse imperialisme gevrees het, en aan die botsende kommersiële belange van die Britse kuskolonies en die vasgeknelde binnelandse republieke.

104) L.A. 76 B, A Convention between Her Majesty, the Queen of the United Kingdom of Great Britain and Ireland, and the South African Republic, onderteken op 20-6-1888 en agt dae later deur die Volksraad van die Suid-Afrikaans Republiek bekragtig. (Art. 688).

105) Z.A.R. 167: Zululand-Grenslyn: Conventie.

106) Russell, a.w., p. 261.

# HOOFSTUK VII.

## Botsing op die noordgrens van die Republiek.

Nie die see nie, maar goud sou die vernaamste struikelblok wees wat die Boere verhinder het om in noordelike rigting uit te brei. Die London-Konvensie het doelbewus daardie poort vir die Boere oopgelaat. Dit is erken deur selfs die grootste voorstanders van die beleid om die Suid-Afrikaanse Republiek in 'n wurggreep gevange te hou. G. V. Fiddes, wat, in sy hoedanigheid as sekretaris van die Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, oor eerstehandse inligting moes beskik, het beweer dat sir Hercules Robinson teenwoordig was toe Derby die Boeredeputasie belowe het dat ten minste die één uitgang vir hulle oopgelaat sou word.[1] Soos voorheen gemeld, het ook die Konserwatiewe minister, Stanley, van dieselfde standpunt uitgegaan. As die Boere egter wou uitglip, moes hulle dit gedoen het voor die ontdekking van goud op die Witwatersrand in 1886.[2] Die wêreldwye konsternasie wat op hierdie vonds gevolg het, het aanleiding gegee tot wilde gerugte dat die eintlike middelpunt van die mineraleparadys in Matabele-Masjonaland, noord van die Limpopo, geleë was, waar die Duitse geoloog, Carl Mauch, reeds in 1867 langs die Tatirivier goud ontdek het.[3] Om te besef watter internasionale betekenis hierdie gebied in 'n ommesientjie verwerf het, moet ons vir 'n oomblik daarna kyk deur die bril van Imperialistiese propagandiste uit daardie tyd. Basil Worsfold skrywe: „As the phenomenal value of the Randt gold deposits was rapidly revealed, the thoughts

---

1) C.R.O. 518, The Case against the South African Republic, printed for the use of the Colonial Office, Secret Memorandum, by Mr Fiddes, p. 27. Fiddes beroep hom op Imperiale Witboek, African No. 372, p. 51, as hy verklaar: „Sir Hercules Robinson has put it on record that (at the time when the London Convention was being negotiated) he was present when Lord Derby informed the Transvaal deputation that the door to the north would not be closed to them by the Convention."

2) Vgl. Rademeyer: Die land noord van die Limpopo in die expansie-beleid van die S.A. Republiek, p. 25-36; p. 51.

3) Id., p. 25-36. Mauch se ontdekking was een van die vernaamste redes vir M. W. Pretorius se proklamasie in 1868, waarvolgens die Suid-Afrikaanse Republiek se wesgrens so ver as die Ngami-meer geskuif is.

of men naturally turned to those regions northward of the Limpopo, in which the earliest gold explorers had worked - regions which were shrewdly suspected to be a chief seat of the gold supply of King Solomon and of imperial Rome, the Ophir of antiquity, and the Monomotapa of the seventeenth century."[4] Charles Marvin verkondig die volgende wysheid: „North of Bechuanaland lie Khama's country and Matabeleland, extending to the Zambesi, both unannexed by Boer or Englishman, both full of gold, and having a population of more than a million. Unless the Transvaal Boers push ahead first, and, joining hands with the Germans in Damaraland, establish joint protection over this country, there is thus abundant room for the expansion of Cape Colony in the direction of the auriferous region northwards."[5] Ook die Portugese was oortuig dat daardie streek baie ryk goudriwwe bevat het.[6]

Die ontdekking van goud het uit die staanspoor gedreig om die staatkundige verhoudinge in Suid-Afrika te verstoor, want die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek het in die gedrang gekom sowel as Brittanje se oppergesag in hierdie deel van sy Ryk. In plaas daarvan dat die noordgrens van die Transvaal 'n uitvlug vir die Republiek sou word, soos Derby dit bedoel het, kon dit nou 'n agterdeur word wat aan vreemde moondhede die geleentheid bied om die Britse invloedsfeer aan die suidpunt van Afrika binne te sluip. Dit het die Britse Imperialiste terdeë besef, vandaar hul buitengewone belangstelling sedert 1886 in die gebied noord van die Limpopo. In daardie jaar begin 'n stryd tussen Brittanje en die Suid-Afrikaanse Republiek om oorheersende invloed by Lobengoela, die koning van Matabele-Masjonaland, te verkry. Shippard, die Administrateur van Brits-Betsjoeanaland, het 'n gulde geleentheid gehad om verwikkelinge dop te hou en van tyd tot tyd aan die Hoë Kommissaris in Kaapstad verslag te doen.

In die Koloniale Kantoor is wel nog nie daaraan gedink om Lobengoela se land te annekseer nie, maar die wenslikheid om die Betsjoeanalandse Protektoraat, waarvan 22 grade suiderbreedte die noordgrens was, tot aan die Zambesi uit te

---

4) Vgl. British Africa, p. 219, The Gold Era in South Africa. (Aanhaling op p. 223). Worsfold is o.m. die skrywer van: „The Problem of South African Unity", „The Redemption of Egypt", „South Africa: A Study in Colonial Administration and Development," „Portuguese Nyassaland," ens, ens.

5) Vgl. Marvin: Boer-German Republic or English Dominion? p. 11.

6) Vgl. A Report and Protest of the Affairs occurred at Manica by Colonel Paiva D'Andrade. (Vgl. ook Leyds: Het Insluiten van de Boeren-Republieken, Deel II, p. 196).

brei, is ernstig oorweeg.[7] Op 6 Februarie 1886 het Gladstone weer aan bewind gekom en die Koloniale Kantoor toevertrou aan Granville, wat Robinson se sienswyse oor die aangeleentheid ingewin het. Die Hoë Kommissaris het die plan sterk gesteun, en in 'n memorandum klem gelê op die groot gevare wat die Britse Ryk in Suidelike Afrika vanaf die wes- en ooskus bedreig het:[8] Die Duitse konsulgeneraal in Kaapstad het hom meegedeel dat die hele Damaraland 'n paar maande vantevore onder Duitse beskerming geplaas is, hoewel die stap nog nie openbaar gemaak is nie. Dit beteken dat die Duitse invloed reeds so diep in die binneland as die wesgrens van die Betsjoeanalandse Protektoraat deurgedring het. Die Duitse oogmerk was om 'n kolonie by die Ngamimeer te stig, sodat hulle beheer oor die handelsweg na Sentraal-Afrika kon verkry. Shippard het van Simpson, die hoofbestuurder van die Bank van Afrika, verneem dat 'n Duitse firma in die Transvaal om 'n lening van £5,000 aansoek gedoen het met die doel om grondgebied in die omgewing van die meer te koop. Die Portugese het weer die Britse belange uit die teenoorgestelde rigting bedreig. Portugal was vas beslote om sy besittings op die oos- en weskus met mekaar te verbind. Sy eerste stap sou wees om 'n protektoraat oor Matabele-Masjonaland in te stel. Daarna sou die anneksasie van Betsjoeanaland noord van die Britse Protektoraat volg, en uiteindelik die aaneenkoppeling van Mosambiek en Angola op die oos- en weskus onderskeidelik. As Brittanje dit sou toelaat, sou die hele Britse Suid-Afrika verbitterd wees. Dié gevare kon slegs afgeweer word deur die voorgenome uitbreiding tot aan die Zambesi te bewerkstellig, deur Portugal te ontmoedig om 'n protektoraat oor Matabele-Masjonaland af te kondig, en deur 'n Assistent-Kommissaris vir Brits-Betsjoeanaland aan te stel, wat Shippard kon bystaan en veral by Lobengoela kon gaan kuier om intieme vriendskapsbande met hom aan te kweek en die Britse invloed oor sy land te verbrei.[9] Die laaste aanbeveling is eerste uitgevoer. Aan 'n sendeling, J. S. Moffat, is die verantwoordelike taak opgedra om die Matabelekoning te bearbei.[10]

Intussen het die Suid-Afrikaanse Republiek ook nie stilgesit nie. In Piet Grobler is 'n diplomaat gevind wat die kuns net so goed soos Moffat verstaan het

---

7) C.R.O. 320, Memorandum on the Proposed Extension of the Bechuanaland Protectorate to the Northwards, as far as the Zambesi River; prepared by Sir Hercules Robinson at the request of Earl Granville, d.d. 23-5-1886.

8) Ibid.

9) Ibid.

10) Vgl. Raubenheimer, a.w., p. 60; Ook C. 5524, nr. 1; nr. 2 en sy Bylae.

om flikkers by die koning te gooi.[11] Volgens president Kruger het Lobengoela eerste toenadering tot die Republiek gesoek.[12] Reeds in 1885 het hy versoek dat die verdrae van vrede en vriendskap wat Potgieter en Pretorius in 1853 met die Matabeles gesluit het, herbekragtig moes word, aangesien dit sy innige begeerte was om nouer betrekkinge met die Boere aan te knoop. Die onderhandelinge is gedurende die volgende jaar voortgesit, en uiteindelik het Grobler daarin geslaag om 'n ooreenkoms met hom te bereik wat op 30 Julie 1887 te Amchaumien in Matabeleland onderteken is.[13] Die Republiek het die onafhanklikheid van die Matabeles erken, maar hulle sou bondgenote van die Boere wees in tyd van oorlog en onder blanke offisiere veg. Indien Kruger dit nodig sou vind, kon hy 'n konsul in Matabeleland aanstel om toesig te hou oor die Republiek se onderdane wat hulle daar bevind het en om met die regspleging behulpsaam te wees wanneer 'n burger van die Republiek in 'n siviele geding met 'n onderdaan van die koning of 'n ander persoon betrokke sou raak.

Hierdie ooreenkoms is blykbaar doelbewus deur die Republiek geheim gehou, want meer as 'n jaar het verloop voordat Robinson aan Shippard opdrag gegee het om ondersoek na die bestaan daarvan in te stel.[14] Tog het die Britse Imperialiste vermoed dat daar 'n slang in die gras was en al hoe meer kriewelrig geword. Soos Currie die hoofrol gespeel het in die drama aan die ooskus, het Rhodes, die groot geldbaas in Suid-Afrika, die voortou geneem in die stryd om die vermeende rykdomme in die gebied noord van die Republiek onder Britse beheer te bring. Uit hierdie tydperk veral dateer dan ook die verbittering waarmee die Boere hom vir die res van sy lewe sou bejeën.[15] Dat Grobler besig was om met Lobengoela te onderhandel, was 'n openlike geheim wat tot in die Kaap bekend was.[16] In Desember 1887 skrywe 'n persoon[17] uit Pretoria aan Robinson dat die Boere 'n konvensie met Lobengoela gesluit het wat bepaal dat Matabeleland 'n protektoraat van die Republiek geword het, en dat

---

11) Vgl. Raubenheimer, a.w., p. 51-53. Grobler was in die omgang bekend as „Piet Jentelman."

12) C. 5918, 1ste Bylae in nr. 4, Kruger aan Robinson, d.d. 29-8-1888.

13) Ibid; ook die tweede Bylae, wat 'n afskrif bevat van die ooreenkoms tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Lobengoela.

14) C. 5918, Bylae 2 in nr. 4, Robinson aan Shippard, d.d. 7-9-1888. Robinson het tot hierdie stap oorgegaan nadat hy 'n afskrif van die Transvaalse regering ter insae ontvang het.

15) C.R.O. 518, p. 28; Raubenheimer, a.w., p. 55, 65.

16) Ibid.

17) Die persoon se naam word nêrens vermeld nie.

die koning onderneem het om geen konsessies toe te staan of eercenkomste te sluit sonder toestemming van die Transvaalse owerheid nie.[18] Robinson was onthuts. Downingstraat is in kennis gestel,[19] en Moffat is onmiddellik gestuur om eerstehandse inligting van Lobengoela in te win.[20] Die dubbelhartige inboorling het ten ene male ontken dat hy enige verbintenis met die Boere aangegaan het, behalwe dat hy hulle, soos voorheen, toestemming verleen het om in sy land te jag.[21] Moffat het die vrede egter nie vertrou nie. Daarom het hy Lobengoela oorreed om op 11 Februarie 1888 met hom 'n verdrag te sluit waarin die koning sy vriendskap met Brittanje, soos gewaarborg in die verdrag wat sy vader, Umsiligaas, in 1836 met die Kaapse Goewerneur gesluit het, hernieu en hom verbind om aan geen vreemde staat of moondheid grondgebied in Matabeleland, Masjonaland of Makalakaland af te staan sonder toestemming van die Britse Hoë Kommissaris nie.[22]

Intussen het Downingstraat kopgekrap oor die probleem wat geskep is deur die belofte van Derby dat die deur vir die Republiek aan die noordekant oopgelaat sou word. In Augustus 1886 het die Konserwatiewe Party onder Salisbury aan die roer van sake gekom. Vanaf Januarie die volgende jaar het Salisbury ook die Kantoor van Buitelandse Sake onder sy sorg geneem. Hy is dus geraadpleeg oor moontlike middele om die noordwaartse uitbreiding van die Republiek te verhinder. Die Boere sou nou weer te doen kry met die onverbiddelikheid van 'n Disraeli, 'n Carnarvon en 'n Hicks Beach. Hulle sou weer die taal van die magspolitiek moes leer verstaan indien hulle dit al vergeet het. Salisbury het gemeen om 'n middel te vind in artikel 4 van die Londen-Konvensie wat die Republiek verbied het om, behalwe met die Oranje Vrystaat, verdrae te sluit met enige staat of nasie, of ook met die naturellestamme op sy oos- en wesgrens, sonder goedkeuring van Brittanje. Die minister was oortuig daarvan dat die Matabeles nie 'n naturellestam is nie, maar 'n nasie! James Fergusson, van die Kantoor van Buitelandse Sake, skrywe in opdrag van Salisbury aan die Koloniale Kantoor: „The inhabitants of the extensive territory of Matabeleland, ruled by a powerful monarch, are distinctly a nation; they cannot be described

---

18) C.R.O. 518, p. 28; C. 5524, nr. 1, Robinson aan Holland, d.d. 15-2-1888.

19) C.R.O. 358, Proposed Extension of British Influence to the Zambesi, nr. 4, F.O. aan C.O., d.d. 28-3-1888.

20) C. 5524, nr. 1 en sy Bylaes.

21) Ibid. nr. 1, Moffat aan Shippard, d.d. 30-1-1888.

22) C. 5524, nr. 5, Robinson aan Holland, d.d. 21-3-1888; ook die Bylae.

as a native tribe, though some such tribes may be subject to them. They are, for the purposes of the treaty, a 'nation other than the Orange Free State' with whom no treaty or engagement can be concluded by the South African Republic without Her Majesty's consent. Lord Salisbury is therefore of opinion that any such Protectorate as that alluded to over Matabeleland would be invalid and that no countenance should be given by Her Majesty's Government to any claims based upon it."[23)]

Die Boere sou hul regte egter nie so maklik prysgee nie. Moffat se ooreenkoms met Lobengoela is op 25 April 1888 in die staatskoerant van die Kaapkolonie gepubliseer.[24)] Kruger het daarop geantwoord met 'n proklamasie op 4 Mei in „De Volkstem" waarin Grobler, kragtens ooreenkoms met Lobengoela, aangestel word as konsul van die Republiek in Matabeleland.[25)] In hierdie aanstelling het die gevaar vir Brittanje geskuil, en nie in die Republiek se verdrag met Lobengoela as sodanig nie. Die verdrag het tog immers die onafhanklikheid van Matabeleland erken. Maar die konsul sou in 'n besonder gunstige posisie verkeer om Brittanje se invloed in Matabeleland te ondermyn en Moffat se werk ongedaan te maak. Ongeveer dieselfde tyd het ook die Portugese teen die Moffat-ooreenkoms geprotesteer op grond daarvan dat die Masjonas nie onderdane van Lobengoela sou wees nie.[26)]

Die Konserwatiewe regering is lelik in 'n hoek gejaag: hy was op daardie tydstip nie gereed om enige verantwoordelikheid t.o.v. Matabele-Masjonaland te aanvaar nie. Selfs die berig dat Lobengoela uit talle oorde oorval is met aansoeke om alliansies te sluit of konsessies toe te staan,[27)] het Salisbury en sy kollegas nie tot handeling aangespoor nie. In die tweede helfte van die tagtigerjare het die Koloniale Kantoor 'n besonder drukke uitbreidingsprogram belewe. In Desember 1884 is die Britse vlag in St. Luciabaai gehys. Gedurende 1885 is die Pondokus onder beskerming geneem, Brits-Betsjoeanaland gestig en die Betsjoeanalandse Protektoraat afgekondig. Aan die begin van die volgende jaar is Bo-Burma geannekseer, Socrota onder Britse beskerming geplaas, Oos-Nieu-Guinee tussen Brittanje en Duitsland verdeel en 'n oktrooi toegestaan vir die stigting van die Koninklike Niger-Maatskappy

---

23) C.R.O. 358, nr. 4, F.O. aan C.O., d.d. 28-3-1888. Dis ondenkbaar dat Salisbury nie sou besef het dat die woord <u>nasie</u> in die Konvensie <u>beskaafde nasie</u>, in teenstelling tot onbeskaafde naturellestamme, aangedui het nie.

24) C. 5524, nr. 20, Robinson aan Knutsford, d.d. 2-5-1888; ook die Bylae.

25) C. 5524, nr. 23, Robinson aan Knutsford, 16-5-1888; ook die Bylae.

26) C.R.O. 358, nr. 14, F.O. aan C.O., d.d. 7-5-1888; ook die Bylae.

27) C.R.O. 358, nr. 7, Robinson aan Knutsford, d.d. 29-3-1888.

in Wes-Afrika. In 1887 is 'n koloniale konferensie in Londen gehou, Zoeloeland geannekseer en toestemming aan Nieu-Seeland verleen om die Britse vlag op Kerdamec te hys. In 1888 is Noord-Borneo onder Britse beskerming geplaas en die Brits-Oos-Afrika-Maatskappy in die lewe geroep.[28)] Dis te begrype dat Salisbury bang was om te veel hooi op sy vurk te neem. Die gerugte oor die ryk aardkors van Matabele-land was ook nog nie bevestig nie. Buitendien was Brittanje siek en sat van dislojale inboorlinghoofde. Nie lank gelede nie het die opstandige Ketsjewajo diep uit die Britse skatkis geskep sonder dat die Zoeloeprobleem opgelos is. Nou het Downingstraat al weer te staan gekom teenoor 'n ander opportunistiese hoof op wie se lojaliteit hy ewe min kon staatmaak[29)] en wie so onderdane deur Robinson beskrywe is as „the most powerful and warlike tribe in South Africa."[30)] Daar het juis etlike jare al 'n grensgeskil bestaan tussen Lobengoela en Khama, hoof van die Bamangwato's, wat onder Britse beskerming gestaan het.[31)] Dit het Salisbury nog meer aangespoor om 'n versigtige beleid te volg en die kat uit die boom te kyk. Brittanje het dus weer die rol van die hond in die krip gespeel; self het hy nie sy weg oop gesien om die land van die Matabeles by sy Ryk te voeg nie - nie eens om 'n protektoraat daaroor in te stel nie[32)] - maar ander moes ook nie toegelaat word om dit in hande te kry nie. Hierdie doel het die Moffat-ooreenkoms uitstekend gedien, want dit het aan Brittanje 'n vorm van susereiniteit oor Lobengoela geskenk sonder enige verpligting van sy kant teenoor die inboorlinghoof. Robinson het die ooreenkoms dan ook beskrywe as „highly advantageous to British interests in South Africa"[33)] en daarop aangedring dat die Salisbury-kabinet dit moes bekragtig, tensy hy gewillig was om Matabele-Masjonaland weerloos aan vreemde nasies uit te lewer.[34)] Sowel Salisbury as Knutsford, wat Stanhope in Januarie 1887 in die Koloniale Kantoor opgevolg het, was oortuig dat Moffat in die beste belang van die Britse Ryk gehandel het en het gevolglik hul steun aan sy optrede toegesê.[35)]

---

28) Vgl. Halevy en McCallum, a.w., p. 471.

29) C. 5918, nr. 45, Robinson aan Knutsford, d.d. 12-12-1888.

30) C.R.O. 320, p. 3.

31) Kaart by C.R.O. 320; Raubenheimer, a.w., p. 57-63.

32) C.R.O. 358, nr. 5, Knutsford aan Robinson, d.d. 29-3-1888; nr. 6, C.O. aan F.O., d.d. 29-3-1888; nr. 7, Robinson aan Knutsford, d.d. 29-3-1888; nr. 8, C.O. aan F.O., d.d. 7-4-1888.

33) C. 5524 nr. 5, Robinson aan Holland, d.d. 21-3-1888.

34) C.R.O. 358, nr. 7, Robinson aan Knutsford, d.d. 29-3-'88.

35) C.R.O. 358, nr. 12, F.O. aan C.O. d.d. 20-4-1888.

Daarmee was die saak nog nie afgehandel nie. Toe Knutsford van Robinson wou weet hoe die Boere oor die Britse handelswyse sou voel, was die antwoord: „They will of course not like our success, but I do not apprehend complications with them."[36] Ten spyte van sy poging om Knutsford gerus te stel, was Robinson self alles behalwe op sy gemak, want Moffat het tydens sy onderhandelinge met Lobengoela gerapporteer dat daar groot verbittering tussen Boer en Brit in Matabeleland bestaan, só selfs dat twee blanke nedersetters in daardie gebied, wat hom na Gubulawayo, die koning se stat, vergesel het, verkies het om hul name geheim te hou.[37] Dit verklaar waarom die bewegings van die pas-aangestelde konsul van die Republiek so noukeurig dopgehou is. In die winter van 1888 het Grobler hom gereed gemaak om met sak en pak na Matabeleland te verhuis.[38] Robinson het die noodsaaklikheid besef van verdere stappe om krag te verleen aan die reeds bestaande ooreenkoms met Lobengoela. In Junie beveel hy aan dat die Britse regering Portugal, Duitsland en die Suid-Afrikaanse Republiek in kennis moet stel dat die gebied noord van die Betsjoeanalandse Protektoraat en die Transvaal, suid van die Zambesi, oos van die 20ste graad oosterlengte en wes van die Portugese provinsie van Sofala binne die Britse invloedsfeer geleë was.[39] Knutsford het lank gekou aan hierdie voorstel en Robinson het ongeduldig geword. Op 13 Julie waarsku hy dat die tyd min word om beslis op te tree, aangesien Grobler reeds op pad na Matabeleland was.[40] Terselfdertyd het Bonham, die Britse gesant in Lissabon, sy regering meegedeel dat Senhor Serpa Pinto, 'n bekende ontdekkingsreisiger op die Afrikaanse vasteland, op 6 Julie in die Cortes verwys het na 'n ekspedisie wat binne 'n paar dae na 'n geheime bestemming sou vertrek. Bonham het soveel moontlik uitgevis en daarin geslaag om vas te stel dat majoor Paiva D'Andrade en luitenant Cardoro na die stroomgebied van die Zambesi gestuur word om dit onder Portugal se beheer te bring.[41] Onder hierdie omstandighede was Knutsford geneë om die advies van Robinson op te volg, maar, uit vrees vir die reaksie van Portugal en Duitsland, het hy eers nog die sienswyse van Salisbury en die Kaapse ministerie ingewin. Salisbury het met Robinson saamgestem, behalwe dat hy

---

36) C.R.O. 358, nr. 5, Knutsford aan Robinson, d.d. 29-3-1888, en nr. 7, Robinson aan Knutsford, d.d. 29-3-1888.

37) C. 5524, nr. 5, Robinson aan Holland, d.d. 21-3-1888; ook die Bylae.

38) Vgl. Raubenheimer, a.w., p. 65.

39) C.R.O. 358, nr. 30, Robinson aan Knutsford, d.d. 20-6-1888.

40) C.R.O. 358, nr. 32, Robinson aan Knutsford, d.d. 13-7-1888.

41) C.R.O. 358, nr. 31, F.O. aan C.O., d.d. 13-7-1888; ook die Bylae.

onwillig was om aan Duitsland 'n verklaring te doen oor die Britse invloedsfeer. Dit sou 'n indirekte erkenning wees dat Duitsland belang by daardie gebied het, en so 'n gedagte mog nie eens by die Duitser wakker geroep word nie.[42] Die Kaapse ministers, onder leiding van Gordon Sprigg, het ook die plan gesteun omdat dit in hulle belang was dat die handelsweg na Sentraal-Afrika moes oopbly, maar Knutsford tog versoek om alles in sy vermoë te doen om hom nie die toorn van die Portugese op die hals te haal nie.[43] Die Britse geldmag het ook Knutsford se hande gesterk. Uit Glasgow het die Kamer van Koophandel die Koloniale Kantoor versoek om, in belang van die Ryk se handel en kolonisasie, Brittanje se invloed en administrasie tot aan die Zambesi uit te brei.[44]

Nog voor die einde van Julie 1888 is die Suid-Afrikaanse Republiek en Portugal langs die amptelike kanale ingelig oor die grense van die Britse invloedsfeer ten noorde van die Limpopo.[45] Die poppe het gedans! Selfs Salisbury se poging om Duitsland uit die geskil te hou, het misluk.

Dat die Boere bitter ontevrede was oor die nuwe struikelblokke wat die Britse Imperialiste in hul weg gelê het, is begryplik. Verdere verwikkelinge het ook nie daartoe bygedra om hulle in 'n beter stemming te bring nie.[46] Hoewel Moffat onwillig was om Gubuluwayo sy permanente tuiste te maak, het hy hom sedert sy ooreenkoms met Lobengoela ywerig daarop toegelê om 'n bres te slaan in die goeie betrekkinge tussen die Boere en die Matabeles. Hy was dan ook vol vertroue dat hy die stryd vir Brittanje sou wen. Teen die einde van Julie 1888 deel hy sy owerheid vanaf Shoshong triomfantelik mee: „Favourable news from Gubuluwayo...Lo Bengula disowns Grobler and is anxiously looking for me."[47] Min het hy geweet dat Grobler juis op daardie tydstip vir altyd uit sy weg geruim is. In 'n skermutseling met die Bamangwato's,

---

42) C.R.O. 358, nr. 36, Lister, namens Salisbury, aan die Koloniale Kantoor, d.d. 23-7-1888.

43) C.R.O. 358, Bylae in nr. 49, Sprigg aan Robinson, d.d. 31-7-1888.

44) C. 5524, nr. 38, Guthrie aan Knutsford, d.d. 24-8-1888.

45) C. 5918, nr. 30, Robinson aan Knutsford, d.d. 7-12-1888; C.R.O. 358, nr. 75, D'Antes aan Salisbury, d.d. 10-12-1888.

46) C. 5918, Bylae in nr. 62, Moffat aan Shippard, d.d. 16-1-1889.

47) C. 5524, 2de Bylae in nr. 39, Moffat aan waarn. Administrateur, d.d. 27-7-1888.

wat onder Britse beskerming gestaan het, is die konsul van die Republiek noodlottig gewond.[48] Die spanning in die Transvaal het geweldig opgelaai, want die Boere was oortuig dat Britse opstokers vir die tragedie verantwoordelik was.[49] Die wantroue van die Boere in die bedoelinge van Brittanje is hierna nog verder versterk as gevolg van 'n geskil oor die noordoostelike grens van die Betsjoeanalandse Protektoraat. Die Republiek was onbewus daarvan dat die Britse regering die samevloeiing van die Makloutsi en die Limpopo as die betrokke eindpunt beskou het, want by die stigting van die Protektoraat is nagelaat om hierdie deel van die grens amptelik te omskrywe. Kruger het gewys op die noodsaaklikheid om die saak op te helder.[50] Na 'n gesloer van twee jaar is die Republiek uiteindelik in kennis gestel dat Brittanje 29 grade 20 minute oosterlengte (ongeveer die samevloeiing van die Shashi en die Limpopo, d.w.s. nog verder oos as voorheen) as die grens beskou.[51] Dit het die nek van die bottel waardeur die Republiek moes kruip, aansienlik vernou. Kruger het dan ook geprotesteer en sy bereidwilligheid te kenne gegee om 27 grade oosterlengte, taamlik ver wes van die Makloutsi, as die grens te aanvaar.[52] Knutsford se antwoord was dat sy besluit nie in hersiening geneem kon word nie.[53]

Elke nuwe onenigheid het die kloof tussen Brittanje en die Suid-Afrikaanse Republiek wyer gemaak. Robinson was dan ook so bevrees dat die Boere aggressief sou word, dat hy in Oktober 1888 aanbeveel dat die polisie van Brits-Betsjoeanaland met 100 man versterk moes word.[54] Toe hy na 'n maand nog niks in hierdie verband verneem nie, telegrafeer hy weer aan Knutsford: „...looking to change which has come over tone and temper of the government of the South African Republic within last few weeks, I think it would be prudent to increase Bechuanaland border police at once by 250 men instead of 100, as already recommended."[55] Tog het die Boere nie dieselfde wanhopige pogings aangewend om in noordelik rigting deur te breek as in

---

48) C. 5918, 1ste Bylae in nr. I, Staatspresident aan Hoë Kommissaris, d.d. 15-8-1888. (Vir meer besonderhede van die voorval, vgl. Raubenheimer, a.w., Hfst. V en Leyds, a.w., II, p. 213-216).

49) Vgl. Leyds, a.w., II, p. 212; 216.

50) C. 5918, Bylae in nr. 44, memorandum van Bok, Staatsekretaris van die Republiek oor die aangeleentheid, d.d. 29-11-1888.

51) Ibid.

52) Ibid.

53) C. 5918, nr. 55, Knutsford aan Robinson, d.d. 31-1-1889.

54) C. 5918, nr. 20, Robinson aan Knutsford, d.d. 24-10-1888.

55) C. 5918, nr. 30, Robinson aan Knutsford, d.d. 7-12-1888.

westelike en oostelike rigting nie. Dit moet verklaar word uit die feit dat dit die oorheersende gedagte by die Boer sedert die Groot Trek was om 'n uitweg na die see te soek. Vir hierdie ideaal was Matabele-Masjonaland vir hom van minder betekenis. Die talryke kronkelweë waarlangs Kruger moes probeer om sy vaderland se ekstraterritoriale regte te verdedig, was seker ook nie daarop bereken om selfs die moedigste staatsman met geesdrif vir sy taak te vervul nie. Die stryd om beheer te verkry oor Matabele-Masjonaland, het 'n leemte in die Londen-Konvensie aan die lig gebring wat vir baie Boere seker 'n groot ontnugtering was. Dit het duidelik geword dat selfs die veel geloofde Derby in werklikheid die deur na die noorde vir die Republiek ook maar op 'n skrefie laat oopstaan het. Artikel 2 van die Konvensie bepaal: „De Regeering van de Zuid-Afrikaansche Republiek zal zich stipt houden aan de grenzen, bepaald in het eerste Artikel van deze Conventie, en zal alles doen, wat in haar vermogen is, om haren onderdanen te beletten eenige overschrijding te plegen op grond gelegen buiten genoemde grenzen."[56] Hierdie bepaling het sonder twyfel op die noordgrens ook betrekking gehad. Hoewel die weg dus vir Kruger oop was om verdrae van ekonomiese en militêre aard met Lobengoela te sluit, sou hy geen gebiedsuitbreiding aan die noordekant kon onderneem sonder toestemming van Brittanje nie. So het die regering van die Republiek self ook die betrokke bepaling geïnterpreteer.[57] Hieruit volg dat, hoewel Kruger teen die Moffat-ooreenkoms beswaar gemaak het,[58] dit nie daardie ooreenkoms was wat inbreuk op sy regte gemaak het nie maar die skepping van die uitgebreide Britse invloedsfeer. Hierdie optrede het direk teen die gees van die Londen-Konvensie ingedruis, aangesien Brittanje hom nou die reg toegeëin het om enige verdrag met Lobengoela, van watter aard ook al, wat hy in stryd met sy eie belang geag het, ongeldig te verklaar.[59] Kruger se protes teen die nuwe Britse invloedsfeer het inderdaad op baie stewige pote gestaan.[60] Die belofte van Brittanje om alle konsessies in verband met minerale-, wei- of territoriale regte, wat nie die Britse belange in Matabele-Masjonaland benadeel nie,[61] goed te keur, was nutteloos, want die ekonomiese en politieke belange van Brittanje

56) L.K. (Vgl. Bylae).

57) C. 5918, Bylae in nr. 85, Bok aan Robinson, d.d. 3-4-1889.

58) C. 5918, nr. 30, Robinson aan Knutsford, d.d. 7-12-1888.

59) C. 5918, 2de Bylae in nr. 79, Robinson aan Kruger, d.d. 23-3-1889.

60) C. 5918, nr. 30, Robinson aan Knutsford, 7-12-1888.

61) C. 5918, 2de Bylae in nr. 79, Robinson aan Kruger, d.d. 23-3-1889.

en die Republiek het so lynreg gebots dat parallele bedrywighede in dieselfde gebied ondenkbaar was. Dit blyk al dadelik uit die mineralekonsessie wat Lobengoela in Oktober 1888 aan Rudd, Maquire en Thompson, drie verteenwoordigers van Rhodes, Beit en ander kapitaliste toegeken het.[62] Die konsessie het nie slegs aan hulle persoonlik, hul erfgename en sessionarisse die reg verleen om alle ander persone wat grond, metale of minerale in sy land kom soek te verjaag nie, maar het hom tewens ook verbind om hulle aktief by te staan indien teen indringers opgetree moes word.[63] Hoeveel waarde Rudd aan hierdie bepaling geheg het, blyk uit die brief wat 'n afskrif van die konsessie na Robinson begelei het. Hy val sommer met die deur in die huis: „I would specially call your attention to the clause authorising the exclusion of all other white speculators from the country..."[64] Robinson was baie in sy skik met die goeie werk wat Rudd, „a gentleman of character and financial standing",[65] gedoen het.

Toe Kruger in Maart 1889 van die Hoë Kommissaris verneem dat Brittanje sy besluit in verband met die invloedsfeer handhaaf,[66] het hy, met sy dure ondervinding van Imperialistiese onversetlikheid, terdeë besef dat die deur na die noorde vir die klein Boererepubliekie gegrendel was. In die kring van die Britse Imperialiste het Rhodes 'n nasionale held geword.[67]

'n Verrassende wending het hierna in Kruger se diplomasie ingetree. Heimlik het hy seker nog gehoop dat sy bondgenote, die Duitsers en Portugese, sukses sou hê in die stryd teen Brittanje om die besitsreg van Matabele-Masjonaland, maar self het hy die stroopkwas kwistig gebruik en Brittanje geloof vir sy grootmoedigheid om die Republiek weer in die lewe te roep en daarna te help om verskeie nasionale vraagstukke, soos die bou van 'n spoorweg na Delagoabaai en die Indiërimmigrasie, op kragdadige wyse aan te pak.[68] Die motief vir die veranderde houding het nie lank geheim gebly nie. Die Boerepresident het sy oë afgewend van die grasvlaktes anderkant die Limpopo en weer eens strak na die Indiese Oseaan getuur. Op

---

62) Raubenheimer, a.w., p. 87; Leyds, a.w., II, p. 236.

63) C. 5918, nr. 38, Robinson aan Knutsford, d.d. 5-12-1888; ook die Bylae.

64) C. 5918, Bylae in nr. 38, Rudd aan Bower, Imperiale Sekretaris, d.d. 23-11-1888.

65) C. 5918, nr. 38, Robinson aan Knutsford, d.d. 5-12-1888.

66) C. 5918, 2de Bylae in nr. 79, Hoë Kommissaris aan Kruger, d.d. 23-3-1889.

67) C.R.O. 552, nr. I, sir J. A. de Wet aan die markies van Ripon, d.d. 15-10-1894.

68) C. 5918, Bylae in nr. 85, Bok aan Robinson, d.d. 3-4-1889.

4 Mei 1889 kry Knutsford die volgende voorstel van Kruger ter oorweging: Die Republiek gee sy regte aan die noordekant prys in ruil vir uitsluitende beheer oor Swasieland, die gebied van Zambaan en Oembegisa, en Tongaland, insluitende Kosibaai.[69]

Die Britse omarmingsbeweging waaraan die Suid-Afrikaanse Republiek ten prooi geval het, was byna voltooi. Steeds meer internasionale komplikasies het op die voetspoor daarvan gevolg. Duitsland, wat, soos ons gesien het, hom in Mei 1885 verbind het om nie die Republiek uit oostelike rigting te nader nie, sou 'n weg aan die noordekant, vry van Britse beheer of invloed, na die Transvaalse goudvelde, wat in die volgende jaar geproklameer is, verwelkom. 'n Nabuurskap tussen Duitsland en die Boererepubliek, met sy ryk bodem, wou Brittanje egter ten alle koste verhoed, want naas Amerika het Duitsland sy vernaamste finansiële, industriële en kommersiële mededinger geword. Sou Duitsland daarin slaag om die Transvaal via die Ngamimeer en Matabeleland of via Duits-Oos-Afrika en die Zambesi te bereik, moontlikhede waarmee rekening gehou moes word, sou Brittanje op die suidpunt van die Afrikaanse vasteland vasgekeer wees en sy opperheerskappy op hierdie strategiese punt van sy Ryk in die gedrang kom. Vir Kruger aan die ander kant, wat met lede oë moes aanskou hoedat 'n immigrantestroom uit Europa, en veral uit Brittanje, die Witwatersrand oorspoel, was daar net één redmiddel wat hy kon beproef - hy moes die groot moondhede teen mekaar uitspeel. Alhoewel die Boere reeds voor die eerste anneksasie van die Transvaal toenadering tot Duitsland gesoek het, het Kruger in toenemende mate op die Duitse arm geleun, veral toe dit duidelik geword het dat die Britse Imperialisme besig was om sy nasionale onafhanklikheid van binne te rysmier. Dit was 'n belangrike rede waarom Salisbury nie daarin geslaag het om Duitsland uit die geskil oor Matabele-Masjonaland te hou nie.

Onmiddellik nadat die Suid-Afrikaanse Republiek in kennis gestel is van Brittanje se invloedsfeer op sy noordgrens, het Kruger sy gesant in Europa, Beelaerts van Blokland, opdrag gegee om Duitsland te pols oor die houding wat hy gaan inneem t.o.v. die onverwagte openbaring van die Britse Imperialisme aan hierdie front.[70] Die gesant het geen gras onder sy voete laat groei nie. Deur middel van korrespondensie en persoonlike samesprekinge het hy sy bes gedoen om die Wilhelmstrasse tot weerstand aan te hits.[71] Duitsland het besluit om die Republiek se protes

---

69) C. 5918, nr. 84, Smyth, waarn. Hoë Kommissaris, aan Knutsford, d.d. 4-5-1889.

70) Vgl. Raubenheimer, a.w., p. 76; Backeberg, a.w., p. 135.
71) Vgl. Raubenheimer, a.w., p. 76-77; Backeberg, a.w., p. 137.

te steun en geen poging aangewend om die feit vir Brittanje te verberg dat sy inligting in verband met die aangeleentheid van Kruger afkomstig was nie,[72] hoewel hy daarvan bewus moes gewees het hoe gevoelig Brittanje teen hierdie tyd geword het vir die inwerking van vreemde invloede op die Republikeinse regering. Graaf Leyden het in Augustus 1888, in opdrag van die Duitse ambassadeur, die Kantoor van Buitelandse Sake in Londen besoek en Salisbury meegedeel dat Duitsland nie die Britse invloedsfeer kan erken nie, omdat hy belange by die Ngamimeer het en begerig was om 'n weg oop te hou tussen sy besittings op die weskus en die Zambesi.[73] In 'n protesnota wat Leyden daarna opgestel het, beweer hy dat Brittanje inbreuk maak op Duitsland se regte, aangesien die Britse regering bewus is van 'n ooreenkoms wat op 30 Desember 1886 tussen Duitsland en Portugal gesluit is, waarvolgens die grens tussen hul onderskeie invloedskringe in Suidelike Afrika sou strek vanaf die mond van die Kunenerivier, aan die suidgrens van Angola, tot by die Katima-stroomversnelling in die Zambesi, anderkant die 24ste oosterlengtelyn.[74] Dit is dus duidelik dat die sg. Britse invloedsfeer die gebied waaroor Duitsland beheer verkry het, aan die noordekant van die Betsjoeanalandse Protektoraat binnegedring het. Hoewel Leyden sy beswaar teen die omvang van die Britse invloedsfeer op oortuigende wyse gestel het, het hy tog sy nota op baie vriendelike toon afgesluit en verklaar dat sy regering heeltemal bereid is om vriendskaplike onderhandelinge met Brittanje aan te knoop ten einde 'n bevredigende afbakening van hul respektiewelike invloedsfere in Afrika te bewerkstellig.

Minder nog as in die geval van St. Luciabaai was Bismarck bereid om die geskil oor Matabele-Masjonaland tot 'n krisispunt te drywe. Daarvoor het hy nog steeds te min entoesiasme vir koloniale uitbreiding besit.[75] Buitendien het verskeie Duitse kapitaliste, o.w. Alfred Beit en Eduard Lippert, belang gehad by Rhodes se planne om die gebied te ontwikkel.[76] Bismarck het eintlik 'n dubbele rol gespeel. Terwyl hy die Suid-Afrikaanse Republiek aangemoedig het om 'n aanmatigende houding teenoor Brittanje aan te slaan,[77] het hyself noulik sy stem verhef teen die poging

72) C.R.O. 358, nr. 56, F.O. aan C.O., d.d. 19-9-1888; ook die Bylae.

73) Ibid.

74) C.R.O. 358, nr. 61, F.O. aan C.O., d.d. 10-10-1888; ook die Bylae.

75) Vgl. Backeberg, a.w., p. 133-139.

76) Vgl. Backeberg, a.w., p. 134-135; p. 138-139.

77) Vgl. Raubenheimer, a.w., p. 76-84; Backeberg, a.w., p. 131-143.

van die Britse Imperialiste om die saak van die Boere te verongeluk. Hoe nader die krisis tussen Boer en Brit aan sy hoogtepunt gekom het, hoe meer sou eersgenoemde tot die ontnugtering kom dat sy saak slegs die saak van groot moondhede was indien hul saak daaruit voordeel kon trek!

Brittanje het die voorstel van Duitsland om hul invloedsfere tot bevrediging van beide partye af te baken, verwelkom.[78] Om verskeie redes is 'n ooreenkoms aansienlik vertraag. Duitsland het in 1888 twee keisers, Wilhelm I en Friedrich III, kort na mekaar aan die dood afgegee. Bismarck en die nuwe keiser, Wilhelm II, kon mekaar nie vind nie, en in die begin van 1890 is Bismarck ontslaan. 'n Onervare staatsman, generaal Von Caprivi, het in sy plek Rykskanselier geword.[79] Hierby kom nog dat die noukeurige afbakening van sulke reuse invloedskringe, waarby uiteindelik ook Helgoland in die Noordsee met sy onderhorige staatjies betrek is, geweldig baie tyd in beslag geneem het. Die Britse en Duitse verteenwoordigers op wie se skouers hierdie taak gerus het, het as uitgangspunt die buit in vier dele gesny, t.w. Oos-Afrika,[80] Suidwes-Afrika,[81] Wes-Afrika[82] en Helgoland.[83] Na onderhandelinge wat agtien maande geduur het, is 'n ooreenkoms bereik en op 1 Julie 1890 in Berlyn onderteken. Brittanje het in alle opsigte sy doel bereik. Duitsland het van die Ngamimeer[84] afgesien en daarmee finaal van sy strewe om die Suid-Afrikaanse Republiek uit westelike rigting te nader. Die suidelike oewer van die Tanganjikameer,[85] sowel as die gebied wat die Tanganjika- en Njassameer verbind,[86] is by die Britse invloedsfeer ingesluit, en Duitsland is aldus ook verhinder om by die Republiek uit noordoostelike rigting aan te sluit. Die Britse invloedsfeer het tot aan die Zambesi gestrek, maar om Duitsland se diplomatieke nederlaag te verbloem, is aan hom 'n

---

78) C.R.O. 358, nr.70, F.O. aan C.O., d.d. 19-12-1888; ook die Bylae.

79) Vgl. Backeberg, a.w., p. 131-132.

80) C. 6046, nr. 3, Malet, die Britse Ambassadeur in Berlyn, aan Salisbury, d.d. 1-7-1890; ook die Bylae wat 'n afskrif van die ooreenkoms bevat, Artikel 1 van die ooreenkoms.

81) Ibid., Art. 3.

82) Ibid., Art. 4.

83) Ibid., Art. 12.

84) Ibid., Art. 3.

85) C. 6046, Bylae in nr. 1, Anderson, hoof van die Departement van Afrika in die Britse Kantoor van Buitelandse Sake, aan Malet, d.d. 28-6-1890.

86) Die Akte van Ooreenkoms, Art. 1.

strook grondgebied, ten minste twintig myl wyd, toegeken om sy Protektoraat op die weskus met die Zambesi te verbind.[87] Hierdie strook het bekend geword as die Caprivi-Zipfel, waarskynlik ter ere van die nuwe kanselier. Duitsland het ook 'n Britse Protektoraat oor die eilande Zanzibar en Pemba erken.[88]

Terselfdertyd het Salisbury ook met Frankryk onderhandelinge gevoer oor die vasstelling van bepaalde territoriale grense in Afrika en die erkenning van die Britse Protektoraat oor Zanzibar en Pemba in ruil vir die erkenning van 'n Franse Protektoraat oor Madagascar.[89] Op 5 Augustus 1890 is 'n ooreenkoms bereik. Die sukses van die Britse koloniale beleid moet toegeskrywe word aan die vasberadenheid van die Konserwatiewe Party om die Ryk uit te bou en te konsolideer. 'n Mens bewonder die moed en volharding waarmee die Suid-Afrikaanse Republiek soos 'n klein bootjie teen die snel stygende Imperialistiese stroom opgebeur het.

Die kragdadige steun wat die Suid-Afrikaanse Republiek van Portugal ontvang het teen die bedreiging van die Britse Imperialisme op sy noordgrens, staan in skerp teenstelling tot die halfhartige samewerking wat Duitsland verleen het. Twee dae nadat die Moffat-ooreenkoms in die Staatskoerant van die Kaapkolonie gepubliseer is, protesteer Carvalho, die Portugese konsul in Kaapstad, op eie houtjie daarteen by sir Hercules Robinson, op grond daarvan dat Lobengoela geen seggenskap oor Masjonaland gehad het nie, aangesien Portugal 'n gedeelte van hierdie gebied verower het en 'n ander gedeelte deur inboorlinghoofde aan hom afgestaan is.[90] Eers die volgende dag vra hy Barros Gomes, die Portugese Minister van Buitelandse Sake, om sy optrede goed te keur. Lissabon was onthuts en het Salisbury sonder versuim in kennis gestel dat nie slegs die Masjonas nie maar ook die Makalakas Portugese onderdane was.[91] Op dieselfde tydstip deel Robinson sy owerheid mee dat daar s.i. geen grond bestaan vir Portugal se protes nie.[92] Dit was die aanvang van 'n diplomatieke tweegeveg tussen Londen en Lissabon, wat geruime tyd sou voortduur en soms ernstige afmetings aanneem. In die openbaar was die Suid-Afrikaanse Republiek slegs

---

87) Ibid., Art. 3.

88) Ibid., Art. 11.

89) C. 6310, nr. 1, op p. 2, Declarations between the Government of Her Brittanic Majesty and the Government of the French Republic with respect to territories in Africa.

90) C. 5524, Bylae in nr. 20, Carvalho aan Robinson, d.d. 27-4-1888.

91) C.R.O. 358, nr. 14, F.O. aan C.O., d.d. 7-5-1888; ook die Bylae; bylae in nr. 16, Petre, Britse ambassadeur in Lissabon, aan Salisbury, d.d. 2-5-1888.

92) C. 5524, nr. 20, Robinson aan Knutsford, d.d. 2-5-1888.

'n toeskouer, maar sowel Brit as Portugees het wel deeglik geweet wie sy vriend of vyand in hierdie stryd was. Salisbury het in die begin kalm gebly en die Portugese versoek om in 'n memorandum hul aansprake duidelik te stel en met grondige bewyse te rugsteun.[93] Robinson was egter bevrees dat as die weg van onderhandelinge gevolg word, sowel Portugal as die Suid-Afrikaanse Republiek die geleentheid verskaf sou word om intussen hul posisie in Matabele-Masjonaland te konsolideer. Daarom het hy aangedring op die skepping van die nuwe Britse invloedsfeer. In 'n poging om 'n uitbarsting te verhoed, het Salisbury gelyktydig met die bekendmaking van die invloedsfeer in Lissabon, ook aangebied om met die Portugese regering te onderhandel oor die afbakening van 'n definitiewe grens vir die Portugese Provinsie van Sofala.[94] So maklik sou die Portugese kabinet hom nie in 'n val laat lok nie. Dit was duidelik dat Salisbury van plan was om Portugal op die ooskus vas te druk en die binneland vir homself in te palm. Die Portugese standpunt was dat alle regerings wat belang by Suid- en Sentraal-Afrika gehad het,[95] 'n gesamentlike poging moes aanwend om die grense van hul onderskeie kolonies en invloedsfere af te baken.[96] Op hierdie wyse wou hulle die hulp van die Duitsers aanwend om die Britse opmars na die noorde te stuit. Toe Barros Gomes egter waag om teenoor Petre, die Britse ambassadeur in Lissabon, op te merk dat Duitsland ook met die geskil gemoeid is, het hy hom slegs 'n afjak op die hals gehaal.[97] Petre se optrede is deur Salisbury goedgekeur.[98]

Terwyl Brittanje en Portugal onophoudelik met mekaar redekawel oor die omvang en prosedure wat hul koloniale grensreëling in Afrika moes aanneem, het albei stilweg die geleentheid benut om mekaar se invloed en reeds gevestigde belange in Matabele-Masjonaland te ondergrawe. Die metode wat die Portugese gevolg het, was om geheime agente na die stroomgebied van die Zambesi te stuur om vriendskapsbande met die inboorlinge aan te knoop.[99] Salisbury was so woedend toe hy hiervan te hore

---

93) C.R.O. 358, nr. 14, F.O. aan C.O., d.d. 7-5-1888; Ook die tweede Bylae.

94) C.R.O. 358, nr. 36, F.O. aan C.O., d.d. 23-7-1888; ook sy Bylae; C. 5904, nr. 62, Salisbury aan Bonham, d.d. 24-7-1888, en nr. 66, Bonham aan Salisbury, d.d. 1-8-1888; ook die Bylae.

95) Moontlik is hier aan die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek ook gedink.

96) C.R.O. 358, nr. 97, F.O. aan C.O., d.d. 9-3-1889; ook die eerste Bylae, memorandum van Gomes, d.d. 20-2-1889.

97) C. 5904, nr. 153, Petre aan Salisbury, d.d. 25--1-1889.

98) C.R.O. 358, nr. 97, tweede Bylae, Salisbury aan Petre, d.d. 9-3-1889.

99) Ibid; Leyds, a.w., II, p. 276-279.

kom, dat hy besluit om alle onderhandelinge met Portugal af te breek totdat die agente teruggeroep sou wees. Petre kry opdrag om die Portugese te wys op hul dwaasheid: „The adoption of this policy has precluded the possibility of negotiations until the result of the steps thus taken, and their effect on British interests, are fully known."[100] Intussen was Britse agente egter onbevreesd besig met intriges wat aan hulle die uitsluitlike beheer oor die mineralerykdom van die betwiste gebied sou gee. Met die toekenning van die Rudd-konsessie het hul bedrywighede 'n hoogtepunt bereik. Lobengoela is onmiddellik daarna oorreed om 'n kennisgewing in die Kaapse koerante te plaas dat alle mynregte in Matabeleland, Masjonaland en aangrensende gebiede reeds afgestaan is. Hy doen verder 'n beroep op alle naburige hoofde en state om hul onderdane buite sy grense te hou.[101] Carvalho was onmiddellik op sy agterpote. In die Cape Argus plaas hy 'n kennisgewing dat hy opdrag van sy owerheid ontvang het om Lobengoela se aanspraak op Masjonaland en aangrensende gebiede met die grootste beslistheid te ontken, en daarom is die regte waarvan hy afstand gedoen het „null and void, as the Government of Portugal does not, and will not, acknowledge any such concessions."[102] Die Portugese gesant in Londen, D'Antas, het hierdie protes gesteun.[103] Salisbury het vinnig en wyd gereageer. Aan D'Antas deel hy mee dat Lobengoela se gesag oor Masjonaland so gewis en seker is dat geen persoon, van watter nasionaliteit ook al, daardie gebied sonder sy toestemming of beskerming kan binnegaan nie.[104] Aan Petre skrywe hy om die Portugese regering onomwonde mee te deel „that Moshonaland is distinctly and unquestionably part of the territory ruled by Lo Bengula, and as such, under British influence."[105] Robinson kry opdrag om 'n kennisgewing in die Kaapse Staatskoerant te plaas waarin met die grootste nadruk verklaar word dat Masjonaland binne die Britse invloedsfeer geleë is.[106] Aan Lobengoela is die versekering gegee dat

---

100) C.R.O. 358, nr. 97, tweede Bylae, Salisbury aan Petre, d.d. 9-3-1889.

101) C.R.O. 358, nr. 76, Robinson aan Knutsford, d.d. 5-12-1888; ook die Bylae.

102) Ibid.

103) C.R.O. 358, nr. 75, D'Antas aan Salisbury, d.d. 10-12-1888.

104) C.R.O. 358, nr. 81, Salisbury aan D'Antas, d.d. 15-1-1889.

105) C.R.O. 358, nr. 88, F.O. aan C.O., d.d. 28-1-1889; ook die Bylae, Salisbury aan Petre, d.d. 28-1-1889.

106) C.R.O. 358, nr. 95, Knutsford aan Robinson, d.d. 15-2-1889.

Brittanje hom sou beskerm teen Portugese aggressie in Masjonaland.[107)]

Salisbury was ook nie van plan om die saak by waarskuwings, dreigemente en beloftes te laat nie. Positiewe stappe is gedoen om dit eens vir altyd aan die verstand van die Portugese te bring dat Brittanje sy gesag oor Matabele-Masjonaland uitgebrei het met die doel om dit daar blywend te handhaaf. Wat Brittanje gehoop het om met hierdie nuwe gebiedsuitbreiding te bereik, word baie duidelik gestel in 'n memorandum oor heersende toestande in die Britse koloniale ryk in Suid-Afrika,[108)] deur Knutsford opgestel ter inligting van sir Henry Loch, wat Robinson in 1889 as Hoë Kommissaris opgevolg het. In hierdie dépêche, waarin haas elke sin die Imperialistiese gees adem, word o.m. verklaar: „They (the British Government) desire to secure, as far as possible, the peaceful settlement and good government of the native territories not now under any form of civilised government, to increase the facilities of communication with them, and to encourage the opening up of their hitherto undeveloped resources by the gradual introduction of capital and labour, under British control."[109)] Om hierdie ideaal in Matabele-Masjonaland te bereik, is op 29 Oktober 1889 'n koninklike oktrooi aan 'n aantal geldbase verleen, waardeur hulle in staat gestel is om, met die Rudd-konsessie as basis, die „British South Africa Company" in die lewe te roep.[110)] Die maatskappy sou nie slegs mynbou- en handelsondernemings aanpak nie maar ook belangrike administratiewe funksies, onder toesig van die Britse regering, uitvoer.[111)] Hierdie beleid is deur Brittanje gevolg in verskeie dele van die Ryk waar die ekonomiese betekenis van 'n bepaalde gebied sy politieke of strategiese belangrikheid oorskadu het. So was daar ook die „British North Borneo Company," die „Royal Niger Company" en die „British Imperial East African Company."[112)] Op hierdie wyse is die spreekwoordelike gemor van die Britse skatkis, wanneer verdere koloniale uitbreiding ter sprake gekom het, gedemp, want die kapitalis wat die meeste by die nuwe onderneming gebaat het, moes ook nou sy hand die diepste in sy eie sak steek. Die „British South Africa Company" het by

---

107) C.R.O. 358, nr. 92, Knutsford aan Robinson, d.d. 13-2-1889.

108) C.R.O. 382, Instructions to Sir H. B. Loch, d.d. 4-11-1889.

109) Id., p. 2 (Onderstreping deur skrywer).

110) C. 5918, nr. 128, Knutsford aan Loch, d.d. 14-11-1889; C.R.O. 382, p. 2; Raubenheimer, a.w., p. 103; p. 158, Bylaag C, Confidential: British South African Company. Precis of Events leading up to the Formation of the Company.

111) C.R.O. 382, p. 2; Raubenheimer, a.w., p. 103-104.

112) C. 5918, nr. 128, Knutsford aan Loch, d.d. 14-11-1889.

sy stigting reeds aangebied om 'n telegraaflyn teen 'n koste van £30,000 tussen Betsjoeanaland en Matabeleland op te rig en verder om die salaris van 'n Britse konsul by Gubuluwayo te betaal.[113)]

Na die totstandkoming van bg. maatskappy het dit die stryd voortgesit wat die Britse regering tot dusver teen die Portugese in Masjonaland gevoer het. Weens die ooryweriigheid wat die geldmag vir sy saak aan die dag gelê het, het die rusie uit die staanspoor in heftigheid toegeneem. I.p.v. die Portugese agente terug te roep, het Lissabon troepe gestuur om aan hulle die nodige beskerming te verleen.[114)] Portugal het die voordeel geniet dat hy die kus beheer het en dus die toevoer van ammunisie na die polisie, in diens van die Maatskappy, in die wiele kon ry. Toe dit duidelik word dat die Portugese die oorhand gaan kry, rig Salisbury op 11 Januarie 1890 'n ultimatum aan die Portugese regering om sy militêre mag uit Masjonaland en omgewing terug te trek.[115)] Lissabon, wat besef het dat die ysterhand uit Londen hom kon verpletter, het die witvlag opgesteek en besluit om maar weer die weg van diplomatieke onderhandelinge op die proef te stel.[116)] Brittanje het egter die oulike taktiek gevolg om die Portugese van hul strydgenote, die Duitsers en Boere, te isoleer. Toe die verdrag met Duitsland op 1 Julie 1890 tot stand gekom het, was 'n ooreenkoms met die Boere ook reeds in sig. Dit sou gebaseer word op Kruger se aanbod om sy regte aan die noordekant prys te gee, op voorwaarde dat hy soewereine beheer verkry oor Swasieland en aangrensende gebiede tot aan die see. 'n Vroeë ooreenkoms is vertraag deur die poging in Januarie 1890 van 'n sekere Bowler, onderdaan van die Suid-Afrikaanse Republiek, om 'n trek uit die Transvaal na Manicaland, in noordoos-Masjonaland, te organiseer. Dit het groot ontsteltenis onder die Britse Imperialiste veroorsaak. Die Britse agent in Pretoria het hom gehaas om Loch te waarsku: „It is a deliberate attempt to infringe upon the sphere of influence, to steal away the privileges granted to the Chartered Company, and to alienate from British influence a large section of the best part of Mashonaland and to place it under Transvaal rule."[117)] Loch was nog besig om sy nood by Kruger te klae, toe verneem hy al weer dat sowat 2,000 Boere uit die distrik van Soutpans-

---

113) C.R.O. 382, p. 2-3.

114) C. 5904, nr. 302, Salisbury aan Petre, d.d. 28-1-1890.

115) Report and Protest of the Affairs Occurred at Manica by Colonel Paiva D'Andrade, p. 6; C. 6212, nr. 37, Bylae, Bocage aan Soveral, d.d. 24-10-1890.

116) Report and Protest, p. 6-8; p. 11.

117) Aangehaal deur Fiddes, sekretaris van die Hoë Kommissaris, in C.R.O. 518, p. 31 (Datum onvermeld).

berg, onder leiding van Jan du Preez en Barend Vorster, en op aansporing van die Portugese konsul in Pretoria, voorbereidings tref om Masjonaland binne te ruk.[118] Kruger het alles in sy vermoë gedoen om die skending van Masjonaland te verhoed en 'n dringende beroep op sy onderdane gedoen om hulle rustig te gedra.[119] Weens die flou reaksie het die leiers dan ook spoedig tou opgegooi.[120] Die motief vir Kruger se houding lê voor die hand: hy was besig om 'n weg na die see van Brittanje af te smeek, en geen struikelblok moes in die weg van 'n ooreenkoms gelê word nie. In die eerste Swasielandse Konvensie, wat deur Loch op 24 Julie en deur Kruger op 2 Augustus 1890 onderteken is, het die Republiek hom dan ook verbind om alle pogings tot noordwaartse uitbreiding te staak, om geen verdrae met inboorlinge op sy noord- of noordwesgrens te sluit nie en om die Maatskappy op kragdadige wyse te steun in sy pogings om orde in Matabele-Masjonaland te handhaaf.[121] In ruil hiervoor is die beginsel om die Republiek met die see in verbinding te stel, in heeltemal verwaterde vorm in die Konvensie opgeneem. Kruger het onder baie hinderlike beperkings die reg verkry om 'n spoorweg na Kosibaai te bou.[122] Die Volksraad van die Republiek het die Konvensie uiters teensinnig bekragtig, omdat hul ideaal om soewereiniteit oor Swasieland te verkry nie verwesenlik is nie, aangesien Swasieland onder die gesamentlike beheer van Brittanje en die Republiek geplaas is.[123] Gevolglik het vrees in Britse regeringskringe bestaan dat die Boere nie die versoeking sou kon weerstaan om met die Portugese te knoei om die geslote deur na die noorde weer oop te beur nie. So 'n vrees was nie ongegrond nie, as 'n mens in aanmerking neem met hoeveel inspanning Beelaerts van Blokland sedert die sluiting van die Moffat-ooreenkoms die samewerking van Portugal gesoek het.[124]

Noudat die Portugese alleen nog dam gegooi het teen die voortrollende Britse Imperialisme, sou dit nie meer te lank duur voordat Salisbury sy sin en wil in hul keel sou afdruk nie. In die begin van 1890 is die Portugese troepe uit Masjonaland

---

118) C.R.O. 518, p. 31.

119) Ibid.; Raubenheimer, a.w., p. 120.

120) C.R.O. 518, p. 31; Raubenheimer, a.w., p. 122.

121) C. 6217, Swasielandse Konvensie, Artikel 10.

122) Vgl. Scholtz, a.w., I, p. 222-224. Hierdie beperkings word later behandel.

123) C. 6217, nr. 2, Loch aan Knutsford, d.d. 13-8-1890; C.R.O. 518, p. 32; (Vgl. ook Leyds, a.w., II, p. 91; p. 98-101).

124) Vgl. Rautenbach, a.w., p. 77-78; Backeberg, a.w., p. 137-138.

teruggetrek[125] en kon die onderhandelinge oor 'n grensafbakening hervat word. Sake het redelik vlot verloop totdat 'n ontwerpkonvensie op 20 Augustus 1890 deur Salisbury, namens Brittanje, en De Freitas, namens Portugal, onderteken is en daarna aan die Cortes in Lissabon vir bekragtiging voorgelê is. Die Portugese invloedsfeer sou suidwaarts strek so ver as die samevloeiing van die Pongola- en Maputarivier, en weswaarts so ver as die samevloeiing van die Katima- en Kabomporivier, takke van die Zambesi.[126] Verder het die Konvensie bepaal dat Portugal slegs met toestemming van Brittanje van enige deel van die grondgebied binne sy invloedsfeer afstand mag doen.[127] Hierdie bepaling het 'n hewige storm in Portugal ontketen, wat nòg die Britse nòg die Portugese regering waarskynlik voorsien het. Die opposisiepartye sowel as die Portugese pers het verklaar dat die skaamtelose wyse waarop daar inbreuk gemaak word op die soewereiniteit van Portugal 'n diepe vernedering vir die volk is.[128] Inderdaad was dit so. Net soos die Moffat-ooreenkoms aan Brittanje susereine regte oor die onbeskaafde en onontwikkelde Matabele-Masjonaland verleen het, het die Konvensie in beginsel Portugal, wat eens self 'n leidende koloniale moondheid was, verneder tot 'n Britse vasalstaat. Petre het die standpunt van die Portugese volk teenoor die Konvensie soos volg gestel: „The great point of reprobation, which is daily put forth in the largest type, and on the strength of which the most passionate appeals are made to the country to rise against the Convention, is the use of the term without the previous consent of Great Britain, which are interpreted as being insulting to Portugal and implying vassalage."[129] Die vete tussen die twee moondhede het dadelik weer vlam gevat en kwaaier gewoed as ooit te vore. Buitendien is die Suid-Afrikaanse Republiek nou ook by die geskil ingesleep. Die aanvalle van die Progressiste en Republikeine in die Cortes was so verdoemend dat die kabinet verplig was om te bedank.[130] 'n Dooie punt is voorlopig afgewend deur die opstel van 'n tussentydse ooreenkoms wat vir ses

---

125) C. 5904, nr. 296, Petre aan Salisbury, d.d. 28-1-1890; nr. 303, F.O. aan C.O., d.d. 28-1-1890; Leyds, a.w., II, p. 280-281.

126) C. 6212, nr. 1, Salisbury aan Petre, d.d. 25-8-1890; Ook die Bylae. (De Freitas was die Portugese Minister van Buitelandse Sake).

127) Ibid. Onderstreping deur skrywer.

128) C. 6212, nr. 6, Petre aan Salisbury, d.d. 6-9-1890.

129) C. 6212, nr. 6, Petre aan Salisbury, d.d. 6-9-1890.

130) C. 6212, nr. 16, Petre aan Salisbury, d.d. 6-9-1890.

maande geldig sou wees.[131] Intussen het klagtes Salisbury bereik oor die aggressiewe houding van die Maatskappy se polisie teenoor die Portugese in Manicaland.[132] Die spanning het al hoër gelaai. In Desember 1890 doen die Goewerneur van Lourenço Marques op 'n openbare vergadering 'n beroep om vrywilligers teen Brittanje. Plakkate verskyn in die strate met die volgende kennisgewing daarop: „Against England who wants to rob us of our African Colonies. Courage!"[133] Die nuwe jaar het aangebreek met oorlogswolke aan die horison.

'n Gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse Republiek, die sg. Adendorff-trek, het bygedra om hierdie toestand te skep. Teen April 1891 het die Brits-Portugese spanning 'n breekpunt bereik.[134] Op die derde van daardie maand telegrafeer Loch aan Knutsford dat hy uit twee verskillende bronne in Zoeloeland berig ontvang het dat die Portugese regering die Boere probeer oorhaal om Manicaland te beset. Elke nedersetter sou twee plase ontvang.[135] In hierdie gerugte moes 'n mate van waarheid gewees het. In die Transvaalse volksraad het Schalk Burger, wat later 'n leidende rol in regeringskringe gespeel het, ook verklaar dat die Portugese in Masjonaland die Boere grond aangebied het.[136] Hierna het 'n donderbui van telegramme op Downingstraat gereën. Op die sewende April volg 'n tweede telegram met meer besonderhede oor die nedersettingskema. Die plan sou wees om eers Banjailand, noord van die Limpopo, binne te trek, en daarna 'n republiek te stig tussen die Limpopo en die Zambesi, insluitende Masjonaland. Piet Joubert, die kommandant-generaal, moedig die beweging in die geheim aan.[137] Vier dae later ontvang Knutsford die derde telegram. Loch beweer nou dat die uitdrukking <u>Britse invloedsfeer</u> te min regskrag besit om 'n verhuising van Boere na Matabele-Masjonaland te verhoed. Die kabinet moet 'n Besluit-in-Rade opstel waardeur hy in staat gestel sal word om 'n Britse protektoraat oor die ryk van Lobengoela af te kondig. Hy twyfel nie daaraan nie dat die Boere en Portugese saamknoei, eersgenoemde om Matabeleland in te

---

131) C. 6212, nr. 34, Salisbury aan Petre, d.d. 14-11-1890.

132) C. 6495, nr. 16, Churchill, waarn. Britse Konsul te Mosambiek, aan Salisbury, d.d. 28-10-1890.

133) C. 6495, nr. 21, Vise-Konsul Smith-De La Cour aan Salisbury, d.d. 10-12-1890.

134) C.R.O. 518, p. 33.

135) C.R.O. 412, South African Telegrams (Boer Trek), nr. 1, Loch aan Knutsford, d.d. 3-4-91.

136) Notule van die Eerste Volksraad, 19 Mei 1891, Art. 67.

137) C.R.O. 412, nr. 2, Loch aan Knutsford, d.d. 7-4-1891.

palm en laasgenoemde om, met die steun van die Boere, die hele Manicaland te beset.[138]
Knutsford het slegs twee dae gewag vir die volgende telegram. Loch deel hierin mee dat die Natalse Goewerneur uit twee onafhanklike bronne verneem het dat die Portugese regering 2,000 Transvaalse Boere uitgenooi het om Manica- en Masjonaland in te val „to help Portuguese against external enemies." Portugal sou al die ammunisie voorsien, en elke Boer sou met twee plase beloon word.[139] Hoewel Knutsford 'n paar dae asem geskep het voordat die volgende telegram hom bereik het, het dit niks anders as jobstydings bevat nie: daar bestaan nie meer die minste twyfel nie dat die trek oor die Limpopo georganiseer word; Kruger swyg, ten spyte van Loch se versoek dat hy die trek moet onderdruk; Loch waarsku dat die stigting van 'n onafhanklike republiek binne die Britse invloedsfeer „would be fatal to British authority in South Africa"; aan Rhodes het hy opdrag gegee om verskansings op te rig by al die driwwe van die Limpopo en om hulle te beman; Knutsford self word gesmeek om sonder versuim die Besluit-in-Rade te stuur sodat 'n Britse protektoraat ingestel kan word.[140]

Nou was Knutsford op die oorlogspad. Op staande voet kry Loch opdrag om Kruger mee te deel dat die stigting van die voorgenome Boererepubliek beskou sou word as 'n vyandelike daad teenoor Brittanje. Kruger moet herinner word aan sy onderneming in die Swasieland-Konvensie om die handhawing van die Maatskappy se gesag in Matabele-Masjonaland positief te steun. Loch se hande is gesterk met die belofte om desnoods na die wapens te gryp: „Will consider with War Office question of movement of troops."[141] Tog was Loch alles behalwe tevrede. Hy was daarvan oortuig dat die vuur net op één wyse geblus kon word, en dit was die afkondiging van 'n Britse protektoraat oor Matabele-Masjonaland. So 'n belofte was inderdaad aan hom gedoen tydens 'n besoek aan Londen.[142] Daarom treiter hy Knutsford weer: „It is evident there is understanding between Portuguese and proposed trek. Portuguese pressing with strong force into Manica, Boers making direct attack upon Mashonaland, thus rendering defence difficult. Difficulties increasing... Recommend earnestly that man-of-war at once visit Pungwe to protect lives of British subjects, for safety of which Portuguese authorities report they cannot be answerable,

---

138) C.R.O. 412, nr. 3, Loch aan Knutsford, d.d. 11-4-1891.

139) C.R.O. 412, nr. 3, Loch aan Knutsford, d.d. 11-4-1891.

140) C.R.O. 412, nr. 5, Loch aan Knutsford, d.d. 18-4-1891.

141) C.R.O. 412, nr. 6, Knutsford aan Loch, d.d. 18-4-1891.

142) C.R.O. 412, nr. 3, Loch aan Knutsford, d.d. 11-4-1891.

and that Lourenço Marques may be occupied till safety of British South Africa Company's force is secured."[143] Loch was niks minder van 'n langasemkriek as Currie nie. Na 'n paar dae trek hy weer los: „Whole country begins to move. Small treks already proceeding to rendezvous to the north of South African Republic. Organization for occupation of Banyai country and Mashonaland much more extensive than was known...Will her Majesty's Government consider invasion by bodies of men organized in South African Republic into territory under British influence a casus belli with the Government of the South African Republic?"[144] Dit was vir Knutsford duidelik in watter rigting Loch die gang van sake wou stuur, en daarom het hy hom verbied om sonder bepaalde opdrag 'n protektoraat oor die betwiste gebied in te stel.[145] Terselfdertyd het Salisbury Lissabon egter gewaarsku dat as die aanvalle op Britse onderdane by Beira, die Pungwerivier en elders langs die ooskus nie gestaak word nie, hy oorlogsbote sou stuur om die Portugese op hul plek te sit.[146]

Die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek was verdeeld oor die vraag of hulle 'n poging moes aanwend om die Adendorff-trek te onderdruk. Kruger wou ten alle koste wrywing met Brittanje verhoed, omdat hy bevrees was dat sy herleefde poging om ooswaarts uit te brei of om die Republiek in verbinding met die see te stel, nog verydel kon word.[147] Hy het geglo dat die onafhanklikheid van die Republiek nie onnodig in gevaar gestel moes word deur die vriendskap van Brittanje te verbeur nie. In die Volksraad het hy hom, met verwysing na die voorgenome trek, soos volg uitgelaat: „Vijanden dezer Republiek, kwaadstokers die ons onze onafhankelijkheid benijden, zouden pogen hier personen te verzamelen om er later op te wijzen dat de burgers dezer Republiek hadden samengedaan, waardoor zij in de gelegenheid zouden komen in troebel water te visschen..."[148] Schalk Burger en Piet Joubert, Kruger se teenstanders met die gewigtige presidentsverkiesing van 1898, het die nedersettingskema gesteun, omdat hulle nie veel heil vir die Republiek van Brittanje se beloofde samewerking in verband met 'n weg na die see verwag het nie.[149]

---

143) C.R.O. 412, nr. 10, Loch aan Knutsford, d.d. 20-4-1891.

144) C.R.O. 412, nr. 12, Loch aan Knutsford, d.d. 23-4-1891.

145) C.R.O. 412, nr. 14, Knutsford aan Loch, d.d. 25-4-1891.

146) C. 6495, Bylae in nr. 172, Petre aan die Portugese Minister van Buitelandse Sake, d.d. 21-4-91.

147) C.R.O. 412, nr. 21, Loch aan Knutsford, d.d. 4-5-1891.

148) Notule van die Eerste Volksraad, 19 Mei 1891, Artikel 169.

149) C.R.O. 518, p. 33; C.R.O. 412, nr. 3, Loch aan Knutsford, d.d. 11-4-1891.

Burger kon nie insien waarom die „British South Africa Company" bo die Boere bevoorreg moes wees nie: „Indien er personen waren die trekken wilden, was het slechts hun doel ten Noorden van de Republiek een stuk grond te occupeeren om later in de toekomst met deze Republiek in een te smelten. Die handelswijze kon men niet vijandelijk noemen omdat de trek georganiseerd werd om zekere gronden waarop men meende zekere rechten te hebben (dus op den zelfden grond als de Chartered Compagnie meende tot in bezit neming gerechtigd te zijn) te gaan occupeeren."[150] Joubert wou die trekbeweging nie beveg nie, omdat sodanige optrede net 'n nuwe stimulus aan die Rhodes-imperialisme sou gee: „De Premier van de Kaapkolonie, de heer Rhodes, poogde thans de geheele wereld door zijn geest en geld te drijven, maar Z. Ed. Gestr. kon zich niet vereenigen de burgers hier te dwingen om den heer Rhodes in zijne plannen en speculatiën bij te staan."[151] Kruger se invloed was egter so groot dat nie slegs die proklamasie, waarin hy sy onderdane belet het om aan die beweging deel te neem, deur die Volksraad goedgekeur is nie maar ook die besonder swaar strafbepalings wat op weerspanniges van toepassing sou wees.[152]

Wie het die grootste staatsmanskap aan die dag gelê, Kruger of sy teenstanders? Die ondervinding moes Kruger teen hierdie tyd al geleer het dat die nasionalisme van die klompie Boere in die binneland van Suid-Afrika, hoe diepgewortel en doelgerig ook al, min hoop gehad het om die voortstuwende Britse Imperialisme van sy baan te druk. Moontlik het hy gehoop dat die ortodokse liberalisme van Gladstone weer eens die botoon in Brittanje sou voer en dat met behulp van die gryse Britse staatsman nog 'n Majuba-oorwinning behaal kon word. Grond vir so 'n hoop was daar wel, want Gladstone het nog nie die politieke strydperk verlaat nie. Toe hy dan ook weer in die najaar van 1892 aan bewind kom, skrywe sy Minister van Kolonies, die Markies van Ripon, aan Loch dat, as gevolg van die getroue bystand van Kruger in die krisis wat deur die Adendorff-trek geskep is, die morele plig op Brittanje rus om sy beloftes, nl. die hersiening van die Swasieland-Konvensie, gestand te doen.[153] Aan die ander kant sou, uit die oogpunt van die Republiek beskou, die jaar 1891 in meer as een opsig 'n gunstiger aanvangsdatum vir die Tweede Vryheidsoorlog gewees het as 1899. As Brittanje, ten spyte van die oorlogsatmosfeer van 1899, swak voorbereid tot die

---

150) Notule van die Eerste Volksraad, 19 Mei 1891, Artikel 67.

151) Notule van die Eerste Volksraad, 19 Mei 1891, Artikel 67.

152) Notule van die Eerste Volksraad, 20 Mei, 1891, Artikel 71; C.R.O. 518, p. 6-7.

153) C.R.O. 449, Swaziland and Transvaal Correspondence, nr. 1, Ripon aan Loch, d.d. 1-12-1892.

stryd toegetree het,[154] was hy seer sekerlik in 1891 nog minder gereed om hom in 'n skielike militêre botsing te begewe. As 'n mens verder die gemoedstemming waarin die Portugese in 1891 verkeer het in ag neem,[155] bestaan daar min twyfel dat hulle nie hul lot by die Boere sou ingewerp het nie. Watter verdere internasionale verwikkelinge daaruit sou voortgespruit het, kan natuurlik nie met sekerheid gesê word nie, maar die moontlikheid bestaan tog dat die volslae oorgawe van die Boererepublieke voorkom kon word.

Op 25 April 1891, dieselfde dag toe die Transvaalse Uitvoerende Raad aan Kruger toestemming verleen het om die Adendorff-trek deur middel van 'n proklamasie te verbied, antwoord Knutsford op Loch se vraag, of die kabinet die Trek as 'n „casus belli" sou beskou, dat alles daarvan afhang of die Republikeinse owerheid aandadig aan die skending van die Britse invloedsfeer is en of hulle dit in elk geval oogluikend toelaat.[156] Tot 'n werklike breekpunt tussen Brittanje en die Republiek sou dit egter nie kom nie, omdat Kruger daarin geslaag het om die beweging te demp en uiteindelik te onderdruk.[157] Deur die wedywering van die Boere en Portugese daartoe gedwing, het Brittanje sy posisie verder gekonsolideer deur op 9 Mei 'n protektoraat oor Matabele-Masjonaland af te kondig en voorsiening te maak vir die uitoefening van jurisdiksie in daardie gebied.[158]

Hoe vinniger die entoesiasme vir die avontuur afgeneem het, hoe vinniger het Loch se gemoedsrus teruggekeer. Gedurende 'n besoek van Kotze, die Transvaalse hoofregter, aan Kaapstad in die begin van Mei, het hy aan Loch te kenne gegee dat 'n bevredigende en blywende oplossing van die steeds hangende probleme op die oosgrens van die Republiek ook bestendige toestande op sy noordgrens sou skep.[159] Loch het Knutsford dan ook versoek om so spoedig moontlik weer aandag aan die Swasielandvraagstuk, en alle sake wat daarmee in verband staan, te skenk.[160] Deur die

---

154) Vgl. Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 79-83.

155) In April 1891 het die Goewerneur van Beira die Britse vise-Konsul aldaar in kennis gestel dat die Portugese soldate so opgewonde is dat hy geen verantwoordelikheid vir die lewe van Britse onderdane kan aanvaar nie. (C. 6495, Bylae in nr. 172).

156) C.R.O. 412, nr. 13, Knutsford aan Loch, d.d. 25-4-1891.

157) C.R.O. 412, nr. 25, 26, 27 en 28, Loch aan Knutsford, d.d. resp. 21-5-1891; 26-5-1891; 28-5-1891; 29-6-1891; Raubenheimer, a.w., p. 150-151.

158) C.R.O. 518, p. 35.

159) C.R.O. 412, nr. 21, Loch aan Knutsford, d.d. 4-5-1891.

160) Ibid.

Swasielandvraagstuk sò op te los dat Kruger se vertroue gewen kon word, sou hy dalk meer toegeeflik wees wat die stemregeise van die uitlanders betref. 'n Liberale kiesstelsesl in die Transvaal sou die eeu-oue botsing tussen Britse Imperialisme en Boerenasionalisme blywend beslag ten gunste van eersgenoemde: „Krüger would, I think, accept terms now respecting franchise which he might not accept later; when franchise once extended, no longer danger of any attempt to establish Republics within sphere of British interests."[161] Knutsford het ingewillig om die Swasieland-Konvensie, wat 'n proeftydperk van drie jaar sou deurmaak, vóór die bepaalde tyd te hersien, maar as voorwaarde het hy gestel dat elke spoor van die trekbeweging eers uitgewis moes word.[163] Hiervoor het Kruger gesorg, en tog het hy, ten spyte van 'n tweede en 'n derde Swasieland-Konvensie, nooit die ooskus bereik nie.

Waarskynlik ontmoedig deur die kapitulasie van Kruger, het die Portugese die stryd teen Brittanje ook nie meer veel langer volgehou nie. Gedurende Mei 1891 was hul posisie nogal redelik sterk, omdat hulle, vanweë hul beheer van die kus en getalleoorwig in Masjonaland, daarin geslaag het om die toevoer van voedselvoorrade na die polisie van die Maatskappy byna heeltemal af te sny.[164] Teen die einde van die maand was Loch werklik bevrees dat hongersnood die deurslaggewende faktor in die stryd gaan word. Aan Knutsford telegrafeer hy: „Portuguese evidently working and intriguing for delay, possibly hoping for favourable diversion from Boer Trek."[165]

Op die diplomatieke front het die wind egter uit 'n ander rigting gewaai. Op 11 Junie 1891 het 'n nuwe Konvensie tussen Brittanje en Portugal tot stand gekom, waardeur die Brits-Portugese grens in Masjonaland tot groot voordeel van Brittanje vasgestel is. Aan die oostekant van die Suid-Afrikaanse Republiek sou die breedtelyn, wat deur die samevloeiing van die Pongola- en Maputarivier sny, die aansluitingspunt van hul onderskeie invloedsfere wees. As gevolg hiervan sou Portugal se gesag nog 'n bietjie verder suidwaarts strek as wat die MacMahon-uitspraak in 1875 toegelaat het. Om Portugal se soewereiniteit te beskerm en terselfdertyd die belange van Brittanje te beveilig, is bepaal dat, as een van die twee moondhede van grondgebied binne sy invloedsfeer suid van die Zambesi wou afstand doen, die ander moondheid

---

161) Ibid.

162) Artikel 21 van die Eerste Swasielandse Konvensie. (Vgl. Leyds, a.w., II, p. 97)

163) C.R.O. 412, nr. 23, Knutsford aan Loch, d.d. 5-5-1891.

164) C.R.O. 412, nr. 26, Loch aan Knutsford, d.d. 25-5-1891.

165) Ibid.

die eerste aanspraak daarop sou hê.[166] Dit is werklik ironies dat terwyl Brittanje Kruger aan die een kant met die see gelok het om hom sy regte noord van die Republiek te ontneem, hy aan die ander kant sorg gedra het dat doeltreffende stappe gedoen is juis om die president van die see af weg te hou! Hoewel die Transvaalse Boere nog lank gemor het oor die valbylpolitiek wat op hul noordgrens toegepas is,[167] en hoewel die afbakening van die Brits-Portugese grens eers in 1897 voltooi is,[168] het daar vir die Suid-Afrikaanse Republiek sedert 1891 slegs 'n nou en onsekere gangetjie oorgebly om verbinding met die buitewêreld te soek.

---

166) C.R.O. 438, Affairs of Swaziland and Tongaland, memorandum by F. Graham, p. 17; C. 6375, Papers relating to the Anglo-Portuguese Convention signed at Lissabon, June 11, 1891. (Vgl ook Leyds, a.w., II, p. 282; Raubenheimer, a.w., p. 108; Walker, a.w. p. 428). In 1875 het pres. MacMahon van Frankryk Delagoabaai en omstreke aan Portugal toegeken.

167) Vgl. Raubenheimer, a.w., p. 151-152.

168) C. 8434, nr. 17, majoor Leverson aan Salisbury, d.d. 5-2-1897.

# HOOFSTUK VIII

## Die drama aan die Ooskus.

Om te bepaal of daar 'n redelike vooruitsig was dat Kruger se herleefde poging om na die ooskus deur te dring kon slaag, moet ons eers die internasionale verhoudinge in die laaste dekade van die neëntiende eeu in oënskou neem. Hoewel die toneel, wat vroeg in die twintigste eeu op die geweldige imperiale botsing uitgeloop het, reeds sedert die totstandkoming van die verenigde Duitsland in 1871 geleidelik reggeskuif is, het die Europese politiek veral na 1890 teen 'n versnelde pas in sekere rigtings ontplooi. Die eerste gebeurtenis van diepgaande betekenis het reeds in Maart 1890 plaasgevind toe die jong keiser, Wilhelm II, Bismarck in die pad gesteek het,[1] die ervare Duitse staatsman wat as diplomaat sy gelyke onder sy tydgenote nie geken het nie. Hierdeur is Frankryk spoedig in staat gestel om hom los te wikkel uit die kettings waarin Bismarck se stelsel van alliansies hom gevange gehou het. Wilhelm II het hom voorgeneem om voortaan self die koers van Duitsland se buitelandse beleid aan te dui. Aan sy grootmoeder, koningin Victoria, skrywe hy: „I have been educated politically by the Prince (i.e. Bismarck), and now I must show what I can do."[2] Tog het sy raadgewers - amptelik en nie-amptelik - groot invloed uitgeoefen op die Wilhelmstrasse. Daarby was hy hooghartig, eiesinnig en 'n opportunis van die eerste rang. Ironies genoeg, die koersloosheid van die Duitse beleid in die jare negentig het juis bekend geword as die „Neue Kurs."[3] Veral in twee opsigte het die keiser se buitelandse beleid te kort geskiet. Hy het nie daarin geslaag om, soos Bismarck, die skyn van vriendskap met Rusland te handhaaf nie, en hoewel hy daarvan bewus moes gewees het hoe gevoelig Brittanje was vir die handhawing van sy wêreldleierskap op politieke en ekonomiese gebied, wat hy byna 'n eeu gelede as gevolg van die ondergang van Napoleon bemagtig het, het hy te min takt en oordeelkundigheid besit om daardie moondheid gerus te stel dat dit nie sy strewe was om hom na die kroon te steek nie.

Dat die Duits-Russiese vriendskap selfs in die dae van Bismarck kunsmatig was, kan nie betwyfel word nie, want die belange van Rusland en Oostenryk, Duitsland se grootste bondgenoot, in die Nabye Ooste was onversoenlik, maar Bismarck was ten

---

1) Vgl. Lee: King Edward VII, Deel I, p. 661; Backeberg, a.w., p. 141; Scholtz: Oorsake, I, p. 155.

2) Aangehaal deur Lee, a.w., I, p. 661.

3) Vgl. Backeberg, a.w., p. 141-143; Scholtz: Oorsake, I, p. 155-159.

minste in staat om toenadering tussen Frankryk en Rusland te vertraag, indien nie te verhinder nie. Op 18 Junie 1887 het Bismarck daarin geslaag om met Rusland 'n nie-aanvalsverdrag vir drie jaar te sluit. Toe die verdrag haas moes verstryk, het Bismarck onderhandelinge aangeknoop om dit te hernieu, maar voordat hy veel kon uitrig, het hy tot 'n val gekom. Sy opvolger, Von Caprivi, het die onderhandelinge gestaak.[4] Hiermee is die weg gebaan vir 'n Frans-Russiese toenadering. Die verbond wat tussen hierdie twee moondhede tot stand gekom en in 1895 wêreldkundig geword het, het dan ook reeds die kiem bevat van verwikkelinge wat binne 'n paar dekades daartoe sou lei dat die rolle wat Duitsland en Frankryk onderskeidelik in die internasionale politiek gespeel het, omgekeer is. Hoewel Bismarck altyd daarna gestrewe het om op goeie voet met Brittanje te bly, het hierdie moondheid seker geen rede gehad om die verdwyning van die groot Duitse staatsman van die politieke toneel te beween nie. As die wêreld se leidende insulêre moondheid onrustig gevoel het dat hy, weens die mededinging van ander geïndustrialiseerde moondhede ekonomies nie meer so sterk gestaan het soos voorheen nie,[5] het die „Neue Kurs" aan die ander kant daartoe bygedra dat geen enkele vastelandse moondheid of kombinasie van moondhede in die nabye toekoms in staat sou wees om hom van sy politieke troon, as middelpunt van 'n wêreldryk, te stoot nie. Wel was daar al versiende staatsmanne, o.a. Joseph Chamberlain, wat besef het dat Brittanje hom vroeër of later by die een of ander Europese bondgenootskap sou moes inskakel,[6] maar die oorgrote meerderheid van die Britse volk het nog geglo dat die Britse Ryk 'n magtige eenheid was wat sy eie paadjie deur die onstuimige see van die internasionale verhoudinge kon baan. Die enigste swak skakel in die Britse koloniale ketting wat om die aardbol gespan het, was die weerspannige Boerenasionalisme aan die strategiese suidpunt van Afrika. Die Boere het besef in watter gevaar hulle onafhanklikheid verkeer het en na Duitsland begin opsien as die enigste moontlike teenvoeter teen die Britse Imperialisme.[7] Dit is dus nodig dat ons vir 'n oomblik die soeklig sal werp op die direkte Brits-Duitse betrekkinge in hierdie tydperk, veral wat betref hul koloniale mededinging in Afrika en in 'n geringer mate ook elders. Dit sal duidelik word dat die botsing tussen Boer en Brit op die ooskus nie 'n geïsoleerde geval was nie maar deel van 'n omvangryke koloniale stryd, hoofsaaklik tussen Brit-

---

4) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 325-329.

5) Vgl. Scholtz, Oorsake, II, p. 160.

6) Vgl. Scholtz: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, p. 188-189.

7) Ibid., p. 195.

tanje, Duitsland en Frankryk op die hele Afrikaanse vasteland. As die dispuut gelokaliseer kon word, was die vooruitsig beter dat Kruger die Indiese Oseaan kon bereik.

Die snelle opkoms van die Duitse Ryk, die opspraakwekkende ontdekking van die ryk goudriwwe op die Witwatersrand en die skielike val van Bismarck was alnal gebeurtenisse wat, elk op sy beurt, nuwe stukrag aan die Britse Imperialisme verleen het. Die indrukwekkende byeenkoms in die Spieëlsaal van Versailles op 18 Januarie 1871 van Duitse aristokrate en militêre leiers, o.w. die Pruisiese kroonprins, die groothertog van Baden, die kroonprins van Sakse, Bismarck, en Von Molkte, leier van Duitsland se seëvierende leërs in die Frans-Pruisiese oorlog, benewens talle verteenwoordigers van kleinere Duitse vorstehuise, om hul keiser te kroon, het in Brittanje, soos op die vasteland, tot skinderpraatjies aanleiding gegee dat die Duitsers na wêreldoorheersing strewe.[8] Inderdaad was die Europese magsewewig na 1871 in gevaar, maar Bismarck het hom daarop toegelê om sy bure, ook die Britte oorkant die see, van sy welwillendheid te oortuig.[9] In 1887 het hy selfs 'n poging aangewend om met Brittanje 'n verbond te sluit, maar Salisbury het 'n stok in die wiel gesteek omdat hy nie van „splendid isolation," die grondbeginsel waarop Brittanje se verhouding tot die moondhede op die vasteland sedert die Krimoorlog berus het, wou afsien nie.[10] Hoewel daar af en toe wrywing was, veral oor koloniale aangeleenthede, het oënskynlik min verwydering van ernstige of blywende aard tussen Duitsland en Brittanje, onder sowel Britse Liberale as Konserwatiewe regerings, ingetree totdat Gladstone die tuig in die begin van 1894 neergelê het. Die onbenulligheid van die Duitse vloot het tot 'n groot mate gerusstellend ingewerk op die Brit se gemoed.[11] Tog was daar woelinge en werkinge diep onder die oppervlakte aan die gang, gevaartekens wat deur Tilley, 'n senior amptenaar in die Britse Kantoor van Buitelandse Sake, gekenskets is as „jealousies and misunderstandings attendant on the establishment of German Colonies in Africa."[12] Die patroon wat

---

8) Ibid. p. 149; Lee, a.w., I, p. 314-319.

9) Vgl. Japikse: Europa en Bismarck's Vredespolitiek. De internationale verhoudingen van 1871-1890; Grant en Temperley, a.w., p. 293.

10) Vgl. Scholtz: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, p. 188.

11) Vgl. Halevy: Imperialism and the rise of Labour, p. 32.

12) B.D. p. 322, Memorandum respecting the relations between Germany and Great Britain, 1892-1904, by Mr. (later Sir) J. A. C. Tilley, Assistant clerk, British Foreign Office, 1904-1906. (Hierna aangedui as Mem. Tilley).

die Duitse en Britse koloniale uitbreiding in Afrika aangeneem het, was sodanig, dat toenemende botsing onvermydelik was. Elke Duitse kolonie, Togoland en Kameroen aan die Guinese Golf, Duits-Suidwes-Afrika en Duits-Oos-Afrika is aan een of meer kante deur 'n aangrensende Britse kolonie vasgegen, en hoewel die twee moondhede verdrae gesluit het om hul onderskeie gebiede en invloedsfere af te baken, is die saak baie makliker op papier beklink as in die praktyk uitgevoer. Die kommissarisse wat die grense moes vasstel, was belas met 'n herkuliese taak waarmee hulle tot in die twintigste eeu voortgesukkel het.[13] Intussen het onsmaaklike voorvalle op die verskillende aanrakingspunte nie uitgebly nie.

Die naelskraap oorwinning wat die drie-en-tagtigjarige Gladstone in 1892 oor Salisbury by die stembus behaal het met behulp van die Ierse nasionaliste, vir wie hy nog steeds 'n „Home Rule" bepleit het,[14] moet nie verklaar word as 'n teken dat die Britse Imperialisme 'n teenwind van voor gekry het nie. Dat die Liberale leier nie sou waag om terug te keer tot enige vorm van 'n „Little England"beleid nie, blyk uit die feit dat hy die kantoor van Buitelandse Sake, wat deur sy voorgangers self behartig was, aan die invloedryke kapitalis en Imperialis, Lord Rosebery, toevertrou het.[15] As die Boere gehoop het dat die bewindsverandering in Brittanje hul saak ten goede sou kom, het hulle op sand gebou. Weliswaar het Ripon, Gladstone se Minister van Kolonies, hom aanvanklik voorgeneem om Kruger te beloon vir die hand van vriendskap wat hy aan Brittanje gereik het gedurende die stryd om die besitreg van die gebied ten noorde van die Transvaal, maar, as gevolg van die stelsel van onderlinge raadpleging wat daar tussen die Koloniale Kantoor en Buitelandse kantoor bestaan het, was dit vir hom onmoontlik om onafhanklik van Rosebery op te tree. Daar is aanduidings dat Rosebery 'n oorheersende invloed op die Britse buitelandse en koloniale beleid uitgeoefen het selfs nog voordat Gladstone die leisels in 1894 aan hom oorhandig het.[16] Dit is moontlik dat Gladstone, weens sy hoë ouderdom, nie meer sy leierskap op die energieke wyse van vroeër kon handhaaf nie.

---

13) Ibid.

14) Vgl. Lee, a.w., p. 532.

15) Ibid. Scholtz noem Rosebery 'n „volslae imperialis" (Vgl. Scholtz, Oorsake, II, p. 243). Rosebery was al voorheen ook vir 'n paar maande Minister van Buitelandse sake, nl. van 6 Feb. tot 3 Augustus 1886.

16) B.D., p. 322-337, Mem. Tilley.

Rosebery het in breë trekke die buitelandse beleid van Salisbury voortgesit en hom ywerig daarop toegelê om Brittanje se prestige in die buiteland te verhoog.[17] Waar hy 'n ander koers ingeslaan het, het dit slegs geskied tot nadeel van die Boere se ekonomiese en politieke vryheidstryd. Hy was nog 'n groter voorstander van isolasie as Salisbury.[18] Gevolglik het hy hom selfs met meer ywer toegespits op die konsolidasie van die Britse Ryk. Vir die verbreiding van die Duitse Imperialisme was hy baie bedug en het, ook tot nadeel van die Boeresaak, 'n parmantiger houding teenoor Duitsland aangeneem.[19] Die goeie Brits-Duitse verhouding wat bestaan het op die tydstip toe Salisbury die Buitelandse Kantoor aan hom oorgedra het,[20] was maar van korte duur.[21] Van toenadering tot Frankryk was hy eweneens afkerig, maar die haat wat hy teenoor die Franse geopenbaar het,[22] het slegs indirek bygedra om die verhouding tussen Boer en Brit te vertroebel, omdat Frankryk geen politieke belangstelling in die Suid-Afrikaanse Republiek getoon het nie.[23]

Sedert 1893 word die breuk tussen Brittanje en Duitsland geleidelik aan die oppervlakte merkbaar. Hiervoor was veral twee faktore verantwoordelik: die mislukking van die pogings om die koloniale botsings deur middel van verdrae te beëindig, en die onverantwoordelike optrede en uitlatings van onervare politieke maghebbers, ná die verdwyning van die rype staatsmanne soos Bismarck en Gladstone, met hul grondige kennis van die Europese politiek wat hulle oor 'n tydperk van 'n halwe eeu of langer opgedoen het. Hierdie faktore moet ontleed word om die wese bloot te lê van die intense konflik tussen die ooskusbeleid van Kruger en dié van Rosebery wat op so 'n dramatiese wyse geëindig het.

Die koloniale botsings het reeds 'n aanvang geneem met die stigting van Duits-Suidwes-Afrika. Ongeveer in die middel van die kuslyn van hierdie Duitse protektoraat is Walvisbaai geleë, waar die Union Jack gewapper het. Terwyl die Duitsers hul neuse opgetrek het vir die Britte in hul midde, was die Kaapse imperialiste op hul beurt verbitter omdat Walvisbaai deur 'n Duitse kolonie afgehok is. Hulle het die Duitse bewindhebbers in Berlyn voordurend getart met hul smalende opmerkings oor die armoede en wanadministrasie van die Duitse kolonie.[24] Hierdie moeilikhede

---

17) Vgl. Lee, a.w., I, p. 532.

18) Ibid.

19) B.D. p. 324, Mem. Tilley.

20) Ibid, p. 322 (Ook p. 328).

21) Vgl. Lee, a.w., I, p. 532.

22) Vgl. Scholtz, Oorsake, I, p. 202.

23) C.R.O. 532, Affairs of the S.A. Republic, Secret Correspondence, 15 October 1894 - 29 Dec. 1897, nr. 69, C.O. aan F.O., d.d. 4-5-1897.

24) B.D., p. 322, Mem. Tilley.

was egter nietig in vergelyking met diè aan die Guinese Golf.

Na die val van Bismarck is die koloniale afdeling van die Duitse Departement van Buitelandse Sake onder beheer van dr. Kayser geplaas. Sy naam het spoedig 'n wanklank in die Britse Koloniale Kantoor geword, omdat hy voortdurend probeer het om Brittanje en Frankryk teen mekaar af te speel. Die hoeksteen van sy koloniale beleid was „that there were but three Powers in Africa, England, France, and Germany, that two of these must inevitably combine against the third and that Germany must keep a free hand for combination."[25] Op soortgelyke wyse het Kayser probeer om die twis tussen Boer en Brit tot voordeel van Duitsland uit te buit.[26] Toe die Duitse keiser aan die begin van 1895 aan sir Edward Malet, die Britse ambassadeur in Berlyn, vra waarom die Britte en Duitsers nie in vrede kon saamlewe nie, was die antwoord: „If you will allow me to sum up the answer in a word, I should say Dr. Kayser".[27] Die probleem waarvoor Kayser aan die Guinese Golf te staan gekom het, toon ooreenkoms met diè van Kruger aan die ooskus, nl. om 'n doeltreffende deurgang na die see te vind. Om sy doel te bereik, het die Duitse staatsman sy oog op die linkeroewer van die Voltarivier, wat onder Britse beheer was, gerig. Terselfdertyd het 'n ernstige botsing ontstaan in die gemeenskaplike agterland van die twee aaneengeslote Britse en Duitse kolonies, die Goudkus en Togoland onderskeidelik. In hierdie gebied was 'n neutrale sone, en Brittanje het gevrees dat Frankryk, sy geduggste koloniale teenstander in Noord-Afrika, daar sou insluip. Om Franse indringing te verhoed, het Brittanje in Junie 1893 aan Duitsland voorgestel dat die neutrale sone tussen hulle verdeel moes word deur middel van verdrae met die inboorlinghoofde. Duitsland het die voorstel verwerp en as rede aangevoer dat hy al genoeg verdrae met inboorlinge gehad het. Daarna het Brittanje op eie houtjie gehandel. Fergusson, 'n amptenaar van die Kantoor van Buitelandse Sake, is na Wes-Afrika gestuur, en hy het 'n hele reeks verdrae met hoofde gesluit, binne sowel as buite die neutrale sone. Teen hierdie optrede het Duitsland ernstig beswaar gemaak. Die plaaslike owerheid in Togoland het selfs sò ver gegaan om beslag te lê op Fergusson se verdrag met die koning van Salaga.[28] Brittanje, wat in

---

25) B.D., p. 322, Mem. Tilley.

26) Kayser is die persoon wat die wenk aan die hand gedoen het om Kruger geluk te wens met die verydeling van Jameson se poging om die Republiek te oorrompel. Hy het tewens ook self die konseptelegram opgestel (Vgl. Lee, I, p. 721-722).

27) B.D., p. 325, aangehaal deur Tilley uit 'n brief van Malet, d.d. 16-1-1895.

28) B.D., p. 322, Mem. Tilley.

die knyp was weens die toenemende spanning tussen hom en Frankryk in die Ooste, waar teen die einde van Julie 'n botsing in Bangkok, die hoofstad van Siam, amper op oorlog uitgeloop het,[29] was genoodsaak om 'n versigtige beleid teenoor Duitsland te volg. Nietemin het die jaar 1894 aangebreek met ernstige wrewel tussen Brittanje en Duitsland oor koloniale aangeleenthede. In die loop van daardie jaar het die toestand verder versleg.

Met die bewindsaanvaarding van Rosebery in Maart 1894 het die invloed van die besadigde Gladstone op die Europese politiek verdwyn. Rosebery het spoedig daarin geslaag om die Duitsers teen hom in die harnas te jaag. Tydens die tradisionele Mansion House banket het hy in 'n toespraak verwys na Duitsland se „opdraende stryd om vriende te vind." Hierdie toespraak het 'n venynige aanval in die Duitse pers ontlok, asook aanleiding gegee tot 'n artikel wat spoedig daarna in die „Standard" verskyn het en waarin Rosebery se bewering herhaal is. Die Eerste Minister het besef dat hy die groot sondebok geword het op wie die Duitsers hul gifpyle gerig het.[30] Tog het sy aanvalle in heftigheid toegeneem, veral toe hy later leier van die opposisie was.[31] In dieselfde maand toe Rosebery die kantoor van die Eerste Minister betree, tart Kayser die Britte opnuut in Togoland. Hy sluit 'n verdrag met Frankryk, waardeur lg. toegang verkry tot 'n takrivier van die Benué en dus in direkte verbinding gestel is met die benedeloop van die Niger, „enabling her to claim the position of a riverain Power."[32] Dit was 'n voorreg wat Brittanje tot dusver alleen in daardie geweste geniet het. Gosselin, sekretaris van die Britse ambassade in Berlyn, wou van Kayser weet waarom die Franse op so 'n gemene wyse aan die Britte opgedring word. Hy moes met die afjak tevrede wees dat dit Duitsland se antwoord is op die tallose vernederinge en beledigings wat hy vir baie jare van Brittanje moes verduur in alle sake wat op koloniale uitbreiding betrekking het.[33] Kayser was in staat om hierdie manhaftige toon aan te slaan, omdat daar tekens was dat die spanning tussen Brittanje en Frankryk steeds aan die oplaai was. Rosebery het inderdaad 'n ingewikkelde boedel van sy voorganger geërf. Op dieselfde

---

29) Vgl. Lee, a.w., I, p. 706-708; Scholtz, Oorsake, I, p. 163-164; Scholtz, Suid-Afrika en die wêreldpolitiek, p. 189-190.

30) B.D., p. 324, Mem. Tilley.

31) B.D., p. 328, Mem. Tilley.

32) B.D., p. 323, Mem. Tilley.

33) B.D., p. 323, Mem. Tilley.

oomblik toe die Britte en Duitsers in Togoland in 'n tweegeveg gewikkel was, is Brittanje verplig om 'n helpende hand aan die Belgiese Kongostaat te reik, wat deur Franse en Duitse insypeling bedreig is.[34] In Mei 1894 het Hanotaux Frankryk se Minister van Buitelandse Sake geword. Hy was sterk anti-Brits en vasbeslote om aan die Britse imperialisme in Noord-Afrika paal en perk te stel. By Rosebery was daar juis 'n begeerte om die Soedan te herower. Om hierdie strewe in die wiele te ry, het Hanotaux geheime ekspedisies georganiseer om Franse invloed in die Soedan te verbrei.[35] Onder hierdie omstandighede was Brittanje verplig om 'n toegewende houding teenoor Duitsland te openbaar, maar die misbruik wat van sy verleentheid gemaak is, het die verbittering van die Brit teen die Duitser dieper laat wortel skiet. In November 1894 het Brittanje tot 'n stap oorgegaan wat deur Tilley as 'n „unconditional surrender" beskrywe word. Die Fergusson-verdrae is of gewysig of gekanselleer om Duitsland tevrede te stel.[36]

Brittanje het egter op verrassende wyse teruggeslaan. Soos wat Frankryk in die hand van die Duitser die swaard van Damocles was om oor die hoof van die Brit te hou, het Brittanje onverwags Rusland gebruik om dieselfde rol teenoor Duitsland te vul. In 1892 het Rusland sy langdurige poging om na Indië uit te brei vir goed laat vaar en in die rigting van China weggedraai. As gevolg hiervan het die spanning tussen Brittanje en Rusland vir 'n geruime tyd afgeneem, hoewel hulle later weer in die Verre Ooste sou bots. Veral in die najaar van 1894 en die voorjaar van 1895 het die twee moondhede op so 'n goeie voet verkeer dat Duitsland ongemaklik gevoel het.[37] Die Prins van Wallis (later Eduard VII), wat 'n groot voorstander van Brits-Russiese samewerking was, het baie gedoen om hierdie gesindheid te skep. Teen die einde van 1894 het tsaar Alexander III van Rusland ernstig siek geword, en die Britse kroonprins het besluit om hom te besoek. Gedurende November het hy in Rusland vertoef, waar hy eers die begrafnis van Alexander III bygewoon het en toe weer die huweliksplegtigheid van sy opvolger, Nicolaas II. Die hele Europa is beïndruk deur die gulhartige ontvangs wat die prins te beurt geval het. Reeds op 9 November rapporteer sir Frank Lascelles, destyds Britse ambassadeur in St.

---

34) Lee, a.w., I, p. 707-708.

35) Ibid, p. 708-709.

36) B.D., p. 322-323, Mem. Tilley.

37) Teen die einde van 1895 was daar weer tekens van wrywing. (Vgl. Lee, a.w., I, p. 693).

Petersburg, aan Rosebery dat die prins se besoek 'n heilsame uitwerking het. Op sy terugreis na Brittanje doen hy Berlyn aan, waar Wilhelm II hom beskuldig dat hy anti-Duitse intriges in Rusland op tou gesit het. Kalnoky, die Oostenrykse Minister van Buitelandse Sake, het ook voorspel dat 'n Anglo-Russiese entente op die prins se besoek gaan volg. By sy aankoms in Londen het Britse regeringsleiers, o.w. Rosebery en Harcourt, die prins geloof vir die goeie diens wat hy aan sy vaderland gelewer het.[38] Intussen het Von Hatzfeldt, die Duitse ambassadeur in Londen, hom ywerig daarop toegelê om die resultaat van die prins se besoek aan Rusland ongedaan te maak. Tydens onderhoude met Rosebery en Kimberley, sy Minister van Buitelandse Sake, het hy hulle probeer oortuig dat dit vir Brittanje voordeliger sou wees om sy lot by die Drievoudige Verbond in te werp as om met Rusland tot 'n verstandhouding te kom. Kimberley het egter beklemtoon dat die Liberale regering nie van plan was om Brittanje se tradisionele isolasiebeleid vaarwel te sê nie,[39] en Von Hatzfeldt het geen hond haar afgemaak nie.

Von Hatzfeldt se taak is baie bemoeilik deur die ontaktvolle optrede van die Duitse pers. Op die mees ongeleë oomblik verklaar die „Kölnische Zeitung" dat Brittanje uit die staanspoor die mees veragtelike metodes aangewend het om Duitsland se koloniale uitbreiding in die wiele te ry. Om die bewering te staaf, word verwys na die optrede van die Britse regering in verband met Walvisbaai, St. Luciabaai, Kameroen, Togoland, Oos-Afrika, Nieu-Guinee, Samoa, die landing van Britse troepe in Delagoabaai op versoek van die Britse konsul, die handelswyse van Rhodes en die probleme van die Kongostaat.[40] Gelukkig het Kimberley die deur oopgemaak vir verdere samesprekings om die spanning te verlig. Aan Malet skrywe hy dat die Britse regering steeds gewillig is om openhartig menings te wissel oor die ernstige vraagstuk van Brits-Duitse betrekkinge.[41] Hoe ontplofbaar die toestand geword het, blyk uit die feit dat Duitsland se bondgenote, Oostenryk en Italië, ook kommer uitgespreek het oor die dreigende skeuring tussen Brittanje en Duitsland.[42] Die samesprekings wat hierna tussen hooggeplaaste Britse en Duitse amptenare plaasgevind het, het egter geen vrug opgelewer nie. Slegs verwyte is oor en weer geslinger.

---

38) Lee, a.w., I, p. 688-693.

39) B.D., p. 324-325. Mem. Tilley.

40) B.D., p. 325, aangehaal deur Tilley. (Datum van uitgawe van „Kölnische Zeitung" nie vermeld nie)

41) B.D., p. 325, Mem. Tilley.

42) Ibid.

Tydens 'n onderhoud wat Kayser in Desember 1894 met Gosselin gevoer het, het hy verklaar dat hy die meeste verbitterd voel oor Brittanje se onversoenlike houding t.o.v. Togoland, Samoa (eilande in die Stille Oseaan) en Delagoabaai. Gosselin het skeef opgekyk, want vir die eerste keer is Delagoabaai van aanpswe8 in die dispuut ingesleep.[43] 'n Paar dae later het Von Marschall, die Duitse Minister van Buitelandse Sake, en Malet weer probeer om die probleem uit te pluis. Von Marschall het hom slegs beperk tot Delagoabaai en Samoa. Wat Delagoabaai betref, het hy aangedring op die handhawing van die <u>status quo</u> en beswaar gemaak teen Rhodes se aanslae op die soewereiniteit van Portugal en die kommersiële onafhanklikheid van die hawe of die spoorweg wat na die Transvaal in aanbou was. In verband met Samoa het hy versoek dat dié eilande uitsluitlik onder Duitse beheer geplaas sou word.[44] Hiervan het niks tereggekom nie,[45] en met die aanvang van 1895 het die horison nog verder verdonker. In Maart het Duitsland die versoek herhaal dat Brittanje hom 'n vastrapplek op die linkeroewer van die Volta moes gee. Kimberley het geweier.[46] Kayser se ou taktiek om te dreig met toegewings aan Frankryk het hierdie keer niks gebaat nie. Die vrees wat Duitsland geopenbaar het vir 'n Brits-Russiese alliansie het Kimberley blykbaar aangemoedig om 'n manhaftige houding aan te neem. 'n Kwelling des geestes vir sowel Brittanje as Duitsland was die Frans-Russiese verhouding want, hoewel dit bekend was dat hierdie moondhede met mekaar onderhandelinge gevoer het, het die aard daarvan onbekend gebly totdat die totstandkoming van die Tweevoudige Verbond in 1895 geopenbaar is.[47] Die troebel waters van die Europese politiek het tot aan die ooskus van Suid-Afrika gespoel, waar sowel Brittanje as Duitsland begerige oë gerig het op Delagoabaai, 'n Portugese besitting, en op die Suid-Afrikaanse Republiek, wat soos 'n neergevelde bokkie gespook het om met behulp van die Duitse Adelaar uit te kruip onder die vasknellende poot van die Britse leeu.

Sedert die totstandkoming van die Boererepublieke in die middel van die neëntiende eeu het hulle ekonomies aan die Britse Ryk gebind gebly deur die konsekwente beleid van Downingstraat om hulle van die ooskus af weg te hou en geleidelik ook

---

43) Ibid.

44) Ibid.

45) B.D., p. 331, Mem. Tilley.

46) B.D., p. 327, Mem. Tilley.

47) Vgl. Grant & Temperley, a.w., p. 329.

in die binneland met Britse gebiede te omring. Deur maritieme en territoriale kontak tussen die Republieke en ander groot moondhede te verhinder, is Brittanje se oppergesag in Suid-Afrika verseker ten spyte van die politieke selfstandigheid wat die Boere in die binneland geniet het. En deur die Boere toe te laat om hulself na goeddunke in die binneland te handhaaf, het hulle nuttige bondgenote van Brittanje geword in sy stryd teen die militarisme van die barbaarse naturellestamme. Hierdie beleid, wat bekend geword het as die Konvensiebeleid, het Brittanje toegepas t.o.v. die Oranje-Vrystaat, die Suid-Afrikaanse Republiek, die Nuwe Republiek en, soos weldra aangetoon sal word, as 'n tydelike maatreël ook t.o.v. Swasieland. Dit het egter slegs gedeug solank die Boererepublieke op ekonomiese gebied 'n onbenullige rol gespeel het.

Met die ontdekking van standhoudende goudriwwe op die Witwatersrand[48] en die onafwendbare industrialisering van die Republieke wat daarmee gepaard gegaan het, het 'n nuwe probleem vir Brittanje opgeduik. Die gevaar het ontstaan dat die Republieke hulle van binne, oor die omringende Britse gebiede en oseane heen, aan ander kapitalistiese moondhede só stewig kon verbind dat Brittanje se eksterne ekonomiese druk, wat hy vir soveel jare op hulle toegepas het, sy betekenis kon verloor as middel om die Boer tot afhanklikheid van die Brit te dwing. Anders as op politieke gebied, waar Brittanje weens sy byna eeu-oue oppergesag in Suid-Afrika sonder uitsondering die laaste woord kon spreek, het die Boerestate nou, hoofsaaklik op die terrein van die interne ekonomie, aan sy finansiële en industriële konkurrente 'n ope veld verskaf. Brittanje het weinig beheer gehad oor die geldstroom wat na die ryk bodem van die Suid-Afrikaanse Republiek gevloei het, en, hoewel die Republikeinse regering seker nie so 'n dwase beleid sou volg om private Britse kapitaal uit die primêre goudnywerheid te probeer weer nie, het hy tog oor middele beskik om mededingers van die Britse kapitaliste te bevoordeel met die doel om politieke munt daaruit te slaan, bv. deur die toekenning van monopolieë en konsessies, die sluiting van staatslenings in die buiteland en die bestelling van

---

48) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 262-265.

fabrieksware om regeringsondernemings mee uit te voer. [49] Hoewel die Brit maar altyd fyngevoelig was vir die invloed van ander Europese nasies op die Boer, het hy nou meer as ooit tevore sy ore gespits en sy oë oopgehou vir vermeende intriges om sy belange in die Republiek te ondermyn. Veral Duitsland is met die grootste argwaan bejeën, nie slegs omdat hy, ná Brittanje, die grootste ekonomiese belange in die Republiek ontwikkel het nie, [50] maar ook weens die verslegtende Brits-Duitse betrekkinge, soos in die voorafgaande bladsye aangetoon.

Die veranderde omstandighede in Suid-Afrika het 'n diepgaande uitwerking op die Britse koloniale beleid gehad. Owerheid sowel as onderdaan het tot die gevolgtrekking gekom dat Brittanje hom slegs op die lang duur in Suid-Afrika sou kon handhaaf as die Union Jack weer tot aan die Limpopo wapper. Dit verklaar in 'n groot mate waarom die federasiegedagte, wat in 1858 van 'n individu (sir George Grey) afkomstig was en in 1877 die onderneming van 'n politieke party (die Britse Konserwatiewe Party) geword het, na 1890 tot 'n nasionale beweging ontwikkel het wat byna deur die hele Britse volk ondersteun is. [51] Dit sou verkeerd wees om die Imperialistiese eenheidsdrang in Suid-Afrika in die laaste dekade van die neëntiende eeu hoofsaaklik aan die naam van Rhodes te koppel. Weliswaar het hy, vanweë sy politieke ideologie en finansiële belange in die Randse goudmyne, 'n leidende aandeel in daardie beweging geneem, maar ons verstout ons om te beweer dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis dieselfde loop sou gehad het al was daar nooit 'n Rhodes op die toneel nie. Hierdie eenheidstrewe werp baie lig op Brittanje se hardnekkige weerstand teen Kruger se finale poging om 'n uitvlug na die see te soek. Die

---

49) Om maar twee voorbeelde te noem: In 1894 skrywe sir J. A. de Wet, die Britse agent in Pretoria, aan die markies van Ripon: „What cannot be done directly inimical to English interest is done indirectly, of which the establishment of the so-called National Bank under a Concession affords one of many glaring instances. No shares are held in the institution by the burghers of the State; the shareholders are all foreign capitalists, and there is not a single national feature in the concern. Yet as soon as it was in working order, a law was passed making its notes legal tenders and conferring other privileges upon it, whilst by the same law a license duty of £150 per annum, and a duty of 1d. on every note issued was imposed on all English Banks, besides other restrictions, from all of which the so-called National Bank is exempted." (C.R.O. 532, nr. 1).

In 1896 klae die Britse agent weer dat die Republikeinse regering Britse fabrikante doelbewus oor die hoof gesien het by die bestelling van elektriese apparaat uit die buiteland. (B.A. Imp. White Books, Vol. 51, nr. 516, Brief nr. 39, en nr. 225, met sy Bylae).

50) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 166-179.

51) Selfs Kimberley wat in 1881 gehelp het om die Transvaal-Staat in die lewe te roep, wou in 1895 nie meer die waarborg gee dat Brittanje die status quo in Suid-Afrika sou handhaaf nie. (Vgl. Backeberg, a.w., p. 235).

Boererepublieke moes weer ineengesmelt word met die Britse Koloniale Ryk, maar aanvanklik was die gedagte dat hierdie proses op vreedsame wyse moes geskied, deur die politieke beheer van die Republieke oor te neem. Dit kon gebeur deur 'n verswelgende immigrasiestroom uit Brittanje daarheen op tou te sit. Die Britse Imperialiste het die onafhanklike naturellegebiede aan die oostekant van die Suid-Afrikaanse Republiek as hulpmiddels gesien om die konstitusionele oorgawe van die Boerestate te verhaas.[52)]

As die ekonomiese en industriële omwenteling wat die Suid-Afrikaanse Republiek ondergaan het nuwe krag aan die Britse Imperialisme verleen het, het dit presies dieselfde uitwerking op die Boerenasionalisme gehad. Waar die beleidsrigtings van die Republiek en Brittanje voorheen nog skuins teenoor mekaar gestaan het, het dit nou na direk teenoorgestelde pole beweeg. Vuriger as ooit tevore begeer Kruger 'n weg na die see, vry van die beheer van Downingstraat of die Britse kuskolonies in Suid-Afrika. Gelyktydig vestig hy sy oog op sowel Delagoabaai as Kosibaai, waarskynlik met die hoop om ten minste oor één van die twee beheer te verkry. In 'n poging om sy ideaal te bereik, was hy verplig om tussen twee euwels te kies: hy moes óf volhard in die goeie gesindheid teenoor Brittanje wat hy in 1889 geopenbaar het, toe hy voorgestel het om sy regte aan die noordekant van die Republiek te verruil vir 'n vrye toegang na die Indiese Oseaan, met die hoop om van daardie moondheid, wat die sleutel tot die ooskus in sy hand gehad het, 'n wederkerige gebaar van toegeneentheid te ontlok; óf hy moes steun soek by Brittanje se koloniale vyande, veral Duitsland, wat oral op die Afrikaanse vasteland ernstig gepoog het om die Britse Imperialisme terug te dring. Dit het seker nie veel politieke insig gekos om te besef dat van Brittanje geen heil te wagte was nie, want in 1890 begin die uitlanders, hoofsaaklik Britte,[53)] in alle erns die stryd om die stemreg aanknoop.[54)] Die aanslag op die onafhanklikheid van die Republiek het begin, en Kruger is noodwendig in die arms van Duitsland gedryf. Dit is dan ook opmerklik

---

52) Dit blyk uit vlugskrifte wat in Brittanje versprei is. Vgl. (i) Marvin: Boer-German Republic or English Dominion, (Londen, 29 Desember 1887), die volgende afdelings: Amatongaland, Greedy Eyes on Port Kosi, A card to play off against Delagoa Bay; (ii) Coope: Swazieland as an Imperial Factor, (Londen, 1893), die volgende afdelings: The Command of the Eastern Coast, A Bloody Revolution, The Balance of Power, Great Harbour Question; (iii) Imperial South African Association, Handy Notes on South Africa for the use of speakers and others, (Londen, 1899), die volgende afdeling: S.A. Railways and S.A. Politics.

53) Scholtz meen dat ongeveer nege uit elke tien inwoners van Johannesburg in die jare negentig Brits was. (Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 267).

54) Id., p. 270 e.v.

dat nie slegs Kruger nie, maar ook ander leidende figure wat invloed uitgeoefen het op die beleid van die Republiek, soos Leyds, die Staatsekretaris,[55] Beelaerts van Blokland,[56] die Republiek se gesant in Europa, en Montagu White,[57] die Transvaalse Konsul-generaal in Londen, voorstanders geword het van noue samewerking tussen die Boere en Duitsers.

Kruger kon Kosibaai slegs deur vier versperrings bereik, nl. die Konvensie van Londen, wat hom verbied het om met die naturellestamme aan sy oostekant verdrae te sluit sonder goedkeuring van Brittanje; die Brits-Duitse ooreenkoms van 1885, waarin Duitsland onderneem het om geen gebied te annekseer of 'n protektoraat af te kondig op die ooskus tussen Natal en Delagoabaai nie; die ooreenkoms wat Zambili, die koningin van Tongaland, in 1887 met Brittanje gesluit het en waarin sy haar verbind het om geen korrespondensie met ander regerings te voer of traktate met hulle te sluit sonder toestemming van die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika nie;[58] en die Brits-Portugese ooreenkoms van 1891, as gevolg waarvan die Britse en Portugese invloedsfere oos van die Republiek by mekaar aangesluit het. Hoewel die naturellestamme in daardie geweste dus teoreties nog onder geen Europese moondheid gestaan het nie, sou Brittanje geen aanslag op hul onafhanklikheid sonder sy goedkeuring duld nie. Om hierdie rede en omdat Kosibaai baie weinig vooruitsig gebied het vir die daarstelling van 'n geskikte hawe,[59] het Duitsland min belangstelling getoon vir Kruger se strewe om vir hom 'n deurgang daarheen te baan. 'n Weg via Swasieland na die ooskus sou Kruger dus feitlik sonder hulp van Brittanje moes afwring. Met Delagoabaai was dit heeltemal anders gesteld. Hier kon Duitser en Brit mekaar as gelyke opponente in die kryt ontmoet. Buitendien was dit vir Duitsland van groot belang dat nie slegs Delagoabaai nie maar tewens die hele Mosambiek uit Britse hande bly vanweë die gevaar dat Brittanje sy aangrensende kolonie, Duits-Oos-Afrika, aan nog 'n front kon insluit. Verder kon dit noodlottig wees vir die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij, wat 'n konsessie[60] gehad het om spoorweë binne die Transvaal tot op sy grense te bou en waarin behalwe

---

55) Vgl. Backeberg, a.w., p. 191; 233.

56) Id., p. 226; 232.

57) Id., p. 236.

58) C.R.O. 374, nr. 90, F.O. aan C.O; ook die Bylae. (Vgl. ook Leyds, a.w., II, p. 38; p. 186-191; hierdie ooreenkoms is oorspronklik teen die Portugese gemik, maar het net so handig ingekom om teen die Boere gebruik te word).

59) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 139.

60) C.R.O. 508, Confidential, Memorandum on the question of the Delagoa Bay Railway, by G. V. Fiddes, Imperial Secretary, d.d. 11-10-1895, p. 31.

Hollandse kapitaal 'n groot bedrag Duitse kapitaal belê was,[61] as Brittanje beheer oor Delagoabaai verkry, want dan sou lg. in staat gestel wees om enige deel van die Transvaal se invoer af te keer na die hawens van die Britse kuskolonies en daardeur die spoorweë wat hulle na die Republiek gebou het begunstig ten koste van die N.Z.A.S.M. Hierdie omstandighede, saam met die toenemende koloniale naywer tussen Duitsland en Brittanje, verklaar waarom Duitsland, gerugsteun deur Holland, bereidwillig was om sy gewig by die Republiek in te werp in die worsteling met Brittanje om die beheer van Delagoabaai. In sy stryd teen die Boer-Duitse bondgenootskap het Brittanje aan die ander kant Delagoabaai en Kosibaai as één slagveld gesien, omdat niks behalwe sy erewoord Duitsland verhinder het om enige tyd sy aanslag na die suidelike baai uit te brei nie.

In die Konvensie van Pretoria (1881) moes die Boere die onafhanklikheid van Swasieland erken[62] en in die Konvensie van Londen (1884) opnuut bekragtig.[63] Boere uit die Transvaal het egter in die wintermaande daar gaan weiveld soek vir hul beeste.[64] Met die ontdekking van goud op die Witwatersrand het die gerugte gou versprei dat die goudriwwe tot in Swasieland strek, en teen die einde van 1886 het goud- en konsessiejagters die land op groot skaal begin binneval.[65] Die Swasies het geen hoop gehad om hul gesag oor die blanke indringers te handhaaf nie en chaotiese toestande het vinnig ontwikkel. Reeds in 1889 rapporteer sir Hercules Robinson aan sy owerheid dat blankes Swasieland oorstroom en dat dit nie langer as 'n onafhanklike naturellestaat kan voortbestaan nie maar óf by die Britse Ryk óf by die Suid-Afrikaanse Republiek ingelyf moet word.[66] In die loop van hierdie jaar is Downingstraat uit verskeie oorde met raad bedien, gevraagd en ongevraagd, oor moontlike oplossings vir die Swasielandse vraagstuk. Hierdie raadgewers benader die probleem uit twee teenoorgestelde hoeke: dié van die Britse Imperialiste en dié van die Transvaalse nasionaliste.

Dat die Britse regering juis die sienswyse van Havelock, die Natalse Goewerneur, oor die aangeleentheid ingewin het, is betekenisvol, want die gedagte aan 'n onaf-

---

61) Vgl. Van Winter: Onder Krugers Hollanders, I, p. 164-165.

62) Art. 24.

63) Art. 12.

64) C.R.O. 438, Affairs of Swaziland and Tongaland, Memorandum by Mr. Graham.

65) Ibid.

66) C.R.O. 374, Affairs of Swaziland and Tongaland, nr. 51, Robinson aan Knutsford, d.d. 2-4-1889.

hanklike Boerehawe op die Ooskus het die regering van Natal vir baie jare lank in 'n tergende senuweespanning gehou, aangesien Durban dan sy betekenis as lewensaar van die binnelandse Republieke sou verloor.[67] Die versoek dat Havelock veral die politieke aspek van die saak moet beklemtoon,[68] pas so reg in sy kraam, en hy lewer dan ook 'n meesterlike opsomming van die eg-imperialistiese standpunt: „Examining the question from the political point of view, I should say that if it be the policy of Her Majesty's Government to permit the Dutch Republics to develop into a sound and healthy power in South Africa, the movements and aspirations of the South African Republic, as regards Swaziland and as regards the acquisition of a means of access to the sea, should be left to take their natural course. In such case all good reason for opposing the annexation by the South African Republic of the territories of Sambana and Umbegeza would cease to exist.[69] The result would be that in a short space of time, Swaziland and Tongaland would become absorbed in the South African Republic. If, however, Her Majesty's Government are resolved on forming a consolidated Dominion in South Africa and with that object aim at the eventual absorption of the Dutch republics into such a Dominion, I should not be disposed to allow those Republics to extend their territories in any direction whatever. An influx of an Anglo-Saxon population into the Republics sufficient to outnumber the Dutch population, has now, since the discovery of the great mineral wealth of the country, become a possibility, if not a probability. Should this possibility or probability become an accomplished fact, it seems not unlikely that the Republics, finding themselves in such a social condition and enclosed by territory which is either British or under British influence, might, moved by a sense of isolation and by a not unnatural feeling of sympathy, become disposed to place themselves under the British flag. The probability of such a result would, it seems to me, either be lessened or retarded in its consumma-

67) C.R.O. 438, die afdeling oor Natal op p. 18 en 19. 'n Latere Goewerneur van Natal, sir W. F. Hely-Hutchinson, skrywe aan Ripon, die Liberale minister, dat die Natalse ministers „are evidently most anxious that the Transvaal should not be allowed any access" to the sea between Durban and Delagoa Bay..." (B.A. Imp. White Books, Vol. 50, nr. 493, Brief nr. 21).

68) C.R.O. 374, Bylae in nr. 51, Havelock aan Robinson, d.d. 17-3-1889.

69) Die Lebomboberge vorm die oosgrens van Swasieland. Oos van die berge is die gebiede van Zambaan, Oembegisa en Mdhlaleni, en oos van hierdie gebiede weer Tongaland, met Kosibaai. (Vgl. Leyds, a.w., II, p. 38). Al hierdie gebiede was vir Kruger van belang om sy ideaal te verwesenlik.

tion were the Republics to obtain possession of a convenient and well defined boundary and of means of communication, within their own territories, with the sea and the outer-world, advantages which they would acquire by the annexation of Swaziland and Tongaland."[70] Die gedagtes wat hier in die hart van Havelock broei, was nie tot 'n individu beperk nie. Sir Francis de Winton, wat teen die einde van 1889 na Suid-Afrika gestuur is om in samewerking met die Transvaalse regering 'n oplossing vir die Swasielandse vraagstuk te probeer vind,[71] het in 'n onderhoud met Kruger verklaar dat die Britse volk verbitterd sou wees as meer grondgebied aan die Republiek afgestaan word, en hoe graag die Britse regering die Boere ook al tegemoet wou kom, is hy in die eerste plek gebind om die wil van sy eie onderdane te gehoorsaam. Juis op daardie tydstip het 'n afvaardiging van die Londense Kamer van Koophandel,'n baie invloedryke liggaam, die Koloniale Kantoor versoek om Swasieland nie onder beheer van die Republiek te plaas nie.[72] Hierdie houding verklaar waarom De Winton opdrag gekry het om geen ooreenkoms met Kruger aan te gaan wat die Britse handel en ondernemingsgees in Suid-Afrika enigsins kon skaad nie.[73]

In dieselfde trant as Havelock het Ralph Williams, die Britse agent in Pretoria, 'n lywige memorandum oor Swasieland opgestel.[74] Hy stel die vraag: „Is England to be the paramount Power in South Africa or not?" Hy wys op die ongelooflike toestroming van Britse immigrante na die Republiek sedert die ontdekking van goud en pleit vir „a federated South Africa under the British flag." Hierdie ideaal kan nie bereik word as Swasieland aan die Boere afgestaan word nie. Op die oomblik is die Suid-Afrikaanse Republiek 'n binnelandse staat, in elke opsig afhanklik van Brittanje. Dit is bevorderlik vir die eenheidstrewe in Suid-Afrika en verhinder die ontwikkeling van 'n eie nasieskap in die Republiek; „As an inland State without outlet to the sea her hopes of being a nation must dwindle away." Besit Kruger egter Swasieland, sal Tongaland hom spoedig ook ten prooi val. Dan is die Republiek 'n seemoondheid en kan, tot nadeel van Brittanje, direk met Duitsland of ander moondhede skakel.

---

70) C.R.O. 374, Bylae in nr. 51, Havelock aan Robinson, d.d. 17-3-1889.

71) C.R.O. 374, nr. 153, Colonial Office aan De Winton, d.d. 26-9-1889.

72) C.R.O. 374, nr. 208, De Winton aan Knutsford, d.d. 20-11-1889.

73) C.R.O. 374, nr. 153, Colonial Office aan De Winton, d.d. 26-9-1889.

74) C.R.O. 374, Bylae in nr. 122, Williams aan waarn. Hoë Kommissaris, d.d. 20-6-1889.

'n Ander diplomasie is deur Sprigg en Rhodes, albei een of meer kere Eerste Minister van die Kaapkolonie, voorgestaan. Hulle wou Kruger help om 'n weg na die see te bekom en 'n spoorbaan daarheen te bou, maar dit moes wees sonder die voordele wat 'n nasionale onderneming sou meebring. Daarom het hulle voorgestel dat Swasieland en die naturellegebiede ten ooste daarvan onder gesag van die Republiek geplaas word indien Kruger onderneem om (1) vryhandel in Suid-Afrikaanse produkte en fabrieksware dwarsdeur die Transvaal toe te staan; (2) by die bestaande tolunieooreenkoms tussen die Kaapkolonie en die Oranje-Vrystaat aan te sluit; (3) in 'n skriftelike ooreenkoms die Limpoporivier vir altyd te aanvaar as die noordelike en noordwestelike grens van die Republiek; en (4) die stemreg toe te ken aan alle blankes in Swasieland en 'n naturalisasie-eed, gebaseer op diè van die Oranje-Vrystaat, van hulle te eis.[75] Hul standpunt is onderskryf deur kaptain Graham Bower, die Imperiale Sekretaris, en generaal Smyth wat waargeneem het as Hoë Kommissaris nà die vertrek van Robinson.[76] Aanbevelings wat min of meer op dieselfde grondslag berus het, is verder deur sowel die Kaapse as Natalse regering gedoen. So bv. het die Kaapse regering ook aangedring op stemreg vir alle blankes en op die Vrystaatse eedformulier.[77] Die Natalse regering het nog verder gegaan en wou selfs vir die blankes in Swasieland meer liberale politieke regte hê as wat in die Transvaal verkry kon word.[78]

Die houding van bg. Imperialiste t.o.v. die Swasielandse vraagstuk verraai hul strewe al te duidelik - die Boererepublieke moes onder die verswelgende golwe van Britse Imperialisme verdwyn. Die Vrystaatse eedformulier en die toekenning van stemreg aan blankes in Swasieland sou die verwesenliking van hul ideaal verhaas. Diè Vrystaatse eed het geen afswering van vorige onderdaanskap vereis nie.[79] Britte wat hulle in die Vrystaat gevestig het, kon dus, anders as in die Transvaal, 'n soort van dubbele burgerskap handhaaf.[80] Gewapen met die stemreg daarby, sou die

---

75) C.R.O. 374 nr. 195, De Winton aan Knutsford, d.d. 28-10-1889. Daar was ook nog ander voorwaardes wat nie nou ter sake is nie.

76) Ibid.

77) C.R.O. 374, 206, De Winton aan Knutsford, d.d. 18-11-1889 en sy Bylaes.

78) Ibid.

79) Vgl. Hugo: Die Stemreg-Vraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 18-19.

80) Dit het natuurlik meer 'n sentimentele as praktiese betekenis gehad.

Britte in Swasieland, wat die meerderheid van die blankes aldaar uitgemaak het,[81] steun kon verleen aan die poging om die Boerenasionalisme onder te ploeg. Daarom kom Fred Graham, hooggeplaaste amptenaar in die Koloniale Kantoor, met die wenk voor die dag dat Swasieland by die Suid-Afrikaanse Republiek aangeheg moet word sodat albei tesame ter gelegener tyd by die Britse Ryk ingelyf kan word.[82]

Maar voordat die Britse regering die Swasielandse vraagstuk kon aanpak, was hy verplig om na die stemme uit die teenoorgestelde rigting ook te luister. Die Boerenasionaliste het eweneens hul standpunt gehad en daarop aangedring dat Downingstraat hulle 'n gehoor moes verleen. Die aanstelling van De Winton as kommissaris om toestande in Swasieland te ondersoek, het Kruger hewig ontstel, want hy het nog altyd vertrou dat Brittanje hom nie sou inlaat met die sake van diè naturellestaat nie.[83] Swasieland het 'n besondere plek in die raamwerk van die Transvaalse diplomasie verwerf. Dit was die enigste poort na ekonomiese en politieke onafhanklikheid wat oorgebly het, die laaste uitglipkans indien die Britse omsingelingsplan verydel moes word. In 'n private en vertroulike skrywe aan die waarnemende Hoë Kommissaris versoek Kruger dat die taak om 'n oplossing te soek vir die Swasielandse vraagstuk aan die Suid-Afrikaanse Republiek oorgelaat moet word. Hy maak geen geheim van sy vurige begeerte om die see te bereik nie. Seker nie sonder 'n tikkie bytende sarkasme nie voeg hy by dat Brittanje tog seker genoeg kontak met die see het om sonder Kosibaai klaar te kom! As die Britse regering die weg na die see vir die Republiek oopstel, sal die Boerevolk se gesindheid teenoor Brittanje verander „as it would be convinced by proofs that the British Empire does not wish to oppress this young little State, but, on the contrary to help it, and live in friendship with it." Die seënryke gevolg sal wees dat die Britse kolonies en Boerestate in Suid-Afrika mekaar sal vind en saamwerk om hul gemeenskaplike probleme op te los. Kruger sluit sy pleidooi af met die bewering dat die naturellegebiede aan die oostekant van die Transvaal geen stok in sy wiel sal wees nie, want hulle is gewillig om onder sy vlerk in te kruip. Zambaan en Oembegisa beskou hulle alreeds as onderdane van die Republiek en smeekskrifte word voortdurend van die ander hoofde ontvang dat hulle gebiede

---

81) C.R.O. 438, Affairs of Swaziland and Tongaland, memorandum by Fred Graham, d.d. 26-8-1892, p. 20. (Dit blyk ook uit die tipe konsessie wat deur die Swasies toegestaan is, bv. ontginning van goud, bou van kanale en spoorweë, voorsiening van elektrisiteit en stoomkrag, perderesies, handelsondernemings, ens. Die Boer het feitlik maar net belanggestel in weilisensies: C.R.O. 374, Bylae in nr. 122, punt 10, 11 en 12 van die memorandum van Williams).

82) Id., p. 22-23.

83) C.R.O. 374, Bylae in nr. 183, Kruger aan Smyth, waarn. Hoë Kommissaris, d.d. 27-9-1889.

ook ingelyf moet word.[84]

Dis nou duidelik dat die Imperialisme van die Brit en die nasionalisme van die Boer soos twee waterstrome uit teenoorgestelde rigtings teen mekaar vasgevloei het. 'n Versoening van ideale - één Suid-Afrika onder die Union Jack aan die een kant en vreedsame buurskap tussen die Vierkleur en die Union Jack aan die ander kant was eenvoudig nie moontlik nie. Dat die nasionale stroom miskien sterker gevloei het as wat Brittanje vermoed het, blyk uit die optrede van 'n gematigde Engelssprekende politieke leier uit die Kaapkolonie, J. X. Merriman,[85] toentertyd lid van die Kaapse Laerhuis. In April 1889, juis toe die Swasielandse vraagstuk in politieke kringe druk bespreek is, het hy hom in Johannesburg bevind. Daar het hy so onder die indruk van Kruger se saak gekom dat hy Robinson telegrafies gewaarsku het dat dit 'n dwase beleid sou wees om Swasieland van die Suid-Afrikaanse Republiek te weerhou. Hy herinner Robinson daaraan dat hyself eenkeer beweer het dat die inlywing van Swasieland by die Republiek die aangewese oplossing vir die vraagstuk was. Vir Brittanje sou dit 'n onbegonne taak wees om die Swasies te regeer. 'n Inskiklike houding aan Britse kant sal baie bydra om 'n goeie gesindheid tussen Brittanje en die Republiek te herstel.[86]

Watter rigting het die Britse beleid tussen die byna Babelse verwarring van standpunte ingeslaan? Na aanleiding van 'n versoek van Kruger om die gebiede van Zambaan en Oombegisa by die Republiek in te lyf, het Robinson in die begin van 1889, in opdrag van Knutsford, aan Kruger geskrywe: „Her Majesty's Government... have no feeling per se hostile to the legitimate desire of that Government to obtain a position which would enable them to communicate with the sea."[87] In hierdie brief word geen ander voorwaarde gestel nie as net dat stappe gedoen word om die belange van Britse onderdane in Swasieland en omgewing te beskerm.[88] Nòg die Konserwatiewe nòg die Liberale Party het egter met Kruger oop kaarte gespeel gedurende die laaste fase van die stryd om grondgebied op sy land se grense. Daar is baie aanduidings dat Brittanje hom op hierdie tydstip nie veel bekommer het oor bestendige toestande op die Transvaalse oosgrens nie. Klaarblyklik was die heersende

84) Ibid.

85) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 254.

86) C.R.O. 374, Bylae in nr. 68, 85.

87) C.R.O. 374, Bylae in nr. 30, Robinson aan Kruger, d.d. 3-1-1889.

88) Ibid.

gedagte in die Koloniale Kantoor dié van Graham, nl. dat die Swasielandse vraagstuk homself binne afsienbare tyd sou oplos deur die inskakeling van die Suid-Afrikaanse Republiek met sy grensprobleme en al by die Britse Ryk. Vir Kruger, aan die ander kant, wat vuriglik gehoop het dat die diep gewortelde ideaal van die Boer om sy landpale tot aan die see te verskuif uiteindelik verwesenlik sou word, was 'n bevredigende en blywende oplossing van die Swasielandse vraagstuk van fundamentele belang. Die verklaring van Knutsford dat hy, op sigself genome, geen beswaar het teen die geregverdigde begeerte van die Republikeinse regering om met die see in verbinding gestel te word nie, moes vir Kruger 'n riem onder die hart gewees het. Soveel groter was sy teleurstelling - en dié van sy volksraad - toe dit kort daarna duidelik geword het dat Downingstraat die Swasielandse vraagstuk langs eksperimentele omweë wou oplos. Dit vorm 'n skerp teenstelling tot die daadwerklike optrede wat Kruger bepleit het, t.w. inlywing van Swasieland en die naturellegebiede ten ooste daarvan by die Suid-Afrikaanse Republiek, sodat hy die orde daar kon handhaaf en terselfdertyd vir hom 'n weg na die see baan. Onwillekeurig ontstaan die vraag: as dit vir die wêreld se leidende moondheid nodig was om, soos ons weldra sal sien, drie konvensies binne vyf jaar te sluit om die lot van 'n klein naturellestaatjie te beslis, hoe sou hy dan die groot wêreldprobleme, wat deur die altyd wyer verbreidende Imperialisme en steeds toenemende verstoring van die Europese magsewewig geskep is, aanpak? Die waarheid is dat Brittanje se probleem nie soseer was hoe om die heil van die Swasies uit te werk nie maar hoe om die Suid-Afrikaanse Republiek geheel en al van die buitewêreld af te sny sonder om met te veel magsvertoon voor die dag te kom.

In Augustus 1890 dwing Salisbury se Konserwatiewe regering die Eerste Swasielandse Konvensie op die Republiek af. Dit bepaal o.m.: (1) Die onafhanklikheid van die Swasies, wat reeds deur die Londen-Konvensie erken is, word herbevestig. (2) Die blankes in Swasieland sal onder beheer staan van 'n Komitee waarop Brittanje, die Republiek en Swasieland amptelik verteenwoordig is. (3) Vir die aanleg van 'n spoorweg vanaf die Transvaalse grens deur Swasieland mag die Swasies die eiendomsreg (nie die soewereine reg nie) op 'n strook grondgebied, wat deur voormelde Komitee geadministreer sal word, aan die Republiek afstaan. Om die Republiek in staat te stel om die spoorweg van Swasieland na Kosibaai te verleng, sal Brittanje sy soewereine reg erken op 'n verdere strook grondgebied, verkry van Oembegisa en Zambili, die Koningin van Tongaland. Nêrens mag die gebied, waaroor die Republiek beheer verkry vir die aanlê van die spoorweg, wyer as drie myl wees nie, maar

Kosibaai en die onmiddellike omgewing, binne 'n straal van tien myl, sal as grondgebied van die Republiek beskou word. Die Republiek sal verplig wees om al die verdrae met naturellehoofde wat uit hierdie onderneming voortvloei, aan Brittanje voor te lê vir goedkeuring volgens artikel 4 van die Londen-Konvensie. Onder geen omstandighede sal die Republiek sy regte oor Kosibaai of die gebied waardeur die spoorweg gaan aan vreemde moondhede afstaan nie. Indien 'n vreemde moondheid inbreuk maak op die regte van die Republiek, sal Brittanje as skakel dien om onderhandelinge te voer. (4) Die Republiek trek alle aansprake op die gebied aan sy noordelike of noordwestelike grens terug en sal sy invloed gebruik om die handhawing van die gesag van die „British South African Company" in Matabele-Masjonaland te verseker. Brittanje verleen toestemming tot 'n wysiging in die Transvaalse oosgrens sodat die Swasiegebied, bekend as die „Klein Vrystaat," by die Republiek ingelyf kan word.[89] (5) Indien die Republiek beheer verkry oor Kosibaai en die nodige grondgebied om 'n spoorbaan daarheen te bou, sal hy lid word van die reeds bestaande Tolverbond tussen die Kaapkolonie en die Oranje-Vrystaat. Binne ses maande nadat Brittanje die eerste verdrag, wat die Republiek met 'n naturellehoof ter bevordering van die spoorwegskema gesluit het, goedgekeur het, sal hy tot die Tolverbond toetree, anders verloor genoemde verdrag en al dergelike verdrae hul regskrag ten spyte van hul goedkeuring deur Brittanje. (6) Daar sal vryhandel wees tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en sy buurstate vir sodanige tydperk as wat hy aan die Tolverbond behoort en met sodanige uitsonderings as wat deur die Tolverbond vasgelê word. (7) Die Republiek sal geen poging aanwend om die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse spoorwegnet in die rigting van sy grense te strem nie en ook verlenging daarvan na Johannesburg en Pretoria in oorweging neem. (8) Indien die Volksraad van die Republiek in gebreke bly om die Konvensie voor of op 8 Augustus 1890 te bekragtig, sal dit van nul en gener waarde wees. (9) Indien die bepalings van die Konvensie nie voor of op 8 Mei 1893 ten uitvoer gebring is nie, sal enigeen van die kontrakterende partye die reg hê om dit op 8 Augustus van daardie jaar as vervalle te verklaar. Die Republiek sal egter nog gebind bly deur sy belofte om nie noordwaarts uit te brei nie en Brittanje deur sy belofte dat die „Klein Vrystaat" by die Republiek gevoeg mag word.[90]

Die Eerste Swasielandse Konvensie is 'n simbool van dié imperialisme wat eie geword het aan al die westerse moondhede teen die einde van die neëntiende eeu. Die

---

89) Omtrent 70 blankes het hier 'n lewensbestaan gemaak. (C.R.O. 374, nr. 52, Robinson aan Knutsford, d.d. 3-4-1889; ook die Bylae).

90) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1890, p. 311-316; C.R.O. 438, p. 7.

onderlinge jaloesie en naywer was so groot dat die belange van klein staatjies eenvoudig uit hul pad geveeg is. Van der Merwe, een van die Transvaalse Volksraadslede, som die betekenis van die Konvensie in 'n paar woorde op as „een recht in schijn om ons land in spoorverbinding te brengen met Kosibaai."[91] Indien Kruger nog daarin sou slaag om die spoorweg aan te lê, kon Brittanje dit te eniger oomblik, net soos hy met die Republiek self gedoen het, met Britse gebied omsluit deur die anneksasie van die omringende naturellegebiede. Dis hoogs onwaarskynlik dat Kruger onder daardie omstandighede Europese kapitaal vir sy onderneming sou vind. Die vraag ontstaan buitendien wie op die lang duur beheer sou hê oor 'n spoorweg wat deur gebied gaan waarop die soewereine reg en eiendomsreg van plek tot plek van hande verwissel. Meer nog, die bepaling dat Kruger binne ses maande na die inwerkingtreding van sy eerste ooreenkoms met die onafhanklike naturellestamme op sy oosgrens by die Tolverbond moet aansluit, het hom voor die voldonge feit geplaas dat die Britse kuskolonies reeds die voordele van 'n vryhandelsgebied met die Witwatersrand as swaartepunt ten volle kon geniet terwyl hy sy spoorweg- en haweskema nog niks verder as op papier uitgevoer het nie. Maar die ergste van alles was dat Kruger sy eersgeboortereg - noordwaartse uitbreiding - moes prysgee, ongeag die vraag al of die Swasielandse Konvensie tot enige praktiese resultaat sou lei of nie. En dit in ruil vir 'n stukkie weiveld aan sy oosgrens!

Hierdie omstandighede verklaar die wanhoopskrete in die Raadsaal in Pretoria toe die Konvensie bespreek is.[92] Menige opbruisende gemoed het die helder denke van die spreker so benewel dat hy verstrik geraak het in sy eie gedagtegang. Vir Kruger was dit egter 'n geleentheid om te bewys dat hy 'n gebore leier was. Op kalme en waardige wyse dui hy die koers aan waarby, volgens sy oortuiging, die Republiek die meeste sou baat. Hy herinner die Raad daaraan „hoe lijdsaamheid overwint dat wat andersins bijkans onmogelijk is."[93] Die Raad moenie dink „dat deze zaak Z.H.E.D. zelven niet swaar en bitter viel, maar hij woog ze aan beide kanten."[94] Hy verklaar dat hy die voor- en nadele van die Konvensie teen mekaar opgeweeg het en bevind het dat „dit document niets verandert aan den bestaanden toestand."[95] As die Konvensie die Republiek nie baat nie, kan dit hom ook nie skaad nie, solank dit

---

91) Ibid, Art. 1185, p. 322, 5 Aug. 1890. (Onderstreping deur skrywer).

92) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1890, Art. 1185-1244.

93) Ibid, Art. 1244.

94) Ibid, Art. 1186.

95) Ibid.

'n dooie letter bly wat slegs op papier staan. Daarom beveel hy die volgende gedragslyn aan: Hoewel die Konvensie prakties onuitvoerbaar is, moet die Raad dit bekragtig om sy bereidwilligheid tot samewerking te toon. Die Britse regering sal spoedig besef dat hy 'n onding geskep het en self 'n hersiening van die Konvensie begeer. Die Hoë Kommissaris het trouens belowe dat die Konvensie aan 'n proeftydperk onderwerp kon word.[96] Uit Kruger se houding is dit duidelik dat hy nie van plan was om die Konvensie in sy geheel uit te voer nie, en dat hy, in 'n hoek gejaag deur die sikloniese geweld van die Britse Imperialisme, bloot om strategiese redes aangedring het op die ratifikasie daarvan. Die Volksraad het dan ook die Konvensie aanvaar onder die uitdruklike voorwaarde dat dit slegs 'n oorgangsmaatreël sou wees.[97] Die ironie van die saak is dat die Britse regering die Konvensie ook as 'n oorgangsmaatreël beskou het, maar die strewe van die Brit het na 'n teenoorgestelde eindpunt as dié van republikeinse vryheid beweeg, nl. na 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag.

Kruger se strategie van lydelike verset is in die daaropvolgende jare aan 'n vuurproef onderwerp. Toe die Liberale Party op 18 Augustus 1892 aan bewind kom, was die Swasielandse Konvensie reeds twee jaar oud, maar Kruger het nóg enige verdrae met die naturellestamme aan sy oosgrens aan Brittanje vir goedkeuring voorgelê[98] nóg by die Suid-Afrikaanse Tolunie aangesluit, waaraan op daardie tydstip reeds die Kaapkolonie, die Oranje Vrystaat, Brits-Bestjoeanaland en Basoetoeland behoort het.[99] Sonder verwyl het Fred Graham opdrag gekry om die nuwe kabinet van advies te bedien oor die aangeleentheid, en binne agt dae het hy met 'n lywige memorandum voor die dag gekom[100] waarin hy aanbevelings doen oor die Swasielandse vraagstuk wat verreikende gevolge vir die Suid-Afrikaanse politiek sou hê. Hy bespeur in Suid-Afrika twee botsende ideologieë waarvoor geen kompromis gevind sal word nie: „The two strongest factors in South African politics are what has been called 'British Constitutionalism' as represented by the Government of the Cape and Republicanism as represented

---

96) Ibid, Kruger se toesprake in die Volksraad, o.a. Art. 1185, d.d. 5-8-90; Art. 1186, d.d. 6-8-90; Art. 1244, sy sluitingstoespraak, d.d. 11-8-1890. (Verder Leyds, a.w., II, p. 88-94 en C.R.O. 438, p. 9-10).

97) C.R.O. 518, p. 73, Resolution of the Volksraad ratifying the Swaziland Convention of 1890.

98) C.R.O. 518, p. 7.

99) Ibid, p. 19.

100) C.R.O. 438, The Swaziland Question by Fred Graham (Printed for the use of the Colonial Office), d.d. 19-10-1892.

by the Trek leaders."[101] Rhodes en Kruger, so gaan hy voort, verpersoonlik die twee onversoenbare rigtings, en die een weier om 'n haarbreedte vir die ander toe te gee. As Kruger veel langer toegelaat word om sy gang te gaan, sal die Britse paadjie in Suid-Afrika doodloop. Wat Graham veral verontrus, is dat die Boerepresident nie Kaapse Hollanders in sy diens wil neem nie omdat hulle te Britsgesind is, maar sy amptenare wat sleutelposisies in die Staat beklee uit Holland invoer. Hierdie mense het net één doel voor oë: om die Britse invloed en kapitaal uit die Republiek te weer! Die tyd het aangebreek dat die Britse regering sy volle gewig inwerp by die stryd van Rhodes, „who is generally accepted in South Africa as representing not merely British constitutionalism in the Cape Colony, but 'the British flag' in the interior."[102]

In hierdie labirint van die Suid-Afrikaanse politiek soek Graham die weg na 'n oplossing van die Swasielandse vraagstuk. Hy verwerp uit die staanspoor die gedagte aan Britse soewereiniteit oor Swasieland, omdat dit geografies by die Suid-Afrikaanse Republiek behoort. Die administrasie daarvan sal 'n ongeregverdigde las op die skouers van die Britse belastingbetaler laai. Buitendien sal Britse troepe in krisistye Swasieland slegs via die Transvaal kan bereik, en dit sal nog 'n Boere-oorlog ontketen. Daarom gee hy die volgende wenke aan die hand: (1) Tot tyd en wyl Swasieland saam met die Suid-Afrikaanse Republiek by die Britse Ryk ingelyf kan word, moet teruggekeer word na 'n vorm van die Konvensiebeleid wat in die jare vyftig toegepas is en moet die Boere toegelaat word om soewereine reg te verkry oor Swasieland, Oembegisa se land en Tongaland.[103] Op daardie wyse sal die verantwoordelikheid van Brittanje op die Republiek afgeskuif word. Die Swasies moet egter nog toegelaat word om suiwer huishoudelike sake self te behartig, en reservate moet aan hulle toegeken word. (2) Terselfdertyd moet Swasieland aangewend word as 'n middel om die pas van die federasiebeweging in Suid-Afrika te versnel. Kruger moet in 'n nuwe Konvensie gebind word om die stemreg onder baie billike voorwaardes aan blanke immigrante in Swasieland toe te ken. Ook moet hulle toegelaat word om sitting te neem in die Volksraad, en slegs 'n naturalisasie-eed soortgelyk aan dié van die Oranje-Vrystaat moet van hulle geverg word. Langs hierdie weg hoop Graham dat die Suid-Afrikaanse Republiek, waarin sover hy kan vasstel ontrent sestigmiljoen pond aan Britse kapitaal belê is, „would become a

---

101) Ibid, p. 15.

102) Ibid.

103) Zambaan se gebied wou hy by Zoeloeland inlyf.

pro-English Republic under obligations of gratitude to Her Majesty's Government, and the Swazis would be virtually under the control of Englishmen, instead of being under the control of the Boer farmers."[104] Daarna sal Brittanje maar één treetjie hoef te gee om sy vlag in Pretoria te hys.[105] (3) Geen poging moet verder aangewend word om 'n Suid-Afrikaanse tolunie in die keel van Kruger af te druk nie. Hy erken dat hierdie voorstel nie in die smaak van sekere kringe sal val nie: "...if we abstained from pressing the Transvaal to join the Customs Union it would no doubt be unpalatable to the Cape for financial reasons, and to Mr. Rhodes for sentimental reasons connected with his ideas of a federated South Africa."[106] Aan die ander kant sal Natal, uit ekonomiese oogpunt beskou, hom nie veel bekreun oor so 'n frontverandering nie. Hy is self nog nie lid van die Tolunie nie, en kan gevolglik sy eie handelsooreenkoms met die Transvaal sluit wat vir hom voordeliger mag wees as om in te skakel by 'n algemene Suid-Afrikaanse ekonomiese beleid.[107] Deur so 'n belangrike toegewing aan Kruger te doen, het Graham waarskynlik gehoop om hom te beweeg om sy vertragingstaktiek in verband met die Swasielandse vraagstuk te laat vaar. Oënskynlik is hier 'n teenstrydigheid in die beleid wat Graham bepleit. Terwyl hy kwaaier politieke druk in verband met stemreg en aanverwante sake op Kruger wil uitoefen, wil hy terselfdertyd meer toeskietlik wees op ekonomiese gebied. Die politieke en ekonomiese faktore is tog immers nie van mekaar te skei nie en beoog inderdaad dieselfde eindresultaat, nl. die staatkundige eenwording van Suid-Afrika. Ons moet die hele aangeleentheid egter sien in die lig van die strewe om slegs 'n oorgangsmaatreël daar te stel. Die doel heilig die middele - dit is die grondslag van Graham se beleid. Kruger moet onbewus meewerk om die graf van die Republiek te grawe. Graham se voorstel dat die ideaal om 'n tolunie te stig wat die hele Suid-Afrika sou omvat voorlopig prysgegee moet word, het die pad voorberei vir die besluit kort hierna om die Republiek heeltemal van die see af te sny.

Vir Brittanje se prestige en invloed in Suid-Afrika was die gesloer met die Swasielandse vraagstuk baie nadelig. Die geskil het toenemende verbittering veroorsaak en die Boerenasionalisme dwarsdeur Suid-Afrika hoog laat opvlam. In die Kaapkolonie, waar die rassehaat wat deur die Transvaalse Vryheidsoorlog opgewek is

---

104) C.R.O. 438, p. 20.

105) Ibid, p. 22-23.

106) Ibid, p. 19.

107) Ibid, p. 19

in 'n groot mate verdwyn het, kon die Afrikanerbond onder leiding van Hofmeyr enige oomblik weer sy rug op Rhodes keer.[108)] In die Transvaal het dié party wat Kruger se „lydsaamheid" verwerp het, by die dag veld gewen. In Mei 1893 skrywe Loch aan Ripon: „For the first time since 1881 the Government of the South African Republic has to face a strong and critical opposition with a policy of its own."[109)] Die Boere se onverbiddelike eis was Swasieland en 'n weg na die see, en hulle sou met niks minder tevrede wees nie. Die Boere, meen Loch verder, is baie in hul houding gesterk deur Knutsford se verklaring in 1889 dat die Britse regering „had no feeling per se hostile to the legitimate desire of that Government."[110)] Dan voeg hy 'n baie belangrike verklaring by: „It is obvious, however, that if one of the Republics were allowed access to the coast, a new factor would be introduced into the South African problem, and that the natural and legitimate ambition of an inland State can only be indulged if proper safeguards are provided to secure Imperial and Colonial interests."[111)] Erken Loch nou dat dit nooit die bedoeling was om die Republiek met die Eerste Swasielandse Konvensie toegang tot die see te verleen nie? Met die oog op hierdie „safeguards" het die Liberale regering die bovermelde denkbeelde van Graham omvorm soos dit hom gepas het en 'n nuwe Konvensie op die Suid-Afrikaanse Republiek afgedwing. Die arm van die magspolitiek het sedertdien al hoe swaarder op Kruger se skouer gedruk, ongeag watter party in Brittanje aan bewind was.

Met die Tweede Swasielandse Konvensie, wat deur Loch en Kruger teen die einde van 1893 onderteken en deur die Transvaalse Volksraad in die middel van die daaropvolgende jaar bekragtig is,[112)] is die Republiek in 'n lokval gelei. Brittanje, wat slegs belang gehad het by die vraagstuk van Swasieland as sodanig en nie by die Republiek se poging om die see te bereik nie, het daarin geslaag om hierdie twee vraagstukke van mekaar te skei.[113)] Sonder om sy eie skatkis daarby te betrek, wou

---

108) C.R.O. 438, p. 15-16. Ook die Oranje-Vrystaat het sy misnoeë te kenne gegee dat Brittanje Swasieland van die Suid-Afrikaanse Republiek weerhou het. (Vgl. B.A. Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, die 21ste Bylae in nr. 49).

109) C.R.O. 449, Swaziland and Tongaland, Further Correspondence, 11-7-1892 - 17-6-1893.

110) Vgl. voetnoot nr. 87.

111) C.R.O. 499, nr. 113 A, Loch aan Ripon, d.d. 1-5-1893.

112) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1894, Art. 651-658 (27 tot 30 Junie).

113) Vgl. Leyds, a.w., II, p. 121.

Brittanje 'n doeltreffende administrasie daarstel in 'n onontwikkelde land, waarin 'n aantal van sy onderdane hulle bevind het en waarin 'n aansienlike bedrag Britse kapitaal belê is.[114] Dié administrasie moes terselfdertyd dien om die vrede te waarborg op sy koloniale grense aan die ooskus. Veel dieper as dit het die probleem, sover dit Brittanje raak, nie gegaan nie. Sowel Duitsland as Portugal het daardie gebied as binne die Britse invloedsfeer erken, en daar sou vir hulle geen voordeel in steek om 'n stryd oor die besitsreg van Swasieland, soos in die geval van Matabele-Masjonaland, te ontketen nie. Die nuwe Konvensie het dus slegs voorsiening gemaak vir die instelling van blanke gesag in Swasieland, terwyl die spoorweg- en haweprobleem van die Republiek op die agtergrond geskuif is.

Hierdie Konvensie het die ooreenkoms in verband met Matabele-Masjonaland en die Klein Vrystaat herbekragtig maar die ander bepalings van die Eerste Konvensie opgehef. Indien die Swasies hul toestemming verleen, mag Kruger nou 'n Protektoraat oor Swasieland instel wat aan hom „rechten en machten van jurisdictie, protectie en administratie" sal verleen sonder dat dié staat by die Republiek ingelyf word. Die Swasies sal egter self hul inwendige sake, ooreenkomstig hul eie wette en gebruike behartig, solank hulle hulle nie aan barbaarse praktyke skuldig maak nie. Die blanke inwoners van Swasieland sal dieselfde politieke voorregte geniet as volle burgers van die Republiek en tydens verkiesings hul stem uitbring in die Republiek se grensdistrikte. Hollands en Engels sal gelyke regte geniet in die geregshowe van Swasieland. Brittanje behou die reg om langs diplomatieke kanale vertoë tot die Republikeinse regering te rig as hy voel dat die belange van die Swasies of sy eie onderdane nie behoorlik behartig word nie. Wat handelsake betref, bepaal die Konvensie slegs dat die invoertarief in Swasieland nie hoër sal wees as dié van die Suid-Afrikaanse Republiek of dié van die Suid-Afrikaanse Tolunie nie, welke van die twee ook al die hoogste mag wees. Daar is nie meer sprake van om die Republiek in die Tolunie in te dwing nie. Kruger onderneem om geen spoorweg buite die oosgrens van Swasieland sonder toestemming van die Britse regering te bou nie, maar 'n verdere konvensie word beoog om daardie ideaal van die Republiek te verwesenlik. Geen tydgrens word egter vir die totstandkoming van so 'n Konvensie bepaal nie. Die Volksraad van die Republiek moet die gewysigde Swasielandse Konvensie voor of op die 30ste Junie 1894 bekragtig, anders verval dit.[115] 'n Paar

---

114) Volgens Graham was daar in 1892 sowat 450 Britse onderdane permanent in Swasieland gevestig. Hulle sou finansiële belange ter waarde van ongeveer £3-miljoen in dié land gehad het. (C.R.O. 438, p. 20).

115) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1894, Art. 651.

dae voor die bekragtiging plaasgevind het, het Loch en Kruger ooreengekom dat die bestaande administrasie vir nog ses maande verleng kon word, ten einde lg. voldoende geleentheid te verskaf om met die Swasies in verbinding te tree met die oog op die voorgestelde Protektoraat.[116)]

Die Konvensie verraai die strewe van Brittanje om Swasieland as 'n instrument te gebruik om die inskakeling van die Suid-Afrikaanse Republiek by die Britse Ryk te verhaas. Een doring is darem ook uit die oog van Kruger verwyder - die gewraakte poging om hom in die Suid-Afrikaanse tolunie in te dwing. Verder het die Konvensie 'n mate van tevredenheid verskaf aan die Transvaalse grensboere wat graag die reg op hul weivelde in Swasieland gewaarborg wou sien.[117)] Origens het die Konvensie niks gehad om die Republiek aan te bied nie. Kruger was geen duim nader aan die ooskus as voorheen nie. Dat hy by die Volksraad aangedring het om die nuwe ooreenkoms te aanvaar,[118)] moet nie gewyt word aan 'n gebrek aan politieke insig nie maar aan die feit dat hy sy oë gelyktydig op twee weë na die see gehou het en dat, ten spyte van die manmoedige stryd wat hy aangeknoop het om die weg na Kosibaai oop te hou, hierdie baai vir hom hoogstens die waarde van 'n agterdeur gehad het waar hy kon uitvlug indien sy poging om beheer oor Delagoabaai te verkry op 'n mislukking sou uitloop. Daar is dus 'n nou verband tussen Kruger se optrede in verband met Kosibaai en sy Delagoabaaibeleid, en die nodig dat ons vir enkele oomblikke ons oë verder noord sal wend.

Kort na die ontdekking van goud op die Witwatersrand het die Kaapse regering reeds voorgestel dat Brittanje onderhandelinge met Portugal moes aanknoop met die oog op die oorname van Delagoabaai, maar Salisbury het geen belangstelling getoon nie.[119)] In 1891 het Rhodes weer die saak aangeroer en die steun verwerf van lord Rothschild, 'n bekende Londense bankier. In dieselfde jaar was Beelaerts van

---

116) E.V.R. 89 (1893-1898), Geheime Volksraadsbesluiten, Art. 624-630, d.d. 27-6-1894.

117) Ons lei dit af uit die toesprake in die Volksraad toe die Tweede Swasielandse Konvensie bespreek is. Dit is opmerklik dat die besprekings nou glad nie in dieselfde gees van verbittering as by die vorige geleentheid plaasgevind het nie. Een van die raadslede, Otto, het dan ook verklaar dat hy vir die nuwe Konvensie gaan stem, want hy „beschouwde het beter was een half ei te hebben dan een leegen dop." (Vgl. Die Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1894, Art. 657 en 658).

118) Ibid. Art. 657, Kruger se toespraak.

119) C.R.O. 508, Memorandum on the Question of the Delagoa Bay Railway by Mr. Fiddes, d.d. 11-10-1895, section III, Negotiations with Portugal respecting the Railway, the Attitude of Foreign Powers, and the Action taken by Her Majesty's Government in consequence, p. 16.

Blokland in Lissabon met die doel om namens die Suid-Afrikaanse Republiek beheer te verkry oor die spoorweg wat na die Transvaalse grens in aanbou was.[120] In die loop van die volgende paar jaar, toe die gekyf tussen Brittanje en Duitsland oor koloniale grense op die Afrikaanse Vasteland nie langer vir die oog van die skerpsinnige diplomaat verberg kon word nie, sak applikante soos hongerige wolwe uit alle oorde op Delagoabaai toe. Tussen Januarie en Maart 1892 wend Rothschild, in samewerking met die Kaapse regering, 'n poging aan om al die Portugese besittings suid van die Zambesi te koop. Die volgende maand vertrek Maguire, een van Rhodes se agente wat die Rudd-konsessie vir hom verkry het, na Lissabon om die Portugese te oorreed om die provinsie van Lourenço Marques aan die Kaapse regering te verhuur. Behalwe Rhodes, Rothschild en die Transvaalse regering het ook 'n private Britse sindikaat, waarin o.a. Isaacson en Baumann was, twee Britse parlementslede, met Lissabon onderhandelinge aangeknoop. Dan was daar ook nog sir John Pender wat op eie houtjie probeer het om Lourenço Marques vir die Kaapkolonie in te palm. Niemand het hond haaraf gemaak nie.[121] Teen die einde van 1892 pak Rhodes die saak met hernieude ywer aan, hierdie keer in samewerking met baron Merck, 'n Duitse finansier, wat die volle vertroue geniet het van Rothschild en ook Petre, die Britse gesant in Lissabon. Die Kaapse regering magtig Merck om Portugal £600,000 kontant aan te bied vir die spoorweg en veertig per sent van alle winste. Ook hiervan het niks tereggekom nie. Terwyl Merck in Lissabon vertoef, loop hy hom byna om elke hoek teen 'n mededinger vas. Daar was 'n geselskap Boere onder leiding van Isaac Lewis, verteenwoordiger van die firma Lewis, Marks en Kie; 'n Belg, Van Laun, wat voorgegee het dat hy in belang van die Transvaal optree; en Van Blokland, wat in amptelike hoedanigheid die saak van die Suid-Afrikaanse Republiek bepleit het.[122]

Die Portugese het 'n maklike skuifmeul gevind om die „belangstellendes" af te skud. Op 14 Desember 1883 het die Portugese regering 'n konsessie toegestaan aan E. MacMurdo, 'n Amerikaanse burger, om 'n spoorweg te bou van Delagoabaai na die Transvaalse grens. Om die skema uit te voer, moes hy 'n Portugese maatskappy stig met hoofkwartier in Lissabon. In Portugal kon hy nie genoeg geld vind om 'n kapitaalkragtige maatskappy tot stand te bring nie, en hy was uiteindelik verplig om 'n tweede maatskappy in die lewe te roep met Britse geld, die „Delagoa Bay and East African Railway, Ltd.", waarvan die wetlike posisie dié was van 'n aandeelhouer

120) Id., p. 15.

121) Id., p. 16.

122) Id., p. 16-17.

in die Portugese maatskappy. In Mei 1889 is MacMurdo oorlede en in die volgende maand het die Portugese regering die spoorweg wat byna voltooi was, gekonfiskeer onder die voorwendsel dat die voorwaardes van die konsessie nie nagekom sou wees nie. Daarna het die Britse regering skadevergoeding geëis namens die Engelse maatskappy en die Amerikaanse regering namens die weduwee van MacMurdo. In 1890 het die Switserse regering ingewillig om 'n arbitrasiehof in te stel. Dit sou 'n dekade duur voordat die hof, wat in Bern gesit het, sy uitspraak gelewer het en intussen het die Portugese agter die hangende saak geskuil om elke aanbod vir die spoorweg van die hand te wys. Trouens, Amerika het Portugal gewaarsku om nie van die spoorweg ontslae te raak alvorens die geregtelike saak afgehandel is nie.[123)]

'n Mens moet die geduld bewonder wat die Portugese geopenbaar het teenoor Boer, Brit, Duitser en Hollander met hul senutergende getorring om konsessies in Delagoabaai te verkry.[124)] Wel het Portugal in die laaste dekade van die 19de eeu in geldnood verkeer, maar sy nasionale trots het verhinder dat hy sy koloniale bates sommer so maklik opveil. Gedurende 1893 en 1894 het die Boere elke spier ingespan in 'n buitengewone poging om die Britte in Lissabon uit te knikker. Tot groot ontsteltenis van die Britte het die Duitsers hulle volle gewig aan die kant van die Boere ingegooi, en die Hollanders het ook nog 'n handjie bygesit.[125)] Op 10 Maart 1893 sein Rhodes die ontstellende berig, waarskynlik van Merck afkomstig, na Downingstraat dat Transvaalse agente in Lissabon deur Duitsland aangepor word om die Delagoabaaispoorweg te koop. Hy dring daarop aan dat Brittanje die Republiek moet voorspring en sonder verwyl die spoorweg moet oorneem. Die Kaapse regering sal instaan vir die volle koopsom.[126)] Dit het later geblyk dat dit 'n riemtelegram is, want in Lissabon kon geen spoor meer van die Transvaalse agente gevind word nie.[127)] Nietemin het Rhodes se politieke intuïsie hom kort daarna op die regte spoor gebring, want gedurende die volgende paar jaar het Kruger se agente in Lissabon en die ander Europese stede menigvuldige planne onder die kombers beraam om vir die Republiek beheer te verkry oor Delagoabaai en die spoorbaan na die Transvaalse

---

123) C.R.O. 508, Section I, The History of the Delagoa Bay Railway.

124) C.R.O. 508, Section V, The Policy of Her Majesty's Government after the Award, p. 35. (Portugal se talryke veldtogte teen die inboorlingestamme in Oos-Afrika het baie bygedra tot sy leë skatkis).

125) C.R.O. 508, Afd. III.

126) C.R.O. 508, Afd. III, p. 17.

127) Ibid.

grens.[128] Leyds self het teen die einde van 1893 na Europa vertrek om die leiding op hom te neem en die verskillende pogings sover moontlik te koördineer.[129] Die groot betekenis van die stryd om die beheer van Delagoabaai en die spoorweg na die binneland was die intieme bondgenootskap wat tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland ontwikkel het.[130] Vir ons is die vraag op die oomblik in hoeverre die Boer-Duitse kameraadskap invloed uitgeoefen het op die Britse beleid t.o.v. die Swasielandse vraagstuk.

Nie een van die toenmalige staatsmanne sou seker graag skoene met Kruger wou omruil nie. Van 'n gee-en-neembeleid teenoor Brittanje het hy tot dusver slegs bitter vrugte gepluk. Hy moes nog altyd „gee" en het seer selde die geleentheid gekry om iets te „neem" wat die moeite werd was. Om geïsoleerd die stryd teen Brittanje aan te knoop, sou futiel wees en slegs in die kraam van lg. pas. Hy het dus geen ander keuse gehad nie as om die hand wat Duitsland na hom uitgestrek het vas te gryp. Vir Duitsland was dit 'n geleentheid om die wêreld vir sy groot koloniale vyand warm te maak. Hy het dit dan ook nie net by woorde gelaat nie maar tot die daad oorgegaan. In September 1894 deel Von Herff, die Duitse konsul in Pretoria, die Uitvoerende Raad agter geslote deure mee dat Duitsland sterk protes by Portugal aangeteken het teen Brittanje se intriges in Lissabon en verklaar het dat hy, ter wille van sy koloniale, kommersiële en finansiële belange in Oos-Afrika en die Suid-Afrikaanse Republiek, sou ingryp as Delagoabaai of die spoorweg na die Transvaalse grens in die hande van 'n vreemde moondheid val. Na aanleiding van 'n brief wat hy van die Duitse Rykskanselier ontvang het, voeg Von Herff by dat Duitsland tot daardie stap oorgegaan het „alleen ter wille van en uit vriendschap voor de Zuid-Afrikaansche Republiek..."[131]

Die Duitse vriendskap moes vir Kruger 'n riem onder die hart gewees het. Tog is dit 'n vraag of dit verstandig van hom was om Brittanje af en toe in die openbaar

---

128) Vgl. Backeberg, a.w., hfst. XIII-XV.

129) Sien bv. L.A. 625A, p. 121, G.R. 107/93, memorandum in verband met Delagoabaai deur dr. Leyds, aan die Uitvoerende Raad voorgelê op 22-8-1893; L.A. 625 A, p. 224, G.R. 48/94, telegram uit Europa waarin Leyds by die Uitvoerende Raad aandring om £100,000 aan Portugal te leen om hom uit sy finansiële verleentheid te help, behandel tydens 'n geheime sitting op 11 Februarie 1894; L.A. 23B, nr. 623, Schrader se memorandum oor sy werksaamhede te Lissabon, d.d. 3-7-1894.

130) Vgl. Bakceberg, a.w., p. 214.

131) L.A. 625 C, p. 652, 655, 661 en 664, Pro Memoria, door de Duitsche Regeering aan den Duitschen consul medegedeeld en door dezen aan den U.R. voorgelezen op 11-9-1894; (Hierby is ook 'n vertroulike brief van die Republiek aan sy gesant ingesluit, d.d. 15-9-1894).

daaraan te herinner dat hy vriende in Europa het op wie se bystand hy kon staatmaak. As hy gemeen het om Brittanje daardeur van sy ingeslane koers af te skrik, het hy hom deerlik misgis. Toe die „Natal Mercury" van 15 Desember 1894 berig dat Kruger op Ermelo beweer het dat Duitsland en Frankryk tussenbei sou tree as Brittanje sy hand op Delagoabaai probeer lê, was Loch dadelik op sy agterpote. Hy waarsku Ripon teen die moontlikheid van 'n geheime verstandhouding tussen die Republiek en daardie moondhede, dat hulle die verdere verbreiding van Britse invloed in Suid-Afrika aktief sou teëstaan. Hy het reeds agterdogtig geword tydens sy samesprekinge met Kruger by Charlestown oor die Swasielandse vraagstuk: „During our recent Conference, I observed a great difference of tone assumed by the President and by members of his Government - such as might be assumed to be the case if he felt that he could depend upon the support of France and Germany to fall back upon."[132) ] Maar Loch het hom onnodig daaroor bekommer dat Brittanje se koloniale vyande hom op verkeerde voet in Suid-Afrika sou vang. Dwarsdeur die laaste helfte van 1894, maar veral in November en Desember, het die Britse diplomate op die vasteland die Duitse bewegings fyn dopgehou.[133)] Na 'n tydperk van verlof in die buiteland het Loch teen die middel van 1894 na Suid-Afrika teruggekeer. Van Ripon het hy opdrag gehad om toe te stem tot sekere wysigings wat Kruger begeer het in artikel 4 van die Londense Konvensie, wat die buitelandse beleid van die Republiek aan Britse beheer onderwerp het. Op 29 November telegrafeer die Koloniale Kantoor egter aan hom om nie die saak aan te roer in sy onderhandelinge met Kruger nie „in view of the position taken up by Germany." As Kruger die saak aanhaal, moet Loch dit na Downingstraat terugverwys vir 'n nuwe opdrag.[134)] Op daardie tydstip het die Duitse Koloniale Vereniging en Duitse koerante van alle politieke rigtings hul owerheid aangevuur om Brittanje se planne in verband met Delagoabaai te verydel en die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek te verdedig. Von Marschall het hom ywerig daarop toegelê om die Britse saakgelastigde dit aan die verstand te bring dat Duitsland vasbeslote was om sy gesag in Suid-Oos-Afrika te laat geld. Die Portugese het senuweeagtig geword oor die slegte bui waarin die Duitsers verkeer het, en op versoek van hul Eerste Minister, senhor Hintze Ribeiro, het sir Hugh MacDonnell, die Britse gesant in Lissabon, onderneem om geen uitlating in die openbaar te maak wat

132) B.A. Imp. White Books, vol. 50, nr. 6773, Bylae in nr. 7, Loch aan Ripon, d.d. 18-12-1894.

133) C.R.O. 508, Afdeling III, p. 19-24.

134) C.R.O. 508, Afd. III, p. 24.

maar enigsins geïnterpreteer kon word as 'n begeerte om die politieke ewewig in Delagoabaai omver te werp nie.[135] In hierdie tyd het die Brits-Duitse betrekkinge juis baie versleg, omdat Brittanje toenadering tot Rusland gesoek het en Duitsland Brittanje op sy knieë gedwing het aan die Guinese Golf, deur met toegewings aan Frankryk te dreig. Die uittartende Duitse imperialisme was ongetwyfeld in 'n groot mate verantwoordelik daarvoor dat Brittanje sy lusteloosheid, waarmee hy tot dusver die Swasielandse vraagstuk gehanteer het, skielik afgeskud en die aangeleentheid voor die helfte van 1895 tot 'n eindpunt gedryf het. Hoe betekenisvol 'n gebeurtenis soos die gelyktydige verskyning van Britse en Duitse oorlogsbote in Delagoabaai in Oktober 1894[136] ook al mag wees, is dit 'n onvoldoende verklaring vir die dryfkrag wat agter die skielike openbaring van die Britse magspolitiek geskuil het. Dit was die gevolg, liewer as die oorsaak, van die kragtige opwelling van die Britse Imperialisme. Om deur te dring tot die wese van die Britse ommeswaai, moet ons nou reeds luister na die veraf gerommel van die wêreldwye Imperialistiese vulkaan, waarvan ons die bron by die industriële rewolusie moet soek en wat vroeg in die twintigste eeu sy verterende lawa oor die Europese slagvelde sou stuur.

Uit die besluit waarmee die Transvaalse Volksraad die Tweede Swasielandse Konvensie bekragtig het, blyk baie duidelik dat die volgende sinsnede in die tweede artikel van die Konvensie hulle erg teen die bors gestuit het: "...zonder incorporatie daarvan (d.i. Swasieland) by de gemelde Republiek..." Dit was die vurige begeerte van die Boere dat Swasieland 'n inherente deel van hul vaderland moes word.[137] Daaraan moet miskien in 'n mate die feit toegeskrywe word dat die beoogde protektoraat nie spoedig geproklameer is nie. Dit is egter ook 'n feit dat die Swasies daarteen gekant was om hulle onder beskerming van die Republiek te plaas.[138] Brittanje was seker nog meer teleurgesteld as die Suid-Afrikaanse Republiek met die houding wat die Swasies aangeneem het. Vanweë die insypeling van die Duitse imperialisme in Suid-Afrika het 'n oplossing van die Swasielandse vraagstuk spoedeisend geword. Vir Downingstraat het daar net één uitweg oorgebly: as die Swasies nie vrywillig wou saamwerk om 'n oplossing te vind nie, moes hulle daartoe gedwing word. Terwyl Loch teen die einde van 1894 op pad na die Noorde was

---

135) Ibid.

136) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 200-202; p. 234-235; Backeberg, a.w., p. 219-223.

137) C.R.O. 518, p. 74, Resolution of the Volksraad ratifying the Swaziland Convention of 1893.

138) Vgl. Leyds, a.w., II, p. 138-143; Scholtz, a.w., I, p. 231-233.

om nog eens 'n nuwe ooreenkoms met Kruger oor Swasieland te sluit, wend die „Uitlanders' Association", wat die diepere motief agter die Britse houding nie begryp het nie, 'n laaste poging aan om Swasieland van die Boere te weerhou. Op 26 November neem 'n vergadering in Pretoria die volgende besluit aan: „It is with deep regret and concern that British subjects in the South African Republic learn from English newspapers and other sources that there is a probability of Her Majesty's Government agreeing to the Swazi Nation being placed under Transvaal rule."[139] Die besluit is aan die Britse agent oorhandig, wat dit sommer direk Natal toe gestuur het waar Loch hom reeds bevind het. Vir die Hoë Kommissaris was dit seker 'n groot verligting om te kon antwoord dat die besluit hom ongelukkig bietjie te laat bereik het, aangesien hy reeds 'n ooreenkoms met Kruger bereik het wat nie geopenbaar kon word voordat dit aan die Britse regering voorgelê is nie.[140] Die Derde Swasielandse Konvensie is op 10 Desember 1894 deur Kruger en Loch geteken op die grenslyn tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Natal.[141] Dit bevat slegs één belangrike wysiging van die vorige Konvensie: Kruger kon nou sy protektoraat oor Swasieland instel sonder vooraf toestemming van die Swasies te verkry.[142] Soos in die vorige Konvensie, word die sluiting van 'n aparte Konvensie met die oog op die aanlê van 'n spoorweg van Swasieland na Kosibaai weer in die vooruitsig gestel, terwyl Brittanje in 'n nuwe bepaling vir hom die reg voorbehou om 'n permanente konsulêre amptenaar in Swasieland aan te stel.[143] Op 'n buitengewone sitting op 13 Februarie 1895 het die Volksraad, hoewel hy te kenne gegee het dat daar nog nie aan die regmatige eise van die Republiek voldoen is nie,[144] die Derde Swasielandse Konvensie bekragtig en aan die Uitvoerende Raad opdrag gegee om die Republiek se gesag oor Swasieland in te stel. Dit het agt dae later gebeur.[145]

Onmiddellik na die inwerkingtreding van die Derde Konvensie het Loch, wat hom

---

139) B.A. Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, brief nr. 103, Loch aan Ripon, d.d. 22-12-1894; ook die Bylaes.

140) Ibid, Loch aan die Britse Agent, d.d. 14-12-1894.

141) Z.A.R. 153, Eene Conventie tusschen de Zuid-Afrikaansche Republiek en Hare Majesteit de Koningin van het Vereenigd Koninkrijk van groot Brittanje en Ierland.

142) Ibid, Art. 2.

143) Ibid, Art. 12; Art. 15.

144) Art. 2 bepaal uitdruklik dat Swasieland nie by die Republiek mag ingelyf word nie. (Vgl. ook C.R.O. 518, Resolution of the Volksraad ratifying the Swaziland Convention of 1894).

145) U.R. 12, sitting van die Uitvoerende Raad op 16 September 1895, Art. 134.

nog steeds in Natal bevind het, Walter Hely-Hutchinson, die Natalse Goewerneur, en John Robinson, die Natalse Premier, indaba gehou oor hul toekomsplanne in verband met die ooskus.[146] Dit is duidelik dat hulle nog nie die Swasielandse vraagstuk as finaal opgelos beskou het nie. Toe Robinson die Konvensie deurblaai, is hy ontnuts deur die twaalfde artikel wat handel oor die daarstelling van 'n aparte konvensie indien die Republiek nog sou begeer om 'n spoorweg na Kosibaai aan te lê.[147] Sy kabinet was heftig daarteen gekant om die Republiek enige toegang tot die see tussen Durban en Delagoabaai te verleen.[148] Loch het hom egter onmiddellik gerusgestel. Hy verseker hom dat geen verdere ooreenkoms oorweeg word nie, maar as daar later onderhandelinge met daardie doel aangeknoop word, glo hy dat Natal eers geraadpleeg sal word voordat 'n finale ooreenkoms getref word.[149] Vir Loch was dit 'n maklike taak om Robinson te troos. Met die oog op die bekamping van die Duitse invloed in Suid-Afrika het hy reeds op 29 Januarie 1895 by Ripon aangedring om, onmiddellik nadat die Suid-Afrikaanse Republiek die administrasie van Swasieland oorgeneem het, Zambaan en Oembegisa se gebiede te annekseer en 'n protektoraat oor Tongaland af te kondig.[150] Ook was hy nie die eerste wat met hierdie voorstel voor die dag gekom het nie. Reeds in Desember van die vorige jaar het Hely-Hutchinson 'n soortgelyke wenk aan die hand gedoen.[151] Vermoedelik is die plan deur hom en Loch bespreek op lg. se reis deur Natal om Kruger op die Transvaalse grens te ontmoet.

Dis wonderlik hoe maklik 'n mens stokke kan kry as jy 'n hond uit jou pad wil jaag. 'n Swasiedeputasie wat teen die einde van 1894 na Londen gegaan het om Ripon te smeek om hulle nie aan die genade van die Boere uit te lewer nie, moes onverrigter sake terugkeer.[152] Zambaan, Oembegisa en Mdhlaleni moes egter onmiddellik onder Britse beskerming geplaas word om hulle teen die wreedaardige Boere te beskerm!

---

146) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 493, brief nr. 21, Hely-Hutchinson aan Ripon, d.d. 14-3-1895.

147) Ibid, eerste Bylae in nr. 21, Robinson aan Hely-Hutchinson, d.d. 26-2-1895.

148) Ibid, nr. 21, Hely-Hutchinson aan Ripon, d.d. 14-3—1895.

149) Ibid, derde Bylae in nr. 21, Loch aan Hely-Hutchinson, d.d. 5-3-1895.

150) C.R.O. 480, nr. 184, Loch aan Ripon, d.d. 29-1-1895; ook B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 6773, die Bylaes in nr. 33, C.O. aan F.O., d.d. 21-2-1895.

151) B.A. Imp. White Books, Vol. 50, nr. 493, brief nr. 20, Hely-Hutchinson aan die Markies van Ripon, d.d. 14-3-1895. Hely-Hutchinson verwys in hierdie brief na 'n geheime dépêche van hom oor die aangeleentheid, d.d. 22-12-1894.

152) Vgl. Leyds, a.w., II, p. 139-140.

So bv. sou 'n sekere Van Oordt een van Zambaan se dogters so geslaan het dat sy tussen lewe en dood verkeer het. Diep ontroerd stuur Hely-Hutchinson die volgende verklaring van 'n Zoeloelandse magistraat aan Ripon: „Afraid even to remonstrate when his daughter is brutally flogged, he (Zambaan) is, however, very much excited and so also are his people; he says that he is tired of Boer rule, that the Boers are not fit to rule people, and he wishes that the country were a portion of Zululand."[153)]

Nog 'n handiger stok in die hande van Kruger se vyande was sy toespraak op 26 Januarie 1895 tydens die viering van Wilhelm II se verjaarsdag in Pretoria.[154)] Hy het met dankbaarheid melding gemaak van die goeie verhouding tussen Duitsland en die Republiek en verklaar dat Duitsland 'n beter begrip het van sy land se probleme as Brittanje. Die Duitsers in die Republiek het hy bestempel as voorbeeldige en pligsgetroue onderdane.[155)] Die Britse agent in Pretoria, sir Jacobus de Wet, het aan sy owerheid gerapporteer dat Kruger geen geheim van sy pro-Duitse gevoelens gemaak het nie maar tog ook nie eintlik iets gesê het wat vir Brittanje die weg kon baan om hom aan die keel te gryp nie.[156)] Downingstraat was egter daarvan oortuig dat Kruger daarop uit was om Brittanje te tart. Op 30 Januarie rig Kimberley 'n onoffisiële brief aan Malet, die Britse ambassadeur in Berlyn, en versoek hom om op taktvolle wyse die Duitse regering daaraan te herinner dat Artikel 4 van die Londen-Konvensie die Suid-Afrikaanse Republiek verbied om in bondgenootskap met Europese moondhede te tree sonder toestemming van Brittanje. Duitsland moet goed verstaan dat Brittanje die gehoorsaamheid aan daardie bepaling teen wil en dank op Kruger sal afdwing. Die Britse publiek is uiters gevoelig vir vreemde invloede in die Republiek, en as die Duitsers nie die Britte teen hulle in die harnas wil jaag nie, moet hulle nie die indruk skep dat hulle geneig is om hulle in te laat met die Republiek se aangeleenthede nie.[157)] Tydens 'n warm woordewisseling oor Duitsland se optrede in Suid-Afrika, het Malet die brief aan Von Marschall voorgelees. Lg. het veral Rhodes aangeval, wie se skinderpraatjies oor Boer-Duitse vryasies 'n slegte smaak in Duitsland nagelaat het.[158)]

---

153) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 493, Bylae in nr. 20, d.d. 14-3-1895.

154) Vgl. Backeberg, a.w., p. 230-237.

155) Id., p. 231.

156) Id., p. 234.

157) C.R.O. 508, Afd. III, p. 26.

158) Ibid.

Rosebery se kabinet het tot die gevolgtrekking gekom dat, as hulle die Duitse imperialisme uit Suid-Afrika wou weer, hulle noodgedwonge Hely-Hutchinson en Loch se wenk sou moes uitvoer en die Suid-Afrikaanse Republiek heeltemal van die see afkamp. Sekere berigte, afkomstig van die Britse agent in Pretoria, oor Kruger se volgehoue intriges op die ooskus, sou die nodige verskoning voorsien vir die genadelose uitklophou wat die Boerestaatjie toegedien moes word. De Wet het gerapporteer dat 'n sekere Duitse landmeter in diens van die Republiek tot die ontdekking gekom het dat die grens van Portugees-Amatongaland vyf minute te ver suid afgebaken is. Deur hierdie grens na sy regte plek te skuif en die grens van Ngwanasi, toenmalige opperhoof van die Tongas, te laat waar dit was, sou daar 'n neutrale landstrook van naastenby vyf myl breedte ontstaan wat die Republiek kon gebruik om Swasieland in verbinding met die see te stel. Ná hierdie ontdekking het 'n reeks geheime samesprekings tussen Kruger en die Duitse konsul plaasgevind met die doel om Duitsland se steun vir die uitvoering van die plan te verkry.[159)] Ook het De Wet berig dat 'n sekere inwoner van Kosibaai, McCreedy, besig was om met Kruger te onderhandel om 'n konsessie, wat die Tongas agt jaar gelede aan hom toegeken het en aan hom beheer oor Kosibaai sou gee, aan die Republiek oor te maak. McCreedy, wat baie loslippig was, het die hele geheim aan De Wet verklap. Op De Wet se vraag of hy daarvan bewus was dat Tongaland binne die Britse invloedsfeer geleë was, het hy geantwoord: „Yes, but what does that matter? England agreed to 164 concessions in Swaziland out of 217 and, if this Government buy my concession, it is for them to settle the matter.[160)]

Op 26 Februarie 1895 stuur Ripon 'n „most secret" telegram aan Hely-Hutchinson. Hy wou van hom weet of hy bereid was om dadelik na 'n anneksasie die administrasie van Zambaan se gebied oor te neem.[161)] Die volgende dag stuur Hely-Hutchinson 'n „most secret" telegram terug: „Ten days would be necessary for preparation if annexation is to be effected through me, and fourteen days for the journey in good weather. I could take over the administration directly the territory is annexed."[162)] Die strenge geheimhouding was teen Kruger - en seker ook teen die Duitsers - gemik. As die president sy oë uitvryf, moet hy voor die voldonge feit staan dat hy agter

---

159) C.R.O. 480, eerste Bylae in nr. 184, De Wet aan Loch, d.d. 26-1-1895.

160) C.R.O. 480, tweede Bylae in nr. 184, De Wet aan Loch, d.d. 26-1-1895.

161) C.R.O. 480, nr. 201, Ripon aan Hely-Hutchinson, d.d. 26-2-1895.

162) C.R.O. 480, nr. 202, Hely-Hutchinson aan Ripon, d.d. 27-2-1895.

'n netwerk van Britse tralies ingesluit is.

Dit het noukeurige beplanning gekos om die anneksasie sonder rugbaarheid deur te voer. Die gedagte om agter Kruger se rug om te werk te gaan, was van Hely-Hutchinson afkomstig en Loch wou hom aanvanklik nie daarmee versoen nie. Brittanje se prestige sou daaronder ly. Kruger moes vierkantig in die oë gekyk en sonder vrees vertel word dat die weg na die see vir hom afgesny gaan word: „My reason for this opinion is that it would be a more dignified course to be taken by a great power..."[163] Hely-Hutchinson het sover toegegee dat Kruger drie dae voor die aankoms van die Britse ekspedisie in Zambaan se gebied om die Union Jack daar te hys, in kennis gestel kon word.[164] Selfs Ripon was bevrees dat Kruger die komplot kon verongeluk. Op 23 April waarsku hy die waarnemende Hoë Kommissaris, generaal Goodenough, dat „the Governor of Zululand should act somewhat promptly after the Government of the South African Republic becomes aware of our intentions."[165] Die volgende dag verlaat 'n groot geselskap onder Saunders, 'n Zoeloelandse magistraat, Eshowe om Zambaan, Oembegisa en Mdhlaleni te gaan meedeel dat hulle vanaf 23 April Britse onderdane geword het.[166] Op 27 April is amptelik bekend gemaak dat hulle gebiede by Zoeloeland ingelyf is en op dieselfde dag is Kruger van dié stap in kennis gestel.[167] Die President, wat reeds geruime tyd vermoed het dat daar 'n slang in die gras was, is egter reeds die vorige dag deur White, sy Konsul-Generaal in Londen, telegrafies verwittig wat gaande was.[168] Ripon het White per abuis 'n dag te gou „as a matter of courtesy" op die hoogte van sake gebring.[169][170]

De Wet wou nog nie glo dat Brittanje Kruger ondergekry het nie. Hy waarsku sy owerheid dat Kruger met Duitse steun nog sou waag om sy hand op Kosibaai te lê. Dan sou Brittanje se bittere stryd teen die Boerenasionalisme na alles tog tevergeefs gewees het: „It would be an evil day not only for Great Britain, but also

---

163) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 493, Loch aan Hely-Hutchinson, d.d. 21-3-1895.

164) Ibid, p. 30, Hely-Hutchinson aan Loch, d.d. 21-3-1895.

165) Ibid, nr. 40, Ripon aan Goodenough, d.d. 23-4-1895.

166) Ibid, nr. 74, Hely-Hutchinson aan Ripon, d.d. 25-4-1895.

167) Ibid, nr. 76, Goodenough aan Ripon, d.d. 1-5-1895; ook die 4de, 9de, 11de, 14de, 25ste en 27ste Bylae.

168) Ibid, nr. 37, Goodenough aan Ripon, d.d. 22-4-1895 (Vgl. ook Leyds, a.w., II, p. 150-151)

169) Vgl. Scholtz, Oorsake, I, p. 239.

170) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 493, die 27ste Bylae in nr. 76, Goodenough aan Kruger, d.d. 30-4-1895.

for Her possessions in South Africa, when the Transvaal has a harbour of her own." Hy beskou dit dus/as sy dure plig om daarop aan te dring dat die Britse gesag onverwyld ook na Tongaland uitgebrei word.[171] De Wet sou nie lank in senuspanning verkeer nie. Hy moes net wag totdat Saunders die Britse vlag op die ander plekke ingeplant het.[172] Op 13 Mei wapper die Union Jack by Zambaan, op 25 Mei by Oombogiza en op 27 Mei by Mdhlaleni.[173] Daarna vertrek hy na Tongaland waar hy op 30 Mei in die teenwoordigheid van die hoofde en hul onderdane 'n Britse protektoraat afkondig.[174]

Die wyse waarop die Rosebery-regering Kruger ingegrendel het, strek 'n groot moondheid nie tot eer nie. Moes Rosebery, in sy hoedanigheid as politieke hoof van 'n wêreldryk, nie liewer teenoor Kruger opgetree het soos 'n vader wat aan sy seun - al is dit dan maar 'n stiefseun! - verduidelik dat sy belange noodwendig ondergeskik gestel moet word aan dié van die hele gesin nie? Loch was volkome geregtig om hom te skaam vir die gebrek aan durf en daad wat sy owerheid geopenbaar het. Dit was 'n onmiskenbare teken van inwendige gebrek aan stukrag. 'n Breuk in die geledere van die Liberale Party wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog sou vertak in „Pro-Boers" en „Liberal Imperialists" het toe reeds sigbaar geword.[175] In sy stryd teen Brittanje moes Kruger binne 'n driehoek beweeg, gevorm deur Gladstone, die „barmhartige Samaritaan," Rosebery die bedekte teenstander, en Salisbury, die openlike vyand. Rosebery was nie minder gevaarlik as Salisbury nie, want Kruger het nooit geweet wanneer hy hom in die rug kon steek nie. Soos verwag kon word, het Brittanje se optrede aanleiding gegee tot 'n skerp woordewisseling tussen Pretoria en Downingstraat.[176] Sir Hercules Robinson, wat in hierdie tyd vir die tweede keer die amp van Hoë Kommissaris aanvaar het, het ook 'n eiertjie bygelê. Hy kon nie verstaan waarom Kruger hom so ontstel het nie, aangesien die Derde Swasielandse Konvensie tog vir hom die pad oopgelaat het om onderhandelinge met Brittanje aan te knoop ten einde spoorwegverbinding met die ooskus te bewerkstellig.[177] Robinson

---

171) Ibid, eerste Bylae in nr. 86, De Wet aan Goodenough, d.d. 29-4-1895.

172) Ibid, nr. 71, Hely-Hutchinson aan Ripon, d.d. 18-5-1895.

173) Ibid, nr, 94, Hely-Hutchinson aan Ripon, d.d. 3-6-1895.

174) Ibid, nr. 97, Robinson aan Ripon, d.d. 7-6-1895.

175) Vgl. Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 94.

176) Z.A.R. 167, nr. 1, Leyds aan Hoë Kommissaris, protesnota, d.d. 27-4-1895; nr. 7, Leyds aan Hoë Kommissaris, beswaarskrif, d.d. 8-6-1895; nr. 8, Ripon aan Robinson, antwoord op die Republiek se protesnota, d.d. 11-5-1895; Bylae in nr. 16, (antwoord op nr. 7), Robinson aan Kruger, d.d. 13-9-1895.

177) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 493, brief nr. 138, Robinson aan Ripon, d.d. 14-6-1895.

redeneer hier teen sy beterwete. Hy het terdeë besef dat Kruger nie 'n spoorweg wou hê wat deur Britse gebied gaan nie. Dan kon hy ewe goed probeer het om die Kaapse of Natalse baan te koop. Kruger se ideaal was 'n onafhanklike, nasionale spoorweg, en dit is onmoontlik gemaak deur die samesluiting van die Britse en Portugese gebiede aan die ooskus. Die Swasielandse Konvensie het dus, wat hierdie saak betref, 'n dooie letter geword en Robinson se opmerking is niks minder as politieke huigelary nie.

Die Natalse regering wat, soos ons gesien het, 'n lewendige aandeel gehad het in die stryd om Kosibaai, het hom ook aan politieke oneerlikheid skuldig gemaak. Om die goeie gesindheid van die Republiek te behou, wou die Natalse regering graag sy hande in onskuld was wat die beslaglegging op Kosibaai betref. Daar was „a tacit understanding" tussen Hely-Hutchinson en die Natalse kabinet dat hy aan die buitewêreld sou verkondig dat die stap enkel en alleen van Downingstraat uitgegaan het.[178] Ongelukkig het daar 'n berig in „The Witness" van 30 April 1895 verskyn dat ten minste vier lede van die „Natal Border Volunteers" hulle aangemeld het vir diens in Tongaland.[179] Die Natalse kabinet het Hely-Hutchinson verwyt oor die lompe manier waarop die saak gehanteer is[180] en die Republiek verseker dat hulle eers op die 27ste April van die nuwe gebiedsuitbreiding verneem het.[181] Knoeiery soos hierdie het noodwendig agterdog gewek en uiteindelik militêre beslegting van geskille onvermydelik gemaak.

Daar bestaan gevaar dat ons die Duitse faktor in die lotgevalle van die Suid-Afrikaanse Republiek kan oordryf. Die belangstelling wat Duitsland in dié Boerestaat getoon het, was beslis nie die enigste rede waarom Brittanje hom van die buitewêreld afgehok het nie. Wat die stryd om Kosibaai betref, kon Duitsland inderdaad nie veel meer as morele steun aan Kruger verleen nie. Om oorlogsbote daarheen te stuur, soos hy in die geval van Delagoabaai gedoen het, sou 'n oorlogsdaad gewees het, want in 1885, ná sy afranseling in St. Luciabaai, het hy hom gebind om weg te bly van die ooskus tussen Natal en Mosambiek. Tien jaar later was hy nog alles behalwe in staat om Brittanje op see uit te daag. Hy het nog maar 'n derdeklas vloot tot sy beskikking gehad.[182] Geen wonder dat Brittanje dit gewaag het om af en

---

178) Ibid, nr. 84, Hely-Hutchinson aan Ripon, d.d. 3-5-1895.

179) Ibid, p. 68, Extract from "The Witness", April 30, 1895.

180) Ibid, 2de Bylae in nr. 84, John Robinson, Natalse Premier, aan Hely-Hutchinson, d.d. 3-5-1895.

181) Ibid, 3de Bylae in nr. 86, Hely-Hutchinson aan Hoë Kommissaris, d.d. 4-5-1895.

182) Vgl. Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 112; p. 126.

toe vir Duitsland te knor nie! Op 'n weloorwoë oomblik het Kimberley bv. die Duitse ambassadeur in Londen daaraan herinner dat Brittanje 'n sterk seemag het.[183] Ten spyte van sy vurige imperialisme het Loch tog soms sake nugter ingesien. So vind hy dit nodig om Ripon te waarsku teen De Wet se histerie oor die vermeende Boer-Duitse intriges in Kosibaai. Kruger het, volgens Loch, genoeg politieke insig gehad om te besef dat Brittanje hom nie sou toelaat om na Kosibaai uit te brei voordat hy by die Suid-Afrikaanse Tolunie aangesluit het nie.[184] Dit is 'n merkwaardige bekentenis hierdie en dui die oorsprong aan van die plan om die Republiek van die see af te sny. Om Kruger te beweeg om die las van Swasieland alleen te dra, is die poging laat vaar om hom in die Suid-Afrikaanse Tolunie in te dwing. Dit het Rhodes egter ontstel, want die ekonomiese eenwording van Suid-Afrika moes die weg baan na die politieke federasie wat hy beoog het. Maar daar was 'n ander metode wat ook aan Rhodes se doel beantwoord het: die Union Jack sou die Suid-Afrikaanse Republiek ommuur en hom tog ekonomies 'n deel van die Britse Ryk maak. Na alles kon Rhodes se ideaal dan nog in verwesenliking gaan. Die kringloop van Britse motiewe in verband met Kosibaai was dus: die uitskakeling van Duitse invloed in Suid-Afrika; die tydelike oorplasing van Brittanje se verantwoordelikheid t.o.v. Swasieland op die skouers van Kruger; die verlamming van Kruger se politieke aktiwiteite; en die tot stand bring van 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag, laasgenoemde weer om die imperialisme van Duitsland en ander Europese moondhede die hoof te bied.

---

183) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 202.

184) C.R.O. 480, nr. 184, Loch aan Ripon, d.d. 29-1-1895.

# HOOFSTUK IX.

## Delagoabaai.

Na die verlies van Kosibaai kon Kruger nog slegs deur Delagoabaai nie-Britse lug inadem. Bittereinder soos hy was, het hy gedurende die laaste helfte van die negentiger jare steeds sy kragte ingespan om deur daardie opening Brittanje se wurggreep te ontglip. Die stryd om Delagoabaai het dus voortgeduur. Die bewindsaanvaarding van die Konserwatiewe Party onder Salisbury in Junie 1895 het 'n rewolusionêre uitwerking op die verhouding tussen Boer en Brit gehad. Downingstraat het sedertdien sy ysterhoue al hoe vinniger op die hart van die Boererepubliek geplant. Dit was 'n uitvloeisel van die nuwe wêreld wat in die neëntiende eeu gebore is. Daar was al tekens dat die Liberale regering se geduld met Kruger aan die opraak was. In Februarie 1895 het Ripon ewe skielik besluit dat dit sy plig was om hom te vererg omdat die Transvaalse Volksraad nie die Swasielandse Konvensies bekragtig het sonder kommentaar op die houding van Brittanje nie. Hy het Loch dus opdrag gegee om Kruger mee te deel dat „Her Majesty's Government...declare that in ratifying the Conventions in question, they do not accept the language used by the Volksraad in their ratifications and are not in any respect bound by that language."[1) ] 'n Veel meer despotiese houding is aangeneem deur Salisbury se kabinet. Wat die wêreld vir Kruger nou so warm gemaak het, is dat nóg Salisbury in die Kantoor van Buitelandse Sake nóg Chamberlain in die Koloniale Kantoor hulle altyd deur die waarheid laat lei het. In 'n poging om kort proses te maak met Kruger se strewe om beheer oor Delagoabaai en die spoorweg na die Transvaalse grens te verkry, het Salisbury, kort nadat hy die Buitelandse Kantoor betrek het, die Portugese laat weet dat sy regering die reg van die Suid-Afrikaanse Republiek ontken om met Portugal of ander vreemde moondhede onderhandelinge te voer behalwe deur middel van Brittanje.[2)] Salisbury het hoegenaamd geen grond gehad vir sy standpunt nie, want sedert die sluiting van die Londen-Konvensie was die Republiek volkome geregtig om sy eie diplomatieke onderhandelinge te voer. Selfs die vuurvreter, G. V. Fiddes, het Salisbury se aanspraak beskou as „a distinct advance on any contention put forward by us since the Londen Convention of 1884."[3)]

---

1) C.R.O. 480, nr. 194, Ripon aan Loch, d.d. 22-2-1895.

2) C.R.O. 508, p. 30, verklaring van Fiddes, volgens 'n telegram van Salisbury aan MacDonell, d.d. 17-9-1895.

3) C.R.O. 508, Afd. III, p. 30.

In watter ernstige lig Salisbury die stryd om Delagoabaai beskou het, blyk uit die feit dat Fiddes, wat as Imperiale Sekretaris aan die Kaap 'n deeglike kennis van die Suid-Afrikaanse politiek opgedoen het, opdrag gekry het om vir die leiding van sy nuwe politieke base in Downingstraat 'n omvangryke studie te maak van die Delagoabaaise vraagstuk sedert sy oorsprong. Fiddes het sy memorandum vroeg in Oktober 1895 gereed gehad.[4] Hy benader die vraagstuk soos volg: (1) „The History of the Delagoa Bay Railway;" (2) „The British Rights in connection with the Province of Lourenço Marques;" (3) „Negotiations with Portugal respecting the Railway, the Attitude of Foreign Powers, and the Action taken by Her Majesty's Government in consequence;" (4) „The Railway Question in South Africa;" (5) „The Policy of Her Majesty's Government after the Award."[5] Met hierdie deurtastende ontleding van die vraagstuk het Fiddes probeer om 'n rooi lig daar te stel wat Brittanje kon waarsku teen die ernstige gevolge wat dit vir die Britse Ryk in Suid-Afrika sou hê as die Republiek daarin sou slaag om deur Delagoabaai te ontsnap. Dit sou die triomf beteken van die gehate Krugerisme, wat daarna sou gestrewe het om vir Duitsland 'n vastrapplek in Suid-Afrika te verower: „It is contrary to reason to suppose that Portugal can for long continue to maintain this narrow barrier between the Transvaal and the sea, and it must be well known in Berlin that the Boers, or, rather, the more ignorant section of them, known as the Doppers, look forward to a Republic owning Delagoa Bay, and under a German Protectorate."[6]

Hy waarsku dat die Portugese die Britte glad nie goedgesind is nie en hul Baai en spoorweg in enige hande sal wil sien behalwe in dié van Brittanje. Hy betwyfel dit egter of Lissabon dit maklik sou waag om die weg na die see vir die Republiek oop te stel. Brittanje het Portugal goed aan die keel as gevolg van die Brits-Portugese verdrag van 1891, wat eg. moondheid voorkoopsreg verleen op die Portugese gebied suid van die Zambesi. Daarom beveel hy aan dat Salisbury geduld moet gebruik totdat die arbitrasiehof die skadevergoeding bepaal het wat Portugal moet uitbetaal aan die eisers in die geskil oor die spoorweg van Lourenço Marques na die Transvaalse grens. Daarna moet hy vinnig optree. Twee stappe sal nodig wees om Kruger heeltemal skaakmat te sit. Eers moet Brittanje die Portugese spoorweg huur of koop en onder die gesamentlike administrasie van die Kaapkolonie en Natal plaas.

---

4) C.R.O. 508, Memorandum on the Question of the Delagoa Bay Railway.

5) Ibid.

6) Ibid, Afd. V, p. 37.

Daarna moet Brittanje Delagoabaai teen enige prys van die Portugese koop. Die Britse regering moenie in die eerste plek aan Delagoabaai dink in terme van sy ekonomiese waarde nie, maar daar moet gedink word aan die politieke gevaar wat dit kan word in die hande van 'n vyand. Duitsland sal sonder twyfel woedend wees as Brittanje hom op hierdie wyse uitoorlê, maar Fiddes vertrou dat Salisbury pal sal staan en die Duitse lawaai sal ignoreer. Delagoabaai moet, volgens hom, óf in Britse óf in Duitse hande val; 'n derde weg is daar nie. Fiddes sluit sy memorandum af met 'n toekomsvisioen. Weens die toestroming van immigrante uit die Britse Ryk na die Transvaal, sal daar binne 'n paar jaar 'n ryk en magtige Engelssprekende Republiek in die binneland van Suid-Afrika wees. Daar is egter geen waarborg dat die immigrante hul Britse sentiment op die lang duur sal behou nie. 'n Republiek mag ontwikkel wat niks met Brittanje behalwe sy taal gemeen het nie. As dit gebeur, sal die hele Suid-Afrika vir Brittanje verlore gaan en sal moontlik sy hele koloniale ryk verbrokkel. Om so 'n ramp af te weer, moet Brittanje met 'n fyn diplomatieke set voor die dag kom: „But if we have it in our power to offer them, when the time comes, the immediate control of the line, and the eventual possession of a port and sea-board, there is no reason why they should not again come under the British flag as a self governing Colony."[7] Hierdie profetiese blik van Fiddes is besonder betekenisvol, omdat dit 'n vrugbare akker gevind het - Salisbury se hart was ontvanklik, en deur hom die hart van die hele Britse volk.

Fiddes het hierdie memorandum aan die Konserwatiewe regering voorgelê op 'n tydstip toe die stryd om Delagoabaai 'n nuwe fase binnegegaan het. Hoewel die Witwatersrand reeds in 1892 met die Kaapse hawens per spoor verbind is, is dit eers aan die einde van 1894 met Delagoabaai in verbinding gestel en byna 'n jaar later met Durban.[8] Daarna het 'n spoorwegnet met die Rand as middelpunt soos 'n seekat sy pote uitgestrek na Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen, Durban en Delagoabaai.[9] Noodwendig moes mededinging tussen hierdie spoorbane ontstaan om die vervoer na die Rand te verower. Dit is begryplik dat Kruger alles in die stryd sou werp ten behoewe van die Delagoabaaispoorweg, want hy het nog steeds die hoop gekoester dat dit sy nasionale weg na die see sou word.[10] 'n Stryd oor spoorwegtariewe het in 1895 ontbrand, waarby veral die Kaapkolonie en die Suid-Afrikaanse Republiek betrok-

---

7) Ibid, Afd. V, p. 38.

8) C.R.O. 508, Afd. IV, p. 32.

9) Ibid.

10) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 252-257.

ke was. Natal kon buite die dispuut bly, omdat sy hawe in 'n gunstiger posisie was as die verafgeleë hawens van die Kaapkolonie. Fiddes som Kruger se spoorwegbeleid soos volg op: „His line (i.e. Delagoa Bay Line) to have all it can carry, Natal to have the rest and the Cape to get the crumbs that fall from the table."[11] Teen die einde van 1895 het 'n krisis ontstaan, wat maar al te duidelik getoon het watter sleutelposisie Delagoabaai beklee het in die hele konstellasie van Portugese besittings, Boererepublieke en Britse kolonies in Suid-Afrika. Die oorsprong van die krisis was geleë in 'n ooreenkoms wat die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij in Desember 1891 met die Kaapse regering gesluit het, waarvolgens lg. aan die Maatskappy £300,000 geleen het om 'n spoorbaan vanaf die terminus van die Kaapse baan aan die Vaalrivier na Johannesburg en Pretoria te bou. Die Kaapse regering het die reg verkry om die betrokke spoorweg te administreer en vervoertariewe daarop vas te stel tot Desember 1894. Daarna sou die Maatskappy volle beheer oor die spoorweg verkry.[12] In 1895 het die N.Z.A.S.M. die vervoertariewe op dié spoorweg verhoog, met die doel om die grootste deel van die vervoer van die kus na die Rand af te keer na die Delagoabaaispoorweg. Die Kaapse regering het op hierdie set geantwoord deur sy goedere per osswa van die Vaalrivier na die Rand te vervoer. Kruger het dit probeer verhoed deur die driwwe te sluit. Alleen deur die druk wat Downingstraat op hom uitgeoefen het, het Kruger die driwwe heropen.[13] Die Salisbury-kabinet het terdeë besef dat sulke onaangename insidente, met die politieke spanning wat hulle meegebring het, afgeweer kon word as hy beheer oor Delagoabaai kon kry.

Oënskynlik was daar geen verband tussen die Jameson-inval en die stryd om Delagoabaai nie. Tog het die Britse Imperialiste anders oor die saak gedink. Dit skyn asof slegs die woorde „British Paramountcy" en „Kaiser's Telegram"[14] dikwels meer oor hul lippe gekom het gedurende 1896 as die woord „Delagoabaai." Dit is begryplik, want as Brittanje Delagoabaai besit het, kon hy self die „Kontinentale Stelsel"[15] wat Napoleon aan die begin van die neëntiende eeu sonder sukses op hom toegepas het,

11) C.R.O. 508, Afd. IV, p. 32.

12) Ibid, p. 32.

13) Ibid, p. 34; (Vgl. ook Scholtz: Oorsake, I, p. 257-261).

14) Bedoel word Wilhelm II se telegram van gelukwensing aan Kruger omdat hy die Jameson-inval afgeweer het. (Vgl. Backeberg, a.w., Hfst. XVI).

15) Napoleon het probeer om alle handelskontakte tussen Brittanje en die Europese vasteland af te sny.

nou op die Suid-Afrikaanse Republiek uittoets. Heel waarskynlik sou die verbete stryd om die stemreg in die Suid-Afrikaanse Republiek dan onnodig gewees het. Die Britte was blykbaar bevrees dat die goeie gesindheid wat Wilhelm II teenoor die saak van die Boere geopenbaar het in die telegram van gelukwensing wat hy aan Kruger gestuur het omdat Jameson nie daarin kon slaag om hom van sy troon te stoot nie, die Duitsers sou aanspoor om met hernieude ywer pogings aan te wend om Delagoabaai ten behoewe van die Republiek in te palm. Sommige skrywers het in hul boeke oor Suid-Afrika spesiaal 'n plekkie ingeruim vir 'n bespreking van die Delagoabaai-vraagstuk, ander het vlugskrifte versprei waarin aangetoon word dat Delagoabaai die vyfde kolonner van die Britse Ryk kon word.[16] As voorbeeld dien die intensiewe studie van die Delagoabaai-vraagstuk uit die pen van 'n sekere kolonel Malleson. In 'n lywige vlugskrif, <u>Delagoa Bay: The Key to South Africa</u>, beweer hy dat sy volk die vuurgloed van die imperialisme op die horison van die Europese vasteland nog nie raak sien nie: „We are, indeed, a very peculiar people. Whilst the nations of the Continent are making the most costly preparations for a struggle, the germs of which were contained in the Treaty of Frankfort, and which might be begun at any moment, England, in her calm indifference and studied unpreparedness resembles a passenger bound to start by the night mail for India, but who, at five minutes before the hour of departure, finds himself still in his hotel, with not a single trunk packed, no cab ordered and with two miles to drive. This is the case, not only with our naval and military preparations, but also with our sea routes."[17] Malleson verfoei die „Little England"-beleid van Gladstone en bestempel hierdie staatsman as die grootste vyand wat die Koloniale Ryk van Brittanje ooit gehad het. Hy verwys na die „fatal and humiliating day" toe die Transvaal aan die Boere teruggegee is en beweer dat die Suid-Afrikaanse Republiek 'n broeines geword het van Hollandse en Duitse samesweerders, wie se ideaal dit is om Brittanje uit die suidpunt van Afrika te verdrywe. Tot op daardie tydstip was die Britse oppergesag in Suid-Afrika „patent, undisputed, indisputable," maar Gladstone het die fondament van die Ryksgebou wat Brittanje gedurende tagtig jaar met goed en bloed opgebou het, op verraderlike wyse ondergrawe. Dit is laat in die dag, so beweer Malleson, maar daar is darem nog één redmiddel vir die Britse Ryk - Delagoabaai. Volgens hom is Delagoabaai die sleutel, nie net na die ryk binneland van

---

16) Vgl. P. A. Molteno: A Federal South Africa, p. 86, Londen, 1896; Malleson: Delagoa Bay: The Key to South Africa, Londen, 1896.

17) Malleson, a.w., p. 3.

Suid-Afrika nie maar ook na die rykdomme van die Ooste. Duitsland is besig om die sleutel in sy sak te steek en Brittanje moet dit afneem voordat dit te laat is!

Fiddes het in 1896 'n tweede memorandum, The Case against the South African Republic,[18] vir die gebruik van Downingstraat opgestel, waarin hy probeer aantoon dat alle blaam vir die Jameson-inval op die skouers van Kruger geplaas moet word. Hierin vestig hy opnuut die aandag van sy owerheid op die internasionale intriges in Delagoabaai. Dis nie om dowwe neute dat Leyds, die Staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek, Delagoabaai so graag besoek nie. 'n Nuwe Duitse konsul, graaf Pfeil, het kort gelede daar aangekom. Hy en Leyds ontwerp die een skema na die ander om beheer oor Delagoabaai en die Portugese spoorweg te verkry. Duitsland sal nie rus voordat die laaste spoor van Britse invloed uit die Transvaal verdwyn het nie.[19]

In April 1896 het ene Percy Whitehead deur middel van sy swaer, Sydney Evershed, 'n Britse parlementslid, die Koloniale Kantoor gesmeek om in belang van die Britse handelaars en nyweraars sonder versuim die beheer van Delagoabaai oor te neem. Die Portugese is te swak om hul regte teen die Boere en Duitsers te verdedig, en as hulle beslag lê op Delagoabaai, is die Brit se dae in Suid-Afrika getel.[20] Dis te begrype dat die alarm wat Malleson in die openbaar en Fiddes, Whitehead, Evershed e.a. agter die skerms gemaak het, Salisbury en veral Chamberlain, wat teen hierdie tyd self 'n wakker Imperialis geword het, tot handeling sou aanspoor.

In die najaar van 1896 het alarmkrete uit Johannesburg en Pretoria oor die Republiek se ondergrondse bedrywighede in verband met Delagoabaai Chamberlain se ore in die Koloniale Kantoor onophoudelik laat tuit.[21] Grond vir die berigte was daar wel, want twee van die Republiek se agente, Thaddäus Schrader van Dresden en Vikko Hansen van Kopenhagen, het nog in Januarie 1897 elk £71/15/6 vergoeding van Beelaerts van Blokland ontvang vir „vertaalde Portugeesche Couranten berichtjes en

18) C.R.O. 518 (Secret), The Case Against the South African Republic, Memorandum by Mr. Fiddes, July, 1896. (Printed for the Use of the Colonial Office).

19) C.R.O. 518, p. 45-48.

20) B.A. Imp. White Books, Vol. 51, nr. 516, Brief nr. 260, Evershed aan C.O., d.d. 6-4-1896; ook Bylae.

21) C.R.O. 532, Affairs of the South African Republic, Secret Correspondence, October 1894 - December 1897, p. 5-11, berigte d.d. 19-6-1896; 23-6-1896; 2-7-1896; 18-7-1896; 20-7-1896; 7-12-1896; 21-12-1896, ens.

enkele praatjes."[22] Vroeg in 1897 het Leyds hom gereed gemaak om op 'n sending na Europa te vertrek. Conyngham Greene, wat De Wet opgevolg het as Britse agent in Pretoria, het alles in sy vermoë gedoen om die planne wat Leyds in die skild gevoer het uit te snuffel. Op 24 en 25 Maart het die Uitvoerende Raad in die geheim vergader om Leyds se program op te stel. Kort daarna het Greene 'n verslag van die verrigtinge na die Hoë Kommissaris gestuur. Die inligting wat hom ter ore gekom het, het hy in so 'n ernstige lig beskou dat hy dit liewer in 'n privaat as amptelike brief na Kaapstad versend het.[23] Die naam van sy informant hou hy geheim maar bestempel hom as „a source in which I have perfect confidence."[24] Volgens Greene het Leyds opdrag gekry om hom eers na Duitsland te begewe om vas te stel of daardie moondheid nog agter die Republiek staan in sy stryd om Delagoabaai. Daarna moes hy Lissabon besoek „to show Portugal how advantageous it would be for her to throw off English pressure by appealing to the Powers to make Lourenço Marques a neutral port, whose neutrality would be guaranteed by the Transvaal, the Orange Free State and other European Powers and still remain under Portuguese administration."[25] Greene verklaar dat sulke fantasieë en dwaashede hom koud sou gelaat het as dit nie was dat inligting uit ander bronne die bestaan daarvan bevestig het nie. Sy kommentaar op Leyds se sending was: „The whole scheme is so preposterous in its audacity, and the allusion to the Transvaal guaranteeing the neutrality of Lourenço Marques, and thus taking its place upon the roll of the Powers, is so delicious that one is only reminded of the fable of the frog that tried to blow itself out to the size of the ox."[26] Chamberlain het Greene se dépêche ontvang op 'n tydstip toe die verhouding tussen hom en Kruger hoog gespanne was as gevolg van die Republiek se binnelandse beleid.[27] Hy het sy kollegas oorgehaal om die bangmaaktaktiek van hul voorgangers na te volg en 'n vlooteskader na Lourenço Marques te stuur. Greene moes aan Kruger verduidelik dat die mobilisasie bedoel was as 'n magsvertoon: Brittanje sou nie vir 'n oomblik huiwer om sy regte te verdedig nie.[28] Op hierdie wyse wou Chamberlain seker die gedagte van 'n neutrale hawe

---

22) L.A. 625 C, p. 947, Van Blokland aan Leyds, d.d. 12-1-1897.

23) C.R.O. 532, nr. 52, p. 68, Rosmead aan Chamberlain, d.d. 31-3-1897; ook Bylae.

24) Ibid.

25) Ibid.

26) Ibid.

27) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, Hfst. VI.

28) C.R.O. 532, nr. 53, Rosmead aan Chamberlain, d.d. 17-4-1897.

by Delagoabaai vroegtydig die nek inslaan. As hy egter gemeen het dat Kruger nou die wapen sou neerlê, het hy hom misgis - die stryd om Delagoabaai het onverpoosd voortgeduur.

Die verskerping van die agitasie in Britse kringe sedert die Jameson-inval om Brits-Suid-Afrika na Delagoabaai uit te brei, het sowel die Duitsers as Franse erg teen die bors gestuit. Jameson het die Transvaalse grens op 29 Desember 1895 oorgesteek. 'n Week later het Duitse oorlogsbote gedreig om soldate in Lourenço Marques te laat land. Die doel sou dan wees om die Duitse konsulaat te beskerm. Die Portugese het hulle boeglam geskrik maar die Britse regering het hulle aangepor om weerstand te bied en steun belowe om enige Duitse aggressie af te weer. Die Duitsers het dit raadsaam geag om die aftog te blaas.[29] By die eerste die beste geleentheid het Von Marschall egter in die Ryksdag verklaar dat Duitsland geen aanslag op die onafhanklikheid van Delagoabaai of die Suid-Afrikaanse Republiek sou duld nie.[30] Dwarsdeur 1896 het groot politieke spanning tussen die Duitsers, Britte en Portugese (en in mindere mate ook die Franse) in Delagoabaai geheers. In Desember het die Duitse konsul in Lourenço Marques by sy owerheid geklae dat die Portugese hom beledig het.[31] Duitsland het Portugal gedwing om verskoning te vra. In die begin van die volgende jaar het Roger Casement, die Britse konsul, hom weer vererg omdat sy Duitse kollega op Majubadag die vlag van Duitsland gehys het.[32] Die verhouding sou in die loop van 1897 nog verder versleg. Hiertoe het die uitbreiding van die Duitse handelsvloot en die poging om vir Duitsland 'n mark in Suid- en Oos-Afrika te verower baie bygedra. Die Britse Laerhuis het in 1897 'n gekose komitee aangestel om ondersoek in te stel na die mededinging wat Brittanje in die handelswêreld van ander moondhede ondervind het. Voor hierdie komitee het o.m. getuienis afgelê: Donald Currie, voorsitter van die „London Shipping Exchange"; Garland Soper, voorsitter van die „South African Merchants' Committee"; en Henry Heathcote Clarke, voorsitter van die „South African Mercantile Association." Al drie hierdie manne het verwys na 'n vorm van Duitse staatsosialisme wat 'n verderflike invloed uitgeoefen het op Brittanje se handel met Suidelike Afrika. Dit het bestaan uit 'n ingewikkelde stelsel van staatsubsidies aan nasionale stoom-

---

29) C.R.O. 548, Memorandum on the Question of the Delagoa Bay Railway by H. Lamber, d.d. 28-12-1897.

30) Ibid.

31) Ibid.

32) Ibid. Casement aan die Koloniale Kantoor, d.d. 7-3-1897.

vaartlyne en voorkeurtariewe op staatspoorweë. Volgens Currie het die Duitse stoomvaartlyn na Suid- en Oos-Afrika in 1896 subsidies ter waarde van bykans £45,000 ontvang, terwyl die vervoerdiens van dié lyn slegs £50,000 opgelewer het. Dit was 'n uitdaging vir die Britse rederye, want hul regering het nie stoomvaart na die ooskus gesubsidieer nie, selfs nie vir die instandhouding van 'n posdiens nie. Daarby kom nog dat die Duitse staatspoorweë op goedere bestem vir Duitse skepe in Hamburg vervoertariewe gehef het wat van tien tot vyftig per sent laer was as tariewe op goedere wat na dieselfde hawe gegaan het maar bedoel was vir inskeping deur Britse skepe. Sedert die „Deutsche Ostafrika-Linie" in 1890 sy eerste skepe na Suidelike Afrika gestuur het, het daar, ten spyte van 'n oënskynlike beleid van „give-and-take,"[33] kwaai mededinging ontstaan tussen die Duitse en Britse geldbase om die handel met hierdie wêrelddeel te verower. Uiteindelik het die Britse skepe hul Duitse konkurrente uit die hawens van die Kaapkolonie gedruk. Die gevolg was dat die Duitse redery al sy aandag toegespits het op die ooskushawens, veral Durban en Delagoabaai. Nou het die Britse Imperialiste hulle weer daaroor bekommer dat, as gevolg van die „paternal protection of the German Government," die Duitsers daarin sou slaag om hulle langs die ooskus in te grawe.[34] Die politieke motiewe wat die stryd om Delagoabaai aangevuur het, het in toenemende mate ook 'n ekonomiese kleur ontwikkel.

Soos gemeld, was Frankryk ook gekant teen Brittanje se Delagoabaaibeleid. Frankryk het 'n nou verband gesien tussen die vraagstuk van Delagoabaai en dié van die Transvaal. In April 1897 was gerugte in Parys in omloop dat 'n aansienlike aantal Britse oorlogskepe op pad na Delagoabaai was. Hanotaux, die Franse Minister van Buitelandse Sake, wat dikwels verklaar het dat sy volk Brittanje se vyandige houding teenoor die Suid-Afrikaanse Republiek ten seerste betreur, het die maneuvers aan die ooskus met Monson, die Britse ambassadeur in Parys, bespreek. Hy het die hoop uitgespreek dat Brittanje nie van voorneme was om die onafhanklikheid van die Boererepubliek te vernietig nie. Monson het geantwoord dat sy owerheid seker nie so 'n avontuur sou onderneem sonder grootskeepse militêre voorbereiding nie.[35] Dit het so getref dat Chamberlain juis op daardie tydstip in Parys was.

---

33) C.R.O. 532, nr. 119, Die Direkteur van Militêre Inligting aan die Koloniale Kantoor, d.d. 24-9-1897; ook die Bylae.

34) Ibid. (Al ons inligting oor die stryd tussen die Britse en Duitse rederye is uit hierdie bron afkomstig).

35) C.R.O. 532, nr. 51, F.O. aan C.O., d.d. 17-4-1897; ook die Bylae, Monson aan Salisbury, d.d. 15-4-1897.

Toe hy van Hanotaux se ontsteltenis verneem, het hy Monson na hom gestuur met die boodskap dat die magsvertoon in Delagoabaai enkel en alleen ten doel gehad het om aan die wêreld te toon dat die Britse regering „will not permit any infringement of their undoubted rights."[36)]

Die aangeleentheid is ook in 'n vergadering van die Franse kabinet bespreek. Hanotaux het sy kollegas probeer gerusstel deur te verklaar dat die Britse optrede teen Duitsland gemik was. Tog kon hy nouliks sy eie besorgdheid verberg. Monson was bevrees dat die Franse meegevoel met die saak van die Boere hulle sou aanmoedig om te volhard in hul stryd teen Brittanje. Aan Salisbury skrywe hy: „The anxiety displayed by M. Hanotaux on this point is, I feel bound to state to your Lordship, simply the reflection of the very strong feeling held in political circles in France in regard to possible English policy against the Transvaal. So convinced am I of the strength of this feeling and the length to which its influence may lead the Government of the Republic to go in the event of more serious trouble arising with the Transvaal, that I should be wanting in my duty did I not express to your Lordship this conviction in the clearest terms."[37)] Die ironie van die saak is dat die Franse meegevoel met die Republiek saam met die Britse skepe uit Delagoabaai verdwyn het! Toe Leyds hom die volgende maand in Parys bevind, kon Hanotaux 'n halfuurtjie afsonder om met hom die Boer-Britse betrekkinge te bespreek. Die Fransman het niks opgewonde geraak oor die opdraande stryd wat die Boere moes voer nie en Leyds aangeraai om 'n versoeningsbeleid teenoor Brittanje te volg.[38)] Nog voor hierdie onderhoud was Monson bewus van die ommeswaai in die houding van die Franse staatsman. Nadat Hanotaux reeds 'n afspraak met Leyds gemaak het, het hy en Monson nog eers die Transvaalse vraagstuk uitgepluis. Hanotaux het met nadruk verklaar dat hy by Leyds sou aandring om 'n versigtinge beleid teenoor Brittanje te volg. Monson het na afloop van die samespreking soos volg gerapporteer: „M. Hanotaux' decided language, coupled with the change of tone of the Press...are a very gratifying proof that in France at any rate there is now a much clearer understanding of the merits of the question than appeared to be the case some weeks ago."[39)] Hoe moet ons nou die bolmakiesie van Hanotaux verklaar? Anders as Duitsland het Frankryk nie in die Suid-Afrikaanse Republiek 'n middel gesien om

---

36) Ibid.

37) C.R.O. 532, eerste Bylae in nr. 51, Monson aan Salisbury, d.d. 15-4-1897.

38) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 25-26.

39) Aangehaal in Scholtz: Oorsake, II, p. 25.

die Britse Imperialisme te beveg nie. Was dit die geval, sou Suid-Afrika se geskiedenis moontlik 'n ander koers ingeslaan het. Wel het die Brits-Franse stryd oor Egipte nog steeds 'n diep kloof tussen die twee moondhede geskep[40] en het Frankryk ook handelsbelange in Delagoabaai gehad,[41] maar die haat wat die Fransman teenoor die Duitser gekoester het, was dieper gewortel as sy haat teenoor die Brit. Deur sy koloniale aspirasies in Noord-Afrika te stuit, het Brittanje een van Frankryk se ledemate afgekap,[42] maar Duitsland het hom in die hart getref deur sy hande op Elsas-Lotharinge te lê.[43] Frankryk sou Delagoabaai eerder in besit van Brittanje as Duitsland sien. In elk geval het Leyds die Franse diplomasie reg gepeil toe hy Kruger gewaarsku het om nie op Frankryk se arm te leun nie.[44]

In werklikheid kon Brittanje net so min peil trek op die houding van Frankryk as die Suid-Afrikaanse Republiek. As daar één leemte in Brittanje se verhouding tot die Europese vasteland was wat die stryd om Delagoabaai sterk na vore gebring het, was dit dat sy isolasiebeleid uitgedien was. Die Leeu kon wel brul met die hoop dat die ergernis in sy stem aan die oorkant van die see indruk sou maak, maar, in die stryd om sy plek vol te staan in die ry van nasies, kon hy nie staatmaak op die lojaliteit of bystand van 'n enkele groot moondheid nie. Downingstraat se diepste bekommernis in verband met die Delagoabaaise vraagstuk was dat die onvaste Europese konstellasie vir Duitsland die weg kon baan om Brittanje in Delagoabaai met die munt van St. Luciabaai en Kosibaai terug te betaal - as die Leeu sy oë uitvryf, kon die Adelaar dalk reeds in Delagoabaai intrek geneem het! So raadop was Downingstraat met hierdie vraagstuk dat Lambert, 'n senior amptenaar in die Koloniale Kantoor, teen die einde van 1897 nogeens 'n studie daarvan moes maak in 'n poging om vir sy base koers deur die baie kronkelgange te vind.[45]

Lambert slaag nie juis daarin om met beter voorstelle as Fiddes voor die dag te kom nie. Die oplossing wat hy aanbeveel, is gegrond op 'n boodskap wat Salisbury in Maart 1897 aan De Carvalho, die Portugese Minister van Buitelandse Sake, gestuur het na aanleiding van gerugte dat die Portugese uit talle oorde finansiële

---

40) Id., p. 13.

41) Id., p. 28-29.

42) Id., p. 13.

43) Vgl. Rose, a.w., p. 105.

44) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 25-26.

45) C.R.O. 548, Memorandum on the Question of the Delagoa Bay Railway, by H. Lambert, d.d. 28-12-1897, Supplementary to Memorandum African (South) nr. 508.

hulp belowe is sodra die Berner-arbitrasiehof sy bevinding bekend gemaak het. Salisbury het net soveel en nog meer steun aangebied as enige van sy mededingers maar die Portugese tewens gewaarsku dat hy hardhandig teen hulle sou optree as hulle enige grondgebied waarop Brittanje reg van voorkoop besit, vervreem. Ook het Salisbury daarop aangedring dat Portugal geen besluit in verband met Lourenço Marques of Mosambiek moes neem voordat Brittanje geraadpleeg is nie.[46] Lambert meen dat Brittanje niks meer as 'n dreigende houding kan inneem solank as die Bernerhof sit nie. Intussen mag die waaksaamheid van sy verteenwoordigers in Berlyn, Parys, Pretoria en Lissabon nie vir 'n oomblik verslap nie. Duitsland wag net vir'n geskikte oomblik om troepe in Delagoabaai te land. Sy beleid is daarop gemik om 'n bres te slaan in die muur van Brittanje se koloniale ryk: „She is clearly pursuing a policy which is inconsistent with the maintenance of our position as Paramount Power in South Africa." Die Franse probeer ook om 'n deel van die buit weg te dra. Die skepe van twee Franse rederye doen reeds gereeld Lourenço Marques aan. Onder aanvoering van Hollanders tree die Suid-Afrikaanse Republiek in noue samewerking met Duitsland op. Soos in Swasieland probeer die Republiek voortdurend konsessies in en om Delagoabaai verkry[47] met die doel om hom daar so diep in te grawe dat die Portugese hom nie weer sal uitkry nie. Laaste, maar nie die minste nie, wys hy op die gevaar wat in die houding van Portugal skuil: „Portugal vacillates. She holds the key of the situation, but she cannot stand alone, and will follow the line of least resistance." Lambert wil van Portugal 'n waarborg swart op wit hê dat hy nie Brittanje se regte, soos vasgelê in die verdrag van 1891, ná die Berner-uitspraak sal veronagsaam nie: „Our rights will be interpreted and respected by Portugal exactly in the proportion in which we press them on her."[48]

Tog sou die Britse beleid 'n ander rigting inslaan as wat Fiddes en Lambert voorgestaan het. Soos Salisbury het hierdie amptenare nog nie besef dat die Britse buitelandse beleid 'n nuwe oriëntering nodig gehad het nie. Chamberlain, die versiende staatsman, wat besef het dat die tyd vir Brittanje verby[49] was om op eie krag staat te maak, het, na langdurige onderhandelinge met Berlyn,[50] in 1898 op verrassende

---

46) C.R.O. 548, Salisbury aan MacDonnell, d.d. 18-3-1897.

47) Die konsessies het o.m. ingesluit die Katembe-konsessie en drie Inhambane-konsessies. (C.R.O. 548).

48) C.R.O. 548, sienswyse van Lambert.

49) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 9.

50) Vgl. Halevy, a.w., p. 45-56.

wyse die Britse sweer op die ooskus uitgesny. In September 1898 het die Transvaalse Volksraad op drie agtereenvolgende dae agter geslote deure vergader. Hoewel verskeie onderwerpe bespreek is, soos bv. die maneuvers van Britse troepe in Natal, het die posisie van Delagoabaai blykbaar die meeste sorg gebaar. Op daardie tydstip het die pers volhard met gerugte oor 'n geheime Brits-Duitse entente waarin Delagoabaai ook 'n plekkie gekry het.[51] In hierdie geval was die spreekwoord „Waar 'n rokie is, is 'n vuurtjie" maar al te waar. Op 30 Augustus 1898 het Brittanje en Duitsland 'n ooreenkoms gesluit wat gegrond was op die veronderstelling dat die Portugese kolonies in Afrika en elders vanweë die finansiële nood van hul moederland uiteindelik aan die genade van daardie twee moondhede uitgelewer sou word. Duitsland het onderneem om sy belangstelling te beperk tot dié deel van Mosambiek wat noord van die Zambesi geleë is, dele van Angola en die Portugese gedeelte van die Suidsee-eiland Timor.[52] Delagoabaai is dus saam met die res van die Portugese besittings vir Brittanje gelaat.[53] Sedertdien moes die Suid-Afrikaanse Republiek die stryd om Delagoabaai sonder sy vernaamste bondgenoot voortsit.[54] Gelukkig vir Kruger het die Portugese nog genoeg daadkrag besit om die Brits-Duitse greep te ontvlug.[55] In 1899 het die „Imperial South African Association" opnuut 'n veldtog van stapel gestuur vir „an out-and-out transfer of the Province of Mozambique to the British Crown."[56] Dit sou egter nie gebeur nie. Toe die Boere vir hul vryheid begin veg, handhaaf die Portugese nog steeds hul eerstegeboortereg op Delagoabaai met dieselfde vasberadenheid van 'n kwarteeu vroeër.

In Oktober 1899 het die diplomatieke stryd om materiële gewin op die Transvaalse grense oorgeslaan in 'n militêre stryd om die siel van die Suid-Afrikaanse Republiek. Die Britse dolk het deur die Boerehart gedring. Ná die Tweede Vryheidsoorlog het die Boerehart weer begin klop, en in Brittanje het die ortodokse liberalisme van Gladstone voor die helfte van die twintigste eeu in gewysigde vorm herlewe. Dit sou 'n verreikende uitwerking hê op die internasionale status van Suid-Afrika.

---

51) C.R.O. 557, South African Republic, Secret Correspondence, 1898, Bylae in nr. 103, Fraser, waarn. Britse Agent in Pretoria, aan Milner, d.d. 17-9-1898.

52) Vgl. Halevy, a.w., p. 55-56; Bixler, a.w., p. 133-134; Scholtz: Oorsake, II, p. 41-42. Ons behandel hierdie ooreenkoms breedvoeriger in 'n later hoofstuk.

53) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 44.

54) C.R.O. 572, nr. 258, F.O. aan C.O., d.d. 10-8-1899; Ook die Bylae, MacDonell aan Salisbury, d.d. 28-6-1899.

55) Ibid, p. 42; Bixler, a.w., p. 135-140.

56) Vgl. Handy Notes on South Africa for the use of Speakers and others, p. 6. (Third Revised Edition, Westminster, 1899). Artikel onder die opskrif: „What of Delagoa Bay?"

# HOOFSTUK X.

## Die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die nasies.

Dit het tyd geword dat ons ingaan op die vraag in hoeverre die betrekkings tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en ander moondhede 'n gevaar ingehou het vir „British Paramountcy" in Suid-Afrika.[1] Binne 'n paar jaar na die ontdekking van goud op die Witwatersrand het die Republiek 'n ware lusoord geword vir avonturiers van oor die hêle aardbol. Die amptelike sensusverslag vir 1890 gee die samestelling van die bevolking (nie-blankes uitgesluit) soos volg aan: 59,334 Transvaalse burgers; 11,527 Vrystaters; 3,977 Natallers; 29,385 Kolonialers; 171 inwoners van ander Suid-Afrikaanse State; 8,980 Britte; 1,943 Duitsers; 153 Franse; 384 Russe; 98 Italianers; 1,420 Hollanders; 33 Belge; 65 Switsers; 6 Portugese; 1,252 onderdane van ander Europese state; 281 Amerikaners; 167 Australiërs.[2] De Wet, die Britse agent in Pretoria, meen dat die aantal uitlanders binne vyf jaar daarna met 30,000 toegeneem het, terwyl ten minste 'n duisend Boere die Transvaal verlaat het om hulle in Damaraland of Angola te gaan vestig. As hy die natuurlike aanwas buite rekening laat, bereken hy dat daar teen die einde van 1894 ongeveer 70,000 Boere (Transvalers en Vrystaters) teenoor 62,000 Britse onderdane en 15,000 ander vreemdelinge in die Republiek gewoon het.[3] Die Boere het dus nie meer hoop gehad om die agterstand in te haal nie. Sonder om te veel peil te trek op die syfers van De Wet, kan 'n mens daaruit ten minste aflei dat die kanse vir die Republiek om sy suiwer Boerekarakter te behou maar skraal was. Die keuse het waarskynlik gelê tussen 'n Republiek waarin mettertyd maar min spore van die Boereaard en tradisies sou oorbly, of 'n Britse kolonie waarvan die lotsbestemming vanuit Downingstraat bepaal sou word. Eersgenoemde rigting wou Brittanje ten alle koste verhoed, want dit kon die einde van sy oppergesag in Suid-Afrika beteken. Daarom dat hy die vorm wat die internasionale potpourri in die Republiek aangeneem het so noukeurig dopgehou het.[4]

Brittanje het die verbreiding van vreemde invloed in die Republiek nie slegs om politieke redes nie maar ook uit ekonomiese oorwegings met lede oë aangesien.

1) Noodwendig is hierdie vraagstuk al in 'n sekere mate in die voorafgaande hoofstukke bespreek. Ons bepaal ons egter hoofsaaklik by die regeertydperk van die Konserwatiewe Party sedert 1895.

2) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, brief nr. 85, Cameron, (waarn. Hoë Kom.), aan Ripon, d.d. 9-10-1894; ook die Bylaes.

3) Ibid, eerste Bylae, De Wet aan Cameron, d.d. 4-10-1894.

4) Ibid.

Die gevaar het bestaan dat sy Europese konkurrente die mark kon verower wat die goudnywerheid aan fabrikante en handelaars gebied het. In werklikheid was Brittanje se probleem van veel wyer omvang as dié wat deur die Suid-Afrikaanse Republiek geskep is; hy het ook magteloos gestaan teenoor sy eie kolonies met parlementêre selfbestuur indien hulle handel met vreemde moondhede verkies het. Chamberlain was 'n sterk voorstander daarvan dat Britse produkte voorkeur moes geniet op die koloniale markte.[5] Hy het pas die Koloniale Kantoor betree, of Hely-Hutchinson, die Natalse Goewerneur, word versoek om 'n opname te maak van „the extent to which foreign imports have displaced, or are displacing similar British goods in Natal." Ook moes hy die redes probeer vasstel waarom die koloniale verbruiker voorkeur gee aan goedere van vreemde fabrikaat.[6] Die taak om die verlangde gegewens in te samel, het neergekom op die skouers van J. Byrne, die hoofdoeanebeampte van Durban. Hy het dit moeilik gevind om die eerste deel van die opdrag uit te voer, maar wat die redes betref waarom die Britse fabrikate van die mark verdring word, verklaar hy dat daar in Natal, soos in die Transvaal, baie vreemdelinge woon wat belang het by sakeondernemings op die Europese vasteland en gevolglik hul benodigdhede vandaar invoer. Vir hom is die grondoorsaak van die ongewenste toestand egter daarin geleë „that the greater part of the articles imported from foreign countries can be obtained <u>at a less cost</u> than similar articles of British manufacture."[7]

As dit sy beursie raak, laat die Natalse kolonis hom dus nie deur sentiment lei nie. Hierdie houding is van groot belang met die oog op die ontevredenheid wat die handelsbeleid van die Suid-Afrikaanse Republiek in die geledere van die Britse kapitaliste en Imperialiste uitgelok het. As Brittanje se eie onderdaan onwillig was om die duurder Britse artikel te koop, kan 'n mens seker verwag dat die onderdaan van die Republiek nog minder geneig sou wees om dit te doen. Dit geld ook vir die amptelike houding van die Republikeinse regering. Tog het die Britse agent in Pretoria en die Imperiale Sekretaris in Kaapstad dit nodig gevind om die aandag van die Koloniale Kantoor daarop te vestig dat Kruger by voorkeur bestellings

---

5) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 10-11.

6) C. 8449, nr. 17, Hely-Hutchinson aan Chamberlain, d.d. 23-2-1897; ook die Bylaes. (In November 1895 het Hely-Hutchinson sy opdrag van Chamberlain gekry en sy verslag was eers in Februarie 1897 gereed).

7) Ibid, verslag van Byrne, d.d. 23-1-1897. (Met hierdie bewering kom hy twee keer voor die dag). (Onderstreping deur skrywer).

plaas by Duitse firmas in Berlyn, Stuttgart en Neurenberg.[8)]

Wat die Britse Imperialiste nog meer verbitter het in Kruger se ekonomiese beleid, was die skepping van monopolieë in die verkeersweë, handel en industrieë. Kruger het daarin geglo dat die Republiek sy eie nywerhede moes opbou. Toe hy hom met die presidentsverkiesing van 1883 verkiesbaar gestel het, het hy al verklaar: „Fabriekswese is 'n behoefte wat reeds lank gevoel en erken word. Waarom moet ons produkte, soos ons wol, ens., in die buiteland bewerk en ten duurste deur ons teruggekoop word?"[9)] Aangesien die staat te arm aan kapitaal was om nasionale ondernemingsdaar te stel, kon die taak slegs aangepak word deur die toekenning van konsessies aan persone of maatskappye. Die Europese geldbase sou egter nie hul kapitaal op die spel plaas tensy hulle in 'n aansienlike mate teen mededinging gevrywaar word nie. Daarom moes die konsessies aan hulle die waarborg gee dat mededingende plaaslike nywerhede en ondernemings nie tot stand gebring sou word nie. Met verloop van tyd het die aantal konsessies toegeneem. So was daar bv. teen 1895 konsessies in verband met spoorweë, dinamiet, stene, teëls, sement, seep, suiker, kêrse, stysel, papier en lekkergoed.[10)] Weens sy vrees vir Britse oorheersing was Kruger natuurlik nie geneë om te veel konsessies aan Britse onderdane toe te ken nie. Fiddes slaan die spyker op die kop as hy in 1896 die konsessiepolitiek bestempel as „the most effective weapon hitherto employed in combating the British manufacturer."[11)] Weens vervoerkoste en invoerregte kon die Britse fabrikant moeilik meeding met die konsessionaris wat die artikel plaaslik vervaardig. Die Koloniale Kantoor het dan ook voortdurend klagte ontvang van Britse maatskappye soos die „Roburite Explosives Company," die „National Explosives Company," en die „Cotton Powder Company" dat hulle van die Transvaalse mark verdring word.[12)]

Ná die mislukte Jameson-inval het die Koloniale Kantoor hom geleidelik begin inrig om 'n oorlogstoestand in Suid-Afrika die hoof te bied. Chamberlain het klaarblyklik besef dat een van die mees verantwoordelike take op sy skouers sou wees om 'n verontskuldiging in die oë van die wêreld te vind vir 'n aggressiewe optrede

---

8) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 516, brief nr. 39, Chamberlain aan Robinson, d.d. 7-5-1896; nr. 225, Goodenough aan Chamberlain, d.d. 27-6-1896; Bylae in nr. 225, wnd. Br. Agent aan waarn. Hoë Kommissaris, d.d. 19-6-1896; C.R.O. 518, Fiddes: The Case against the South African Republic (1896).

9) Vgl. Du Plessis: Pres. Kruger aan die woord, p. 22.

10) C.R.O. 518, p. 57; Verder: The British Case against the Boer Republics (Issued by the Imperial South African Association, Westminster, 1900), p. 9.

11) C.R.O. 561, p. 7.

12) C.R.O. 561, p. 7.

teenoor die klein Boererepubliekies. 'n Bekwame amptenaar, wat goed op die hoogte was met die stryd tussen Boer en Brit, is derhalwe aangesê om Brittanje se saak teen Kruger op skrif te stel. Op hierdie wyse het Fiddes 'n geheime dokument vir die Koloniale Kantoor opgestel, nl. „The Case against the South African Republic."[13] Later het Lambert 'n tweede deel bygevoeg: „The Case against the South African Republic, Part II."[14] Albei hierdie amptenare, maar veral lg., braak gal op Kruger se beleid om monopolieë aan persone en maatskappye toe te ken. Lambert sê: „The creation of ridiculous industries by what are probably more or less corrupt concessions is, perhaps, rather a case of Protection run mad than evidence of a desire to stimulate competition with British trade, though the Transvaal is as anxious to assert its commercial independence as it is to show its political independence of Great Britain."[15] Die spoorweg- en dinamietmaatskappye noem hy „the richest and most shameless and oppressive monopolies in the country..."[16] Nadat hy ingegaan het op die baie misstande wat deur die toekenning van die konsessies ontstaan het en selfs[17] Kruger daarvan beskuldig het dat hy konsessies in die hande van bloedverwante en vriende besorg het, verklaar hy op bytend-spottende wyse: „There is scarcely anybody or anything connected with the Transvaal Government, which cannot be bought, excepting only 'our dear bought independence', which is not yet in the market."[18] Of is Lambert sò verbitterd omdat hy voel dat die onafhanklikheid van die Republiek 'n geval is van die „suur" druiwe wat die jakkals nie kon bykom nie? Kruger het gehoop om met sy konsessiepolitiek dieselfde te bereik as Chamberlain met sy leuse: Brittanje eerste op die koloniale markte. Albei wou hul eie nywerhede opbou en versterk. Juis daarom het hul optrede hulle in botsing met mekaar gebring. Die verskil in hul posisie was egter dat Kruger vir sy land moes vra wat Chamberlain vir

---

13) C.R.O. 518, The Case against the South African Republic. (Printed for the use of the Colonial Office). Secret Memorandum by Mr. Fiddes, d.d. July 1896.

14) C.R.O. 561, The Case against the South African Republic, Part II. (In Continuation of African South, no. 518), Secret Memorandum by Mr. Lambert, d.d. December, 1898.

15) C.R.O. 561, p. 36.

16) Ibid, p. 26.

17) Dat die monopoliestelsel nadele gehad het en ook aanleiding gegee het tot wanpraktyke, kan nie ontken word nie. Nie net die Britte nie maar ook Duitsers en Franse het vroeër of later geprotesteer teen die wyse waarop die dinamietmonopolie uitgevoer is. (Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 173-177; Oorsake, II, p. 200-206).

18) C.R.O. 561, p. 26-27.

sy land kon eis.

In Downingstraat het in toenemende mate die vrees ontwikkel dat die betrekkinge wat die Republiek gaandeweg met ander moondhede opgebou het, Brittanje se politieke en ekonomiese aspirasies t.o.v. Suid-Afrika, soos uit bostaande uiteensetting duidelik word, kon verongeluk. Dit is dus nodig dat ons 'n poging sal aanwend om vas te stel of Brittanje rede gehad het om op grond van daardie vrees die onafhanklikheid van die Republiek te vernietig. Veral met die Portugese, Hollanders, Franse en Duiters het die Republiek in meerdere of mindere mate op intieme voet verkeer.

## HOOFSTUK XI.

## Die Portugese faktor in die betrekkinge tussen die Republiek en Brittanje.

Ons let in die eerste plek op die invloed wat Portugal op die Suid-Afrikaanse Republiek uitgeoefen het. Die voortdurende kontak tussen die Boere en Portugese het natuurlik voortgespruit uit hul nabuurskap in Suid-Afrika. Sodert die aanvang van die Groot Trek het die Boere al probeer om met die Portugese bevriend te raak. Hulle het gehoop dat die Portugese hulle sou help om 'n weg na die see te vind, en verder wou hulle voordelige handelsbetrekkinge aanknoop.[1] In Julie 1869 is die reeds genoemde traktaat van „Vrede, Vriendskap, Handel en Grenzen" tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Portugal gesluit.[2] Ses jaar later het dié twee buurstate, „bezield met den lust om de betrekkingen van vriendschap en koophandel, die tusschen de wederzijdsche Staten zijn gevestigd, nauwer aan te halen, te verbeteren en te consolideeren,"[3] 'n nuwe traktaat gesluit wat van krag gebly het tot by die aanvang van die Tweede Vryheidsoorlog. Op hierdie traktaat kom ons later weer terug.

Die Brits-Portugese vriendskap was natuurlik veel ouer. Inderdaad het die Britte daarop aanspraak gemaak dat die Portugese hul oudste bondgenote was,[4] en die Portugese het op hul beurt graag verwys na „the ties of friendship which should bind Portugal to her oldest ally."[5] Reeds in 1313 het Engeland en Portugal hul eerste vriendskapsverdrag gesluit. Op 9 Mei 1386 volg die beroemde Verdrag van Windsor waarin die twee nasies verklaar dat hul vriendskap sou wees „inviolable, eternal, solid, perpetual and true."[6] Dit klink natuurlik baie idealisties maar, hoewel daar soms wrywing van 'n ernstige aard tussen die twee moondhede ontstaan het, soos bv. gedurende die internasionale wedloop om grondgebied in Afrika, het dit nooit tot 'n openlike breuk gelei nie. Dit word verklaar deur die feit dat hulle nie gelykty-

---

1) Vgl. Krüger: Die Weg na die See, of Die ooskus in die Boerebeleid voor 1877 met besondere verwysing na die Verhouding tot die Portugese.

2) Ibid, Bylae C.

3) Z.A.R. 153, Tractaat van den 11den December 1875, gesloten tusschen Thomas Burgers, Staatspresident der Z.A. Republiek, en Zijne Majesteit de Koning van Portugal.

4) Vgl. Toynbee: Our Oldest Ally, artikel in „The Observer," d.d. 23-10-1955.

5) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 6773, brief nr. 135, MacDonell aan F.O., d.d. 26-8-1895.

6) Aangehaal deur die joernalis en geskiedskrywer Arnold Toynbee, in „The Observer," van 23 Oktober 1955.

dig na wêreldleierskap gestrewe het nie. Die Britse Ryk het sy glorietydperk tegemoetgegaan toe die Portugese Ryk reeds die toppunt van sy mag bereik het en op die agtergrond gedring is.[7] In die tydperk van die Boererepublieke was Portugal reeds so verswak dat hy telkemale op die vlug geslaan het as die Leeu sy tande wys. Vir Kruger sou 'n sterker „buurman" seker van groter nut gewees het, enersyds om die direkte aanslae van die Britse imperialisme te weerstaan, andersyds om die vrees te verwyder wat die opportunistiese Portugese by die Britte ingeboesem het dat hulle te eniger oomblik kon swig voor die druk van die Duitsers, Franse, Hollanders en ander bondgenote van die Boere.

Die politieke stelsel van Portugal het ewe min kontinuïteit van beleid verseker as dié van Brittanje. Daarin was nog 'n bron van kommer vir Downingstraat geleë. Die Britse gesante in Lissabon het dikwels op die gevaar gewys dat 'n politieke party die bewind kon oorneem wat vir die Boere die poort na die buitewêreld sou ontsluit. Salisbury het in 1895 in Brittanje aan bewind gekom op 'n tydstip toe die politieke lewe in Portugal 'n gevaarlike lae peil bereik het. MacDonell, die Britse ambassadeur in Lissabon, was wel daarvan oortuig dat senhor Hintze Ribeiro, wat die leisels in hande gehad het, sterk pro-Brits was, maar hy kon sy gesag in die land slegs handhaaf deur 'n absolute diktatorskap te beoefen waardeur 'n baie onsekere toestand geskep is. Die opposisiepartye, die Geestelikes en Republikeine, het vinnig veld gewen en Brittanje kon nie op die lojaliteit van een van hulle staatmaak nie. Aangemoedig deur die Spaanse Republikeine het die Republikeinse Party 'n beweging op tou gesit om die monargie af te skaf. Daar was selfs gevaar van sedisie. Die koning na wie die Portugese nog altyd vir leiding opgesien het, was 'n swakkeling en 'n willose instrument in die hande van sy regering. Die koningin het met die Geestelikes geknoei, en fluistertonge het vertel dat daar vervreemding tussen haar en die koning ingetree het. Om die ellende te kroon, was die staatskas so leeg soos nooit tevore nie.[8] Onder hierdie omstandighede hoef dit ons nie te verbaas dat Downingstraat met vrees en bewing die dag voorsien het dat Duitsland sonder veel inspanning vir hom 'n weg via Lissabon en Delagoabaai na die Suid-Afrikaanse Republiek sou baan nie.

'n Ander faktor wat Brittanje laat vrees het dat die Portugese wal, wat die Duitse imperialisme en Boerenasionalisme van mekaar moes skei, kon wegkrummel, was

---

7) Vgl. Toynbee: Our Oldest Ally, artikel in „The Observer," d.d. 23-10-1955.

8) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 6773, brief nr. 135, MacDonell aan F.O., d.d. 26-8-1895.

die agterdog onder baie Portugese dat die Britse geldmag daarna gestrewe het om 'n politieke houvas op hul koloniale ryk te verkry. Soos voorheen gemeld, het Brittanje, hoewel hy begin flou word het in die wedloop om industriële leierskap, tog die vernaamste uitvoerder van kapitaal tot aan die einde van die neëntiende eeu gebly. Die klein nasies het begin besef dat finansiële oorheersing uiteindelik kon uitloop op politieke slawerny. In hierdie verband is dit interessant om te let op die diplomasie wat MacDonell voorgestaan het t.o.v. die Portugese. Hy het aanbeveel dat Salisbury 'n groot lening aan Portugal moes toestaan om hom uit sy finansiële nood te red en sodoende stewiger aan Brittanje te bind. Dit sou egter nodig wees om die Portugese regering aan die verstand te bring "that the assistance does not come from Cecil Rhodes, otherwise you will inevitably drive them to seek it from the Germans, or the French, who have lately appeared on the scene."[9] Die Portugese wou van Rhodes nie hoor nie, omdat hulle geglo het dat hy 'n wolf in skaapsklere was. Agter sy hulpvaardigheid het hulle politieke motiewe gesien, begerige oë op die Nabotswingerd aan die suid-ooskus van Afrika.[10] Dit wil voorkom asof sekere nywerheidskringe in Portugal ook 'n renons in die Britse kapitalisme gehad het en hulle gevolglik aan die kant van die Boere geskaar het. Toe Leyds teen die einde van 1898 Lissabon besoek in sy hoedanigheid as gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek in Europa, het die Vereniging van Fabrikante van Katoenvesels van Oporto, die tweede grootste stad in Portugal, van die geleentheid gebruik gemaak om hom geluk te wens met sy verhoogde status. In 'n telegram aan hom het die president van die Vereniging die hoop uitgespreek dat die hele wêreld in verset sou kom teen die „ambisieuse maneuveurs" wat daarop gemik is om die vryheid van die Boere te vernietig. Hy het bygevoeg dat die soewereiniteit en onafhanklikheid van sowel die Transvaal as Portugal bedreig word maar sy vertroue uitgespreek in die wêreld se sin vir geregtigheid.[11] In sy antwoord het Leyds o.m. verklaar: „I am well acquainted with the patriotic feelings of this noble country (Portugal) and I feel therefore greatly gratified at

---

9) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 6773, brief nr. 135, MacDonell aan F.O., (Privaat), d.d. 26-8-1895.

10) Ibid. Dat MacDonell die posisie van Rhodes in Lissabon reg beoordeel het, word bevestig deur wat Leyds reeds in 1893 geskrywe het: „De persoon die in Lissabon voor Rotschild (Rhodes) werkte, is daar niet meer; hij schijnt er uitgespeeld te zijn, Rhodes blijkt er bijzonder gehaat te zijn, zoo zelfs dat in bladen, die als Regeeringsbladen kunnen gelden hij uitgescholden wordt. Bij het noemen van zijn naam vliegt elke Portugeesch op." (L.A. 625A, p. 195, G.R., 215/93, Leyds vanuit Amsterdam aan die Wd. Staatsekretaris, d.d. 24-11-93).

11) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, brief nr. 436, F.O. aan C.O., d.d. 10-12-1898; ook Bylae.

your uniting the two countries in the same destiny...The Government of the Republic, in common with the Association of the Manufacturers of Cotton Tissues, have the greatest confidence in their right and in their eternal triumph against any attempts that may be made against them...The Transvaal and the Chief of the State likewise are most earnestly and sincerely in favour of the sovereignty, independence, and prosperity of the Portuguese nation."[12)]

'n Deel van die Portugese pers het die vlam van weersin in die Brit nog verder aangeblaas. In die half amptelike blad „Novidades" van 19 Januarie 1898 verskyn 'n artikel uit die pen van senhor Fratel, 'n eertydse lid van die Portugese Laerhuis en ondersteuner van die regering, oor Portugal se koloniale beleid. In werklikheid is dit 'n bedekte aanval op die aggressiewe Britse Imperialisme in Suid-Afrika. Die skrywer bespeur by Portugal in toenemende mate 'n neiging tot intieme „rapprochement" met die Transvaal. Dit skrywe hy daaraan toe dat die Republiek nog nooit gepoog het om Portugal se koloniale integreteit aan te val nie. Hy laak die beledigende en arbitrêre optrede van die groot moondhede wanneer klein staatjies in hul pad kom. Ten spyte van die Konvensies wat Brittanje in 1881 en 1884 met die Boere gesluit het, is sy beleid daarop bereken om die Transvaal te annekseer. Die Boere bedrieg hulself as hulle meen dat Duitsland of 'n ander moondheid ten behoewe van hulle teen Brittanje sal optree. Die groot moondhede is almal besig met hul eie koloniale intriges en bekommer hulle bloedweinig oor die lot van die klein volkies. Brittanje sal eenvoudig die uitlandervraagstuk gebruik om Kruger van sy troon te stoot. Die grootste probleem van die Republiek is die hoë ouderdom van Kruger. Daar is niemand wat die Republiek in die krisisuur met soveel wysheid, prestige en takt kan lei nie. Fratel sluit sy betoog af deur te wys op één groot gevaar in die Boer-Portugese vriendskap en samewerking: die Britse stoomroller sal Portugal saam met die Boererepubliek plat trap![13)] Een van die opposisieblaaie, die „Popular", sluit aan by Fratel en bewonder die manmoedige stryd wat die Boere teen Britse oorheersing aangeknoop het. Dit beklemtoon egter in baie sterk taal die gevare wat daar vir Portugal skuil in enige koketterie met die Boererepubliek. Die blad gaan selfs so ver om te eis dat Portugal moet weier om op enige terrein met die Republiek saam te werk solank die spanning tussen hom en Brittanje so hoog is, omdat die

---

12) Ibid. Engelse vertaling, aangehaal in die Portugese blad, „Popular," d.d. 28-11-1898.

13) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, brief nr. 107, F.O. aan C.O., d.d. 17-2-1898; ook die Bylae, vertaling van artikel in „Novidades," d.d. 19-1-1898.

Britte op die Portugese wrak sal neem indien 'n oorlog in Suid-Afrika uitbreek. Daarom maak hy beswaar teen die invoer van kapitaal uit die Republiek na Lourenço Marques en die immigrasie van Portugese onderdane na die Rand om in die myne te gaan werk.[14] Tereg merk MacDonell op dat die houding van die Portugese pers die onrus weerspieël wat die opportunistiese beleid van Lissabon onder die volk gewek het.[15]

In 'n paar woorde kan ons die nasionale vraagstukke van Portugal teen die einde van die neëntiende eeu soos volg opsom: finansieël, ekonomies en politiek onstabiel;[16] staatkundig verswak weens 'n wankelende troon; internasionaal sonder noemenswaardige betekenis; koloniaal in besit van 'n baai op die suid-ooskus van Afrika waarop begerige oë uit talle oorde om politieke, kommersiële en strategiese redes gevestig was. In die penarie waarin hy hom bevind het, kon 'n mens seker moeilik verwag dat Lissabon 'n anders as opportunistiese beleid sou volg om die roer wat aan hom toevertrou is so te hanteer dat die skip nie op die dreigende rotse strand nie. Een feit staan soos 'n paal bo water - Brittanje het nooit geweet waar hy aan of af is met die Portugese nie. Om sy probleem te vererger, kon hy die Boererepublieke in die binneland van Suid-Afrika nie heeltemal in 'n waterdigte hok afkamp nie. Eén poort, waardeur anti-Britse invloed kon insypel, het in besit van die Portugese gebly. Twee weë het vir Downingstraat oopgestaan ter handhawing van sy oppergesag in Suid-Afrika: hy kon of die Republieke vernietig en daardeur die poort as politieke wapen teen hom onskadelik maak, of hy kon eis dat Portugal die poort onder sy beheer plaas, waardeur hy natuurlik inbreuk sou maak op die soewereiniteit van Portugal. Dit sou ongetwyfeld aanleiding gegee het tot 'n militêre stryd tussen Brit en Portugees met onberekenbare internasionale implikasies op die Europese vasteland. Daarom het Brittanje die eerste weg - die maklikste - gevolg.

Ons wil nog kortliks stilstaan by die ekonomiese betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Portugal, om vas te stel of dit enige uitwerking gehad het op die Britse beleid t.o.v. eersgenoemde staat. Die Portugese het nie juis oor kapitaal beskik om in die Republiek te belê nie. Soos ons in die vorige hoofstuk

---

14) Ibid, vertaling van artikel in „Popular," d.d. 20-1-1898.

15) Ibid, MacDonell aan Salisbury, d.d. 21-1-1898.

16) 'n Rewolusie in 1910 het gelei tot die onttroning van Manoel II. Inwendige partystryd het voortgeduur totdat 'n militêre diktatorskap in 1926 tot stand gekom het. Ekonomies het die land op die rand van bankrotskap gebly totdat Salazar daarin geslaag het om die finansies op 'n gesonde basis te plaas. Sy beloning was die Eersteministerskap in 1932. (Vgl. The New Book of Knowledge, Edited by Sir John Hammerton, Vol. Seven, p. 3332).

aangetoon het, kon hulle nie eens 'n spoorweg na die Transvaalse grens bou sonder die steun van vreemde kapitaliste nie. Tog het hulle probeer om 'n winsgewende handel binne die grense van die Republiek te dryf. Uit hul handelsondernemings sou 'n twee jaar lange stryd met die Republiekeinse owerheid voortspruit.

Die botsing is veroorsaak deur die drankwet van 1896. Hierdie wet het uitgebreide magte aan die drankkommissies in die verskillende dorpe toegeken. Die kommissies kon weier om nuwe dranklisensies uit te reik of oues te hernieu sonder opgawe van redes. Ook kon die kommissies na goeddunke voorwaardes verbind aan elke lisensie wat hulle uitgereik het.[17] In 1897 het die Portugese firma, Silva Vianna en Kie., aansoek gedoen vir 'n lisensie om Portugese dranksoorte, veral wyn, by die groot maat in die Republiek te verkoop. Die Johannesburgse drankkommissie het geweier om die aansoek toe te staan. Die firma was woedend en het deur middel van die Portugese saakgelastigde in Pretoria 'n beroep op hul owerheid gedoen om druk uit te oefen op die Transvaalse regering om groter handelsvryheid toe te laat. Ook het hulle beswaar gemaak teen die uitgebreide magte van die drankkommissies.[18] Lissabon het onverwyld die stryd ten behoewe van sy onderdane aangeknoop. Die Republiek moes hoor dat hy die traktaat van vriendskap en koophandel van 1875 geskend het en dat dit sy plig was om sonder versuim aan die Portugese firma die gevraagde handelsregte toe te staan.[19] Kruger het geswig. Die stryd om Delagoabaai het seker hier sy invloed laat geld. In 1897 is 'n nuwe drankwet op die wetboek geplaas waarvolgens die groothandel van die beheer van kommissies weggeneem en direk onder beheer van die landdroste geplaas is. Applikante vir lisensies kon hulle nog beroep op die staatsprokureur as hulle nie bevrediging by die landdros kry nie. Die kleinhandel is egter soos voorheen deur kommissies beheer.[20]

Silva Vianna, wat nie met hierdie oorwinning tevrede was nie, het nou sy krag op die terrein van die kleinhandel op die proef gestel. Teen die einde van 1897 het hy aansoek gedoen vir 'n lisensie om 'n drankwinkel in Johannesburg oop te maak.

---

17) De Locale Wetten der Z.A. Republiek, p. 164-165, Wet nr. 17 van 1896, Art. 17.

18) L.A. 76B., Afschrift van stukken uit R/A. 2310/97 re het uitreiken van een dranklisentie aan eene Portugeesche Firma te Johannesburg.

19) Ibid.

20) L.A. 76B, Afschrift document re interpretatie van art. 14 van het tractaat van 11 December 1875 in verband met art. 17 der wet no. 17/96; ook wet no. 13/97.

Weer het die drankkommissie geweier om sy aansoek toe te staan. Onmiddellik was hy op sy agterpote en Lissabon se hulp is nog 'n keer ingeroep.[21] Leyds, wat toe nog staatsekretaris was, het namens sy regering verduidelik dat die lisensie geweier is omdat die kommissie van oordeel was dat daar reeds 'n voldoende aantal drankwinkels bestaan het. Leyds het sy innige spyt daaroor te kenne gegee dat die optrede van die kommissie juis 'n Portugese firma moes tref, maar hulle het in belang van die Republiek gehandel.[22] Die Portugese was nie tevrede met die verduideliking nie. Aan die einde van 1898 het Lissabon en Pretoria mekaar nog verwyte teen die hoof geslinger oor dié aangeleentheid.[23] Lissabon het volhard met die aantyging dat die Republiek aan traktaatskending skuldig was. Die bepaling in die Traktaat van 1875 waarop Lissabon hom beroep het, lui soos volg: „Geene der Contracteerende partijen onderwerpt de onderdanen, den handel of de navigatie der andere aan verbod, beperkingen of oplegging van belastingen, die niet evenens op alle andere natiën worden toegepast."[24] Die Portugese het beweer dat hulle nie oor dieselfde kam geskeer word met die onderdane van ander moondhede nie. In sy verweer het die Republiek verklaar dat hy niks by te voeg het by sy skrywe van Julie 1897 nie, toe hy betoog het dat die standpunt van Lissabon neerkom op 'n eis dat „aan een onderdaan van het Koninkrijk Portugal meer zou worden toegekend dan volgens de wetten des lands aan de eigen burgers der Republiek toekomt."[25] Die Transvaalse owerheid het dan ook ten sterkste geprotesteer teen die beskuldiging dat hy aan troubreuk teenoor Portugal skuldig sou wees,[26] „en veroorlooft zich de opmerking dat, indien UEd. Gestr. redenen meende te hebben een verwijt van zoo ernstigen aard tot deze Republiek te richten, UEd. Gestr. althans behoorlijke argumenten daarvoor had behooren aan te voeren."[27]

---

21) L.A. 76 B, R/A2310/97, Afschrift document re beperkende bepalingen van de drankwet.

22) L.A., 76B, R.A./2310, document re opmerkingen omtrent sommige bepalingen der drankwet no. 13/97.

23) L.A. 76B, R.A. 2310/97, Afschrift document re bepalingen met betrekking tot den handel in wijnen en sterke dranken in deze Republiek volgens wet no. 13/97, Reitz, staatsekretaris, aan Portugese Konsul, d.d. 15-11-1898.

24) Z.A.R. 153, Traktaat van 11 Desember 1875, Art. 14.

25) L.A. 76B, Wd. Staatsekretaris aan Demetrio Cinnatti, Cons. Gen. en Charge d'Affaires van Portugal, Pretoria, d.d. 5-7-1897.

26) L.A. 76B, Reitz aan die Wd. Konsulgeneraal en saakgelastigde van Portugal, d.d. 15-11-1898.

27) Ibid.

Ons kan met veiligheid konstateer dat die ekonomiese betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Portugal nie bygedra het tot Brittanje se besluit om die Republiek aan sy gesag te onderwerp nie. Inteendeel, sy saak is daardeur bevoordeel, want 'n stryd soos dié in verband met die drankhandel moes noodwendig politieke samewerking tussen Boer en Portugees bemoeilik het.

## HOOFSTUK XII.

## Die Hollandse faktor in die betrekkinge tussen die Republiek en Brittanje.

„Clear out the Hollander. Not vindictively - you might keep such, if any, as are known to be honest and capable. But there won't be many such, and English and Dutch alike will be with you in this part of the programme -"[1] Hierdie advies het Fiddes aan Chamberlain gegee toe hy, na die aanvang van die Tweede Vryheidsoorlog, 'n memorandum opgestel het oor die toekomstige administrasie van die Transvaal. Op geen enkele Boer, behalwe Kruger self, het die Britse Imperialiste soveel venyn uitgegiet as op die Hollanders wat hulle in die Republiek gaan vestig het nie. Die groot meerderheid van hulle het betrekkings in die staatsdiens aanvaar. Slegs die getuienis van 'n paar Imperialiste is nodig om 'n beeld te gee van die wrok wat teenoor hierdie Hollanders in Britse kringe - nie-amptelik en amptelik - gekoester is. J. H. Reed, 'n oorlogspropagandis uit daardie dae, werp lig op Fiddes se pleidooi vir strenger beheer oor immigrasie uit Nederland. In 1900 versprei hy in Brittanje 'n vlugskrif, The Transvaal from Without, waarin 'n afdeling verskyn onder die opskrif: The Hollander Influence. Hy verklaar o.m.: „If the general Boer population of the country had been allowed to come into closer contact with the Outlanders, doubtless a better feeling would have been developed. But this was very largely prevented by the introduction of highly-paid officials from Holland, whenever the new conditions, consequent upon the gold developments, demanded the organisation of some department which had not hitherto been necessary, and for which no qualified Boer could be obtained. Johannesburg could have produced lots of men thoroughly well fitted to undertake the work required, but, so intense was the anti-English feeling of the President, that no such appointment could be tolerated. Dutch blood and the Dutch language was a sine qua non. The Hollanders who were employed showed themselves even more anti-British than the average official Boer, and, generally speaking, did their utmost to keep the burghers and the Outlanders apart, doubtless because they realised that a better understanding between the two peoples would to a large extent put an end to their own opportunies of personal advancement, and stop the general nest-feathering in

---

1) C.R.O. 572, South African Republic, Secret Correspondence, 1899, nr. 637 op p. 476, Suggestions for the Administration of the Transvaal, memorandum by G.V. Fiddes, d.d. 28-11-1899.

which they were primarily engaged."[2] De Wet, die Britse agent in Pretoria, skrywe in 1894 aan Ripon: „The prevailing notion is that the so-called sons of the soil, that is the Transvaal Boers, must rule the country; consequently, with a few inevitable exceptions, persons utterly unfit and incapable are pitch-forked into offices as responsible heads, where the actual work has to be performed by irresponsible Hollander clerks, whose only recommendations are that they come from Holland and can read and write, whilst any number of well-educated young men could be got from the Cape Colony, trained to do office work."[3] In 1896 verklaar Chamberlain: „There is evidence, which I am now endeavouring to supplement, of continued intrigues between the Government of the South African Republic - and especially its Hollander members - and foreign Powers. This is shown not merely in the secret negotiations between the Governments, but also in the open preference given to foreign firms and foreign capitalists and the employment of foreign officials. There is no probability of firm friendship between the Transvaal and Great Britain unless the President will frankly recognise the superior interests of the Paramount Power in the welfare of South Africa."[4] In dieselfde jaar skrywe Rumbold, die Britse ambassadeur in Den Haag, aan Salisbury: „The natural desire existing here for some years past among the most respectable classes of Dutch society to find an opening for the surplus of their youth in the Dutch-speaking Republics has, no doubt, acquired additional impetus in consequence of the late occurences in South Africa,[5] and may tend to a notable strengthening of the Hollander element already represented by men so antagonistic to British ideas and interests as Leyds, Beelaerts, Jorissen and others. The school of which these persons are the chief exponents does not despair, however wild may seem the hope, of recovering sufficient ground for Dutch ideas and Dutch interests in South Africa to stem effectually the tide which threatens to Anglicise the whole of those regions."[6] Die volgende jaar stel Graham 'n memorandum op oor: „The Situation in the South African Republic."

---

2) Vgl. The Transvaal from Without. A brief history of the Boers and their Country by J. Howard Reed, p. 109, Manchester, 1900.

3) C.R.O. 532, Affairs of the South African Republic, Secret Correspondence, 15th Oct. 1894-29th Dec. 1897, nr. 1, De Wet aan Ripon, d.d. 15-10-1894.

4) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 514, brief nr. 34, Chamberlain aan Robinson, d.d. 17-3-1896.

5) Hy bedoel die Jameson-inval.

6) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 516, Bylae in nr. 198, Rumbold aan Salisbury, d.d. 19-6-1896.

Hy val somar weg met 'n aanval op die rol wat die Hollanders in die Republiek gespeel het: „To understand the present situation in the South African Republic, it is necessary to bear in mind that the Government is perhaps the most autocratic that has ever ruled a State claiming to be civilized. After the retrocession of the Transvaal, President Kruger, being unable to find amongst his own Boers men of sufficient intelligence and education to conduct the administration of the country, and being afraid that Cape Dutchmen would be tainted with British sympathies, resorted to Europe, and specially to Holland for men to fill the principal offices in the State. These men formed the nucleus of what is now known as the "Hollander" Government, in which, though there is a proportion of genuine Boers, the strongest element is foreign. Dr. Leyds especially, a young Dutch lawyer, well educated and very clever, has obtained an influence over President Kruger, who, though possessed of much native shrewdness, is illiterate, and entirely dependent on his foreign advisers for knowledge of affairs outside his own Republic. It is said, not without reason, that these foreigners care nothing for the South African Republic, and are actuated solely by the desire to advance their own interests."[7] Dit is ons taak om vas te stel of die Britse Imperialiste rede gehad het om so 'n donker prentjie van die Hollandse invloed in die Suid-Afrikaanse Republiek te skilder.

Die Boere was nie blind vir die gevaar dat vreemdelinge hul staatsdiens kon oorheers nie. In 1897 het J. P. Meyer, 'n Transvaalse volksraadslid, 'n opname gemaak van die verskillende nasionaliteite in die staatsdiens. Hy het bevind dat daar 682 Afrikaners uit die Republiek, 105 uit die Oranje-Vrystaat, 478 uit die Kaapkolonie en 42 uit Natal was. Ander nasionaliteite was soos volg verteenwoordig: 306 Hollanders, 107 Engelse, 66 Duitsers en 6 Franse, benewens 145 persone wat hy nie die moeite werd gevind het om te klassifiseer nie.[8] As Meyer se syfers betroubaar is, is daar geen rede vir De Wet en Graham se klag dat Kruger nie arbeidskragte uit die Britse kolonies getrek het nie. 'n Aanstelling wat wel heelwat ontevredenheid in die Republiek veroorsaak het, is dié van Leyds in 1898 as gesant in Europa. Beswaarskrifte is by die Volksraad ingedien waarin beweer word dat daardie betrekking 'n seun van die land toegekom het. Die pers het die ontevredenheid aangewakker. „Land en Volk" het bv. die gerug versprei dat aan Leyds 'n

---

7) C.R.O. 532, bl. 33, The Situation in the South African Republic, Memorandum by Mr. Graham, d.d. 9-3-1897.

8) Notule van die Eerste Volksraad van die S.A. Republiek, 1898, Art. 1107, d.d. 7-9-1898.

salaris van £17,500 toegeken is![9] Meyer verklaar dat hy deur sy kiesers voor stok gekry is oor die aanstelling van Leyds maar dat hy op elke vergadering sy gehoor versoek het om hom 'n Afrikaner aan te wys „die het vertrouwen van het land genoot en als afgezant wilde gaan."[10] Dit het nie gebeur nie. Tydens die sitting van die Volksraad in September 1898 het sekere lede beswaar gemaak teen die toenemende Hollandse invloed in die Republiek. Die raad het geweet met watter vraagstukke Kruger te kampe gehad het. Tog het dit die ontevredenes gesteun en die wenslikheid uitgespreek dat die Uitvoerende Raad ook by die aanstelling van konsulêre of buitelandse verteenwoordigers sou handel in ooreenstemming met die vereistes van die wette wat betrekking het op die aanstelling van amptenare waarvolgens voorkeur aan „landzonen" gegee moes word.[11] Hoewel die Raad deur heel ander motiewe as die Britse Imperialiste aangevuur is, het sy enge kyk op sake nogtans baie goed in hul kraam gepas en Kruger net meer hoofbrekens besorg.

Baie Hollanders se belangstelling in die Suid-Afrikaanse Republiek het voortgespruit uit ekonomiese oorwegings, hoewel daar in hul geval nie so 'n duidelike skeidslyn tussen ekonomiese en politieke invloede getrek kan word soos in die geval van die Portugese nie. Sedert die herstel van die Republiek in 1881 het die Hollanders 'n belangrike rol gespeel in die poging om die Boere ekonomies geheel en al onafhanklik van Brittanje te maak. Reeds in 1882 is in Holland 'n „Commissie voor Stoomvaart van Nederland naar Zuid-Afrika" onder leiding van Johan Zimmerman gestig.[12] Twee ander lede van die kommissie, J. H. Janson Jnr. en D. H. Schmüll, sou jare daarna nog die poging voortsit om 'n stoomvaartverbinding waaroor Brittanje geen beheer het nie tussen die Republiek en Europa te bewerkstellig.[13] In Januarie 1888 het drie ander Hollanders, Baron G. A. Tindal,[14] R. W. J. van den Wall Bake[15] en R. van Nasselt,[16] „gedreven door de begeerte om de band tusschen de

---

9) Ibid.

10) Ibid.

11) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1898, Art. 1108, d.d. 7-9-1898.

12) L.A. 76A, Memorie van Toelichting bij de Ontwerp Overeenkomst tusschen de H.Ed. Regeering der Z.A. Republiek en het Comitè ter oprichten van de Stoomvaart Maatschappij van de Z.A. Republiek, d.d. 25-10-1889.

13) Ibid.

14) Direkteur van die „Koninklike West Indische Maildiens." (L.A. 76A; vgl. voetnoot 62).

15) Direkteur van die „Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij." (Ibid.)

16) Administrateur van die „Hollandsche Ijzeren Spoorweg Maatschappij." (Ibid).

Zuid-Afrikaansche Republiek en Nederland te versterken," met Kruger in verbinding getree met die doel om 'n gereelde stoomvaartdiens - „buiten Engelschen invloed staande" - tussen een van die Nederlandse hawens en Delagoabaai, wat hulle beskou het as die natuurlike hawe van die Republiek, in die lewe te roep.[17] Kruger was nie bereid om op daardie tydstip aandag aan die saak te skenk nie. Hy wou eers sekerheid hê dat hy daarin sou slaag om die Republiek met Delagoabaai per spoor te verbind, en hy het die N.A.Z.S.M. verbied om met die aanlê van 'n baan te begin voordat 'n ooreenkoms met die Portugese in verband met spoorwegtariewe bereik is.[18] Op 18 September 1889 kon Beelaerts van Blokland egter die heuglike tyding aan Kruger sein: „Tarief bij Koninklijke decreet goedgekeurd. Hartelijk geluk! Geef dadelijk verlof tot werken."[19] Die oorsaak van sy opgewondenheid blyk uit 'n brief wat hy die volgende dag aan Kruger geskrywe het en waarin hy o.m. verklaar: „Zoo 's dan, na vijfjarigen arbeid, het groote doel bereikt en heb ik het voorrecht aan de Regeering en aan u HoogEdele mijne bijzondere gelukwenschen te mogen aanbieden met het behaalde success, waardoor, zoo wij hopen en vertrouwen, een nieuwe waarborg genomen is voor de onafhankelijkheid en den voorspoed des lands."[20] Na die totstandkoming van die tariewe-ooreenkoms het Baron Tindal en sy vriende, by wie in 1889 ook W. K. L. van Walree hom gevoeg het[21] en in die volgende jaar nog vyf Hollanders,[22] hulle opnuut tot Kruger gewend om sy steun te verwerf vir die stigting van die beoogde redery.[23]

Intussen is 'n dergelike beweging in die Republiek op tou gesit onder leiding van generaal Piet Joubert. Hy is bygestaan deur J. N. A. Wolmarans en die genoemde Hollanders, Janson en Schmüll.[24] 'n Ander Hollander, J. Hendriks, met byna dertig

---

17) L.A. 76A, Tindal, Van den Wall Bake en Van Nasselt aan Kruger, d.d. 16-1-1888.

18) C.R.O. 508, p. 12.

19) L.A. 625A, nr. 445, Van Blokland aan Kruger, d.d. 19-9-1889. Die tariewe-ooreenkoms is op 4-9-1889 onderteken.

20) Ibid..

21) L.A. 76A, Tindal, Van den Wall Bake, Van Nasselt en Van Walree aan Kruger, d.d. 9-10-1889.

22) A.J. van Asch van Wyk, W. N. Visser, W. Dull, J. H. Rovers en A. D. Marez Oyens. (L.A. 76A, Statuten der Stoomvaart Maatschappij van de Zuid-Afrikaansche Republiek Beperkt, d.d. 8-12-1890). Oyens was 'n invloedryke Nederlandse bankier. (Vgl. Backeberg, a.w., p. 84; Scholtz: Oorsake, I, p. 194).

23) L.A. 76A, Tindall, Van den Wall Bake, Van Nasselt en Van Walree aan Kruger, d.d. 9-10-1889.

24) L.A. 76A, Memorie van Toelichting. (Vgl. voetnoot 12).

jaar ondervinding van seevaart en oud-kommandant van die stoomskip „Prins Hendrik", sou optree as besturende direkteur.[25] Hierdie manne het blykbaar gehoop om voordeel te trek uit die anti-Britse sentiment van die Boere, want hulle beklemtoon die noodsaaklikheid besonder sterk om die Republiek van Britse ekonomiese bande te bevry. Hulle betoog dat die mark vir wol, die vernaamste uitvoerartikel van die Republiek op daardie tydstip, uitsluitlik in Engelse hande is. 'n Onafhanklike stoomvaartdiens sal die Republiek in staat stel om 'n bloeiende wolhandel met die Europese vasteland te bewerkstellig. Verder vestig hulle die aandag op die feit dat „de vlag der Zuid-Afrikaansche Republiek te midden der vlagen van andere vrij natiën op de wereld-zee en in Europa zal worden vertoond, wat ontegenzeggelijk het politieke prestige der Republiek ontzaggelijk zal vermeerderen, en haar het recht zal geven mede te spreken in de vraagstukken welke voor Zeevarende Mogendheden van belang zijn." Ook meen hulle dat 'n eie redery vir die Republiek in tyd van oorlog van onskatbare waarde sal wees.[26] Argumente soos hierdie het so reg in die smaak van die Boer geval, wie se ideaal dit nog altyd was om vir hom 'n nasionale weg, gedeeltelik oor land en gedeeltelik oor see, via Lourenço Marques na die Europese vasteland te baan. Sodra die N.Z.A.S.M. dan ook sy eerste spoorstaaf in posisie geplaas het, het Pretoria sy volle steun toegesê aan die bewegings om vir die Republiek 'n eie redery in die lewe te roep en selfs finansiële bystand belowe op voorwaarde dat so 'n onderneming onder die volle beheer van die Republiek geplaas moes word.[27] Die **noodsaaklikheid** is ook besef om samewerking tussen Tindal en Joubert te bewerkstellig.[28] Uit die staanspoor is egter moeilikheid ondervind om die nodige kapitaal byeen te bring,[29] en in 1893 het die Volksraad besluit om hom voorlopig nie meer met die saak te bemoei nie.[30] Daarmee het die beweging dan ook doodgeloop.

---

25) Ibid. Ook: Staat van Begrooting der nieuw op te richten Stoomvaartlijn. (L.A. 76A).

26) L.A. 76A, Memorie van Toelichting.

27) L.A. 76A, Kopie Uitv. Raadsbesluit, Art. 664, d.d. 16-10-1889; L.A. 687, Uitv. Raadsbesluit, Art. 376, d.d. 16-6-1890; E.V.R. 88, Art. 377, d.d. 16-6-1890.

28) L.A. 76A, Joubert aan die Uitv. Raad. (Sonder datum); C. van Boeschoten Wd. Staatsekretaris, aan Tindal, Bake, Nasselt en Walree, d.d. 6-11-1889; Van Boeschoten aan Leyds, d.d. 6-11-1889.

29) Reeds op 27 November 1889 het Oyens aan Joubert gesein: „Besluit onmogelijk, zaak niet rijp, Kapitaal te groot. Berekening foutief." (L.A. 76A); Vgl. ook Scholtz: Oorsake, I, p. 190; Van Winter, II, Hfst. XIX en XX.

30) E.V.R. 89, Art. 1138, d.d. 7-9-1893. (Geheime Notulen, 1893-1898).

Nietemin is dit betekenisvol in dié opsig dat dit aantoon watter positiewe steun Kruger reeds in die vroeë jare van die Republiek van Hollandse kant ontvang het in sy politieke en ekonomiese vryheidstryd.

Hoewel niks tereggekom het van die Republiek se strewe om sy eie verkeer op see te behartig nie, kon die ander deel van sy program – die behartiging van sy eie verkeer oor land – nog met vrug aangepak word. In hierdie verband het die N.Z.A.S.M. wat, ten spyte van die Duitse kapitaal wat daarin belê was, heeltemal in Hollandse hande was, 'n rol gespeel wat die Brit dwars in die krop gesteek het. Hoewel die Hollanders probeer het om op allerhande maniere geld te maak in die Suid-Afrikaanse Republiek soos deur die ontginning van myne[31] en die skepping van 'n groot verskeidenheid sekondêre nywerhede,[32] was dit genoemde spoorwegmaatskappy se ekonomiese houvas op die Republiek met verreikende politieke implikasies, waarin Downingstraat een van die grootste bedreigings van Hollandse kant vir sy oppergesag in Suid-Afrika gesien het. Dat die Transvaalse owerheid die N.Z.A.S.M. in 'n ekonomiese magsposisie geplaas het, kan nie ontken word nie. Deur die monopolie om spoorweë binne die Republiek te bou, behalwe in gevalle waar die staat verkies het om self die onderneming aan te pak,[33] en deur die reg om sy eie vervoertariewe vas te stel, onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Raad,[34] was hy by magte om die handel van Brittanje en sy kolonies met die Witwatersrand te bemoeilik.[35] Lambert beweer dat Kruger die N.Z.A.S.M. gebruik het "as an engine to penalise British trade..." en om verdeeldheid te saai tussen die Kaapkolonie en Natal. Hy voer aan dat die Maatskappy se vervoertariewe op die Delagoabaaispoor laer is as op die Natalse spoor en sommer baie laer as op die Kaapse spoor. Om sy bewering te staaf, verwys hy na 'n verslag oor spoorwegvervoer in die Republiek wat opgestel is deur 'n komitee van die Randse Kamer van Mynwese. Die komitee, wat vermoedelik sy verslag in 1898 opgestel het, gee die vervoertariewe, verdeel in drie klasse, op die verskillende Transvaalse trajekte soos volg aan:

---

31) Vgl. Van Winter, a.w., II, p. 15-21.

32) Ibid, p. 34-42. Die nywerhede sluit in: suikerbereiding, wolweweryе, pottebakkerye, looierye, drukkerye, saagmeule, stoomwasserye, ens. ens. (Vgl. ook Backeberg, a.w., Hfst. 7).

33) C.R.O. 508, p. 31.

34) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 253.

35) Uit die regte wat aan die N.Z.A.S.M. toegeken is, het bv. die bekende stryd oor die sluiting van die driwwe voortgespruit. (Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 249-261).

| | |
|---|---|
| Normale klas: | 4.27 pennies per ton per myl na Komatipoort; |
| | 7.7 pennies per ton per myl na Vereeniging; |
| | 5.06 pennies per ton per myl na Volksrust. |
| Tussenklas: | 3.69 pennies per ton per myl na Komatipoort; |
| | 7.7 pennies per ton per myl na Vereeniging; |
| | 3.82 pennies per ton per myl na Volksrust. |
| Derde klas: (ru goedere) | 2.54 pennies per ton per myl na Komatipoort; |
| | 7.7 pennies per ton per myl na Vereeniging; |
| | 3.26 pennies per ton per myl na Volksrust.[36] |

Lambert sien in die gedifferensieerde tariewe op die Natalse en Kaapse lyne 'n sluwe plan om Natal in so 'n mate te begunstig dat dit nie sy lot by die Kaap sou inwerp in 'n agitasie teen die beleid van die N.Z.A.S.M. nie.[37]

In Britse finansiële en kommersiële kringe was voortdurend agterdog dat die die N.Z.A.S.M. in samewerking met Kruger op allerhande onderduimse maniere gepoog het om die Britse fabrikant in die rug te steek en om die handel met die Republiek na Delagoabaai af te keer. Toe die Transvaalse regering in 1897 besluit het dat 'n spoorweg tussen Pretoria en Pietersburg gebou moes word, het gerugte die Koloniale Kantoor in Londen bereik dat die N.Z.A.S.M. onderneem het om geen rollende materiaal van Britse fabrikaat te gebruik nie. Chamberlain het die Hoë Kommissaris opdrag gegee om ondersoek in te stel, maar lg. kon byna onmiddellik die versekering gee dat al die rollende materiaal in Brittanje gemaak en vandaar ingevoer is.[38] Die Engelse koerante het die vlam van wantroue en haat verder aangeblaas. In dieselfde jaar het die „Johannesburg Star" in 'n berig onder die opskrif <u>A Case for Inquiry</u> beweer dat die plaaslike doeanebeamptes nie die volle invoerbelasting gehef het op goedere wat via Delagoabaai die Republiek binnegegaan het nie. Chamberlain was ontsteld en Conyngham Greene, die Britse agent in Pretoria, het opdrag ontvang om ondersoek in te stel na die beweerde wanpraktyk en ander vorme van korrupsie. Greene het hom na Engelse handelaars in Johannesburg en Pretoria gewend om klagtes te versamel en dit na die Koloniale Kantoor deurgestuur. Hy het berig dat dit uiters moeilik is om die wanadministrasie aan die lig te bring, aangesien amptenare van die N.Z.A.S.M. gebruik is om die tolgelde vir die Republiek in te samel. Ook het hy nie daarin geslaag om op die spoor te kom van al die geheime ooreenkomste wat die N.Z.A.S.M. met plaaslike en oorsese firmas sou gesluit het nie. Een geval, waarvan hy oortuig

36) C.R.O. 561, The Case Against the South African Republic, Part II, p. 35-36, December, 1898. Vgl. verder: Handy notes on South Africa, (1896) p. 13-14, The Delagoa Bay Railway: An Anti-British Weapon.

37) Ibid.

38) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 516, brief nr. 655, Chamberlain aan Rosmead, d.d. 8-4-1897 en nr. 676, Rosmead aan Chamberlain, d.d. 11-4-1897.

was dat dit op vaste pote gestaan het, is die volgende: Dit was gebruiklik om steenkoolsakke van Bombaai en elders na die Republiek in bale van 300 sakke te versend. Die standaardgewig van 'n baal was 750 pond, maar die verpakking, wat dit beskerm het, het nog 'n twintig pond geweeg. As die bale die Witwatersrand via Delagoabaai en die N.Z.A.S.M. bereik het, is die gewig van die verpakking nie in aanmerking geneem by die berekening van die prys per baal nie. In die geval van 'n groot skeepslading is op hierdie wyse etlike duisende ponde bespaar.[39] Dit was nodeloos vir Greene en die Engelse handelaars om hul nood by die Kamer van Koophandel te beklae, want die lede het bestaan uit Engelse, Franse, Duitsers en Hollanders, „each of whom has his own axe to grind." Die nie-Britse lede van die Kamer was maar al te bereid om hul steun toe te sê aan enige poging om die handel uit Engelse kanale weg te lei.[40]

Om die vermeende magsmisbruik uit te skakel waaraan die N.Z.A.S.M. hom sou skuldig gemaak het, het die Britse imperialiste daarop aangedring dat Kruger die Delagoabaaispoor moes nasionaliseer.[41] Dis te begrype, want dit sou die Union Jack in staat stel om soveel makliker vir hom 'n weg na Pretoria te baan. Kruger het die gevaar ingesien en by meer as een geleentheid verklaar dat die N.Z.A.S.M. hom baie goed van sy taak gekwyt het en 'n groot steunpilaar van die Republiek was.[42]

Ook in politieke opsig was die N.Z.A.S.M. 'n steen des aanstoots vir Brittanje. Van tyd tot tyd het Downingstraat klagtes ontvang dat Kruger die maatskappy gebruik het as 'n middel om Britse invloed in die Republiek te ondermyn. In Maart 1895 verneem Kimberley, toenmalige hoof van die Buitelandse Kantoor, van Rumbold uit Den Haag dat Roëll, die Nederlandse Minister van Buitelandse Sake, hom meegedeel het dat hy nie van plan was om hom in te laat met die vraagstukke van die Suid-Afrikaanse Republiek nie. Tog was dit sy plig om belang te stel in die wel en wee van die N.Z.A.S.M., 'n Hollandse onderneming, wat aan nie minder as 1,600 Hollanders

---

39) B.A. Imp. White Books, Vol. 51, nr. 516, nr. 546, Chamberlain aan Rosmead, d.d. 12-3-1897; ook die Bylae; B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 536, Goodenough, wnd. Hoë Kommissaris, aan Chamberlain, d.d. 3-5-1897; ook die Bylaes.

40) Ibid.

41) Hierdie standpunt is ingeneem deur Fiddes, (Vgl. C.R.O. 518, p. 56) Lambert, (vgl. C.R.O. 561, p. 35), en die Imperial South African Association, (vgl. Handy Notes, p. 13-14, en The British Case against the Boer Republics, p. 10)

42) C.R.O. 518, p. 56; C.R.O. 561, p. 35.

werk verskaf het nie.[43] Conyngham Greene het hom bekreun, nie slegs oor die feit dat daar vir 'n Brit weinig of geen vooruitsig was om 'n betrekking op die spoorweë in die Republiek te bekom nie[44] maar ook oor die taalbeleid van die N.Z.A.S.M., wat geweier het om ruimte op hul spoorwegstasies af te staan vir advertensies wat slegs in Engels opgestel was.[45] Greene het hom nog meer vererg oor 'n lesing wat F. W. Reitz, Staatsekretaris ná Leyds, in April 1899 gelewer het voor „Het Vliegend Wiel,"[46] 'n vereniging van amptenare van die N.Z.A.S.M. Sy tema was die geskiedenis van die Transvaal sedert 1877. In 'n besielende rede het hy met trots verwys na die militêre prestasies van die Boer in veldslae soos dié van Bronkhorstspruit.[47] Toe Schoenzetter, die president van die vereniging, Reitz bedank, het hy hom die versekering gegee dat hy die Hollanders altyd met die wapen in die hand aan sy sy sou vind as die onafhanklikheid van hul nuwe vaderland, wat vir hulle so dierbaar geword het, in die gedrang kom.[48] Dit was seker nie baie verstandig van Reitz om die gevoelens van sy Hollandse gehoor op te sweep op 'n tydstip toe die oorlogswolke elke dag dreigender op die horison saamgepak en die haat teenoor die N.Z.A.S.M. al hoe dieper in die hart van die Brit genestel het nie. Die pasafgelope verkiesing van volksraadslede in die Oranje-Vrystaat het juis vir Milner so 'n groot teleurstelling opgelewer, omdat die geledere van wat hy bestempel het as die „reaksionêres", versterk is soos nooit sedert die Jameson-inval nie.[49] Hierdie duidelike openbaring van 'n anti-Britse gesindheid in die Boererepublieke het aanleiding gegee tot 'n onbeteuelde uitbarsting aan die kant van Milner, die bekende Hoë Kommissaris, oor die Hollandse invloed in Suid-Afrika: „This is no doubt only one of the consequences of that violent wave of anti-British and Boer-nationalist sentiment which, sedulously fostered by the Hollander cabal that controls all the leading Dutch

---

43) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 6773, brief nr. 48, Rumbold aan Kimberley, d.d. 18-3-1895.

44) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 516, brief nr. 676, Rosmead aan Chamberlain, d.d. 11-4-1897.

45) C.R.O. 600, Affairs of the South African Republic, Further Correspondence, 10th June, 1899 - 22nd December 1899, nr. 349, Milner aan Chamberlain, d.d. 2-8-1899; ook die Bylaes.

46) 'n Baie passende naam. Dit sinspeel op die wiel van 'n voortsnellende trein.

47) Vgl. Standard and Diggers' News, 11-4-1899. (Dis 'n regeringsblad. 'n Afskrif van die verslag in die koerant verskyn in C.R.O. 571, p. 434-436.)

48) Ibid.

49) C.R.O. 571, Affairs of the South African Republic, Further Correspondence, 15th Dec., 1898—8th June, 1899, nr. 244, Milner aan Chamberlain, d.d. 19-4-1899.

papers of South Africa, is fast sweeping us all, Republics and Colonies alike, into the throes of an embittered race conflict. The tools are the ignorant Boers of the country districts, who are made to believe that there is an insidious plot to put them under the heel of the British and the 'Capitalists', and are hounded on to acts of offence in the belief that they are merely acts of self-preservation. The instigaters are a small body of Hollanders and educated Afrikaners, whose ideal is a South African Republic with the Dutch element predominant, and who really believe that they have a chance of achieving that impossible end."[50)]

Ons moet nog let op die rol van individuele Hollanders wat, vanweë die sleutelposisies wat hulle in die Republiek beklee het, in die geleentheid gestel was om die verwesenliking van die Britse ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika in die wiele te ry. Dit hoef ons geensins te verbaas dat die Britse Imperialiste ontevrede was omdat Kruger gedurende die laaste dekade van die neëntiende eeu, toe die botsing tussen Boer en Brit na 'n klimaks beweeg het, die onderwys in die Republiek aan 'n Hollander toevertrou het nie. In 1891 is dr. Nicolaas Mansvelt aangestel as Superintendent van Onderwys. Die Salisbury-regering en sy verteenwoordigers in Suid-Afrika het Mansvelt nie vertrou nie en was diep bekommerd oor die moontlikheid dat die Engelssprekende jeug in die Republiek met die beginsels van die Boere-nasionalisme geïndoktrineer kon word. Hulle was daarvan oortuig dat die Hollandse onderwysers, die eerstes van wie reeds in 1886 'n betrekking in die Transvaal aanvaar het,[51)] onder leiding van Mansvelt, hulle daarop toegelê het om die kinders van Engelssprekende ouers van hul Britse sentiment, taal en tradisies los te maak. Hulle het besef dat, as die jeug nie met die Britse gees deurdronge bly nie, daar weinig hoop was om die binneland van Suid-Afrika vir die Union Jack te wen. Aangesien taal een van die sterkste ankers van nasieskap is, het hulle veral daarop aangedring dat aan Engels 'n belangriker plek in die Transvaalse onderwysstelsel toegeken moes word.

In die krisismaande voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het die aanvalle op Mansvelt besonder heftig geword. Lambert noem hom „a bigoted opponent of everything English."[52)] Hy haat Mansvelt omdat lg. te velde getrek het teen wat hy bestempel het as die onopvoedkundige en onnasionale kreet vir meer Engels op

---

50) Ibid.

51) Vgl. Van Winter, a.w., II, p. 69.

52) C.R.O. 561, p. 19.

skool.[53] In die reeds gemelde memorandum, The Case against the South African Republic, vertel Lambert vir sy politieke base dat die Engelse kind in die Republiek nog sy moedertaal hoor en gebruik in die laer klasse maar dat dit geleidelik uitgeskakel word in die hoër klasse, „until it becomes practically impossible for an English child to get any education at all."[54] Lambert se inligting is afkomstig van onstuimige Imperialiste soos John Robinson, sekretaris van die Council of Education for the Witwatersrand, 'n liggaam wat private Engelse skole gestig en onderhou het,[55] J. Emrys Evans, die Britse vise-konsul in Johannesburg, Conyngham Greene en Alfred Milner. Robinson weet te vertel dat die Engelse kind volgepomp word met pro-Hollandse en anti-Britse idees en dat die meerderheid van Engelse ouers hul kinders liewer ongeleerd sal sien as om hulle na Mansvelt se skole te stuur.[56] Evans deel mee dat Mansvelt soveel moontlik onderwysers uit Holland invoer, dat hy geen hoofonderwyser aanstel nie tensy hy sy opleiding in Holland gehad het en dat hy gedurende sy hele dienstermyn alles in sy vermoë gedoen het om die Engelse taal te onderdruk.[57] Greene, wat in 1898 gekla het dat die Hollandse onderwysers in staatskole die lewe van kinders met Engelse name so vergal het dat hulle verplig was om tuis te bly en dat hulle geagiteer het teen die uitbreiding van Engels as voertaal omdat dit die onafhanklikheid van die Republiek sou ondermyn,[58] vaar in die volgende jaar opnuut uit teen „the pernicious system of Government education carried on under the auspices of Dr. Mansvelt." Hy voer aan dat die hele Republiek, insluitende die Boerebevolking op die platteland, moeg en sat is van Hollandse oorheersing. Om sy bewering te staaf, verwys hy o.m. na 'n vergadering van onderwysers in Maart 1899 in Germiston waar aangedring is op die ontslag van Mansvelt. Hy erken egter dat dit nie die amptelike standpunt van die onderwysers in die staatskole is nie.[59] Milner se sienswyse oor die rol van Mansvelt is klaarblyklik beïnvloed

---

53) Volgens 'n verslag oor onderwystoestande in die Transvaal, opgestel deur Mansvelt in 1896, en aangehaal deur Lambert in C.R.O. 561, p. 19.

54) C.R.O. 561, p. 19.

55) C.R.O. 561, p. 19; Scholtz: Oorsake, I, p. 317.

56) C.R.O. 600, nr. 12, Milner aan Chamberlain, d.d. 25-5-1899; ook die Bylaes.

57) Ibid.

58) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, die Bylae in brief nr. 248, Greene aan Milner, d.d. 4-5-1898.

59) C.R.O. 600, nr. 12, Milner aan Chamberlain, d.d. 25-5-1899; ook die Bylaes.

deur 'n gebeurtenis in die helfte van 1899, waarby ons eers 'n oomblik moet stilstaan.

In Junie van daardie jaar het meer as 600 afgevaardigdes 'n kongres van Transvaalse onderwysers onder voorsitterskap van J. S. Smit, 'n spoorwegkommissaris in Pretoria bygewoon. Sekere onderwysers het weer 'n agitasie teen Mansvelt op tou gesit, maar die voorsitter het dit in die kiem gesmoor. Die verbittering tussen Boer en Brit op hierdie tydstip is in die besprekings op die kongres weerspieël. 'n Onderwyser van Klerksdorp, ene Roos, het 'n lesing gegee oor die plek van Engels in die Republiek se skole. Hy het betoog dat Engels reeds sy regmatige plek inneem en dat meer aandag aan die onderrig daarvan die onafhanklikheid van die Republiek in gevaar sou stel. Dit sou 'n bedreiging wees vir die nasionale karakter van die Afrikaners.[60] Slegs met vier teenstemme het die kongres besluit dat meer Engels in die skole onwenslik sou wees.[61] Voordat die kongres verdaag het, is 'n mosie van vertroue in die onderwysowerheid met 'n oorweldigende meerderheid aangeneem. Dit was, soos Greene self erken het, „a distinct victory for the Mansvelt party."[62]

Die houding van die Transvaalse onderwysers het Milner en Chamberlain met diepe kommer gevul. Op 14 Julie het Chamberlain in die Laerhuis die bewering van Lambert herhaal dat in die staatskole van die Republiek die Engelssprekende leerlinge in die hoër klasse uitsluitlik deur medium Hollands onderrig word.[63] Die volgende dag het 'n Engelse onderwyser van Johannesburg, Hugh J. Evans, 'n bom gelos waarvan die skerwe Milner laat „eina" skree het. Hierdie man, wat onderhoof van President-Skool was, het na die pen gegryp en Milner meegedeel dat hy „out of simple desire for justice..." verplig was om Chamberlain op die tone te trap. Onomwonde verklaar hy: „No gradual supplanting of the English language is going on either at our school or at any other State school for English-speaking children."[64] Hy is aan 'n hoër graad-skool met 150 leerlinge verbonde en verantwoordelik vir die twee hoogste standerds in die skool. Hoewel die Hollandse taal een uur per dag aan hierdie leerlinge onderrig word, ontvang hulle die lesse deur

---

60) C.R.O. 600, nr. 174, Milner aan Chamberlain, d.d. 28-6-1899; ook die Bylae.

61) Ibid.

62) C.R.O. 600, Bylae in nr. 174, Conyngham Greene aan Milner, d.d. 20-6-1899.

63) C.R.O. 600, die eerste Bylae in nr. 317, Hugh J. Evans aan Milner, d.d. 15-7-1899.

64) Ibid.

medium Engels. Die hoofonderwyser, 'n Hollander wat Engels goed magtig is, neem die lesse waar. Gedurende die oorblywende vier uur hoor die leerlinge geen ander taal as Engels nie, omdat al die ander vakke ook deur medium van hul moedertaal onderrig word. Aan die laer graad-skole is die toestand ewe bevredigend.[65)]

Voorts verwerp hy die beskuldiging dat Hollandse onderwysers in groot getalle gebruik word om die Brits georienteerde fondament van leerlinge in die Republiek te rysmier. Aan sy skool is twee Engelse, een Ierse, een Walliese en een Australiese onderwyser werksaam. Met die grootste vrymoedigheid kan hy verklaar dat die onderwyswet van 1896 (wat die onderwys van nie-Hollandssprekende leerlinge in die hande van die Superintendent van Onderwys gelaat het)[66)] in die praktyk baie liberaal toegepas word.[67)]

Milner is nie baie beïndruk deur die getuienis van Hugh Evans nie. Dit blyk uit die paar reëls waarin hy die ontvangs van sy skrywe erken en verklaar dat hy bly is dat Evans van 'n liberale onderwysbeleid in die Republiek weet.[68)] In kommentaar wat Evans se brief na Chamberlain begelei het, spreek Milner egter die oortuiging uit dat die liberale beleid nie algemeen toegepas word nie, dat dit van uitsonderlike aard is en dat die toekoms van die Engelse kind afhang van „the amount of pressure which can be brought to bear upon the Government in the matter (of education), or, in other words, upon the degree of political power conferred upon the Uitlanders." Hy voeg by: „As long as they are politically impotent, I feel confident that the rooted conviction of Dr. Mansvelt and of the ruling caste generally, that education must be national, i.e. must have for its main object to Afrikanderize the children, will, in future, as in the past, prevail over all attempts to introduce a really liberal system of education for Uitlander children, and to give the English language its proper place as a medium of instruction for English-speaking children."[69)] Milner was op die oorlogspad. Dit is duidelik dat dit vir hom nie soseer gegaan het om die onderwys van die Engelse kind as sodanig nie as om nog 'n politieke wapen in die hand van die uitlander waarmee hy sy aanslag op die onaf-

---

65) Ibid.

66) Wet nr. 15 van 1896, afdeling 3 (vgl. C.R.O. 561, p. 19; Scholtz: a.w., II, p. 198).

67) C.R.O. 600, die eerste Bylae in nr. 317, Hugh J. Evans aan Milner, d.d. 15-7-1899.

68) C.R.O. 600, die tweede Bylae in nr. 317, Walrond (Milner se privaatsekretaris) aan H. J. Evans, d.d. 20-7-1899.

69) C.R.O. 600, nr. 344, Milner aan Chamberlain, d.d. 2-8-1899. (Onderstreping deur skrywer).

hanklikheid van die Republiek kon voortsit. Dit is openlik erken deur professor Westlake van Glasgow, meermale regsadviseur van die Suid-Afrikaanse Republiek, wat hoewel hy oortuig was van die reg van Brittanje se saak, tog daarna gestrewe het om as professionele regskundige die stryd in Suid-Afrika as 'n onbevooroordeelde buitestander te betrag. Nadat Boer en Brit in 1899 na die wapen gegryp het om hul geskil te besleg, het hy in Cambridge verklaar: „But there was nothing about education in the Convention (i.e. London Convention), and when we treat that as a matter which might arise with any perfectly independent country, it would be absurd to suppose that a foreigner can have a claim to have his language used in schools supported by public money. How long is it in this country that a parent has had a right to have his child taught with public money?"[70]

Die agterdog waarmee die Britse Imperialis Mansvelt bejeën het, kan nie vergelyk word met die wrok in sy hart teen dr. W. J. Leyds, wat agtereenvolgens as Staatsprokureur,[71] Staatsekretaris[72] en gesant in Europa[73] in toenemende mate direkte invloed op die Republiek se beleid uitgeoefen het nie. Dit is opvallend hoe bitter die aanvalle op Leyds geword het tydens die spanning wat deur die mislukte Jameson-inval geskep is. Ons kan hier slegs na enkele gevalle verwys. Toe dit in die begin van 1897 bekend word dat die dienstydperk van Leyds as Staatsekretaris sy einde nader en dat 2 Mei bepaal is as die dag waarop die Volksraad van die Republiek 'n nuwe Sekretaris moes aanwys,[74] het Greene, wat vermoed het dat Leyds hom herkiesbaar sou stel, van die geleentheid gebruik gemaak om sy owerheid in te lig oor die rol wat Leyds in die politieke lewe van die Boere gespeel het. In 'n breedvoerige bespiegeling oor die aangeleentheid spreek hy die gedagte uit dat Brittanje se belange bevorder sou word indien J. G. Kotze, hoofregter van die Republiek, Leyds opponeer. Hy vind dit nodig om hierdie twee leidende persoonlikhede teenoor mekaar te stel. Leyds is vir hom „the personification of the anti-British policy of the Government, and the leader of the Hollander faction, whose principal raison d'être is to perpetuate the friction between the Boers and the

---

70) Vgl. The Transvaal War, p. 16.

71) Van 1884 tot 1889. Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 110; p. 139.

72) Van 1889 tot 1898. Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 139; Oorsake, II, p. 31.

73) Tot met die ondergang van die Republiek. Vgl. Leyds se Korrespondensie sedert 1899. (Uitgegee in 4 Afdelings).

74) C.R.O. 532, Bylae in nr. 2, Greene aan Milner, d.d. 21-1-1897.

British, and to widen the breach between the Dutch of the Transvaal and the Dutch of other States of South Africa."[75] Hy speel in die Republiek die rol van die eenoogkoning in die land van die blindes, „the indispensable adjunct of an ignorant and illiterate régime," en daarom oefen hy, ná Kruger, die meeste invloed in die Republiek uit. Kruger self stel groot vertroue in hom weens sy kennis van die internasionale reg en die Europese politiek. Volgens inligting wat Greene bekom het, het Leyds vir hom 'n fortuin van enigiets tussen £100,000 en £200,000 opgegaar. Dit is dus te hope dat hy nou maar uit die openbare lewe sal tree. Moontlik sal hy die Republiek se diplomatieke verteenwoordiger in Europe word in die plek van Beelaerts van Blokland, wie se son aan die daal is. Met sy innemende persoonlikheid behoort hy sterk op die voorgrond te tree in Berlyn en Parys, „but he would be a distinct loser in power and in pocket, two not insignificant considerations in such a corrupt administration as that of this country."[76] Sy vrou, wat aansienlik ouer is as hy en daarby nors en knorrig is, sal haar ook nie kan aanpas by die amptelike lewe in die Europese stede nie.[77] Hoewel Kotze ook nie in alle opsigte 'n ideale kandidaat vir die pos van Staatsekretaris sal wees nie, is hy tog vir Greene baie meer aanneemlik as Leyds. Sy vrou, „a lady hailing from Clapham," is sterk Engelsgesind. Hyself is 'n lid van die Inner Temple en besiel met 'n gees van welwillendheid teenoor Brittanje en sy kolonies. Onmiddellik daarna volg die merkwaardige verklaring: „This feeling is, however, tempered by a not unnatural desire to serve the land of his adoption, and therein lies the difficulty of the position."[78] Daarby is Kotze geneig om 'n „trimmer" te wees wat versigtig gehanteer moet word. Ongelukkig maak hy as persoon ook nie veel indruk nie. Sy tekortkominge weeg egter nie op teen dié voordeel dat hy 'n vriend van Greene is nie en dat hulle gevolglik goed behoort saam te werk indien hy tot Staatsekretaris verkies sou word.[79]

'n Ander verslag oor die rol van Leyds in die Transvaal, opgestel in dieselfde trant as dié van Greene, het op hierdie tydstip, deur middel van die Direkteur van Militêre inligting, die Koloniale Kantoor bereik. Dit was afkomstig van

---

75) Ibid.

76) Ibid.

77) Ibid.

78) Ibid. (Onderstreping deur skrywer).

79) C.R.O. 532, Bylae in nr. 12, Greene aan Milner, d.d. 21-1-1897.

E. A. Altham, assistent-militêre sekretaris van die opperbevelhebber van die Britse troepe in Suid-Afrika. Soos Greene spreek Altham die hoop uit dat Kotze daarin sal slaag om Leyds uit die saal te lig. Suid-Afrika sal baie baat by so 'n politieke wending in die Transvaal.[80)]

Die agitasie teen Leyds het 'n diep indruk in Kaapstad en Londen gemaak. Milner het 'n onversoenlike vyand van Leyds geword. Hy het hoe langer hoe meer tot die oortuiging gekom dat Leyds elke geleentheid benut het om die bres tussen Boer en Brit wyer te slaan. Volgens hom het die aanstelling van Leyds as gesant van die Republiek in Europa ten minste diè voordeel gehad dat lg. nou minder geleentheid gehad het om kwade saad in Suid-Afrika te saai. Sedert Leyds se vertrek na die buiteland in die najaar van 1898 „there was a marked diminution in the aggressiveness which so often characterises the communications received by me from the South African Republic, and a disposition to deal with current questions in a more accommodating spirit."[81)] Na 'n amptelike besoek van Leyds aan Pretoria vroeg in 1899, is Milner getref deur die hernieude onversetlikheid van die Kruger-regering in verband met die uitlander- en ander vraagstukke. 'n Tydperk van afwesigheid uit Kaapstad[82)] het, volgens sy oortuiging, hom in staat gestel om 'n betroubare lesing te neem van die politieke termometer in die Republiek. Op 15 Maart 1899 skrywe hy aan Chamberlain: „Since my return here a month ago, I have been painfully struck by the tendency of the Government of the South African Republic to revert to their old unfriendly attitude. It may be a mere accident that this change synchronizes to some extent with the return of Dr. Leyds to South Africa but in any case the change itself is unmistakable."[83)] Kort hierna het Milner hom hewig ontstel oor 'n berig van Greene dat Leyds in Pretoria opdrag gekry het om by sy terugkeer na Europa onverwyld 'n besoek aan Downingstraat af te lê en 'n poging aan te wend om die spanning tussen Brittanje en die Republiek te verlig. Milner vind dit nodig om Chamberlain teen die sluheid van Leyds te waarsku: „Leyds is more responsible for

---

80) C.R.O. 532, nr. 17, Die Direkteur van Militêre Inligting aan die Koloniale Kantoor, d.d. 2-3-1897; Ook die Bylae. (Om Altham se eie woorde aan te haal: „If Leyds were thrown out, it would be an enormous gain to South Africa...").

81) C.R.O. 572, brief nr. 33, Milner aan Chamberlain, d.d. 15-3-1899.

82) Teen die einde van 1898 het hy na Londen vertrek. Vgl. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, Deel I, Voorspel tot die Stryd, p. 226-236.

83) C.R.O. 572, brief nr. 33, Milner aan Chamberlain, d.d. 15-3-1899.

the trouble in South Africa than any other single man. His visit here has had the worst possible effect on the attitude of the South African Republic. But his position is shaky as the total failure up to date of his diplomacy in Europe is apparent to every one. He now returns under a desperate necessity of retrieving his reputation, and that in two ways: by negotiating with Portugal for a virtual control over Delagoa Bay, and by trying to cajole Her Majesty's Government and a section of the press with fair promises intended to make the Uitlander Petition[84] fall flat, and to counteract the bad effect caused by recent events in Johannesburg."[85]

Milner was nie die enigste invloedryke Britse Imperialis wat Leyds in die eerste plek verantwoordelik gehou het vir die vasberadenheid waarmee die Boere hul selfbeskikkingsreg gehandhaaf het nie. Ook die Britse kroonprins (later Eduard VII),[86] wat groot invloed uitgeoefen het op Brittanje se betrekkinge met ander moondhede, het hom bestempel as „the real originator of the crisis."[87] Dis te betwyfel of enige verantwoordelike leier in amptelike Britse kringe ooit meer onbeheerste taal in verband met Leyds gebesig het as die kroonprins. In Desember 1899, 'n paar weke nadat die kanonne oor die Suid-Afrikaanse vlaktes begin bulder het, duik Leyds skielik in Berlyn op. Von Hohenlohe, die Duitse kanselier, het, waarskynlik om Brittanje te tart, die Boere se diplomaat uitgenooi na 'n feesmaal wat op 27 Januarie van die volgende jaar ter ere van die Keiser se verjaarsdag sou plaasvind. Vir sir Frank Lascelles, die Britse ambassadeur in Berlyn, wat sy vaderland ampshalwe by die geleentheid moes verteenwoordig, was die teenwoordigheid van Leyds 'n bitter pil om te sluk. In Londen was niemand blykbaar meer onthuts oor die vernedering van Lascelles as die aangewese troonopvolger nie. In 'n brief aan die ambassadeur, waarin hy die optrede van die Duitsers aanval, skilder hy Leyds as „the most bitter, dangerous and unscrupulous enemy we have."[88] Die prins spreek die hoop uit dat Lascelles na afloop van die banket sy hande met karbolseep gewas het indien hy verplig was om Leyds met die hand te groet![89]

---

84) 'n Versoekskrif van die uitlanders, aan Koningin Victoria gerig, waarin sy versoek word om Kruger te dwing om hul griewe uit die weg te ruim. (Vgl. Scholtz: Oorsake, II, Hfst. X).

85) C.R.O. 572, nr. 35 op p. 27, Milner aan Chamberlain, d.d. 3-4-1899. (Die „recent events" sluit o.m. die Edgar-skietvoorval in. Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 171-177).

86) Vgl. Lee: King Edward VII (Twee Bande).

87) Die Prins aan sir Frank Lascelles, die Britse ambassadeur in Berlyn, aangehaal in Lee, a.w., I, p. 770. (Datum onvolledig vermeld as 1900).

88) Die prins aan Lascelles, d.d. 6-2-1900. (Aangehaal in Lee, a.w., I, p. 758).

89) Ibid.

Om die prentjie wat die Britse Imperialiste van Leyds geteken het volledig voor te stel, verwys ons nog na enkele uitbarstings teen hom in nie-amptelike Britse kringe. In 'n vlugskrif wat T. Froes in 1900 die lig laat sien het, skrywe hy: „For many years Dr. Leyds was virtually the head of Kruger and Co., Limited. It was Dr. Leyds who dictated the policy of the firm and who introduced those strange modes of diplomacy and of finance, which have brought it into disrepute and made it universally synonymous with chicanery and corruption. It is Dr. Leyds who deceived a simple peasantry, who, in the richest country in the world go starving, while he draws his princely salary."[90] Die korrespondent van „The London Times" in Parys deel sy lesers mee: „The perfidious efforts of Dr. Leyd's diplomacy have long been notorious throughout the whole of Europe. He is certainly one of the most active, audacious and perhaps dangerous of the Boer emissaries...I do not shrink from saying that he recoils from no means, however unscrupulous, of exciting the opinion of the world against England, and of creating a strong animus against English policy."[91]

Dit is nou ons taak om self die soeklig op Leyds te werp en te poog om vas te stel of hy die venynige aanvalle van Britse kant verdien het en of sy optrede 'n belangrike „casus belli" was. Dit sou verkeerd wees om die wyse waarop Leyds se vyande hom toegetakel het sonder meer as vooroordeel te verwerp wat deur blinde haat aangevuur is. Selfs in Hollandse regeringskringe was daar diegene wat oortuig was dat Leyds in sy houding teenoor Brittanje te min toegewend en dikwels aggressief was. Dit was die sienswyse o.m. van W. H. de Beaufort, Holland se Minister van Buitelandse Sake in die Liberale Kabinet wat aan bewind was toe die Tweede Vryheidsoorlog 'n aanvang geneem het.[92]

Teen die ernstige beskuldigings wat Leyds voortdurend teen die hoof geslinger is, het hy jare later, by 'n terugblik op die worstelstryd in Suid-Afrika, homself verdedig deur te beweer dat dit sy beleid was om by sy owerheid aan te dring op 'n versoenende houding teenoor Brittanje sonder om die regte van die Republiek prys te gee.[93] Om misverstand in verband met die rol wat hy gespeel het te voorkom,

---

90) Vgl. T. Froes, Kruger & Co., Ltd., and their Agents, the Afrikaner Bond. (Cape Town, 1900). Froes stel die Kruger-regering hier voor as 'n handelsmaatskappy.

91) Aangehaal deur Froes in bg. vlugskrif. (Vgl. vorige voetnoot). Datum nie vermeld nie.

92) Leyds, Korresp., Afd. IV, Deel II, Bylae A, Aantekeninge van De Beaufort opgeneem in die werk van sy seun, dr. J. A. A. H. de Beaufort: <u>Vijftig Jaren uit Onze Geschiedenis, 1868-1918</u>, p. 244vv; ook Leyds se kommentaar op de Beaufort se aantekeninge.

93) Leyds, Korresp., Afd., IV, Deel II, Bylae A, slotparagraaf.

verklaar hy nadruklik: „Voor de rechtmatige aanspraken der Republiek ben ik altijd met energie en toewijding opgetreden."[94]

Voordat ons 'n poging aanwend om vas te stel of Leyds met 'n rein gewete kon verklaar dat hy Brittanje geen rede gegee het om die onafhanklikheid van die Republiek te vernietig nie, wil ons eers let op die getuienis van Carl Jeppe, 'n Duitse kapitalis en tydgenoot van Leyds, wat 'n belangrike rol gespeel het in die ekonomiese en politieke lewe van die Republiek[95] en by wie geen motief aanwesig kon wees om as kampvegter van Leyds op te tree nie, aangesien hy die beleid van die Kruger-regering as bekrompe en retrogressief beskou het. Jeppe verklaar dat die enigste sonde wat Leyds, „a man of broad views," begaan het, daarin geleë was dat h nie die halsstarige en kortsigtige Boere uit die duisternis in die lig gelei het nie! „Too clear-sighted not to see the rocks which would inevitably wreck the ship, he did nothing to change its course."[96] Die klag dat Leyds geen ander rigtin bepleit het as dié wat Kruger ingeslaan het nie,[97] beteken egter nog geensins dat hy hom skuldig gemaak het aan provokasie nie. Jeppe bevestig dus slegs , Leyds se getuienis aangaande sy aandeel in die lotgevalle van die Republiek.

Laat ons nou Leyds se woorde toets aan sy dade gedurende die jare van spanning wat die tweede oorlog tussen Boer en Brit voorafgegaan het. In die voorjaar van 1897 het Leyds 'n geleentheid gevind om besoek af te lê by Downingstraat, waar hy 'n onderhoud gehad het met Chamberlain en Selborne, Minister en Onderminister van Kolonies onderskeidelik. Chamberlain het geklae dat die Republiek hom nie hou aan die vierde artikel van die Londen-Konvensie nie, waarin bepaal word dat alle verdrae met vreemde moondhede (die Oranje-Vrystaat uitgesluit) aan Brittanje vir goedkeuring voorgelê moet word. Uit die bespreking wat daarop gevolg het, het geblyk dat Brittanje en die Republiek die volgende deel van die betrokke artikel verskillend interpreteer: „Deze goedkeuring zal geacht worden verleend te zijn, als Harer Majesteits Regeering niet binnen zes maanden na de ontvangst van een afschrift van zoodanig verdrag (dat haar zal moet overhandigd worden terstond na

---

94) Ibid. (Onderstreping deur skrywer).

95) Carl Jeppe het in 1870 as kind saam met sy gesin na die Transvaal verhuis. Op jeugdige leeftyd het hy lid van die Eerste Volksraad geword. Later was hy president van die Kamer van Mynwese. (Vgl. Backeberg, a.w., p. 183-184; Carl Jeppe: The Kaleidoscopic Transvaal, Voorwoord deur Jeppe).

96) Vgl. Jeppe: The Kaleidoscopic Transvaal, p. 180.

97) Kruger self kan ook nie daarvan beskuldig word dat hy Brittanje getart het nie. (Vgl. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, I, p. 193-195; p. 270-271).

de voltooiing er van) zal hebben te kennen gegeven, dat de sluiting van zoodanig verdrag strijdig is met de belangen van Groot-Brittanië of van een van Harer Majesteits bezittingen in **Zuid-Afrika**." Brittanje het aangevoer dat 'n verdrag voltooi is sodra dit onderteken is deur die gevolmagtigdes van die belanghebbende regerings, d.w.s. voor bekragtiging deur die parlemente van die betrokke state. Leyds het daarop gewys dat volgens die grondwet van die Republiek die Volksraad die eintlike kontrakterende party is en dus 'n verdrag moet goedkeur voordat dit as voltooi beskou kan word. Na „heen en weer praten" het Chamberlain verklaar dat hy tevrede sou wees as die Transvaalse volksraad eers 'n traktaat behandel voordat dit aan hom gestuur word, maar hy het geweier om te wag vir die outorisasie van die wetgewende mag van die ander kontrakterende party.[98] In sy verslag oor die onderhoud wat Leyds na Pretoria gestuur het, het hy aanbeveel dat Chamberlain se kompromis-voorstel aanvaar moes word.[99]

Chamberlain se beskuldiging dat die Republiek die Londen-Konvensie geskend het, het o.m. betrekking gehad op die Brusselse Akte vir die onderdrukking van slawerny. Reeds in 1892 het België die Republiek uitgenooi om tot die Akte toe te tree. In 1896 het die Volksraad die vereiste magtiging aan die regering verleen, maar in die volgende jaar het die Britse agent in Pretoria, in opdrag van Chamberlain, geprotesteer teen die lidmaatskap van die Republiek, op grond daarvan dat Brittanje nie in die saak geken is volgens artikel 4 van die Londen-Konvensie nie.[100] Die Uitvoerende Raad het besluit om nie dadelik op die Britse protes te antwoord nie maar die saak eers na die Staatsprokureur vir aanbeveling te verwys.[101] Lg. het die Raad aangeraai om die stilswye te bewaar en verdere maatreëls om die Republiek se lidmaatskap te verseker op te skort.[102] Hiermee was Leyds nie gediend nie. Toe die saak teen die middel van 1899 nog geen steek gevorder het nie, het hy hom teen die standpunt van die staatsprokureur uitgespreek en sy ower-

---

98) Leyds, Korresp., Afd. I, Bylae J op p. 225; Leyds se verslag aan sy owerheid.

99) Ibid. Die onderhoud het op 15 Mei 1897 plaasgevind en Leyds het sy verslag op 21 Mei gereed gehad.

100) Die Britse Agent aan die Staatsekretaris, d.d. 9-3-1897. (Volledig aangehaal in Leyds, Korresp., I, Bylae J op p. 225)

101) Leyds, Korresp., Afd. I, Bylae J.

102) Ibid; ook Leyds, Korresp., Afd. I, nr. 105 op p. 92, Leyds aan Pretoria, d.d. 9-8-1899.

heid vanuit Brussel versoek om Chamberlain in kennis te stel dat die Republiek geen beswaar het om sy toetrede tot die Akte aan Brittanje se goedkeuring onderhewig te maak nie.[103] Hier het Leyds 'n eerlike poging aangewend om die spanning tussen Brittanje en die Republiek te verlig, selfs deur 'n groter offer van die Republiek te vra as wat die Londen-Konvensie geëis het, nie slegs omdat dit onsinnig van Chamberlain was om aanspraak te maak op die reg om 'n verdrag goed te keur wat uit die aard van die saak nòg Brittanje nòg sy kolonies kon benadeel nie, maar ook omdat die minister se optrede in dié verband teen die letter en gees van die Konvensie ingedruis het.

In verband met 'n ander Transvaalse traktaat, wat dieselfde moeilikheid opgelewer het, vind ons Leyds ewe inskiklik. Reeds in 1893 het die Republiek 'n uitleweringstraktaat met Portugal gesluit.[104] As gevolg van die geskil oor die interpretasie van die Konvensie, het jare verbygegaan sonder dat die traktaat aan Downingstraat vir goedkeuring voorgelê is. Tydens Leyds se besoek aan Pretoria aan die begin van 1899 om beraad te voer oor sy diplomatieke werk in Europa,[105] het hy die Uitvoerende Raad oorreed om die traktaat aan Chamberlain ter insae te stuur.[106] Na sy terugkeer in Europa het hy weer daaroor navraag gedoen of die traktaat al versend is en, indien nie, welke stappe reeds gedoen is om uitvoering aan die besluit te gee. In opdrag van Reitz, die Staatsekretaris, het Grobler geantwoord dat „wegens de vele gewichtige werkzaamheden" die saak nog nie weer aandag geniet het nie.[107]

Leyds se pleidooie vir toegeeflikheid veronderstel geensins dat hy getwyfel het aan die goeie saak van die Republiek nie. Dit sien ons ook t.o.v. sy houding in die stryd van die Republiek in 1899 om 'n konsul in Kaapstad benoem te kry. Chamberlain wou geen **exequatur** aan Carl Jeppe verleen wat deur die Transvaalse regering as konsul in Kaapstad benoem is nie, ten spyte van die feit dat Brittanje 'n konsul-generaal van die Republiek in Londen ontvang het en ook geen beswaar gemaak het teen die optrede van die Natalse regering wat die aanstelling van 'n

---

103) Leyds, Korresp., Afd. I, nr. 105 op p. 92, Leyds aan Pretoria, d.d. 9-8-1899.

104) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 63.

105) Leyds, Korresp., Afd. I, Bylae J. op p. 225.

106) Leyds, Korresp., Afd. I, nr. 51 op p. 43, Gesant aan Staatsekretaris, d.d. 8-6-1899.

107) Leyds, Korresp., Afd. I, nr. 51 op p. 43, Gesant aan Staatsekretaris, d.d. 8-6-1899; nr. 70 op p. 57, staatsekretaris aan Gesant, d.d. 11-7-1899. (Grobler was die Onderstaatsekretaris).

konsul in Durban verwelkom het nie.[108] In 'n memorandum wat Leyds na Pretoria gestuur het, toon hy op oortuigende wyse aan dat Chamberlain geen grond vir sy gedragslyn het nie. Tog meen hy dat dit ongewens sal wees om verdere argumente oor die saak uit te lok, aangesien dit weer die susereiniteitskwessie, wat alreeds tot soveel stryd aanleiding gegee het, op die voorgrond sal bring.[109]

Uit Leyds se korrespondensie as gesant van die Republiek blyk telkens dat hy 'n beleid van versigtigheid en versoening voorgestaan het. Aan generaal Piet Joubert skrywe hy op 14 Junie 1899 uit Parys: „Vrede of oorlog? De gedachte komt soms bij mij op of het nu niet voor ons het geschikste oogenblik is om erop los te slaan. Maar een oorlog te veroorzaken is een groote verantwoordelijkheid en daarom meen ik dat de Regeering een houding wil innemen van alle provocatie te vermijden. Daarna richt ik ook mijn eigen houding in. Provocatie van de zijde der Republiek zoude haar de sympathie doen verliezen die zij nu weer van verschillende kanten geniet."[110] 'n Paar weke later laat hy hom soos volg uit teenoor Michael Davitt, 'n goedgesinde lid van die Britse Laerhuis: „I think it is my duty to avoid everything that may aggravate the existing tension and if war cannot be avoided, it must not with some justice be said that from our side something had been said or done that sounded like a provocation."[111]

In die voorafgaande getuienis vind ons geen regverdiging vir die aantyging van die Britse Imperialiste dat Leyds 'n oorlogspropagandis was nie. Hul verwoede aanvalle op hom moet gewyt word aan sy vasberadenheid om, soos Kruger, die uitbreiding van „British Paramountcy" na die Boererepublieke te verhoed. Leyds wou die Boerenasionalisme ten alle koste handhaaf. Vir daardie doel het hy selfs die hulp van die Afrikaanse taal, wat toe in wording was, ingeroep. Met verwysing na Afrikaans verklaar hy: „Zonder er bewondering voor te gevoelen, heb ik het welkom geheeten als een strijdmiddel tegen het Engelsch en het verengelschen."[112] Deur as kampvegter op te tree van die saak wat hy gedien het, het hy hom egter nog nie

108) Leyds, Korresp., Afd. I, nr. 109 . op p. 97, Gesant aan Pretoria, d.d. 10-8-1899. (Vgl. ook Scholtz: Oorsake, II, p. 59-61).

109) Leyds, Korresp., Afd. I, nr. 108 en 109 op p. 97, Gesant aan Pretoria, d.d. 10-8-1899.

110) Leyds, Korresp., Afd. I, nr. 64 op p. 51, Leyds aan Joubert, d.d. 14-6-1899.

111) Leyds, Korresp., Afd. I, nr. 65 op p. 53, Gesant aan Davitt, d.d. 30-6-1899.

112) Leyds Korresp., Afd. IV, Deel I, Eerste Band, Punt 15 van die Inleiding op p. XXI.

skuldig gemaak aan inbreuk op die reg van Brittanje nie. Hy kan immers nie daarvoor verantwoordelik gehou word dat die Boererepubliek in Brittanje se pad beland het nie. Vir hierdie politieke ontwikkeling in Suid-Afrika was Brittanje self verantwoordelik, want hy het die Republiek oorspronklik in die lewe geroep met die doel om die stryd teen die inboorling te wen. Dat daardie beleid nou uitgedien was kan seer sekerlik nie Leyds ten laste gelê word nie. In plaas van Leyds van aggressie te beskuldig, moes die Britse Imperialiste die wortel van die kwaad by Brittanje se koloniale beleid gesoek het, wat binne die bestek van 'n halwe eeu meer as een keer van koers verander het.

Ten spyte van die kabaal wat die Britse Imperialiste opgeskop het oor die sg. oorheersende Hollandse invloed op die Suid-Afrikaanse Republiek, kan ons Carl Jeppe se standpunt sonder aarseling onderskryf dat Leyds die enigste Hollander was wat 'n noemenswaardige aandeel gehad het in die bepaling van die Republiek se beleid.[113] In soverre dit Brittanje geraak het, was die beleid egter, op sigself genome, defensief van aard en het dit dus geen uitdaging aan daardie moondheid ingehou nie. Die werklike gevaar van Hollandse kant vir Brittanje se oppergesag in Suid-Afrika het daarin bestaan dat die oorgrote meerderheid van die Hollanders wat hulle in die Republiek gaan vestig het, nie alleen deur die Boere assimileerbaar was nie maar hulle ook heelhartig vereenselwig het met die strewe van die Boere om hul onafhanklikheid te handhaaf. Dit het die poging van Brittanje gestrem om die Republiek langs konstitusionele weg in 'n Britse kolonie om te skep. Hier het ons die grondoorsaak van die kommer wat deur Rumbold, Brittanje se gesant in Den Haag, uitgespreek is oor die emigrasie van jong Hollanders na die Republiek. Dit verklaar ook waarom Fiddes aanbeveel het dat Brittanje die Hollanders in die Republiek moes aansê om te trap. Dit sou nie kon gebeur nie tensy Brittanje eers die Boere gedwing het om hul selfbeskikkingsreg op die altaar van die Britse Imperialisme te lê. Die teenwoordigheid van 'n redelik sterk Hollandse element in die Republiek het dus sonder twyfel tot sy ondergang bygedra.

---

113) Vgl. Jeppe: The Kaleidoscopic Transvaal, p. 177-180.

# HOOFSTUK XIII.

## Die Franse faktor in die betrekkinge tussen die Republiek en Brittanje.

'n Studie van die betrekkinge tussen Brittanje en Frankryk in die laaste kwart van die neëntiende eeu, veral met betrekking tot die invloed wat koloniale uitbreiding daarop uitgeoefen het, bring 'n mens onwillekeurig tot die gevolgtrekking dat van alle groot moondhede Frankryk die meeste rede gehad het om die Boere te steun in hul manmoedige stryd teen die Britse Imperialisme. In die gespook en gespartel om grondgebied in Afrika te bekom, het Brittanje met baie groter welslae struikelblokke in die weg van die Franse Imperialiste geplaas as wat hy daarin geslaag het om die Duitse opmars te stuit. Dit is begryplik. Na sy verpletterende neerlaag teen Duitsland was dit seker nie die aangewese weg vir Frankryk om sy aandag ten eerste op wêreldpolitiek toe te spits nie. Dit was gerade vir hom om eers weer sy posisie op die Europese vasteland te konsolideer. En hierdie koers het hy dan ook ingeslaan. Die Frans-Russiese Verbond was die kulminasiepunt van sy Europese politiek. Dit verklaar waarom hy nie, soos sy koloniale mededingers, veral Brittanje en Duitsland, sy oog meteen oor die hele aardbol laat gaan het nie. Die feit dat sy bevolking weinig of geen aanwas getoon het nie[1] en dat, ten spyte van die kapitaal wat hy uitgevoer het,[2] sy industriële vooruitgang ongunstig afgesteek het by dié van genoemde moondhede,[3] het ook meegehelp om sy koloniale bedrywighede aan bande te lê. Wat Afrika betref, was sy politieke belangstelling hoofsaaklik tot die noordelike halfrond beperk. Hier het hy gebots met Brittanje, wat hom so verneder het dat 'n mens wonder of Napoleon nie meer as een keer in sy graf omgedraai het nie.

Die botsings het plaasgevind in die stroomgebiede van die groot Noord-Afrikaanse riviere, die Niger en die Nyl. Die probleme wat die Niger opgelewer het, was minder ernstig van aard en is deur middel van 'n verdrag op 14 Junie 1898 opgelos.[4] Die stryd om die Nyl het reeds in 1875 begin, toe Brittanje die Egiptiese aandele in die Suezkanaalmaatskappy oorgeneem het, as gevolg waarvan hy oorheersende invloed in Egipte verkry het. Vir 'n paar jaar het hy nog die teenwoordigheid van die Franse geduld maar in 1882 die alleenheerser van Egipte geword

---

1) Vgl. Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 55.

2) Vgl. Scholtz: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, p. 190-191.

3) Vgl. Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 55.

4) Id., p. 57-58.

deur sy daadwerklike optrede om die inwendige twiste te beëindig. Daardeur het hy hom die dodelike vyandskap van die Franse op die hals gehaal.[5] Die breuk tussen Brittanje en Frankryk in Noord-Afrika het geleidelik verbreed en in die najaar van 1898 'n klimaks bereik toe Marchand, 'n Franse kaptein, probeer het om die ekwatoriale gedeelte van die Soedan (bekend as Bahr-el-Ghazal) te verower. 'n Britse leër onder Kitchener was toe juis besig om die Soedan aan die Union Jack te onderwerp. Op 19 September het Marchand en Kitchener by Fasjoda teen mekaar vasgeloop. By 'n plaaslike botsing sou dit nie bly nie en oorlog tussen Brittanje en Frankryk is slegs voorkom deurdat Parys die knie voor Londen gebuig het. Op 3 November het Marchand van owerheidsweë opdrag gekry om pad te gee. Aan die begin van die volgende jaar het Frankryk sy neerlaag bevestig toe hy die Britse gesag in die Nylvallei en die Darfurstreek erken het.[6] As vergoeding het hy die Wadai ontvang. Dit was maar 'n uiters skrale troos.

En tog! Ten spyte van die leed wat Brittanje hom aangedoen het, het Frankryk selfs ofnooit die Duitse voorbeeld gevolg om die stryd van die handjievol Boere teen die Britse Imperialisme tot sy eie voordeel uit te buit. Dit moet miskien in 'n mate toegeskrywe word aan die onsekere politieke toestande wat teen die einde van die neëntiende eeu in Frankryk geheers het,[7] maar 'n belangriker rede was waarskynlik dat Frankryk nie bereid was om sy swak vertoning in Noord-Afrika in die suide te herhaal nie. Af en toe het daar wel 'n woordjie van Franse kant gekom wat die indruk kon wek dat Frankryk gesteld was op die handhawing van die Boere se soewereiniteit. In 1894 het De Wet, die Britse agent in die Suid-Afrikaanse Republiek, berig dat daar in die hoofstad gefluister word van 'n offensiewe en defensiewe verbond tussen Pretoria en Parys. Die Franse konsul sou selfs teenoor 'n koerant verklaar het dat Europa geen inmenging van Britse kant in die Republiek se

---

5) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 317-319.

6) Vgl. Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 58-61. (Die ooreenkoms is op 21 Maart 1899 gesluit).

7) Id., p. 54-55. Halevy som die politieke toestand in Frankryk soos volg op: „France cherished the memory of a great past, still by no means remote, but if the prospect of a military dictatorship was a constant source of anxiety, the inglorious Government, which for the past quarter of a century had managed to avert the danger, was an object of contempt. The Reactionaries in alliance with the Revolutionaries had exploited the Panama scandal against the Parliament. And now the Dreyfus affair was beginning. Would a combination of the Republicans and the Revolutionaries take their revenge and utilize this new scandal to the detriment of the Army? Or, as the majority of Englishmen expected, would the unstable and scandalous political conditions enable a soldier of mediocre qualities to establish a precarious dictatorship?"

sake sou duld nie. Aan hierdie praatjies is „a strong colouring of truth" gegee deur die astrante houding van Wolmarans, 'n volksraadslid, wat in die Raad verklaar het dat Brittanje nie die Republiek tot 'n kragmeting kan uitdaag sonder om ook Frankryk en Duitsland daarby te betrek nie.[8] Dit lyk egter nie of gerugte soos hierdie veel onrus in die Koloniale Kantoor gewek het nie.

Daar is 'n opvallende ooreenkoms in die wispelturige gedragslyn van die Franse en die Portugese teenoor die Republiek.[9] In Februarie 1897 het die Transvaalse Uitvoerende Raad in die geheim sy kommer uitgespreek oor die minder gunstige stemming van Aubert, die Franse konsul.[10] Slegs twee maande later het Conyngham Greene egter weer geklae dat Aubert die Republikeinse owerheid teen Brittanje opsweep.[11] Juis op hierdie tydstip het 'n waarskuwing uit 'n ander rigting oor die Franse houding ook Downingstraat bereik. Dit was afkomstig van Edmund Monson, Brittanje se ambassadeur in Parys. Die aanleiding daartoe was 'n besoek wat die Duitse kanselier, prins Hohenlohe, aan Parys gebring het. Hy het 'n lang onderhoud gehad met Hanotaux, Frankryk se Minister van Buitelandse Sake, en Monson het vas geglo dat die verhouding tussen Brittanje en die Transvaal hul ernstige aandag geniet het. Monson wys sy owerheid daarop dat die Franse nog steeds wraakgedagtes koester omdat hulle uit Egipte verdryf is. Hoewel Duitsland in die verlede geen sinnigheid vir Frankryk se beleid in Egipte getoon het nie, is Monson tog bekommerd oor die moontlikheid dat Frankryk en Rusland hul Tweevoudige Verbond in 'n Drievoudige Verbond mag omskep met Duitsland as derde lid, sodat die drie moondhede 'n gesamentlike poging kan aanwend om die Britse opperheerskappy in sowel Noord- as Suid-Afrika te beëindig.[12]

Vanselfsprekend is die Britse regering meer beïndruk deur die logiese argument van sy ambassadeur in Parys as deur die ontsteltenis van sy agente in Pretoria. Die vraagstuk van Frankryk se verhouding tot die Suid-Afrikaanse Republiek is deeglik uitgepluis in die Koloniale Kantoor, en in opdrag van Chamberlain het

---

8) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, Bylae in brief nr. 88, De Wet aan Hoë Kommissaris, d.d. 24-10-1894.

9) 'n Verklaring hiervoor vind ons o.m. in die verskynsel dat die Latynse rasse - die Franse, Portugese, Spanjaarde en selfs die pasverenigde Italianers - teen die einde van die neëntiende eeu weinig lewenskrag getoon het, veral in hul optrede na buite. (Halevy, a.w., p. 54-55).

10) L.A. 679 nr. 15; ook L.A. 631, G.R. 264/97.

11) C.R.O. 532, nr. 61, wnd. Hoë Kommissaris aan Chamberlain.

12) C.R.O. 532, Bylae in nr. 58, Monson aan Salisbury, d.d. 22-4-1897.

Fred Graham in Mei 1897 'n breedvoerige memorandum die lig laat sien waarin hy probeer vasstel in hoeverre die Franse imperialisme 'n gevaar vir die Britse belange in Suid-Afrika geword het. Die memorandum is spesiaal bedoel om inligting aan Salisbury, die Eerste Minister en Minister van Buitelandse Sake, te verstrek en om ook wenke aan die hand te doen vir die bestryding van die vermeende Franse gevaar.[13] Graham verklaar dat Monson nie die enigste wag op 'n voorpos is wat 'n rooi lig laat sien nie. Van Chamberlain se geheime informante in Pretoria word al geruime tyd berigte ontvang dat Kruger se agente met Europese moondhede heul om ten minste hul morele steun te verkry vir die poging om die Republiek se soewereiniteit te handhaaf. Die Paryse korrespondent van die „Times" het in die uitgawe van 26 April ook gewys op Frankryk se besondere belangstelling in die lotgevalle van die Boere. Daarbenewens het nog 'n Londense koerant gewaarsku teen die gevaar van Franse inmenging in Suid-Afrika. Graham glo egter dat hierdie gevaar meer denkbeeldig as werklik is en dat Duitsland die eintlike sondaar is wat 'n „Franse spook" geskep het om Brittanje mee op hol te jaag. Duitsland se diplomasie is daarop bereken „to create the impression that certain of the Continental Powers[14] are united in a determination to oppose British policy in the Transvaal." Die „Franse gevaar" is dus eintlik van Duitsland afkomstig! Byna 'n halwe eeu lank is dit al die Duitse strewe om met behulp van die Boere 'n Duitse koloniale ryk in Suidelike Afrika te stig wat tot aan die Sentraal-Afrikaanse mere en die Kongorivier sal strek. Frankryk aan die ander kant het nog geen begeerte getoon om Suid-Afrikaanse gebied in te palm nie. Sy belange in die Transvaal en naburige state is uitsluitlik kommersieël van aard, en Graham kan geen voordeel vir Frankryk daarin sien om die Britse invloedsfeer in hierdie geweste binne te dring en Brittanje se opperheerskappy uit te daag nie. Hy wil egter nie te kenne gee dat Frankryk buite rekening gelaat moet word in Brittanje se optrede teenoor die Transvaal nie. Om Frankryk as 'n politieke faktor heeltemal uit te skakel, beveel hy 'n herhaling aan van die diplomasie wat teenoor Portugal gevolg is. Aan Monson moet 'n konfidensiële skrywe gerig word „with a view of furnishing him with material for an attempt to show the French Government that an endeavour is being made to use their influence for the furtherance of a policy in South Africa inconsistent with French interests." Monson moet die Franse regering daarop wys dat die

---

13) C.R.O. 532, nr. 69, C.O. aan F.O., d.d. 4-5-1897. (Onderteken deur Fred Graham).

14) Graham bedoel Duitsland, Frankryk en Rusland.

Franse kapitaal wat in die Transvaal belê is baie veiliger sal wees as die administrasie van die land onder Britse toesig geplaas word. Sodra die misbruike verwyder is wat die huidige administrasie in die Republiek kenmerk, sal die waarde van die mynaandele, waarby so baie Franse beleggers belang het, styg. Die Franse industrieë sal ook baat, want dis Kruger se beleid om aan die Franse slegs die krummels te gee wat van die tafel afval. Dis sy taktiek om allerhande monopolieë en voorregte aan Duitsers en Hollanders toe te ken, „with such occasional favours to individual Frenchmen as might induce them to urge on their Government the advisability of supporting the existing order of things." 'n Voorbeeld is die dinamietmonopolie. Volgens vertroulike inligting wat die Koloniale Kantoor uit Pretoria ontvang het, is die monopolie in die hande van 'n maatskappy wat om finansiële redes in Parys geregistreer is maar sy hoofkantoor in Hamburg het, sodat Duitse grondstowwe voorkeur kan geniet.[15)]

Die hoeksteen van die beleid wat Graham hier bepleit, is baie duidelik die diepgewortelde haat wat die Fransman teenoor die Duitser gekoester het. Hiervan wil hy gebruik maak om Frankryk af te skrik van enige poging om op te tree as kampvegter van die Republikeinse owerheid in die Transvaal, wat hy as 'n soort popperegering van die Duitsers voorstel.

Dit het spoedig geblyk dat Graham 'n kenner van die Franse politiek was. Slegs 'n paar weke na sy gerusstellende verklaring oor die houding van Frankryk, het Hanotaux in 'n onderhoud met Monson hom daarop toegelê om die Brit te oortuig dat hy geensins van plan was om in die troebel waters van Suid-Afrika te vis nie.[16)] Terselfdertyd het Franse koerante soos die „Figaro" 'n baie beter gesindheid teenoor Brittanje geopenbaar in hul bespreking van die Transvaalse vraagstuk.[17)] Ons het reeds daarop gewys dat Frankryk se koloniale bedrywighede meer beperk was as dié van Brittanje of Duitsland, en ons het redes daarvoor probeer aanvoer. Tog lyk dit asof die Franse imperialisme boonop in sy wese minder idealisties was as die Britse of Duitse imperialisme. Die Britse Imperialis het daarna gestrewe om die wêreldleierskap wat hy in die neëntiende eeu bemeester het, te handhaaf;[18)] die Duitse imperialis het hom beywer om ten minste die eerste plek in die ry van nasies

---

15) C.R.O. 532, nr. 69, C.O. aan F.O., d.d. 4-5-1897. (Onderteken deur Graham).

16) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 536, Bylae in brief nr. 151, Monson aan Salisbury, d.d. 23-5-1897.

17) Ibid.

18) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 69-70.

met die Brit te deel indien hy hom nie van sy troon kon stoot nie;[19] maar, anders as aan die begin van die neëntiende eeu, het die Franse imperialis blykbaar die wêreld om hom heen in die eerste plek uit 'n stoflike oogpunt betrag. Die vraag wat by hom die swaarste geweeg het, was hoe hy sy sak die beste kon vul.[20] Klaarblyklik was sowel Boer as Brit bewus van die Fransman se materialistiese lewensbeskouing. Die Transvaalse Uitvoerende Raad het hom in 1897 bereid verklaar om die Franse koerante geldelik te steun wat die Republiek se saak in Europa bepleit.[21] In die volgende jaar het gerugte weer die Koloniale Kantoor in Londen bereik dat 'n aantal kapitaliste, o.w. Rhodes en Beits, bereid was om soveel as 'n half-miljoen pond beskikbaar te stel om die Franse pers te beïnvloed en om te koop.[22] Is dit 'n wonder dat die Britse opmars in Suid-Afrika so weinig kommer in Franse regeringskringe gewek het? Hoe hoër die spanning tussen Brittanje en die Suid-Afrikaanse Republiek gelaai het, hoe skraler het die hoop geword dat Kruger op die arm van Frankryk sou kon leun. In die helfte van 1898 is Hanotaux deur Delcassé as Franse Minister van Buitelandse Sake opgevolg, en lg. het, ten spyte van die vernedering wat sy land by Fasjoda aangedoen is, hoe langer hoe meer 'n pro-Britse en anti-Duitse beleid gevolg.[23] Die aanstelling van Cambon as Frankryk se ambassadeur in Londen was 'n verdere vingerwysing, want hy het hom daarop toegelê om 'n versoening tussen Parys en Londen te bewerkstellig.[24] In hul buitelandse en koloniale program van aksie het die Franse staatsmanne geen plek ingeruim vir die belange van klein staatjies nie en daardeur die ondergang van die Boererepublieke verhaas.

Die ekonomiese belange van die Franse in die Suid-Afrikaanse Republiek werp

---

19) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 9-10.

20) Scholtz praat van die „onvergelyklike spaarsaamheid" van die Franse volk. Hy haal Feiss aan wat in sy werk, Europe, the World's Banker, (New York 1930), sê: „Financial nationalism corresponded to the state of mind of France." (bls. 134). Die politieke gedagte wat in Frankryk die botoon gevoer het, was dié van „Revanche." Frankryk moes hom wreek op Duitsland vir die verlies van Elsas en Lotharinge. (Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 159-160). Vir Frankryk was dit nie die aangewese tyd om Brittanje, wie se leiersposisie op die solidariteit van sy koloniale ryk gefundeer was, na die kroon te steek nie.

21) L.A. 679, nr. 15; ook L.A. 631, G.R. 264/97.

22) C.R.O. 557, South African Republic, Secret Correspondence, nr. 117, Extracts from Private Letters. (Communicated to Colonial Office, December 6, 1898).

23) Vgl. Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 60; p. 401-402; p. 407; p. 409; p. 423-428.

24) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 16; Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 407.

verder lig op die afsydige houding van Frankryk teenoor die stryd wat die Boer teen die Britse Imperialisme moes voer. 'n Sterk stroom Franse kapitaal het na die Republiek gevloei en is belê in die bankwese, goudmyne en industrieë.[25] Die Franse blad „Journal des Débats" bereken in sy uitgawe van 3 Julie 1898 dat die kapitaliste van Frankryk 'n globale som van meer as 1,200-miljoen frank op die spel geplaas het om die ekonomiese vooruitgang van die Republiek te bevorder.[26] Tog het maar 'n handjievol Franse dit die moeite werd geag om hulle in die Republiek te gaan vestig. Anders as die Duitsers en Hollanders het baie min van hulle in die Boerestaat 'n aantreklike tuiste gesien.[27] Diegene wat wel daarheen verhuis het, het, met weinig uitsonderings,[28] geen simpatie getoon met die nasionale strewe van die Boere nie. Moontlik het hulle die dag voorsien wanneer die Republiek in die hande van hul aartsvyande, die Duitsers, sou val. So 'n ontwikkeling kon nouliks enige voordeel vir hul ekonomiese of finansiële belange ingehou het. Met hul optrede het die Franse duidelik getoon dat hulle 'n Britse administrasie in die Transvaal verkies het. Georges Rouliot, die Fransman wat die mees aktiewe rol in die Republiek gespeel het, het, in samewerking met 'n deel van die Franse pers, in 'n groot mate die goeie werk wat Leyds in die buiteland in belang van die Boere se saak gedoen het, ongedaan gemaak. Hy was verteenwoordiger op die Rand van twee goudmynmaatskappye wat noue betrekkinge met mekaar gehad het, nl. Wernher, Beit en Kie. en Eckstein en Kie.[29] Die Britse kapitaliste en imperialiste het sy volle steun geniet in hul stryd teen die Kruger-bewind, en op die vooraand van die Tweede Vryheidsoorlog het hy president van die Kamer van Mynwese geword.[30]

Rouliot se houding blyk duidelik uit 'n geheime onderhoud wat hy in Februarie 1897 toegestaan het aan Altham, assistent-militêre sekretaris van die Britse opper-

---

25) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 179-182; Scholtz: Oorsake, II, p. 21-26.

26) B.A. Agent, Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, Bylae in brief nr. 317, Monson aan Salisbury, d.d. 5-7-1898. ('n Eksemplaar van die „Journal Débats" is ingesluit).

27) Vgl. die begin van hoofstuk X.

28) 'n Enkele soos Brochon het gepoog om 'n neutrale standpunt in te neem teenoor die stryd tussen Boer en Brit. (Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 182).

29) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 182, p. 263; Backeberg, a.w., p. 184; C.R.O. 572, nr. 45 op p. 42, Milner aan Chamberlain, d.d. 5-4-1899.

30) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, Bylae in brief nr. 115, Greene aan Milner, d.d. 22-1-1898.

bevelhobber in Suid-Afrika.[31] Hy het hom daarop beroem dat hy reeds veertien jaar in Suid-Afrika was en dus gesaghebbend kon praat oor die politieke en ekonomiese toestande. Die Boere was baie strydlustig. In die Suid-Afrikaanse Republiek was daar 'n oorlogsparty onder aanvoering van manne soos Wolmarans, die volksraadslid vir Pretoria, en Erasmus, die kommandant van Pretoria-distrik. Hierdie heethoofde was daarop uit om skoor te soek met Brittanje. Net na die Jameson-inval het hulle 'n aanval op Kimberley beplan, maar gelukkig het Joubert hulle gekeer. Erasmus het reguit aan Kruger gesê „that he gained nothing by all his talking, and that he (Erasmus) and others intended to act soon." Hul eerste stap sou wees om beslag te lê op Delagoabaai. Kruger self was te uitgeslape om sy ideale deur wapengeweld te probeer verwesenlik. Sy metode was om deur voortdurende inbreuk op die bepalings van die Londen-Konvensie Brittanje daartoe te dwing om die Republiek soos 'n mondvol warm pap uit sy mond te spuug. Verder het hy agente na die naburige Britse kolonies gestuur om die onderdane van die koningin afvallig te maak. Vir die griewe van die Uitlanders het hy slegs 'n dowe oor gehad, omdat hierdie mense sy strewe na politieke en ekonomiese oorheersing gedwarsboom het. Rouliot het dit as sy oortuiging uitgespreek dat hoe gouer Erasmus en sy kliek daarin slaag om oorlog uit te lok, hoe beter. Brittanje moes dan snel optree, die Republiek in een hou plat slaan, die Koningin se susereiniteit herbevestig en 'n Suid-Afrikaanse federasie tot stand bring volgens die model van Kanada. Dit sou die einde wees van die pro-Duitse beleid van Kruger, wat so pas £100,000 bewillig het om 'n nuwe Duitse stoomvaartlyn na Delagoabaai te subsidieer.

Rouliot se afkeer van die Boere en hul administrasie van die Republiek het vinnig toegeneem. Toe hy op 20 Januarie 1898 die algemene jaarvergadering van die Kamer van Mynwese geopen het, het hy in sy voorsittersrede die ekonomiese beleid van Kruger aan felle kritiek onderwerp. Dit was kort voor 'n presidentsverkiesing, die kandidate was druk besig met hul veldtogte, en waarskynlik wou Rouliot op hierdie wyse sy deel bydra tot die anti-Krugerpropaganda van die Britse Imperialiste.[32] Volgens hom het dit die Boere aan die nodige agtergrond ontbreek om die land te dien solank die ekonomiese rewolusie wat op die ontdekking van goud gevolg het, voortgeduur het. Hulle het te min ondervinding gehad en hul primi-

---

31) C.R.O. 532, Affairs of the South African Republic, Secret Correspondence, nr. 35, Direkteur van Militêre Inligting aan die Koloniale Kantoor, d.d. 24-3-1897; ook die Bylae.

32) Rouliot verwys kort-kort na Kruger se verkiesingstoesprake.

tiewe opvoeding was te ontoereikend om hulle 'n insig te gee in die moeilike vraagstukke wat hulle moes oplos. Gevolglik het hulle op alle terreine, maar veral op dié van die ekonomiese lewe, misgetas. Hoewel die goudnywerheid nog maar elf jaar oud was, het die Witwatersrand reeds in 1897 'n vyfde van die wêreld se opbrengs gelewer. Op die oog het die toekoms belowend gelyk, en tog het hierdie nywerheid swaar gely onder die onsimpatieke houding van die owerheid. Rouliot het Kruger daarvan beskuldig dat hy nie voldoende naturellearbeid vir die myne voorsien het nie; dat hy smokkelhandel in drank toegelaat het, as gevolg waarvan meer as 'n vyfde van die naturellearbeiders voortdurend onbekwaam was om hul werk te doen; dat hy die paswette nie streng genoeg toegepas het nie, sodat die mynwerkers na hartelus gedros het; dat hy gouddiefstal op groot skaal oogluikend toegelaat het; dat hy nie sy woord gestand gedoen het om die myne van goedkoper dinamiet te voorsien nie; en dat hy die N.Z.A.S.M. toegelaat het om deur hoë vervoertariewe die goudnywerheid uit te buit. Die duisternis van komitees en kommissies wat Kruger aangestel het om die misstande te ondersoek, was 'n klug. Die Industriële Kommissie van Staatsamptenare wat deur die regering aangestel is, het die instelling van 'n plaaslike raad op die Witwatersrand bepleit om toe te sien dat die landswette behoorlik uitgevoer word. Kruger het geen grondige rede gehad om hierdie aanbeveling te verwerp nie: „It is all nonsense to say that the creation of such a Board would be making a Government within a Government that would endanger the independence of the State."[33] Rouliot se meedoënlose aanval op die Boere in die algemeen en op Kruger in die besonder het Conyngham Greene se hart goed gedoen. Hy het dit aan Milner gestuur en die feit beklemtoon dat dit van 'n Fransman afkomstig was.[34]

Rouliot se aandeel in die stryd teen die Boere was nie tot onderhoude en toesprake beperk nie. Hy het daadwerklik opgetree om die Republiek se status te ondermyn deur sy volle gewig in te werp by die poging om 'n liberale kiesreg op Kruger af te dwing. In Maart 1899 het Rouliot, Fitzpatrick en ander verteenwoordigers van die mynbase met die Transvaalse owerheid onderhandel om 'n oplossing te soek vir hul menigvuldige politieke en ekonomiese geskille.[35] Volgens getuienis

---

33) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, brief nr. 115, Milner aan Chamberlain, d.d. 9-2-1898; ook die Bylae, Greene aan Milner, d.d. 22-1-1898; Verder die verslag van die „Star" van 20 Januarie 1898 wat die toespraak woordelik weergee. (Ingesluit by bg. Bylae).

34) Ibid.

35) Vgl. Breytenbach, I, p. 248; C.R.O. 572, Affairs of the S.A. Republic, Secret Correspondence, 1899, nr. 45 op p. 42, Milner aan Chamberlain, d.d. 5-4-1899.

van Milner self het Rouliot en sy metgeselle hul opdragte van die kapitaliste in Londen ontvang, ná 'n vergadering op 16 Maart by nr. 8 Old Jewry, wat bygewoon is deur direkteure van al die groot Londense maatskappye wat belang by die mynindustrie gehad het.[36] Die geldmag het die volgende eise as basis van onderhandeling aan die Republiek gestel: (1) die tydperk van verblyf in die Republiek voordat immigrante die stemreg kon kry, moes dateer vanaf die dag van hul aankoms; (2) die immigrante moes 'n eed van getrouheid aflê sonder om hul bestaande burgerskap af te sweer; (3) die uitbreiding van die stemreg moes gevolg word deur 'n herindeling van setels, sodat die digsbewoonde kiesafdelings meer verteenwoordigers in die Volksraad kon kry.[37] Volgens Milner het die tweede eis min praktiese betekenis gehad, maar, so skrywe hy aan Chamberlain, „as a matter of sentiment, the point appears to many Uitlanders, and those generally the best of them, a vital one."[38]

Milner was in sy noppies oor hierdie eise en skrywe die besliste standpunt van die kapitaliste in die eerste plek toe aan die persoonlike invloed van Rouliot, wat baie onderlinge geskille tussen die kapitaliste eers moes verwyder voordat hulle 'n verenigde front teenoor die Republiek kon toon.[39] 'n Brief van Rouliot het kort daarna in die Koloniale Kantoor aangeland, waarin hy verwys na onbevredigende onderhoude met Kruger en Reitz, die Staatsekretaris, en die mening uitspreek dat die stryd tussen Boer en Brit 'n vraagstuk geword het van oppergesag in die hele Suid-Afrika en nie net in die Transvaal nie. Hy is bevrees dat niks anders as oorlog 'n oplossing sal bring nie.[40]

Die gevaar bestaan natuurlik dat die invloed van Rouliot oordryf kon word. Tog is dit opmerklik dat 'n invloedryke Franse koerant soos die „Journal des Débats" hom spoedig aangesluit het by Rouliot se veldtog teen die bewind van die Boere. Geleentheid hiertoe het die blad gevind met die aanstelling van Leyds as gesant van die Republiek in Europa. 'n Mens wonder watter voorstelling 'n Franse leser van die blad hom van die Boer se mentaliteit en beskawingspeil, soos verteenwoordig in die persoon van Kruger, moes gemaak het, ná die genadelose aanval in die uitgawe van 24 Junie 1898, waarop verder voortgeborduur is in 'n onbeteuelde uitbarsting in die uitgawe van 3 Julie. In eg. uitgawe wys die blad daarop dat hy reeds in

36) C.R.O. 572, nr. 45, Milner aan Chamberlain, d.d. 5-4-1899.

37) Ibid.

38) Ibid.

39) Ibid.

40) C.R.O. 572, nr. 89, brief van M. Rouliot, d.d. 8-5-1899.

1897 gepleit het vir 'n algehele nuwe benadering van die Republiek se ekonomiese vraagstukke, ter wille van die Franse se groot finansiële belange in die goudmynbedryf. Die blad ontleed die jaarverslag vir 1897 van Klinke, die Republiek se hoofingenieur van mynwese, en wys daarop dat die Randse myne in daardie jaar goud ter waarde van ongeveer 300-miljoen frank gelewer het, 'n vermeerdering van 75-miljoen frank op die vorige jaar. Tog meen die blad dat die goudnywerheid nie na wens vorder nie, weens die swaar laste waaronder die myne gebuk gaan, en hy lê dan 'n lys van griewe teen die Krugerbewind aan sy lesers voor waarin Rouliot nagepraat word.41) In lg. uitgawe kondig die blad aan dat Leyds so pas in Parys aangekom het. Hy is deur sy regering met die taak belas om die samesprekings met Paryse geldbase, wat hy in 1897 begin het, te hervat met die oog op 'n lening van 150-miljoen frank aan die Republiek. Die blad spreek die hoop uit dat Leyds Parys sonder één frank sal verlaat en motiveer sy standpunt met 'n breedvoerige betoog wat ons kortliks soos volg kan saamvat: Weens sy opvoeding en lewensbeskouing kan hoegenaamd nie méér Franse kapitaal aan Kruger se sorg toevertrou word nie. Oom Paul hou van die ruwe paaie van die wildernis en haat die beskawing. Piëtisties van aard en landbouer van beroep, het hy vir die goudmyne wat met helse lawaai die stilte van die veld versteur het, net haat en minagting. Teenoor die vreemdeling koester hy nog die diepgewortelde haat wat eie was aan die ou Voortrekker. Die immigrant uit Europa, wat met ope arms in die Verenigde State van Amerika en Argentinië ontvang word, weer hy uit sy landpale. Hy hou hom apart van die Boer soos 'n minderwaardige gas en beskou hom net goed genoeg om belasting te betaal. In plaas van sy „budget" beter te reël en sy dwase uitgawes te verminder, laat hy toe dat verkwisting, wanorde en korrupsie op groot skaal in die staatsdiens plaasvind. Solank Kruger nie kombuis skoonmaak nie, sal hy tevergeefs reken op finansiële bystand uit Europa. Dit sou onversigtig wees om hulp, hoe gering ook al, aan 'n regering te verleen wat besig is om selfmoord te pleeg, maar dit sou onnosel wees om die olie te verskaf aan diegene wat jou eie huis aan die brand steek.42)

Die gebrek aan vertroue in die Republiek se ekonomiese beleid was geensins beperk tot nie-amptelike Franse kringe nie. Soos Portugal, het Frankryk alles in sy vermoë gedoen om die Transvaalse owerheid te oorreed om die verkoop en verspre'-

---

41) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, brief nr. 305, F.O. aan C.O. d.d. 1-7-1898; ook die Bylae wat 'n kopie van die blad bevat.

42) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543., brief nr. 317, F.O. aan C.O., d.d. 12-7-1898; ook die Bylae wat 'n kopie van die blad bevat.

ding van sterk drank in die Republiek te vergemaklik. Bes moontlik het die Franse en Portugese konsuls in oorleg met mekaar opgetree want, soos sy Portugese kollega, het Aubert, die Franse konsul, beswaar gemaak teen die baie klippe wat in die weg van 'n drankhandelaar gerol is voordat hy 'n lisensie in die hande kon kry en ook beweer dat die drankwet van 1896 die groothandel in wyn en brandewyn erg belemmer het.[43] Juis in daardie jaar is 'n Franse maatskappy, Societé d'importation de produits français, gestig met 'n maatskaplike kapitaal van £40,000 en 'n werkkapitaal van £20,000 om in Johannesburg 'n restaurant, geskoei op Europese lees, op te rig. Vir daardie doel is 'n gebou op die hoek van Rissik- en Pritchardstraat teen £250 per maand gehuur. Drank sou slegs verkoop word aan persone wat daar maaltye geniet. Op 23 Desember het Aubert ernstig beswaar gemaak by Leyds, toenmalige staatsekretaris, omdat die Transvaalse regering besluit het om voorlopig nie nuwe lisensies uit te reik nie, sodat die maatskappy se planne in die war gestuur is. Die maatskappy het al benodigdhede soos kombuisgereedskap, silwer- en porseleinware en glaswerk ter waarde van £10,000 in Europa bestel en 'n gedeelte van die uitrusting was reeds op weg na die Republiek. As die regering volhard in sy houding, sal die maatskappy moet likwideer, die huurgeld wat reeds betaal is, sal hy moet skade ly en sy uitrusting teen 'n geweldige verlies moet verkoop. So 'n verloop van sake sal die betrekkinge tussen die Republiek en Frankryk ernstig skaad, aangesien die aandeelhouers aan die Rand sowel as in Parys byna uitsluitlik Franse is.[44]

Nouliks 'n week later kon Aubert met 'n tweede en nog ernstiger klag voor die dag. 'n Sekere Victor Bava, handelaar van Ovize (Frankryk), het 'n verteenwoordiger na die Witwatersrand gestuur met 'n voorraad champagne wat hy egter nie van die hand kon sit nie, omdat die Johannesburgse drankkommissie hardnekkig geweier het om aan hom 'n liesensie toe te staan. Bava het sy lot by die Franse Minister van Handel gekla, wat weer die saak onder die aandag van die Minister van Buitelandse Sake gebring het. Laasgenoemde het Aubert opdrag gegee om heftig te protesteer teen die behandeling wat Franse kooplui en handelaars in die Republiek te beurt geval het. Aubert deel Leyds mee dat hy sedert sy aankoms 'n ernstige studie gemaak het van die Republiek se drankwette maar nie daarin kon slaag om vas te stel watter beginsels en reëls as leidraad by die opstelling daarvan gedien het nie

---

43) L.A. 76B, (R/A6131/96) re belemmering aan den groothandel in wijnen en sterke dranken toegebracht - behoorende by een schrijven aan Zijn Excellentie, Dr. W. J. Leyds, d.d. 28 November 1898.

44) Ibid., Aubert aan Leyds, d.d. 23-12-1896.

Sy landgenote ly meer onder die wette as dié van enige ander land. Inderdaad, talryke Franse handelshuise, bekoor deur die vooruitgang en welvaart van die Republiek, het hul agente en verteenwoordigers met handelsware daarheen gestuur. Die Republiek het nog altyd, maar veral in 1896, ernstige struikelblokke in die weg van hierdie mense geplaas. Omdat byna al hul aansoeke vir lisensies van die hand gewys is, moes hulle hul ware vir 'n appel en 'n ei van die hand sit of na Frankryk terugstuur. Op hierdie wyse het die firmas onberekenbare skade gely. Aubert verwag daarom dat die klagte van die Franse handelslui oor hul behandeling in die Republiek vinnig sal toeneem. Die Franse regering mag nie toelaat dat aan sy onderdane klippe gegee word as hulle om brood vra nie. Hy kon die erns van die saak nie genoeg beklemtoon nie: „Gij moet niet uit het oog verliezen dat wijn en cognac twee van de stapelproducten van Frankrijk zijn, en dat elke belemmering in den handel daarvan de Fransche Regeering zeer ter harte gaat. Een ding staat vast en dat is dat in geen land ter wereld die handel met meer moeilijkheden en zwarigheden, in den laasten tijd, te kampen heeft als in de Zuid-Afrikaansche Republiek."[45)]

Hoe het Kruger hom nou ten opsigte van al hierdie beskuldigings verantwoord? Wat die botsing met die Franse regering betref, het hy byna onmiddellik die wit vlag opgesteek, waarskynlik weens die sterk aanduidings van 'n Frans-Portugese geknoei onder die kombers. In Mei 1897 is die Franse konsulaat in kennis gestel dat die Volksraad op aandrang van die Uitvoerende Raad besluit het om die wetgewing in verband met die drankhandel in hersiening te neem. Intussen sou die drankwet van 1896 nie streng toegepas word nie. Franse belanghebbendes is uitgenooi om hul aansoeke vir dranklisensies in die groothandel sonder verwyl by die betrokke kommissies in te dien.[46)]

Teenoor Rouliot en die mynbelange wat hy verteenwoordig het, het Kruger egter 'n baie besliste standpunt ingeneem. Toe hy op 12 Mei 1898 vir die vierde keer ingesweer is as staatspresident van die Suid-Afrikaanse Republiek, het hy in sy intreerede in die Volksraad na die toestand van die goudnywerheid verwys.[47)] Sy benadering van die vraagstuk toon maar al te duidelik die onoorbrugbare kloof tussen die idealisme van die Boerenasionalisme en die materialisme van die Franse kapita-

---

45) Ibid, Aubert aan Leyds, d.d. 31-12-1896.

46) Ibid., H. C. ten Haaf, wnd. Onderskretaris van Buitelandse Sake, aan M. Durant, wnd. Franse konsul, d.d. 13-5-1897.

47) Vgl. Du Plessis: President Kruger aan die Woord, p. 55-74; ook: Notulen der Verrichten van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Z.A. Republiek, gedurende zijne jaarlijksche zitting, aanvangende Maandag, den 14den Februari, 1898. (Toespraak gelewer op 12-5-1898).

lisme. Rouliot bekreun hom oor die verliese wat die mynmagnate moet ly omdat hul belange in die hande van 'n onbekwame en onsimpatieke owerheid sou wees; Kruger kyk by die geldbaas verby en sien eers die arm man raak wat daar op die goudvelde worstel om 'n bestaan te maak: „Tot mijn diepste leedwezen heb ik vernomen dat er zulk een zware druk heerscht op de goudvelden, en het meest onder de armen en mindervermogenden. Ik geef u de verzekering van mijn deelneming in hun lot, en ik vertrouw, dat die zware druk, spoedig voorbij moge gaan." Nadat hy ander sake aangeroer het, kom hy vir 'n tweede keer terug op die erbarmlike toestande van die behoeftige. Hy is vasbeslote om daarin 'n verbetering teweeg te bring: „Tot mijn diepste leedwezen verneem ik, dat op de goudvelden eenige banken en andere inrichtingen zijn, die de armen en mindervermogenden totaal ruineeren. Toen nl. voor eenige jaren geleden de mijnen vooruitgingen, hebben zij (de armen) geld geleend en, zooals mij bericht is, onder goede securiteit, om de werkzaanheden uit te breiden en nu de druk daar is, worden hun de verbanden opgezegd en moeten zij het geld terugbetalen, hoewel de securiteit nog even goed is als van te voren, en worden zoodoende hunne eigendommen verkocht onder hunne waarde. Indien dat waar is, dan kunnen zulke banken niet anders gebrandmerkt worden dan als goddelooze en onchristelijke; immers zij brengen hongersnood en verdrukking op de armen teweeg, en werken alles in de handen der rijken. Achtbaren Heeren,[48] wij hebben reeds de Diamantvelden als eene waarschuwende les. Indien, wat mij bericht is, waar is, dan zal de Volksraad maatregelen moeten nemen om de armen en mindervermogenden te beschermen, en zal het Gouvernement genoodzaakt worden om aan zulke banken de licentie op te zeggen of ze niet te vernieuwen, want zóó zijn ze meer ter verdrukking en onderkruiping der armen, dan dat ze hun tot steun strekken. God ziet alles en de Heere zegt: 'Ruk de armen uit de hand des vervolgers.' Zoo iets mag onder ons niet bestaan." Dis hierdie piëteit van Kruger waarna die „Journal des Débats" verwys het, en wat dié blad, wie se ideale staatsman die „praktiese politikus" was, daartoe genoop het om sulke neerhalende aanmerkinge oor die Boerepresident te skryf.

'n Mens kry die indruk dat Rouliot se verwoede aanval op Kruger se ekonomiese beleid voor die Kamer van Mynwese 'n paar maande vantevore nog vars in die President se geheue moes gewees het toe hy bg. toespraak gelewer het, want dit is opvallend hoe hy die Fransman se vernaamste griewe een na die ander in enkele sinsnedes onder die soeklig bring en bevind dat hulle nie veel om die lyf het nie. Die regering doen alles in sy vermoë om die goudvelde te steun. Die bewyse daarvoor

48) Lede van die Eerste en Tweede Volksraad.

is: ten eerste, die vermindering van die spoorwegtarief met £200,000; ten tweede, die vermindering van die invoerregte op voedsel en ander artikels wat vir die myne benodig word met ongeveer £700,000; ten derde, die reëlings wat getref is om arbeiders in Mosambiek vir die myne te werf; en ten vierde die prysvermindering van dinamiet.[49] Dit is jammer dat Kruger in so 'n belangrike toespraak, gelewer in die met spanning belaaide atmosfeer, wat geskep is deur sy triomf in die gewigtigste presidentsverkiesing sedert die ontstaan van die Boererepublieke, nie meer uigewei het oor die ekonomiese vraagstukke waarmee hy te kampe gehad het nie. As 'n mens in aanmerking neem dat die kapitaliste hul agitasie teen die politieke selfbeskikkingsreg van die Boere op hierdie tydstip om taktiese redes in 'n groot mate op ekonomiese gronde gebaseer het,[50] was dit seker nodig vir Kruger om aan die wêreld te toon dat hy ook in hierdie opsig 'n goeie saak gehad het. Slegs die dinamietkwessie ontleed hy enigsins om aan te toon dat Rouliot se beskuldiging ongegrond is dat hy in gebreke gebly het om die prys van dinamiet af te bring. En dit doen hy om 'n politieke rede, nl. om te beklemtoon dat die vryheid van die Boere gemoeid is met die voortbestaan van die dinamietmonopolie. Wat hy hiermee bedoel, het hy reeds die vorige jaar in die Volksraad verduidelik: „De kruitfabriek was ook aan de dynamietfabriek verbonden en we moesten er dus wel voor waken dat men niet plotseling allen toevoer naar ons kon stoppen, hetgeen zou kunnen gebeuren wanneer de fabriek omver gegooid wordt, en waar zouden we dan staan?"[51] Die dinamietmonopolie was, volgens hom, 'n doring in die oog van diegene vir wie die onafhanklikheid van die Republiek die grootste vloek was.[52] Een feit staan in elke geval soos 'n paal bo water - wat die mynwese betref, was die kanse uiters gering om die ekonomiese beleidsrigtings van die Boere en Franse te koördineer. As Kruger voordeel wou trek uit Frankryk se ekonomiese bande met die Republiek, sou hy 'n terrein moes soek waar die belange van die Franse en Britse kapitaliste direk teen mekaar vasgeloop en nie saamgevloei het nie. Só 'n terrein was die skeepvaart.

---

49) Vgl. Du Plessis: President Kruger aan die Woord, p. 56-57; ook die Notule van die Eerste Volksraad, 1898. (Toespraak gelewer op 12-5-1898).

50) Die opskudding wat in die najaar van 1897 veroorsaak is deur die baie misstande wat die Industriële Kommissie onder voorsitterskap van Schalk Burger in die ekonomiese lewe van die Republiek, veral t.o.v. die goudnywerheid, sou ontdek het, kon nog nie oorgewaai het toe Kruger hierdie toespraak gelewer het nie. (Vgl. onder meer Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p. 522-524; Scholtz: Oorsake, II, p. 200-208).

51) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1897, Art. 1644, d.d. 1-11-1897.

52) Ibid., Art. 1645.

Ons het gesien dat die plan van die Hollanders om, in belang van die Republiek, 'n skeepvaartdiens in te stel tussen Delagoabaai en Europa, vry van Britse beheer of invloed, weens gebrek aan kapitaal, op die lange baan geskuif moes word. Daarna het Kruger sy oë op Franse en Duitse finansiële kringe gevestig met die vertroue dat hulle 'n soortgelyke skema sou aanpak. Hoewel hy spoedig nadat dit duidelik geword het dat die Hollanders geen stuk vorder nie met Franse en Duitse rederye onderhandelings begin voer het,[53] is dit veral sedert die poging van Rhodes en Jameson teen die einde van 1895 om die oppergesag van die Boere in die Transvaal summier te beëindig dat die saak die ernstige aandag van sy regering geniet het. Die diens wat die Franse redery, Chargeurs Reunis, in 1896 langs die weskus van Afrika na Delagoabaai ingestel het,[54] het Kruger natuurlik nie bevredig nie, omdat die kortste roete na die Republiek via die Suezkanaal sou gaan. Dit verklaar sy onvermoeide ywer sedert daardie jaar om deur bemiddeling van Leyds 'n ooskusdiens in die lewe geroep te kry.[55] Gedurende die hele krisistydperk wat die Tweede Vryheidsoorlog voorafgegaan het, het Chamberlain groot vrees in die Koloniale Kantoor getoon dat Franse rederye daarin sou slaag om met behulp van 'n subsidie van die Transvaalse owerheid 'n seevaartlinie na Delagoabaai in te stel. Hy het seker nie die saak in die eerste plek uit 'n ekonomiese oogpunt benader soos sir Donald Currie t.o.v. St. Luciabaai nie. Daar was die gevaar dat die druk wat hy op die Boere uitgeoefen het om hulle aan die Britse gesag te onderwerp, sy doeltreffendheid kon verloor deur die totstandkoming van 'n onafhanklike seeweg na Europa. Hy moes dus dubbel op sy hoede wees dat Leyds nie in sy doel slaag nie.

Inligting wat Chamberlain se oorsese verteenwoordigers uitgesnuffel het, was oor die algemeen gerusstellend. In April 1897 het Conyngham Greene uit Pretoria berig dat Leyds onderhandelinge gevoer het met 'n Franse finansiële sindikaat met die doel om 'n ooskusstoomvaartdiens tussen Marseilles en Lourenço Marques in te stel,[56] moontlik onder die vlag van die Suid-Afrikaanse Republiek. Dit het sowel Milner as sy owerheid in Londen ontstem. Die vrees moes by Milner ontstaan het dat die Franse seevaart daarin kon slaag om die Britse skepe van die Afrikaanse

53) Teen die einde van 1893 het die Transvaalse Volksraad besluit om die skema van die Hollanders te laat vaar. (E.V.R. 89, Art. 1138, d.d. 7-9-1893). In die volgende jaar het die Deutsche Ostafrika-Linie en die Transvaalse regering met mekaar begin onderhandel. (Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 210)

54) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 27.

55) Ibid., p. 27-29.

56) C.R.O. 532, nr. 61, Wnd. Hoë Kommissaris, Goodenough, aan Chamberlain, d.d. 27-4-1897.

kuste te verdring, want hy het Fuller, die bestuurder van die Union Castle Maatskappy, versoek om gegewens in te win in verband met die vervoertariewe van die Chargeurs Reunis.[57] Terselfdertyd het hy Greene opdrag gegee om sy ore en oë oop te hou vir enige verdere verwikkelinge,[58] terwyl Salisbury die Britse ambassadeur in Parys gewaarsku het om op sy hoede te wees vir enige intriges wat die Franse Skeepvaartmaatskappye op tou mag sit om die Britse kommersiële belange in Suid-Afrika te ondermyn.[59]

Dit blyk dat finansiële struikelblokke in die weg van die Boere en Franse die saak van die Britte begunstig het. Fuller het in sy verslag aan Milner aangetoon dat die betrokke Franse maatskappy hom noodgedwonge moes toespits op vragskepe, aangesien sy passasiersdiens so min winste afgewerp het dat dit waarskynlik gestaak sou moes word.[60] Greene het daarop gewys dat „in view of the present condition and the future outlook of the State Treasury" die Transvaalse owerheid dit moeilik sou vind om die Franse lyn voldoende te subsidieer.[61] Monson het uit Parys geskrywe: „In the present critical position of the majority of French shipping companies, even of those receiving Government subventions, the execution of the scheme does not seem more probable than that for a direct cable to Lourenço Marques..."[62] 'n Direkte kabel na Lourenço Marques sou Kruger seker verwelkom het, maar dit het hom nie veel nader gebring aan die verwesenliking van sy ideaal nie, nl. 'n Brit-vrye seeweg. Nietemin het Chamberlain onrustig gebly. Die optrede van die pers was

---

57) B.A. Imp. White Books, Vol. 52, nr. 536, brief nr. 154, Milner aan Chamberlain, d.d. 20-5-1897.

58) Ibid., eerste Bylae in brief nr. 154, Greene aan Milner, d.d. 11-5-1897, waarin verwys word na 'n skrywe van Milner aan Greene, d.d. 7-5-1897.

59) Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, brief nr. 38, C.O. aan F.O. d.d. 26-11-1897, waarin verwys word na 'n brief van F.O. aan C.O., d.d. 10-3-1897, en 'n brief van C.O. aan F.O., d.d. 30-4-1897.

60) B.A. Imp. White Books, Vol. 52, nr. 536, brief nr. 154, tweede Bylae, Fuller aan kaptein Dawkins, Imp. Sekr., d.d. 20-5-1897.

61) Imp. White Books Vol. 52, nr. 536, eerste Bylae in brief nr. 154, Greene aan Milner, d.d. 11-5-1897.

62) Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, Bylae in nr. 113 A. Monson aan Salisbury, d.d. 15-2-1898.

daarop bereken om sy onrus te vererger. Teen die einde van 1898 het 'n riemtelegram in die „Cape Times" verskyn dat Leyds daarin geslaag het om met behulp van 'n subsidie van sy regering 'n Franse posdiens na Lourenço Marques ingestel te kry. Chamberlain het Salisbury versoek om alarm te maak by die Britse ambassade in Parys.[63] Daar was egter geen vuur wat Monson kon blus nie,[64] en die oorlogswolke van 1899 het die horison verdonker met die worstelende Boererepubliek[65] nog net so afgesny van die Europese vasteland as op sy geboortedag byna 'n halwe eeu vantevore.

So kon Kruger dan nie 'n enkele terrein vind waar hy 'n doeltreffende wig tussen die Britte en Franse kon indryf nie. Godsdienstige, geestelike, ekonomiese en politieke faktore was vir hierdie toedrag van sake verantwoordelik. Die Franse was byna uitsluitlik Rooms-Katoliek, die Boere uitsluitlik Protestants. Ons glo nie dat Kruger die harte van 'n groot deel van die Franse volk geroer het toe hy op 14 Julie 1896, tydens Frankryk se nasionale fees, die titaniese stryd van die Hugenote in herinnering geroep het deur te verklaar dat daar baie Franse bloed in die are van die Boere vloei nie.[66] Soos aangetoon is, het die Franse imperialisme en kapitalisme in geeslike opsig ook nie juis aansluiting gevind by die aard van die Boerenasionalisme nie. Vir die Fransman was die Boer te idealisties en te onprakties. In die ekonomiese wêreld het die belange van die Boere en Franse soms direk gebots, soos in die geval van die mynwese en die drankhandel, en soms by mekaar aangesluit, soos in die geval van die seevaart, maar op lg. terrein was Frankryk nie by magte om Brittanje, wat die see sedert die val van Napoleon beheer het, na die kroon te steek nie. Op politieke gebied het Frankryk, tot groot nadeel van die Boeresaak, dit nie as sy roeping beskou om Brittanje se oppergesag in Suidelike Afrika te betwis nie.

As Kruger dus sy oë op Frankryk gevestig het vir steun teen die stygende stroom van die Britse Imperialisme wat gedreig het om hom enige oomblik van sy voete te ruk, het hy in alle rigtings teen 'n muur vasgekyk. Brittanje, daarenteen, het min struikelblokke in sy weg gevind. Meer as enigiets anders was die politieke kon-

---

63) Ibid., brief nr. 390, C.O. aan F.O., d.d. 28-10-1898.

64) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 29.

65) Onder leiding van Georges Rouliot het die Kamer van Mynwese hom in 1899 nog net so 'n onversetlike teenstander van die Boerebewind betoon as in die voorafgaande jare. (Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 200-206).

66) Toespraak van Kruger op 14-7-1896, opgeneem in De Volkstem van 16-7-1896. (Aangehaal in Scholtz: Oorsake, II, p. 21).

stellasie van Europa gunstig vir die beleid wat hy t.o.v. Suid-Afrika beoog het.[67] Die haat van die Fransman teenoor die Duitser, wat, soos herhaaldelik beklemtoon, dieper gesetel het as die haat van eg. teenoor die Brit, het verhinder dat Frankryk en Duitsland hul kragte saam sou snoer in belang van die Boererepubliek. As die voorspelling wat Monson eenkeer uitgespreek het, bewaarheid kon word, nl. dat Frankryk en Duitsland mekaar na alles tog kon vind, kon 'n ketting van Europese moondhede, beliggaam in die Tweevoudige en Drievoudige Verbond - Frankryk, Rusland, Duitsland, Oostenryk en Italië - die Republiek só in sy beskermende arms omsluit dat Brittanje twee keer sou dink voordat hy dit sou probeer binnedring en uit sy pad veeg. In 'n politieke ontwikkeling volgens daardie patroon het die Boere dan ook hul redding gesien. Vir die Fransman was die voortbestaan van die klein staatjie in die binneland van Suid-Afrika egter nie van soveel belang dat hy sy haat vir die Duitser sou opoffer vir die liefde van die Boer nie. Dit het Brittanje geweet, en daarom kon hy soveel makliker tot die besluit kom om die Vierkleur neer te haal. Kruger het genoeg politieke insig gehad om te besef dat Frankryk maar 'n wankelende steunpilaar was, en, hoewel hy altyd probeer het om die paadjie na Parys vir hom oop te hou,[68] het hy tog hoe langer hoe dieper onder die vlerk van die Duitse adelaar, met wie hy soveel meer gemeen gehad het, ingekruip. Inderdaad het die Duitser die sleutel in sy hand gehou wat die Republiek na vryheid kon lei. Sou hy dit aan die Brit oorhandig om die deur vir die Boer te sluit?

---

67) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 21-26.

68) Ibid.

## HOOFSTUK XIV.

## Die Duitse faktor in die betrekkinge tussen die Republiek en Brittanje.

Die Duitsers het nie minder belang gestel in die ekonomiese potensiaal van die jong Boerestaat as die Franse nie. Reeds in die tagtigerjare het 'n stygende Duitse geldstroom vir hom 'n weg na die Witwatersrand se goudmyne gebaan.[1] Dit het spoedig versprei na al die vernaamste vertakkinge van die Republiek se ekonomiese lewe, o.a. na die verkeersweë, die bankwese, die industrieë (veral die produksie van sianied en dinamiet) en die handel.[2] Hoe groot die bedrag aan Duitse kapitaal was wat direk in die Republiek belê is of in bedrywighede waarby die Republiek indirek belang gehad het, is nie bekend nie. Sommige belanghebbendes het die waarde daarvan op 300-miljoen mark gestel en ander selfs op twee keer daardie bedrag.[3] Wat die handel en skeepvaart betref, het Duitsland, weens die agterstand van sy maritieme bedrywighede, net so min hoop as Frankryk gehad om Brittanje van die Afrikaanse kuste te verdring. Die Deutsche Ostafrika-Linie wat sedert 1890 bote na Delagoabaai gestuur het, was om finansiële redes verplig om met Britse rederye saam te werk.[4] Ongelukkig vir die Republiek is die politieke krisis wat deur die Jameson-inval veroorsaak is, vergesel van 'n slapte in die mynbedryf. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die Duitse kapitaliste ook al hoe meer geneig geword het om te vit op Kruger se ekonomiese beleid. Op daardie wyse is die ekonomiese bande tussen Duitsland en die Republiek verswak.[5] In elk geval was die ekonomiese en finansiële belange van die Duitsers in die Transvaal nooit van so 'n aard dat dit Berlyn sou loon om op grond daarvan as kampvegter vir die voortbestaan van die Boererepubliek op te tree nie.[6] As die Franse beleggings in die Transvaal onder die Britse vlag veilig sou wees, was daar min rede om aan te neem dat die Duitse beleg-

---

1) Vgl. Backeberg, a.w., p. 144.

2) Ibid., p. 144-154; Scholtz: Oorsake, I, p. 167-179.

3) Winterfeldt, die Transvaalse konsul in Berlyn, het dit in 1896 geskat op tussen 500- en 600-miljoen mark, en die Duitse Keiser in dieselfde jaar op 300-miljoen mark. (Backeberg, a.w., p. 147).

4) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 210.

5) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 17-21; Backeberg, a.w., p. 290-291.

6) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 183-187. Vir 'n volledige bespreking van Duitsland se ekonomiese en finansiële belange in die Suid-Afrikaanse Republiek vgl. (a) Backeberg: Die betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-inval, 1852-1896; (b) Scholtz: Oorsake, I, p. 167-179; Scholtz: Oorsake, II, p. 17-26.

gings in gevaar sou kom. Kruger het dus nie daarin geslaag om op ekonomiese gebied sy vaderland so heg aan Duitsland te bind dat die Adelaar hom teen wil en dank uit die kloue van die Leeu sou red nie. Ons taak is veel eerder om vas te stel of die Wilhelmstrasse op grond van politieke oorwegings oorreed sou kon word om die Republiek van ondergang te red.

Rhodes en sy handlangers se mislukte poging in Desember 1895 om die bewind van die Boere in die Transvaal met militêre geweld te beëindig, is deur hul tydgenote, deur vriend sowel as vyand, as 'n kortsigtige en onnosele daad bestempel. Tog is dit merkwaardig watter geweldige stimulus die Jameson-inval aan die Britse Imperialisme verleen het. Hiertoe het die opspraakwekkende telegram, waarin die Duitse Keiser Kruger gelukgewens het omdat hy homself teen die aanslag van die Britse Imperialisme kon handhaaf, natuurlik ontsaglik veel bygedra.[7] Onmiddellik na die oorgawe van Jameson op 2 Januarie 1896 het 'n nie-amptelike spionasiestelsel in die hele Britse Ryk ontstaan in 'n poging om vas te stel hoeveel Duitsers (veral persone met militêre opleiding) en watter hoeveelhede krygstuig die Suid-Afrikaanse Republiek binnegaan. Aan hierdie spioenasieveldtog het deelgeneem lede van die Britse regering, Britse ambassadeurs en konsulêre beamptes, skeepvaartmaatskappye, staatsamptenare, private persone en die Engelse pers.[8] Dit is duidelik dat Downingstraat verwag het dat Kruger gebruik sou maak van die sterk posisie waarin hy hom op daardie tydstip sowel binne as buite Suid-Afrika bevind het, om 'n poging aan te wend om sy volk met Duitse hulp op geweldadige wyse van Britse oorheersing te bevry. Vir ons is van belang, meer as enigiets anders, die invloed van die sensasionele gebeure op Joseph Chamberlain, die sterk man in Salisbury se koalisiekabinet, leier van die Liberale Unioniste en, as politieke hoof van die Koloniale Kantoor, die man wat die koers moes aandui van die grootste Koloniale Ryk wat die moderne tyd geken het.[9] By hom was 'n koorsagtige haas te bespeur om die eenwording van Suid-Afrika onder die Union Jack af te rond. Die swak skakel wat nog oorgebly het in Brittanje se koloniale ketting - twee weerbarstige binnelandse republiekies - moes teen die hoogs moontlike spoed uit die weg geruim word. Dit blyk o.a. uit 'n

---

7) Vgl. Backeberg, a.w., Hoofstuk XVI: Die Keiser se telegram.

8) Vgl. bv. B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 505, die volgende briewe en hul bylaes: nr. 3, 33, 35, 43, 81, 82, 88, 98, 123, 144, 177, 178, 193, 198, 222, 224, 232, 242, 243, 253, 254, 255, 263, 264, 271, 277, 280, 284, 286, 292 en 308; ook, B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 516, die volgende briewe en hulle bylaes: nr. 96, 111, 121, 130, 131, 150, 151, 153, 170, 208, 247, 268, 605 en 643.

9) Vgl. Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 22-27. Die nominale hoof van die Liberale Unioniste was die hertog van Devonshire. Hy het egter met graagte in die praktyk die leierskap aan Chamberlain afgestaan. (Id., p. 43).

loflied wat hy op die Britse Ryk gesing het in Januarie 1896 by geleentheid van 'n afskeidsdinee in Londen ter ere van lord Lemington wat aangestel is as Goewerneur van Queensland in Australië. 10) Chamberlain doen daarin 'n striemende aanval op die ortodokse liberalisme van Gladstone, van wie 'n volgeling beweer het dat 'n „spread-eagle"-toespraak van die minister verantwoordelik gehou moes word vir die aggressiewe daad van Jameson. Chamberlain ontken dat hy ooit 'n onbeheerste imperialis was: „To the best of my knowledge and belief I have never made a 'spread-eagle' speech in my life. I think I have been able to distinguish between patriotism and jingoism." Hierdie verklaring strook nie met die werklikheid nie, want van die eerste tot die laaste woord weerspieël sy toespraak 'n konsekwente strewe om sy arendsvlerke oor die hele aardbol uit te sprei. Hy waarsku dat daar nog steeds „Little Englanders" is wat die koloniale struktuur van die Britse Ryk uitrysmier, en hy neem Rosebery, die leier van die opposisie, dit erg kwalik dat hy dit verkondig het dat die politieke rigting van daardie mense dood is. Hy pleit vir eenheid van sin, eenheid van wil en eenheid van sentiment dwarsdeur die Ryk. Hy deel sy gehoor mee dat hy doelbewus die Koloniale Kantoor vir hom uitgesoek het, omdat hy tot die oortuiging gekom het „that the future of the colonies and the future of this country were interdependent, and that this was a creative time, that this was the opportunity which, once let slip, might never recur, for bringing together all the people who are under the British flag, and for consolidating them into a great self-sustaining and self-protecting Empire whose future will be worthy of the traditions of the Anglo-Saxon race." Nadat hy met al die gloed van sy oortuiging gepleit het vir 'n versterking van die Ryksbande deur die verbetering van verkeersweë, uitbreiding van die handel en opknapping van die verdedigingstelsel, voer hy die emosionele opwinding, waartoe hy sy gehoor gebring het, na 'n hoogtepunt as hy sy dramatiese talent op die proef stel: „In the words of Tennyson, let

'Britain's myriad voices call,
Sons, be welded each and all,
Into one Imperial whole,
One with Britain, heart and soul!
One life, one flag, one fleet, one Throne!'"

Wie sal ontken dat Chamberlain met hierdie toespraak die doodsvonnis oor die Boererepubliekies gevel het? Die vraag wat nog oorgebly het, was slegs hoe die vonnis voltrek moes word. Miskien het Chamberlain self nog nie duidelikheid gehad oor die metode wat hy wou volg nie. In hierdie toespraak is nog baie min aandui-

---

10) Boyd, a.w., I, p. 359-365.

ding, as daar wel so iets is, dat hy 'n kragsmeting op die slagveld oorweeg het. Hoewel dit dwarsdeur die gees van rasse- en ryksverheerliking adem, bevat dit tog min wat 'n mens aan die militarisme van die Grieke en Romeine herinner. Die wyse waarop Chamberlain in 1881 in sy Birminghamse toespraak die Britse Ryk afgetakel het en nou weer in sy Londense toespraak dit as 't ware op arendsvlerke na die hoogste bergpieke dra, laat 'n mens dink aan die dubbele persoon van Dr. Jekyll and Mr. Hyde.

Internasionale verwikkelinge in Europa, Amerika en die Verre Ooste het weldra vir Chamberlain die koers aangedui wat hy moes inslaan om sy politieke ambisie t.o.v. Suid-Afrika te verwesenlik. Dwarsdeur 1896 het die spanning tussen Brittanje en Duitsland oor Suid-Afrikaanse aangeleenthede voortgeduur. Met die aanvang van 1897 vind ons Chamberlain se brandwagte nog steeds getrou op die voorposte. In Januarie van daardie jaar berig Conyngham Greene uit Pretoria dat Von Herff, die Duitse konsul in die Republiek, Wilhelm II se verjaarsdag feestelik herdenk het. Onder die gaste was I. M. A. Wolmarans, 'n welbekende lid van die Uitvoerende Raad, en, volgens Greene, 'n groot gunsteling van die Duitsers. By hierdie geleentheid sou Von Herff hom soos volg uitgelaat het: „The Emperor is on the side of right, and even in foreign countries the Emperor will not hesitate to draw the sword in defence of right."[11] Intussen het Europa egter begin om 'n nuwe politieke baadjie aan te trek.

In 1895 het Cuba, een van die groot Wes-Indiese Eilande, 'n stryd om sy onafhanklikheid teen Spanje aangeknoop. Die V.S.A. het met die opstandelinge gesimpatiseer en in 1897 by Madrid aangedring om Cuba sy vryheid te skenk. Die Spanjaarde het die Amerikaanse inmenging betreur en 'n ernstige spanning het tussen die twee nasies ontwikkel. Op 15 Februarie 1898 word 'n Amerikaanse oorlogsboot, die Maine, deur 'n ontploffing in die hawe van Havana tot sink gebring. Die Amerikaners het die Spanjaarde van sabotasie beskuldig en in April teen Spanje oorlog verklaar. Binne 'n paar maande is die hele Spaanse vloot van die see geveeg, en voor die einde van die jaar moes Spanje om vrede smeek. Daarmee het die laaste spore van sy koloniale ryk verdwyn.[12] Hierdie oorlog was van besondere betekenis vir die hele Westerse wêreld. Washington het die beginsel van isolasie as die

---

11) C.R.O. 532, nr. 14, Rosmead aan Chamberlain, d.d. 8-2-1897, ook die Bylae, Greene aan Rosmead, d.d. 30-1-1897.

12) Die vrede tussen Spanje en die V.S.A. is op 10-12-1898 gesluit. Halevy sê daarvan: „It was an important date in the history of imperialism throughout the world." (Vgl. Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 42).

grondslag van sy buitelandse beleid vaarwol gesê en op sy beurt veroweraar geword.[13] Vir ons is veral van belang die houding wat die Britse volk teenoor die Spaans-Amerikaanse stryd ingeneem het. 'n Paar jaar vantevore, in 1895, op die einste oomblik toe Salisbury se koalisieregering in Brittanje in die kussings geplaas is, het daar 'n ernstige grensgeskil tussen Brits-Guiana en die Republiek van Venezuela ontstaan. President Cleveland van die V.S.A. het hom ingelaat met die saak en Brittanje op sy knieë gedwing. Die Britte het die vernedering diep gevoel en hulle vir 'n geruime tyd baie koel gedra teenoor Amerika. Nou egter, met die Spaans-Amerikaanse botsing, sorg die Britse pers vir 'n eerstehandse verrassing. Die Radikale Pers, wat Chamberlain aangehang het, het uit die staanspoor die saak van Amerika bepleit en die Spanjaarde voorgestel as misdadigers wat gestraf moes word. Sedert Maart 1898 het die Speaker, die Daily News en die Daily Chronicle, die populêrste en belangrikste Londense dagblad, gepleit vir noue samewerking tussen Brittanje en die V.S.A.[14] Hoewel die Konserwatiewe Pers aanvanklik anti-Amerikaans was, het dit, met die uitsondering van die Saturday Review, nog voor die einde van April omgeswaai en ook kant gekies vir die Amerikaners.[15] 'n Keerpunt het ingetree in die Britse buitelandse beleid. Die hele Brittanje - regering, pers en volk - het sedertdien doelbewus die guns van die V.S.A. gesoek. Vir hulle was die oorwinning oor die Spanjaarde nie soseer 'n Amerikaanse oorwinning nie as 'n oorwinning van die Angel-Saksiese ras. Tot in die twintigste eeu sou Londen hom daarop toelê om selfs die skyn van wrywing met Washington te vermy.[16]

Die vraag is nou watter uitwerking die Brits-Amerikaanse toenadering gehad het op Brittanje se betrekkinge met Europa, Asië en veral Afrika, want sy bedrywighede in hierdie drie uithoeke van die aardbol het onlosmaaklik aan mekaar verbind geraak. Ons het reeds die aandag gevestig op Portugal se finansiële nood teen die einde van die neëntiende eeu. In Mei 1898 het Bertie, die Assistent Ondersekretaris van Buitelandse Sake in Londen, verklaar dat Lissabon 'n wanhopige stryd voer om maar net sy gewone geldelike verpligtinge na te kom. Daarby kon hy enige oomblik die Berner-uitspraak te wagte wees, wat nog 'n reuse-skuldelas op sy skouers sou laai

---

13) Vgl. Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 42; Frances Friedman, An Outline of American History, p. 57. Die V.S.A. het beheer verkry oor die volgende Spaanse besittings: Cuba, Porto Rico, Guam en die Phillipyne.

14) Sien die Daily News van 16-3-1898; die Daily Chronicle van 18-3-1898 en die Speaker van 19-3-1898. (Vgl. Halevy: Imperialism, p. 44, die eerste voetnoot).

15) Vgl. Halevy, Imperialism, p. 44-45.

16) Ibid., p. 133-134.

vanweë die vergoeding wat hy sou moes betaal aan die Britse en Amerikaanse onderdane wie se spoorweg tussen Lourenço Marques en die Transvaalse grens hy onteien het.[17] Van die finansiële ellende waarin Portugal verkeer het, wou Downingstraat gebruik maak om 'n Britse ketting om eersgenoemde se nek vas te sluit, sodat hy hom kon verwurg indien hy onverwags die Boere sou toelaat om beheer oor Delagoabaai te verkry. Die onderwerp van 'n Britse lening aan Portugal is vir die eerste keer in Mei 1897 deur die markies De Soveral, Portugal se ambassadeur in Londen, en Chamberlain bespreek.[18] Die onderhandelinge het deur die mat geval, omdat die vraagstuk van 'n Portugese lening in die buiteland reeds voor daardie tyd 'n ingewikkelde internasionale karakter aangeneem het. Delagoabaai was wel die onbetwisbare eiendom van Lissabon, maar die nywerige politieke leiers van die groot moondhede het die kreupele eienaar, wat op sy eie voete nie kon staan nie, eenvoudig die reg ontsê om die baai te verkoop of te verpand aan wie dit hom die beste gepas het. Die Hollandse koerant, Algemeen Handelsblad, het, na aanleiding van die Jameson-inval, tot by die kern van die vraagstuk deurgedring, toe hy op 16 Julie 1896 'n artikel van sy Berlynse korrespondent geplaas het waarin beweer word: „Het doet....niets ter zake of men in Portugal veel of weinig lust betoont om Engeland's plannen met Delagoabaai in de hand te werken; de aangelegenheid is niet meer een zaak tusschen Engeland en Portugal; zij is een internationale quastie geworden, in welke Engeland en Portugal niet kunnen handelen tegen den wil der andere groote mogendheden."[19] Die skrywer haal dan 'n uitlating aan van baron Marschall, Duitsland se Minister van Buitelandse Sake, teenoor die Duitse gesant in Londen: „Het belang van Duitschland eischt gebiedend het voortbestaan van Transvaal als Zelfstandige Staat en de verzekering van het s t a t u s  q u o ten opzichte van de spoorwegen en die haven van de Delagoabaai." Later het von Marschall die verklaring in die Ryksdag herhaal.[20] Met betrekking tot die houding van Frankryk verklaar die skrywer dat Parys heftig geprotesteer het teen die rooftog van Jameson, dat die ministerie Bourgeois wel, weens sy kortsigtige revanche-politiek, geweier het om saam met Duitsland teen Brittanje op te tree, maar dat hy tog, met die oog op Frankryk se posisie op Madagascar, ernstige besware geopper het teen die vestiging van die

---

17) B.D. nr. 65, Memorandum oor Portugal se besittings in Afrika, opgestel deur Bertie en gedateer 1-5-1898. (Bertie het later Britse ambassadeur in Rome en Parys geword).

18) B.D., p. 329, Mem. Tilley.

19) Koerantuitknipsel in L.A. 20 C.

20) Ibid.

Britte in Delagoabaai.[21] Ten slotte vestig die skrywer die aandag daarop dat selfs Rusland, hetsy uit eie belang, hetsy ter wille van Frankryk, in „een h o c h o f f i c i o s schrijven in de M o s k o w s k y a W j e d o n o s t i geprotesteerd (h e e f t) tegen het denkbeeld van overdracht van Delagoabaai aan Engeland." Die Russiese blad wys daarop dat die Brits-Portugese verdrag van 1891, waarin hierdie twee moondhede hulle wederkerig verbind het om aan mekaar prioriteit te verleen indien een van hulle sou besluit om van sy besittings in Afrika te vervreem, van internasionale belang was, en tog is nie een van die ander groot moondhede in die saak geken nie.[22] Volgens dié blad is daar maar een oplossing vir die koloniale botsings in Suid-Oos Afrika: „de onzijdigverklaring van het Portugeesch gebied tusschen Delagoabaai en de Zuidafrikaansche Republiek."[23] Hierdie Russiese beskouinge word deur die ander moondhede gedeel, verklaar die korrespondent van die Algemeen Handelsblad, en daarom is die geredekawel in die Engelse pers oor Delagoabaai niks anders „als het uiten van vrome wenschen, die door de zorg der andere mogendheden niet vervuld zullen worden."[24]

Dit moes vir Chamberlain al in 1896 duidelik geword het dat sy poging om die Suid-Afrikaanse Republiek tot ondergang te dwing deur 'n vorm van Bonapartistiese kontinentale stelsel op hom af te dwing, teen die verenigde verset van die ander moondhede sou stuit, nie in die eerste plek omdat hulle soseer bekommerd was oor die voortbestaan van die Boerestaat nie, maar omdat hul koloniale en kommersiële belange met die lotgevalle van Delagoabaai gemoeid was. Die Britse staatsman moes dus ander weë beproef om sy doel te bereik. As 'n Imperialis met rype politieke ondervinding, was dit vir hom duidelik dat hy moes verdeel en heers.[25] Van sy teenstanders moes na sy kant oorgehaal word, al moes hy ook 'n hoë prys daarvoor betaal. Met hierdie onwenteling in sy politieke beskouinge het Chamberlain gebreek met Brittanje se tradisionele isolasiebeleid waarvan, soos hierbo uiteengesit, nog sterk spore te bespeur was in sy eerste reaksie op die Jameson-inval.[26]

---

21) Ibid. (Vgl. ook Halevy: Imperialism, p. 34-35).

22) Ibid.

23) Ibid.

24) Ibid.

25) Vgl. Halevy: Imperialism, p. 41-68: Union of the Teutonic Peoples; Garvin, Life of Joseph Chamberlain, III, p. 241-253: The Eclipse of „Splendid Isolation." (1897-1898).

26) In sy toespraak op Lamington se afskeidsdinee loof Chamberlain die solidariteit van die Britse Ryk, maar hy maak geen melding van die noodsaaklikheid om bondgenote te soek nie.

Hy het 'n nuwe politieke visie ontwikkel, wat gebaseer was op die chauvinistiese karaktertrek van die imperialisme[27] wat die wêreld in die laaste kwart van die neëntiende eeu oorheers het. Vir 'n skerpsinnige waarnemer soos Chamberlain moes dit duidelik geword het dat die Europese politieke konstellasie in breë trekke langs rasselyne ontwikkel het. Die Latynse ras - Spanjaarde, Portugese, Franse en Italianers - was almal in meerdere of mindere mate op die afdraand,[28] terwyl daar sterk aanduidings was dat die toekoms aan die Germaanse ras behoort het.[29] Die gaping tussen die Brit en die Amerikaner was juis besig om te krimp. Moes die Duitser nie ook in dieselfde kraal gelok word nie?[30] Rhodes, die grootste teenstander van die Boerenasionalisme in Suid-Afrika, het presies dieselfde politieke wysheid kwyt geraak.[31] Die Boere het wel oorwegend Germaanse bloed in hul are gehad, maar die chauviniste het in hul politieke program geen plek vir klein en swak nasies ingeruim nie. Die Boere het te min insig gehad om te besef dat hul heil onder die Britse vlag te vinde was. Hulle moes soos dwase kinders geleer word om onder die gesag van 'n wyse vader te buig.[32]

Alhoewel hierdie filosofie van Chamberlain, Rhodes en hul geesgenote nie by al die Britse eilandbewoners ingang gevind het nie, het dit op die vasteland nog 'n

---

27) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 69-70.

28) Vgl. Halevy: Imperialism, p. 52-55. Ons het reeds die agteruitgang van Portugal, Spanje en Frankryk bespreek. In 1896 het 'n Italiaanse leër, wat gestuur is om Abessinië te verower, 'n noodlottige neerlaag by Adowa gely. Dit was 'n gevoelige neerlaag vir Italië se internasionale prestige (Ibid). In die verband is die volgende mededeling van Lascelles, die Britse gesant in Berlyn, aan Salisbury, na aanleiding van 'n gesprek met Wilhelm II, baie interessant: „The Emperor went on to say that it seemed that all the Latin nations were in a state of decay. Spain had shown in the recent war with the United States how utterly weak and incapable she had become. Portugal was very much in the same state, and Italy but very little better. Now it appeared that France herself was also in a state of decay." (B.D. nr. 124, Lascelles aan Salisbury, d.d. 21-12-1898).

29) Vgl. Halevy: Imperialism, p. 41-68: Union of the Teutonic Peoples.

30) Vgl. Garvin: Life of Joseph Chamberlain, III, Hoofstuk 59: A Tangled Web: The Kaiser betrays Chamberlain (1898), veral p. 294-295; ook Hoofstuk 60: Anglo-American Friendship - A Turning-point (1898).

31) In 1899 het Rhodes aan die Britse kroonprins geskrywe: „In view of the complications in the world we must work with some nation, and Germany seems the best." (Aangehaal in Lee: King Edward VII, Deel I, p. 743); B.D. nr. 141, Lascelles, Britse gesant in Berlyn, aan Salisbury, d.d. 26-5-1899; Vgl. ook Halevy: Imperialism, p. 61-62; Scholtz: Oorsake, II, p. 45-46; Scholtz: Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, p. 34-35.

32) Vergelyk in hierdie verband die sienswyse van Garvin, Chamberlain se biograaf, oor die persoon en beginsels van Kruger. (Garvin, a.w., III, Hoofstuk 49: Chamberlain and Rhodes - An Expected Revolution, p. 47).

vrugbare akker gevind om wortel te skiet, want in Duitse regeringskringe was daar ook al diegene wat tot die gevolgtrekking gekom het dat daar vir Duitsland veel meer voordeel sou steek in samewerking met die Britte t.o.v. die vraagstukke van Suidelike Afrika as in 'n bondgenootskap met die Boere. Die Duitsers se politiek om die Boere tydig en ontydig onder die Britte se neuse te vrywe, het hul koloniale aspirasies tot dusver geen duim bevorder nie. Dit is nie moontlik om vas te stel of die gedagte om 'n omvangryke skema wat die koördinasie van Brittanje en Duitsland se buitelandse en koloniale beleid as grondslag sou hê, eerste by die Brit of die Duitser ontstaan het nie.[33] Dit is ook nie van fundamentele betekenis nie. Van groter belang is die feit dat omstandighede en gebeurtenisse op die wêreldtoneel albei aangespoor het om mekaar ten minste wat hul koloniale aspiraries betref, die hand te reik.

Gedurende 1897 het die onderhandelinge tussen Brittanje en Duitsland nog met baie stampe en stote gepaard gegaan. Ons het voorheen verwys na 'n Britse vlooteskader wat in April van daardie jaar in Delagoabaai opgeduik het. Die doel van die besoek was nie slegs om by die Suid-Afrikaanse Republiek ontsag in te boesem nie maar ook om te dien as 'n magsvertoon teenoor dié moondhede wat so 'n bohaai opgeskop het ten tye van die Jameson-inval. Chamberlain, wat tydens die verskyning van die bote in Parys was, het aan die Franse verduidelik dat die doel van die demonstrasie was om die wêreld te oortuig van Brittanje se vasberadenheid om geen inmenging in sy invloedsfeer te duld nie.[34] Op 'n vraag van Hanotaux, die Minister van Buitelandse Sake, aan Monson, die Britse gesant, of Brittanje se optrede eintlik teen die Duitsers gemik was, het laasgenoemde ontwykend geantwoord.[35] Tog was dit in diplomatieke kringe duidelik waar die skoen Brittanje die seerste gedruk het. Von Hatzfeldt, die Duitse ambassadeur in Londen, wat weinig of geen simpatie met die Boere se stryd teen Brittanje gekoester het nie,[36] het dit as die sielkun-

---

33) Die feit dat 'n Duitser, Von Eckardstein, blykbaar die bal aan die rol gesit het (Garvin, III, p. 255-257), beteken geensins dat hy nie met die kalf van 'n Engelsman geploeg het nie. Historici wie se studie hoofsaaklik op Duitse bronne berus, bevind dat die inisiatief van die Duitsers uitgegaan het. (Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 36-47), terwyl historici wat in die eerste plek Britse bronne geraadpleeg het, meen dat die konsiliasiepolitiek in die vrugbare brein van Chamberlain ontstaan het. (Vgl. Halevy: Imperialism and the Rise of Labour, p. 41-68; Garvin: Life of Joseph Chamberlain, III, p. 241-295; Grant and Temperley, a.w., p. 330-333). Vir 'n volledige beeld van die Duitse sy van die saak, vgl. G.P., Band XIV, p. 191-255.

34) C.R.O. 532, nr. 51, F.O. aan C.O., d.d. 16-4-1897; ook sy Bylae, Monson aan Salisbury, d.d. 15-4-1897.

35) Ibid.

36) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 36.

dige oomblik beskou om 'n verstandhouding tussen Berlyn en Londen oor koloniale aangeleenthede te bewerkstellig.[37] In 'n skrywe van 22 April wys hy op taktvolle wyse sy owerheid op die feit dat Duitsland, weens gebrek aan 'n doeltreffende seemag, nie in staat is om die Suid-Afrikaanse Republiek van ondergang te red nie. Hy wil dus liewer die Duitse en Britse koloniale beleid koördineer en vra verlof om die saak aan te voor. As basis van onderhandeling het hy in gedagte dat Duitsland hom geheel en al van die Transvaal moes onttrek en dan vergoed moes word uit die reste van die Portugese Ryk wat gedreig het om inmekaar te stort.[38] Met sy demonstrasie in Delagoabaai het Brittanje klaarblyklik daarin geslaag om die Duitse Keiser in sy dop te jaag, want lg. het sy morele neerlaag openlik erken en aan Von Hatzfeldt verlof verleen om Downingstraat oor samewerking te pols.[39] Teen die einde van die jaar het dit egter voorgekom asof Von Hatzfeldt nog geen hond haar-af gemaak het nie. In November het Wilhelm II sy gesant in Lissabon, Von Derenthall, teruggeroep omdat lg. in die oog van sy baas nie snel genoeg opgetree het om die anti-Duitse intriges van die Britte in Lissabon te ontsenu nie. By sy vertrek uit Lissabon het Von Derenthall nog so 'n geselsie met MacDonell, die Britse gesant aldaar, ingeskuif. Die Brit het hom nog steeds die Keiser se telegram van gelukwensing aan Kruger van byna twee jaar gelede verwyt![40] Ongeveer 'n maand later het Chamberlain die Russiese ambassadeur in Londen meegedeel dat die Britte en die Duitsers nog nooit daarin kon slaag om lank in een tuig saam te trek nie en bygevoeg „that the only sound policy for Great Britain was an understanding with Russia and consequently with France."[41] Dit is duidelik dat Chamberlain hom al weer vir die Duitsers vererg het. Om dit te begryp, moet ons eers ons oë na die Verre Ooste wend, waar die Westerse imperialisme welig getier het, veral in onderontwikkelde China, wat 'n paar jaar vantevore deur die gemoderniseerde Japanners in 'n militêre botsing onder die stof geloop is (1894-1895).

Japan het onmiddellik sy triomftog opgevolg met 'n versterking van sy posisie in die Verre Ooste. By die Vrede van Shimonoseki (17 April 1895) het hy

---

37) Moontlik het die leidende Britte, met wie hy voortdurend in Londen in aanraking was, hom tot hierdie insig gebring.

38) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 36-38.

39) Ibid.

40) B.D., p. 329, Mem. Tilley, MacDonell aan Bertie, d.d. 15-11-1897.

41) M. de Staal aan graaf Mouravieff, Russiese Minister van Buitelandse Sake, d.d. 10-12-1897. (Aangehaal in Halevy: Imperialism, p. 47). Gedurende die hele najaar van 1897 was daar maar heelwat spanning tussen Londen en Berlyn, veroorsaak deur botsings oor koloniale grense in Wes-Afrika en Duitsland se aanspraak op Samoa in die Stille Oseaan. (Vgl. Garvin, a.w., III, p. 245-246).

China gedwing om die onafhanklikheid van Korea te erken, die eiland Formosa geannekseer en die skiereiland Liautung, insluitende die hawe van Port Arthur, ingepalm. Op Port Arthur, 'n ysvrye hawe naby Peking, het Rusland ook 'n oog gehad. Duitsland, Frankryk en Rusland, wie se sonuwees deur die Japanse stoomrollerbeleid op loop gesit is, het, deur gelyktydig hul tande te wys, Tokio binne enkele dae beweeg om die Liautung-skiereiland en Port Arthur te ontruim. Die Japanners kon Frankryk, wat in belang van sy bondgenoot opgetree het, nog vergewe, maar die skerp bewoorde ultimatum van Duitsland, waarin Japan as 'n aggressor bestempel word, het hulle met wrewel vervul. Twee jaar later karnuffel Duitsland op sy beurt dieselfde Chinese wat hy met soveel ywer teen Japan beskerm het. Teen die einde van 1897 kondig admiraal Von Tirpitz, wat in Junie Minister van Marine geword het, 'n uitgebreide vlootbouprogram aan. Dit het daarop gedui dat Wilhelm II van plan was om die pas van sy maritieme en koloniale bedrywighede te versnel.[42] In November word, onder die dekmantel van 'n moord wat op twee Duitse sendelinge gepleeg is, 'n militêre mag na China gestuur om die hawe van Kiao-Chau te beset. Peking word in kennis gestel dat die Duitse soldate nie teruggetrek sou word voordat aan Duitsland die alleenreg verleen is om spoorweë te bou en myne te ontgin in die naby geleë provinsie van Shantung nie. Duitsland se optrede het onmiddellik 'n ongunstige reaksie in Brittanje uitgelok. Sir Frank Lascelles, die Britse ambassadeur in Berlyn, het opdrag gekry om Duitsland in kennis te stel dat Brittanje nie alleenregte wat in daardie streek aan hom mag toegeken word, sou erken nie.[43] Graaf Von Bülow, wat so pas Duitsland se Minister van Buitelandse Sake geword het, het alles in sy vermoë gedoen om die Britte gerus te stel. Hy het Lascelles verseker dat hy nie van plan was om Brittanje se belange te ondermyn nie en dat hy Kiao-Chau uitgesoek het juis omdat dit ver geleë was van dié streke waarby Brittanje direk belang gehad het. Hy het verklaar dat hy 'n sterk voorstander was van 'n goeie verstandhouding tussen Duitsland en Brittanje en die hoop uitgespreek dat die spanning tussen Berlyn en Londen geleidelik sou afneem.[44] Nietemin het Duitsland voortgegaan om hom in Kiao-Chau en Shantung in te grawe. Op 6 Maart 1898 het Duitsland en China 'n ooreenkoms aangegaan waarvolgens Kiao-Chau vir nege en negentig jaar aan eg. verpag word, terwyl hy ook die eksklusiewe spoorweg- en mynregte

---

42) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 331.

43) B.D. p. 330, Mem. Tilley.

44) B.D. p. 330, Mem. Tilley.

in Shantung gekry het.[45]

Teen hierdie tyd het Rusland 'n rol in China begin speel wat vir Brittanje se buitelandse en koloniale beleid van deurslaggewende betekenis geword het. Soos reeds gemeld is, het Rusland se begeerte om na Indië deur te dring op hardnekkige weerstand van Brittanje gestuit. Gevolglik het hy in die vroeë negentigerjare weggeswenk in die rigting van China.[46] Hier wou hy ten minste die hoogste gesag voer. Met daardie doel voor oë het hy sy Trans-Siberiese spoorweg aangelê. In 1895 het China toegestem dat dié spoorweg deur Mantsjoerye na die see verleng kon word.[47] Gedurende die volgende twee jaar het Salisbury, en dikwels ook Chamberlain, op twee gedagtes gehink: moet hulle saam met die Russe staan om die Duitse invloed in China te bekamp, of moet hulle in bondgenootskap met die Duitsers tree om die Russiese opmars paal en perk te stel? In Januarie 1898 het Salisbury vir die laaste keer die hand van vriendskap aan die Russe gereik. Die Britse ambassadeur in St. Petersburg het opdrag gekry om die Russiese regering te pols oor die moontlikheid van samewerking in die Verre Ooste. Die Russe was bereid om die hand van vriendskap te neem maar het 'n hoë offer van Salisbury geëis: Brittanje moes hom onttrek aan Port Arthur, sodat dit die terminus kon word van die Russiese spoorwegstelsel in China.[48] Salisbury het geweier. Hy het die Russe meegedeel dat hy hulle 'n ysvrye kommersiële hawe gun. Port Arthur was egter nutteloos vir handelsdoeleindes maar van groot strategiese waarde vir moondhede met politieke belange in die Verre Ooste. Onder die eksklusiewe beheer van één moondheid sou Port Arthur 'n voortdurende bedreiging vir Peking wees. Die besetting van Port Arthur sou die weg baan vir die verdeling van China onder die Westerse moondhede.[49] St. Petersburg se antwoord op Salisbury se betoog was om sonder veel formaliteite sy gesag oor Port Arthur af te kondig op grond van 'n ooreenkoms wat hy op 27 Maart met China gesluit het.[50] Tsaar Nicolaas het in sy kies gelag omdat hy die Britte uitoorlê het.[51] Rusland se optrede het 'n vlaag van woede in Brittanje tot

45) B.D. p. 330, Mem. Tilley, Sir C. MacDonald aan Salisbury, d.d. 9-3-1898.
46) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 321.

47) B.D. I, Russia and the Far East, 1897-1899, Memorandum by Mr. J. A. C. Tilley respecting the Relations between Russia and Great Britain, 1892-1904. (Hierna aangedui as: Mem. Tilley Russia).

48) Mem. Tilley Russia.

49). Ibid.

50) Ibid; Halevy: Imperialism, p. 50.

51) Op 22 Mei 1898 het Nicolaas, met verwysing na Brittanje se voorstelle vir 'n Brits-Russiese verstandhouding in die Verre Ooste, aan die Duitse keiser geskrywe: „Without thinking twice over it, their (the British) proposals were refused: Two weeks later Port Arthur was ours." (Vertaal en aangehaal in Grant en Temperley, a.w., tweede voetnoot, p. 331).

gevolg gehad, wat as vergoeding die pag van Wei-Hai-Wei in die Shantung-provinsie van China afgepers het.[52] Dit het Frankryk op sy beurt aangespoor om beheer oor Kwangtschouan te eis.[53] In China het die groot moondhede dus aan hul imperialistiese drang uiting gegee in 'n soort van dobbelspel waarin nie een eintlik seker was wie aan wie se kant was nie. Die Beer en die Adelaar het ongetwyfeld met die beste deel van die buit weggekom.[54]

Die gevaar van 'n botsing tussen Brittanje en Duitsland in Shantung was groot, maar Salisbury was wys genoeg om 'n verklaring uit te reik dat hy nie van plan was om die Duitse invloedsfeer binne te dring nie.[55] Nogtans het hierdie kontakpunt tussen die Brit en die Duitser 'n gevaarlike toestand geskep. Die Russiese beslaglegging op Port Arthur het egter die tweestryd in Chamberlain beëindig. Hy was bevrees dat die Russe van plan was om die voogdyskap wat Brittanje sedert die eerste helfte van die neëntiende eeu oor China uitgeoefen het,[56] te beëindig, en hy wou graag die hulp van die Duitsers inroep om die Russiese opmars te stuit.[57] Sedertdien het hy 'n eenrigtingweg gevolg en, totdat die uitbarsting in Suid-Afrika gekom het, konsekwent daarna gestrewe om met Duitsland oor buitelandse en koloniale aangeleenthede tot 'n verstandhouding te geraak.[58]

Intussen het die Britse en Duitse kapitaliste reeds 'n stewige brug gevorm waarop Londen en Berlyn mekaar kon ontmoet - nog 'n bewys van die groot invloed van die kapitalisme op die neëntiende eeuse imperialisme. Hierdie finansiële alliansie was in 'n nie geringe mate die gevolg van die Japans-Chinese oorlog. Onmiddellik na die vredesluiting is die vraag druk bespreek in die Europese hoofstede of China die geld sou kon vind om sy swaar skuldelas te verlig. Navrae van die Britse regering het aan die lig gebring dat China 'n bedrag van bykans £35,000,000 broodnodig gehad het. Brittanje, Frankryk, Duitsland en Rusland was die een so begerig soos die ander om Peking finansieël aan hom te verslaaf. Aan

---

52) Mem. Tilley Russia.

53) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 331.

54) Ibid.

55) B.D. p. 331, Mem. Tilley.

56) Sedert die Brits-Chinese Oorlog (1839-1842) het die Britse invloed in China geleidelik toegeneem.

57) Vgl. Halevy: Imperialism, p. 48.

58) Vgl. Garvin: Life of Joseph Chamberlain, p. 241-323. Sommige van Chamberlain se kollegas in die Salisbury-kabinet het sy standpunt met hart en siel gesteun. Op 5 April 1898 het Balfour in die Laerhuis verklaar dat Brittanje en Duitsland verplig is om 'n verenigde front te toon teenoor die Russiese bedreiging in die Verre Ooste. (Halevy: Imperialism, p. 50).

lg. moondheid het die Chinese regering reeds belowe om £8,000,000 van die Russe te leen. Brittanje het die ander moondhede gewaarsku dat, aangesien sy handel met China 'n baie groter omvang gehad het as dié van enige ander moondheid, hy Peking se finansiële beleid noukeurig sou dophou en nie sou toelaat dat sy belange geskaad word nie.[59] Aanvanklik was China nie geneig om hom van Downingstraat te laat voorskrywe wat hy moes doen nie. In Parys, die middelpunt van die Europese geldmark, is onderhandelinge gevoer met die oog op die sluiting van 'n groot lening onder Russiese beheer. Op 11 Junie 1895 is in die Franse hoofstad 'n kontrak onderteken waarin voorsiening gemaak is vir 'n lening van £16,000,000 aan China.[60] Rusland het as borg vir China opgetree, maar die Yamen moes sy invoerregte aan St. Petersburg verpand. Ook moes die Yamen onderneem om geen verdere lening binne ses maande te sluit nie.[61] Die Britse en Duitse gesante in Peking het tevergeefs beswaar gemaak teen die transaksie. Op 5 Julie is die ooreenkoms van ampsweë bekragtig.[62] Rusland het onmiddellik hierna pogings aangewend om sy finansiële en ekonomiese houvas op China te verstewig. Behalwe die verlenging van sy Trans-Siberiese spoorweg deur Mantsjoerye, het hy 'n Russies-Chinese bank, met hoofkwartier in St. Petersburg, in die lewe geroep. Die bank se konsessie het nie slegs voorsiening gemaak vir gewone finansiële transaksies nie; dit het ook die reg verleen om, met toestemming van die Chinese regering, geld te munt, belastings te in, spoorweë te bou en telegraaflyne op te rig.[63] 'n Magtige Russiese geldstroom, aangevul deur 'n sterk systroom uit Frankryk, het gedreig om China te oorspoel. Die Britte en die Duitsers sou snel moes optree as hulle iets vir hulself wou red. Die aangewese weg was om saam wal te gooi teen die gevaar uit St. Petersburg en Parys.

In Maart 1896 het 'n Anglo-Duitse sindikaat die Yamen oorreed om 'n lening van £16,000,000 van hom te aanvaar. Aangesien dit op verre na nog nie in die behoeftes van China voorsien het nie, is die onderhandelinge hervat met die oog op die toekenning van 'n tweede lening. Die sindikaat was nie tevrede met die waarborg wat die Yamen aangebied het nie, en in 1897 is die onderhandelinge gestaak. Onmiddellik hierna het die gerug die rondte gedoen dat Rusland aangebied het om nog eens as borg vir China in te tree. Om dit te verhoed, het die Britse regering

---

59) Mem. Tilley Russia.

60) Chinese Owerheid.

61) Mem. Tilley Russia.

62) Mem. Tilley Russia.

63) Ibid.

self 'n lening van £16,000,000 op maklike voorwaardes aan China aangebied.[64] Onmiddellik was die Russe op hul agterpote! Die Russiese saakgelastigde in Peking het geprotesteer op grond daarvan dat dit die ewewig van die Europese invloed in China sou versteur. Hy het selfs gedreig met militêre optrede teen Peking indien die lening aanvaar sou word. Die Franse het met 'n dergelike dreigement voor die dag gekom.[65] Die wantroue tussen die Britte en die Russe het nou 'n hoogtepunt bereik. Port Arthur het die brandpunt geword waar hulle mekaar aan die hare wou gryp. Oor en weer het hulle gedreig om mekaar se skepe uit die vurig begeerde Nabotswingerd te verdryf.[66] Die verskrikte Chinese het in Februarie 1898 besluit om voortaan nòg op die Britse nòg op die Russiese geldmark te leen.[67] Op grond van hul oorwegende handelsbelange in China was die Britte nie hiermee gediend nie, maar die Chinese het hulle gepaai met die belofte dat die belangrike pos van inspekteur-generaal van invoerregte slegs aan Britse onderdane toegeken sou word.[68] Die Chinese was nou verder as ooit van 'n oplossing vir hul finansiële moeilikhede. In die geheim is weer onderhandelinge met die Anglo-Duitse sindikaat aangeknoop, en uiteindelik het Peking 'n tweede lening uit hierdie bron ontvang.[69] Rusland was baie ontevrede,[70] en dit was seker een van die vernaamste redes waarom hy soos 'n aasvoël onverwags op Port Arthur toegesak het. Die enigste faktor wat soms belemmerend ingewerk het op die bondgenootskap van die Britse en Duitse geldbase, was die ongeneentheid van die Duitsers om die finansiële kring ook na Amerika uit te brei, omdat hulle vir Duitsland gevaar gesien het in 'n intieme Brits-Amerikaanse verhouding.[71] In Februarie 1898 het MacDonald, Brittanje se gesant in Peking, berig dat 'n Chinese skema om 'n spoorweg met Britse en Amerikaanse kapitaal vanaf Tien-Tsin deur Shantung na Chinkiang te bou, op verwoede Duitse teenstand gestuit het.[72] Sy Duitse kollega in Peking het onomwonde verklaar dat Shantung op kommer-

---

64) Die belangrikste was die oopstelling van die hawe van Talienwan vir vreemde handel. (Mem. Tilley Russia).

65) Mem. Tilley Russia.

66) Ibid.

67) Ibid.

68) Ibid.

69) Ibid; vgl. ook Halevy: Imperialism, p. 47.

70) Mem. Tilley Russia.

71) Dit is duidelik dat die Duitsers Chamberlain se rassefilosofie slegs in 'n beperkte sin onderskryf het. (Vgl. Garvin, a.w., III, p. 304-305).

72) B.D. p. 330, Mem. Tilley, MacDonald aan Salisbury, d.d. 18-2-1898.

siële gebied 'n Duitse provinsie was en dat dergelike ondernemings deur Duitse firmas aangepak moes word.[73] Salisbury het hierdie eis verwerp, maar die onderhandelinge wat daarop gevolg het, het uiteindelik daartoe gelei dat die Tien-Tsin-Chinkiang-spoorweg 'n Anglo-Duitse onderneming geword het.[74]

In Londen het die Britse en Duitse geldbase in die voorjaar van 1898 alles in hul vermoë gedoen om hul finansiële alliansie na 'n politieke bondgenootskap tussen Brittanje en Duitsland uit te brei. Die Britte wat die voortou geneem het, was die hertog van Devonshire, wat met 'n Duitse vrou getroud was, en die welbekende lord Rotschild, albei Liberale Unioniste. Aan Duitse kant was die vernaamste spreekbuis 'n sekere baron Von Eckardstein, 'n voormalige sekretaris van die Duitse ambassade in Londen, wat as gevolg van sy huwelik met die vermoënde dogter van 'n Londense fabrikant, sir John Blundell Naple, die diplomatieke diens vaarwel gesê en op sy rente geteer het. Von Eckardstein met sy Engelse vrou en die hertog van Devonshire met sy Duitse vrou het die vriendskapsbande met 'n dubbele skakel versterk. Devonshire House het dan ook 'n belangrike rol in die samesprekings gespeel.[75] Agter die skerms het die meesterhand van Chamberlain, self 'n kapitalis van aansien, die toue getrek. In Maart het Salisbury met 'n maand siekteverlof na die suide van Frankryk vertrek en Chamberlain in 'n ongestoorde magsposisie agtergelaat om sy planne uit te voer.[76]

Die verwikkelinge in die politieke wêreld, gepaard met die onderstrominge in die finansiële wêreld, het gelei tot 'n keerpunt in die betrekkinge tussen Pretoria en Berlyn, indien nie in die betrekkinge tussen die Boere en die Duitse volk as sodanig nie. Onthou moet word dat die plek wat die Suid-Afrikaanse Republiek in Chamberlain se pro-Duitse beleid ingeneem het, maar 'n onderdeeltjie was van die wêreldpolitiek wat hy wou voer, hoe fundamenteel dit ook al was vir die konsolidasie van die Britse Ryk. Verreweg die meeste van sy tyd en energie is in beslag geneem deur besprekinge wat kon lei tot 'n defensiewe verbond tussen Brittanje en Duitsland om as teenvoeter te dien vir die Tweevoudige Verbond van Rusland en Frankryk.[77] Sy belangstelling en invloed het ver buite sy eie departement gestrek. Ongelukkig vir hom het die staatsmanne wat die hoogste gesag in Londen en Berlyn beklee het, geweier om die heil van die Britte en Duitsers deur sy politieke bril te lees. Uit

73) B.D. p. 330, Mem. Tilley.

74) Ibid.

75) Vgl. hoofstuk IV.
76) Vgl. Halevy: Imperialism, p. 48-49.

77) Vgl. Garvin, a.w., III, p. 241-295; B.D. nr. 122, Lascelles aan Balfour, d.d. 23-8-1898.

'n toespraak wat hy teen die einde van 1898 in Wakefield gelewer het, lei 'n mens af dat hy die hegte eenheid van 'n Anglo-Duitse alliansie veral daarin gesien het dat Brittanje die see onder sy sorg neem terwyl Duitsland hom beywer om die leierskap van die Europese vasteland te bemeester. Hy het verklaar: „As a moment's reflection will show that there is no part of the globe in which British and German interests conflict in any serious way, I think we may hope that in the future the two nations - the greatest naval nation in the world and the greatest military nation - may come more frequently together, and our joint influence may be used on behalf of peace and of unrestricted trade, in which case it will certainly be more potent than would be the influence of either Power taken alone."[78] Met hierdie standpunt was die Duitse keiser, ondersteun deur Von Bülow, glad nie gediend nie. Hy was vasbeslote om die Britte se oppergesag op see te beëindig, omdat hy geglo het dat dit die geheim was van die wêreldleierskap wat hulle al byna 'n eeu gehandhaaf het.[79] Buitendien het Chamberlain se venynige aanvalle op die Russe hom ook nie aangestaan nie, want hy was nie gereed vir 'n stryd teen die Tweevoudige Verbond nie.[80] Maar ook Salisbury was nie ingenome met Chamberlain se ambisieuse politieke visioen nie, omdat hy nog steeds 'n onwrikbare vertroue gehad het in die isolasie van die Britse Ryk.[82] Tog is Chamberlain se energie nie nodeloos verspil nie. Buite Europa is 'n terrein gevind waar Downingstraat en die Wilhelmstrasse mekaar wel die hand kon reik. Wilhelm II was nog nie tevrede met die omvang van sy koloniale ryk nie. As hy met Brittanje oor Koloniale aangeleenthede tot 'n verstandhouding kon geraak, sou hy straks daarin slaag om sy gesag verder oor die aarbol uit te brei. Nadat hy sy standpunt aan die Britse ambassadeur verduidelik het, het lg. dit soos volg aan sy owerheid oorgedra: „Colonial expansion had become a necessity for Germany. He (the German Emperor) would infinitely prefer to obtain what he wanted by a friendly arrangement with England, but if this were not possible, he would have to seek assistance elsewhere and to place himself under obligations to

---

78) Aangehaal in Halevy: Imperialism, voetnoot, p. 53.

79) Vgl. Garvin, a.w., III, p. 278-295. Von Bülow het hom soos volg uitgelaat: „If we allied ourselves to England by treaty that would, more or less, mean that we would renounce the execution of our naval plans, for they would scarcely be reconcilable with a really definite Anglo-German alliance based on mutual confidence." (Aangehaal in Garvin, a.w., III, voetnoot, p. 294).

80) Vgl. Halevy: Imperialism, p. 51.

81) Vgl. Garvin, a.w., III, p. 293-294.

82) Vgl. Halevy: Imperialism, p. 50-51.

other Powers..."[83]

Die wankelende Portugese Ryk waarna ons by herhaling verwys het, het die aanknopingspunt vir onderhandelinge verskaf. Brittanje en Duitsland het egter nie dieselfde eindresultaat nagestrewe nie. Die oogmerk van eg. moondheid was om beheer oor Delagoabaai te verkry, sodat hy alle kontak tussen die Boere en die buitewêreld kon afsny, terwyl lg. moondheid, wie se uitbreidingsdrang nog ver van sy versadigingspunt was, gehoop het om op Portugal se koloniale ryk te aas. Die gevolg van hul uiteenlopende belange was dat hulle nie Portugal se nood op dieselfde wyse en tot dieselfde mate wou uitbuit nie. Die vraag was of die Portugese in die slagyster sou trap wat vir hulle gestel moes word. Dat hulle bedug was vir die hebsug van die groot moondhede, blyk daaruit dat hulle uit die staanspoor daarna gestrewe het om 'n driehoekige probleem te vermy deur hulle klaarblyklike poging om Duitse inmenging te omseil. Toe De Soveral in die voorjaar van 1897 met Chamberlain gesels het oor die moontlikheid van 'n Britse lening aan Portugal, sou hy seker sy oë groot gerek het as die Britse minister die vraag gestel het of dit nie wenslik was om oók 'n Duitse stuiwer in die armbeurs te werp nie! Majoor Mousimbo de Albuquerque, die Goewerneur-Generaal van Portugees-Oos-Afrika, moes die moeilike rol van waghond speel. Van hom het Lissabon verwag om enige intriges van die groot moondhede uit te snuffel wat daarop gemik mog wees om die fondamente van Portugal se koloniale ryk in Afrika te ondergrawe. Vroeg in 1898 het hy Parys, Londen en Berlyn besoek om homself op die hoogte te probeer stel met die fluisterpraatjies in diplomatieke kringe. Op sy terugreis het hy Lissabon aangedoen, waar hy 'n belangrike gesprek met MacDonell, Brittanje se gesant, gevoer het. Volgens die getuienis van MacDonell is De Albuquerque diep getref deur die militaristiese gees wat die Duitse volk geopenbaar het.[84] Saam met De Soveral, wat na Lissabon ontbied is vir samesprekinge, het hy by die Portugese regering daarop aangedring om dieper onder die vlerk van Brittanje in te kruip. Albei was ten gunste van 'n lening in Brittanje, gewaarborg deur die inkomste van die Portugese kolonies, insluitende Lourenço Marques.[85] Op hierdie grondslag het De Soveral reeds in Mei

---

83) B.D. nr. 87, Lascelles aan Balfour, waarn. Eerste Minister, d.d. 22-8-1898. Die volgende dag het Lascelles die standpunt van Wilhelm II nog sterker gestel: "...Her Majesty's Government did not seem to perceive that Germany must and would obtain colonial expansion, and that it was to the interest of England to assist her to do so, instead of alienating her by opposing her attempts." (B.D. nr. 122, Lascelles aan Balfour, d.d. 23-8-1898).

84) B.D. nr. 65, memorandum deur F. Bertie, Assistent-Ondersekretaris van Buitelandse Sake, d.d. 1-5-1898.

85) Ibid.

en Junie 1897 getrag om met Chamberlain tot 'n ooreenkoms te geraak.[86] Chamberlain het tydens hul beraad sy politieke strewe t.o.v. die Transvaal baie duidelik laat deurskemer. Hy het die volgende ooreenkoms aan die hand gedoen: Brittanje waarborg Portugal die besit van sy Afrikaanse kolonies; op sy beurt belowe Portugal om geen toegang tot die Transvaal te verleen nie, behalwe deur die bestaande hawe en spoorweg van Lourenço Marques, albei waarvan onder beheer van 'n Anglo-Portugese maatskappy geplaas moes word, wat dan ook die nodige geld ná die Berner-uitspraak sou voorsien om die oorspronklike eienaars van die spoorweg te vergoed. Sowel die Portugese as die Britse regering moes amptelik verteenwoordig word op die direksie van die maatskappy.[87] Lissabon het hierdie voorstel verwerp, waarskynlik weens die vrees vir oorheersende Britse invloed in Mosambiek.[88] Dit hoef 'n mens geensins te verbaas nie, veral as in herinnering geroep word die hewige reaksie in Portugese kringe 'n aantal jare vantevore toe Brittanje ook gepoog het om 'n vorm van susereiniteit oor hierdie kolonie in te stel.[89] Die onderhandelinge is hierna gestaak en nie weer in erns hervat voor 'n jaar later nie.

In Mei 1898 het die Britse regering as skakel opgetree in 'n poging van Portugal om 'n dringende lening van £200,000 van die Rothschilds te verkry.[90] Die transaksie het weer eens skipbreuk gely as gevolg van onvoldoende sekuriteit. Samesprekings om 'n blywende oplossing vir Portugal se finansiële moeilikhede te vind, het egter die volgende maand 'n aanvang geneem.[91] Teen hierdie tyd het wêreldgebeure Lissabon verplig om sy nasionale trots te kruisig en 'n meer kruiperige houding teenoor Brittanje te openbaar. Een na die ander het die groot moondhede soos hongerige wolwe op China toegesak en gepoog om die juwele van hul slagoffer voor mekaar weg te raap - Kiao-Chau, Port Arthur, Wei-Hai-Wei, Kwangtschouan e.d.m. Daar was wesenlik gevaar dat, terwyl die monargiste en republikeine in Portugal met mekaar oorhoop lê,[92] sommige van die Portugese kolonies - die Azores, Madeira, Kaap

---

86) Ibid; Garvin, a.w., III, p. 309.

87) B.D. nr. 65, Memorandum deur F. Bertie, Assistent-Ondersekretaris van Buitelandse Sake, d.d. 1-5-1898.

88) Ibid.

89) Vgl. vorige hoofstuk.

90) Reeds in Julie 1896 het Chamberlain die Rothschilds oorreed om met Portugal te onderhandel met die oog op die oorname van die gebied tussen die see en die Transvaal. (Vgl. Garvin, a.w., III, p. 309).

91) B.D. p. 329. Mem. Tilley.

92) B.D. nr. 65, Memorandum deur F. Bertie, d.d. 1-5-1898.

Verdiase Eilande, St. Thomas, Angola, Mosambiek e.a. - ook die Westerse Imperialisme[93] ten prooi kon val.[94] Daar was grondige rede vir Lissabon om die Wilhelmstrasse meer te vrees as die ander maghebbers van die wêreld. Sy koloniale ryk in Afrika was buite die bereik van Rusland[95] en redelik ver verwyder van die Franse invloedsfeer, terwyl Brittanje reeds oor meer grondgebied beskik het as wat hy behoorlik kon behartig. Dit verklaar waarom die Portugese so besonder lig geloop het vir die Duitsers. Wilhelm II en sy ministers het egter elke beweging van die Portugese fyn dopgehou om te verhinder dat aan Brittanje voorregte gegun word sonder gelykwaardige kompensasie aan Duitsland. Dit het veral vir die politieke stryd gegeld wat rondom Delagoabaai gewoed het. Die Duitse staatsliede het Brittanje telkens gewaarsku dat hulle nie sou toelaat dat 'n strop om die nek van die Boererepubliek gesit word sonder dat hulle 'n omkoopsgeskenk ontvang wat die moeite werd is nie.[96] Die inmekaar geweefde vraagstukke van Lissabon, Berlyn en Londen - finansieël in die geval van die eerste, ekspansie in die geval van die tweede en „paramountcy" in die geval van die derde - het almal ewe dringend om oplossing gewag. Nie een van die drie hoofstede kon eintlik bekostig om 'n afwagtende houding aan te neem met die hoop dat die ander twee hulle só in hul eie intriges sou verstrik dat sy probleem vanself opgelos sou word nie. In watter ernstige lig Brittanje die probleem van sy oppergesag in Suid-Afrika teen die middel van 1898 beskou het, blyk uit die feit dat die Salisbury-regering weer sy toevlug geneem het tot die tradisie van Downingstraat om in die geval van netelige en brandende vraagstukke leiding te soek by sy permanente administratiewe amptenare. Bertie, die Assistent-Ondersekretaris van Buitelandse Sake, moes binne enkele maande drie keer sy sienswyse uiteensit oor die Brits-Duits-Portugese knoop op die Suid-Ooskus van Afrika.[97]

Hoewel die Britte blykbaar daarin geslaag het om hul senuweeagtigheid vir die Duitsers weg te steek, het die hernieude Brits-Portugese onderhandelinge sedert Mei 1898 tog nie lank verborge gebly nie. In Junie het MacDonell aan sy owerheid berig dat die Duitse gesant in Lissabon om elke hoekie gesoek het vir leidrade wat

---

93) Ibid.

94) Ibid.

95) Rusland se strewe om die Middellandse See te bereik, was nog steeds 'n toekomsdroom.

96) B.D. nr. 87, Lascelles aan Balfour, d.d. 22-8-1898; B.D. p. 329, Mem. Tilley, Salisbury aan Lascelles, d.d. 19-8-1898.

97) B.D. nr. 65, memorandum deur Bertie, d.d. 1-5-1898; nr. 72, memorandum deur Bertie, d.d. 30-6-1898; nr. 81, memorandum deur Bertie, d.d. 10-8-1898. Fairfield, die groot deskundige oor Suid-Afrikaanse aangeleenthede, was toe al dood.

hom op die spoor kon bring van die planne wat Brittanje en Portugal in die mou gevoer het.[98] Hy kon Von Hatzfeldt dan ook spoedig waarsku dat De Soveral van sy besoek aan Lissabon na Londen terugkeer met die opdrag om geld te bedel vir sy regering. Von Hatzfeldt wou onmiddellik van Salisbury weet wat gaande was. Die Britse Eerste Minister het geen doekies omgedraai nie. Hy het bevestig dat die Portugese 'n lening wou sluit, maar besonderhede kon hy nie verstrek nie, aangesien hy De Soveral aangeraai het om liewer met Chamberlain te onderhandel. Hy het Von Hatzfeldt egter verseker dat hy vas van voorneme was om goeie betrekkinge met Duitsland te handhaaf en dat hy hom op die hoogte sou hou van enige stappe „that we might take which might concern the rights or legitimate interests of Germany in the Portuguese colonies."[99] Salisbury het dit gerade geag om nie die Duitsers teen hom in die harnas te jaag nie, hoewel hy, anders as Chamberlain, geen behoefte gehad het om met hulle in bondgenootskap te tree nie.

Ten spyte van Salisbury se versekering dat hy Duitsland nie in die rug sou steek nie, het hierdie nuus groot konsternasie in Berlyn veroorsaak. Die Duitse gesant in Lissabon het opdrag gekry om op staande voet aan te dring op oudiënsie by die Portugese koning, sodat hy kon protesteer teen enige stappe waardeur Portugal se koloniale ryk in Afrika op só 'n wyse aan Brittanje verbind word dat dit Duitsland se belange sou skaad. In Berlyn het Von Bülow die Portugese gesant gewaarsku dat dit dwaas van sy owerheid sou wees om Duitsland se houding te ignoreer. Waarskynlik op aandrang van Berlyn het die Franse gesant in Lissabon ook die Portugese gewys op die gevare wat dit vir hulle sou inhou as hulle met die Britte heul.[100] Brittanje se poging om vir hom 'n weg na Delagoabaai te baan sodat hy die Boere ook agter daardie poort kon vaskeer, het teen struikelblokke gestuit waarmee hy beslis rekening moes hou. Nou was dit die aangewese oomblik vir Chamberlain om sy pro-Duitse beleid op die proef te stel. Aan die Portugese het hy voorgestel dat Duitsland die geleentheid gegee moes word om 'n deel van hul finansiële behoeftes te voorsien, „taking her security on some of their Western possessions."[101] Hiervoor was die Portugese nie te vinde nie. Dit lyk asof hulle Chamberlain se bedoelinge gewantrou het, want hierna het hulle weer hul nood direk by Salisbury gekla. Op

---

98) B.D. p. 329, Mem. Tilley.

99) B.D. nr. 66, Salisbury aan burggraaf Gough, sekretaris van die Britse ambassade in Berlyn, d.d. 14-6-1898.

100) B.D. nr. 68, Salisbury aan MacDonell, d.d. 22-6-1898.

101) Chamberlain in 'n memorandum, opgestel op 22-6-1898. (B.D., p. 329, Mem. Tilley).

29 Junie het De Soveral aan Salisbury 'n telegram van sy owerheid voorgelees waarin die behoefte van Portugal op £8,000,000 gestel word. Die kapitaal en rente sou gewaarborg word deur die invoerregte van sowel die provinsie Mosambiek as dié van die moederland self. Die transaksie moes op 'n wyse uitgevoer word „that would not offend Germany or France."[102] In 'n mededeling aan MacDonell verklaar Salisbury dat hy teenoor De Soveral twyfel uitgespreek het of Brittanje nou eintlik by die hele affêre sou baat, maar die Portugese het hom verseker „that this proposal would involve a control on our (Britain's) part over Delagoa Bay and the railway to the Transvaal."[103] 'n Mens wonder of die Portugese teen hierdie tyd dan nog nie geweet het hoe seer die Duitse distel kon steek nie. Tereg het die Britte hierdie voorstel as onprakties beskou en die vraagstuk van 'n lening aan Portugal op die lange baan geskuiwe.[104]

Lissabon is hierna aan sy lot oorgelaat. Hoewel Londen hom maar nie kon afskud nie en hy uiteindelik tog ingewillig het om hom finansieel aan Berlyn ook te verbind op voorwaarde dat doeltreffende maatreëls geneem word om sy grondgebied te beskerm,[105] moes hy na alles tog maar self sien om die mas op te kom. Hoe graag Brittanje ook al beheer oor Delagoabaai wou hê, was dit tog in sy belang dat Portugal die top van die mas bereik,[106] terwyl Duitsland daarop staat gemaak het dat Portugal, weens sy finansiële en politieke onstabiliteit, halfpad sou terugglý en soos 'n brose erdepot in skerwe uitmekaar spat, sodat die Adelaar met 'n paar waardevolle stukke kon wegvlieg terwyl die Leeu dan onder die res rondsnuffel.[107] Die selfversekerde Duitse Keiser en sy raadsliede, wat oortuig was dat hul insig nie op sand gebou was nie, het in hierdie toestand 'n ideale grondslag gesien waarop Berlyn en Londen 'n gemeenskaplike koloniale beleid kon formuleer. Onderhandelinge wat deur

---

102) B.D. nr. 71, Salisbury aan MacDonell, d.d. 29-6-1898.

103) Ibid.

104) B.D. p. 329, Mem. Tilley.

105) B.D. nr. 84, Balfour, wnd. Minister van Buitelandse Sake, aan Thornton, sekretaris van die Britse ambassade in Lissabon, d.d. 18-8-1898.

106) Daar is geen bewys dat Brittanje die ineenstorting van die Portugese Ryk begeer het nie. Brittanje het gehoop om Delagoabaai in die hande te kry deur die reg van preëmpsie volgens sy verdrae met Portugal. Bertie het gemeen dat die voortbestaan van die Portugese kroon en koloniale ryk vir Brittanje van belang is „from both a political and a naval point of view." (B.D., nr. 65, memorandum deur Bertie, d.d. 1-5-1898). Volgens hom het Brittanje hom reeds in 1661 verbind om Portugal te beskerm. Hy verklaar verder: „Our interest as defenders of Portugal from foreign aggression is to promote good government and so prolong her life." (B.D. nr. 72, memorandum deur Bertie, d.d. 30-6-1898).

107) Ibid.

Von Hatzfeldt bestompel is as „the inauguration of a common colonial policy by Germany and England",[108] het 'n aanvang geneem, en daaruit het na langdurige beraad die sg. Angola-ooreenkoms gekristalliseer.[109] 'n Ongeskrewe voorwaarde wat die Duitsers moes aanvaar voordat sake so ver kon kom, was „their abandonment of the Boers and the Transvaal."[110]

Die Angola-ooreenkoms is op 30 Augustus 1898[111] deur Balfour namens Brittanje en deur Von Hatzfeldt namens Duitsland onderteken. Op dieselfde dag is ook nog 'n „Secret Convention" en 'n „Secret Note," albei in nou verband daarmee, onderteken.[112] Daar is seker min voorbeelde in die geskiedenis waar die dubbelhartigheid, gevoelloosheid en misleiding waartoe die neëntiende-eeuse imperialisme in staat was, beter aan die lig kom as in hierdie ooreenkomste en die onderhandelinge wat daarmee gepaard gegaan het. Brittanje het Portugal uitgespuug en ingesluk soos dit hom pas, Duitsland weer het die Suid-Afrikaanse Republiek ingesluk en uitgespuug soos dit hom pas. Duitsland het Frankryk se hulp ingeroep om 'n bres te slaan in die Brits-Portugese vriendskap, terwyl hy terselfdertyd die Portugese gewaarsku het teen die gevaar om met die Franse te verbroeder. Op sy beurt het Portugal die Suid-Afrikaanse Republiek aan Brittanje uitgeveil vir geld. Die Republiek het vermoed dat daar 'n geknoei agter sy rug aan die gang was maar kon nie agter die waarheid kom nie. Die kontrakterende partye het hulle nie verbind om die eerste ooreenkoms geheim te hou nie. Tog is die inhoud daarvan nie openbaar gemaak nie.[113] In die inleiding word verklaar dat die doel van die ooreenkoms is om internasionale komplikasies te verhoed indien Portugal genoodsaak sou word om by vreemde geldbase om hulp aan te klop en om die integriteit en onafhanklikheid van die betrokke staat te bewaar. Sodra Portugal een van die twee kontrakterende partye om 'n lening nader, sal die ander een in kennis gestel word, sodat hy ook 'n deel van die benodigde bedrag kan voorsien. As sekuriteit vir die lenings van beide moondhede sal dien die invoerregte van Mosambiek, Angola en die eiland Timor in die Stille

---

108) B.D. nr. 85, Balfour aan Lascelles, d.d. 19-8-1898.

109) B.D. nr. 90, Balfour aan Lascelles, d.d. 31-8-1898; ook die Bylae; Grant en Temperley, p. 332.

110) B.D. nr. 85, Balfour aan Lascelles, d.d. 19-8-1898.

111) Op 9 Augustus het Salisbury met vakansie uit Londen vertrek en Balfour het waargeneem as Minister van Buitelandse Sake. (Vgl. Halevy: Imperialism, p. 55).

112) B.D. nr. 90, 91 en 92, Balfour aan Lascelles, d.d. 31-8-1898; G.P., XIV, p. 347-355.

113) Vgl. Halevy: Imperialism, p. 55; Garvin, a.w., III, p. 319. (Volgens Garvin is die inhoud van die ooreenkoms eers na die Eerste Wêreldoorlog gepubliseer).

Oseaan. Die Britse lening sal gewaarborg word deur die invoerregte van Mosambiek suid van die Zambezi[114] en op sy linkeroewer bokant die aansluiting van die Shirè asook diè van die sentrale deel van Angola, terwyl die Duitse lening gedek sal word deur die invoerregte van die res van hierdie twee Portugese provinsieś en Timor.[115] As Portugal in gebreke bly om sy verpligtinge t.o.v. die rente en die delgingsfonds na te kom, sal die kontrakterende partye beheer oorneem van die doeanekantore in die betrokke provinsies.[116] Die geheime konvensie maak voorsiening vir die gebeurlikheid dat die Portugese staatskas binne afsienbare tyd daardie laagwaterpeil mag bereik waar Lissabon nie langer, soos wat hy tot dusver gedoen het, die voorwaardes kan stel waarop hy 'n lening sal wil sluit nie maar soos 'n hulpelose drenkeling gryp na enige reddingstou wat na hom uitgegooi word. In daardie geval sal die twee kontrakterende partye die inmenging van 'n derde party by wyse van 'n lening of sessie van grondgebied gesamentlik teenstaan, terwyl hulle ook hoegenaamd geen poging sal aanwend om in mekaar se invloedsfere politieke seggenskap te verwerf nie.[117] In die geheime addendum belowe Brittanje en Duitsland om mekaar nie te uitoorlê nie. Enige konsessie in hul onderskeie invloedsfere wat die Portugese aan een van die twee mag aanbied, sal slegs aanvaar word indien aan die ander een 'n gelykwaardige konsessie toegestaan word.[118]

Die dag na die sluiting van die verdrae het Balfour die Portugese gesant in kennis gestel dat Brittanje en Duitsland daarin geslaag het om eenstemmigheid te bereik oor die wyse waarop hulle Portugal sou bystaan indien hy nie sy finansiële moeilikhede kon oorbrug nie. Blykbaar het hy De Soveral nie eens die Angola-ooreenkoms ter insae laat kry nie, want hy doen moeite om die Portugees gerus te stel dat alles pluis is deur te verwys na 'n vorige verklaring van hom dat „it would be my earnest desire to provide that the contraction of such a loan by Portugal should involve neither loss nor diminution of her sovereign rights, still less any cession of territory."[119] Ten spyte van hul eeu-oue „kameraadskap", is die ondersteuning wat Portugal hier van Brittanje ontvang maar baie negatief. Balfour is nie die barmhartige Samaritaan wat die gewonde man red nie maar slegs 'n toeskouer wat in 'n paar woorde sy meegevoel en goeie bedoelinge prewel en dan

---

114) Op hierdie wyse word Delagoabaai en die spoorweg na die Transvaalse grens binne die Britse invloedsfeer geplaas.

115) B.D. nr. 90 en sy Bylae; B.D. p. 329, Mem. Tilley. Die grense van die onderskeie invloedsfere word in besonderhede beskrywe.

116) Bylae in B.D. nr. 90.

117) Bylae in B.D. nr. 91.

118) Bylae in B.D. nr. 92.

119) B.D. nr. 93, Balfour aan De Soveral, d.d. 31-8-1898.

voortsnel op sy eie weg. Die begeerte is wel daar om die Portugese Ryk ongeskonde te bewaar, maar daar is geen belofte van daadwerklike bystand om daardie doel te bereik nie. Dit is 'n versaking van sy wetlike en morele plig teenoor Portugal. Bertie laat die aap uit die mou as hy kort en bondig verklaar: „...we are bound by the Treaty of 1661 to defend Portugal from attack." 120) So 'n sterk standpunt kon Brittanje egter nie inneem nie, want die vooruitsig om Portugese grondgebied in te palm, was juis die lokaas waarmee hy die Duitsers verlei het om die Boere aan sy genade oor te laat. Maar het Duitsland dan oor die vermoë beskik om, indien Brittanje nie met hom tot 'n vergelyk wou kom nie, die Britse Imperialisme op die grense van die Boererepublieke op te dam? Daar is dikwels beweer dat die hele affêre, uit Britse oogpunt beskou, nie die moeite werd was nie, omdat Duitsland, weens sy gebrek aan noemenswaardige slaankrag op see, Brittanje tog nie kon verhinder om die weerstand van die Boere aan sy gesag die nek in te slaan nie. 121) Dit is volkome waar. Die diepere motief van Downingstraat word egter uit die oog verloor. Dit was sy strewe om die Duitse faktor in die Suid-Afrikaanse politiek só te omvorm dat hy sy oppergesag op die mees strategiese punt van sy ryk sonder stamp of stoot kon verseker. Die Angola-ooreenkoms, en die ander wat daarmee in verband gestaan het, was in werklikheid preventiewe maatreëls. Chamberlain en sy kollegas, wat tot dusver gehoop het om Pretoria te bereik sonder om 'n militêre weg te volg, het nou besluit om, behalwe die konstitusionele weg waarop hulle langsaam voortgestruikel het, ook 'n diplomatieke weg daarheen te bewandel. Die pro-Duitse beleid was dus daarop gemik om oorlog in Suid-Afrika te voorkom. Dit was tog immers duidelik dat hoe swaarder die Britse ystervuis op die Suid-Afrikaanse Republiek gedruk het, hoe vaster die Boere aan die Duitse steunpilaar geklem het. Dit het die krisis in die begin van 1896 duidelik getoon. As daardie steunpilaar nou onder hulle uitgeruk word en hulle nie meer grond onder hul voete voel nie, sal hul moraal moontlik so verswak dat hulle verdere weerstand teen die Britse Imperialisme as futiel beskou en hulle onderwerp sonder om na die wapen te gryp. Verbind mens Milner se verbete stryd om die instelling van 'n liberale kiesreg in die Suid-Afrikaanse Republiek sedert sy aankoms in Suid-Afrika in Mei 1897 met die 122)

---

120) B.D. nr. 72, Memorandum deur Bertie, d.d. 30-6-1898.

121) So het Bertie bv. nog voor die sluiting van die ooreenkomste verklaar: „The advantages to be secured to Germany by our co-operation are obvious, but what are we to obtain that we could not get without her assistance or even in spite of her opposition?" (B.D. nr. 81, memorandum deur Bertie, d.d. 10-8-1898).

122) Hieroor meer in die <u>Besluit</u>.

gelyktydige poging van die Britse en Duitse diplomate om hul onderskeie koloniale beleide in Suid-Afrika te koördineer, kry 'n verdrag, wat ons andersins as kinderagtig en doelloos kan bestempel, vir ons betekenis.[123)]

Die verdeling van die buit op papier was 'n baie makliker taak as in die praktyk. Weens die snel ontwikkelende krisis in Suid-Afrika het Brittanje natuurlik van Duitsland verwag om onmiddellik sy rug op die Boere te keer en hulle selfs tot onderwerping aan die Britse gesag aan te spoor. Hier het die knoop gelê. Die Adelaar was nie minder haastig om sy deel van die buit te kry as die Leeu nie. As die Britse vlag in Pretoria sou wapper voordat die Duitse vlag in die Portugese kolonies gehys is, is Berlyn straks gepier. Die Wilhelmstrasse was nie bereid om die wapen wat hy in die verlede teen Brittanje gebruik het, heeltemal uit sy hande te laat glip solank hy nog vir sy beloning moes wag nie. Toe Leyds in die najaar van 1898 in Europa aankom as gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek, het hy wel gevoel dat die vroeëre warmte vir die Boeresaak in Berlyn ontbreek,[124)] maar Duitsland was nou eerder 'n stekerige krimpvarkie waaraan hy nie vatkans kon kry nie, as 'n knorrende boelhond wat sy slagtande wys. Daar het in verantwoordelike Boerekringe dan ook nog steeds 'n sprankie hoop oorgebly dat Duitsland tog, as die klimaks bereik word, sou byspring en help.[125)] Op 29 Mei 1899 sein Leyds aan Pretoria: „De Duitsche Minister van Buitelandsche zaken (von Bülow) zegt: Duitsland is nog vriend van de Zuid-Afrikaansche Republiek, maar kan in een oorlog niet helpen, want Engeland is meester op zee. Hy hoopt onze Regeering zal zoveel toegeven als met de onafhankelijkheid bestaanbaar."[126)] Die rol wat Von Bülow hier speel, voldoen nie aan die eise van die Britse beleid nie. Die Vierkleur moenie net so ver moontlik voor die Union Jack buig nie; hy moet heeltemal van die toneel verdwyn.

Wat sy eie saak betref, het Duitsland geen gras onder sy voete laat groei nie. Onmiddellik na die sluiting van die Angola-verdrae het hy sy begerige hande onheilspellend na die Portugese kolonies begin uitsteek. Maar as hy enige geesdrif van sy Britse „bondgenoot" vir sy koloniale uitbreidingsplanne verwag het, sou hy op sy beurt meer ywer aan die dag moes lê om Downingstraat se struikelblokke in Suid-Afrika uit die weg te ruim. Samewerking is verder bemoeilik deurdat Brittanje dit nooit opreg bedoel het dat Duitsland so hande só ver moes reik nie. Die

---

123) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 41-42; Garvin, a.w., III, p. 318.

124) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 42-47.

125) Vgl. Garvin, a.w., III, p. 318.

126) Leyds: Korresp., I, nr. 47, Gesant aan Pretoria, d.d. 29-5-1899.

gedagte om die kortsigtigheid van die Duitse diplomate tot voordeel van Brittanje te benut, het in alle waarskynlikheid by Bertie ontstaan - 'n bewys dat die Britse politiek in werklikheid minder demokraties is as wat 'n mens dink, aangesien die permanente amptenaar, wat nie van die volkswil afhanklik is nie, dikwels vir 'n verrassende kinkel in die kabel verantwoordelik is. Die vorm wat die Angola-verdrae uiteindelik aangeneem het, is reeds deur Bertie in 'n memorandum van 30 Junie 1898 bepleit. Nadat hy gewys het op Brittanje se eeue-oue verbintenisse om Portugal heelhuids te bewaar, sluit hy af met die volgende opmerking: „If for more political reasons it is necessary to come to terms with Germany, we might have with her an exchange of secret notes undertaking that <u>whenever</u>, <u>if</u> <u>ever</u>, the break-up of Portugal from internal causes should come about, Germany shall receive certain specified portions of the spoil."[127) ] 'n Hersenskim - dit is al wat die Duitsers volgens Bertie se insig nagejaag het. Maar die Wilhelmstrasse het beter geweet. Hy was oortuig dat die dag van die Portugese Ryk gedaal het en wou alles in sy vermoë doen om die verbrokkelingsproses te verhaas. Toe MacDonell, die Britse gesant in Lissabon, in Oktober 1898 na 'n tydperk van rus sy pligte hervat, vind hy sy Duitse kollega, graaf Tattenbach, besig om 'n Duits-Britse lening aan die Portugese op te dring. Hy het Tattenbach se optrede as ontaktvol bestempel, maar lg. het laat deurskemer dat hy dit as hul taak beskou het „to induce the Portuguese Government to contract a loan in order that, when its proceeds had been extravagently wasted, we should remain with a claim on the control of the Portuguese Colonial Customs." Tattenbach het selfs geskimp van 'n moontlike Duitse vlootdemonstrasie aan die Portugese Kus - 'n na-apery van die Britse bangmaakmetodes.[128)]

Dit wil voorkom asof die neëntiende-eeuse staatsmanne en hul adviseurs nie hul internasionale ooreenkomste met veel sorg opgestel het nie. Die verdrae wat Brittanje met die Suid-Afrikaanse Republiek gesluit het, het gewoonlik spoedig skuiwergate begin toon. So was dit ook met die Angola-ooreenkomste. Slegs twee dae na die ondertekening daarvan moes Balfour, wat waargeneem het as minister van buitelandse sake, van die ontstemde Duitse ambassadeur verneem van 'n gerug, afkomstig uit Berlyn, dat Portugal sy toevlug na Frankryk geneem het om hom uit sy finansiële ellende te verlos. Von Hatzfeldt het gemeen dat die pasgeslote ooreenkomste voorsiening moes gemaak het vir 'n kanaal waarlangs dit Lissabon aan die verstand gebring kon word dat die intervensie van 'n derde moondheid nie geduld

---

127) B.D. nr. 72, Memorandum deur Bertie, d.d. 30-6-1898. (Onderstreping deur skrywer).

128) B.D. nr. 112, MacDonell aan Salisbury, d.d. 22-7-1899.

sou word nie. Balfour het belowe om die saak so spoedig moontlik aan Salisbury, wat uitstedig was, voor te lê.[129] Intussen het hy die Britse gesantskap in Lissabon versoek om te probeer vasstel of daar waarheid in die gerug steek en om Downingstraat op hoogte te hou van enige ongunstige verwikkeling.[130] Toe Salisbury by sy terugkeer ingelig word oor die nuwe moeilikheid, het hy hom vererg vir die Duitsers se ewigdurende getorring. Sy kommentaar was kort maar skerp: „I expected this. They are not content to wait for events to give them their share of Portuguese territory, but wish to force the pace of destiny."[131] Aan sy teësinnigheid vir Chamberlain se pro-Duitse beleid kan nie getwyfel word nie. Hy het beslis geweier om 'n pistool voor die kop van Portugal te hou.[132] Aangesien hy hom egter tussen twee vure - Pretoria en Berlyn - bevind het en hy begerig was om die vuur in Suid-Afrika eerste te blus, omdat dit hom op daardie tydstip die seerste gebrand het, was hy verplig om die Duitsers te paai. Daarom het hy hom bereid verklaar om die Portugese te waarsku om nie die invoerregte van Angola in pand te gee vir 'n lening in Frankryk nie.[133] Verder as dit wou hy nie met die Duitsers saamspeel nie. Hierdie houding het hy aangeneem ten spyte van die wesenlike gevaar dat Lissabon deur Parys ingesluk kon word vanweë die groot bedrag Franse kapitaal wat alreeds in die Portugese spoorweë[134] en ander ondernemings belê was.[135] So groot was die Franse gevaar inderdaad, dat MacDonell in April 1899 „a political master-stroke" aan die hand gedoen het „for temporarily rescuing Portugal from the clutches of France and from those of the numerous political and financial sharks at present hovering round it."[136] Hy wou hê dat die Britse regering een of ander groot finansiële firma in Londen moes oorreed om Lissabon £500,000 voor te skiet om die gekonfiskeerde Lourenço Marques-spoorweg uit te betaal. Duitsland sou nie kon protesteer op grond van die Angola-verdrae nie aangesien dit 'n nie-amptelike transaksie sou wees. MacDonell was daarvan oortuig dat as sy „meesterlike set" uitgevoer kon word, Frank-

---

129) B.D.nr. 94, Balfour aan Lascelles, d.d. 1-9-1898.

130) B.D. nr. 95, Balfour aan Thornton, wnd. Britse gesant, d.d. 1-9-1898.

131) B.D. nr. 94, kanttekeninge deur Salisbury. (Datum nie vermeld nie).

132) Ibid.

133) B.D. nr. 97, Salisbury aan Lascelles, d.d. 9-9-1898.

134) B.D. nr. 108, MacDonell aan Bertie, d.d. 20-4-1899.

135) B.D. nr. 112, MacDonell aan Salisbury, d.d. 22-7-1899.

136) B.D. nr. 108, MacDonell aan Bertie, d.d. 20-4-1899. Een van die „sharks" waarna hy hier verwys, is Leyds, wie se teenwoordigheid in Lissabon by hom groot agterdog gewek het. (Ibid).

ryk, Duitsland en les bes die Suid-Afrikaanse Republiek lelik op hul neus sou kyk.[137)]

Dit lyk egter nie of die Portugese die Franse haaie meer gevrees het as die Britse of Duitse haaie nie, want die gerug wat Von Hatzfeldt so ontstel het, is bevestig. Koning Carlos en sy ministers het by die Franse deur gaan aanklop en om hulp gevra.[138)] Frankryk wat besef het dat Brittanje en Duitsland nie sou toelaat dat hulle uitoorlê word nie, het 'n skema ontwerp waarvolgens die drie moondhede gesamentlik beheer van Portugal se finansies sou oorneem.[139)] Die plan het gestuit op die teenstand van Salisbury[140)] wat reeds voorheen verklaar het dat die handhawing van sowel die soewereiniteit van Portugal as sy koloniale ryk in belang van Brittanje was.[141)] Slegs 'n diplomaat en politikus van Bismarck se formaat kon in so 'n warboel van belange en motiewe rigting vind, en oor so 'n genie het nie een van die groot moondhede aan die einde van die eeu beskik nie. In Augustus 1899, kort voor die aanvang van die Tweede Vryheidsoorlog, het Tattenbach ronduit erken dat die Angola-verdrae onder heersende omstandighede waardeloos was.[142)] Portugal se finansiële toestand het in 'n mate verbeter,[143)] en ook het sekere Franse geldbase sy binnelandse inkomste aanvaar as waarborg vir 'n lening.[144)] Toe die Berner-uitspraak in Maart 1900 gelewer is, is die bedrag van bykans £1,000,000 wat aan die eisers toegeken is, stiptelik uitbetaal.[145)]

Brittanje se rol in verband met die Angola-verdrae staan beslis nie bo verdenking nie.[146)] Dat bedekte motiewe sy gedragslyn bepaal het veral t.o.v. die geheime konvensie, wat gegrond is op die moontlike verbrokkeling van die Portugese Ryk en waarop Duitsland sy hoop op koloniale uitbreiding gevestig het, blyk baie duidelik uit sy optrede ná die aanvang van vyandelikhede in Suid-Afrika. Die voor-

---

137) B.D. nr. 108, MacDonell aan Bertie, d.d. 20-4-1899.

138) B.D. nr. 112, MacDonell aan Salisbury, d.d. 22-7-1899; Vgl. ook Garvin, a.w., III, p. 319.

139) B.D. nr. 112, MacDonell aan Salisbury, d.d. 22-7-1899.

140) Ibid.

141) B.D. nr. 67, Salisbury aan burggraaf Gough, sekretaris van die Britse ambassade in Berlyn, d.d. 21-6-1898.

142) B.D. nr. 112, MacDonell aan Salisbury, d.d. 2-8-1899.

143) Ibid.

144) Garvin, III, p. 319-320.

145) Id., p. 320.

146) Ons kan nie Garvin se betoog oor die onkreukbaarheid van die Britse staatsmanne onderskrywe nie. (Vgl. Garvin, a.w., III, p. 320-322). Daar bestaan 'n neiging by Britse biograwe om die voorwerp van hul beskrywing as verhewe bo die gewone menslike swakhede te beskou. Dit geld ook bv. van sir Sydney Lee se beeld van Eduard VII en in 'n geringer mate van John Morley se beeld van Gladstone.

deel wat hy uit die verdrae kon trek, nl. dat hulle kon bydra tot die vestiging van sy oppergesag in Suid-Afrika sonder oorlogvoering, het nou nie meer bestaan nie. Die kanonlope was dan ook nog nie eens behoorlik warm nie of 'n geheime Anglo-Portugese deklarasie word onderteken, waarin 'n wedersydse vriendskapsverdrag van 1642 herbevestig word asook 'n verdrag van 1661, wat Brittanje verbind om al die kolonies wat aan die kroon van Portugal behoort teen al sy vyande vir altyd te verdedig en te beskerm.[147] Hierdie ooreenkoms druis nie slegs direk in teen die gees van die geheime Anglo-Duitse konvensie van die vorige jaar nie, dit veto inderdaad enige poging wat daarop gemik mag wees om Duitsland se koloniale planne tot uitvoering te bring. Brittanje het tot hierdie stap oorgegaan, nie uit berou dat hy die Portugese kolonies as 'n lokaas vir die Duitsers gebruik het nie maar omdat hy Portugal daardeur oorreed het om die toevoer van ammunisie en wapens deur sy gebied na die Suid-Afrikaanse Republiek te belet.[148] Dit is duidelik dat Brittanje se gesindheid teenoor Portugal bepaal is deur die mate van voordeel wat hy uit hul onderlinge betrekkinge kon behaal. Ten spyte van die nadruklike verklaring van Britse staatsmanne dat hulle die aftakeling van die Portugese Ryk nie sou duld nie, glo ons tog dat hulle Duitsland sou toelaat om 'n goeie hap van die aas af te byt as hulle maar hul eie gesag in Suid-Afrika sonder wapengeweld kon verseker.

'n Mens sou verwag dat Chamberlain die leeue-aandeel in die totstandkoming van die Angola-verdrae moes gehad het. In die eerste plek was dit 'n saak wat veral vir die Departement van Koloniale Sake van die grootste belang was. In die tweede plek was dit die eerste proefneming met sy Brits-Duitse konsiliasiepolitiek. Dit tref 'n mens dus dat hy oënskynlik 'n meer aktiewe rol gespeel het in verband met die poging om samewerking tussen Brittanje en Duitsland op die Europese vasteland te bewerkstellig as om hul koloniale belange, wat tot dusver veelal gekruis het, in ewewydige rigtings te stuur. Dat sy optrede toegeskrywe moet word aan weersin in die verlening van die Brits-Portugese vriendskap, kan ons nie aanvaar nie.[149] Dan sou hy seker nie die Portugees aangeraai het om die deur oop te maak en die Duitser binne te nooi nie.[150] Weliswaar het hy die offisiële on-

---

147) B.D. nr. 118, Anglo-Portuguese Secret Declaration, October 14, 1899. (Onderteken deur Salisbury namens Brittanje en deur De Soveral namens Portugal). Die oorspronklike bewoording was: "...to defend and protect all conquests or colonies belonging to the Crown of Portugal against all his enemies, as well future as present."

148) Ibid.; B.D. nr. 117, Salisbury aan MacDonell, d.d. 7-10-1899; ook die Bylaes.

149) Dit is blykbaar soos Garvin sy houding wil verklaar. (Vgl. Garvin, a.w., III, p. 315; p.318).

150) Vgl. voetnoot 101.

derhandelinge hoofsaaklik aan Salisbury en Balfour oorgelaat, maar die versigtige rol wat hy gespeel het, moet o.i. daaruit verklaar word dat die verbreiding van die Duitse imperialisme groot onrus geskep het in die selfbesturende Britse kolonies. Die Kaapse regering het Downingstraat ernstig kwalik geneem omdat die Duitsers in 1884 toegelaat is om hul tentpenne aan die suidweskus van Afrika in te slaan. As hulle deur Britse toedoen nou daarin slaag om hul gesag nog verder langs die weskus uit te brei, sou dit seker lei tot 'n hernieude agitasie in die Kaapkolonie. In daardie geval sou dit baie gerieflik wees vir Chamberlain, wat as politieke hoof van die Koloniale Kantoor in die eerste plek verantwoordelik gehou is vir die veiligheid van die oorsese ryk, as hy agter sy kollegas kon skuil. Dieselfde argument geld vir Timor, wat weer na aan Australië geleë is. Die Australiërs sou seker nie vir Duitsland, wat reeds die tweede plek in die ry van nasies beklee het en sulke onmiskenbare tekens van onversadigbare ambisie getoon het, as hul nabuur verwelkom het nie.[151)]

Nog voor 'n oorlogstoestand in Suid-Afrika ontstaan het, het dit duidelik geword dat daar vir Duitsland geen heil in die Angola-verdrae te vinde was nie. Die vraag wat nog beantwoord moet word, is waarom hierdie teleurstelling hom nie genoop het om terug te keer tot die sterk anti-Britse houding van 1896 nie. Samewerking met die Britte het geen vrugte afgewerp nie, maar samewerking met die Boere ewemin. Daarom moes 'n nuwe diplomasie beproef word: As twee honde om een been baklei, kan 'n derde tog immers poog om daarmee weg te kom. Brittanje se imperialisme, soos dié van die ander moondhede, het hom dikwels gedwing om aan 'n been te ruk en pluk waaraan 'n ander hond ook met al sy mag en krag geklou het. Kon Brittanje se verleentheid nie nog Duitsland se geleentheid word nie? Duitsland het by die wending van die eeu dikwels probeer om Brittanje se moeilikhede tot sy voordeel uit te buit. Ons sien die Wilhelmstrasse nou in die tipies imperialistiese rol van kwaadstoker, aanhitser en afperser - kenmerkend van die beleid van die wêreldheersers van alle eeue. Sy eerste kans het gekom met die Fasjoda-krisis in Noord-Afrika in die laaste maande van 1898,[152)] juis op 'n tydstip toe MacDonell vir Tattenbach in Lissabon baie goed laat verstaan het dat Brittanje geen Duitse poging sou steun om die ondergang van Portugal op kunsmatige wyse te verhaas nie.[153)] Die Franse het hul morele neerlaag diep gevoel en die hele Europa het gevrees dat die

---

151) Hierdie sienswyse word onderskrywe deur Halevy. (Vgl. die belangrike voetnoot op p. 56 in Imperialism and the Rise of Labour).

152) Vgl. voetnoot nr. 6 in Hoofstuk XIII.

153) B.D. nr. 112, MacDonell aan Salisbury, in 'n brief d.d. 22-7-1899, waarin hy 'n relaas gee van 'n onderhoud met Tattenbach in Oktober 1898.

spanning tussen Parys en Londen tot oorlog kon lei. So 'n verwikkeling sou uitstekend in die kraam van Berlyn pas. Hy sou afsydig van die stryd bly maar die oorlogvoerendes dwing om hom vir sy welwillendheid te vergoed. Interessante lig op die houding van die Duitse Keiser word gewerp deur verslae wat die Britse gesante in Wenen en Berlyn na Londen gestuur het.154) Uit die Oostenrykse hoofstad berig Horace Rumbold in Desember dat graaf Eulenburg, Duitsland se gesant en vertroueling van die Keiser, so pas van langverlof uit Berlyn teruggekeer het. Nog op die dag van sy aankoms besoek hy Rumbold en loop oor van vriendelikheid. Hy vertel van 'n reis wat hy en Wilhelm II saam onderneem het van die Tiroolse grens na München. Die gesprek wat daarop tussen die twee ambassadeurs gevolg het, bring die Keiser se politieke kortsigtigheid en matelose selfvertroue baie sterk na vore. Oorlog tussen Brittanje en Frankryk binne enkele weke of maande was vir hom net so 'n voldonge feit as die bankrotskap van Portugal. Dit is duidelik dat Eulenburg se haastige besoek aan die Britse gesant nie om dowwe neute was nie. Hy het gekom met die bepaalde opdrag om die oorlogsvlam hoog te blaas en die Brit te verseker van die Duitser se meegevoel in sy stryd teen die Fransman. Sy sending verklaar dan ook sy inkruiperigheid. Hy het begin deur sy blydskap uit te spreek oor die verbetering wat ingetree het in die betrekkinge tussen Duitsland en Brittanje. Daarna het hy Rumbold gelukgewens met die opspraakwekkende triomf by Fasjoda. Rumbold het gevlei gevoel en verklaar dat Londen grootskaalse militêre voorbereidings getref het om Parys op sy plek te sit indien hy hom harde koejawel sou hou. Eulenburg was van mening dat die Britte tog hul wapentuig op die Franse sou kon uittoets, aangesien daar nog geen oplossing vir hul geskille in Afrika in sig was nie. Toe Rumbold opmerk dat die wêreld vir Brittanje warm kon word as Rusland sy bondgenoot te hulp snel, het Eulenburg hom gerusgestel met die versekering dat die Frans-Russiese vriendskap nie so eg was as wat vermoed is nie en dat Rusland hom nie ter wille van Egipte in 'n oorlog sou laat sleep nie. Rumbold het in die slagyster getrap wat Eulenburg vir hom gestel het. Hy het geglo dat Brittanje se magsvertoon in Egipte Wilhelm se Engelse bloed in sy are laat bruis het en hom begerig gemaak het om sy anti-Britse beleid tydens en na die Jameson-inval te vergeet. Dit blyk uit die slotopmerking van sy verslag aan Salisbury: „In fact it appears to me not impossible to assume that, under the impression of recent events, his English blood may have asserted itself in the Emperor, and that he may have been sufficiently stirred by our national demonstration and

---

154) B.D. nr. 123, Rumbold aan Salisbury, d.d. 5-12-1898; nr. 124, Lascelles aan Salisbury, d.d. 21-12-1898; nr. 125, Lascelles aan Salisbury, d.d. 21-12-1898.

our imposing armaments, directed against a traditional enemy, to dismiss the recollection of those other preparations which he so imprudently called forth himself."[155)]

Intussen was die Keiser besig om presies dieselfde rol as Eulenburg te speel. Tydens 'n dinee in Potsdam het hy Lascelles meegedeel dat hy oorlog tussen Brittanje en Frankryk in die lente van 1899 verwag. Uit 'n militêre oogpunt beskou, sou daardie tyd van die jaar Brittanje besonder goed pas, want die stryd sou hoofsaaklik tot die see beperk wees. Weens Brittanje se oppergesag op see sou geen enkele moondheid dit waag om Frankryk by te staan nie. Langs die Britse vloot het diè van Duitsland en Rusland immers soos dwergies vertoon. Brittanje sou nooit weer so 'n geskikte geleentheid kry om die Franse skepe van die see te veeg en al Frankryk se kolonies in te palm nie.[156)] Lascelles het erken dat daar in sekere Britse kringe ook vrees bestaan het dat vyandelikhede tussen Brittanje en Frankryk nie langer as die volgende lente uitgestel kon word nie. Persoonlik was hy egter die mening toegedaan dat Frankryk nie so dwaas sou wees om weer kragte met Brittanje te meet nie. Maar Wilhelm wou niks weet nie. Die Latynse nasies het vinnig agteruitgegaan en Brittanje sou die eer hê om ten minste aan een van hulle die genadeslag toe te dien. Downingstraat hoef hom niks te bekommer oor die houding van Duitsland in so 'n oorlog nie. Hy sou streng neutraal bly, en as Rusland sou durf waag om vir Frankryk kant te kies, sou Duitsland sonder aarseling sy lot by Brittanje inwerp, want 'n Europa sonder Brittanje was nie denkbaar nie. 'n Formele verbond tussen Duitsland en Brittanje was egter nie nodig nie. Wilhelm sou binne 'n half-uur gehoor gee aan 'n Britse beroep om hulp, omdat hy oortuig was dat Brittanje ook nooit die ondergang van Duitsland sou duld nie.[157)] Die Keiser se grootste bron van bekommernis was ongetwyfeld dat Brittanje se vrees vir Russiese intervensie hom sou noop om 'n inskikliker houding teenoor Frankryk in te neem, want hy het herhaalde kere teruggekom op die verhouding tussen Parys en St. Petersburg. Hy het Lascelles daarvan verseker dat hy baie moeite gedoen het om graaf Osten Sacken, Rusland se gesant in Berlyn, te bearbei. Osten Sacken het aanvanklik beweer dat dit Rusland nadelig sou tref as Frankryk ernstig verswak word, maar Wilhelm het hom

155) B.D. nr. 123, Rumbold aan Salisbury, d.d. 5-12-1898. Die ander voorbereidings waarna Rumbold hier verwys, is die Britse mobilisasie in 1896 toe oorlog met Duitsland verwag is nà die Jameson-inval en die Keiser se telegram.

156) Onder hierdie politieke profete was Chamberlain. Dit was seker een van die redes waarom hy hom so beywer het vir 'n Anglo-Duitse verdedigingsverbond.

157) B.D. nr. 124, Lascelles aan Salisbury, d.d. 21-12-1898.

gewys op die halfhartige steun wat Rusland van Frankryk in die Verre Ooste ontvang het. Die Keiser het op sy tipies grootpraterige wyse verklaar dat hy daarin geslaag het om Osten Sacken te oortuig dat Rusland se belange geensins geraak sou word as Frankryk en Brittanje hul koloniale geskille in Afrika met die swaard besleg nie. Hy het Lascelles dit ingeskerp dat Rusland hoegenaamd geen voorneme gehad het om hom met die Frans-Britse rusies in te laat nie.[158)]

Nadat die Keiser die Britte goed opgekook het, het hy stelling ingeneem en geduldig gewag dat die eerste kanon moes losbrand om die aanvang van die Anglo-Franse oorlog aan te kondig. Wat was sy teleurstelling groot toe die lentedae van 1899 een vir een verbykruip sonder 'n teken van opgewondenheid of rusverstoring in die kanaal wat die Britse Eilande van die vasteland skei! Die verskil in die gemoedstemming van Wilhelm in die winter van 1898 en in die lente van 1899 herinner 'n mens aan 'n kind wat een oomblik baie in sy skik is met 'n geskenk waarna hy lank uitgesien het en die volgende oomblik bitterlik huil as dit uit sy hande glip en in stukke op die grond val. Elke woord in 'n onderhoud met Lascelles in Mei 1899 spreek van die diepste verbittering: Die Keiser het hom nog altyd beywer om met Brittanje tot 'n verstandhouding te geraak, maar sy stryd was soos dié van Sisyphus wat keer op keer die klip tot byna bo-op die heuwel gebring het en maar net weer sien hoedat dit na benede rol. Hy het beweer dat groot bedrae aan Britse kapitaal bestee word om die Amerikaanse pers teen Duitsland op te hits.[159)] Lascelles het hom vererg en die Keiser op sy tone getrap. Hy behoort te weet dat die Britse <u>regering</u> nie hiervoor verantwoordelik was nie. Die Keiser se antwoord was dat Downingstraat in elk geval geen vinger verroer het om die euwel te bekamp nie. Die kwade gevoelens wat in Duitsland opgewek is, sou nie maklik verdwyn nie. Daar was geen spoor meer oor van die goeie uitwerking wat Rhodes se besoek aan Berlyn gehad het nie.[160)] Wilhelm was egter nie van plan om die Britte in gelyke munt terug te betaal nie. Die verpligtinge wat hy die vorige jaar t.o.v. Afrika aanvaar het, sou stiptelik nagekom word.[161)] Met hierdie verwyte wat hy die Brit teen die hoof geslinger het, het die Keiser, wie se diplomasie tot dusver so jammerlik ge-

---

158) B.D. nr. 125, Lascelles aan Salisbury, d.d. 21-12-1898.

159) Tydens die Spaans-Amerikaanse Oorlog het 'n voorval plaasgevind wat onaangenaamheid veroorsaak het tussen Berlyn en New York. 'n Amerikaanse oorlogsboot het 'n Duitse kruiser by Manila in die Filippynse Eilande voorgekeer en ondersoek ingestel na sy identiteit. (B.D. nr. 126 en sy Bylae). Hierdie gebeurtenis was skadelik vir Chamberlain se pan-Germaanse beweging.

160) Oor Rhodes se besoek aan Berlyn vgl. Scholtz: Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, p. 34-35.

161) B.D. nr. 141, Lascelles aan Salisbury, d.d. 26-5-1899.

faal het, nuwe planne in die skild gevoor. Hy het sy oog van Fasjoda afgewend en op Pretoria gevestig. Die krisis in Noord-Afrika het oorgewaai sonder om hom 'n stuiwer in die sak te bring; **nou** sou hy probeer munt slaan uit die onweerswolke wat op die horison van Suid-Afrika saamgepak het. Daarom herinner hy Lascelles so terloops aan die Angola-verdrae. Maar hy het die saak nou uit 'n ander hoek benader. Die Portugese kolonies het al verder uit sy gesigsveld gewyk en 'n groep eilande in die Stille Oseaan, bekend as Samoa, het die plek daarvan ingeneem.[162)]

Britse, Duitse en Amerikaanse nedersetters het in Samoa 'n heenkome gevind. Nadat die inboorlinge in 1887 in 'n bloedige broederstryd betrokke geraak het, het die moederlande van genoemde koloniste gesamentlik beheer oor die eilande uitgeoefen deur middel van drie konsulaatskappe wat hulle daar ingestel het. Die stelsel was 'n mislukking, nie slegs as gevolg van wrywing tussen die verskillende Europese nasionaliteite nie maar ook weens die gebrek aan samewerking tussen Londen, Berlyn en Washington. 'n Ernstige toestand het in Augustus 1898 ontstaan toe koning Malietoa Laupepa oorlede is. Daar was twee aanspraakmakers op die troon: Malietoa Tanu, wat deur die Britte en Amerikaners ondersteun is, en Mataafa, wat op Duitse hulp staatgemaak het. In die burgeroorlog wat gevolg het, het Britse en Amerikaanse skepe Apia, die hoofstad, gebombardeer en die Duitse konsulaatskap beskadig. Gevoelens in Berlyn het hoog geloop en die Keiser het geëis dat die Britte en Amerikaners uit die eilande moes trap. In April 1899 is 'n gesamentlike kommissie deur die drie moondhede na Samoa gestuur om die moeilikhede te ondersoek.[163)] Die kommissie het aanbeveel dat die monargie afgeskaf word en die eilande óf verdeel óf onder die gesag van slegs <u>een</u> moondheid geplaas word.[164)] Hierdie aanbevelings het so reg in die kraam van Wilhelm gepas, wat skielik ontdek het dat Duitsland baie meer gevestigde belange in Samoa gehad het as die ander twee moondhede.[165)]

Sedert dit in die najaar van 1898 duidelik begin word het dat 'n politieke omwenteling in Samoa onafwendbaar was en 'n nuwe bedeling vir die eilande voor die deur gestaan het, het Wilhelm en sy ondergeskiktes Downingstraat tydig en ontydig daaraan herinner watter grootmoedige daad dit van Duitsland was om die Transvaal aan hom uit te lewer.[166)] Hoe vinniger die krisis in Suid-Afrika sy hoogtepunt

---

162) Ibid.

163) B.D., voetnoot by nr. 128; B.D. p. 322, Mem. Tilley.

164) B.D. p. 322, Mem. Tilley; B.D. nr. 146; Salisbury aan Lascelles, d.d. 15-9-1899.

165) B.D. nr. 135, Lascelles aan Salisbury, d.d. 31-3-1899.

166) B.D. nr. 127, verslag van Lascelles oor 'n onderhoud met Von Bülow d.d. 23-12-1898; Ibid., nr. 150, verslag van Lascelles oor 'n onderhoud met von Bülow, d.d. 10-10-1899; G.P., XIV, Tweede Band, Hoofstuk 96. (Vergelyk ook Scholtz: Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, p. 34-39).

bereik het, hoe doeltreffender het Duitsland die Transvaalse vraagstuk as 'n lat gebruik om Brittanje mee deur te loop. Die Leeu kon darem nie verwag om met 'n vet bok weg te stap en die Adelaar watertand agter te laat nie! Reeds in Desember 1898 het Von Bülow die groot opoffering, wat Duitsland ter wille van Brittanje in Suid-Afrika gemaak het, op Lascelles se brood gesmeer. Deur van Delagoabaai af te sien, het Duitsland 'n breuk tussen die twee moondhede verhoed wat dertig of veertig jaar sou geneem het om te heel.[167] Dit was egter eers toe Fasjoda, as 'n middel om Brittanje se lewenskrag te verteer onder die voete van die Duitsers wegkrummel, dat hulle begin rondtrippel van haas om die Britte en die Amerikaners in Samoa die bloupas te gee. Nadat baron Von Richthoven, Duitsland se Onderminister van Buitelandse Sake, teen die einde van Maart 1899 die toestand op Samoa met die Britse gesant bespreek het, was lg. so onthuts dat hy aan Salisbury getelegrafeer het "that the extreme importance which the Emperor and the German public attach to the Samoan question did not appear to be fully realised in England."[168]

Aanvanklik was Salisbury nogal parmantig. In April 1899 maak hy beswaar teen die aanmatigende houding en „extravagant language" van die Duitsers t.o.v. die krisis in Samoa.[169] Von Bülow het nie direk op die beskuldiging geantwoord nie maar ewe ongeërg verklaar dat, hoewel hy nie met dreigemente voor die dag wou kom nie, hy tog daarop moes wys dat daar baie mense in Duitsland was, veral onder die voorstanders van koloniale uitbreiding, wat sy beleid van samewerking met Brittanje veroordeel het.[170] Hierdie waarskuwing het die gewenste uitwerking gehad. Oorlog in Suid-Afrika was reeds voor die deur en Brittanje kon nie nou bekostig om by die Duitsers in onmin te raak nie. Von Hatzfeldt het sy rol in Londen uitstekend gespeel. Hy het nooit opgehou om die Samoa-dispuut van voor tot agter in die ore van Salisbury af te haspel nie, en in September het die Britse leier besluit dat die saak tot 'n eindpunt gedrywe moes word.[171] Op hierdie tydstip het hy nog daaraan gedink om die eilande te verdeel. Wat die V.S.A. betref, was die saak nie te moeilik nie, aangesien hierdie moondheid se oorheersende invloed in Pango Pango 'n voldonge feit was en ook deur die Duitsers erken is.[172] Die vraag was egter hoe

---

167) B.D. nr. 127, Lascelles aan Salisbury, d.d. 23-12-1898.

168) B.D. nr. 135, Lascelles aan Salisbury, d.d. 31-3-1899.

169) B.D. Bylae in nr. 137, Salisbury aan Lascelles, d.d. 4-4-1899.

170) B.D. nr. 137, d.d. 6-4-1899.

171) B.D. nr. 146, Salisbury aan Lascelles, d.d. 15-9-1899.

172) B.D. nr. 146, Salisbury aan Lascelles, d.d. 15-9-1899.

om die twee oorblywende eilande, Upolu en Savaii, tussen Brittanje en Duitsland te verdeel. Nie alleen was Upolu baie meer werd as Savaii nie, maar ook het die Australiërs daarop aangedring dat die Union Jack op albei gehys moes word, terwyl die Duitsers weer albei vir hulself toegeëien het.[173)]

Die probleem om die eilande te verdeel, het die soeklig laat val op twee kenmerke van die neëntiende-eeuse imperialisme: die oppervlakkigheid of beperktheid van die Brits-Duitse vriendskap, ten spyte van die pan-Germaanse beweging in sekere kringe, veral die geldmag; en die sterk materialistiese inslag van die internasionale politiek. Salisbury het daaraan gedink om Upolu te neem en die deel van Duitsland, wat dan Savaii sou insluit, aan te vul met Britse grondgebied in 'n ander hoekie van die aardbol. Maar hier het die knoop gelê: nêrens kon hy aan 'n Engelse gemeenskap dink wat die Duitsers in hul omgewing sou verwelkom nie.[174)] Dit lyk dus nie of Chamberlain se rassefilosofie na alles veel ingang in die Britse Ryk gevind het nie. Omdat verdeling onprakties geblyk het, kom Salisbury nou met die skokkende voorstel dat die lot gewerp moet word oor die besitsreg van Upolu.[175)] Dit toon die uiterstes waartoe die imperialisme 'n mens kan voer. Vir Salisbury het die eiland met sy bewoners geen dieper betekenis gehad as 'n artikel wat op 'n verkoping uitgeloot word nie! As 'n mens aan hierdie gesindheid van die toenmalige maghebbers dink, besef jy hoe min kans die nasionalisme van die Boere gehad het om die magtige teenstrominge te oorleef. Von Hatzfeldt het die voorstel verwerp, "as...it would not satisfy the national feeling of the Germans,"[176)] en hy het gemeen dat 'n arbiter gevind moes word om Upolu aan die een of die ander toe te ken. Op sy beurt was hierdie voorstel vir Salisbury nie aanneemlik nie. Die uiteinde van die saak was dat, toe die Boere op hul vyand in Suid-Afrika begin losbrand, Brittanje hom genoodsaak gevoel het om voor die druk van die Duitsers te swig. In November 1899 sluit Brittanje en Duitsland 'n ooreenkoms, wat spoedig gevolg word deur 'n drieledige konvensie waaraan die V.S.A. ook deelneem. Duitsland kry sowel Upolu as Savaii,[177)] maar trek alle eise t.o.v. Tonga en Savage Island terug, terwyl hy ook sekere van die Duitse Solomoneilande aan Brittanje afstaan.[178)] Die Duitsers het

---

173) Ibid.

174) B.D. nr. 146, Salisbury aan Lascelles, d.d. 15-9-1899.

175) Ibid.

176) Salisbury aan Lascelles op 15 September 1899. (B.D. nr. 146).

177) Ook in die Stille Oseaan. (Vgl. Lee: King Edward VII, I, p. 746).

178) B.D. p. 322, Mem. Tilley.

gejuig oor wat hulle beskou het as 'n triomf vir hul internasionale prestige. Na aanleiding van die opgewondenheid wat in Duitsland geheers het, skrywe burggraaf Gough, sekretaris van die Britse ambassade in Berlyn, aan Salisbury „that the entire press of this country (Germany), without any distinction as to the various political tendencies of the different organs, has hailed the settlement of the Samoan question by a Convention leaving Upolu and Savaii to Germany with unbounded satisfaction, and all the newspapers are loud in their praise of the diplomatic skill with which M. de Bülow has stuck to his point, in the face of all obstacles, and carried the day by securing to Germany the two islands in question. The universal expression of satisfaction called forth by the fact that the German flag will in future wave over islands which are dear to the German people, both as the cradle of their colonial enterprise and as the death-bed of so many of their fellow-countrymen by land and sea, proves how deep is the sentimental feeling that the German public has for the Samoan Islands, and explains the intensely hostile attitude adopted towards Great Britain on this question."[179] Gough gee hier 'n effens skewe beeld van die toedrag van sake. Dit sou later blyk dat die breë lae van die Duitse volk maar betreklik onverskillig gestaan het teenoor die hele aangeleentheid. Nogtans het Brittanje deur sy beleid van toegewing bereik waarna hy gestrewe het: die Duitse regering het sy belofte om sy rug op die Suid-Afrikaanse Republiek te keer nadruklik herbevestig. In Februarie 1900 kon Lascelles sy owerheid met groot genoegdoening meedeel dat Von Richthoven, wat in daardie jaar Minister van Buitelandse Sake geword het, hom na aanleiding van die skikking in Samoa verseker het dat Londen nie in die minste ongerus hoef te voel oor die houding van Berlyn met betrekking tot die oorlog in Suid-Afrika nie. Duitsland sou op 'n afstand bly, en as enige moondheid hom sou nader met die oog op gesamentlike intervensie, sou hy hom met die kous op die kop huis toe stuur.[180] Wilhelm self het reeds in November 1899 die seel op die Duits-Britse vriendskap geplaas met 'n besoek aan Brittanje.[181]

Die Duitsers het, veral gedurende die jare van spanning ná die Jameson-inval, meer bygedra tot die ondergang van die Suid-Afrikaanse Republiek as die Portugese,

---

179) B.D. nr. 155, Gough aan Salisbury, d.d. 11-11-1899.

180) B.D. nr. 156, Lascelles aan Salisbury, d.d. 16-2-1900.

181) Op 19 November 1899, kort na die sluiting van die Samoa-ooreenkoms, het die Keiser, vergesel van sy vrou en twee van sy seuns, in Portsmouth aangekom op weg na Windsor. (Vgl. Lee: King Edward VII, I, p. 747).

Hollanders of Franse. Eers het hulle deur hul besonder aktiewe belangstelling in sy lotgevalle die dreigende vlamme van die Britse Imperialisme sterk aangewakker, daarna het hulle hom weerloos aan dieselfde mag uitgelewer soos 'n onbeskermde huisie wat in die pad van 'n vernietigende veldbrand te lande kom.

## HOOFSTUK XV.

### Vry ... en tog nie vry nie.

Hoewel ons oorlog op morele gronde nie kan goedkeur nie, moet ons tog erken dat vryheid wat uitsluitlik deur die swaard en dus onvoorwaardelik verwerf word, van 'n veel hoër kwaliteit is as vryheid wat kontraktueel verkry is. Die mens is nie in staat om 'n dokument op te stel waarvan die letter hoegenaamd geen dubbelsinnigheid bevat of die gees absoluut bepaalbaar is nie. As gevolg van die bitterheid wat opgewek is deur die stryd tussen die Britse Imperialiste en die Boerenasionaliste, het die Londen-Konvensie 'n instrument geword in die hand van eersgenoemde waarmee in sommige opsigte aan Suid-Afrika onberekenbare skade berokken is. Dit was o.m. die geval met die bepaling wat aan die Republiek volle beheer oor sy immigrasiebeleid ontsê het.[1)]

Die konstitusionele ontwikkeling van die Britse kolonies met 'n aansienlike Europese bevolkingsyfer in die rigting van volle selfbestuur gedurende die laaste helfte van die neëntiende eeu, het aanleiding gegee tot 'n ernstige meningsverskil tussen Downingstraat en sekere koloniale owerhede in verband met 'n probleem wat bekend geword het as die „Asiatic invasion."[2)] Dit het duidelik geblyk op 'n konferensie van koloniale premiers wat in Junie en Julie van 1897 in Londen onder voorsitterskap van Chamberlain plaasgevind het. Van al die vraagstukke wat by hierdie geleentheid uitgepluis is, het hierdie een „the point of widest difference" tussen Chamberlain en die verteenwoordigers van die oorsese ryk opgelewer.[3)] Verskeie Britse kolonies, w.o. Natal, die Kaapkolonie, Nieu-Suid-Wallis en Suid-Australië het reeds wetgewing aangeneem, voorberei of beoog om die immigrasie van Indiërs te beperk.[4)] Chamberlain was ontevrede met die voorgenome stappe van al die kolonies behalwe met dié van Natal wat hy as bevredigend bestempel het.[5)] Hy het erken dat daar rede vir die blankes was om onrustig te voel in die nabyheid

---

1) Artikel XIV.

2) Vgl. Handy Notes on South Africa for the use of Speakers and others, derde uitgawe, p. 45: The Coolie and the Colonies. (Uitgegee deur die Imperial South African Association, 1899).

3) Ibid.

4) Ibid; C. 8596, p. 3, Proceedings of a Conference between the Secretary of State for the Colonies, and the Premiers of the Self-Governing Colonies, at the Colonial Office, London, June and July, 1897.

5) C. 8596, p. 3. Natal het in 1897 'n „Immigration Restriction Act" aangeneem wat die immigrasie van Indiërs beperk hêt deur 'n onderwystoets in een van die Europese tale te vereis. Die maatreël was nie doeltreffend nie. (Vgl. J. H. Botha: Indiërs in Suid-Afrika, in Geskiedenis van Suid-Afrika, II, Boek IV, p. 529).

van miljoene en honderde miljoene Asiate wie se beskawing, godsdiens en gewoontes vir hulle vreemd was en wat die voortbestaan van die Europese gemeenskappe kon bedreig indien hulle onbelemmerde toegang vind na die geweste wat onder blanke beheer gestaan het. Maar net daarna wys hy tog 'n dreigende vinger: „...but we ask also to bear in mind the traditions of the Empire, which makes no distinction in favour of, or against, race or colour; and to exclude, by reason of their colour, or by reason of their race, all Her Majesty's Indian subjects, or even all Asiatics, would be an act so offensive to those peoples that it would be most painful, I am quite certain, to Her Majesty to have to sanction it... The United Kingdom owns as its brightest and greatest dependency that enormous Empire of India, with 300,000,000 subjects, who are as loyal to the Crown as you are yourselves, and among them there are hundreds and thousands of men who are every whit as civilized as are ourselves, who are, if that is anything, better born in the sense that they have older traditions and older families, who are men of wealth, men of cultivation, men of distinguished valour, men who have brought whole armies and placed them at the service of the Queen, and have in times of great difficulty and trouble, such for instance as on the occasion of the Indian Mutiny, saved the Empire by their loyalty."[6] Chamberlain speel hier die rol van 'n dokter wat 'n voorskrif gee vir 'n kwaal waarvan die pasiënt meer kennis het as hyself. Sy loflied op die deugde van „Her Majesty's Indian subjects" het sy gehoor dan ook blykbaar nie beïndruk nie want die eeu het uitgegaan sonder dat die onrus in die kolonies oor die insypeling van Indiërs enigsins bedaar het.[7]

Die Suid-Afrikaanse Republiek was ten seerste gemoeid met die anti-Indiërbeweging in die Britse kolonies, want nog voor die ontdekking van goud op die Witwatersrand het onrusbarende getalle „Koelies, Arabieren en andere Aziaten"[8] by die grense van die Republiek aangekom en hulle op die Londen-Konvensie beroep as die owerheid teësinnig was om hulle binne te laat.[9] Soos reeds in 'n vorige hoofstuk verduidelik, het die veertiende artikel van die Konvensie die Transvaalse regering die reg ontsê om enige persoon, behalwe 'n inboorling, toegang tot en

---

6) C. 8596, p. 3, (Onderstreping deur skrywer).

7) Vgl. Handy Notes, p. 46; Botha, a.w., p. 529.

8) Byvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R., Woensdag 17 Junij 1885, opskrif van „Wet omtrent Koelies, Arabieren en andere Aziaten." (Volksraadsbesluite, Art. 245, 246 en 255).

9) C.R.O. 532, brief nr. 1, J. A. de Wet, Brittanje se agent in die Transvaal, aan Ripon, d.d. 15-10-1894.

lewensreg in die Republiek te weier.[10] In 1894 vind sir Jacobus de Wet, die Britse agent in Pretoria, dit nodig om by sy owerheid te kla oor die wyse waarop Kruger die Indiërs in die Republiek onderdruk. Hulle word oorbelas, aansoeke om handelslisensies word geweier, die laer stande word in lokasies saamgehok en planne word beraam om die hoër stande uit die sakesentra van die dorpe te verwyder. Die lot van ontwikkelde, wetsgehoorsame en hardwerkende onderdane van die Britse Koningin is niks beter as die van barbaarse kaffers nie. Kruger se gewetelose optrede druis in teen die letter en gees van die Londen-Konvensie.[11] Die gebrek aan insig wat die Britse agent hier openbaar in die probleme waarmee die Republiek te kampe gehad het en die wyse waarop hy sy owerheid opsweep teen die Boerebewind, kan hom nie vergewe word nie. In die naburige Britse kolonies het nie 'n beter gesindheid geheers nie.[12] De Wet openbaar hier groter Boerehaat as selfs die uiters imperialistiese „Imperial South African Association" wat die verset van die blanke teen die Indiërindringing in Suid-Afrika regverdig het op grond daarvan dat „with three races already in collision, South Africa cannot afford a fourth."[13]

Die vraag ontstaan waarom die Suid-Afrikaanse Republiek nie gepoog het om die voorbeeld van die Oranje-Vrystaat te volg wat Indiërs en ander Asiate geheel en al buite sy landpale gehou het nie.[14] Die antwoord lê voor die hand: die Britse Imperialiste was baie gesteld daarop om die koningin[15] se Oosterse onderdane geen aanstoot te gee nie en sou beslis hulle volle gewig teen die deur van die Republiek gegooi het om dit oop te beur as Kruger gewaag het om dit vir die onwelkome gaste te sluit. Chamberlain het verklaar dat 'n waardige Britse onderdaan „cannot be willing to put upon those men a slight which...would be calculated to provoke ill-feeling, discontent, irritation, and would be most unpalatable to the feelings not only of Her Majesty the Queen, but of all her people."[16] Aangesien

---

10) Hoofstuk II (Vgl. ook artikel 14 van die Londen-Konvensie).

11) C.R.O. 532, nr. 1, De Wet aan Ripon, d.d. 15-10-1894.

12) In Natal het die gevoelens teen die Indiërs in 1896 en 1897 so hoog geloop dat die blankes een keer selfs probeer het om die landing van 'n paar honderd arbeiders in Durban met geweld te belet. (Vgl. Botha, a.w., p. 529).

13) Vgl. Handy Notes on South Africa for the use of Speakers and others, derde uitgawe, p. 46. (Uitgegee deur die Imperial South African Association, 1899). Die drie rasse waarna hier verwys word, is vermoedelik Boer, Brit en Bantoe.

14) Vgl. Botha, a.w., p. 547, voetnoot nr. 58.

15) Victoria.

16) C. 8596, p. 3, Chamberlain aan die Premiers van die Britse kolonies op die konferensie in Londen in 1897.

'n halwe eier beter is as 'n leë dop, het die Transvaalse owerheid toe maar planne beraam om toestande in die Republiek te skep wat dit minder aantreklik vir voornemende Indiese immigrante sou maak om daarheen te verhuis. Dit verklaar die poging om die Indiërbevolking binne bepaalde „groepsgebiede" te plaas.[17)]

In dieselfde jaar toe die Londen-Konvensie tot stand gekom het, is twee beswaarskrifte, deur blankes onderteken, by die Transvaalse volksraad ingedien, waarin die regering versoek word om die immigrasie van Indiërs streng te beheer en die Oosterlinge wat reeds in die Republiek was, in lokasies te plaas.[18)] Terselfdertyd is 'n contra-memorie, afkomstig van sekere Arabiese handelaars,[19)] ook ontvang. Hierdie mense maak beswaar daarteen om in dieselfde rassegroep met koelies en Chinese geplaas te word en versoek die Raad om hulle nie by die Indiërprobleem van die Republiek te betrek nie.[20)] Die Staatsekretaris het die saak onder die aandag van die Hoë Kommissaris in Kaapstad gebring en gevra „of volgens opinie van Harer Majesteit's Gouvernement het aan deze Regeering onder de thans geldende Conventie vrij staat om ten aanzien van bedoelde gekleurde personen zulke regelingen te maken als Haar voorkomen te zijn in het belang der ingezetenen dezer Republiek - en zoo neen, of Harer Majesteit's Gouvernement door zijn toestemming deze Regeering machtigen wil om geheel of gedeeltelijk tegemoet te komen aan de wenschen der memorialisten van Europeesche afkomst."[21)] Sir Hercules Robinson het 'n betreklik nugtere beskouing oor die saak daarop nagehou. Hy het by die Britse owerheid aanbeveel dat artikel 14 van die Konvensie gewysig moes word om soos volg te lui: „Alle personen geene Afrikaansche inboorlingen of Indische, Chineesche of Koelie emigranten zijnde, die zich schikken naar de wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, zullen volkomen vrijheid hebben met hunne huisgezinnen te komen, te reizen of te wonen in elk deel van de Zuid-Afrikaansche Republiek."[22)] Volgens sy oordeel was die paar „Arabiese handelaars" in Pretoria geen gevaar vir

---

17) Dit was geen nuwe beleid in Suid-Afrika nie. Op die oosgrens van die Kaapkolonie en in Natal het die Britse owerheid ook die metode gevolg om naturellestamme in afgebakende reserwes te vestig.

18) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1895, p. 521, Art. 1063.

19) Hulle was hoofsaaklik Mohammedaanse handelaars afkomstig uit Bombaai en het oorspronklik na Natal gekom om in die lewensbehoeftes van hul landgenote te voorsien. In Suid-Afrika is hulle verkeerdelik bestempel as „Arabiese handelaars." (Vgl. Botha, a.w., p. 527).

20) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1895, p. 521-522, Artikel 1063.

21) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1895, Art. 1063.

22) Id., p. 522.

die blanke beskawing nie en kon dus hul regte behou.[23] Lord Derby, die toenmalige Minister van Kolonies in Gladstone se Liberale kabinet, was ongeneë om die Konvensie te wysig. Om die Republiek tegemoet te kom, sou hy liewer onderneem om billike wetgewing in die gewenste rigting nie te beveg nie.[24] Gevolglik is in 1885 'n wet aangeneem wat betrekking het op „Koelies, Arabieren, Maleijers en Mohammedaansche onderdanen van het Turksche Rijk."[25] Dit het o.m. neergelê:

(1) Asiate mag nie burgerreg in die Republiek verkry nie;

(2) hulle mag daar geen vaste eiendom besit nie;

(3) hulle moet onmiddellik na aankoms in die Republiek geregistreer word;

(4) die regering sal die reg hê om bepaalde strate, wyke of lokasies as hul woonplek aan te wys.[26]

Op aandrang van die Britse regering het die Volksraad in die volgende jaar etlike wysigings in die wet aangebring. Ons noem slegs die volgende:

(1) hulle mag in hul woonbuurt vaste eiendom besit;

(2) die regering mag hulle vir gesondheidsdoeleindes verplig om in bepaalde strate, wyke of lokasies te woon.[27]

Robinson se pleidooi om besondere begunstiging van die „Arabiese handelaars" het dus misluk. Aan die ander kant het Kruger ook openlik sy teleurstelling uitgespreek met die kompromis wat op die Republiek afgedwing is. Dit het nie aan die begeerte van die volk voldoen nie en was ook nie na sy sin nie, „maar we moesten ons redden zoo goed we konden."[28]

Die interpretasie van hierdie wet sou tot met die ondergang van die Republiek 'n twisappel tussen Londen en Pretoria bly. Die vraag het spoedig ontstaan of die Indiërs buite hul lokasies winkels kon besit of nie. Die landdroste het geweier om aan Indiërs lisensies toe te ken vir sakeondernemings in blanke woonbuurtes. In Augustus 1888 het Ismael Suliman en Kie. („Arabiese" koopliede) 'n lasbrief van die hooggeregshof aangevra om die landdros van Middelburg te verplig om aan die

---

23) Ibid. Robinson stel dit nie duidelik of hy die verdere binnekoms van „Arabiere" wil verhinder nie.

24) Ibid.

25) Bywoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R., Woensdag 17 Junij 1885, eerste Artikel van die „Wet omtrent Koelies, Arabieren en andere Aziaten."

26) Bijvoegsel tot de Staatscourant der Z.A.R., Woensdag 17 Junij 1885, „Wet omtrent Koelies, Arabieren en andere Aziaten." (Goedgekeurd en vasgesteld bij besluit van den E. Acht. Volksraad art. 255, d.d. 1 Junij 1885); Ook: Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1889, Art. 282 op p. 2, waar Leyds die wet verduidelik.

27) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1895, p. 525, Art. 1063. (Onderstreping deur skrywer).

28) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1889, p. 2-3, Art. 282.

firma 'n lisensie toe te ken vir 'n winkel in die dorp. Die hof het geweier en die optrede van die landdros bekragtig.[29] Downingstraat, wat beweer het dat die oorspronklike doel van die lokasiestelsel slegs was om woonbuurtes vir die Indiërs te skep en nie afgehokte handelsentra nie, het nou sy stem ten behoewe van die „British Indians" verhef. Die Republikeinse owerheid het geweier om die Britse standpunt te onderskryf, en in 1895 is die dispuut aan die arbitrasie van regter Melius de Villiers van die Oranje-Vrystaat onderwerp. Die regter het beslis dat nóg die Britse nóg die Republikeinse regering die wet wat op Asiate betrekking gehad het kon interpreteer en dat dit uitsluitlik 'n saak vir die hooggeregshof was.[30] Die Indiërs het hierna 'n toetssaak gemaak deur middel van ene Khan, wat 'n lisensie geëis het om 'n winkel in Kerkstraat, Pretoria, te open. Toe hulle weer die onderspit delf, het hulle 'n groot bohaai opgeskop en in 1898 'n beroep op Chamberlain gedoen om hulle van ondergang te red.[31]

Teen hierdie tyd was Milner, Chamberlain se geesgenoot en handlanger, al lank genoeg in Suid-Afrika om 'n gesonde oordeel te vel oor die vraagstukke waarmee die blankes hier geworstel het. Sy haat vir die Boere het hom egter sô verblind dat hy aan politieke bysiendheid gely het. In die agitasie teen die Indiërs het hy 'n bedekte motief van die Boere en hul stamverwante in die Britse kolonies gesien om die vrees wat Engelse handelaars vir Indiërkonkurrensie gekoester het, aan te wend vir die skepping van 'n verenigde front in Suid-Afrika om die Britse Imperialisme te bestry. Teen die einde van Februarie 1899 skrywe hy aan Chamberlain: „The position is a serious one. The anti-Asiatic movement is, undoubtedly, due in the first instance to jealousy on the part of white traders. The latter are almost all British. But is is heartily taken up by the majority of the Dutch population - sometimes against their own material interest - because they habitually take sides against coloured people. Finally, it is carefully nursed by Separatist politicians[32] for their own purposes. They, naturally, foster any movement which might lead to

---

29) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1895, p. 524, Art. 1063.

30) Ibid, Art. 1063, p. 521-529; Vgl. ook Botha, a.w., p. 553-554. Kruger het hierdie uitspraak beskou as 'n oorwinning vir die Republiek. (Vgl. Notule van die Eerste Volksraad, 1895, Art. 12, punt nr. 6 van die President se openingsrede op 6 Mei 1895).

31) B.A. Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, brief nr. 362, Sir Mancherjee Bhownaggree aan die Koloniale Kantoor, d.d. 3-9-1898; C.R.O. 571, nr. 327, Milner aan Chamberlain, d.d. 16-5-1899; ook sy Bylae. (Vgl. verder Botha, a.w., p. 554).

32) Hy bedoel diegene, veral in die Kaapkolonie, wat wou afskei van die Britse Ryk. Hy het die Afrikanerbond, wat die politieke mag in 1898 in hande gekry het, nie vertrou nie.

legislation particularly distasteful to the mother-country, in the hope that differences arising out of it between the Colonial Governments and those of the Republics and the Imperial Government would unite white South Africa, British as well as Dutch, against the latter."[33] So ver dit die Transvaal betref, was daar, volgens sy insig, 'n verdere belangrike rede „why the Separatists should be particularly anxious to push the Asiatic question to the front."[34] Hy verwys na 'n gebeurtenis in die voorjaar van 1897 toe Londen, deur middel van die mobilisasie van leër- en vlootafdelings, Pretoria gedwing het tot die herroeping van wat hy bestempel as arbitrêre wetgewing met die doel om vreemdelinge uit die Republiek te hou in weerwil van artikel 14 van die Konvensie en Kruger sodoende 'n welverdiende morele neerlaag toegedien het.[35] „That defeat," so meen hy, „would be retrieved if Her Majesty's Government could be forced <u>by a general anti-Asiatic movement throughout South Africa</u>, not only to acquiesce in Transvaal legislation similar to that to which it successfully objected two years ago, but to see drastic measures of exclusion adopted in its own Colonies."[36] Die Republiek wou sy prestige wat hy twee jaar vantevore verloor het, herwin deur wraak te neem op die Indiërs, en vir hierdie doel moes ook die hulp van die Britse kolonies ingeroep word. Kruger het dus in Milner 'n heftige teenstander gevind van sy beleid om die Indiërimmigrasie aan bande te lê. Milner se strewe het onverbiddelik afgestuur op die onderwerping van die Republiek aan die Union Jack, en alle moontlike middels moes aangegryp word om sy doel te bereik. Weens gebrek aan 'n toekomsvisie het hy blykbaar nie besef dat hy met 'n tweesnydende swaard na die hart van die Republiek gemik het nie! Die Indiërs was lojale Britse onderdane en sou fluks meehelp om die graf van die Republiek te grawe.

Dat Milner as kampvegter van die Indiërsaak die wind sterk van voor gekry het, is begryplik. Verskeie faktore het Kruger se saak begunstig. Die opvolger van De Wet in Pretoria, Conyngham Greene, hoewel 'n geswore vyand van die Boerenasionalisme, het besef dat Milner met vuur speel en hy het gepoog om lg. tot 'n ge-

---

33) C.R.O. 572, nr. 22, Milner aan Chamberlain, d.d. 22-2-1899.

34) Ibid.

35) Milner bedoel wet nr. 30 van 1896, wat die toelating van vreemdelinge tot die Republiek gereël het. (Vir 'n volledige bespreking van die stryd tussen Brittanje en die Republiek oor hierdie en ander wetgewing, vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 80-95).

36) C.R.O. 572, nr. 22 op p. 16, Milner aan Chamberlain, d.d. 22-2-1899. (Onderstreping deur skrywer). Op 21 April 1899 deel die Koloniale Kantoor die firma A. Durant & Kie. mee dat Brittanje en die Republiek nog steeds met mekaar redekawel oor die interpretasie van die wet op Asiate van 1885. (C.R.O. 571, nr. 199).

matigde beleid te oorreed. Nadat hy in April 1899 die Indiërvraagstuk met J. C. Smuts, die Staatsprokureur van die Republiek, bespreek het, het hy Milner meegedeel dat die Transvaalse owerheid hoegenaamd nie van plan was om onbillik op te tree teenoor Indiërs wat reeds gevestigde belange in die Republiek gehad het nie maar slegs beoog het om wal te gooi teen verdere Asiatiese indringing.[37] Wat Milner veral in 'n hoekie gejaag het, was die uitbreek van 'n builepesepidemie in die Ooste.[38] Verdagte gevalle het ook reeds in Suid-Afrika voorgekom en konsternasie onder die blankes veroorsaak. Die anti-Indiërbeweging het 'n sterk stimulus gekry en selfs by Umtali in Rhodesië het rassebotsings voorgekom.[39] Op 30 Januarie 1899 is 'n konferensie in Pretoria gehou waarheen die naburige Britse en Portugese kolonies en albei Boererepublieke afgevaardigdes gestuur het.[40] Met die oog op die gevaar dat immigrante buielepes na die Suid-Afrikaanse hawestede kon oordra, vanwaar dit na die binneland sou versprei, het die konferensie besluit om by alle Suid-Afrikaanse owerhede aan te beveel om immigrasie uit die lande waar die plaag geheers het, te verbied of te beperk, en verder om die beweging van persone wat moontlik kon bydra tot die verspreiding van die pes te kontroleer.[41] Dit is vanselfsprekend dat hierdie besluit so reg in die kraam van Kruger gepas het, want hy het nog steeds gespook en gespartel om die onwillige Indiërs na gereserveerde lokaliteite verwyder te kry.[42] Twee weke na die konferensie het hy per proklamasie tydelike maatreëls getref om Indiërs geheel en al te verhinder om die Republiek binne te kom behalwe met skriftelike toestemming van die Staatsekretaris, en om ook dié wat in die land woonagtig was te belet om vryelik rond te beweeg.[43] Milner het hierdie optrede beskou as 'n verkragting van die Konvensie. Aangesien hy egter bevrees was dat hy hom die toorn van die hele Suid-Afrika op die hals sou haal as hy openlik protesteer, het hy Greene versoek om die Transvaal-

---

37) C.R.O. 571, eerste Bylae in nr. 327, Greene aan Milner, d.d. 28-4-1899.

38) C.R.O. 571, die vyfde Bylae in nr. 137, Edmund Fraser, waarn. Britse agent, aan Milner, d.d. 18-2-1899.

39) C.R.O. 572, nr. 22, Milner aan Chamberlain, d.d. 22-2-1899.

40) Ibid.

41) C.R.O. 572, Bylae in nr. 22, Extract from Report of Bubonic Plague Conference held in Pretoria on January 30, 1899.

42) Uitvoerende Raadsbesluit, Art. 954, d.d. 19-11-1897; Uitvoerende Raadsbesluit, Art. 65, d.d. 19-1-1898; Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1899, Art. II op p. 147, punt nr. 18 van die President se openingstoespraak, d.d. 1-5-1899.

43) C.R.O. 571, die vyfde Bylae in nr. 137, wnd. Britse agent aan Milner, d.d. 18-2-1899.

se regering in nie-amptelike hoedanigheid oor die vingers te tik.[44] In Maart het Kruger sy proklamasie herroep.[45]

Dit was nog nie die einde van die stryd tussen Brittanje en die Republiek oor die Indiërvraagstuk nie. Baie blankes, veral in Johannesburg en Pretoria, was ongeduldig oor die langsame vordering met die verskuiwing van die Indiërs, en diè aangeleentheid het soms aanleiding gegee tot warm debatte in die Volksraad.[46] Na die uitspraak van die hof in die toetssaak, waarna ons verwys het, het Kruger die Indiërs aangesê om sowel hul wonings as handelsake binne 'n tydperk wat wissel van ses weke tot agt maande, na gelang van individuele omstandighede, na die lokasies te verskuif.[47] Teen die einde van April 1899 het hy hulle gewaarsku dat diegene wat op 1 Julie nog nie die opdrag uitgevoer het nie, vervolg sou word.[48] Dit wil amper voorkom asof Milner nou ewe skielik 'n bondgenoot van Kruger geword het, want op 4 April het hy aan Chamberlain ter oorweging voorgelê of Brittanje nie liewer aan die Indiërs moes sê dat hy vir hulle gedoen het wat hy kon nie en dat hulle nou maar verder moes opdok.[49] 'n Paar weke later wei hy verder uit oor die saak en raai Chamberlain aan om één van twee weë te volg: Hy moes óf die uitspraak van die hof ignoreer en die Republiek in kennis stel „that the general order for the removal to locations is so contrary to the spirit of the amended law of 1885... that we cannot allow it to be carried into effect," óf die Indiërs moes meegedeel word dat as hulle weier om sak en pak na die lokasies te verhuis, hulle op eie verantwoordelikheid handel.[50] Hierdie laaste voorstel van Milner moet egter nie vertolk word as 'n nuwe insig in die Indiërprobleem nie. Daar skuil diep motiewe agter. Milner het hom vinnig voorberei vir 'n militêre stryd teen die Boere. Daarvoor was hy aangewys op die steun nie slegs van die Kaapkolonie en Natal nie maar ook van die Australiese kolonies en Nieu-Seeland. Soos Chamberlain, was hy terdeë bewus van die gesindheid in hierdie wêrelddele teenoor die Asiate. Om hul volle samewerking te verkry, sou hy 'n versigtiger houding moes inneem t.o.v. die

---

44) C.R.O. 572, nr. 22, Milner aan Chamberlain, d.d. 22-2-1899. (Veral die negende punt van sy verslag).

45) C.R.O. 572, nr. 30, Milner aan Chamberlain, d.d. 30-3-1899.

46) Vergelyk bv. die debat in die Volksraad op 28 Mei 1889. (Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1889, Artikels 282-284).

47) C.R.O. 571, nr. 265, Milner aan Chamberlain, d.d. 26-4-1899.

48) C.R.O. 571, nr. 327, Milner aan Chamberlain, d.d. 16-5-1899; ook sy Bylaes, veral die proklamasie van Kruger, d.d. 25-4-1899.

49) C.R.O. 571, nr. 168, Milner aan Chamberlain, d.d. 4-4-1899.

50) C.R.O. 571, nr. 265, Milner aan Chamberlain, d.d. 26-4-1899.

Indiërvraagstuk. Chamberlain, wat pas twee jaar gelede nie woorde kon vind om die deugde van die Indiërs te besing nie, het seker ook die blankes verras toe hy Milner se „frontverandering" goedkeur. Op 21 April het die Indiërs kort en saaklik van die Koloniale Kantoor verneem dat, hoewel Brittanje nog met die Republiek in stryd gewikkel was oor die betekenis van die wet op Asiate, „Her Majesty's Government cannot undertake to prevent the removal of the Indians at the end of June."[51) ] 'n Tweede motief wat veral geld vir die nuwe mantel wat Chamberlain omgehang het, spruit voort uit die ywerige poging van verantwoordelike leiers in Suid-Afrika op hierdie tydstip om oorlog tussen Brittanje en die Boererepublieke te voorkom. Manne soos W. P. Schreiner, die Eerste Minister van die Kaapkolonie, en M. T. Steyn, die President van die Oranje-Vrystaat, het daarna gestrewe om 'n ontmoeting tussen Milner en Kruger te bewerkstellig.[52)] Chamberlain was die gedagte goedgesind, omdat hy moontlik langs daardie weg sy ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika ewe goed as deur oorlog kon bereik.[53)] Hoewel Milner baie minder sinnigheid vir so 'n konferensie gehad het as sy politieke hoof in Londen,[54)] kon 'n inskikliker houding t.o.v. die Indiërvraagstuk tog bydra om die staal waarvan Kruger gemaak was, te buig. Milner en Kruger het van 31 Mei tot 5 Junie in Bloemfontein samesprekings gevoer maar kon nie tot 'n vergelyk kom nie.[55)] Daarna het die oorlogskoors in Suid-Afrika so hoog geklim dat die Republiek die Indiërvraagstuk noodwendig op die agtergrond moes skuiwe. Die gevestigde Indiërs het gebly waar hulle was en nuwes het nog steeds die land binnegekom.[56)] Onder die beskermende vleuels van die Britse Imperialisme het hulle die stryd teen die Boerenasionalisme gewen.

Versiende staatsmanne in die Britse kolonies en Boererepublieke het prysenswaardige pogings aangewend om die stryd teen Indiërimmigrasie na 'n breër terrein uit te brei. As gevolg van die ekonomiese en industriële rewolusie aan die suidpunt van Afrika wat deur die ontdekking van diamante en goud meegebring is, het

---

51) C.R.O. 571, nr. 182, A. Durant en Kie, aan Koloniale Kantoor, d.d. 13-4-1899; nr. 199 op p. 401, Koloniale Kantoor aan A. Durant en Kie., d.d. 21-4-1899. Durant was 'n groot Londense firma wat handel gedrywe het met die Indiërs in Suid-Afrika en dus as hul kampvegter opgetree het.

52) Vgl. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, I, p. 284-297; Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, II, p. 220-227.

53) Ibid.

54) Ibid.

55) Vgl. Breytenbach, a.w., p. 297.

56) Vgl. Botha, a.w., p. 554-555. Eers na die stigting van die Unie is pogings aangewend om Indiërimmigrasie heeltemal stop te sit. (Id., p. 529-530).

baie ongewenste immigrante soos armlastiges en misdadigers hierheen verhuis, wat vir die beskawing geen aanwins kon wees nie. In Julie 1897 het president Steyn aan Milner voorgestel dat die verskillende state en kolonies met mekaar moes beraadslaag oor eenvormige wetgewing met die doel om Suid-Afrika te vrywaar van diegene wat slegs 'n oorlas of gevaar kon wees.[57] Aanvanklik was Milner die gedagte goedgesind, want hy het gemeen dat so 'n konferensie ook die Indiërvraagstuk kon bespreek en moontlik 'n oplossing vind wat vir Chamberlain aanneemlik sou wees.[58] Dit blyk egter dat hy spoedig 'n slang in die gras gesien het. Slegs 'n paar maande vantevore het Brittanje deur intimidasie die Suid-Afrikaanse Republiek gedwing om 'n wet, wat van elke vreemdeling 'n bewys gevorder het dat hy 'n selfstandige bestaan sou kon voer as hy hom in die Republiek vestig, te herroep. Die Republiek het geweier om te erken dat die wet 'n skending van die Londen-Konvensie was.[59] Downingstraat was natuurlik bevrees dat Kruger die wet sou misbruik om immigrasie uit die Britse Ryk na die Republiek aan bande te lê. Milner het onverwags hierdie gebeure in verband gebring met Steyn se voorgenome konferensie en aan die President se eerlike bedoelinge begin twyfel. „I am convinced," skrywe hy aan Chamberlain op 4 Augustus, „that the Orange Free State is acting in concert with the South African Republic in this matter and that their only object is to get the latter out of the embarrassing position in which it is left by the repeal of the Aliens Immigration Act."[60] Steyn wil Kruger help om sy verlore prestige te herwin deur Brittanje uit te oorlê en by die buitewêreld die indruk te skep dat hy na alles tog nie voor die ystere hand gebuig het nie.

Milner was van mening dat die geheime planne wat Steyn in die skild gevoer het, aan die lig sou kom sodra hy bekend maak watter regerings hy van voorneme was om na die konferensie uit te nooi. As hy daarop aandring dat Portugal en Duitsland vanweë hul koloniale belange in Suidelike Afrika ook versoek moes word om die konferensie by te woon, sou dit 'n onmiskenbare strewe verraai om die internasionale status van die Republieke te verhoog deur op gelyke voet met Europese moondhede te konfereer.[61] Die „grootheidswaan" van die Boereleiers het soos 'n spookge-

---

57) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 536, brief nr. 198, Milner aan Chamberlain, d.d. 16-7-1897; die Bylae in nr. 231, Steyn aan Milner, d.d. 8-7-1897.

58) Ibid.

59) Vgl. voetnoot nr. 36.

60) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 536, brief nr. 259, Milner aan Chamberlain, d.d. 4-8-1897.

61) Ibid.

stalte voor hom opgedoem. In Augustus stel hy Chamberlain in kennis dat die Transvaalse owerheid 'n konferensie oor runderpes in Pretoria belê het. Natal, die Kaapkolonie, die Oranje-Vrystaat, Portugal en Duitsland is uitgenooi om afgevaardigdes te stuur. Dan volg 'n ernstige verwyt: „In that invitation the existence of the Imperial Government, and of the vast territories under its protection, [62] is simply ignored."[63] Uit hierdie klag van Milner moet geensins afgelei word dat hy van die Boerestaatjies verwag het om Downingstraat direk uit te nooi na hul beraadslaginge nie. Dit sou 'n belediging wees vir Brittanje se status. So verklaar hy bv. na aanleiding van die beoogde konferensie oor immigrasie: „It seems to me that, in case of a conference, it would hardly be compatible with the dignity of Her Majesty's Government, or with the principle of paramountcy, for Her Majesty's Government to take part in the conference on equal terms with the Colonies and Republics."[64] Dit is duidelik dat Milner besig was om hom in sy eie net vas te spin. In Julie het hy nog aan Chamberlain getelegrafeer: „A conference in my opinion would be a good thing..."[65] In Oktober skrywe hy: „I have always thought the negotiations would probably come to nothing and I still think so."[66] Tog het hy gemeen om 'n uitweg te vind wat hom uit sy verleentheid sou red: die Kaapse regering moes die inisiatief uit die hande van Steyn neem en die konferensie in Kaapstad belê, sodat Downingstraat indirek beheer daaroor kon uitoefen en veral kon sorg dra dat Duitsland hom geensins met die aangeleentheid bemoei nie.[67] Nadat hy met die premier, Gordon Sprigg, indaba gehou het, was hy oortuig dat die Kaapse ministerie tevrede sou wees as die volgende belanghebbendes aan die konferensie deelneem: die twee Britse kuskolonies, die gebiede onder jurisdiksie van die Britse Hoë Kommissaris,[68] die twee Boererepublieke en Portugal.[69] Milner het gehoop

---

62) Hy bedoel Basoetoland, die Betsjoeanalandse Protektoraat en Rhodesië. (B.A.,Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, die tweede Bylae in nr. 84, Sprigg aan Milner, d.d. 9-12-1897).

63) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 536, brief nr. 259, Milner aan Chamberlain, d.d. 4-8-1897. Die konferensie waarna hy hier verwys, het in alle waarskynlikheid nie plaasgevind nie. (Ibid).

64) Ibid. Was dit die rede waarom hy so huiwerig was om die Bloemfontein-Konferensie in 1899 by te woon?

65) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 536, brief nr. 198, Milner aan Chamberlain, d.d. 16-7-1897.

66) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, brief nr. 26, Milner aan Chamberlain, d.d. 27-10-1897.

67) Ibid; ook die Bylae in nr. 26, Sprigg aan Milner, d.d. 20-10-1897.

68) Basoetoland, Betsjoeanaland en Rhodesië.

69) B.A. Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, brief nr. 26, Milner aan Chamberlain, d.d. 27-10-1897; ook sy Bylae.

dat hy as hoof van die gebiede wat direk onder die Britse kroon gestaan het, in die geleentheid gestel sou wees om afgevaardigdes na die Konferensie te stuur wat die besprekinge kon beïnvloed en besluite kon deurdruk wat vir die Britse Imperialisme bevorderlik sou wees.[70] Steyn sou hom egter nie so maklik in 'n lokval laat lei nie. Hy het die standpunt verwerp dat die Britse kroongebiede belang by die saak gehad het en daarenteen daarop aangedring dat Duits-Suidwes-Afrika op die konferensie verteenwoordig moes word.[71] Die Sprigg-ministerie was baie teleurgestel met die houding van Steyn. In 'n memorandum, gerig aan Milner maar bedoel vir deursending na die President, verklaar hulle: „Ministers regard the subject as of so much importance, in view of the increasing influx into South Africa of immigrants of an undesirable description, that they consider it absolutely necessary to endeavour by means of legislation to avert the evil consequences which will assuredly ensue unless an effective check be imposed."[72] Hulle waarsku die president dat as hy nie wil saamwerk nie, die kuskolonies op eie houtjie stappe sal doen om immigrasie na Suid-Afrika doeltreffend te beheer.[73] Hierdie paniekerigheid moet in die eerste plek toegeskrywe word aan die Asiatiese insypeling.[74] Steyn se antwoord was dat hy gewillig was om die bul by die horings te pak, aangesien hy self die bal aan die rol gesit het, maar dan moes die konferensie saamgestel word soos hy aan die hand gedoen het. Dit het die kuskolonies egter vrygestaan om sonder medewerking van die binnelandse state 'n oplossing vir die probleem te soek.[75] Omdat nóg Steyn nóg Sprigg wou kopgee, het die onderhandelinge op 'n dooie punt uitgeloop.[76] Dit was egter nie die einde van die gekibbel nie.

Terwyl Londen en Berlyn goed op weg was om 'n koloniale ooreenkoms te bereik waardeur Duitsland sy hande finaal van die Transvaal sou aftrek, kom die Wilhelm-

---

70) B.A., Imp. White Books, vol. 52, nr. 536, brief nr. 259, Milner aan Chamberlain, d.d. 4-8-1897.

71) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, die tweede Bylae in nr. 84, Sprigg aan Milner, d.d. 9-12-1897; ook die Bylae in nr. 358, Lascelles aan Salisbury, d.d. 1-8-1898.

72) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, die derde Bylae in nr. 168, Sprigg aan Milner, d.d. 11-3-1898.

73) Ibid.

74) O.R.O. 572, nr. 22, Milner aan Chamberlain, d.d. 22-2-1899. (Die twaalfde punt van die memorandum).

75) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, die Bylae in nr. 382, Steyn aan Milner, d.d. 29-3-1898.

76) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, die Bylae in nr. 358, Lascelles aan Salisbury, d.d. 1-8-1898.

strasse te hore dat die Kaapkolonie onwillig was om saam met Duitsland te vergader om 'n dringende Suid-Afrikaanse vraagstuk te bespreek. Baron von Richthofen, die Duitse Onderminister van Buitelandse Sake, wou van Lascelles, die Britse gesant in Berlyn, weet op welke gronde die Kaapse regering kon beweer dat die Duitse protektoraat op die suidweskus nie belang gehad het by die vasstelling van 'n algemene immigrasiebeleid vir Suid-Afrika nie. Hy het hom verplig gevoel om teen so 'n vyandige houding te protesteer.[77] Lascelles het die aangeleentheid onder die aandag van Salisbury gebring, wat dit aan Chamberlain oorgelaat het om die Duitser van 'n antwoord te bedien. Chamberlain se verweer was op 31 Augustus 1898, 'n dag na die ondertekening van die Angola-verdrae, gereed. Dit verklaar die versigtige bewoording. Hy het beweer dat Steyn oorspronklik slegs die Kaapkolonie, Natal, die Suid-Afrikaanse Republiek en Mosambiek gepols het oor die wenslikheid van 'n konferensie. Die gedagte om Duitsland te nader, het eers ontstaan nadat die Kaapse regering daarop aangedring het dat die Britse protektorate ook in die saak geken moes word. Daar het dus 'n politieke motief agter Steyn se optrede geskuil. Hy was nie so danig bekommerd oor die belange van Duitsland nie as wat hy die Britse kroon wou verkleineer. Chamberlain sluit sy betoog af met die versekering dat die Kaapse regering nie bedoel het om onhoflik teenoor Duitsland op te tree nie.[78] Berlyn was blykbaar tevrede met hierdie uitleg en die saak was daarmee afgehandel. Die beperking wat die Londen-Konvensie op die immigrasiebeleid van die Suid-Afrikaanse Republiek gelê het, het dwarsdeur Suid-Afrika, en selfs in die buiteland, weerklank gevind en onuitwisbare spore nagelaat.

Daar was 'n ander bepaling in die Konvensie waarmee Brittanje veral beoog het om sy duim op die keel van die Suid-Afrikaanse Republiek te hou. Soos reeds gemeld, het die vierde artikel aan Brittanje die reg verleen om enige verdrag wat die Republiek met 'n Europese moondheid gesluit het, binne ses maande te veto. Brittanje moes 'n afskrif van elke verdrag ontvang <u>onmiddellik na voltooing daarvan</u>.[79] Hierdie bepaling het begin moeilikheid oplewer in die negentiger jare toe Brittanje onrustig geword het oor die toenemende belangstelling wat ander moondhede met koloniale belange in Afrika in die Republiek geopenbaar het.

---

77) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, die Bylae in nr. 358, Lascelles aan Salisbury, d.d. 1-8-1898.

78) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, brief nr. 361, C.O. aan F.O., d.d. 31-8-1898.

79) L.K., Art. Iv. (Onderstreping deur skrywer). Hierdie saak is ook kortliks uit 'n ander oogpunt bespreek in die vorige hoofstuk waar die rol van Leyds in die lotgevalle van die Republiek ontleed word.

In Oktober 1894 het De Wet, die Britse agent in Pretoria, gewaarsku teen die geknoei van Kruger met Duitsland, Frankryk en Portugal om Suid-Afrika uit die greep van Brittanje los te wikkel.[80] Ongeveer 'n maand later het MacDonell, een van Brittanje se knapste waghonde op 'n voorpos, uit Lissabon aan Downingstraat 'n afskrif gestuur van 'n uitleweringsverdrag[81] wat die Suid-Afrikaanse Republiek reeds op 3 November van die vorige jaar met Portugal gesluit het. Sover Kimberley, indertydse Minister van Buitelandse Sake in Rosebery se Liberale kabinet, kon vasstel, het die Transvaalse owerheid nog nooit die verdrag aan die Britse kroon vir goedkeuring voorgelê nie.[82] Juis op hierdie tydstip het Ripon, sy kollega in die Koloniale Kantoor, diepe kommer uitgespreek oor die klaarblyklike voorneme van Duitsland om hom in te meng met Suid-Afrikaanse aangeleenthede, veral t.o.v. die Transvaal en Delagoabaai.[83] 'n Mens kan dus begryp dat die Britse ministers besonder gesteld daarop sou wees dat die Republiek sy verpligtinge, soos neergelê in die Konvensie, stiptelik sou nakom. Kimberley het Ripon geraadpleeg oor die beste wyse om die Republiek tot verantwoording te roep.[84] Laasgenoemde was die mening toegedaan dat Kruger die uitleweringsverdrag teruggehou het omdat die Cortes van Portugal dit nog nie bekragtig het nie. Volgens hom was die vraag „whether...a treaty can be said to be completed before it has been ratified."[85] By Kimberley was daar geen twyfel oor die saak nie: 'n verdrag is voltooi „prior to the exchange of ratifications."[86] Wat hy eintlik beoog het - en na hom ook Salisbury en Chamberlain - was dat 'n verdrag aan die Britse regering voorgelê moes word voordat die wetgewende liggame van die kontrakterende partye dit goedgekeur het en die aktes van ratifikasie uitgewissel is, d.w.s. onmiddellik na ondertekening deur die gevolmagtigdes. Hy het Ripon aangeraai om Kruger se aandag beleefd te vestig op sy versuim om die uitleweringsverdrag aan die Koloniale Kantoor te stuur,[87] terwyl hy-

---

80) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, die Bylae in brief nr. 88, De Wet aan die Hoë Kommissaris, d.d. 24-10-1894.

81) 'n Verdrag vir die wederkerige uitlewering van misdadigers.

82) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, brief nr. 97, F.O. aan C.O. d.d. 13-12-1894.

83) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, brief nr. 89, Ripon aan Loch, d.d. 29-11-1894.

84) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, brief nr. 97, F.O. aan C.O. d.d. 13-12-1894.

85) Ibid., nr. 105, C.O. aan F.O., d.d. 21-1-1895.

86) Ibid., nr. 115, F.O. aan C.O., d.d. 20-2-1895.

87) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, brief nr. 115, F.O. aan C.O., d.d. 20-2-1895.

self deur MacDonell 'n versoek aan die Portugese regering gerig het om nie die verdrag te ratifiseer nie „until they hear further on the matter from Her Majesty's Government."[88) ] Hy het dus moeilikheid met die Republiek verwag en dit ook gekry. Toe Loch, die Hoë Kommissaris, in opdrag van Ripon die saak onder die aandag van Kruger bring, is hy kort en saaklik meegedeel dat, hoewel die verdrag onderteken is, dit tot op datum nóg deur die Cortes nóg deur die Transvaalse Volksraad bekragtig is. Die verdrag sou aan Ripon soos gewoonlik ná ratifikasie voorgelê word.[89)]

Robinson, wat Loch hierna as Hoë Kommissaris vervang het,[90)] het Ripon in Junie 1895 aangeraai om die saak nie daar te laat nie. Kruger moes versoek word om in die toekoms liewer alle verdrae voor hul bekragtiging aan Downingstraat voor te lê. Dit sou die moontlikheid van wrywing tussen die Britse regering en die Transvaalse Volksraad verminder.[91)] Hierdie advies is deur Chamberlain, wat in Julie politieke hoof van die Koloniale Kantoor geword het, opgevolg.[92)] Dit lyk egter asof Chamberlain en Robinson nie soseer bekommerd was oor wrywing met die Transvaalse Volksraad nie as met die regering van die staat waarmee die Republiek die verdrag gesluit het, want tydens 'n onderhoud wat Leyds in 1897 met Chamberlain in Londen gehad het, het lg. hom bereid verklaar om te wag totdat die Volksraad hom uitgespreek het oor 'n verdrag, maar dit moes dan aan hom voorgelê word, „onafgezien van de al of niet behandeling door het derde parlement".[93)] Dit

88) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, die Bylae in nr. 115, Kimberley aan MacDonell, d.d. 20-2-1895.

89) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, die tweede Bylae in brief nr. 146, Leyds aan Hoë Kommissaris, d.d. 29-5-1895. In die Suid-Afrikaanse Republiek was uitleweringstraktate nie onderhewig aan die goedkeuring van die Volksraad nie. Wet nr. 9 van 1887 het die Uitvoerende Raad gemagtig om traktate van hierdie aard te sluit. (Leyds, Korresp., I, Bylae D). Dit is nie duidelik waarom Leyds in hierdie brief sowel die Volksraad as die Cortes by die saak betrek nie. In werklikheid was slegs die goedkeuring van die Cortes nodig.

90) Dit was die tweede keer dat Robinson as Hoë Kommissaris na die Kaap gestuur is.

91) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, brief nr. 146, Robinson aan Ripon, d.d. 3-6-1895.

92) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, brief nr. 151, F.O. aan C.O., d.d. 6-7-1895; vgl. ook Scholtz: Oorsake, II, p. 63-64.

93) Leyds Korresp., Afd. I, Bylae J op p. 225, bevattende Leyds se verslag oor die onderhoud. Met „derde parlement" bedoel Chamberlain die wetgewende mag van die staat waarmee die Republiek die verdrag sluit. Dat daar goeie grond vir hierdie vermoede bestaan, blyk uit die volgende verklaring van Chamberlain se regsadviseurs in verband met die saak: „With reference to the suggestion that it might be supposed to involve some breach of international comity if Her Majesty's Government should withold approval after the treaty had been discussed by the foreign legislature, it might be worthy of consideration whether Her Majesty's Government should not, as soon as it has received a copy of a treaty, inform the government of the foreign state that the approval of Her Majesty's Government is necessary, that the matter is under consideration, and that until Her Majesty's approval has been given, the Government of the South African Republic has no power to conclude the treaty." (Imp. White Books, Vol. 51, nr. 505, brief nr. 298 op p.308, Law Officers aan Colonial Office, d.d. 27-4-1896).

het die saak nog nie nader aan 'n oplossing gebring nie, en die gekyf tussen Londen en Pretoria het voortgeduur totdat die geskil saam met baie ander uiteindelik op geweldadige wyse besleg is.[94)]

Ons wil voorts let op die internasionale implikasies wat die geskil oor die interpretasie van hierdie belangrike bepaling van die Konvensie meegebring het. Die regering van Salisbury was nog meer beslis as diè van Rosebery om die Suid-Afrikaanse Republiek op sy knieë te dwing. In Januarie 1896, pas na die Jameson-inval, herhaal Salisbury, wat self die Departement van Buitelandse Sake behartig het, die versoek aan die Portugese regering om ratifikasie van die uitleweringsverdrag te weerhou totdat die Britse regering voldoening van die Republiek ontvang het.[95)] Luiz de Soveral, Portugal se Minister van Buitelandse Sake, het 'n kruiperige houding teenoor Salisbury geopenbaar. Hy het aan MacDonell verduidelik dat, selfs al sou die Cortes die verdrag goedkeur, die ratifikasie nog by die uitvoerende mag berus. Sy regering was goed op die hoogte met die verpligtinge wat die Konvensie van Londen op die Republiek gelê het en vasbeslote om Kruger te raps as hy by skuiwergate probeer uitspring.[96)] Tydens 'n onderhoud wat De Soveral in April met MacDonell gehad het, het hy aan die Britse gesant 'n brief voorgelees van Beelaerts van Blokland, waarin namens die Republiek 'n dringende beroep op hom gedoen word om die verdrag sonder versuim aan die Cortes voor te lê. Die Portugees het ook reeds 'n konsepantwoord gereed gehad. Met groot genoegdoening luister MacDonell hoedat De Soveral met graagte aan die versoek sou voldoen „so soon as Monsieur Beelaerts is authorised to inform him that the Government of the Republic has complied with the requirements of Article IV of the Convention of 1884 between Great Britain and the Transvaal."[97)] Salisbury het aan MacDonell opdrag gegee „to express to Monsieur de Soveral the appreciation of Her Majesty's Government of the friendly attitude of the Portuguese Government in the matter."[98)] De Soveral se vyandige houding

---

94) Vir 'n volledige bespreking van die pennestryd, vgl. o.a. Scholtz: Oorsake, II, p. 63-68.

95) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 505, brief nr. 80, F.O. aan C.O., d.d. 31-1-1896; ook die Bylae.

96) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 505, die Bylae in nr. 93, MacDonell aan Salisbury, d.d. 4-2-1896.

97) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 505, die Bylae in nr. 296, MacDonell aan Salisbury, d.d. 12-4-1896.

98) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 505, brief nr. 296, F.O. aan C.O., d.d. 27-4-1896.

teenoor die Republiek het Van Blokland onthuts, en hy het aan hom gesein dat die Transvaalse owerheid geen voorneme gehad het om op Brittanje se regte inbreuk te maak nie. Die Minister het egter kortaf geantwoord dat die Cortes voor die einde van Mei verdaag en geen geleentheid sou vind om die verdrag goed te keur nie.[99)]

Sowel die Britse Liberale as Konserwatiewe regering het gehoop dat as die Cortes die bekragtiging van die verdrag op die lange baan sou skuiwe, die onmiddellike buurskap van die Transvaal en Mosambiek spoedig aanleiding sou gee tot so 'n ernstige spanning tussen Pretoria en Lissabon in verband met die uitlewering van misdadigers wat oor die grens vlug, dat die Republiek verplig sou wees om Brittanje se interpretasie van artikel 4 van die Konvensie te aanvaar ten einde 'n oplossing vir die probleem te vind. In 1897 is Downingstraat se diplomasie op die proef gestel. Portugal het die Suid-Afrikaanse Republiek in Augustus versoek om ene Andresen[100)] uit te lewer wat bedrog sou gepleeg het in Lourenço Marques. Die Transvaalse owerheid het hom aangekeer maar voor sy uitlewering weer op vrye voet gestel in opdrag van regter Esser op grond daarvan dat daar geen uitleweringsverdrag tussen Portugal en die Republiek bestaan het nie. Die prokureur-generaal het teen die beslissing van Esser geappelleer maar hoofregter Kotze het die appèl verwerp.[101)] Greene, die Britse agent in Pretoria, het gemeen dat die voorval 'n goeie voorbeeld was van die korrupte toestand in die Republiek. In 'n skrywe aan Milner verklaar hy: „In giving the above judgment I presume that the judges acted upon the instructions supplied to them by the Government, whose attitude in regard to the Treaty in question is familiar to your Excellency..."[102)] Om Portugal vet om die oë te smeer, het die regering Andresen laat arresteer, maar terselfdertyd aan die regters opdrag gegee om die arrestasie onwetting te verklaar!

Lissabon het onmiddellik sy misnoeë te kenne gegee oor die versuim om die misdadiger aan hom uit te lewer. In opdrag van sy owerheid het Dometrio Cinatti, die Portugese konsul-generaal in die Republiek, by Pretoria daarop aangedring om òf Andresen langs administratiewe weg opnuut te laat arresteer en op die grens te lewer, òf om die hooggeregshof mee te deel dat daar reeds in November 1893 'n uitleweringstraktaat tussen Portugal en die Republiek gesluit is, ten einde die hof

---

99) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 516, brief nr. 50, F.O. aan C.O., d.d. 9-5-1896; ook die Bylae.

100) In sommige dokumente gespel Andersen of ook Anderson.

101) F.O. 2 264/289, Greene aan Milner, d.d. 14-9-1897.

102) Ibid.

hof **in** die geleentheid te stel om sy uitspraak, wat op die veronderstelling berus dat sodanige ooreenkoms nie bestaan nie, in hersiening te neem.[103] Die Republiek was dadelik gereed met 'n antwoord. Die eerste alternatief verwerp hy, omdat so 'n stap na die onlangse hofuitspraak nie geoorloof sou wees nie. Die tweede alternatief verwerp hy eweneens op grond van die feit dat die bestaande traktaat nie werkende krag besit nie, aangesien dit nog eers deur die Cortes bekragtig en die aktes van ratifikasie uitgewissel moet word. Die vyftiende artikel van die traktaat bepaal uitdruklik dat dit eers twee maande na ratifikasie in werking sou tree.[104] Die Republiek voeg by dat die gebeure in verband met Andresen opnuut die noodsaaklikheid beklemtoon dat daar 'n uitleweringsverdrag tussen die twee state moet bestaan. Hy versoek Cinatti, „die...zulk een scherp oog bezit voor de nadeelen en de gevaren van den bestaanden toestand," om 'n vurige pleidooi by sy owerheid te lewer om die verdrag so spoedig moontlik aan die Cortes vir goedkeuring voor te lê sodat die uitwisseling van die aktes nie verder vertraag sou word nie.[105]

Ten spyte van die goeie saak wat hy gehad het en die onweerlegbare argumente wat hy aangevoer het, was die Republiek tog in 'n netelige posisie. Weens die dreigende Britse Imperialisme, wat soos 'n donker skaduwee nader gekruip het, moes hy sy langdurige poging om beheer oor Delagoabaai te verkry in alle erns voortsit. Hy kon dus geensins bekostig om 'n alte parmantige toon teenoor Lissabon aan te slaan nie. Portugal weer was verplig om teen wil en dank goeie betrekkinge met Brittanje te handhaaf. Hy het in groot finansiële ellende verkeer en moes lig loop vir die Duitse Adelaar wat begerige oë op sy koloniale besittings gevestig het. Die markies De Soveral wat in 1897 Portugal se ambassadeur in Londen geword het,[106] was sterk pro-Brits, omdat hy geglo het dat Brittanje die enigste moondheid was wat die Portugese Ryk teen die hongerige Duitse imperialisme kon beskerm.[107] Na aanleiding van 'n geval waarin die Portugese owerheid te Lourenço Marques geweier het om 'n Britse onderdaan aan die Suid-Afrikaanse Republiek uit te lewer, teken Leyds 'n suiwer prentjie van die houding van Portugal as hy teenoor P. G. W. Grobler, Onder-staatsekretaris in Pretoria, verklaar: „Als u mijne privaat opinie wil weten, dan kan

---

103) L.A. 76B, Afschrift R/A 4205/97 re uitlevering van Arthur Andresen, behoorende by een schrijven aan Z. Excellentie Dr. W. J. Leyds, d.d. 19 December 1898, Leyds aan Demetrio Cinatti, konsul-generaal van Portugal, d.d. 20-10-1897.

104) Ibid.

105) Ibid.

106) Hy het die betrekking tot 1910 beklee.

107) Vgl. vorige hoofstuk.

ik u zeggen, dat naar mijne meening Portugal in deze, zooals in zoovele zaken, net zoo zal handelen als Engeland het zal voorschrijven, dat wil zeggen: het zal niet uitleveren, het sal mischien niet eens antwoorden; maar het heeft mischien zijn nut Portugal duidelijk te maken, hoe het zich als nabuurstaat tegenover ons gedraagt."[108] In die lig van hierdie omstandighede is dit heeltemal duidelik waarom Lissabon die Republiek so getart het met betrekking tot die ratifikasie van die uitleweringsverdrag.

Andresen moes seker trots gevoel het op sy "status", want die twee state het werklik soos stout kinders oor hom rusie gemaak. In die begin van 1898 bestook die Portugese regering Pretoria opnuut met briewe. In een word nogeens aangedring op die uitlewering van Andresen en daar word op gewys dat misdadigers in die verlede wederkerig uitgelewer is sonder dat enige bohaai opgeskop is;[109] in 'n ander onderneem Lissabon by herhaling om die uitleweringsverdrag vir bekragtiging aan die Cortes voor te lê sodra hy amptelik in kennis gestel is dat "en naar de letter en naar den geest" voldoen is aan die laaste bepaling van die traktaat, waarin dit uitdruklik gestipuleer word dat dit geratifiseer sal word ooreenkomstig die wette van beide state,[110] en verder dat uitvoering gegee is aan die offisiële verklaring wat wyle Beelaerts van Blokland aan graaf Silio, die Portugese gesant in Nederland, gedoen het, nl. dat die bepaling van artikel 4 van die Konvensie van Londen stiptelik nagekom sou word.[111] Greene, wat op die hoogte van sake was, het by Milner daarop aangedring om Brittanje se standpunt in verband met die interpretasie van die betrokke artikel onverbiddelik te handhaaf.[112] Dit lyk egter of Lissabon hierna 'n enigsins meer toeskietlike houding aangeneem het. In Februarie het Cinatti die Britse agent in Pretoria meegedeel dat hy opdrag van sy owerheid ontvang het om die ernstige toename in misdaad aan beide kante van die Transvaal-Portugese grens onder die aandag van Kruger te bring. Hy moes die bereidwilligheid van Lissabon te kenne gee om die verdrag sonder verdere versuim aan die Cortes voor te lê maar

---

108) L.A. 76 A, brief nr. 508, 1898, G.Z.R. 798/98, Leyds aan Grobler, d.d. 25-12-1898. Ons kom later weer op hierdie geval terug.

109) F.O. 2 265/14-15, Greene aan Milner, d.d. 5-1-1898.

110) Hiermee word die eis aan die Transvaalse regering gestel om die uitleweringstraktaat ook aan die Volksraad voor te lê. Dit was onnodig, aangesien wet nr. 9 van 1887 die Staatspresident magtig om "met advies en consent van den Uitvoerende Raad" uitleweringsverdrae te sluit.

111) Ibid., Afschrift R/A 4205/97 re uitlevering van Arthur Andresen, behoorende bij een schrijven aan Z. Excellentie Dr. W. J. Leyds, d.d. 19 December 1898, Krogh, waarn. Staatsekretaris, aan waarnemende Portugese konsul-generaal, d.d. 10-12-1898.

112) F.O. 2 265/14-15, Greene aan Milner, d.d. 5-1-1898.

terselfdertyd verklaar dat die uitwisseling van die ratifikasieaktes teruggehou sou word, totdat die Republiek voldoen het aan die vereistes van die Konvensie wat hom aan Londen gebind het.[113] Moontlik het hierdie toegewing die Republiek ook meer inskiklik gemaak, want daar het nou 'n belangrike wending in die saak gekom.

Op 28 Februarie 1898 besluit die Volksraad eenparig om 'n versoek van die Uitvoerende Raad toe te staan, waarin magtiging gevra word om op aanvraag misdadigers uit te lewer aan state met wie nog geen uitleweringsverdrag gesluit is nie, op voorwaarde dat die identiteit van die misdadiger bewys word en die misdaad val onder die wet van 1887, wat die sluiting van uitleweringsverdrae gereël het.[114] Hierdie stap was geen onbekookte maatreël nie. Dit is gedoen op aanbeveling van die staatsprokureur wat die implikasies vooraf oorweeg het.[115] Onmiddellik daarna is Andresen weer gearresteer en aan die Portugese owerheid oorhandig.[116] Hierdie skynbare kapitulasie van die Republiek mag miskien in 'n mate die gevolg wees van die aanhoudende getorring van Lissabon oor die uitlewering van Andresen,[117] maar ons glo dat die diepere motief wat daaragter geskuil het die vurige begeerte van Kruger was om sy vlag in Delagoabaai in te plant of, indien hy nie daarin kon slaag nie, ten minste voordelige konsessies in die baai te verkry.[118] Dat die Republiek ongelukkig gevoel het omdat die Portugese hom so in 'n hoekie gejaag het, blyk uit die verwytende trant van 'n skrywe wat in Desember aan die waarnemende konsul-generaal in Pretoria gerig is. Die Republiek meen dat Portugal te aanmatigend optree: „De vraag op welk tijdstip deze Regeering verplicht is om, ingevolge art. 4 van de Conventie van Londen van 1884, het uitleveringstractaat aan de Britsche Regeering ter goedkeuring voor te leggen, affecteert uitsluitend de Regeeringen dezer Republiek en van Groot Brittanië en Ierland, en kan als zoodanig geen punt van bespreking uitmaken met het Portugeesche Gouvernement, tenzij het uitleveringstractaat zelf dienomtrent eene bepaling mocht bevatten; zulks is echter geenszins het geval." Van Blokland het wel belowe dat die Transvaalse owerheid met betrekking tot die uitleweringstraktaat sou handel ooreenkomstig die betrokke artikel van die Londen-Konvensie, „doch gaf uit den aard der zaak geen uitsluitsel omtrent het tijdstip waarop het tractaat

---

113) F.O. 2 265/30, Greene aan Milner, d.d. 23-2-1898.

114) F.O. 2 265/45-50, Greene aan Milner, d.d. 2-3-1898.

115) Ibid.

116) F.O. 2 265/44, Greene aan Milner, d.d. 2-3-1898.

117) F.O. 2 265/45, Greene aan Milner, d.d. 2-3-1898.

118) Vergelyk bv. die poging van F. R. Eiffe, wat verbonde was aan 'n Hamburgse firma, om in belang van die Republiek die sg. Katembe-konsessie te bekom. (Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 32-35).

aan de Britsche Kroon ter goedkeuring zou worden voor gelegd." Dit is dus 'n onomstootlike feit „dat de vertraging in de totstandkoming van het uitleveringstractaat in geenen deele aan deze Regeering kan worden geweten, doch dat de verantwoordelijkheid daarvoor uitsluitend voor rekening van het Portugeesch Gouvernement komt." Die Republiek sluit sy betoog af met die verklaring dat hy, net soos voorheen, bereid is om t.o.v. die traktaat sy verpligtinge teenoor Brittanje na te kom.[119] Uit hierdie en ander korrespondensie van die Republiek blyk dit duidelik dat die Boere die Portugese verfoei het vir die kruiperige houding wat hulle teenoor Downingstraat geopenbaar het.[120]

In Britse kringe het die „Extradition Resolution"[121] van die Transvaalse Volksraad baie ongunstige reaksie uitgelok. Greene was bevrees dat Kruger daarin geslaag het om uit die strik te ontsnap wat Brittanje vir hom gestel het. Hy beskou die optrede van die Republiek as „a clear attempt to avoid compliance with the London Convention..."[122] Milner het gepoog om sy owerheid tot handeling aan te spoor deur te beweer dat die Boereleiers op domastrante wyse met Brittanje die draak gesteek het, omdat hulle hom so 'n netjiese uitklophou toegedien het. Hy telegrafeer aan Chamberlain: „Members at the Executive meeting...were congratulating Dr. Leyds, and laughing at the way in which the Imperial Government had been outwitted by them."[123] Die „Transvaal Advertiser" het ook 'n eiertjie bygelê. In 'n hoofartikel het die blad beweer dat die internasionale reëling wat die Republiek beoog het vir die uitlewering van misdadigers, sonder om met Brittanje rekening te hou, op sigself 'n skending van die Londen-Konvensie was. Die blad was van mening dat persoonlike vryheid in die Republiek nou in die gedrang gekom het. Die owerheid kon selfs die mag wat aan hom toegeken is, misbruik om persone sonder verhoor uit die land te verban.[124]

Die reaksie wat die agitasie van die Britse Imperialiste in die Koloniale Kan-

---

119) L.A. 76B, Afschrift R/A 4205/97 re uitlevering van Arthur Andresen, behoorende bij een schrijven aan Z. Excellentie Dr. W. J. Leyds, d.d. 19 December 1898, T. J. Krogh, waarn. staatsekretaris aan die waarnemende Portugese konsul-generaal, d.d. 10-12-1898. (Onderstreping deur skrywer).

120) Vergelyk bv. briewe in L.A. 76 A, o.a. G.Z.R. 798/98 en G.Z.R. 1582/98.

121) 'n Uitdrukking gebruik deur Britse amptenare as hulle verwys het na die besluit van die Volksraad om die uitlewering van misdadigers te magtig. (C.O. 557, nr. 16, Milner aan Chamberlain, d.d. 8-3-1898).

122) F.O. 2 265/28, Milner aan Chamberlain, d.d. 8-3-1898.

123) F.O. 2 265/28, Milner aan Chamberlain, d.d. 8-3-1898.

124) F.O. 2 265/45 Greene aan Milner, d.d. 2-3-1898.

toor uitgelok het, moes vir hulle 'n groot skok gewees het. Chamberlain het uiters versigtig gehandel. Dit is begryplik. As hy blindweg elke poging sou dwarsboom van die Republiek om voortvlugtende misdadigers aan die gereg uit te lewer en 'n anargistiese toestand in die binneland van Suid-Afrika sou ontwikkel, sou hy sy optrede moeilik kon regverdig in die oë van die Europese nasies. Hy het 'n standpunt ingeneem wat ondersteun is deur Lambert in sy reeds gemelde memorandum, „The Case against the South African Republic."125) Chamberlain gee toe dat die besluit van die Volksraad 'n besliste poging is om die Konvensie van Londen te ontduik, „but as the Resolution is quite general and constitutes no engagement with any State or nation, it could not properly be objected to as contravening Article IV."126) Hy is inderdaad baie in sy skik met die verloop van sake, want die blote feit, dat die Republiek se uitleweringsverdrag met Portugal op die rotse geloop het weens sy parmantige houding teenoor Brittanje, „indicates a diplomatic success for Her Majesty's Government."127) Salisbury het hom ten volle vereenselwig met Chamberlain se sienswyse.128)

Die aangeleentheid sou egter nog tot 'n warm woordewisseling aanleiding gee in die Britse Laerhuis. Sir E. Ashmead-Bartlett, een van die voorbokke onder die Boerehaters, het Chamberlain onder kruisverhoor geneem en die susereiniteitsvraagstuk ook daarby ingesleep. Hy wou van die Minister weet of die Transvaalse regering op gesag van die Volksraad reëlings getref het vir die praktiese uitlewering van misdadigers aan ander state. So 'n stap sou 'n skending wees van die vierde artikel van die Londen-Konvensie, „which required the consent of the suzerain Power." Chamberlain het geantwoord dat die Volksraad alleenlik toestemming verleen het tot die uitlewering van misdadigers aan state met wie die Republiek geen uitleweringsverdrag gehad het nie. Die betrokke artikel vereis slegs dat die totstandkoming van verdrae onderworpe sou wees aan die goedkeuring van die suserein. Daarom het die Britse regering geen beswaar teen die reëlings wat getref is nie. Ashmead-Bartlett wou voorts weet of ander moondhede ook die reg gehad het om misdadigers aan die Transvaal uit te lewer. Chamberlain het kortaf geantwoord dat hy nie op hoogte was met die beleid wat ander state t.o.v. uitlewering gevolg het nie. Maar sy

---

125) C.R.O. 561, The Case against the South African Republic, Part II, Memorandum by Mr. H. Lambert. December, 1898. (Printed for the use of the Colonial Office), p. 3.

126) F.O. 2 265/53-54 (Draft), Chamberlain aan Milner, April, 1898.

127) Ibid.

128) F.O. 2 265/57, F.O. aan C.O., d.d. 19-4-1898.

ondervraer was nog nie tevrede nie. Hy wou weet of die „verstandhouding" tussen die Volksraad en die Portugese nie in die praktyk neergekom het op die bestaan van 'n ooreenkoms nie. Chamberlain se geduld het opgeraak: „I cannot go beyond the answer I have given. No treaty has been entered into. This is merely an Act of the Volksraad's with which we have no right to interfere.". Die Minister was nog nie klaar gekasty nie. Die verwysing na die „suserein" het slapende honde wakker gemaak, want die Boere het ook hul ondersteueners in die Laerhuis gehad. Kaptein Bethell wou weet waarom die vorige sprekers nie die uitdrukking „the consent of the Queen" in plaas van „the consent of the suzerain Power" gebruik het nie. Chamberlain se verweer was dat hy die „korrekte" uitdrukking moes gebruik. Bethell val hom egter weer aan: „Does not Article IV of the London Convention speak of the consent of the Queen?" Chamberlain, wat gewoonlik 'n taai vegter was, het onverwags erken dat hy nie meer 'n wapen tot sy beskikking gehad het om hom mee te verdedig nie, want hy het Bethell versoek om volgens die voorgeskrewe prosedure kennis te gee van verdere vrae wat hy wou stel.[129)]

Dit sou blyk dat Ashmead-Bartlett se vraag of ander state die reg gehad het om misdadigers aan die Republiek uit te lewer, glad nie so ontoepaslik was as wat Chamberlain wou voorgee nie. In Mei 1898 is 'n Britse onderdaan, by name mevrou Darragh, in Lourenço Marques gearresteer op versoek van 'n Transvaalse speurder. Die klag teen haar was dat sy in Johannesburg rekenings ten bedrae van ongeveer £70 per tjek vereffen het terwyl sy geen geld in die bank gehad het nie.[130)] A. Parminter, die waarnemende Britse konsul in Lourenço Marques, het onmiddellik geprotesteer teen die uitlewering van 'n Britse onderdaan aan die Republiek. Binne 'n paar uur nadat hy 'n onderhoud gehad het met die Goewerneur en die regter van Lourenço Marques, het hy uit 'n nie-amptelike bron verneem dat mevrou Darragh se borgtog deur 'n vooraanstaande Portugese handelaar betaal is en dat sy haar vryheid herwin het. Parminter het geglo dat die plan om mevrou Darragh op borgtog uit te laat in die vlugge brein van die Portugese owerheid ontstaan het „to cover their retreat from an awkward position." Hy was dan ook oortuig dat die Goewerneur nooit die borgsom sou eis indien mevrou Darragh die land verlaat nie.[131)] Die Transvaalse speurder het sonder sy prisonier na Pretoria teruggekeer. Parminter het haar nog enkele kere in die strate van Lourenço Marques gesien. 'n Week na

---

129) F.O. 2 265/59, The Transvaal and the Extradition of Prisoners.

130) F.O. 2 265/65, Parminter aan Salisbury, d.d. 24-5-1898.

131) F.O. 2 265/65, Parminter aan Salisbury, d.d. 24-5-1898.

haar vrystelling het sy per boot na 'n onbekende bestemming vertrek.132)

Volgens inligting wat Parminter uitgesnuffel het, sou Portugal en die Suid-Afrikaanse Republiek ooreengekom het om mekaar alle moontlike hulp te verleen, ten einde wetsoortreders wat oor die grens gevlug het aan die gereg uit te lewer. Hy was bevrees dat Britse onderdane slagoffers kon word van die Boere se wraaksugtigheid en wou van Salisbury weet wat hy moes doen om hulle te beskerm.133) Ander mag dalk dieselfde stel aftrap as mevrou Darragh. Hy was daarvan vas oortuig dat sy die Portugese geen leed aangedoen het nie en dat die begeerte om die Boere tevrede te stel die enigste rede vir haar inhegtenisneming was.134) Salisbury het die Britse ambassade in Lissabon opdrag gegee om te probeer vasstel of daar 'n verstandhouding tussen Portugal en die Republiek bestaan het in verband met die wederkerige uitlewering van misdadigers. In antwoord op navrae van Thornton, die sekretaris van die ambassade, het Beirao, die Portugese Minister van Buitelandse Sake, verklaar dat daar geen ooreenkoms of „modus vivendi" tussen Portugal en die Republiek getref is met die doel om die uitlewering van misdadigers te reël nie. Soos Brittanje wel weet, is 'n uitleweringsverdrag opgestel en onderteken maar nog nie geratifiseer nie. In Portugal vind uitlewering egter langs administratiewe weg plaas, en kan dit geskied selfs al bestaan daar geen verdrag nie. Dit berus by die regering om te besluit of uitlewering wenslik is of nie. Aan die Suid-Afrikaanse Republiek is tot dusver nog geen misdadiger uitgelewer nie, hoewel 'n vroulike persoon op versoek van die Transvaalse polisie aangehou is. Sy is egter byna onmiddellik weer op vrye voet gestel.136)

Dat die Portugese na willekeur Britse onderdane aan die Boere kon uitlewer, het beroering in Downingstraat veroorsaak. Ten spyte van die kruiperigheid van die Portugese bewindhebbers (of is dit as gevolg daarvan?) het die Britte hulle nog gewantrou.137) Chamberlain het nou seker besef dat hy 'n flater begaan het toe hy in die Laerhuis te kenne gegee het dat die beleid wat ander state met betrekking tot uitlewering gevolg het, hom nie geraak het nie. Dit is ongetwyfeld op

---

132) F.O. 2 265/399, Parminter aan Salisbury, d.d. 8-8-1898.

133) F.O. 2 265/65 Parminter aan Salisbury, d.d. 24-5-1898.

134) F.O. 2 265/399, Parminter aan Salisbury, d.d. 8-8-1898.

135) Mevrou Darragh.

136) F.O. 2 265/191, Beirao, Portugese Minister van Buitelandse Sake, aan die Britse ambassade in Lissabon, d.d. 4-8-1898.

137) Beirao kon, net soos die markies De Soveral, hom nie genoeg aan die Britte opdring nie. (Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 46-47).

aandrang van Londen dat die Portugese Minister van Marine en kolonies die goewerneur van Mosambiek streng opdrag gegee het om geen vreemdelinge behalwe Boere aan die Transvaal uit te lewer nie.[138)] Dat die Republiek, wat so 'n heldhaftige poging aangewend het om sy kop bo die malende stroom van die Britse Imperialisme te hou, ontevrede was met die swak vertoning van Portugal, is begryplik. In Augustus 1898 word Leyds, wat toe gesant in Europa was, versoek om Lissabon mee te deel dat die Republiek sy optrede in die geval van mevrou Darragh diep betreur. Leyds was egter van mening dat dit die aangewese weg vir Pretoria was om by Londen te protesteer teen sy beleid om misdadigers te beskerm. Portugal se willoosheid en slaafse onderdanigheid aan Brittanje was wel betreurenswaardig, maar Downingstraat was 'n verduideliking verskuldig van sy prinsipe met betrekking tot uitlewering: „Het is mij niet duidelijk op grond waarvan, van welk prinsipe de Engelsche Regeering voor hare onderdanen in vreemde landen straffeloosheid wil verzekeren."[139)] Die Republiek kon hom nie met die sienswyse van sy gesant vereenselwig nie. Die Britse konsul het nie in verset gekom teen die aanvraag van die Transvaalse owerheid om uitlewering nie maar teen die besluit van die Portugese owerheid om aan die aanvraag gevolg te gee. Dit was wel 'n geskil oor prinsipe, maar nie tussen Brittanje en die Republiek nie dog tussen Brittanje en Portugal, „waarbij deze Regeering tegenover de Britsche schlechts zijdelings en alleen ten opzichte van Portugal rechtstreeks betrokken is." Gevolglik was dit die plig van Lissabon om van Londen 'n verklaring te eis vir sy inmenging in die uitleweringsaak. Die Republiek moes hom bepaal tot onderhandelinge met Lissabon, wat hy uitsluitlik aanspreeklik kon hou vir sy versuim om Britse misdadigers uit te lewer op grond van die verset van Londen. Daarom sou hy gaarne ter gelegener tyd van Leyds verneem of hy 'n geleentheid gevind het om die saak in Lissabon ter sprake te bring.[140)]

Dit skyn asof Leyds, wat aanvanklik self met Brittanje die stryd oor die uitleweringsverdrag aangeknoop het, teen die einde van 1898 alle entoesiasme vir die saak verloor het. Die verandering in sy houding moet ons toeskrywe aan die wyse waarop die Britse stoomroller Lissabon platgetrap het. Soos hy op 25 Desember aan die Republiek se Departement van Buitelandse Sake skrywe: „...Engeland stoort zich dikwels heel weinig aan volkerechtelijke etiquetten en dringt vaakt andere volken,

---

138) F.O. 2 265/339, Parminter aan Salisbury, d.d. 8-8-1898.

139) L.A. 76 A (Brief 508, '98), G.Z.R. 798/98, gesant aan Staatsekretaris, d.d. 24-9-1898.

140) L.A. 76 A., G.Z.R. 1582/98, Staatsekretaris aan gesant, d.d. 29-10-1898.

in dit geval Portugal, dit ook niet te doen." [141] 'n Baie swak ontvangs het Leyds dan ook te beurt geval toe hy die opdrag van sy regering in Lissabon uitgevoer het. Die Minister van Buitelandse Sake het beweer dat hy te min van die saak af geweet het om Leyds te woord te staan en vir hom 'n onderhoud gereël met 'n senior amptenaar van sy kantoor. Die amptenaar het egter niks van die saak af geweet nie! Hy wou dit nie bespreek nie en het Leyds aangeraai om maar sy grief op skrif te stel en in te dien. Die gesant het besef dat dit 'n beleefde manier was om hom die deur te wys. Daarom het hy sy owerheid versoek om die saak voorlopig daar te laat tot met sy voorgenome besoek aan Pretoria binne enkele weke. [142] As 'n mens in aanmerking neem hoeveel moeite Pretoria gedoen het om Andresen aan Lissabon uit te lewer, kan die gedrag van Portugal in verband met die Darragh-geval nie anders as gemeen bestempel word nie, en die optrede moet toegeskrywe word aan die hipnotiese mag wat die Brit oor die Portugees uitgeoefen het. Die vroeëre Portugese bewind wat die Boer, nà die anneksasie van die Transvaal in 1877, so daadwerklik by die hand geneem het om hom weer uit die stof op te rig, [143] staan in skrille kontras tot die latere bewind wat met die wending van die eeu sy volle gewig by die Brit ingegooi het om die Boer vir die tweede keer plat te slaan. Die agtergrond waarteen hierdie gebeurtenisse plaasgevind het, was die snelle ontwikkeling van die Britse Imperialisme na die toppunt van sy mag.

Terwyl Pretoria en sy gesant met mekaar redekawel, sit nóg 'n misdadiger die Britse Imperialiste op loop. In November 1898 bereik 'n gerug die Britse konsulaat in Mosambiek dat Fox, 'n voortvlugtende van Britse nasionaliteit, deur die Portugese aan die Boere uitgelewer is. [144] Die astrante wyse waarop Carnegie Ross, die Britse konsul, opgetree het, toon maar al te duidelik met hoeveel minagting en wantroue die Britte hul Portugese nabure bejeën het. Ross het kaptein Machado, die Portugese Goewerneur, herinner aan die opdrag van Lissabon om niemand, behalwe 'n Boer, aan die Suid-Afrikaanse Republiek uit te lewer nie. Hy het hom verder meegedeel dat Brittanje nie sou toestem tot die uitlewering van Britse onderdane aan die Republiek nie „and would not approve of the execution within Portuguese territory, in any form whatever, of warrants issued by the Government of the South

---

141) L.A. 76A., G.Z.R. 798/98, gesant aan Staatsekretaris, d.d. 25-12-1898.

142) Ibid.

143) Vgl. hoofstuk I.

144) C.R.O. 571, die derde Bylae in nr. 1, F.O. aan De Castro, d.d. 10-12-1898.

African Republic against British subjects."[145] Downingstraat, wat waarskynlik nog onthou het hoe die Portugese pers en publiek 'n aantal jare van tevore luidkeels geprotesteer het toe Brittanje ook 'n skromelose poging aangewend het om inbreuk te maak op die soewereiniteit van Portugal,[146] het dadelik besef dat Ross te ver gegaan het. Sonder om enige verskoning aan te bied vir die aanmatigende optrede van sy amptenaar, het Salisbury aan die Portugese ambassade in Londen verduidelik dat die Boere die skuld moes dra vir die onaangename toestand wat ontwikkel het in verband met die uitlewering van misdadigers, aangesien die uitleweringsverdrag wat reeds in 1893 onderteken is nog nie vir goedkeuring aan die Britse kroon voorgelê is nie. Hy het die hoop uitgespreek dat hy nog verder sou kon staatmaak op die vriendelike samewerking van Portugal in hierdie verband en dat die verbod op die uitlewering van Britse onderdane aan die Republiek nie herroep sou word nie.[147] Vir sy „confidential information and future guidance" is Ross daarop gewys dat hy sy gesag oorskry het. Brittanje het nie die reg om vir Portugal voor te skrywe wat hy in sy eie gebied moet doen nie. Ross moes hom daarop toelê om op taktvolle wyse die ondersteuning van die Portugese te verkry om die Boere op hul plek te sit.[148] Intussen het Beirao persoonlik sy aandag aan die saak geskenk. Op 28 Desember 1898 kon MacDonell sy owerheid meedeel dat die hele bohaai oor Fox onnodig was. Fox het op eie verantwoordelikheid na die Transvaal teruggekeer, waar hy deur die polisie van die Republiek gearresteer is.[149]

Tydens Leyds se verblyf in Pretoria in die begin van 1899 het die Uitvoerende Raad op sy aandrang besluit om die stryd teen Brittanje oor die interpretasie van die vierde artikel van die Londen-Konvensie te staak en die uitleweringsverdrag met Portugal aan Chamberlain vir goedkeuring te stuur.[150] Met 'n meer toegewende houding teenoor Brittanje het hy waarskynlik gehoop om sterker steun vir die saak van die Boere in die Europese hoofstede op te wek, want waar hy ook al as gesant van die Republiek gepleit het om hulp teen die verswelgende Britse Imperialisme,

---

145) C.R.O. 571, die tweede Bylae in nr. 1, Ross aan Salisbury, d.d. 15-11-1898.

146) Dit staan in verband met die onderhandelinge wat tot die Anglo-Portugese Konvensie van 1891 gelei het.

147) C.R.O. 571, die derde Bylae in nr. 1, F.O. aan De Castro, d.d. 10-12-1898.

148) C.R.O. 571, die vierde Bylae in nr. 1, F.O. aan Ross, d.d. 15-12-1898.

149) C.R.O. 571, die Bylae in nr. 21, MacDonell aan Salisbury, d.d. 28-12-1898.

150) Leyds Korresp., Afd. 1, Bylae D; Ibid, brief nr. 51, gesant aan staatsekretaris, d.d. 8-6-1899.

het hy die wind sterk van voor gekry.[151] Op sy terugreis na Europa in April rig hy aan boord van die Carrisbrook Castle weer 'n skrywe aan Grobler, die Onder-staatsekretaris, om te verneem of daar al uitvoering gegee is aan die besluit van die Uitvoerende Raad.[152] Kort na sy aankoms in Brussel doen hy nog 'n keer navraag.[153] In Julie antwoord Grobler dat weens die baie en gewigtige verpligtinge van die Department van Buitelandse Sake die saak nog nie aan die regering voorgelê kon word nie.[154] Daarby het dit dan ook gebly.

Uit die voorafgaande studie kom ons tot die gevolgtrekking dat die Konvensie van Londen niks minder as 'n meulsteen om die nek van Kruger was nie. Dit het nie alleen spanning tussen Pretoria en Londen veroorsaak nie maar ook die Republiek se betrekkinge met ander moondhede vertroebel.[155] Selfs Switserland het sy neus in die saak gesteek. Chamberlain was baie in sy skik toe hy Salisbury kon meedeel dat die Switserse gesant in Londen, namens sy regering, Brittanje se interpretasie van die Konvensie onderskrywe.[156] Kruger het dan ook dwarsdeur die negentiger jare gespook en gespartel om los te kom. Hy wou graag die Konvensie vervang deur 'n gewone verdrag van vriendskap en handel of, indien dit nie kon gebeur nie, bykans die helfte van die twintig artikels waaruit die Konvensie bestaan het, o.m. dié een wat die Republiek oopgestel het vir die instroming van vreemdelinge, gewysig of weggelaat hê.[157] Die Liberale Party, veral onder die leiding van Gladstone, was nogal geneë om sy vertoë aan te hoor, te meer omdat hy hom bereid getoon het om vir Brittanje die kastaiings in Swasieland uit die vuur te krap. Ripon, aan wie Gladstone die Koloniale Kantoor toevertrou het toe hy in Augustus 1892

---

151) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 42-47.

152) Leyds Korresp., Afd. I, nr. 7, Leyds aan Grobler, d.d. 9-4-1899.

153) Leyds Korresp., Afd. I, nr. 51, gesant aan Staatsekretaris, d.d. 8-6-1899.

154) Leyds Korresp., Afd. I, nr. 70, Grobler aan gesant, d.d. 11-7-1899; L.A. 76A, G.Z.R. 3231/199. Dit is nie duidelik waarom die saak nog 'n keer aan die regering voorgelê moes word nie.

155) Chamberlain was baie ontevrede toe die ratifikasie-aktes van 'n uitleweringsverdrag tussen die Republiek en Nederland uitgeruil en die verdrag in die Nederlandse staatskoerant gepubliseer is, voordat dit aan die Britse regering vir goedkeuring voorgelê is. (Vgl. Z.A.R. 165 nr. 6, 10, 19 en 24).

156) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 536, brief nr. 8, C.O. aan F.O., d.d. 21-4-1897. Aanleiding daartoe was die uitnodiging aan die Republiek om toe te tree tot die Konvensie van Genève.

157) C.R.O. 449, nr. 112, Loch aan Ripon, d.d. 23-4-1893; ook die Bylae; verder: B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, memorandum oor die konvensie van Londen op p. 89, opgestel deur sir H. B. Loch en ontvang deur die Koloniale Kantoor op 19 September 1894.

aan bewind gekom het, was egter bevrees dat die Britse kieserskorps enige poging om die Republiek in 'n soewerein-onafhanklike staat te omskep, sou veto.[158] Die gevaar was te groot dat die Republiek met behulp van vreemde moondhede, veral Duitsland, daarin kon slaag om die Britse oppergesag in Suid-Afrika te ondermyn. Stel ons dit te sterk as ons beweer dat die Britse Imperialisme, ná die ontdekking van goud op die Witwatersrand in 1886, soos 'n onkeerbare watermassa deur 'n damwal gebars het en die wortels van die twee republikeinse boompies aan weerskante van die Vaalrivier hoe later hoe vinniger losgeruk het? Die vlugskrifte wat in Brittanje versprei is, verskaf die antwoord op ons vraag. In 1887 skrywe Charles Marvin onder die opskrif: No Mercy to German intrusion: „In point of fact, the shadowy protection exercised at Angra Penquena[159] will also have to disappear in time, in order that there may be one state, one flag, and one people in Austral-Africa south of Cape Frior on the west coast, and the mouth of the Zambesi on the east. Perhaps the less we interfere with the internal arrangements of this coming State the better; but there is one thing in which our leaders can display their statesmanship - and that is, in totally preventing any further foreign intrusion on its coasts, and in putting down their foot crushingly on any intrigues between the anti-English Boers and outsiders. If such a policy be adopted, the present rush to South Africa will be attended with the happiest results, and ere long we may hope to see Englishmen and Boers combining to form a Dominion, as loyal to South Africa as Englishmen and Frenchmen in British North America are loyal to Canada. When this is accomplished, there need be no fear that South Africa will not be devoted to the Empire as Canada is to-day."[160] Na die mislukte Jameson-inval verkondig die Imperial South Africa Association die volgende wysheid aan die Britse volk: „Mr. Kruger is under the impression that if only he can obtain the abrogation of article 4 of the London Convention, the Transvaal will thereupon become an absolutely independent State, exercising unabridged sovereignty. This and the possession of a port of his own are the confessed aims of his policy. But he is out in his reckoning. The right of Great Britain to interfere in the Transvaal depends, not on any treaty, but upon her position as the paramount power in South Africa, a position won by the lavish expenditure of blood and treasure."[161] Geen wonder dat Ripon bevrees was dat hy sou verdrink as hy probeer om die boompies uit die siedende waterkolk te

---

158) C.R.O. 449, nr. 113, Ripon aan Loch, d.d. 18-4-1893.

159) Hy verwys na die Duitse protektoraat op die Suidweskus.

160) Vgl. Marvin: Boer-German Republic or English Dominion? (p. 32).

161) Vgl. Handy Notes on South Africa for the use of Speakers and others, p. 27. (Uitgawe van 1896).

red nie!

In die najaar van 1894 het Ripon en Loch, toenmalige Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, wat met amptelike besoek in Londen was, die verhouding tussen Boer en Brit haarfyn uitgepluis. Loch het aan Ripon 'n memorandum voorgelê waarin die Transvaal National Union hul griewe teen die Kruger-bewind uiteensit en aandring op die toekenning van gelyke burgerregte vir alle blankes in die Suid-Afrikaanse Republiek.[162] Hy was bevrees vir opstootjies in Suid-Afrika waarby die Britse regering betrokke sou raak[163] en het aanbeveel dat Kruger op taktvolle wyse as instrument gebruik moes word om die Britse ideaal t.o.v. Suid-Afrika te verwesenlik. Die bepaling in die Londen-Konvensie wat die buitelandse beleid van die Boere aan Britse beheer onderwerp het, moes herbewoord word op 'n wyse „that would not be painful to their susceptibilities as an independent country."[164] Hy was oortuig dat Ripon dit kon doen, „and yet..retain all essential control over the treaty-making power of the Republic."[165] In ruil vir hierdie toegewing moes Kruger dan hervormings in die Republiek teweegbring en veral 'n meer liberale kiesreg en nuwe eed van getrouheid invoer.[166] Ripon sou egter op sy hoede moes wees dat geen stappe gedoen word wat daartoe kon lei dat 'n Engelse republiek in plaas van 'n Britse kolonie in die Transvaal tot stand kom nie.[167] Om 'n spoedige oplossing te vind vir al hierdie vraagstukke, bepleit Loch 'n persoonlike konferensie tussen Kruger en die Britse regering.[168] Aanvanklik is Ripon beïndruk deur die argumente van Loch. Op 19 Oktober het hy 'n konsepbepaling gereed gehad om die vierde artikel van die Londen-Konvensie te vervang. Volgens die konsep sou die Suid-Afrikaanse Republiek onderneem om nie sy grondgebied onder beheer van 'n vreemde staat te plaas of om met 'n vreemde moondheid (of naturellestam binne die Britse invloedsfeer) politieke of militêre

---

162) C.R.O. 487, papers relating to the position of British subjects in the South African Republic and the proposed amendment of the London Convention of 1884, die Bylae in nr. 2, Loch aan Ripon, d.d. 27-8-1894.

163) C.R.O. 487, nr. 3, Loch aan Ripon, d.d. 4-9-1894.

164) C.R.O. 487, nr. 2, Loch aan Ripon, d.d. 27-8-1894.

165) C.R.O. 487, nr. 3, Loch aan Ripon, d.d. 4-9-1894.

166) C.R.O. 487, nr. 1, Loch aan Ripon, d.d. 18-7-1894; nr. 2, Loch aan Ripon, d.d. 27-8-1894. (Die eedformulier van die Republiek het van nuwe burgers vereis om hul getrouheid aan die vorige staat af te sweer).

167) C.R.O. 487, nr. 1, Loch aan Ripon, d.d. 18-7-1894.

168) C.R.O. 487, nr. II, Loch aan Ripon, d.d. 27-8-1894.

verbindtenisse aan te gaan sonder die toestemming van Brittanje nie.[169] Loch was egter nouliks in Suid-Afrika terug of Ripon telegrafeer aan hom dat die Britse regering, vanweë die gevaar van Duitse intervensie in Suid-Afrika, nie meer geneë was om die beoogde wysiging in die Konvensie toe te staan nie en dat hy in enige onderhandelinge met Kruger die stilswye daaroor moes bewaar.[170] Onthou moet word dat Rosebery nou Eerste Minister was en dat hy die Duitse Imperialisme nog meer gevrees het as selfs Salisbury. 'n Ander rede vir die bolmakiesieslanery was dat die Liberale Party, weens tweespalt in sy geledere, glad nie meer stewig in die saal gesit het nie.[171] 'n Algemene verkiesing kon enige oomblik plaasvind, en sy kanse was uiters gering om weer aan bewind te kom as hy maar enigsins aan die Konvensie gepeuter het.

Hoewel Loch nie juis daarop kon boog dat die Britse bewindhebbers altyd volle vertroue gehad het in sy voorskrifte vir die ernstige en menigvuldige kwale waaraan Suid-Afrika gely het nie, het hy tog een wenk aan die hand gedoen wat in die Koloniale Kantoor, onder sowel Ripon as Chamberlain, groot byval gevind het. Dit was die gedagte dat Kruger Londen moes besoek.[172] Veral na die opsienbarende mislukking van Rhodes se aanslag op die onafhanklikheid van die Republiek het Chamberlain alles in sy vermoë gedoen om die Boerepresident na Downingstraat te lok. In Januarie 1896 gee hy sir Hercules Robinson, wat Loch intussen in Kaapstad vervang het, opdrag om 'n hartlike uitnodiging aan Kruger te rig om Brittanje te besoek, met die doel om alle sake te bespreek wat betrekking het op die veiligheid van die Republiek en die algemene welvaart van Suid-Afrika. In Londen sal hy die gas wees van die Britse regering, „who will make suitable arrangements for his entertainment." Die Britse regering sal 'n boot na Delagoabaai of enige ander hawe stuur om hom na Brittanje te vervoer. Indien hy begeer om een of meer lede van die Uitvoerende Raad mee te bring, is hulle ook welkom. Robinson moet hom egter duidelik laat verstaan dat die Britse regering nie 'n wysiging van artikel 4 van die Londen-Konvensie kan oorweeg nie.[173] Vroeg in Februarie sein Chamberlain weer aan Robin-

---

169) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, brief nr. 82, Ripon aan Loch, d.d. 19-10-1894. (Die betrekkinge tussen die twee Boererepublieke sou nie onderhewig wees aan die beperkinge van hierdie bepaling nie).

170) Ibid., nr. 89, Ripon aan Loch, d.d. 29-11-1894.

171) S.S.a. II B.B. 70/94 ( G.R. 506/94), Montagu White, konsul-generaal van die Republiek in Londen, aan Staatsekretaris, d.d. 24-8-1894.

172) Ibid.

173) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 514, brief nr. 8, Chamberlain aan Robinson, d.d. 27-1-1896.

son dat hy meer as ooit oortuig is dat 'n besoek van Kruger aan Londen niks anders as goeie vrugte kan afwerp nie.[174)]

Die entoesiasme wat die voorgestelde besoek van Kruger aan die hoofstad van die Britse Ryk in amptelike Britse kringe uitgelok het, het die Boereleiers uit die staanspoor met agterdog vervul. In hierdie verband het Montagu White, konsul-generaal van die Republiek in Londen, 'n belangrike rol gespeel. White was natuurlik die aangewese persoon om die politieke barometer in Downingstraat en trouens in die hele Brittanje noukeurig dop te hou. Hy het niks daarvan gehou dat die voorstel juis van Loch afkomstig moes wees nie. Loch het hom in die verlede geen vriend van die Republiek betoon nie en sy „vriendelijke"[175)] tussenkoms kon nie vertrou word nie.[176)] In 'n verklaring wat deur die „Pall Mall Gazette" van 18 Augustus 1894 die wêreld ingestuur is, verwys Loch na die „generosity" van Engeland teenoor die Transvaal „en versterkt dus de handen van Sir Ashmead Bartlett en ander vijanden in hunne aanvallen op die Britsche ministerie voor de tegemoetkoming of niet strenge interventie in onze Binnenlandsche zaken."[177)] White was oortuig dat as 'n Boeredeputasie na Londen gestuur word, die Britse regering „vele voorrechten" vir die nuwe bevolking van die Republiek sou eis voordat enige wysigings in die Konvensie oorweeg sou word.[178)] Tot hierdie slotsom het hy geraak na 'n onderhoud met Loch tydens lg. se besoek aan Brittanje. Die Hoë Kommissaris het hom laat verstaan dat 'n nuwe benadering van die uitlandervraagstuk 'n „sine qua non" was vir die voortbestaan van die Republiek en gewaarsku dat die vergieting van „een droppel Engelsche bloed" as gevolg van Kruger se onderdrukkende beleid die Britse regering sou verplig om tussenbei te tree. 'n Ernstige woordewisseling het ontstaan na aanleiding van die eedformulier van die Republiek. Loch het verklaar dat hy geen eerbied vir 'n persoon gehad het wat sy getrouheid aan sy vorige soewerein afgesweer het nie. White was dadelik gereed met die antwoord dat hy geen eerbied gehad het nie vir 'n persoon wat burger van 'n land wou word „met een verraderlijken gedachten in zijn hart om de vorm van de Regeering te veranderen."[179)] Vir White was Loch die verpersoonliking van die Britse Imperialisme in sy gevaarlikste vorm. Hy

---

174) Ibid., nr. II, Chamberlain aan Robinson, d.d. 6-2-1896.

175) Deur White self in aanhalingstekens geplaas.

176) S.S.a. II, B.B. 70/94 (G.R. 506/94), White aan Staatsekretaris, d.d. 24-8-1894.

177) Ibid.

178) Ibid.

179) S.S.a. II, B.B. 87/94, White aan Staatsekretaris, d.d. 13-9-1894.

het dan ook teenoor sy owerheid die hoop uitgespreek dat die Britse kroon spoedig 'n ander verteenwoordiger in Suid-Afrika sou hê.[180] White se vermoede dat Kruger na Londen uitgenooi is met geen ander doel as dat hy die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek op die altaar van die Britse Imperialisme moes gaan lê nie, is versterk deur die hartlike ondersteuning wat sir Robert Meade, die Permanente Ondersekretaris van Kolonies, aan die plan toegesê het. Op dieselfde dag toe White met Loch gesels het, het Meade hom ook te woord gestaan. Meade het sterk daarop aangedring dat hy die Transvaalse regering sommer „per draad" moes adviseer om 'n deputasie onder leiding van Kruger na Downingstraat te stuur.[181] Daartoe was White nie bereid nie. Hy het die saak egter volledig op skrif gestel, sodat sy owerheid kon begryp dat die uitbreiding van die stemreg die eintlike spil was waarom die hele saak gedraai het.[182]

Die alarm wat White gemaak het, het die gewenste uitwerking in Pretoria gehad. In antwoord op Chamberlain se uitnodiging om die vraagstukke van Suid-Afrika met hom persoonlik te kom bespreek, het Kruger 'n waarborg geëis dat die Minister geen poging moes aanwend om hom in te laat met die Republiek se binnelandse beleid nie. Dit was uitsluitlik die taak van die uitvoerende en wetgewende mag om maatreëls te oorweeg vir die vrede en voorspoed van die bewoners. Terselfdertyd het hy sy begeerte herhaal om 'n rooi streep deur die Konvensie van Londen te trek en dit deur 'n handels- en vriendskapsverdrag te vervang.[183] Op 27 April 1896 het Chamberlain sy uitnodiging teruggetrek, omdat 'n konferensie nutteloos sou wees solank hy en Kruger geen grondslag kon vind om op te onderhandel nie.[184] Chamberlain, wat sedert sy eerste toetrede tot 'n Britse kabinet in 1880 eerstehandse ondervinding opgedoen het van die Boerenasionalisme, behoort te geweet het dat hy op 'n onbeweeglike rots gestuit het. Kruger het aan die einde van 1896 sy saak op baie treffende wyse in die Volksraad gestel: „En slaan wij ons oog op den Vrijheidsoorlog, dan is het de Heer, die ons in 1881 weer heeft vrijgemaakt, en derhalve: een vloek over mij indien ik die onafhanklijkheid zou schenden. Het Volk heeft mij gekozen om die onafhanklijkheid te bewaren, en wee mij zoo ik die

---

180) Ibid.

181) Ibid.

182) Ibid.

183) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 514, die Bylae in 49, Kruger aan Robinson, d.d. 17-3-1896; ook nr. 53, Robinson aan Chamberlain, d.d. 25-4-1896, en nr. 294, Robinson aan Chamberlain, d.d. 27-4-1896.

184) B.A., Imp. White Books, Vol. 51, nr. 514, brief nr. 54, Chamberlain aan Robinson, d.d. 27-4-1896.

niet zou bewaren. Ik zal dit voor God moeten verantwoorden, en zou ik liever mijn leven verliezen dan dat ik die onafhanklijkheid zou schenden, want het is de Heer die deze aan het Volk heeft teruggegeven."[185] Kort voor sy vierde verkiesing tot Staatspresident in 1898 het Kruger, met verwysing na „de oproermakers in Zuid-Afrika"[186] hom soos volg in die Raad uitgelaat: „Ik weet dat er wordt gezegd: Paul Kruger is te bekrompen, de Staat gaat achteruit! Doch zij keeren de zaak om, want voor hen gaat de Staat te flink vooruit en is al ver voor de Kaap, Hij wordt sterk en daarover is men kwaad. We moeten achteruit gaan en onze onafhankelijkheid weggooien..."[187] Hy het bygevoeg dat die Uitvoerende Raad waak vir die onafhanklikheid van die Republiek en sy vasberadenheid opnuut te kenne gegee om die kosbare skat van die Boer met goed en bloed te verdedig.[188]

---

185) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Art. 2295, toespraak deur die president gelewer op 11 Desember 1896.

186) Volgens Kruger self bedoel hy hiermee diegene vir wie die onafhanklikheid van die Republiek die grootste vloek was.

187) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, gedurende sy sitting wat op 14 Februarie 1898 'n aanvang geneem het (Art. 351).

188) Ibid.

## HOOFSTUK XVI.

## Die plek van die Suid-Afrikaanse Republiek aan die diplomatieke front.

In hoofstuk III het ons aangetoon dat hoewel die betekenis van die woord susereiniteit met die gang van die eeue verskillende skakeringe ontwikkel het, die Londen-Konvensie doelbewus Brittanje se susereiniteit oor die Suid-Afrikaanse Republiek van alle sentimentele interpretasie gestroop het. Die koalisieregering van Salisbury en Chamberlain wat in 1895 aan bewind gekom het, het weer aanspraak gemaak op hierdie sentimentele interpretasie en beweer dat dit van die Pretoria- na die Londen-Konvensie oorgedra is.[1] Die vraag is nou watter weerklank hulle optrede in Europa en elders gevind het. Voordat ons hierop ingaan, moet ons eers die verwikkelinge skets wat tot hul opsienbarende aanspraak gelei het.

Met die instroming van vreemdelinge in die Republiek, ná die ontdekking van goud op die Witwatersrand, het die vrees spoedig in Britse kringe ontstaan dat vreemde moondhede Brittanje vroeër of later uit Suid-Afrika kon verdring. In die susereiniteit van die Britse kroon oor die Republiek, soos dit in 1881 in Pretoria ingestel is, het hulle 'n nuttige wapen gesien om vreemde invloed in die Republiek te beveg en hul oppergesag te beveilig. Trouens, Chamberlain het self verklaar dat daar 'n nou verband is tussen suzerainty en paramountcy.[2] Reeds in Februarie 1890 het Edward Hardcastle die vraag in die Britse parlement gestel of die kroon sy susereiniteit oor die Transvaal behou het nadat Brittanje sy troepe uit daardie land teruggetrek het. Indien die regering bevestigend antwoord, wou hy ook weet wat die aard en betekenis van die susereiniteit was en of die Britse onderdane in die Republiek, wat volgens inligting aan hom verstrek alreeds die Boere in getalsterkte oortref het, op grond van die susereiniteit kon aanspraak

---

1) Die susereiniteit waarop Chamberlain aanspraak gemaak het, is nie die susereiniteit van Derby nie, maar dit is die susereiniteit van die Britse agent in Pretoria toe hy, na die herstel van die Republiek in 1881, beswaar gemaak het dat die heildronk op die Britse Koningin, in haar hoedanigheid as suserein van die Transvaal-Staat, tydens die Paardekraalfees so laag op die rangorde gekom het.

2) Chamberlain in die Britse Laerhuis op 19 Oktober 1899. (Boyd, II, p. 29-36). Vergelyk ook die standpunt van die Imperial South African Association: „It has been laid down clearly and emphatically, not once or twice only, that England will exhaust all her resources before she abandons the rights and powers conferred on her by her position as Paramount Power, and the sooner Mr. Kruger realises that this word paramountcy implies actual suzerainty, the sooner will he come to an understanding with Great Britain as to the reforms, necessary to remedy the grievances of the Uitlanders..." (Handy Notes on South Africa for the use of speakers and others, p. 28. (Uitgawe van 1896).

maak op die stemreg. W. H. Smith, 'n lid van Salisbury se Konserwatiewe kabinet wat destyds aan bewind was, het 'n antwoord verstrek waaruit Hardcastle, ten minste wat die susereiniteitsvraagstuk betref, seker nie veel wys kon word nie. Hy het verklaar: „The Convention of London, made in 1884, between Her Majesty and the South African Republic, contains no express reservation of the Queen's right of suzerainty, and, although Her Majesty retains under the Convention the power of refusing to sanction treaties made by the South African Republic with foreign States and nations and with certain native tribes, it is a cardinal principle of that settlement that the internal government and legislation of the South African Republic shall not be interfered with."[3] Een saak was vir Smith baie duidelik, nl. dat, of daar nou al 'n susereiniteit bestaan het of nie, Brittanje hom onder geen omstandighede kon inlaat met die interne aangeleenthede van die Republiek nie. Wat sy verklaring so betekenisvol maak, is die lig wat dit werp op die diepgaande kentering in die houding van Salisbury t.o.v. hierdie vraagstukke in die daaropvolgende dekade. Downingstraat sou in elk geval, binne afsienbare tyd, gedwing word om 'n besliste standpunt in te neem met betrekking tot die susereiniteitsvraagstuk. In hierdie verband het die vinnige opkoms van die Duitse imperialisme 'n belangrike rol gespeel.

Ons het daarop gewys dat Ripon teen die einde van 1894 onrustig geword het oor die moontlikheid van Duitse intervensie in Suid-Afrika. Die rooi lig wat die Britse agent uit Pretoria laat sien het, het baie hiertoe bygedra.[4] Dit is verbasend hoe vinnig die besorgdheid van die Minister tot paniekerigheid in die hele Downingstraat gelei het. In Januarie 1895 het Kimberley dit nodig gevind om Duitsland te waarsku dat die Suid-Afrikaanse Republiek binne die Britse invloedsfeer geleë was. Aanleiding hiertoe was die gesellige wyse waarop die Boere en Duitsers die geboortedag van Wilhelm II in Pretoria saam herdenk het en veral die toespraak wat Kruger by daardie geleentheid gelewer het. Edward Malet, die Britse ambassadeur in Berlyn, het opdrag gekry om die Wilhelmstrasse te waarsku dat Brittanje geen „entente cordiale" tussen die Republiek en Duitsland sou duld nie. „Of course, no one can object to manifestations of friendship towards the Emperor,"

---

3) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, brief nr. 30, Law Officers to Colonial Office, d.d. 3-7-1894. (Onderstreping deur skrywer).

4) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, brief nr. 88, Hoë Kommissaris aan Ripon, d.d. 29-10-1894; ook die Bylae.

skrywe Kimberley aan Malet, „but the speech of President Kruger gives a somewhat wrong impression of the position of the South African Republic as regards its relations with foreign Powers. It is true that in the last Convention between us and the Republic we gave up the clause as to suzerainty, but we retained the very important and significant stipulation that no Treaty can be made between the Republic and any foreign Power without the assent of the Queen. This is a stipulation which prevents any Treaty or alliance without our consent, and it is a stipulation which we shall enforce."[5] Malet moes die Duitse regering daaraan herinner dat Brittanje onderneem het om die „status quo" in daardie deel van Afrika te handhaaf, en dit was dus dringend noodsaaklik dat niks gesê of gedoen moes word wat agterdog kon verwek met betrekking tot Duitsland se verhouding tot die Transvaal nie. Die openbare mening in Brittanje en Suid-Afrika was te gevoelig oor die saak.[6] Kimberley het ook Von Hatzfeldt, die Duitse ambassadeur in Londen, gewaarsku dat Duitsland nie met vuur moes speel nie.[7] Dit het Kimberley agterna gehinder dat hy by implikasie te kenne gegee het dat die Britse susereiniteit oor die Republiek nie meer bestaan het nie. Daarom het hy na die pen gegryp en die saak probeer red. Op 19 Februarie deel hy Malet mee „that in my reference to the last Convention between Great Britain and the Republic, it would have been more precise if instead of saying that 'we gave up the clause as to suzerainty', I had said that the clause had not been renewed."[8]

Kimberley was nie die enigste leidende Brit wat verstrik geraak het in die susereiniteitsvraagstuk nie. In Julie 1894 was daar 'n woordewisseling in die Britse parlement tussen Sydney Buxton, die Onderminister van Kolonies, en Ashmead Bartlett, omdat lg. geëis het dat Brittanje sy aanspraak op susereiniteit moes herbevestig. Na afloop van die debat het Montagu White die volgende kabelgram aan Pretoria gestuur: „Buxton betreurde aanspraak van Bartlett, die suzereiniteit ophield." Die berig het verdraaid in die Suid-Afrikaanse pers verskyn en die indruk gewek dat die Minister aanspraak gemaak het op susereiniteit. Die vyande van die Republiek het gejuig.[9] Terselfdertyd het Loch ook aan Ripon geskrywe dat die onsekerheid omtrent die volkeregtelike posisie van die Republiek baie moeilikheid

5) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 6773, brief nr. 16, Kimberley aan Malet, d.d. 30-1-1895. (Onderstreping deur skrywer).

6) Ibid.

7) Ibid.

8) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 6773, brief nr. 32, Kimberley aan Malet, d.d. 19-2-1895.

9) S.S.a II, B.B. 74/94, White aan staatsekretaris, d.d. 28-8-1894.

in die praktyk opgelewer het. Hy het dit bv. ondervind in verband met sy poging om Britse onderdane in die Transvaal van verpligte militêre diens vrygestel te kry. Loch kon egter geen lig in die duister sien nie, want hoewel hy, soos Ripon, geglo het dat die susereiniteit nog bestaan het, het hy die storm gevrees wat onder die Boere ontketen sou word as Brittanje maar net enigsins daarop sou sinspeel.[10] 'n Paar maande later maak Ripon kennis met die standpunt van sir Jacobus de Wet, die Britse agent in Pretoria. 'n Groter vyand van die Republiek as De Wet kon Rhodes nooit gewees het nie. Hy was juis die man wat die aandag van die Koloniale Kantoor gevestig het op die gevaar van die voortdringende Duitse imperialisme in Suid-Afrika. Tog het hy die bestaan van 'n Britse susereiniteit oor die Republiek ontken. In 'n tirade waarin hy die onbevoegdheid van die Boerebewind in die donkerste kleure skilder, verklaar hy: "I have shown that the Boer does not and never did regard the retrocession[11] as a favour, and I will now point out that the Government have not at any time shown a wish to foster friendly relations with Her Majesty's Government except when it served their own purposes. I will begin with the Conventions. It may reasonably have been expected that, after succeeding in getting the suzerainty removed, and obtaining that mild instrument of 1884 in place of the somewhat restrictive provisions of the Convention of 1881, the Government would, at least, have observed the terms of the last Convention, if only for the sake of friendship and neighbourly relations; this consideration had had no weight with them either in spirit or letter."[12] Die verwarring onder die Britse Imperialiste t.o.v. die susereiniteitsvraagstuk was nadelig vir Londen se internasionale prestige. As Rosebery in alle opsigte aan Salisbury so 'n bankrotboedel nagelaat het toe die Konserwatiewe leier hom in die helfte van 1895 opgevolg het, het hy sy loesing by die stembus terdeë verdien.

---

10) B.A., Imp. White Books, Vol. 50, nr. 470, brief nr. 45, Loch aan Ripon, d.d. 2-7-1894. Ripon het, in antwoord op 'n petisie van die Indiërs in die Transvaal oor hul behandeling, aan Loch geskrywe: „The memorialists should be made aware that Her Majesty's suzerainty over the South African Republic does not enable her to interfere in the internal administration of that State except by negociation." (C.R.O. 606, byvoegsel by nr. 210, Ripon aan Loch, d.d. 21-2-1893). Toe Loch hierdie boodskap aan die Indiërs oorgedra het, het hy dit wyslik geag om die woord „susereiniteit" weg te laat. (C.R.O. 606, nr. 238, Milner aan Chamberlain, d.d. 13-11-1899). (Onderstreping deur skrywer).

11) Hy verwys na die „herstel" van die Republiek in 1881.

12) C.R.O. 532, nr. 1, De Wet aan Ripon, d.d. 15-10-1894. (Onderstreping deur skrywer). Later in dieselfde dépêche laat De Wet hom soos volg uit oor die Kruger-bewind: „So long as President Krüger and his dopper friends retain supremacy in this country, the aliens will continue to be regarded fair objects of plunder by every species of taxation ingenuity can invent, and they will remain political serfs, unless emancipated by the force of circumstances." (Ibid., p. 7).

Binne ses maande na sy bewindsaanvaarding het die Jameson-inval en die reaksie wat dit in Duitsland uitgelok het, Salisbury gedwing om 'n finale standpunt in te neem met betrekking tot die Republiek se status en dit teen wil en dank te handhaaf. Enkele dae nadat Jameson tot oorgawe gedwing is, het baron Von Marschall, Duitsland se Minister van Buitelandse Sake, verklaar dat Brittanje se susereiniteit oor die Republiek deur die Konvensie van Londen in die ban gedoen is. Salisbury het op staande voet 'n onderhoud met Von Hatzfeldt aangevra en aan hom verduidelik dat „in our view" die inleiding van die Konvensie van Pretoria, waarin die susereiniteit oor die Transvaal neergelê is, nie te niet gedoen is nie en dat daardie verhouding tussen Brittanje en die Republiek gevolglik gehandhaaf is. Die Duitser het sy spyt te kenne gegee dat die Konvensies van Pretoria en Londen nie noukeuriger bewoord is nie. Hoewel Duitsland geen voorneme gehad het om inbreuk te maak op Brittanje se regte nie, kon hy nie die standpunt onderskryf dat die susereiniteit nog bestaan het nie. Von Hatzfeldt het die gerug ten sterkste ontken dat Duitsland begeer het om 'n protektoraat oor die Republiek in te stel. Dit was jammer dat die Keiser se telegram van gelukwensing aan Kruger omdat hy sy gesag gehandhaaf het, so 'n storm in Brittanje ontketen het. Wilhelm het nie bedoel om 'n vraagteken agter Brittanje se regte in Suid-Afrika te plaas nie.[13) ] Op 8 Januarie 1896 bevind die Duitse ambassadeur hom vir die tweede keer binne vier en twintig uur in Salisbury se kantoor om die Suid-Afrikaanse krisis met die Minister te bespreek. Hoewel hy herhaal dat Duitsland geen kwade bedoelings gehad het nie, ontken hy met baie groter nadruk as vantevore dat die Republiek sedert 1884 onder die susereiniteit van Brittanje gestaan het. So 'n aanspraak word nie slegs weerspreek deur die tweede Konvensie nie maar ook deur die verklarings wat ministers van die Britse kroon van tyd tot tyd gedoen het. Hy daag Salisbury om die geskil voor 'n arbitrasiehof te lê.[14) ] Die feit dat Von Hatzfeldt hier as kampvegter van die Boeresaak optree, moet geensins as opregte vriendskap vertolk word nie. Afgesien daarvan dat hy natuurlik gebind was om die amptelike Duitse beleid te onderskrywe, was hy, soos die baas wat hy gedien het, 'n opportunis van die eerste water. Ons is oortuig dat as die Jameson-inval ná die totstandkoming van die Angola-verdrag plaasgevind het, hy sy volle steun aan die standpunt van Salisbury sou toegesê het. Hy het die Britse Minister nietemin onmiddellik op die verdediging geplaas. Salisbury het volle vertroue in sy saak uitgespreek. Hy het beweer dat as die interpretasie van die susereiniteitsbegrip in verskillende dele van die wêreld in aanmerking geneem word, „Her Majesty's relation

13) $F.O._2$ 266/243, G, Salisbury aan Lascelles, d.d. 7-1-1896.

14) $F.O._2$ 266/243, H, Salisbury aan Lascelles, d.d. 9-1-1896.

to the Transvaal could only be described as that of a Suzerain." Enige vorm van onafhanklikheid na buite is onversoenbaar met die onvermoë van die Republiek om sonder Brittanje se goedkeuring verdraemet vreemde moondhede te sluit.[15] Wat Salisbury soveel meer vasberade gemaak het om nie 'n haarbreedte te wyk nie, was die polemiek wat op hierdie tydstip in die Britse pers oor die saak gevoer is. In die „Times" het 'n pennestryd gewoed tussen „Blue Book" en Karl Blind, 'n voormalige lid van die „Transvaal Independence Committee," 'n liggaam wat hom, ná die anneksasie van die Transvaal deur Shepstone, beywer het vir die herstel van die Boere se politieke vryheid. Blind maak daarop aanspraak dat hy die Boeredeputasie, wat in 1883 na Londen gegaan het om 'n wysiging van die Pretoria-Konvensie te verkry, deur dik en dun bygestaan het. Een van hul vernaamste oogmerke was juis om van die susereiniteit met al sy knellende laste bevry te word. Om sy standpunt dat die susereiniteit in die nuwe Konvensie verval het te staaf, verwys Blind o.m. na die verdwyning van die „Preamble" van die vorige Konvensie, die woord susereín waar dit ook al voorgekom het en die benaming Transvaal-Staat; asook na die afstand van Brittanje se reg om troepe deur die Republiek te vervoer. Om weer in die Londen-Konvensie te lees wat daaruit verdwyn het, sal Brittanje se goeie naam in die buiteland skaad en aanleiding gee tot veel haat en verbittering „which all true friends of progress must deeply deplore."[16] 'n Ander korrespondent van die „Times," E. A. Whittuck, bring Wilhelm II se telegram aan Kruger in verband met die susereiniteitsvraagstuk. Hy wys daarop dat die eerste Konvensie die Republiek verbind om, wat sy buitelandse beleid betref, gebruik te maak van Brittanje se diplomatieke diens. Die tweede Konvensie bepaal slegs dat Brittanje die Republiek se verdrae met vreemde moondhede moet goedkeur. Aangesien die Republiek nou die reg verkry het om verdrae te sluit, volg dit noodwendig dat hy ook sy eie diplomatieke onderhandelinge met ander state kan voer en 'n direkte verbinding met hulle kan handhaaf. Daar bestaan dus geen grond vir protes teen die Keiser se optrede nie, al was dit ook 'n vyandige daad teenoor Brittanje.[17] Whittuck se skrywe was eintlik bedoel as 'n antwoord op die stelling van nog 'n polemikus, ene Finch-Hatton, wat beweer het dat die Duitse Keiser die internasionale reg geskend het.[18] Die reaksie in Downingstraat op die agitasie in sowel Brittanje as in die buiteland, was die besluit om

---

15) Ibid.

16) F.O.$_2$ 266/243 (E), Extract from the "Times" of January 7, 1896. Karl Blind was 'n bekende Duitse liberalis wat al baie jare as balling in Engeland gewoon het. (Vgl. Backeberg, a.w., p. 283).

17) F.O.$_2$ 266/243 (F), Extract from the "Times" of January 7, 1896.

18) Ibid.

'n nuwe politieke wapen - 'n "susereiniteitsbom" - in gereedheid te hou en te wag vir 'n geleë oomblik om die skoot af te trek. Hierdie taak het Salisbury met graagte aan Chamberlain oorgelaat.

Dit is glad nie onmoontlik dat Kruger bewus was van die geheime wapen waarmee Chamberlain moes poog om die Republiek in die hart te tref as die geleentheid hom voordoen nie. In die korrespondensie wat betrekking het op Kruger se voorgenome besoek aan Brittanje en die wysiging van die Londen-Konvensie, vermeld hy herhaalde kere die susereiniteitsvraagstuk. Op 25 Januarie 1896 verklaar hy in 'n private skrywe aan Robinson dat die Republiek sedert 1884 niks meer met 'n Britse susereiniteit te doen gehad het nie.[19] Presies 'n maand later kom hy weer op die saak terug. Hy noem aan Robinson as een van die redes waarom hy die Londen-Konvensie deur 'n gewone vriendskapsverdrag met Brittanje vervang wou hê, die misbruik wat kwaadwillige propagandiste van die Konvensie maak deur met opset 'n susereiniteit daarin te lees wat nie meer bestaan nie, sodat hulle blank en nieblank kan aanhits tot weerstand teen die gesag van die Republiek en 'n valse verhouding kan skep tussen Brittanje en die Transvaal, wat noodwendig die belange van beide state en hul onderdane moet benadeel.[20] Kruger se kommer moet waarskynlik daaruit verklaar word dat Duitsland hom in die geheim ingelig het oor Downingstraat se standpunt.

Baie Britse Imperialiste het seker verwag dat die mislukking van die Jameson-inval en die daaropvolgende inmenging van die Duitse keiser met Suid-Afrikaanse aangeleenthede, Chamberlain sou beweeg om op staande voet Brittanje se susereiniteit oor die Republiek te herbevestig. Dit moes derhalwe vir hulle 'n teleurstelling gewees het toe hy geen haas toon om Pretoria in kennis te stel dat die Britse regering besluit het om sy status weer terug te bring tot diè van 1881 nie. Miskien moet sy versigtigheid in 'n mate gewyt word aan die houding van Duitsland t.o.v. die vraagstuk. Sonder 'n veel sterker vloot het Wilhelm II egter geen hoop gehad om aan die Britse Imperialisme paal en perk te stel nie.[21] As ervare politieke weerprofeet moes Chamberlain besef het dat die onweerswolke wat in Berlyn opgesteek

---

19) B.A., Vol. 51, nr. 514, die eerste Bylae in brief nr. 27, Kruger aan Robinson, d.d. 25-1-1896.

20) Ibid., die eerste Bylae in brief nr. 37, Kruger aan Robinson, d.d. 25-2-1896.

21) Halevy toon in sy waardevolle werk, Imperialism and the Rise of Labour, met syfers aan hoe hopeloos minderwaardig die Duitse vloot op daardie tydstip teenoor die Britse vloot vertoon het. (Vgl. die voetnoot op p. 35). Vergelyk verder Backeberg, a.w., p. 290-291.

het, sou uitreën voordat hulle Downingstraat veel skade kon aandoen. 'n Meer aanneenlike verklaring vir die geduld wat hy beoefen het, sou wees dat hy eers die storm wat deur Jameson ontketen is, wou kans gee om uit te woed. Daar het juis sterk agterdog bestaan dat hy gemoeid was met die geweldadige aanslag op die onafhanklikheid van die Republiek.22) As hy te gou met 'n magspolitiek in Suid-Afrika begin het, kon die wêreldmening dit maklik vertolk het as weerwraak op Jameson se neerlaag. In die najaar van 1896 het die opgewondenheid tot bedaring gekom, en die nuwe jaar sou 'n kentering inlui in Chamberlain se optrede teenoor die Republiek. Die verandering in sy houding is al dadelik opgemerk deur die vriende wat Kruger nog in die Britse Laerhuis oorgehad het. Op 4 Maart 1897 het lord John Morley teenoor Montagu White opgemerk dat Chamberlain sedert die aanvang van die parlementsitting 'n groot geestesverandering ondergaan het en 'n vyand van die Boere geword het.23) Dr. C. B. Clark het hom in dieselfde trant uitgelaat.24)

Ongeveer in hierdie tyd het Chamberlain dan ook die ystervuis begin ontbloot. In Maart protesteer hy teen die sg. „Vreemdelingenwet," „Uitzettingswet" en „Perswet," omdat hulle die Londen-Konvensie sou geskend het,25) en hy dwing die Republiek daarna deur dreigemente van militêre geweld om die eerste wet te herroep en te belowe om die tweede in hersiening te neem.26) Terselfdertyd stuur hy sir Alfred Milner as Hoë Kommissaris na die Kaap, 'n man wat ten minste <u>een</u> eienskap met Bismarck gemeen gehad het, nl. dat hy nie gehuiwer het om sy ideaal deur „Blut und Eisen" te verwesenlik nie.27) In die najaar los hy die „susereiniteitsbom" in die Britse Laerhuis. Dit was die hoogtepunt van 'n verwoede tweegeveg tussen hom en dr. Clark, die lid vir Caithness. Na aanleiding van Chamberlain se aantyging dat die Transvaalse Volksraad deur sekere wetgewing die Konvensie van Londen geskend het, het die Republiek voorgestel dat Londen en Pretoria hul geskille aan arbitra-

---

22) Vgl. Scholtz: Oorsake, I, p. 335-362, veral 339.

23) White aan staatsekretaris, d.d. 5-3-1897. (Aangehaal in Breytenbach, I, p. 187-188).

24) Vgl. Breytenbach, a.w., I, p. 188.

25) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1897, Art. 39, d.d. 6-5-1897. Chamberlain se protesnotas is in Hollands vertaal en woordeliks in die notule opgeneem.

26) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 85-95. Vergelyk ook die verklaring van Chamberlain in die Laerhuis op 4-8-1897. (Hansard, Band LII, p. 356).

27) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 126-129; Breytenbach, a.w., I, p. 188-191. Interessant is die opmerking van J. H. Hofmeyer, leier van die Afrikanerbond, nadat hy 'n paar keer met Milner gesels het: „Zijne komst betekent dat oorlog plaats vinden moet." (Aangehaal in Scholtz: Oorsake, II, p. 128).

sie moes onderwerp, „omdat een der partijen tot eene Conventie naar alle beginselen van billijkheid, niet kan verwachten dat zijne interpretatie als de alleen geldige en juiste door de andere partij zal worden geërbiedigd."[28] Hy het verder aan die hand gedoen dat die president van Switserland versoek moes word om 'n bevoegde regsgeleerde as arbiter aan te wys.[29] Clark het die Republiek ondersteun en wou van Chamberlain weet waarom die huidige regering nie, soos sy voorganger, sy geskille met Kruger aan 'n onpartydige arbiter voorgelê het nie.[30] Op 4 Augustus bestorm Chamberlain sy teenstander soos 'n verwoede bul; daar is nie 'n groter Boer onder die Boere as Clark nie. Sitting na sitting tree hy as kampvegter van die Transvaalse regering op, in sy oë die mees volmaakte en deugsame regering wat ooit bestaan het. Volgens hom was dit nog altyd die slagoffer van Britse onderdrukking en het die tyd aangebreek dat Brittanje probeer om sy probleme te begryp en 'n simpatieke oor aan sy voorstelle te verleen. Onder luide toejuiging van die huis roep Chamberlain uit; „Generally and broadly, I differ from every word the hon. Gentleman said. I differ from his facts, I dispute his conclusions, and I do not agree with his arguments." Dan volg die donderslag wat Kruger waarskynlik al sedert die Jameson-inval verwag het: "The hon. Member invites me to say that if any difficulty arises in regard to the Convention, Her Majesty's Government will, as their predecessors did, submit the difference to arbitration, and to the arbitration of a foreign Power. It would be a marvellous thing, if it were a true statement of the case, that the late Government had submitted the terms of a Convention between the Suzerain and the subordinate Power to the arbitration of a foreign Power. That would have been a most extraordinary thing, if the late Government had done it, but they never did it. What was submitted to arbitration was not the interpretation of the Convention, but some of the details by which effect should be given to it. That was submitted to the decision of the Chief Justice of the Free State, and his decision was perfectly satisfactory to this country."[31]

---

28) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1897, p. 297-302, Van Boeschoten, wnd. staatsekretaris, aan Hoë Kommissaris, d.d. 7-5-1897. (Onderstreping deur skrywer)

29) Ibid.

30) Clark het hier in gedagte die geskil in verband met die behandeling van Indiërs in die Transvaal wat aan die arbitrasie van regter Melius de Villiers van die Oranje-Vrystaat onderwerp is.

31) Hansard, 31-7-1897 - 6-8-1897, p. 356; F.O. 2 266/244, Extract from Mr. Chamberlain's speech in the House of Commons, August 4, 1897; B.A., Imp. White Books, vol. 52, nr. 536, Annexe to nr. 238, Extract from Mr. Chamberlain's speech in the House of Commons on August 4, 1897. (Onderstreping deur skrywer). Chamberlain aanvaar dus nie die status van die Oranje-Vrystaat as dié van 'n „foreign power" nie.

Daarna het Chamberlain sy aanspraak dat Brittanje die suserein van die Republiek was, verdedig in 'n lywige memorandum wat die Britse agent in Pretoria aan die Transvaalse owerheid moes oorhandig.[32] Milner kon sy vreugde nie verberg dat die Suid-Afrikaanse Republiek weer 'n „semi-Britse kolonie" geword het nie. In Desember 1897 sein hy aan Chamberlain: „They (the Transvaal Government) never expected from the first that their demand for arbitration would be consented to...They did not, however, anticipate that <u>a formal assertion</u> of our suzerainty would be our rejoinder."[33] So maklik sou die „susereiniteitsbom" egter nie 'n bres in die verdedigingslinie van die Boere slaan nie.

Die Republiek het byna onmiddellik die handskoen opgetel wat die Minister hom toegewerp het. Nog in dieselfde maand toe Clark en Chamberlain mekaar in die hare gevlieg het, is die saak in die Transvaalse Volksraad te berde gebring. Vorster, die lid vir Soutpansberg, wou van die regering weet of hy al offisieël berig ontvang het van Chamberlain se aanslag op die status van die Republiek. Kruger het geantwoord dat, hoewel hy nog oor geen ander inligting beskik het as dié wat in die pers verskyn het nie, die saak van soveel belang was dat hy hom verplig gevoel het om nadruklik te verklaar dat die betrekkinge tussen Brittanje en die Republiek gereël is deur die Konvensie van 1884 en dat die susereiniteit gevolglik sedert daardie tyd opgehou het om te bestaan.[34] Conyngham Greene was onmiddellik op die toneel om Kruger oor sy „astrantheid" by Milner te verklaa en hom selfs daarvan te beskuldig dat hy Vorster in die geheim aangehits het om die bal aan die rol te sit.[35] Die gevolg was dat Londen en Pretoria mekaar vir die volgende twee jaar lelik met die pen toegetakel het. In hierdie stryd het veral Leyds hom onderskei as 'n bekwame en logiese redenaar.[36] Aangesien hy egter die dure les geleer het dat die beste pen ter wêreld nie bestand is teen die magspolitiek nie, het hy hom beywer om ook in die praktyk te bewys dat die jingoïstiese meerderwaardigheid waarop die Union Jack aanspraak gemaak het in sy verhouding tot die

---

32) Z.A.R. 165, nr. 32, Chamberlain aan Milner, d.d. 16-10-1897.

33) C.R.O. 532, nr. 134, Milner aan Chamberlain, d.d. 15-12-1897. (Onderstreping deur skrywer).

34) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1897, Art. 915, d.d. 24-8-1897.

35) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 536, die Bylae in brief nr. 288, Greene aan Milner, d.d. 26-8-1897.

36) Vergelyk bv. Leyds se bekende susereiniteitsdépêche van 16 April, 1898, te vinde in Z.A.R. 165. Wat die juridiese sy van die saak betref, was Leyds as regsgeleerde natuurlik die meerdere van Chamberlain. (Vgl. ook Scholtz: Oorsake, II, p. 71-79, en Breytenbach, a.w., I, p. 229-235).

Vierkleur, nie bestaan het nie. Dit was na alles die kern van die hele susereiniteitsvraagstuk. Die sukses wat hy in hierdie opsig behaal het, was inderdaad 'n profetiese heenwysing na die herrysenis van die Boerenasionalisme ná die Tweede Vryheidsoorlog.

Beelaerts van Blokland, wat sedert 1884 opgetree het as gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek in Europa,[37] is vroeg in 1897 oorlede.[38] Dit het Leyds die geleentheid verskaf om aan te dring op 'n reorganisasie van die Republiek se diplomatieke diens in Europa. So 'n reorganisasie was om verskillende redes broodnodig. In die eerste plek het die voortuitsig om vrede in Suid-Afrika te bewaar al hoe skraler geword as gevolg van Chamberlain en Milner se aggressiewe houding. Die Republiek moes sy voelhorings begin uitstoot om vas te stel, nie slegs in hoeverre hy Brittanje sou kon isoleer in geval van 'n militêre botsing nie, maar ook op watter moondhede se positiewe bystand hy self sou kon reken. In die tweede plek sou 'n uitbreiding van die diplomatieke diens Brittanje in groot verleentheid stel wat betref sy aanspraak op susereiniteit oor die Republiek, terwyl dit die aansien van lg. staat in Europa baie sou verhoog. Dit is op hierdie aspek van die saak waarop ons nou moet ingaan.

Dit is seker nie per toeval dat Leyds binne enkele weke na Chamberlain se verklaring in die Britse Laerhuis oor die onvolwassenheid van die Republiek reeds 'n breedvoerige memorandum gereed gehad het oor die diplomatieke verteenwoordiging van die Transvaal in Europa nie.[39] Hy wys op die noodsaaklikheid dat 'n staat „die in de rij der natiën wil opgenomen en erkend worden," by alle regerings met wie hy betrekkinge wil handhaaf, diplomatiek verteenwoordig moet wees. Daarby kom nog dat die Republiek in 'n unieke posisie verkeer. Uit elke donker hoekie loer begerige oë na sy rykdom. As gevolg van sy afgeslotenheid is Europa onbekend met sy vraagstukke, sodat sy talryke vyande baie maklik valse voorstellings en berigte omtrent hom kan versprei en also die gemoedere van ander volke teen hom kan opsweep. Die bevoegdhede wat Leyds verlang van die persoon wat aan die hoof van die diplomatieke diens moet staan, verwek die indruk dat hy by voorbaat sy tande geslyp het vir daardie betrekking. Hy verklaar kortaf: „Beter niemand dan een ongeschikt persoon." Ten eerste moet die persoon 'n burger van die Republiek wees. Die nadeel van Beelaerts van Blokland se Nederlandse burgerskap was dat hy

---

37) Ons het in Hoofstuk I hierna verwys.

38) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 57.

39) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1898, Art. 272, rapport van Leyds, d.d. 29-9-1897.

as gesant van die Republiek by die Duitse, Franse en Portugese regerings geakkrediteer was maar nie by die Nederlandse regering nie. Verder moet hy deur en deur bekend wees met die besondere toestande in die Republiek en die algemene toestande in Suid-Afrika. Dit is nog nie voldoende nie: „Zij moeten ook geheel op de hoogte zijn van en bekend met Europeesche gewoonten, vormen en wetten, personen en toestanden, anders laten zij zich licht op een dwaalspoor brengen en maken een verkeerden indruk. Het is niet te verwachten dat zij altijd terzijde zullen worden gestaan en omringd door welwillende vrienden en helpers." Wat die organisasie van die diplomatieke diens betref, stel Leyds voor dat 'n buitengewone gesant en gevolmagtigde minister geplaas moet word in die hoofstede van elk van die volgende lande: Brittanje, Frankryk, Duitsland en Portugal, en, indien moontlik, ook in dié van Italië en Switserland. Een van hierdie gesante moet „bij wijze van huishoudelijke regeling" aan die hoof van die hele diplomatieke diens gestel word. By elke gesantskap waar baie werk te doen sal wees, soos ongetwyfeld by dié in Parys en Berlyn, moet die gesant, in ooreenstemming met die volkereg, bygestaan word deur 'n legasiesekretaris met die rang van „Chargé d'Affaires." Die sekretaris kan, waar omstandighede dit vereis, ook met konsulêre funksies belas word. Elke gesantskap moet van voldoende werkkragte voorsien word. Hy wys daarop dat tydens sy besoek aan Europa na die afsterwe van Beelaerts van Blokland, hy moeilik sy werk kon byhou met ses persone, w.o. twee snelskrywers. Leyds het natuurlik besef dat sy planne baie ambisieus was, veral as in aanmerking geneem word watter reusebedrae die Republiek in daardie krisistyd vir verdedigingsdoeleindes benodig het. Daarom wy hy die laaste deel van sy memorandum aan 'n alternatiewe skema waarvolgens slegs een gesant vir die hele Europa aangestel sou word. In daardie geval moet in elke hoofstad ten minste 'n saakgelastigde (Chargé d'Affaires) geplaas word wat direk toegang tot die betrokke ministers kan hê. Besonder interessant is sy opmerking dat indien slegs <u>een</u> gesant aangestel word, hy nóg in Parys nóg in Berlyn moet woon. Hy kan in Den Haag of Brussel gevestig word, „doch in ieder geval buiten Duitschland en Frankrijk beiden." Hy sinspeel hier op die slegte verhouding wat daar tussen die Duitsers en Franse bestaan het, en wil ten alle koste verhoed dat die gesant by hul geskille ingesleep word, omdat die Republiek nie kon bekostig om die vriendskap van die een of ander te verbeur in sy titaniese stryd teen die Britse Imperialisme nie.

Op 13 Oktober 1897 het die Uitvoerende Raad Leyds se aanbevelings in oorweging geneem. Die Raad was nie te vinde vir die gedagte om vier of meer gesante aan te stel nie. Dit sou te moeilik gaan om geskikte persone te vind en die finan-

siële las sou ook te swaar druk op die Republiek. Daarom is besluit om die Volksraad magtiging te vra om een gesantskap in te rig en die diplomatieke en konsulêre diens te reorganiseer teen 'n beraamde koste van £17,500.[40] Die saak is 'n paar weke later in die Volksraad ter tafel gelê. Dit blyk dat die meeste lede nie Leyds se politieke motief gepeil het nie maar hulle deur materiële oorwegings laat lei het. Die onkoste verbonde aan die skema het hulle afgeskrik, en met 'n groot meerderheid van stemme is 'n voorstel aanvaar dat die saak uitgestel moes word tot in Februarie van die volgende jaar. Terselfdertyd het die regering opdrag gekry om 'n spesifieke opgawe voor te berei van die voorgestelde salarisse vir „onze vertegenwoordigers in het buitenland."[41]

Toe Leyds aan die begin van 1898 die stryd teen die Volksraad hervat het, was sy grootste probleem om die lede te oortuig dat 'n salaris van £4,000 nie te groot vir die gesant sou wees nie. Die vernaamste argumente wat hy moes ontsenu, was dat Van Blokland vir baie jare die werk sonder enige vergoeding gedoen het en later slegs 'n toelaag van £600 ontvang het; dat die lewenskoste in Europa laer was as in die Republiek; dat die lede van die Uitvoerende Raad slegs £2,000 ontvang het; dat die werksaamhede beperk was omdat die Republiek nie aan die see geleë was of oorsese besittings gehad het nie; en dat die salaris van die gesant buite alle verhouding sou wees met dié van die konsuls wat die handelsbelange van die Republiek moes behartig. Leyds het dit betreur dat die lede slegs die finansiële en ekonomiese belange van die Republiek in gedagte gehou het en die politieke aspek van die saak uit die oog verloor het: „Het grootste belang zit in de diplomatieke vertegenwoordiging, omdat die het bewijs is, dat eene Staat een onafhankelijke Staat is en niet onder Suzereiniteit staat." Hy was oortuig daarvan dat die gesant nie met minder as £4,000 sou kon deurkom nie „wilde hij de waardigheid van de Republiek ophouden." Hy het nie bedoel dat die gesant dieselfde lewenstandaard as die gesante van die groot moondhede soos dié van Duitsland, Frankryk, Brittanje of Rusland moes handhaaf nie, want dit „zou geen zin hebben en de lachlust opwekken." Die gesant van Brittanje in Parys bv. het 'n salaris van £9,000 gekry, 'n gemeubileerde paleis bewoon, allerlei toelae ontvang en oor 'n groot personeel beskik.

---

40) Uitvoerende Raadsbesluiten, 1897, Art. 812, d.d. 13-10-1897.

41) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1897, Art. 1687, d.d. 10-11-1897. Die Uitvoerende Raad het beoog om die volgende diensdoende amptenare te behou: die konsuls-generaal in Londen, Amsterdam, Brussel, Lissabon, Parys en Berlyn; die konsuls in Napels, Hamburg, Frankfort, Madeira, Lourenço Marques en Durban; die vise-konsuls in Londen, Amsterdam, Den Haag en Berlyn. Dan wou hulle die diens soos volg uitbrei: 'n gesant, saakgelastigde, private sekretaris (attaché), kanselier, snelskrywer en aantal klerke. (Volksraadnotule, 1898, Art. 271).

Dit kon die Republiek nie bekostig nie, maar hy moes sorg dra dat sy gesant kon meelewe „met de gezanten van Staten van denzelfden rang." Leyds se pleidooi het nie veel indruk gemaak nie. Slegs een lid, Tosen, het hom heelhartig ondersteun. Tosen het gemeen dat as die Republiek £60,000 kon bestee aan die strate van Pretoria, dan het die diplomatieke diens maklik £17,500 toegekom „want daardoor werden onze landsbelangen meer behartigd dan door mooie straten."[42] Na 'n langdurige bespreking is die debat tot die volgende week verdaag. Dit het die Volksraadslede geleentheid gegee om tot besinning te kom. Met die hervatting van die bespreking het Leyds namens die regering as 'n kompromis voorgestel dat die bedrag, wat vir die diplomatieke en konsulêre diens aangevra word, vir die eerste jaar vasgestel word op £15,000. Sy voorstel is aanvaar.[43] As die Volksraad maar kon besef het watter sterk wapen hy in die hand van Leyds geplaas het om die vyande van die Republiek te kasty, sou hy hom nie so heftig teengestaan het nie. Kruger se keuse vir 'n gesant het op Leyds geval en op 20 Mei het die Volksraad hom eervol ontslag verleen.[44] F. W. Reitz het in sy plek Staatsekretaris geword.[45] Nog voor Leyds se ontslag het die poppe al in Britse kringe begin dans.

Greene het die debat in die Volksraad in Maart 1898 aandagtig gevolg. Leyds se verklaring dat 'n uitbreiding van die diplomatieke diens noodsaaklik was om te bewys dat die Staat onafhanklik was en onder geen susereiniteit gestaan het nie, het hom ontstel, en op 5 Maart stel hy Milner in kennis van die verrassende wending in die dispuut oor die status van die Republiek.[46] Drie dae later lê hy aan Milner 'n breedvoerige uiteensetting voor van Leyds se beoogde wysigings in die stelsel van verteenwoordiging in die buiteland en waarsku hom dat Leyds op subtiele wyse besig was om die Transvaal onder Britse opperheerskappy uit te sleep: „I have little doubt that the whole of this scheme of diplomatic representation has been carefully hatched and elaborated by Dr. Leyds, partly of course to provide himself, if it suits him to accept it, with a congenial position at some European capital, but chiefly in pursuance of the determined policy of President Kruger and his government to force this little country into the ranks of the Powers and to

42) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Art. 274, d.d. 4-3-1898. (Onderstreping deur skrywer).

43) Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Art. 277, d.d. 7-3-1898.

44) Ibid., Art. 229, d.d. 20-5-1898.

45) Ibid., Art. 310, d.d. 31-5-1898.

46) C.R.O. 557, nr. 15, Milner aan Chamberlain, d.d. 8-3-1898.

endeavour to impress the world with the truth of the State Secretary's recent public assertion that the State is independent and subject to no suzerainty."[47] Milner het blykbaar te stadig gereageer na die smaak van Greene. In April kom hy op die saak terug en beklemtoon die noodsaaklikheid om te onderskei tussen die posisie wat Beelaerts van Blokland as gesant van die Republiek beklee het en dié waarin Leyds geplaas sal word. Van Blokland was nie 'n Transvaalse burger nie en nie gereeld by die Haagse Hof geakkrediteer nie. Hy was feitlik onbesoldig en sy status was dus onvergelykbaar met dié van Leyds, wat 'n salaris sal ontvang en deur 'n diplomatieke personeel bygestaan sal word. Die Britse agent meen dat Downingstraat 'n duidelike standpunt sal moet inneem t.o.v. die volgende probleme wat opgeduik het:

(1) Kan die verteenwoordiger van 'n staat wat onderhorig is aan 'n suserein onder sekere omstandighede beskou word as 'n volwaardige gevolmagtigde minister?

(2) Kan hy 'n plek inneem tussen die gesante van soewerein-onafhanklike state, of selfs onmiddellik ná hulle?

(3) In hoeverre kan sy posisie erken word deur die suserein of sy oorsese verteenwoordigers aan howe waar die probleem van diplomatieke voorrang mag ontstaan?[48]

Greene stel hierdie vrae na aanleiding van 'n hoofartikel wat onder die opskrif Dr. Leyds and the Suzerainty Question in die Johannesburgse „Star" verskyn het. Uit die skrale inligting tot sy beskikking, aangevul deur allerlei berigte en fantasieë, het die „Star" 'n spookgestalte geskep wat die hare op Greene se kop laat rys het.[49] Die blad, wat verneem het dat Leyds Den Haag as sy hoofkwartier sou maak, waarsku dat diegene wat meen dat die gesant na Europa vertrek as die verteenwoordiger van 'n vasaalstaat onder 'n suserein, die bal verkeerd/mis slaan. Hy gaan daarheen om, in sy hoedanigheid as die diplomatieke verteenwoordiger van 'n onafhanklike staat, onder geen susereiniteit nie en slegs gebind deur artikel 4 van die Londense Konvensie, vorste en vorstinne te onthaal. Daarom verwag hy om 'n persoon van aansien te wees in die oë van diegene „who arrange the order of precedence." Sover die blad weet, word senioriteit onder gevolmagtigdes in Den Haag bereken volgens datum van aankoms. Enige Britse verteenwoordiger wat dus ná Leyds by die diplomatieke korps in Den Haag aansluit, sal noodwendig die junior van die Transvaalse gesant wees „unless Great Britain persists in maintaining in the diplomatic world

47) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, die Bylae in nr. 175, Greene aan Milner, d.d. 8-3-1898. (Onderstreping deur skrywer).

48) Ibid., die Bylae in nr. 242, Greene aan Milner, 27-4-1898.

49) Hoofartikel van die „Star" van 26 April 1898. Die artikel is gevoeg by die Bylae van nr. 242. (Sien vorige voetnoot). In die artikel kom sulke onbepaaldhede voor soos: „It is stated"; „We are told", ens.

its contention that the Transvaal Republic is subject to the Suzerain."[50] Slegs solank Chamberlain sy aanspraak op susereiniteit onverbiddelik handhaaf, sal Leyds op sy plek gehou word. Dit sal hom dwing om blywend die posisie te aanvaar van 'n junior minister in Den Haag. Sy diplomatieke rang sal inderdaad laer wees as dié van die Britse agent in Pretoria, en die verteenwoordiger van die kleinste en jongste Argentynse republiekiesal voor hom stap. Dit sal 'n bitter pil wees om te sluk vir 'n diplomaat „with a proud stomach and gorgeous ambitions," maar dit sal die verdiende loon wees vir iemand wat sy sleutelposisie in die staat misbruik het om die Transvaalse grense oop te stel vir 'n leër van Hollandse amptenare wat hulle daarop toelê om die breuk tussen Boer en Brit steeds verder te verbreed.[51]

As Milner aanvanklik nie wesenlike gevaar vir Brittanje se prestige in Leyds se maneuvers gesien het nie, was die Koloniale Kantoor in elk geval geneig om die saak in dieselfde lig as Greene te sien. Henry Howard, die Britse verteenwoordiger in Den Haag, het opdrag gekry om by die Nederlandse regering te vis na inligting oor die planne wat Leyds in die mou gevoer het. In Mei berig Howard dat De Beaufort, die Nederlandse Minister van Buitelandse Sake, nog oor geen amptelike inligting beskik nie. Die Transvaalse vise-konsul het De Beaufort egter meegedeel dat Leyds benoem sou word tot gesant van die Republiek in Den Haag, Parys, Berlyn, Lissabon en Brussel en dat hy in Den Haag sou woon. De Beaufort het aan Howard verduidelik dat Leyds se voorganger, Beelaerts van Blokland, 'n Nederlandse onderdaan was en daarom onbevoeg was om as gesant van die Republiek in Den Haag op te tree. Leyds sou nie aan hierdie diskwalifikasie onderhewig wees nie.[52] Howard het dus Greene se getuienis bevestig en Chamberlain het besluit om Leyds se intriges in die kiem te smoor. Hiervoor sou hy die hulp van Salisbury nodig hê. Op 3 Junie stel hy hom op die hoogte van sake en deel hom mee dat daar voor die hand liggende redes is waarom die Britse verteenwoordiger bv. in Den Haag of Lissabon by geen geleentheid aan die gevaar blootgestel sal word om die senior plek aan Leyds af te staan nie. Hy gee aan Salisbury ter oorweging of dit nie wenslik is om die vreemde moondhede te waarsku dat so 'n gebeurlikheid vermy moet word nie. Ook wil hy van hom weet of die posisie van Beelaerts van Blokland nooit 'n probleem van voorrang opgelewer het nie.[53] Die aangeleentheid het hierna aanleiding gegee tot 'n ernstige meningsverskil tussen die kantoor van Salisbury en dié van Chamberlain.

---

50) In die „Star" gekursiveer.

51) Die „Star", 26 April 1898.

52) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, die Bylae in nr. 251, Howard aan Salisbury, d.d. 9-5-1898.

53) Ibid., nr. 252, C.O. aan F.O., d.d. 3-6-1898.

In die Kantoor van Buitelandse Sake het senior amptenare onmiddellik hul koppe bymekaar gesit om Downingstraat uit die penarie te verlos waarin sy „susereiniteitsbom" hom laat beland het. 'n Oplossing van die vraagstuk het soveel dringender geword toe die Belgiese regering in die begin van Junie sy gesant in Londen, baron Whettnall, opdrag gegee het om in private hoedanigheid navraag te doen na die houding van Brittanje met betrekking tot die aanstelling van Transvaalse diplomatieke verteenwoordigers in die buiteland. Aanleiding hiertoe was 'n gerug dat Kruger van plan was om 'n gesant aan die hof van België te akkrediteer.[54) ] Francis Bertie, die Assistentondersekretaris van Buitelandse Sake, het 'n antwoord voorberei wat aan Whetnall verstrek kon word, terwyl van sy kollegas die sake bestudeer het wat vir Chamberlain 'n kwelling des geestes was. Bertie het geredeneer dat as die Transvaal daarin kon slaag om vreemde state te oorreed om sy verteenwoordigers in diplomatieke hoedanigheid te ontvang, Brittanje magteloos daarteenoor gestaan het. Deur formeel protes aan te teken, „we lay ourselves open to rebuffs and controversies as to the position of the Transvaal." Hy wou Downingstraat se standpunt aan Whetnall soos volg stel: elke moondheid moet self besluit of hy 'n gesant van die Republiek wil ontvang of nie, maar vir Brittanje kom dit voor asof so 'n stap nie sou strook met die waardigheid van enige staat nie.[55)] Die eerste amptenaar wat 'n helpende hand na Chamberlain uitgesteek het, was R. W. Brant. Hy het probeer nagaan of Van Blokland ooit 'n Britse verteenwoordiger in die verleentheid gebring het. Die dokumente en korrespondensie wat hy deurgesnuffel het, toon aan dat Van Blokland in Den Haag bekend was as 'n „minister resident," maar daar is nêrens 'n aanduiding dat sy status in die gedrang gekom het nie.[56)] 'n Ander amptenaar, „C.B.R.,"[57)] wou vasstel of die verhouding wat daar tussen Brittanje en die Transvaal bestaan het al voorheen in die geval van ander state voorgekom het. Na 'n deeglike studie van die saak, moes hy egter konstateer dat die Brits-Transvaalse verhouding uniek in die geskiedenis was. Die presedent wat die naaste daaraan gekom het, was dié van Bulgarye. Hy was ook van mening dat Leyds Brittanje 'n lelike stoeltjie gesit het. As die Republiek hom aangestel het as buitengewone gesant en gevolmagtigde minister, sou hy onder die diplomate voorrang geniet volgens die reglement wat deur die Kongres van Wenen in 1815 aanvaar is; d.w.s. sy plek in die diplomatieke klas waaraan

---

54) F.O. 2 265/327, kanttekeninge deur Francis Bertie, Assistentondersekretaris van Buitelandse Sake, d.d. 8-6-1898.

55) F.O. 2 265/327, kanttekeninge deur Francis Bertie, d.d. 8-6-1898.

56) F.O. 2 265/327, kanttekeninge deur R. W. Brant, d.d. 7-6-1898.

57) Ons kon nie daarin slaag om die volle naam van hierdie amptenaar op te spoor nie. Al sy kanttekeninge is slegs geparafeer.

hy behoort het, sou bepaal word volgens die datum van sy aankoms. Daar het geen grond vir Brittanje bestaan om 'n vreemde moondheid te versoek om hom in te laat met die saak nie: „The right to appoint a Diplomatic Representative at all would carry with it the right to claim for him the usual precedence." Die Britse kroon was egter volkome geregtig om te weier om 'n diplomatieke verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Republiek in Brittanje te ontvang, „if it should be thought advisable to do so on political grounds."[58] Salisbury self wou nie sy lyf aan die probleem waag nie. Hy het kortaf verklaar: „It is a matter for the Colonial Office."[59]

Die indaba in Salisbury se kantoor het te lank geduur na die sin van Chamberlain. Hy het ongeduldig geword en op 9 Junie versoek hy Salisbury om die saak as baie dringend te beskou.[60] Verder gee hy sy kantoor opdrag om Salisbury skriftelik mee te deel dat, watter interpretasie ook al aan die woord „susereiniteit" gegee mag word en watter woord ook al mag gebruik word om die verhouding tussen Brittanje en die Transvaal te vertolk, hy nog altyd beweer het en ook van plan is om in die toekoms te beweer dat die Republiek nie 'n algehele onafhanklike staat is nie. Daarom wil hy weet „whether, if the case should arise, the fact that Her Majesty's Representative at some foreign Court had yielded precedence to the Representative of the South African Republic, would not damage, in the eyes of Foreign Powers, the contention that the South African Republic is in a position of partial dependence with regard to Great Britain, and if so, what steps Lord Salisbury would propose to take with a view of avoiding such a result."[61] Chamberlain het nog verder gegaan. In samewerking met amptenare van sy kantoor het hy vir die leiding van Salisbury 'n memorandum opgestel, waarin hy sy eie sienswyse verduidelik in verband met die stappe wat nodig sal wees om Leyds kort te vat sodra hy in Europa voet aan wal sit.[62] Vooraf gaan hy eers breedvoerig in op die vraag of die Suid-Afrikaanse Republiek geregtig is om diplomatieke betrekkinge met ander state aan te knoop in die sin wat deur die Kongres van Wenen daaronder verstaan is. Hy verwag dat Leyds, soos sy voorganger, die rang van buitengewone gesant en gevolmagtigde minister sal hê. Sy

58) F.O. 2 265/327, kanttekeninge deur „C.B.R.", d.d. 8-6-1898.

59) F.O. 2 265/327, kanttekeninge deur Salisbury, d.d. 8-6-1898.

60) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, brief nr. 265, C.O. aan F.O., d.d. 9-6-1898; ook F.O. 2 265/327.

61) Ibid.; Ook F.O. 2 265/327.

62) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, Colonial Office Memorandum, d.d. 14-6-1898, (Communicated to Foreign Office privately by Mr. Graham, June 15, 1898); ook F.O. 2 265/328.

vermoede is verder dat hy geakkrediteer sal word by Den Haag, Parys, Berlyn, Lissabon, Brussel, Rome en St. Petersburg. As Leyds se rang bepaal word volgens die reglement van die Kongres van Wenen, is daar weinig gevaar dat die vraagstuk van voorrang moeilikheid sal oplewer in Parys, Berlyn, Rome of St. Petersburg omdat Brittanje in daardie stede deur ambassadeurs verteenwoordig word wat altyd voorrang bo 'n minister het. [63] Die probleem sal egter wees dat Leyds onder sekere omstandighede aanspraak kan maak op voorrang bo Brittanje se gevolmagtigde ministers in Den Haag, Brussel en Lissabon en dat hy ten alle tye en by alle geleenthede by hul diplomatieke klas ingeskakel sal word. Tog meen Chamberlain dat die Britse gesante hierdie vernedering gespaar kan word, omdat dit hom voorkom asof die Weense reglement in werklikheid nie van toepassing is op die geval van die Suid-Afrikaanse Republiek nie. Daardie reglement is onderteken deur gelyke en soewerein-onafhanklike state, en slegs verteenwoordigers van sodanige state is geregtig op die voordele daarvan. Die Suid-Afrikaanse Republiek is nie ten volle onafhnaklik nie en Brittanje het nooit met hom onderhandel deur die kanale wat deur die Kongres van Wenen geskep is nie. Nóg die Hoë Kommissaris in Kaapstad nóg die Britse agent in Pretoria is diplomatieke amptenare, hoewel Greene die persoonlike rang van Chargé d'Affaires besit. Toe Brittanje in 1885 toegestem het om 'n konsul-generaal van die Republiek in Londen te ontvang, [64] het hy dit baie duidelik gestel dat hy nie van die ou gevestigde gebruik sou afsien om met Pretoria deur die Hoë Kommissaris te onderhandel nie, dat hy die konsul-generaal in geen diplomatieke hoedanigheid sou erken nie en dat lg. slegs met die Minister van Kolonies in verbinding kon tree. Hierdie omstandighede noop Chamberlain om aan die hand te doen dat Nederland, België en Portugal in kennis gestel moet word dat Brittanje nog altyd in sy omgang met die Suid-Afrikaanse Republiek dié vorm van diplomatieke verkeer verny het wat deur die Weense reglement in die lewe geroep is, en dat hy geensins bereid is om van daardie beleid af te wyk nie. Watter rang daardie moondhede dus ook al beleefdheidshalwe aan Leyds mag verleen, „Her Majesty's Government could not consent that he should be placed upon a footing of equality with the Queen's Representatives and still less that he should ever have precedence over them." [65] In opdrag van

---

63) Die vernaamste range van buitelandse verteenwoordigers in die neëntiende eeu (in dalende orde) was: ambassadeur, minister, saakgelastigde, konsul-generaal, konsul en vise-konsul. Lg. drie was hoofsaaklik bedoel vir amptenare wat met handelsake belas was. Wysigings moes in die twintigste eeu aangebring word om by veranderde omstandighede aan te pas. (Vgl. „Die Transvaler", 23 Julie 1956, p. 2).

64) Dr. Clark was konsul-generaal van die Republiek tot 1892, en daarna was adv. Montagu White dit.

65) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, Colonial Office Memorandum, d.d. 14-6-1898; ook F.O. 2 265/328.

van Chamberlain het Fred Graham, een van die amptenare in sy kantoor wat met 'n redelike mate van gesag kon praat oor Suid-Afrikaanse aangeleenthede, die memorandum op 15 Junie in private hoedanigheid aan Salisbury voorgelê.[66)]

Wat Chamberlain beweer het in verband met die amptelike diplomatieke betrekkinge tussen Brittanje en die Republiek, is volkome waar, maar wat hy verswyg het, is dat die ander moondhede nóg wettig nóg moreel verplig was om Brittanje se voorbeeld te volg. Salisbury, wat glad nie so 'n groot waaghals soos Chamberlain was nie,[67)] was nie daarvoor te vinde om die magspolitiek wat Downingstraat teenoor die Suid-Afrikaanse Republiek gevolg het, ook na Europa uit te brei nie, al sou dit dan maar net die kleinere moondhede raak.

Hoewel Chamberlain teen 20 Junie op die hoogte was met die stappe wat Salisbury wou doen om die situasie die hoof te bied, het Bertie op daardie dag die plan weer uiteengesit. Namens Salisbury versoek hy Chamberlain om die werklikheid onder die oë te sien; die Weense reglement lê dit ondubbelsinnig neer dat diplomatieke verteenwoordigers in hul respektiewe klasse plek sal inneem volgens die datum van die amptelike kennisgewing van hul aankoms. Brittanje het geen grond waarop hy die Suid-Afrikaanse Republiek kan belet om gesante te akkrediteer nie. Die enigste uitweg sal wees om te wag totdat Pretoria die rang van Leyds offisieël bekend gemaak het. Daarna sal hy opdrag gee dat elke betrokke Britse verteenwoordiger „should avoid putting himself in any position which would render it necessary for the question of precedence to be raised."[68)] Die implikasie van Salisbury se plan was natuurlik dat die Britse verteenwoordiger moes wegbly van enige byeenkoms waar die senior plek aan Leyds toegewys sou word.

Dat Britse diplomate voor 'n Boeregesant die wyk moes neem, was een te veel vir die nasionale trots van Chamberlain. Hy het verkies om die bul by die horings

---

66) Ibid. Addendum.

67) Halevy gee 'n baie interessante beskrywing van die botsende persoonlikhede van Salisbury en Chamberlain. (Vgl. Imperialism and the Rise of Labour, p. 22-27). Hy noem Salisbury die „Walpole" van die kabinet en Chamberlain die „Chatham." Dit doen hy na aanleiding van 'n toespraak van John Morley in Leeds op 8 Junie 1898. Morley het verklaar: „There had been conjunctions in our history which needed a great War Minister" and there had been conjunctions which needed a great Peace Minister. Chatham was a War Minister. Walpole was a Peace Minister. But what they never wanted was a Minister half Chatham and half Walpole." (Aangehaal deur Halevy op p. 26). Die moeilike taak om die vrede tussen Salisbury en Chamberlain te bewaar, het op die skouers van Arthur Balfour, 'n neef van Salisbury en leier van die Laerhuis, gerus. (Vgl. Halevy: Imperialism, p. 26).

68) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, brief nr. 279, Bertie aan C.O., d.d. 20-6-1898; F.O. 2 265/329, memorandum deur Bertie, d.d. 16-6-1898.

te pak en die gevolge daarvan te staan. Daarom het hy volhard in sy standpunt dat die buitelandse betrekkinge van die Republiek dermate aan Britse beheer onderhewig was dat sy verteenwoordigers onder alle omstandighede en in alle opsigte as die minderes van dié van Brittanje beskou moes word. Hy het Salisbury dan ook goed laat verstaan dat hy van hom ferme optrede verwag het. Op 23 Julie verwerp Graham namens Chamberlain die „wegkruip-taktiek" wat vir die Britse verteenwoordigers beplan is. Hy gee toe dat Brittanje nie die Republiek kan verhinder om diplomatieke verteenwoordigers te akkrediteer nie. Die Republiek is egter nie by magte om verdrae te sluit sonder Brittanje se goedkeuring nie, en dit is onwaarskynlik dat enige alliansie of verbintenis van politieke aard goedgekeur sal word. Gevolglik het die kontrole wat Brittanje uitoefen, die uitwerking dat dit die funksies van die Transvaalse verteenwoordigers beperk tot die bevordering van die kommersiële en finansiële belange van die Republiek, d.w.s. tot gewone konsulêre pligte. Onder hierdie omstandighede is die aangewese weg dat Brittanje 'n ooreenkoms met vreemde moondhede moet tref waarvolgens hulle onderneem om die verteenwoordigers van die Republiek onder geen omstandighede op gelyke voet te stel met dié van soewerein-onafhanklike state soos Brittanje nie. Graham voeg by: „Mr. Chamberlain is loth to accept the position that the Regulations annexed to the Treaty of Vienna of June 19th, 1815, are necessarily applicable without reservation to the Representative of a State which is not wholly independent..."[69)]

Salisbury het pal gestaan. Ten spyte van sy verklaring dat dit 'n saak vir die kantoor van Chamberlain was, was hy veeleer geneig om hom deur die amptenare van sy eie kantoor te laat lei as deur sy gedugte mededinger in die kabinet, en sy raadgewers was vas oortuig dat slegs jakkalsdraaie Downingstraat uit die dilemma kon red. Hoe ongeduldiger Chamberlain aangedring het op 'n manhaftige houding wat Leyds kon dwing om druipstert na Pretoria terug te keer, hoe beslister het Salisbury se kantoor sy waaghalsigheid afgekeur. Op 10 Junie bewys „C.B.R." dokumentêr dat die Republiek ten volle geregtig was om verteenwoordigers met diplomatieke status na die buiteland te stuur. Sy eerste getuienis is 'n skrywe van Derby aan Kruger en die ander lede van die Boeredeputasie op 15 Februarie 1884, kort voor die sluiting van die Londen-Konvensie. Hy haal die volgende woorde aan: „By the omission of those Articles of the Convention of Pretoria which assigned to Her Majesty and to the British Resident certain specific powers and functions connected with the internal government and the foreign relations of the Transvaal State, your Government will be left free to govern the country without interference,

69) F.O. 2 265/148, Graham aan F.O., d.d. 23-7-1898.

and to conduct its diplomatic intercourse and shape its foreign policy, subject only to the requirement embodied in the 4th Article of the new draft; that any Treaty with a foreign State shall not have effect without the approval of the Queen".[70] Sy tweede getuienis is die volgende aanhaling uit 'n skrywe van Derby op 3 Maart 1884 aan die deputasie: „Her Majesty's Government...readily consent to waive those provisions of the Convention of Pretoria which reserve to Her Majesty the conduct of the diplomatic intercourse of your state with foreign Powers. You will therefore be at liberty to treat personally with the Government of the Netherlands and of Portugal in respect of these commercial and other interests to which you allude".[71] Hy beroep hom vervolgens op die Londen-Konvensie self en beweer dat hierdie ooreenkoms spesifiek die „right of legation" van die Republiek herstel het, aangesien die volgende bepaling van die vorige Konvensie geskrap is: „In regard to communications with foreign Powers the Transvaal Government will correspond with Her Majesty's Government through the British Resident and the High Commisioner."[72] Ten slotte roep hy die houding van Downingstraat in 1885 in herinnering toe Frankryk wou weet of dit Brittanje se goedkeuring sou wegdra as 'n verteenwoordiger van die Republiek aan die hof van Parys geakkrediteer word. Die „Colonial Office" is destyds geraadpleeg en op sy aanbeveling het lord Lyons, die Britse anbassadeur in Parys, die Franse regering in kennis gestel dat „Her Majesty's Government have no objection to their receiving such an accredited Agent, and that they themselves are about to issue an exequatur to a Consul nominated by the South African Republic to reside in this country."[73] In opdrag van sy owerheid het Lyons terselfdertyd die aandag van die Franse regering gevestig op die vierde artikel van die Konvensie van Londen.[74] Alles in aanmerking geneem, bly daar vir die Britse verteenwoordiger, wie se status in die gedrang kom, net twee weë oop: hy moet hom dit laat welgeval as die diplomatieke voorrang tydelik „as a matter of ceremonial" aan Leyds toegeken word, of hy moet hom aan die betrokke funksie onttrek.[75]

Ook Francis Bertie het Chamberlain se houding op beleefde dog oortuigende wyse as kinderagtig bestempel. Saam met sy kollega werp hy op 10 Junie 'n stuiwer in die armbeurs; die Kantoor van Koloniale Sake moet hom op die hoogte stel met die

---

70) F.O. 2 265/327, kanttekening deur „C.B.R.", d.d. 10-6-1898, na aanleiding van Chamberlain se brief van 9 Junie. (Vgl. voetnoot nr. 60). Deur „C.B.R." self gekursiveer.

71) Ibid. Deur „C.B.R." self gekursiveer.

72) Ibid.

73) Aangehaal deur „C.B.R." in sy kanttekening van 10 Junie 1898.(F.O. 2 265/327).

74) F.O. 2 265/327, kanttekening deur „C.B.R.", d.d. 10-6-1898, na aanleiding van Chamberlain se brief van 9 Junie.

75) Ibid.

inhoud van die Weense reglement en dan in sy lot berus.[76] Die memorandum oor die vraagstuk wat Graham 'n paar dae later aan Salisbury voorgelê het,[77] verwerp Bertie sonder weifeling: „This Colonial Office Memorandum does not seem to advance arguments likely to prevail with Foreign Powers...It would be useless for Her Majesty's Government to make objections to the foreign Governments who have consented to receive such Diplomatic Representatives. We should court rebuffs and raise the question of the position of the Transvaal. President Kruger denies British suzerainty, and many foreign States, independently of the rights of the case, desire to promote President Kruger's contention as to the independent position of the Republic, and would not be sorry to have the opportunity of arguing the case with us and offering to refer it to arbitration."[78] Om enige misverstand te voorkom, verduidelik hy weer die plan (wat na alle waarskynlikheid in sy eie vrugbare brein ontstaan het) dat die Britse verteenwoordigers hulle moet versteek as daar gevaar is dat Leyds hulle kan verneder: „We have suggested, officially, to the Colonial Office a way to avoid the difficulty. It is not a satisfactory solution, but there does not seem to be any other which can be recommended. It amounts to this: whenever there is a prospect of the Transvaal Representative meeting the British Representative at a function, the latter should be unavoidably prevented from attending if not entitled to precedence."[79] Ewe beslis verwerp Bertie die gedagte wat Chamberlain op 23 Julie uitgespreek het, nl. dat die Weense reglement nie van toepassing kan wees op 'n staat wat aan 'n ander staat gebind is nie en dat die Europese moondhede gevolglik versoek moet word om die skyn te vermy dat die verteenwoordigers van Brittanje en die Suid-Afrikaanse Republiek dieselfde status besit:[80] „If the Colonial Office desire to reduce the status of the Representatives of the South African Republic in Foreign Countries, it should be done by pressure at Pretoria, the source of the evil; but the moment is not opportune."[81] Dit is

---

76) F.O. 265/327, kanttekening deur Francis Bertie, d.d. 10-6-1898, na aanleiding van Chamberlain se brief van 9 Junie: (Ook deur Salisbury geparafeer).

77) Vgl. voetnoot nr. 65.

78) F.O. 2 265/329, memorandum deur Francis Bertie, d.d. 16-6-1898.

79) F.O. 2 265/329, memorandum deur Francis Bertie, d.d. 16-6-1898. (Onderstreping deur skrywer).

80) Vgl. voetnoot nr. 69.

81) F.O. 2 265/152, kanttekeninge deur Francis Bertie, d.d. 25-7-1898, na aanleiding van Graham se brief van 23 Julie. Dit is ook deur Salisbury geparafeer. Bertie voeg nog by: „I thought that Mr. Chamberlain had decided to abstain. (See my memorandum of June 16 and his minute on the envelope attached to it)".

duidelik dat die „Foreign Office"hoegenaamd nie van plan was om voor die „Colonial Office" te buig nie. Op 30 Julie stel Bertie dan ook Chamberlain in kennis dat Salisbury finaal besluit het wat die Britse verteenwoordiger te doen staan as hy in die knyp is: „The course which was suggested in my letter of 20th June, though not entirely avoiding the difficulty, is the best which Lord Salisbury can suggest, viz., that the British Diplomatic Representative should abstain from incurring the risk of having to yield precedence to the Representative of the South African Republic. This would, however, necessitate the abstention of Her Majesty's Representative from any function, official or social, at which he might meet a Representative of the Transvaal claiming to take precedence of him." 82) 83) Salisbury het dan ook die Britse verteenwoordigers in Parys, Lissabon, Brussel, Den Haag en St. Petersburg opdrag gegee om hulle dienooreenkomstig te gedra. 84)

Terwyl Chamberlain en Salisbury nog met mekaar oorhoop gelê het, het Milner Downingstraat in kennis gestel dat Leyds se aanstelling in Pretoria amptelik aangekondig is as dié van buitengewone gesant en gevolmagtigde minister en dat sy hoofkwartier in Brussel sou wees. 85) Die feit dat België dieselfde kruiperigheid teenoor Brittanje geopenbaar het as Portugal, toon die krag van die Britse Imperialisme op hierdie tydstip. Die Belgiese regering het dit as baie ongelukkig beskou dat Leyds juis Brussel moes uitkies as die middelpunt van sy bedrywighede, omdat dit in Britse kringe maklik toegeskrywe kon word aan 'n pro-Boerehouding onder die Belge. In die begin van Julie kry Whetnall opdrag om aan Salisbury te verduidelik dat België in 'n uiters netelige posisie verkeer. Hy sou graag weier om Leyds in amptelike hoedanigheid te ontvang, maar aangesien al sy buurstate die geloofsbriewe van die Boeregesant aanvaar het, kan hy geen uitsondering maak nie. Sy bedoeling is egter geensins om Brittanje aanstoot te gee nie. Daarom belowe hy om so ver moontlik alle omstandighede te vermy wat die aandag op Leyds se status kan vestig. 86) Na Leyds se aankoms, later in dieselfde maand, het De Favereau, die Belgiese Minister van Buitelandse Sake, tydens 'n onderhoud met sir F. Plunkett, die Britse gesant in België, nadruklik verklaar dat Leyds onwelkom in

---

82) Vgl. voetnoot nr. 68.

83) C.R.O. 557, nr. 84, Bertie aan C.O., d.d. 30-7-1898.

84) C.R.O. 572, nr. 1, F.O. aan C.O., d.d. 4-1-1899; ook die Bylae, Salisbury aan Brittanje se verteenwoordigers, d.d. 29-12-1898.

85) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, brief nr. 297, C.O. aan F.O., d.d. 28-6-1898.

86) Ibid., die Bylae in nr. 316, Salisbury aan Plunkett, die Britse gesant in Brussel, d.d. 6-7-1898.

Brussel was. Weens België se toenemende handelsbelange in die Transvaal, was hy egter verplig om die voorbeeld van die vernaamste moondhede op die vasteland te volg en die gesant van die Republiek te erken.[87] In November het die „Moniteur Belge" 'n amptelike kennisgewing gepubliseer dat die koning die geloofsbriewe wat Leyds aan die Belgiese hof geakkrediteer het, van die President van die Suid-Afrikaanse Republiek ontvang het. De Favereau het hom gehaas om aan Plunkett te verduidelik dat die koning noodwendig die voorbeeld moes volg wat die ander Europese howe gestel het. Die koning het egter 'n verstuite voet as voorwendsel gebruik om Leyds nie persoonlik te woord te staan nie en hom versoek om die geloofsbriewe deur middel van die Minister van Buitelandse Sake in te dien. Dit het op 9 November gebeur.[88] De Favereau het nog voor 'n ander probleem gestaan. Op 15 November sou die koning sy jaarlikse feesmaal hou, waarheen hy tradisioneel al die „Chefs de Mission"[89] uitgenooi het. Hy wou van Plunkett weet of hy enige beswaar het om Leyds „in a social manner" te ontmoet. Die Britse gesant het geantwoord dat hy nóg die amptelike aard van Leyds se betrekking kon erken nóg op amptelike voet met hom kon verkeer. Hy het egter nie beswaar gehad om as 'n private persoon informeel met Leyds om te gaan nie.[90] In daardie hoedanigheid kon hy natuurlik nie na die feesmaal uitgenooi word nie.

Die vraag of Brittanje Leyds as diplomaat moes erken, het reeds in die middel van 1898 opgeduik. Op 17 Julie het sir E. Monson, die Britse ambassadeur in Parys, Salisbury telegrafies gevra of Brittanje die posisie van Leyds aan die Europese howe erken en of hy hom amptelik moes aanspreek in hul skriftelike onderhandelinge.[91] Die volgende dag het Salisbury geantwoord: „In reply to your telegram...regarding Representative of South African Republic, you had better not have any official communication with Representative."[92] Monson het so spoedig moontlik verduidelik waarom 'n bepaalde gedragslyn noodsaaklik was: dit is gebruiklik vir enige verteenwoordiger benede die rang van ambassadeur om, sodra die

---

87) C.R.O. 557, die Bylae in nr. 85, Plunkett aan Salisbury, d.d. 28-7-1898; F.O. 2 265/138.

88) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, Bylae in brief nr. 411, Plunkett aan Salisbury, d.d. 10-11-1898.

89) Waarskynlik die hoofkokke verbonde aan die gesantskappe.

90) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, Bylae in brief nr. 411, Plunkett aan Salisbury, d.d. 10-11-1898.

91) C.R.O. 557, die eerste Bylae in nr. 77, Monson aan Salisbury, d.d. 17-7-1898.

92) C.R.O. 557, die tweede Bylae in nr. 77, Salisbury aan Monson, d.d. 18-7-1898.

hoof van 'n staat aan hom oudiënsie verleen het om sy geloofsbriewe te ontvang, al die ambassadeurs aan die betrokke hof te versoek om hom 'n onderhoud toe te staan. In ooreenstemming met hierdie gebruik het Leyds hom versoek om 'n dag en uur vas te stel wanneer hy by hom besoek kan aflê. Dit het hom in 'n hoek gejaag. Die diplomatieke formule om 'n geakkrediteerde minister aan te spreek, is: „M. le Ministre." As Monson daarvan gebruik maak, sal hy onmiddellik by implikasie Leyds se rang in daardie diplomatieke klas erken. Spreek hy hom aan die ander kant aan as „M. le Docteur", selfs al sou hy slegs toestem om hom onoffisieël te ontvang, sal dit provokasie wees. Leyds sal dan waarskynlik weier om hom te besoek. Hy verwag dat moeilikhede van hierdie aard aanvanklik net sal ontstaan in hoofstede waar Brittanje deur ambassadeurs verteenwoordig word. In Brussel en Den Haag sal dit maklik vir die Britse ministers wees om te sê dat hulle nie tuis is nie wanneer die doktor hulle besoek en as hulle hom terugbesoek 'n nie-diplomatieke visitekaartjie te laat. Monson waarsku dat Leyds nie die Britse ambassadeurs met rus sou laat nie, want hy weet dat hy in 'n sterk posisie verkeer. Aangesien Brittanje die reg van die Republiek erken om 'n minister te akkrediteer, is dit moeilik om hom sy titel te ontsê. Hy voeg by: „To recognize it, however, would, it seems to me, be giving away our position on the general question of British supremacy."[93)]

Salisbury en Chamberlain was dit eens dat die Britse verteenwoordigers Leyds nie as „M. le Ministre" moes aanspreek nie. Na onderlinge raadpleging het hulle besluit dat skriftelike mededelinge aan hom in die derde persoon moes geskied.[94)] Dit het Monson dan ook by die eerste die beste geleentheid gedoen. Toe Leyds sy versoek om 'n onderhoud herhaal, antwoord hy uit St. Germain-en-Laye, waar hy waarskynlik met vakansie was, soos volg: „Sir E. Monson presents his compliments to Dr. Leyds and begs to inform him that as he is now living in the country, it is not in his power to fix a day for receiving him. Sir Edmund Monson thinks at the same time that it is as well that he should inform Dr. Leyds that, by order of Her Majesty's Government, he can only receive him unofficially, and cannot recognize in any way that Dr. Leyds has any diplomatic status as regards Sir Edmund Monson."[95)] Sir Frank Lascelles, die Britse ambassadeur in Berlyn, het 'n soortgelyke briefie

---

93) C.R.O. 557, die Bylae in nr. 78, Monson aan Salisbury, d.d. 19-7-1898; die Bylae in nr. 81, Monson aan Salisbury, d.d. 23-7-1898.

94) C.R.O. 557, nr. 78, F.O. aan C.O., d.d. 20-7-1898; nr. 79, C.O. aan F.O., d.d. 23-7-1898.

95) C.R.O. 557, die Bylae in nr. 101, Monson aan Salisbury, d.d. 14-9-1898.

aan Leyds geskrywe maar 'n baie vriendeliker toon aangeslaan. Hy het hom dan ook hartlik uitgenooi om hom 'n private besoek te bring. Dit het Leyds ter gelegener tyd gedoen.[96)]

Monson se wenk dat die Britse verteenwoordigers met die rang van gevolmagtigde minister van nie-diplomatieke kaartjies gebruik moes maak as hulle Leyds se besoeke beantwoord, is deur Downingstraat opgevolg. Leyds het op 19 Julie in Den Haag aangekom op pad na Brussel. Twee dae later wou Henry Howard, die Britse minister in Den Haag, van Salisbury weet of, „in view of our Gracious Sovereign's Suzerainty over the South African Republic", daar 'n verstandhouding tussen Brittanje en die ander moondhede was met betrekking tot Leyds se status.[97)] Na Leyds se aankoms in Brussel, wou sir Francis Plunkett, die Britse minister aldaar, weer weet hoe hy moes reageer indien Leyds 'n amptelike kaartjie by sy legasie laat.[98)] Salisbury se antwoord was: „Should that gentleman call on you at Her Majesty's Legation and leave his card, you should, in return, leave on him one of your private cards, on which your name only is printed." Dit was egter onnodig om openlik te verklaar dat hy verbied is om amptelike betrekkinge met Leyds te handhaaf.[99)] Die Britse ministers in Den Haag en Lissabon het dieselfde opdrag ontvang.[100)] In die begin van Augustus het Leyds besoek afgelê by Howard. Hy het hom nie tuis gevind nie maar sy amptelike kaartjie gelaat. Op die tiende het Howard hom terugbesoek. Hy het Leyds meegedeel dat hy hom in private hoedanigheid besoek en dat hy 'n sakie van delikate aard met hom wou bespreek. Daarna het hy Brittanje se houding t.o.v. Leyds se status verduidelik en die hoop uigespreek dat Leyds nie sy optrede sou beskou as 'n persoonlike belediging nie. Howard het Leyds baie beleefd en vriendelik gevind. Hy het met waardering van sy houding melding gemaak teenoor Salisbury, want dit het sy moeilike taak aansienlik vergemaklik. Dit was gevolglik ook nie eens vir hom nodig om die saak aan die Nederlandse regering te noem nie.[101)]

---

96) F.O. 2 265/217, Lascelles aan Leyds, d.d. 7-10-1898; C.R.O. 557 die tweede Bylae in nr. III, Plunkett aan Leyds, d.d. 14-11-1898.

97) F.O. 2 265/138, Howard aan Salisbury, d.d. 21-7-1898.

98) C.R.O. 557, die eerste Bylae in nr. 83, Plunkett aan Salisbury, d.d. 26-7-1898.

99) C.R.O. 557, die tweede Bylae in nr. 83, Salisbury aan Plunkett, d.d. 29-7-1898.

100) C.R.O. 557, die Bylae in nr. 93, Howard aan Salisbury, d.d. 10-8-1898; B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, die Bylae in brief nr. 426, MacDonell aan Salisbury, d.d. 26-11-1898.

101) C.R.O. 557, die Bylae in nr. 93, Howard aan Salisbury, d.d. 10-8-1898.

Plunkett het 'n soortgelyke ondervinding met Leyds deurgemaak, maar 'n onverwagte stel afgetrap. Op 15 November het hy en Leyds 'n informele geselsie gehad by die Britse legasie in Brussel. Hy het sy spyt te kenne gegee dat hy slegs in private hoedanigheid met Leyds kon omgaan, aangesien Brittanje hom nie as diplomaat erken het nie. Toe Leyds op die punt gestaan het om te vertrek, het hy Plunkett meegedeel dat hy, net soos sy gasheer self, 'n opdrag gehad het wat hy moes uitvoer. Hy het egter nie nader op die saak ingegaan nie. Na sy vertrek vind Plunkett tot sy verbasing by die portier Leyds se amptelike kaarte asook dié van sy twee sekretarisse wat hom vergesel het. Hy het dit dadelik vertolk as 'n poging van Leyds om hom aan die verstand te bring dat die Republiek net so beslis soos Brittanje was om sy standpunt t.o.v. die susereiniteitsvraagstuk te handhaaf. Net die volgende dag het Plunkett die besoek beantwoord. Hy het Leyds nie tuis gevind nie maar sy private kaarte gelaat. Verder het hy sy sekretarisse opdrag gegee om ook slegs hul private kaarte mee te neem as hulle Leyds of lede van sy personeel besoek.[102] Kort hierna het Leyds in Lissabon opgedaag om sy geloofsbriewe aan die Portugese koning te oorhandig. Hy wou ook sir Hugh MacDonell, die Britse minister, besoek, maar lg. kon hom nie te woord staan nie. As 'n gebaar van welwillendheid het MacDonell 'n onoffisiële kaartjie by Leyds se hotel gelaat.[103] In die voorjaar van 1899 het Leyds weer die wêreld vir Plunkett warm gemaak. In Mei het koningin Victoria haar tagtigste geboortedag herdenk. Die diplomate in Brussel het die Britse legasie besoek om hul onderskeie staatshoofde se gelukwensinge oor te bring. Onder die kaarte het Plunkett ook dié gekry van Leyds en sy sekretaris, Van Boeschoten. Beide se kaarte was in die amptelike vorm wat in Brussel gebruik is vir goeie wense. Plunkett het die betuiginge van die ander diplomate erken deur persoonlik by elke legasie 'n amptelike kaart te laat met die gebruiklike woorde „pour remercier" in die hoek geskrywe. In die geval van Leyds en Van Boeschoten het hy egter die kaartjie gelaat wat hy gewoonlik in Engeland gebruik het, maar om die skyn van onhoflikheid te vermy, het hy daarop geskrywe: „Best thanks for your good wishes on the 24th May."[104]

Dit is tyd dat ons terugkom op Salisbury se besluit dat die Britse verteenwoordigers alle offisiële en sosiale funksies moes vermy waar hulle die slagoffers

---

102) C.R.O. 557, die tweede Bylae in nr. III, Plunkett aan Salisbury, d.d. 16-11-1898. (Onderstreping deur skrywer).

103) B.A., Imp. White Books, Vol. 52, nr. 543, Bylae in brief nr. 426, MacDonell aan Salisbury, d.d. 26-11-1898.

104) F.O. 2 266/155, Plunkett aan Salisbury, d.d. 25-4-1899.

kon word van Leyds se „vermetelheid." Dit was gebruiklik vir die „Foreign Office" en „Colonial Office" om eenstemmigheid te bereik voordat hulle belangrike stappe doen wat die oorsese ryk geraak het. Toe Chamberlain egter teen die einde van Desember 1898 nog geen amptelike goedkeuring verleen het aan Salisbury se plan nie, het lg. besluit om alleen verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.[105] Die Britse verteenwoordigers wat veral die spit moes afbyt, was dié in Brussel, waar Leyds sy hoofkwartier gehad het. Hy was soms vir lang tydperke op besoek in ander hoofstede waar hy geakkrediteer was. Dan moes die personeel van die Britse gesantskap sy bewegings haarfyn dophou, want dit kon maklik gebeur dat hy slegs 'n paar uur voor 'n belangrike byeenkoms in Brussel opdaag. Plunkett en sy onderhoriges kon in elk geval geen byeenkoms met 'n geruste gemoed bywoon nie.[106] In November 1898 het graaf John d'Oultremont, die „Grand Maréschal de la Cour,"[107] Plunkett gewaarsku dat die Belgiese vors nie veel langer vir Leyds sou kon wegkruip nie. Tot dusver het hy nog altyd daarin geslaag om die Boeregesant te ontglip, maar met die oog op die Belgiese belange in die Republiek was hy genoodsaak om amptelike erkenning aan sy status te verleen, en in die komende winter sou hy verplig wees om hom in sy teenwoordigheid toe te laat. D'Oultremont het die hoop uitgespreek dat die Britse regering bewus was van die inspanning wat dit die koning gekos het om Brittanje leed te spaar. Plunkett wou nie berus nie. Hy het 'n beroep gedoen op die Belgiese hof om 'n nuwe vyeblad te soek „for postponing still further the actual reception by the King of Dr. Leyds."[108]

Plunkett se hoop dat die Belge vir 'n onbepaalde tyd daarin sou slaag om vir die Britte die kastaiings uit die vuur te krap, is verydel toe die krisis in Suid-Afrika vinnig na 'n klimaks beweeg het. In die middel van 1899 sou Plunkett vir geruime tyd met vakansie uit Brussel afwesig wees. Arthur Raikes, die „Chargé d'Affaires," sou as gesant waarneem. Plunkett wou alles in sy vermoë doen om te verhoed dat Leyds van die geleentheid gebruik maak om Brittanje 'n klap in die gesig te gee deur op praktiese wyse aan die wêreld te toon dat Downingstraat se aanspraak op susereiniteit oor die Republiek 'n klug is. Daar sou juis 'n belangrike byeenkoms plaasvind ná sy vertrek. Elke jaar op 21 Julie het die Belge die ampsbevestiging van hul eerste monarg in die vorm van 'n kerkdiens herdenk. Die

---

105) F.O. 2 265/307, kanttekeninge deur "W.M.", d.d. 27-12-1898. (Bevestig deur Salisbury); ook F.O. 2 265/341-342.

106) F.O. 266/157, Plunkett aan Salisbury, d.d. 15-6-1899.

107) Hoof van die koninklike huishouding?

108) C.R.O. 557, die derde Bylae in nr. III, Plunkett aan Salisbury, d.d. 16-11-1898.

koning en sy hele gesin was gewoonlik teenwoordig en die diplomatieke korps het die seremonie in uniform bygewoon. Aangesien België Leyds se geloofsbriewe aanvaar het, sou Raikes aan hom die senior plek moes afstaan. Om Raikes uit die verknorsing te red, het Plunkett van Salisbury toestemming gevra om in 'n private gesprek aan De Favereau mee te deel dat Brittanje nie Leyds as diplomaat erken het nie en gevolglik aan die Britse verteenwoordigers opdrag gegee het om weg te bly van byeenkomste waar hy voorrang bo hulle kon geniet. Dit sou die voordeel hê dat Raikes by die Belgiese Departement van Buitelandse Sake kon vis of Leyds van plan was om daardie of enige ander byeenkoms by te woon. Op daardie wyse sou die personeel van die Britse legasie die vernedering gespaar word om die wyk te neem as Leyds onverwags opdaag. Plunkett het terselfdertyd daarop gewys dat die poging om Brittanje se houding t.o.v. Leyds se status vir die Belgiese regering geheim te hou, hom as 't ware gedwing het om die bestaan van Leyds te ignoreer, met die gevolg dat dit uiters moeilik was om op die hoogte te bly met sy doen en late.[109] Op aanbeveling van Bertie het Salisbury Plunkett opdrag gegee om De Favereau onoffisieël in te lig oor die stryd wat die Britse verteenwoordigers agter die skerms teen Leyds gevoer het.[110] Aangesien Raikes reeds in bevel was toe hierdie opdrag die Britse legasie bereik het, het hy dit uitgevoer. De Favereau het verklaar dat hy 'n begrip het van Brittanje se probleme en die hoop uitgespreek dat die geskille tussen Boer en Brit nog op vreedsame wyse besleg kon word.[111] Ten spyte van die voorsorgmaatreëls wat getref is, kon Raikes maar nie die moed bymekaar skraap om die nasionale diens van die Belge by te woon nie. Na baie wik en weeg het hy besluit „that it was better for the Members of Her Majesty's legation not to attend the ceremony than to run the risk of having to withdraw if, on their arrival at the Church, they found Dr. Leyds placed among the Diplomatic Envoys."[112] Salisbury het sy optrede goedgekeur.[113] Vurige jingo's van die Chamberlain- en Milner-tipe kon so 'n morele neerlaag nie sluk nie. By hulle kon dit slegs 'n onweerstaanbare drang gewek het om die Boererepubliek met een klap weg te veeg.

---

109) F.O. 2 266/157, Plunkett aan Salisbury, d.d. 15-6-1899.

110) F.O. 2 266/158, kanttekeninge deur Bertie, d.d. 16-6-1899. (Bekragtig deur Salisbury).

111) F.O. 2 266/169, Raikes aan Salisbury, d.d. 12-7-1899.

112) F.O. 2 266/176, Raikes aan Salisbury, d.d. 22-7-1899.

113) F.O. 2 266/176, kanttekeninge deur Salisbury. (Sonder datum).

Selfs Leyds se vrou is by die susereiniteitsvraagstuk ingesleep! Tydens 'n besoek aan Londen in Desember 1898 het Plunkett die volgende probleem aan Salisbury voorgelê: die eggenote van graaf Alvensleben, die Duitse minister in Brussel, is doyenne[114)] van die diplomatieke korps. Op haar rus die verantwoordelikheid om die eggenote van 'n nuwe minister voor te stel. As sy afwesig is, moet lady Plunkett, wat tweede in rang is, die taak vervul. Soos die ongeluk dit wou hê, moes gravin Alvensleben kort voor die jaarlikse geselligheid wat die koningin op 31 Desember vir die dames van die diplomatieke korps gee, na Egipte vertrek waar haar seun skielik siek geword het. Nou wil Plunkett van Salisbury weet hoe sy eggenote mevrou Leyds by daardie geleentheid moet voorstel, aangesien Brittanje nie die status van Leyds erken nie. Mevrou Leyds is ongelukkig „much more pushing" as haar man. Gravin Alvensleben het haar alreeds amptelik voorgestel in die sosiale kringe van die diplomatieke korps en die hof maar nog nie in die paleis nie.[115)] Weer eens is argument op argument gestapel in die kantore van Salisbury en Chamberlain. Eerste aan die woord was „C.B.R." Hy redeneer soos volg: sir Francis Plunkett is nie doyen van die diplomatieke korps nie, want drie ministers in Brussel is sy senior. Daarom is lady Plunkett ook nie doyenne nie maar tree sy slegs op namens die eggenote van die Duitse minister. Sy handel nie in haar hoedanigheid as eggenote van die Britse minister nie maar neem tydelik die plek in van 'n ander dame wat doyenne van die diplomatieke korps is. Daarom behoort dit voldoende te wees as sy „without further dotting the i's" die hof in kennis stel „that she had consented to make the presentation on behalf of the German Minister's wife, who is temporarily absent from Brussels." Hy spreek egter die hoop uit dat Leyds verstandig genoeg sal wees om sy vrou uit Brussel weg te hou „on the critical occasions."[116)] Chamberlain was ongeduldig. Hy wou kort proses maak met mevrou Leyds en stel sy standpunt saaklik: „I am not an expert in diplomatic etiquette, and the matter must be settled by the Foreign Office. But as a layman I should have supposed that our course was simple. <u>We</u> do not recognize Dr. Leyds nor his wife in their 'official' position. It is only an assumed 'official' position which gives Mrs. Leyds a claim to Lady Plunkett's good offices. Therefore, I should instruct Sir F. Plunkett flatly to refuse to allow Lady Plunkett to present Mrs. Leyds."[117)] Bertie het

---

114) Die vroulike vorm van <u>doyen</u>, die senior diplomaat aan 'n bepaalde hof.

115) F.O. 2 265/306, nr. 86, memorandum deur F. Plunkett, d.d. 18-12-1898.

116) F.O. 2 265/306, nr. 87, memorandum deur „C.B.R.", d.d. 19-12-1898.

117) F.O. 2 265/306, nr. 87, memorandum deur Chamberlain, d.d. 23-12-1898.

met Chamberlain saamgestem. Slegs wou hy die saak egter baie versigtig hanteer. Plunkett moes óf aan Leyds onoffisieël verduidelik dat sy vrou opdrag gekry het om mevrou Leyds nie voor te stel nie, óf Lady Plunkett moes deur „siekte" verhinder word om die geselligheid in die paleis by te woon."[118] Op sy beurt het Salisbury met Bertie saamgestem. Nadat hy lg. se sienswyse verneem het, het hy aangemerk: „I have no doubt this is the right course."[119] Op 24 Desember het Bertie aan Plunkett geskrywe: „Lord Salisbury desires me to say that Lady Plunkett must not present Madame Leyds. He leaves it to your discretion to decide, if the occasion should arise requiring a decision, whether the question of such presentation should be avoided by explanation unofficially conveyed to Dr. Leyds, or by Lady Plunkett being unavoidably prevented by indisposition or otherwise from attending the function at the Palace on the 31st instant."[120] Na die geselligheid kon Plunkett aan Bertie meedeel dat die konsternasie onnodig was. Leyds se vrou het nie opgedaag nie. Gevolglik het Lady Plunkett slegs die eggenote van die nuwe Japanese minister voorgestel.[121]

Downingstraat was nog nie van mevrou Leyds ontslae nie. MacDonell, die Britse gesant in Lissabon, het ook in die knyp gesit, want sy vrou was doyenne van die diplomatieke korps aldaar. In die begin van April 1899 verneem hy dat mevrou Leyds binnekort in Lissabon verwag word en dat sy daarna uitsien om die koninklike egpaar te ontmoet.[122] Dit het hom so ontstem dat hy Beirao, die Portugese Minister van Buitelandse Sake, om nadere besonderhede gevra het. Beirao het sy vermoede bevestig. Leyds was begerig dat sy eggenote aan die koning en koningin voorgestel moes word. MacDonell het Beirao se aandag daarop gevestig dat die Britse legasie in 'n netelige posisie verkeer het. Die Britse verteenwoordigers het nie die reg gehad om Leyds as diplomaat te erken nie, en totdat hy 'n ander opdrag uit Londen ontvang, sou sy vrou weier om deel te neem aan die seremonie.[123] MacDonell het Salisbury daarna telegrafies gevra watter houding sy vrou moes inneem. Salisbury het die opdrag herhaal wat hy aan lady Plunkett gestuur het.[124]

---

118) F.O. 2 265/306, nr. 87, kanttekeninge deur Bertie, d.d. 23-12-1898.

119) F.O. 2 265/306, nr. 87, kanttekeninge deur Salisbury. (Sonder datum).

120) F.O. 2 265/306, nr. 88, Bertie aan Plunkett, d.d. 24-12-1898.

121) F.O. 2 266/1, Plunkett aan Bertie, d.d. 2-2-1899.

122) F.O. 2 266/85, MacDonell aan Salisbury, d.d. 9-4-1899.

123) F.O. 2 266/86, MacDonell aan Salisbury, d.d. 9-4-1899.

124) F.O. 2 266/88, F.O. aan MacDonell, 10-4-1899.

Hoe lank sou die Britse verteenwoordigers hulle kon versteek soos hase wat voor 'n hond in die aarde verdwyn en hulle eggenotes aan skynkwale kon ly? Dit is duidelik dat die Boere nie meer lank hul vryheid kon geniet nie.

Brittanje was vasbeslote om die ander moondhede nie die minste te help om aan die Republiek 'n belangriker plek in die ry van nasies te besorg nie. Die poging van Pretoria in 1899 om Carl Jeppe as sy konsul-generaal na Kaapstad te stuur, het gestuit op die hardnekkige teenstand van Milner, Chamberlain en Salisbury.[125] Milner was oortuig dat die Republiek maar net daarna gestrewe het om sterker op die voorgrond te tree. Hy het o.m. beswaar gemaak teen die „high-sounding title" van konsul-generaal. Die doel daarvan was om die belangrikheid van die Republiek te beklemtoon en om die idee van Britse susereiniteit of meerderwaardigheid die nek in te slaan. Die konsul-generaal sou onmiddellik aanspraak maak op voorrang bo die konsuls wat België, Denemarke, Spanje, Italië en Rusland in Kaapstad verteenwoordig. Nog erger, hy sou met verloop van tyd die senior word van die ander konsuls-generaal, t.w. dié van Duitsland, Frankryk, Australië, Hongarye, die Verenigde State van Amerika, Holland, Portugal en Swede. Dit kon selfs gebeur dat omstandighede ontstaan wat hom die geleentheid verskaf om doyen van die hele diplomatieke korps in Kaapstad te word. So 'n verwikkeling sou die beleid loënstraf om die status van die Republiek se gevolmatigde minister op die Europese vasteland te misken.[126] Chamberlain het saamgestem dat die benoeming van Jeppe nie erken moes word nie. Dit sou wel moeilik gaan om so 'n houding te regverdig, aangesien 'n konsul-generaal van die Republiek in Londen ontvang is, maar daar was weinig gevaar dat die vraagstuk van voorrang wat in Kaapstad kon ontstaan, ooit in Londen sou opduik.[127] Salisbury was dit eens met Milner en Chamberlain. Die Suid-Afrikaanse Republiek was nie heeltemal onafhanklik nie maar onderhewig aan die susereiniteit van Brittanje, en sy reg om buitelandse verteenwoordigers te benoem was gevolglik begrens. Sy posisie het in 'n mate ooreengekom met dié van Bulgarye wat onder die susereiniteit van Turkye gestaan het. Brittanje en ander vreemde moondhede het wel diplomatieke agente na Bulgarye gestuur maar, met die uitsondering van Rusland en Frankryk, nie self Bulgaarse diplomate ontvang nie, omdat hulle bevrees was dat Turkye aanstoot sou neem.[128] In Julie het Chamberlain die Republiek in kennis

---

125) Vir 'n vollediger behandeling van hierdie aangeleentheid, vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 59-61.

126) C.R.O. 571, nr. 178, Milner aan Chamberlain, d.d. 22-3-1899.

127) F.O. 2 266/96, C.O. aan F.O., d.d. 8-5-1899.

128) C.R.O. 571, nr. 255, F.O. aan C.O., d.d. 11-5-1899.

gestel dat die Britse regering nie sy weg oopsien om toestemming te verleen tot die skepping van die verlangde pos nie.[129] Kruger was blykbaar baie teleurgestel, want hy het Leyds telegrafies om raad gevra.[130] Leyds het geantwoord dat die houding van Downingstraat in stryd was met „de internationale hoffelijkheid," maar dit sou raadsaam wees om die stryd voorlopig nie verder te voer nie.[131]

Die status van die Republiek sou nog op 'n heel ander wyse ook vir Brittanje 'n doring in die vlees wees. Op aansporing van tsaar Nicolaas II van Rusland is 'n konferensie in/die voorjaar van 1899 in Den Haag belê met die doel om planne te beraam vir die beëindiging van die bewapeningswedloop tussen die groot moondhede.[132] As gasheer het die Hollandse regering natuurlik die uitnodiging aan die ander state gerig om die konferensie by te woon,[133] maar dit is baie duidelik dat hy in oorleg met die Russiese regering opgetree het.[134] Toe die voorbereidsels vir die konferensie nog maar in die beginstadium was, het Howard reeds uit Den Haag alarm gemaak. In Februarie deel hy Salisbury mee dat volgens 'n gerug wat hom ter ore gekom het, Leyds so pas aan die hof van St. Petersburg geakkrediteer is. Hy verwag stellig dat die Transvaalse regering sal aandring op 'n uitnodiging na die vredeskonferensie in Den Haag op grond van die feit dat hy nou 'n diplomatieke verteenwoordiger in St. Petersburg het, „as Mr. Kruger and Dr. Leyds are not likely to forgo such an opportunity of bringing themselves and their country before the public." De Beaufort, die Nederlandse Minister van Buitelandse Sake, kan hom enige oomblik in kennis stel dat hy van plan is om die Suid-Afrikaanse Republiek na die konferensie uit te nooi, want hy kan altyd die verskoning aanvoer dat hy <u>amptelik</u> onbewus daarvan is dat die diplomatieke verteenwoordigers van Brittanje slegs in private hoedanigheid met dié van die Republiek mag omgaan en dus nie saam met hulle in die vergadersaal mag verskyn nie. Om De Beaufort voor te spring, vra hy verlof om hom ten minste <u>half-amptelik</u> in te lig oor Brittanje se houding t.o.v. die Republiek se internasionale status.[135]

---

129) C.R.O. 600, nr. 1, Chamberlain aan Milner, d.d. 4-7-1899.

130) Leyds, Korresp., Deel I, nr. 102, Pretoria aan die gesant, d.d. 8-8-1899.

131) Leyds, Korresp., Deel I, nr. 108, die gesant aan Pretoria, d.d. 10-8-1899.

132) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 62.

133) Ibid.

134) F.O. 2 266/44, Sir Charles Scott, die Britse ambassadeur in St. Petersburg, aan Salisbury, d.d. 2-3-1899.

135) F.O. 2 266/34, Howard aan Salisbury, d.d. 27-2-1899. (Onderstreping deur skrywer).

Vir die soveelste keer moes die raadsliede van Downingstraat hul redenaarsvernuf ten volle inspan. Bertie beweer dat die Britse regering nie die Russiese of Nederlandse regering kan verhinder om die Republiek na die konferensie uit te nooi nie. Hy is bang om Nederland half-amptelik in kennis te stel van Brittanje se sienswyse oor die status van die Republiek en sy diplomatieke verteenwoordigers, want dit kan aanleiding gee tot 'n dispuut „which would be inconvenient" en tot 'n arbitrasievoorstel „which would probably be more than inconvenient." Brittanje moet hom nie na Den Haag wend nie maar na Pretoria, die wortel van die kwaad, maar die tyd het nog nie aangebreek om die sweer oop te steek nie. Indien St. Petersburg of Den Haag wil weet of Londen beswaar het teen die aanwesigheid van 'n Transvaalse verteenwoordiger op die konferensie, moet hy bevestigend antwoord sonder om die saak te bespreek.[136] Bertie se sienswyse het slegs van Salisbury steun ontvang.[137] Ander amptenare, o.w. Edward Wingfield, kon geen rede sien waarom Den Haag nie in kennis gestel kon word nie dat, vanweë Brittanje se aanspraak op susereiniteit oor die Transvaal, dit geheel en al onmoontlik vir sy verteenwoordigers sou wees om 'n vergadering by te woon waar hulle op gelyke voet met die Republiek se verteenwoordiger verkeer.[138]

Terwyl daar nog verwarring in Downingstraat heers, maak 'n ander Britse gesant al weer alarm. In die begin van Maart lê sir Charles Scott, die Britse ambassadeur in St. Petersburg, 'n dringende verslag aan Salisbury voor van 'n onderhoud wat hy met Van Stoetwegen, sy Nederlandse kollega, gehad het. Van Stoetwegen wou van Scott weet of graaf Mouravieff, die Russiese Minister van Buitelandse Sake, met hom die vraag bespreek het of 'n Transvaalse verteenwoordiger na die ontwapeningskonferensie uitgenooi moes word. Scott het ontkennend geantwoord maar wou weet of daar dan so 'n moontlikheid bestaan het. Die Hollander het geantwoord dat die saak waarskynlik nog nie aandag geniet het nie maar dat hy die vraag gestel het omdat Mouravieff hom meegedeel het dat die Britse verteenwoordigers geen amptelike betrekkinge kon handhaaf met 'n minister wat deur die President van die Republiek geakkrediteer was nie. Scott het bevestig dat Mouravieff volkome reg was maar Van Stoetwagen sterk aangeraai om die slapende honde wakker te maak nie.[139]

---

136) F.O. 2 266/38, kanttekeninge deur Francis Bertie, d.d. 2-3-1899.

137) F.O. 2 266/38, bekragtiging van Bertie se kanttekeninge deur Salisbury, d.d. 2-3-1899.

138) F.O. 2 266/42-43, kanttekeninge deur Edward Wingfield en ander amptenare, d.d. 4-3-1899. (Sommige naantekeninge is onleesbaar).

139) F.O. 2 266/44, Scott aan Salisbury, d.d. 2-3-1899.

Die saak het nou direk Chamberlain se aandag geniet. Op sy kenmerkend aggressiewe wyse wil hy almal wat hom teenstaan eensklaps op hul knieë dwing. Hy verklaar: „It is evident that the South African Republic, acting under Dr. Leyds' advice, are determined to push their diplomatic pretensions in every way and to claim equality with the Suzerain Power. If we allow their policy to pass (?) without protest, we shall certainly find it quoted against us in the future and used as an argument for arbitration in all cases of difference as between equal states. I think we should certainly let other Powers know semi-officially what our position is, and warn them that our Representatives have been instructed not to attend any functions, social or official, where they may have likely to encounter a claim of precedence from the delegates of the South African Republic under the regulations (?) of the Treaty of Vienna."[140] Hy betoog verder soos volg: Indien Rusland of Nederland die vraag sou opper of die Suid-Afrikaanse Republiek na die vredeskonferensie uitgenooi behoort te word, moet Brittanje onomwonde verklaar dat die Republiek geen reg het op 'n uitnodiging nie, omdat sy suserein verteenwoordig sal wees en dat die Republiek buitendien geen invloed op die besprekings kan uitoefen nie, omdat hy, vanweë die feit dat hy verplig is om enige ooreenkoms of verdrag met ander state aan Brittanje vir goedkeuring voor te lê, nie 'n onafhanklike buitelandse beleid kan volg nie.[141] Die remmende invloed van die „Foreign Office" onder Salisbury op die voortvarendheid van die „Colonial Office" onder Chamberlain, tree selde duideliker aan die lig as hier.[142] Bertie stuit Chamberlain soos meermale in die verlede. Hy verwerp sy „maak en breek"-beleid en verklaar ewe kalm: „Another alternative would be to inform the Russian and Netherlands Governments that we hear that the Transvaal is seeking an invitation to the Peace Conference; that we do not intend to discuss with any Foreign State the question of the position of the Transvaal as regards England, but that if any Representative of the South African Republic be invited, we shall not attend."[143] Dat Bertie daarop uit was om Chamberlain se invloed te bekamp, blyk uit sy verdere optrede. Op 10 Maart skrywe hy aan Salisbury: „Ought not the instruction to Sir Henry Howard to be to say that, owing to a report having

140) Die wegkruiptaktiek van die „Foreign Office" het Chamberlain nou baie goed te pas gekom. (Sy handskrif in hierdie dokument is moeilik leesbaar).

141) F.O. 2 266/48, kanttekeninge deur Chamberlain, d.d. 5-3-1899.

142) Halevy praat selfs van „the conciliatory methods of the Foreign Office" en „the aggressive methods of the Colonial Office." (Vgl. Halevy: Imperialism, p. 69).

143) F.O. 2 266/57, kanttekeninge deur Bertie, d.d. 6-3-1899.

reached Her Majesty's Government that the Transvaal is seeking an Invitation, he is directed to communicate to the Netherlands Government the substance of his instructions?"[144] Salisbury se antwoord was: „Yes."[145] In 'n konsep-brief wat daarna in die „Foreign Office" opgestel en deur Salisbury goedgekeur is, word Howard herinner aan die instruksies dat die Britse verteenwoordigers alle sosiale en amptelike funksies moet vermy waar die verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Republiek moontlik voorrang bo hulle kan geniet. Dan gaan die brief voort: „As reports have reached Her Majesty's Government that the South African Republic is seeking an invitation to the approaching conference on armaments, I (Salisbury) think it desirable that you should now communicate the substance of these instructions in a semi-official manner to the Netherlands Government in order that they may fully understand the exact position which has been taken up by Her Majesty's Government in the matter."[146] Op 18 Mei het die vredeskonferensie sonder 'n verteenwoordiger van die Republiek 'n aanvang geneem.[147]

Sowel in die Britse as Nederlandse parlement het die saak weerklank gevind. In die Britse Laerhuis wou William Redmond van die Onderminister van Buitelandse Sake weet of die regering beswaar gemaak het teen die teenwoordigheid van 'n afgevaardigde van die Suid-Afrikaanse Republiek op die vredeskonferensie. 'n Antwoord is in die „Foreign Office" opgestel, wat vooraf aan Salisbury vir goedkeuring voorgelê is. Dit lui: „Her Majesty's Government have not had occasion to object to the presence of a Delegate from the South African Republic as the proposal to send an invitation to the Transvaal has not been made."[148] Dat Brittanje betyds stappe gedoen het om so 'n voorstel te verhoed, is natuurlik verswyg.

In die Nederlandse parlement het dr.Kuyper, leier van die Calvinistiese Party in die Tweede Kamer, as kampvegter van die Republiek se saak opgetree. Tydens 'n debat op 2 Mei het hy sy misnoeë daaroor uitgespreek dat die Transvaal nie uitgenooi is om 'n afgevaardigde na die konferensie te stuur nie. Hy was daarvan oortuig dat

---

144) F.O. 2 266/53, Bertie aan Salisbury, d.d. 10-3-1899. Die „instructions" waarna hy hier verwys, is die opdrag om geen amptelike omgang met die verteenwoordigers van die Republiek te hê nie. (F.O. 2 266/54).

145) Ibid.

146) F.O. 2 266/54 (Draft), Salisbury aan Howard, d.d. 11-3-1899. (Bekragtig deur Salisbury).

147) Vgl. Scholtz: Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, p. 37; Scholtz: Oorsake, II, p. 63.

148) F.O. 2 266/92, verslag onder die opskrif: Question and answer in House of Commons, d.d. 1-5-1899. (Bekragtig deur Salisbury met sy handtekening).

Van Stoetwegen nie genoeg moeite in St. Petersburg gedoen het om die samewerking van die Russe in die verband te verkry nie, en hy het De Beaufort, die Nederlandse Minister van Buitelandse Sake, dit erg kwalik geneem dat hy juis op daardie tydstip Van Stoetwegen se naam aan die kroon voorgelê het vir die toekenning van die Groot Kruis van die Orde van Oranje Nassau. Die ganse volk was verbitter oor die onreg wat die Suid-Afrikaanse Republiek aangedoen is, en die toekenning sou veel groter byval gevind het as dit gevolg het op onderhandelinge wat met sukses bekroon was as op onderhandelinge wat misluk het.[149] Van Stoetwegen het Kuyper soos 'n verwoede bul bestorm in die „Nieuwe Rotterdamsche Courant" van 11 Mei. Eers beskuldig hy hom van oneerbiedige gedrag teenoor die Nederlandse Kroon, en dan van doelbewuste verkragting van die waarheid. Kuyper weet dat 'n uitnodiging aan die Republiek die konferensie op die rotse sou stuur. Hy weet watter moondheid dit is wat die Republiek as sy vassal beskou en wat sowel amptelik as privaat daarop aandring dat die Republiek geïgnoreer moet word. Hy weet dat Rusland graag die Republiek sou wil uitnooi. Om die Russe aan te spoor om te doen wat hulle graag wil doen, sal 'n geval wees van „enfoncer une porte ouverte."[150] En Kuyper behoort te weet dat 'n mens nie 'n oop deur oopbreek of afsaag nie![151]

Kuyper het onmiddellik die handskoen opgetel wat Van Stoetwegen hom toegewerp het. In die „Nieuwe Rotterdamsche Courant" van 13 Mei buit hy die diplomatieke flater van sy opponent ten volle uit. Hy beskou die brief waarin Van Stoetwegen teen hom uitvaar as 'n amptelike dokument van die Nederlandse legasie in St. Petersburg, aangesien die gesant se titel bokant sy naam verskyn. Hy is Van Stoetwegen baie dank verskuldig vir sy openhartigheid, want De Beaufort het juis probeer om 'n sluier te trek oor die onderhandelinge wat betrekking gehad het op die vraag of die Suid-Afrikaanse Republiek na die vredeskonferensie uitgenooi moes word. Nou het Van Stoetwegen 'n kantjie van die sluier opgelig en amptelik bekend gemaak dat Rusland graag die Transvaal na die konferensie wou uitgenooi het maar dat Brittanje daar 'n stokkie voor gesteek het. Danksy die inligting wat Van Stoetwegen hom verskaf het, kan hy nou weer die stryd in die parlement voortsit. Kuyper herinner die gesant ten slotte daaraan dat daar in die State-Generaal 'n sterk party is wat die aantal diplomatieke verteenwoordigers in die buiteland wil verminder en liewer die

149) F.O. 2 266/131, Peel namens die Britse gesantskap in Den Haag, aan Salisbury, d.d. 13-5-1899.

150) „Jy hoef nie 'n oop deur oop te trap nie."

151) F.O. 2 266/131, Peel aan Salisbury, d.d. 13-5-1899.

konsulêre diens wil uitbrei. Van Stoetwegen se dwase aanval op hom het die hande van hierdie persone baie gesterk.[152]

Tydens 'n onderhoud op 17 Mei - die dag voor die aanvang van die konferensie - het Van Stoetwegen aan sir Charles Scott verduidelik dat sy owerheid hom versoek het om Mouravieff privaat te pols oor sy sienswyse omtrent 'n uitnodiging aan die Suid-Afrikaanse Republiek. Mouravieff was van mening dat hulle liewer nie die saak moes aanroer nie, aangesien die teenwoordigheid van 'n Transvaalse afgevaardigde die Britte in groot verleentheid sou bring. Om die skyn van 'n kwade gesindheid teenoor die Republiek te vermy, sou hy graag sien dat geen Afrikaanse staat uitgenooi word nie. Van Stoetwegen het Mouravieff se sienswyse aan De Beaufort oorgedra.[153] Von Bülow, die Duitse Minister van Buitelandse Sake, vir wie De Beaufort groot ontsag gehad het,[154] het hom soortgelyke advies gegee.[155] Dit is begryplik dat hy onder daardie omstandighede voor die druk van die Britte sou swig.[156]

Die Nederlandse gesant wat sy vaderland vir vyftien jaar getrou aan die hof van St. Petersburg verteenwoordig het, het openlik erken dat sy optrede teenoor Kuyper 'n growwe oortreding was van die reëls waaraan Den Haag se diplomate onderworpe was. Hy is dan ook na Den Haag ontbied om verantwoording te doen en het getwyfel of hy toegelaat sou word om weer na St. Petersburg terug te keer.[157] Die skerwe van Downingstraat se „susereiniteitsbom" het nie slegs lg. se eie diplomate getref nie.

Onmiddellik na die aanvang van die Tweede Vryheidsoorlog is in Salisbury se kantoor 'n breedvoerige memorandum opgestel oor die susereiniteitsvraagstuk vir die gebruik van die kabinet.[158] Die doel daarvan was ongetwyfeld om ammunisie te voorsien vir 'n debat in die Britse parlement.[159] Van begin tot einde poog die

---

152) F.O. 2 266/131, Peel aan Salisbury, d.d. 13-5-1899.

153) F.O. 2 266/136, Scott aan Salisbury, d.d. 18-5-1899.

154) Hy noem Von Bülow „een der scherpzinnigste staatslieden van Europa." (De Gids, Junie 1916, p. 469, aangehaal in Scholtz: Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, p. 35).

155) Verklaring van De Beaufort. (Aangehaal in Scholtz: Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, p. 35).

156) Vgl. voetnote nr. 336 en 337.

157) F.O. 2 266/136, Scott aan Salisbury, d.d. 18-5-1899.

158) C.R.O. 595, Memorandum on the claim to Suzerainty over the South African Republic in connection with recent events, d.d. October 15, 1899. (Die naam van die opsteller word nie vermeld nie.)

159) Slegs vier dae nadat die memorandum voltooi is, het daar dan ook 'n debat in die Laerhuis plaasgevind. (Boyd, a.w., II, p. 29-36).

memorandum om te bewys dat Brittanje se aanspraak op susereiniteit nie tot die oorlog bygedra het nie. Sy slotsom is dan ook: „It was not...the claim of Her Majesty's Government to suzerainty which has been the cause of the war, for in that case the South African Republic should have despatched their ultimatum in November, 1897, when the claim was made as definitely as it ever has been since."[160] Dit is egter opvallend dat die memorandum nie 'n woord rep van die implikasies wat die Britse beleid t.o.v. die plek van die Republiek aan die diplomatieke front meegebring het nie. Die voorafgaande studie toon duidelik dat die toestand vir Downingstraat hoe langer hoe meer onhoudbaar geword het en Brittanje sou nie op die lang duur met eer daarvan afgekom het nie. Die ondergang van die Vierkleur was 'n voldonge feit.

160) C.R.O. 595, slotparagraaf. Die regte datum is Oktober 1897.

## BESLUIT

Dit is te begrype dat Chamberlain die Boererepublieke sou bestempel as die aggressors in die militêre stryd wat in Oktober 1899 'n aanvang geneem het. Op die 19de van daardie maand beskuldig hy Kruger in die Britse Laerhuis daarvan dat hy nie aan die Britse onderdane dieselfde politieke regte as aan sy eie mense wou gee nie, omdat hy van plan was om 'n verenigde Suid-Afrika te skep wat geheel en al vry sou wees van Britse invloed en beheer. Hy voeg daaraan toe: „With the whole of South Africa in arms, with the whole of South Africa in the possession of the Boers, does anybody suppose that it would have been a small operation, even for a rich and powerful country, to have put, it may be, 200,000 or 100,000 men into South Africa? That was the danger. We have escaped, I believe, one of the greatest dangers which we have ever been subjected to in Africa."[1] Chamberlain kom hier met minder as 'n halwe waarheid voor die dag. Sy tydgenoot, professor Westlake, wat ook geglo het dat Kruger besig was met propaganda om die hele Suid-Afrika in 'n Boererepubliek te omskep, deel ons meer as die helfte van die waarheid mee as hy op 9 November 1899 in Cambridge verklaar: „It is not likely, not having the support of Germany, that they (the Boers) would take any steps in peaceful times. But if it is the fact of the matter that there are considerable military powers on our frontiers which have that propaganda at heart, then I think it would be folly to ignore it. We must expect as reasonable men that an attempt by arms would be carried out when England was in difficulty, and the only way to deal with it was to deal with it at a time when England was not in difficulty."[2]

Dat daar teen die einde van die neëntiende eeu 'n swaargelaaide oorlogsatmosfeer oor Europa gehang het, blyk uit die groot aantal lande van oor die hele aardbol (Afrika uitgesluit) wat die vredeskonferensie in die middel van 1899 in Den Haag bygewoon het. Daar was afgevaardigdes van meer as twintig lande, w.o. Brittanje, Rusland, Frankryk, die Verenigde State van Amerika, Oostenryk, Duitsland, Italië, Switserland, Turkye, Griekeland, Swede, Denemarke, Holland, Spanje, Portugal, België, Boelgarye, Serwië, Montenegro, China, Japan en Siam.[3] Rusland, van wie die inisiatief uitgegaan het, het in 'n lywige dépêche daarop gewys dat honderde

---

1) Boyd: a.w., II, p. 20-29.

2) Vgl. Westlake: The Transvaal War, A Lecture delivered in the University of Cambridge on 9th November, 1899, p. 27-28. (Onderstreping deur skrywer).

3) Vgl. McCarthy: A History of our Times, I, p. 351.

miljoene ponde bestee word aan wapens „which, while being regarded to-day as the latest inventions of science, are destined to-morrow to be rendered obsolete by some new discovery."[4] Hy het dan ook die hoop uitgespreek dat die konferensie daadwerklike stappe sou doen om die bewapeningswedloop te beëindig.[5] Wantroue en aggressiwiteit was die vernaamste kenmerke van die gees wat op die konferensie geheers het. Een van Duitsland se verteenwoordigers, kolonel Von Schwartzhoff, het namens sy owerheid verklaar dat Duitsland geweier het om sy militêre uitgawes te besnoei en beweer dat die Duitse volk gewillig was om die offers te bring wat hul vaderland nodig gehad het om sy posisie in die ry van nasies te handhaaf.[6] 'n Britse afgevaardigde, onder-admiraal sir John Fisher, het in 'n private gesprek teenoor sy Duitse kollega, kaptein Siegel, opgemerk dat hy hom op die standpunt gestel het dat mag reg is en dat hy enige ooreenkoms wat in Den Haag gesluit is, sou ignoreer indien dit met die politieke en militêre belange van sy land gebots het.[7] Aan Andrew White, die Amerikaanse ambassadeur in Den Haag wat Amerika op die konferensie verteenwoordig het, het Fisher verklaar dat daar nie met die Britse vloot gepeuter kon word ter wille van vrede nie. Dit moes altyd gereed wees om enige krisis die hoof te bied.[8] Dit hoef ons nie te verbaas nie dat die plan om bewapening te beperk deur al die afgevaardigdes behalwe dié van Rusland verwerp is.[9] Die konferensie het inderdaad nie veel meer uitgerig as die instelling van 'n permanente arbitrasiehof nie.[10] Selfs hierdie stap is hand en tand beveg deur die Duitse keiser. Uit vrees vir sy reaksie, is 'n voorstel dat arbitrasie verpligtend moes wees, verwerp en is besluit dat slegs daardie internasionale geskille aan arbitrasie onderwerp sou word wat nie die eer van die betrokke partye geraak het of vir hulle van lewensbelang was nie.[11] Toe Wilhelm uiteindelik kop gegee het, het hy

---

4) Aanhaling uit 'n Engelse vertaling van 'n dépêche opgestel deur Mouravieff, Russiese Minister van Buitelandse Sake. (Dele van die dépêche word aangehaal in McCarthy: A History of our own Times, I, Hoofstuk XII). Die volledige dépêche kan gevind word in G.P., XV, p. 142-143.

5) Vgl. McCarthy: A History of our Times, I, p. 346-349.

6) Vgl. McCarthy, a.w., p. 352; Grant en Temperley, a.w., p. 333; Halevy: Imperialism, p. 65.

7) Vgl. Halevy: Imperialism, p. 64; G.P., XV, nr. 4274, p. 225-230: verslag van Siegel oor die gesprek, d.d. 28-6-1899.

8) White gee 'n verslag van die onderhoud in die tweede band van sy outobiografie (p.267-268). Dit word ten dele aangehaal deur Halevy, a.w., op p. 64 (Tweede voetnoot).

9) Vgl. Halevy: Imperialism, p. 65.

10) Vgl. McCarthy, a.w., p. 371-373.

11) Vgl. Halevy: Imperialism, p. 65.

nog verklaar dat hy hom nie op arbitrasie gaan verlaat nie maar op die skerpte van sy swaard.[12] Dit het dan ook spoedig geblyk dat die Hof nie in die minste 'n stremmende uitwerking op die magspolitiek van die groot moondhede gehad het nie.[13]

Ons wil graag aanneem dat Chamberlain dit opreg bedoel het met sy pleidooi vir Brits-Duitse samewerking sedert die Russiese beslaglegging op Port Arthur in Maart 1898,[14] maar 'n mens wonder of hy rekening gehou het met die moontlikheid dat Duitsland daarin kon slaag om die leierskap op kommersiële en industriële gebied van Brittanje af te wring. So 'n moontlikheid kon binne afsienbare tyd werklikheid word,[15] en daarmee sou Chamberlain nie gedien wees nie, want 'n magsverskuiwing in die ekonomiese stryd moes noodwendig die insulêre moondheid nadelig tref, al was die kontinentale moondheid op politieke gebied sy bondgenoot. Ekonomie en sentiment - hierdie faktore, wat op mekaar ingewerk het, was die twee hoekstene van die buitelandse en koloniale beleid van die geïndustrialiseerde moondhede in die laaste kwart van die neëntiende eeu. Chamberlain se politiek was dan ook 'n tipiese produk van sy tyd. Kort nadat hy en Gladstone by die kruispad van liberalisme en imperialisme van mekaar geskei het, het hy vir hom 'n nes begin regskop in die kring van die Britse Imperialiste. In 1888 het Salisbury hom na Noord-Amerika gestuur om 'n geskil tussen Kanada en die V.S.A. oor visserye op te los.[16] Hierdie sending het sy belangstelling in die koloniale ryk opgewek, en by sy terugkeer was hy reeds 'n oortuigde Imperialis. Op 9 April 1888 het hy 'n insiggewende rede gehou op 'n dinee wat die Devonshire Club ter ere van hom gereël het.[17] Wat die sentimentele aspek van sy beleid betref, het hy verklaar: „I am willing to submit to the charge of being a sentimentalist when I say that I will never willingly admit of any policy that will tend to weaken the ties between the different branches of the Anglo-Saxon race which form the British Empire and the vast dominion of the Queen. We all feel a natural pride in the restless energy and dauntless courage which have created the great Empire. We feel a satisfaction in the constant evidence which is given us of the affectionate attachment of our fellow-subjects throughout the

---

12) Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 333.

13) Vgl. McCarthy, a.w., p. 372-373.

14) Vgl. Hoofstuk XIV, voetnoot nr. 57.

15) Vgl. Scholtz: Oorsake, II, p. 302.

16) Vgl. Halevy: Imperialism, p. 23-24; Britain's relations with the United States and the Colonies. (Rede deur Chamberlain, volledig aangehaal in Boyd, a.w., I, p. 318-322).

17) Ibid.

world to their old home. It seems to me that it would be unpatriotic to do anything which would discourage this sentiment - that it would be cowardly and unworthy to repudiate the obligations and responsibilities which the situation entails upon us." Met betrekking tot die ekonomiese aspek het hy hom soos volg uitgelaat: „Experience teaches us that the trade follows the flag, and even in commercial questions sentiment is a powerful influence on the question of profit and loss. A great part of our population is dependent at the present moment upon the interchange of commodities with our colonial fellow-subjects, and it is the duty of every statesman to do all in his power to maintain and increase this commercial intercourse, and to foster the attachment upon which to a large extent it is founded. We have to watch for opportunities to strengthen the ties between our colonies and ourselves."[18] Tien jaar later het die toesprake van Chamberlain nog steeds dieselfde gees geopenbaar. Op 'n banket waar Milner die eregas was tydens sy besoek aan Brittanje teen die einde van 1898, het Chamberlain uitgewei oor die betekenis van die Britse Ryk en o.m. verklaar dat die Kaap die belangrikste strategiese punt in die ketting van Britse kolonies was en in besit van Brittanje moes bly indien hy sy posisie in die Ooste wou handhaaf. Daarom moes die gedagte aan Boere-opperheerskappy in Suid-Afrika die nek ingeslaan word.[19] En dit moes geskied op 'n tydstip „when England was not in difficulty," soos Westlake verklaar het. Wat sou die lotgevalle van Suid-Afrika gewees het as Pretoria die koue oorlog vir nog 'n dekade en 'n half kon uitgerek het en tydens die Eerste Wêreldoorlog die swaard uit die skede getrek het om sy geskille met Londen uit die weg te ruim?

Diegene mag reg wees wat die sienswyse huldig dat die oorlog tussen Boer en Brit nie onvermydelik was nie.[20] Wat o.i. wel onvermydelik was, was die verdwyning van die twee Boererepublieke. As dit nie langs die weg van militêre geweld gebeur het nie, sou dit langs konstitusionele weg gebeur het. Dan sou die Suid-Afrikaanse Republiek die paadjie bewandel het wat Milner vir hom afgebaken het. Hy het die Republiek voorgestel as 'n koppige pasiënt in wie se keel medisyne van Britse fabrikaat afgedwing moes word.[21] Daardie medisyne was veral 'n liberale

---

18) Ibid.

19) Vgl. Handy Notes on South Africa, 1899, p. 6.

20) Vgl. Marais: The Fall of Kruger's Republic.

21) C.R.O. 572, nr. 39, Milner aan Chamberlain, d.d. 29-3-1899.

kiesreg. Wat hy daarmee wou bereik, stel hy sonder om doekies om te draai: "In the long run, as I understand the case, the Uitlanders can, and ought, to be the predominant power in the State."[22] As sake eers so ver gevorder het, sou die vereniging van Suid-Afrika onder die Britse vlag nie lank uitgebly het nie.

22) C.R.O. 572, nr. 45, Milner aan Chamberlain, d.d. 29-4-1899.

# B R O N N E.

## I.

## Literatuur.


AGAR-Hamilton, J. A. L.: The Road to the North - South Africa, 1852-1886, Londen 1937.

BACKEBERG, H. E. W.: Duitse Kolonisasieplanne in Suidelike Afrika (1884-1885), Pretoria 1944. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P.).

BACKEBERG, H. E. W.: Die Betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-inval (1852-1896). In die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Deel I, Kaapstad 1949.

BARNARD, H. C.: The Expansion of the Anglo-Saxon Nations: A Short history of the British Empire and the United States. By several Contributors. Edited by -, Londen 1920.

BEAUFORT, DR J.A.A.H. DE: Vijftig Jaren uit onze Geschiedenis, 1868-1918, Eerste Deel, Amsterdam 1928.

BEYERS, DR. COENRAAD: Laaste Lewensjare en heengaan van President Kruger. In die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Deel I, Kaapstad 1941.

BIXLER, R. W.: Anglo-German Imperialism in South Africa: 1880-1900, Warwick en York 1932.

BIXLER, R. W.: Anglo-Portuguese Rivalry for Delagoa Bay (In "Journal of Modern History, VI", 1934).

BLEBY, A. S.: South Africa and the British Empire, Kaapstad 1916.

BOEY, M.: Paul Kruger, Lannoo, Tielt s.j.

BRAAK, K.: Zuid-Afrika en Engeland: Hun Staatkundige Verhouding, Utrecht 1933.

BREYTENBACH, J. H.: Die Tweede Vryheidsoorlog, Deel I: Voorspel tot die stryd, Kaapstad 1948.

BULOW, BERNHARD von: Imperial Germany, Londen 1914.

CANA, F. R.: South Africa from the Great Trek to the Union, Londen 1909.

COLVIN, IAN: The Life of Jameson, (II), Londen 1922.

CRAFFORD, F. S.: Jan Smuts - A biography, Londen s.j.

CURREY, C. H.: British Colonial Policy, 1783-1915, Oxford 1916.

DIETZEL, K. H.: Die Südafrikanische Union, Berlyn 1934.

ENGELHAAF, GOTTLOB von: Geschichte der neuesten Zeit vom Frankfurter Frieden bis zur Gegenwart, Erster Band, Stuttgart 1920.

EGERTON, H. E.: A Short History of British Colonial Policy, 1606-1909, Londen 1932.

EGERTON, H. E.: Federations and unions in the British Empire, Oxford 1911.

EVANS, R. J.: The Victorian Age, 1815-1914, Londen 1950.

EYCK, ERICH: Das Persönliche Regiment Wilhelmus II (Politische Geschichte des Deutschen Kaiserreiches von 1890 bis 1914), Erlenbach-Zurich 1948.

FRANCES, FRIEDMAN: An Outline of American History (Distributed by the U.S.A. Information Service), Washington s.j.

GARVIN, J. L.: The Life of Joseph Chamberlain (Drie Bande), Londen 1934 (Veral deel DRIE).

GLADSTONE, VISCOUNT: After Thirty Years, Londen 1928.

GOOCH, G. P.: Before the War - Studies in Diplomacy, (I), Londen 1938.

HAGEN, M. von: Bismarck's Kolonialpolitik, Stuttgart 1923.

HALEVY, ELIE: Imperialism and the Rise of Labour, Londen 1951.

HALL, H. L.: The Colonial Office, Londen 1937.

HAUSHOFER, DR. KARL: Die Grossmächte vor und nach dem Weltkriege, Leipzig en Berlyn 1930.

HEADLAM, J. W.: Bismarck and the foundation of the German Empire, New York en Londen 1909.

HEINRICH, FRIEDJUNG: Das Zeitalter des Imperialismus, 1884-1914 (Drie Bande), Berlyn 1919.

HELFFERICH, KARL von: Die Vorgeschichte des Weltkriges, Berlyn 1919.

HOFMANN, HERMANN: Fürst Bismarck (1890-1898), Stuttgart 1914.

HOWARD, C. H. D.: Joseph Chamberlain: A political Memoir, 1880-1892, Edited from the original manuscript by -, Londen 1953.

HUGO, M. J.: Die Stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek, Kaapstad 1947.

JAPIKSE, DR. N.: Europa en Bismarck's Vredespolitiek. De Internationale Verhoudingen van 1871-1890, Leiden 1925.

JEPPE, CARL: The Kaleidoscopic Transvaal, Londen 1906.

JOHNSTON, H. H.: The Colonization of Africa, Cambridge 1930.

KEITH, ARTHUR BERRIEDALE: Selected Speeches and documents on British Colonial Policy, 1763-1917, Edited by -, Londen 1948.

KELLER, A. G.: Colonization, Boston 1908.

KENNEDY, A. L.: Old Diplomacy and New (From Salisbury to Lloyd George), Londen 1922.

KIEWIET, C. W. DE: British Colonial Policy and the South African Republics (1848-1872), Londen 1929.

KIEWIET, C. W. DE: The Imperial Factor in South Africa, Cambridge 1937.

KNAPLUND, PROF. P.: Gladstone and Britain's Imperial Policy, Londen 1927.

KOCK, M. H. DE: Economic History of South Africa, Kaapstad en Johannesburg 1924.

KOCK, W. J. DE: Ekstra-territoriale vraagstukke van die Kaapse regering, 1872-1885. In die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Deel I, Kaapstad 1948.

LANGE, J. M.: Die Gedenkskrifte van Paul Kruger, Herinneringe soos meegedeel aan: H. C. Bredell (Privaatsekretaris van die President) & Piet Grobler (Onder-Staatsekretaris van die Z.A.R.), in Afrikaans oorgesit, Pretoria 1947.

LANGENHUYSEN, C. L. van: Bijdrage tot de Wordingsgeschiedenis van den Grooten Oorlog, Tweede Druk, Amsterdam.

LEE, SIR SIDNEY: King Edward VII - A Biography. (I) From birth to accesion, 9th November 1841 - 22nd January 1901, Londen 1925.

LEEUW, H. S. DE: Nederland in de Wereldpolitiek van 1900 tot Heden, Zeist 1936.

LEONARD, CHARLES: Papers on the Political Situation in South Africa (1885-1895), Londen 1903.

LEYDS, W. J.: De Eerste Annexatie van de Transvaal, Amsterdam 1906.

LEYDS, DR. W. J.: Het Insluiten van de Boeren-Republieken (Twee dele), Amsterdam 1914.

LOVELL, R. I.: The Struggle for South Africa (1875-1899), New York 1934.

LUCAS, C.: The Partition of Africa, Oxford 1922.

LUCAS, C.: A Historical Geography of the British Colonies, Band IV, (South Africa), Deel I, Oxford 1913.

LUDWIG, EMIL: Bismarck, Londen 1929.

MARAIS, J. S.: The Fall of Kruger's Republic, Oxford 1961.

MASSEY, I. M.: The Origins of the War of 1914. (I) Translated and edited by -, Oxford 1925.

MAUROIS, ANDRE: Disraeli; a picture of the Victorian Age, Londen 1930.

MAUROIS, ANDRE: Disraeli, Londen 1937.

McCARTHY, JUSTIN: A History of Our Own Times. (From the Diamond Jubilee 1897 to the Accession of Edward VII), (I), Londen 1905.

McDONALD, J. G.: Rhodes; A Life, Londen 1927.

MEINECKE, FRIEDRICH: Geschichte des deutsch-englischen Bündnisproblems, 1890-1901, München en Berlyn 1927.

MEYER, DR. HANS: Das deutsche Kolonialreich, (Zweite Band), Leipzig 1910.

MEYER, A. O.: Bismarck, Stuttgart 1949.

MORLEY, JOHN: The Life of Gladstone (Band I, II & III), Londen 1903.

MUIR, R.: The Expansion of Europe, Londen 1917.

MURRAY, D. R.: Disraeli, Londen 1937.

MONEYPENNY, W. F. and BUCKLE, G. E.: Life of Disraeli, (II), 1860-1881, Londen 1929.

NAF, WERNER: Die Epochen der neueren Geschichte, II, Aarau 1946.

NATHAN, MANFRED: Paul Kruger: His Life and Times, 4th ed., Durban 1944.

NEWTON, A. P. and EWING, J.: The British Empire since 1783, Londen 1929.

NEWTON, H. P.: A Hundred Years of the British Empire, Londen 1942.

OBERHOLSTER, J. J.: Die Anneksasie van Griekwaland-Wes. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Kaapstad 1945.

OUDENDYK, DR. JOHANNA K.: Koningin Victoria, Amsterdam 1947.

PARKER, M. P. SIR GILBERT: Report of an Address entitled "Our Imperial Responsibilities in the Transvaal," which was delivered by the Chairman of the Imperial African Association, at the Junior Constitutional Club, Piccadilly on Wednesday, March 23rd, 1904, Londen 1904.

PAUL, H. W.: The Life of Gladstone, Londen s.j.

PETRIE, C.: The Chamberlain Tradition, Londen 1938.

PIETERSE, D. J.: Transvaal en Britse Susereiniteit, 1881-1884, M.A.-verhandeling in die Argiefjaarboek, Deel I, Kaapstad 1940.

PLESSIS, DU J. S.: President Krüger aan die Woord, Bloemfontein 1952.

RADEMEYER, DR. J. I.: Die Land noord van die Limpopo in die ekspansie-beleid van die Suid-Afrikaanse Republiek, Kaapstad 1949.

ROBERTSON, C. GRANT: Bismarck, Londen 1918.

SCHNEE, DR. HEINRICH: (Late Governor of German East Africa) German Colonization - Past and Future (The Truth about the German Colonies), Londen 1926.

SCHOLTZ, G. D.: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, 1652-1952, Johannesburg 1954.

SCHOLTZ, G. D.: Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word, Johannesburg 1952.

SCHOLTZ, G. D.: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902 (Twee Bande), Johannesburg 1948.

SCHOLTZ, G. D.: Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902 (Tweede Druk), Johannesburg 1941.

SICHEL, WALTER: Disraeli (A Study in personality and ideas), Londen 1904.

SMITH, G. B.: The Life of William Ewart Gladstone (8th ed.), Londen s.j.

SMITH, J. A.: Brit en Boer, Kaapstad 1917.

TOWNSHEND, M. E.: The Rise and Fall of Germany's Colonial Empire (1884-1918), New York 1930.

UYS, C. J.: In the era of Shepstone, Lovedale 1933.

VINDEX: Cecil Rhodes. His political life and speeches, 1881-1900, Londen 1900.

WIID, J. A.: Die Rolle der Burenrepubliken in der auswärtigen und kolonialen Politik des deutschen Reiches, Nürenberg 1927.

WIID, PROF. DR. J. A.: European Penetration in Southern Africa, Herdruk uit SCIENTIA, 33ste jaargang, 4de serie, Maart 1939.

WILLIAMS, BASIL: Cecil Rhodes, Londen 1921.

WINTER, P. J. van: Onder Kruger's Hollanders, Tweede Deel (Geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij), Amsterdam 1938.

II.

## Kontemporêre Werke.

AITTON, D.: Geschiedenis van Zuid-Afrika, met een inleiding over de Algemeene Geschiedenis, Voor de Scholen in de Zuid-Afrikaansche Republieken, Amsterdam-Pretoria 1897.

Boers or English: Who are in the right? Being the English translation of: "Boers et Anglais: Où est le Droit?" by Edmond Demolins (Vlugskrif), Londen 1900.

BRABOURNE: The Truth about the Transvaal, Londen 1881.

BRYCE, JAMES: Impressions of South Africa, Londen 1900.

Budget of the South African Republic for 1899. Compared with the actual revenue and expenditure in previous years. (Compiled at the office of the Civil Commissioner (Vlugskrif), Johannesburg 1900.

BUSCH, MORITZ: Bismarck und sein Werk, Leipzig 1898.

CACHET, LION F.: De Worstelstrijd der Transvalers, Amsterdam 1882.

CANA, FRANK R.: Boers and British - Facts from the Transvaal, Londen 1899.

Causes of the War in South Africa. A Paper read before The Worcester Society of Antiquity by James Green. A member of the Massachusetts Bar (Vlugskrif), Worcester-Massachusetts 1900.

CHARLES, MARVIN: Boer-German Republic or English Dominion? Londen 1887.

CLARK, G. B.: British Policy towards The Boers - an Historical Sketch. Compiled by G. B. Clark M.D.; F.R.C.S.E. Honorary Secretary of the Transvaal Independence Committee (Vlugskrif), Londen 1881.

COLONEL MALLESON (C.S.I.): Delagoa Bay: The Key to South Africa, Londen 1896.

COOPE, WILLIAM JESSER: Swaziland as an Imperial Factor, Londen 1893.

D'ANDRADE, COLONEL PAIVA: Report and Protest of the Affairs occurred at Manica (Vlugskrif), Kaapstad 1891.

DE BLOCH, JEAN: The Transvaal War and its Problems, Londen 1900.

DILKE, C. W.: The British Empire, Londen 1899.

Europe and the Transvaal by Tallichet. Editor of the Bibliothèque Universelle, of Lausanne. Translated by The Rev. Canon St. John, D.D., Sub-Dean of Gloucester (Vlugskrif), Gloucester 1900.

FARRELLY, M. J. LLD. (Barrister at Law; Advocate of the Supreme Court of Cape Colony): The Settlement after the War in South Africa, Londen 1900.

FRERE, SIR BARTLE: The Union of the various Portions of British South Africa, Londen 1881.

FROES, T.: Kruger and Co., Ltd, and their Agents, the Afrikaner Bond (Vlugskrif), Kaapstad 1900.

FROUDE, J. A.: The Earl of Beaconsfield (Fifth edition), Londen 1891.

GRAY, ANDREW: The Boer War and other Papers on Kindred Topics, Mattoon-Illinois 1902.

Handy Notes on South Africa for the use of Speakers and others. Issued by the South African Association, 16, Great George Street, Westminster, Londen 1896.

Handy Notes on South Africa for the use of Speakers and others. Issued by the Imperial South African Association, 66, Victoria Street, Westminster (Third Edition, Revised), Londen 1899.

House of Assembly. (Cape). Speech delivered by the Colonial Secretary, the Hon. J. Gordon Sprigg, M.L.A. on 22nd and 23rd June, 1880, on Resolutions proposing a Conference to consider the practicability of a union of the South African Colonies. Reprinted from the "Cape Times" (Vlugskrif), Kaapstad 1880.

Imperial South African Association: The British Case against the Boer Republics (Vlugskrif), Londen 1900.

IWAN-MULLER, E. B.: Lord Milner and South Africa, Londen 1902.

JORISSEN, DR. E. J. P.: Transvaalsche Herinneringen, 1876-1896, Amsterdam-Pretoria 1897.

KING, EDWARD: Europe in storm and calm, Londen 1887.

KLOSSEL, H.: Die Südafrikanischen Republiken (2de druk), Leipzig 1890.

KRAMER, F. L. L.: De Negentiende Eeuw, Amsterdam 1900.

LOO, C. J. van der: Om Leven en Vrijheid. Geschiedenis der Oud-Hollandsche Republieken in Zuid-Afrika, Arnhem-Nijmegen 1901.

LUGARD, F. D.: The Extension of British Influence (and Trade) in Africa (in Proceedings of the Royal Colonial Institute, XXVII, 1895-1896, p. 4-40), (Plek en datum van uitgawe onvermeld).

MACVANE, S. M.: The South African Question, Boston 1900.

MANSVELT, DR. N. (Oud. Supt. van Onderwijs der Z.A.R.): De Betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika sedert de verovering van de Kaap Kolonie door de Engelschen, Utrecht 1902.

MARRIS, N. M.: Joseph Chamberlain: The Man and the Statesman, Londen 1900.

MEYSEY-THOMPSON, HENRY: The Transvaal Crisis, Londen 1899.

MOLTENO, PERCY ALPORT: A Federal South Africa, Londen 1896.

Na Vijf en Twintig Jaren. Gedenkboek ter gelegenheid van het zilveren regeeringsjubileum van H.M. Koningin Wilhelmina der Nederlanden, Zwolle s.j.

NOBLE, J.: South Africa, Past and Present, Londen 1877.

PHILLIPS, SIR LIONEL: Some Reminiscences, Londen s.j.

PROCTER, JOHN: Boers and Little Englanders (The Story of the Conventions), Londen 1897.

REED, J. HOWARD: The Transvaal from without. A brief history of the Boers & their Country, Manchester 1900.

Report of the Proceedings of the 7th Congress of Chambers of Commerce of South Africa, held at Durban, on the 12th & 13th April, 1899, Kaapstad 1899.

ROORDA-SMIT, J. A.: Die Transvaal-Republiek, Keulen 1881.

SHAW, FLORA L.: Great Britain and the Dutch Republics, Londen 1900.

STATHAM, F. REGINALD: Blacks, Boers and British. A Three-cornered Problem, Londen 1881.

STATHAM, F. REGINALD: South Africa as it is, Londen 1897.

STEAD, W. T.: The Queen and the Empire, Londen 1897.

STEAD, W. T.: Are we in the right? An Appeal to honest men, Londen 1900.

Officiëele Stukken van den Afrikaander Bond en Boerenvereeniging. Gedruk op last der Provinciale Vergadering, gehouden te Worcester, Februari, 1898 (Vlugskrif), Kaapstad 1898.

The Birth of the Bond. A Translation from a Dutch Pamphlet issued in 1882, entitled: De Transvaalsche Oorlog (Vlugskrif), Londen 1900.

The Rights of England in the South African War. By E. Pètavel, D.D. of Geneva. Late Pastor of the Swiss Church, Endell Street, Bloomsbury, London. Translated by the Rev. Canon St John, Sub-Dean of Gloucester (Vlugskrif), Londen 1900.

To the Shareholders of the South-West Africa Company, Limited (Vlugskrif), Londen 1893.

VINDEX, (F. VERSCHOYLE): Cecil Rhodes: His political life and speeches, 1881-1900, Londen 1900.

VOIGT, J. C.: Fifty Years of the History of the Republics in South Africa, 2 dele, Londen 1899.

WESTLAKE, J. (Q.C. LLD): The Transvaal War. A Lecture delivered in the University of Cambridge on 9th Nov., 1899, Glasgow 1899.

WILKENSON, SPENSER: The Nations Awakening, Londen 1896.

WILSON, WILLIAM LAWLER: England and the Transvaal: The Case for Intervention, Londen 1899.

WORSFOLD, W. BASIL: The Problem of South African Unity, Londen 1900.

ZIMMERMAN, DR. A.: Die Europäischen Kolonien, III (Die Kolonialpolitik Groszbritanniens, Deel 2), Berlyn 1899.

III

Kontemporêre koerante en tydskrifte.

(a) Londen (Britse Museum):

(1) The Times (Formerly published as Daily Universal Register).

(2) The Observer.

(3) Illustrated London News.

(b) Pretoria (Staatsargief):

(1) De Volksstem.

(2) The Press.

IV.

## Moderne koerante en tydskrifte.

(a) Suid-Afrika:

(1) Die Transvaler.

(2) Die Nataller.

(3) The Witness.

(4) Die Huisgenoot.

(5) Historia.

(b) Brittanje:

(1) The Observer.

(2) The News Chronicle.

V.

## Gepubliseerde dokumente (nie-amptelik en amptelik).

(1) British Documents on the origin of the War. (1898-1914). Edited by G. P. Gooch and Harold Temperley. (I). The End of British Isolation, Londen 1927. (Aangedui as B.D.). Ook die Tweede Band. (Aangedui B.D. II).

(2) Mr. Chamberlain's Speeches. Edited by Charles W. Boyd. Twee Bande. Londen 1914 (Aangedui as Boyd I en Boyd II).

(3) Zuid-Afrikaansche Republiek. Officiëele Bescheiden betreffende de Conventie van Londen Gesloten 27 Februari 1884. Tusschen De Republiek en De Engelsche Regeering

EN

Wat Haar voorafging en Volgde. (Aangedui as L.K.).

(4) Die Grosze Politik der Europäischen Kabinette, 1871-1914, Sammlung der Diplomatischen Akten des Auswärtigen Amtes. Deel 11-17. (Aangedui as G.P.).

(5) Eenige Correspondentie uit 1899.

Dr. W. J. Leyds.
's Gravenhage 1919.
(Aangedui as Leyds, Korresp., I).

Tweede Verzameling
(Correspondentie, 1899-1900)
Dr. W. J. Leyds.
's Gravenhage 1930.
Twee Dele.
(Aangedui as Leyds, Korresp., II).

Derde Verzameling
(Correspondentie 1900)
Dr. W. J. Leyds.
's Gravenhage 1931.
Twee Dele.
(Aangedui as Leyds, Korresp., III).

Vierde Verzameling.
(Correspondentie 1900-1902).
Dr. W. J. Leyds.
's Gravenhage.
Twee Dele.
(Aangedui as Leyds, Korresp., IV).

(6) The Milner Papers, Edited by Cecil Headlam.

(I) South Africa, 1897-1899. Londen 1931.

(II) South Africa, 1899-1905. Londen 1933.

(7) De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1899 (10 dele).

(8) Verdragen der Zuid-Afrikaansche Republiek. (Compilatie van tractaten, conventies enz.). In behoorlijke volgorde bijeengebracht en gerangschichte door Antonius François Koch. (Advokaat aan 't Hooggerechtshof der Z.A.R.).

(9) Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795-1910. G. W. Eybers, Londen 1918.

(10) Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1881-1899. (Aangedui as Notule van die Eerste Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek).

(11) Britse Blouboeke (Aangedui C).

(12) Publikasies van die Zuid-Afrikaansche Republiek. (Aangedui Z.A.R.).
Die volgende bande:

Z.A.R. 167: S.A. Republiek - Korrespondensie ens. in verband met Swasieland, Zoeloeland en Zoutspansberg, 1890-1899).

Die volgende Groenboeke:

Nr.1, 1890: Officiëel Bescheiden betreffende De Conventie gesloten te Pretoria d.d. 2 Augustus 1890. Pretoria 1890.

Nr. 2, 1899: Correspondentie van de Z.A.R. met betrekking tot de Crimineele Jurisdictie van het Hooggerechtshof van Swasieland naar aanleiding van den Induna M'Baba en anderen in verband met de Conventie van Volksrust van 1894. Pretoria 1899.

Nr. 6, 1899: Correspondentie van de Z.A.R. met betrekking tot De Inlijving bij Zululand en de Grensafbakening van de Landen van Zambaan, Umbegesa, etc. Pretoria 1899.

Ander dokumente:

(1) Zoeloeland. (Als Manuscript gedrukt).
(2) Zululand-Grenslijn-Conventie.
Z.A. Republiek.
(Gedrukt te Staatsdrukkerij der Z.A.R. Pretoria, 1898).

Z.A.R. 165: S.A. Republiek - Korrespondensie ens. in verband met Konvensie van Londen van 1884 en status van die Republiek, 1884-1899.

Die volgende Groenboeke:

Nr. 2, 1898: Correspondentie van de Z.A.R. met betrekking tot Eenige Wetten en tractaten ivb. met de Conventie van 1884.

Nr. 5, 1899: Verdere Correspondentie van de Z.A.R. met betrekking tot Eenige Wetten en Traktaten ivb. met de Conventie van Londen van 1884.

Ander dokumente:

(1) Suzerainty and the South African Republic. By M. J. Farrelly L.L.D. Barrister-at-Law. Johannesburg, 1898.

(2) Opinion given by J. Westlake, professor of International Law in the University of Cambridge. Member of the Institute of International Law: On Law no 25 of 1896. (On the expulsion of Aliens). May 1897.

(3) Supplementary Memorandum on the foreign affairs of the South African Republic. M. J. Farrelley, L.L.D. Bloemfontein, 1st June 1899.

(4) Opinion of John Westlake Q.C. on the Treaty of Amity and Commerce concluded on 17th March 1897 between the South African Republic and the Orange Free State.

(5) Opinion on Article II of the Protocol of the Treaty with the Orange Free State of the 17th March, 1897. M. J. Farrelley L.L.D. Barrister-at-law. 29th May, 1897.

Z.A.R. 153: S.A. Republiek: Traktate, Konvensies en Ooreenkomste. (1852-1899).

Z.A.R. 76: S.A.R. Executive Council Resolutions, 1886-1899.

(13) Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek.

VI.

Argivale Bronne.

A. Pretoria (Staatsargief).

(1) Britse Agent (Aangedui B.A.), veral die volgende witboeke, saamgevat in bande nr 50-52:

Nr 6773: Further Correspondence respecting affairs South of the Zambesi, Part XII, 1895. (Confidential). April 1896.

Nr 438: The Swaziland Question. 1896.

Nr 470: Correspondence relating to the Affairs of the South African Republic. May 1896.

Nr 474: Zambaan, Umbegesa and the Widow Mdhlaleni. 1896.

Nr 488: Memorandum on the Constitution of the South African Republic. 1896.

Nr 493: Correspondence Relative to the Affairs in the Trans-Pongola Territories. Nov. 1895.

Nr 499: Further Correspondence (May 6, 1895 to Dec. 11, 1897). Relative to the Affairs of Swaziland. March 1898.

Nr 516: Further Correspondence on the Subject of Affairs in the South African Republic. July 1897.

Nr 505: Further Correspondence on the subject of Affairs in the South African Republic. June 1896.

Nr 514: South African Republic. Correspondence relative to the Proposed visit of President Krüger to England. April 1896.

Nr 527: South African Republic. The South African Republic Green Book, no I, of 1896, Entitled: "Correspondence of the South African Republic, with Reference to the Disturbances at the beginning of 1896."

Nr 501: South African Republic. Correspondence on the subject of Disturbances in the South African Republic. Jan. 1896.

Nr 536: Further Correspondence on the subject of Affairs in the South African Republic (1897: March 1 to October 16). Febr. 1898.

Nr 543: Further Correspondence on the subject of Affairs in the South African Republic. (Oct. 18, 1897 to December 15, 1898). March 1899.

Nr 553: Further Correspondence relative to the Affairs of Swaziland. (1897: Nov. 24-1898: Dec. 31). December 1898.

Nr 568: Confidential. Report on the Finances of the South African Republic for 1897 and the Estimates for 1898. December 1898.

(2) Eerste Volksraad. (Aangedui E.V.R.).

(3) Uitvoerende Raad (Aangedui U.R. of Uitvoerende Raad Besluiten).

(4) Argief Staatsekretaris (Algemene verwysing S.S.).:
Inkomende Stukke, 1881-1899 (Aangedui R.).

Uitgaande Stukke: Brieweboeke, 1881-1899 (Aangedui B.B.).
Telegramboeke, 1881-1899 (Aangedui T.B.).
Sirkulêre Brieweboeke (Aangedui R.B.B.).

(5) Argief Staatsekretaris, Afdeling Buitelandse Sake. (Algemene verwysing S.S.a.).

Inkomende Stukke, 1890-1899. (Aangedui R.a.).

Uitgaande Stukke: Brieweboeke, 1890-1899. (Aangedui B.).
Telegramboeke, 1890-1899. (Aangedui T.).

(6) Argief Staatsekretaris, Afdeling Kabinet.
(In geheel gevoeg by die dr. W. J. Leyds-argief):

Inkomende Stukke, 1889-1899 (Aangedui G.R.).

Uitgaande Stukke, Briewe- en Telegramboeke, 1897-1899.

(7) Dr. W. J. Leyds-Argief. (Aangedui L.A.)

<u>Die volgende bande</u>:

(a) Stukke uit regeringsdepartemente, S.A.R.
Volksraad.
Nr 689: Volksraad Geheime Briewekopieboek, 1893-1899.

(b) Stukke uit regeringsdepartemente, S.A.R.
Volksraad.
Nr 687: Kopieë Geheime Notule met indeks, 1869-1897.

(c) Stukke uit regeringsdepartemente, S.A.R.
Uitvoerende Raad.
Nr 679: Kopieë geheime Notule, 1895-1898.

(d) Gesantskap S.A.R. - Korrespondensie.
Nr 76A; Nr 76B.

(e) Gesantskap, S.A.R. - Korrespondensie.
Catembe
Nr 77A; Nr 77B; Nr 78B.

(f) Gesantskap, S.A.R.
(Argief Beelaerts van Blokland)
Korrespondensie re Berner Skeidsgereg,
1891-1896. Nr. 20c.

(g) Gesantskap, S.A.R. (Argief Beelaerts van Blokland)
Korrespondensie. „De Groote Zaak." 1893-1897.
Nr. 23A; Nr. 23B.

(h) Stukke uit Regeringsdepartemente, S.A.R.
Sekretaris, Afdeling Kabinet, G.R.
Korrespondensie. 107/93 De Groote Zaak. (1893)
Nr. 625A; Nr. 625B; Nr. 625C.

B. <u>Londen (Commonwealth Relations Office)</u>.

(1) Imperiale Witboeke (aangedui as C.R.O. en amptelik geklassifiseer as <u>konfidensieel</u> en <u>geheim</u>), spesiaal opgestel vir die gebruik van die Koloniale Kantoor, Buitelandse Kantoor en die Kabinet: Nr. 230-705.

(2) Hansard.

The Parliamentary Debates.

Authorised Edition.

Fourth Series.

(a) Band XL (28/4/96 - 19/5/96).

(b) Band LII (31/7/97 - 6/8/97).

C. <u>Londen (Public Record Office)</u>.

Die volgende Bande:

F.O. 179/226;

F.O. 2/263;

F.O. 2/264;

F.O. 2/265;

F.O. 2/266;

C.O. 291/9;

C.O. 291/13;

C.O. 291/14.

D. <u>Kaapstad (Staatsargief)</u>.

Government House (Aangedui G.H.).

Die volgende bande:

(1) G.H. 23/36: Despatches to Secretary of State.

(2) G.H. 21/9: Royal Commission Despatches.

Received from Secretary of State, 1881.